

DIE TAAKVERVULLING VAN DIE VOORTREKKERBEWEGING.

EMPIRIES EN PRINSIPIEEL BENADER

deur

PETRUS JOHANNES DU PLESSIS.

Proefskrif ingehandig as gedeeltelike nakoming van
die vereistes vir die graad van

DOCTOR EDUCATIONIS

in die fakulteit

O P V O E D K U N D E .

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE
HOËR ONDERWYS.

---ooOoo---

1 9 6 1

Promotor : Prof. dr. H. J. J. Bingle.

DANKBETUIGING

Dit is vir my 'n behoefte van die hart om aan die einde van 'n lang studie my opregte dank te betuig aan almal wat my in hierdie studie bygestaan het en wat dit vir my moontlik gemaak het om die finale produk in die vorm van hierdie proefskrif aan te bied.

In hierdie verband gaan my gedagte in die heel eerste plek uit tot my promotor, prof. dr. H.J.J. Bingle nie net vir sy bekwame leiding nie maar ook vir sy geduld en sy lankmoedigheid teenoor my. Ten spyte van sy vol program was hy altyd, tydig en ontydig, gewillig om my met raad en daad by te staan. Werklik ek is veel dank aan hom verskuldig en as ek nou dankie sê, dan kom dit diep diep uit die hart.

Verder wil ek ook 'n woord van hartlike dank rig tot dr. J. de V. Heese, die Hoofleier, en mnr. J.F.P. Badenhorst, die Hoofsekreteraris van die Voortrekkerbeweging, vir hulle vriendelike belangstelling en mooi houding ten opsigte van hierdie ondersoek. As Voortrekkeroffisier sou ek hierdie studie nooit aangepak het as ek daarvan bewus was dat dit nie hulle goedkeuring sou wegdra nie.

Dan is daar ook nog die hoofde van skole, onderwysers, Voortrekkeroffisiere, Distriksekreterarisse, predikante en ander volwassenes by wie ingesluit was die ouers van Voortrekkers aan wie ek veel dank verskuldig is vir die wyse waarop hulle my lastige vrae beantwoord het. Baie dankie ook vir al die briewe van bemoediging en al die nuttige wenke wat u so ongevraagd aan my gestuur het. Ek het dit werklik hoog op prys gestel.

Baie dankie ook aan dr. T.T. Cloete vir die taalkundige beoordeling en aan mev. Conradie vir die tik van die proefskrif. Ek weet dat ek dikwels lastig was en ek is dankbaar vir u geduld.

Ook aan my vrou 'n woord van besondere dank vir haar getroue hulp en bystand in hierdie studie. Ek alleen weet hoeveel dit van haar geverg het, hoeveel sy moes opoffer en hoeveel sy vir my beteken het. Sonder haar hulp en aanmoediging sou ek seker nooit die eindpaal bereik het nie.

En dan ten slotte my innigste dank aan my ouers. Die ideaal wat hier verwesenlik word is 'n ideaal wat hulle in my kinderjare by my ingeskerp het. Hoe sou ek hulle ooit na waarde kan bedank vir wat hulle vir my beteken het? Hierdie proefskrif is één van die resultate van die bemoediging wat daar in die jare van my jeug van hulle uitgegaan het. Hiervoor sal ek hulle my lewe lank dankbaar bly.

I N H O U D

HOOFSTUK I : INLEIDING.

1.	Probleem- en doelstelling	1.
2.	Noodsaaklikheid van die ondersoek	3.
3.	Metode van ondersoek	6.
4.	Omskrywing van terme	6.
5.	Die doel van die studie met betrekking tot die konstitusie van die beweging	10.

HOOFSTUK II : DIE BEHOEFTE AAN EN DIE TAAK VAN DIE VOORTREKKERBEWEGING.

1.	Die behoefte histories gesien	11.
2.	Die behoefte psigologies gesien	30.
3.	Die behoefte sosiologies gesien	35.
4.	Die behoefte staatkundig gesien	37.
5.	Die behoefte pedagogies gesien	39.
6.	Die omskrywing van die behoefte waarin die Voortrekkerbeweging moet voorsien en die taak van die beweging	45.
7.	Opsomming.	

HOOFSTUK III: 'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE WYSE WAAROP DIE VOORTREKKERBEWEGING SY TAAK UITVOER.

1.	Die proefnemer en die doel met hierdie ondersoek.	53.
2.	Die proefpersone	53.
3.	'n Paar algemene opmerkings in verband met voorlopige vraelyste	54.
4.	Die wyse waarop die finale vraelyste opgestel is.	56.
5.	Die skema waarvolgens die beoordeling sou plaasvind	58.
6.	Vraelyste uitgestuur aan nege groepe proefpersone.	59.
7.	Verspreiding van die proefpersone	67.

HOOFSTUK IV : DIE RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK.

A. ONTLEDING VAN AFDS. A EN B VRAELYTE I - VI.

I.	Vraelys aan hoofde van skole	72.
II.	Vraelys aan onderwysers wat nie Voortrekkers is nie	102.
III.	Vraelys aan Voortrekkeroffisiere	130.
IV.	Vraelys aan Distriksekretarisse	153.
V.	Vraelys aan Predikante	175.
VI.	Vraelys aan ander Volwassenes	195.

B. ONTLEDING VAN /.....

B. <u>ONTLEDING VAN AFD. C VAN VRAELYSTE I - VI</u>	212.
C. <u>ONTLEDING VAN VRAELYS VII</u>	285.
D. <u>SLOTOPMERKINGS OOR HOOFSTUK IV</u>	318.

HOOFSTUK V: BEOORDELING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS.

1. Inleiding	319.
2. Die bestaansreg van die Voortrekkerbeweging	319.
3. Die grondslae van die beweging	322.
4. Die doelstelling van die beweging	327.
5. Die Voortrekkerwet	330.
6. Die Voortrekkerbelofte	332.
7. Die voorgeskrewe toetse	334.
8. Die resultate van die Voortrekkerbeweging	338.
9. Die waarde van die Voortrekkerbeweging	343.
10. Die besware teen die Voortrekkerbeweging	350.
11. Die probleme van die Voortrekkerbeweging	354.
12. Samevatting van die Resultate	371.
13. Slotopmerkings in verband met die ondersoek	376.

TABELLE.

<u>Tabel nr.</u>	<u>Bl.</u>
I. Proefpersone wat finale vraelyste beantwoord het..	67.
II. Verspreiding van volwassenes en Voortrekkerouers..	68.
III. Middelbare skole waarvandaan vraelyste ontvang is.	72.
IV. Laerskole waarvandaan vraelyste ontvang is.....	73.
V. Stigtingsdatums van Voortrekkerafdelings	73.
VI. Ontleding van vraelys I afd. A vraag 2.....	74.
VII. Ontleding van vraelys I afd. A vraag 3.....	76.
VIII. Ontleding van vraelys I afd. A vraag 4	77.
IX. Ontleding van vraelys I afd. A vraag 5	79.
X. Ontleding van vraelys I afd. A vraag 6	80.
XI. Ontleding van vraelys I afd. A vraag 7	82.
XII. Ontleding van vraelys I afd. A vraag 8	83.
XIII. Ontleding van vraelys I afd. A vraag 9	85.
XIV. Ontleding van vraelys I afd. A vraag 10	86.
XV. Ontleding van vraelys I afd. A vraag 11.....	87.
XVI. Ontleding van vraelys I afd. B vraag 1	89.
XVII. Ontleding van vraelys I afd. B vraag 2.....	90.
XVIII. Ontleding van vraelys I afd. B vraag 3	91.
XIX. Ontleding van vraelys I afd. B vraag 4	92.
XX. Ontleding van vraelys I afd. B vraag 5	93.
XXI. Ontleding van vraelys I afd. B vraag 6	95.
XXII. Ontleding van vraelys I afd. B vraag 8	96.
XXIII. Ontleding van vraelys I afd. B vraag 10	100.
XXIV. Ontleding van vraelys I afd. B vraag 11	101.
XXV. Onderwysers van wie vraelyste ontvang is	102.
XXVI. Ontleding van vraelys II afd. A vraag 1	103.
XXVII. Ontleding van vraelys II afd. A vraag 2.	105.
XXVIII. Ontleding van vraelys II afd. A vraag 3	106.
XXIX. Ontleding van vraelys II afd. A vraag 4	107.
XXX. Ontleding van vraelys II afd. A vraag 5	109.
XXXI. Ontleding van vraelys II afd. A vraag 6	110.
XXXII. Ontleding van vraelys II afd. A vraag 7	111.
XXXIII. Ontleding van vraelys II afd. A vraag 8	113.
XXXIV. Ontleding van vraelys II afd. A vraag 9	114.
XXXV. Ontleding van vraelys II afd. A vraag 10	115.
XXXVI. Ontleding van vraelys II afd. A vraag 11	116.
XXXVII. Ontleding van vraelys II afd. B vraag 2	119.
XXXVIII. Ontleding van vraelys II afd. B vraag 3	121.
XXXIX. Ontleding van vraelys II afd. B vraag 4	122.
XL. Ontleding van vraelys II afd. B vraag 5	123.
XLI. Ontleding van vraelys II afd. B vraag 6	124.
XLII. Ontleding van vraelys II afd. B vraag 8	126.
XLIII. Ontleding van vraelys II afd. B vraag 10	128.
XLIV. Ontleding van vraelys II afd. B vraag 11	129.
XLV. Ontleding van vraelys III afd. A vraag 1	131.
XLVI. Ontleding van vraelys III afd. A vraag 2	132.
Tabel XLVII/.....	

XLVII.	Ontleding van vraelys III afd. A vraag 3	133.
XLVIII.	Ontleding van vraelys III afd. A vraag 4	134.
XLIX.	Ontleding van vraelys III afd. A vraag 5	135.
L.	Ontleding van vraelys III afd. A vraag 6	136.
LI.	Ontleding van vraelys III afd. A vraag 7	137.
LII.	Ontleding van vraelys III afd. A vraag 8	138.
LIII.	Ontleding van vraelys III afd. A vraag 9	139.
LIV.	Ontleding van vraelys III afd. A vraag 10	142.
LV.	Ontleding van vraelys III afd. B vraag 1	143.
LVI.	Ontleding van vraelys III afd. B vraag 2	143.
LVII.	Ontleding van vraelys III afd. B vraag 3	144.
LVIII.	Ontleding van vraelys III afd. B vraag 4	145.
LIX.	Ontleding van vraelys III afd. B vraag 5	146.
LX.	Ontleding van vraelys III afd. B vraag 6	147.
LXI.	Ontleding van vraelys III afd. B vraag 8	148.
LXII.	Ontleding van vraelys III afd. B vraag 10	152.
LXIII.	Ontleding van vraelys III afd. B vraag 11	153.
LXIV.	Ontleding van vraelys IV afd. A vraag 1	154.
LXV.	Ontleding van vraelys IV afd. A vraag 2(a)-(b) ..	154.
LXVI.	Ontleding van vraelys IV afd. A vraag 2(c)	155.
LXVII.	Ontleding van vraelys IV afd. A vraag 3	156.
LXVIII.	Ontleding van vraelys IV afd. A vraag 4	157.
LXIX.	Ontleding van vraelys IV afd. A vraag 5	159.
LXX.	Ontleding van vraelys IV afd. A vraag 6	160.
LXXI.	Ontleding van vraelys IV afd. A vraag 7	161.
LXXII.	Ontleding van vraelys IV afd. A vraag 8	162.
LXXIII.	Ontleding van vraelys IV afd. A vraag 9	163.
LXXIV.	Ontleding van vraelys IV afd. A vraag 10	166.
LXXV.	Ontleding van vraelys IV afd. B vraag 1	167.
LXXVI.	Ontleding van vraelys IV afd. B vraag 2	167.
LXXVII.	Ontleding van vraelys IV afd. B vraag 3	168.
LXXVIII.	Ontleding van vraelys IV afd. B vraag 4	169.
LXXIX.	Ontleding van vraelys IV afd. B vraag 5	170.
LXXX.	Ontleding van vraelys IV afd. B vraag 6	171.
LXXXI.	Ontleding van vraelys IV afd. B vraag 8	172.
LXXXII.	Ontleding van vraelys IV afd. B vraag 10	174.
LXXXIII.	Ontleding van vraelys IV afd. B vraag 11	175.
LXXXIV.	Predikante wat finale vraelyste beantwoord het..	175.
LXXXV.	Ontleding van vraelys V afd. A vraag 1	176.
LXXXVI.	Ontleding van vraelys V afd. A vraag 2	177.
LXXXVII.	Ontleding van vraelys V afd. A vraag 3	178.
LXXXVIII.	Ontleding van vraelys V afd. A vraag 4	179.
LXXXIX.	Ontleding van vraelys V afd. A vraag 5	180.
XC.	Ontleding van vraelys V afd. A vraag 6	181.
XCI.	Ontleding van vraelys V afd. A vraag 7	181.
XCII.	Ontleding van vraelys V afd. A vraag 8	182.
XCIII.	Ontleding van vraelys V afd. A vraag 10.	185.

XCIV. Ontleding van vraelys V afd. A vraag 11	186.
XCV. Ontleding van vraelys V afd. B vraag 1	189.
XCVI. Ontleding van vraelys V afd. B vraag 2	189.
XCVII. Ontleding van vraelys V afd. B vraag 3	190.
XCVIII. Ontleding van vraelys V afd. B vraag 4	191.
XCIX. Ontleding van vraelys V afd. B vraag 5	192.
C. Ontleding van vraelys V afd. B vraag 10	193.
CI. Ontleding van vraelys V afd. B vraag 11	194.
CII. Ontleding van vraelys VI afd. A vraag 2	196.
CIII. Ontleding van vraelys VI afd. A vraag 3	196.
CIV. Ontleding van vraelys VI afd. A vraag 4	197.
CV. Ontleding van vraelys VI afd. B ₁ vrae 1 en 5 ..	198.
CVI. Ontleding van aanvangsouderdomsgroepe	199.
CVII. Hoe lank die Proefpersone Voortrekkers was	199.
CVIII. Ontleding van vraelys VI afd. B ₁ vraag 2	200.
CIX. Ontleding van vraelys VI afd. B ₁ vraag 3	201.
CX. Ontleding van vraelys VI afd. B ₁ vraag 4	202.
CXI. Ontleding van vraelys VI afd. B ₁ vraag 6	203.
CXII. Ontleding van vraelys VI afd. B ₁ vraag 7	203.
CXIII. Ontleding van vraelys VI afd. B ₁ vraag 8	204.
CXIV. Ontleding van vraelys VI afd. B ₁ vraag 9	205.
CXV. Ontleding van vraelys VI afd. B ₁ vraag 10	205.
CXVI. Ontleding van vraelys VI afd. B ₁ vraag 11	206.
CXVII. Ontleding van vraelys VI afd. B ₁ vraag 12	206.
CXVIII. Ontleding van vraelys VI afd. B ₁ vraag 13	207.
CXIX. Ontleding van vraelys VI afd. B ₁ vraag 14	208.
CXX. Ontleding van vraelys VI afd. B ₂ vraag 1	209.
CXXI. Ontleding van vraelys VI afd. B ₂ vraag 2	209.
CXXII. Ontleding van vraelys VI afd. B ₂ vraag 4	210.
CXXIII. Ontleding van vraelys VI afd. B ₂ vraag 6	211.
CXXIV. Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 1	215.
CXXV. Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 2	218.
CXXVI. Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 3	219.
CXXVII. Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 4	221.
CXXVIII. Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 5	223.
CXXIX. Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 6	225.
CXXX. Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 7	227.
CXXXI. Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 8	229.
CXXXII. Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 9	231.
CXXXIII. Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 10	233.
CXXXIV. Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 11. ...	235.
CXXXV. Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 12	238.
CXXXVI. Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 13	240.
CXXXVII. Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 14	242.
CXXXVIII. Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 15	244.
CXXXIX. Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 16	246.

CXL.	Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 17 ...	248.
CXLI.	Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 18 ...	251.
CXLII.	Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 19 ...	253.
CXLIII.	Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 20 ...	254.
CXLIV.	Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 21 ...	256.
CXLV.	Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 22 ...	258.
CXLVI.	Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 23 ...	259.
CXLVII.	Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 24 ...	261.
CXLVIII.	Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 25 ...	263.
CXLIX.	Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 26 ...	264.
CL.	Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 27 ...	266.
CLI.	Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 28 ...	269.
CLII.	Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 29 ...	271.
CLIII.	Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 30 ...	273.
CLIV.	Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 31 ...	275.
CLV.	Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 32 ...	277.
CLVI.	Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 33 ...	279.
CLVII.	Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 34 ...	281.
CLVIII.	Ontleding van vraelys I-VI afd. C vraag 35 ...	284.
CLIX.	Ontleding van vraelys VII afd. B vraag 1	293.
CLX.	Ontleding van vraelys VII afd. B vraag 2	294.
CLXI.	Ontleding van vraelys VII afd. B vraag 3	295.
CLXII.	Ontleding van vraelys VII afd. B vraag 4	295.
CLXIII.	Ontleding van vraelys VII afd. B vraag 5	299.
CLXIV.	Ontleding van vraelys VII afd. B vraag 6	299.
CLXV.	Ontleding van vraelys VII afd. B vraag 7	301.
CLXVI.	Ontleding van vraelys VII afd. B vraag 8	301.
CLXVII.	Ontleding van vraelys VII afd. B vraag 9	302.
CLXVIII.	Ontleding van vraelys VII afd. B vraag 10	303.
CLXIX.	Ontleding van vraelys VII afd. B vraag 11	304.
CLXX.	Ontleding van vraelys VII afd. B vraag 12	304.
CLXXI.	Ontleding van vraelys VII afd. B vraag 13	305.
CLXXII.	Ontleding van vraelys VII afd. B vraag 14	307.
CLXXIII.	Ontleding van vraelys VII afd. B vraag 15	309.
CLXXIV.	Ontleding van vraelys VII afd. B vraag 16	310.
CLXXV.	Ontleding van vraelys VII afd. B vraag 17	312.
CLXXVI.	Ontleding van vraelys VII afd. B vraag 18.....	313.

BYLAES.

I.	Voorlopige vraelys aan hoofde van skole in die Transvaal	379
II.	Voorlopige vraelys aan hoofde van skole in Kaapland	381
III.	Voorlopige vraelys aan predikante van die drie Afrikaanse Kerke	382
IV.	Voorlopige vraelys aan ander volwassenes	383
V.	Voorlopige vraelys aan ouers van Voortrekkers ...	384
VI.	Finale vraelys aan hoofde van skole	385
VII.	Finale vraelys aan onderwysers wat nie Voortrekkeroffisiere is nie	393
VIII.	Finale vraelys aan Voortrekkeroffisiere	397
IX.	Finale vraelys aan Distriksekretarisse	401
X.	Finale vraelys aan predikante	405
XI.	Finale vraelys aan ander volwassenes	409
XII.	Finale vraelys aan ouers van Voortrekkers	413.

DIE TAAKVERVULLING VAN DIE VOORTREKKERBEWEGING EMPIRIES EN PRINSIPIEEL BENADER.

HOOFSTUK I.

I N L E I D I N G.

1. Probleem- en doelstelling.

Daar was seker nog nooit 'n tyd in ons geskiedenis waarin daar meer aan die buitemuurse bedrywigheide van die skoolgaande jeug in ons land gedoen is as vandag nie. Dit is asof die verskillende aktiwiteite meeding om 'n plek in die oorvol rooster. Die organiseerders daarvan het konkurrente geword. En dan is dit dat jeugentoesiaste soms uiterste pogings aanwend om meer belangstelling vir hulle troetelaktiwiteite te verkry, dikwels - dit is altans die indruk wat geskep word - sonder inagneming van die opvoedkundige implikasies daarvan. Daardeur ontstaan die vraag of die senuweeagtige gejaag altyd in belang van die jeug geskied en of daar nie ander oorweginge is wat soms 'n belangrike rol speel nie. Die klagte word dan ook gehoor dat die jeug oorlaai word met buitemuurse bedrywigheide. Dit maak die jeug onselfstandig, so word verder beweer, omdat ook die buiteskoolse lewe deur die volwassene vir die jeug volgens die klok gereël word. Dit lei ook tot uithuisigheid, wat nog 'n verdere verbrokkeling van die Afrikaanse gesinslewe in die hand werk.

As gevolg van die oorgeorganiseerdheid van die jeug kom die Voortrekkerbeweging ook in gedrang. Die vraag ontstaan nou of die genoemde beweging nog 'n aparte bestaansreg tussen al die ander jeugorganisasies in ons land het, of dit in 'n bestaande behoefte voorsien en of dit nie deur ander organisasies vervang of daarin opgelos kan word nie. Sodoende sal die groot aantal buitemuurse bedrywigheide dan tog ten minste met 'n verminder kan word. Aldus word die vraag in verband met die taak van die Voortrekkerbeweging en die wyse waarop hy hom van sy taak kwyd, ook van opvoedkundige belang.

In 'n verhandeling oor „Die taak van die Voortrekkerbeweging in Suid-Afrika" het die skrywer die vraag oor die taak as sodanig reeds beantwoord. In verband hiermee het hy destyds die volgende opmerking gemaak :
„Daarom is dit my doel om alleen die eerste deel wat oor
die/.....

die taak van die Voortrekkerbeweging gaan, hier af te handel, om dan daarna die tweede deel wat oor die uitvoering van die taak gaan, aan te pak."⁽¹⁾ Met hierdie verhandeling gaan daardie voorneme nou in vervulling.

Dit is dus die doel van hierdie ondersoek om, uitgaande van die oordeel van volwassenes, vas te stel op watter wyse die Voortrekkerbeweging hom van sy taak kwyd of, anders gestel, wat die resultate van die beweging is, getoets aan die eise van die taak wat dit moet verrig. Hierdie vraag staan in die nouste verband met die vraag in hoe verre die Voortrekkerbeweging daarin slaag om in 'n bestaande behoefte te voorsien en wat gedoen kan word om die beweging in staat te stel om beter in daardie behoefte te voorsien.

Die ondersoek bepaal hom dus uitsluitlik by die taak van die Voortrekkerbeweging en alles wat daarmee in verband staan, en by niks meer nie. Daarom sal vraagstukke oor die verhouding van die Voortrekkerbeweging tot ander jeugorganisasies of oor die oorvleueling van werksaamhede of oor sake wat nie direk in verband met die taak van die beweging staan nie, buite rekening gelaat word. Die doel is ook om met die uitsprake van volwassenes oor die lengte en breedte van ons land as uitgangspunt die probleme aan te wys waardeur die beweging in die uitvoering van sy taak gestrem word en om, indien moontlik, 'n oplossing vir die probleme te vind.

Aangesien die doelstelling soos hier bo uiteengesit, die ondersoek ^{er} nog voor 'n ontsaglike taak stel, te groot vir die bestek van één proefskrif, sal die terrein van die ondersoek nog verder beperk moet word. Daarom sal die ondersoek hom uitsluitlik by die skoolgaande jeug bepaal en sal die Staatmakerafdeling ook buite rekening gelaat word. Ook sal geen aandag aan groot gesamentlike pogings van die beweging soos landsdiens, oprigting en versorging van monumente, ens. gegee word nie. Die doel van die ondersoek is slegs om vas te stel watter opvoedkundige waarde die alledaagse Voortrekkerwerk vir die skoolgaande jeug van ons volk het.

Ter wille van die eenheid van die ondersoek
sal/.....

(1) Du Plessis: Die taak van die Voortrekkerbeweging in S.A., 2.

sal 'n beknopte samevatting van die gedeelte van die ondersoek wat reeds in die verhandeling afgehandel is, nl. dié wat gaan oor die vraag wat die taak van die Voortrekkerbeweging is, in Hoofstuk II gegee word, miskien met aanvullings om dit op datum te bring. Volledige besonderhede in verband met die huidige ondersoek, nl. die gedeelte wat gaan oor die wyse waarop die beweging hom van sy taak kwyd, verskyn in die laaste drie hoofstukke van hierdie proefskrif.

2. Die noodsaaklikheid van die ondersoek.

Deur hierdie ondersoek word die intiemste belang van die jeug geraak. Die voorstanders van die Voortrekkerbeweging grond dan ook hulle pleidooi vir die bestaansreg daarvan op die waarde wat dit vir die jeug het. Dit is 'n onontbeerlike opvoedingsmiddel, so beweer hulle, wat in sekere lewensbehoefte van die jeug voorsien en wat deur geen ander opvoedingsmiddel vervang kan word nie. Aan die ander kant is daar ook die sulkes wat beweer dat die beweging in geen behoefte voorsien nie en dat dit dus verkeerd sou wees om die jeug wat dikwels reeds oorlaai is, aan te moedig om, tot sy eie skade en ten koste van tyd wat nuttiger gebruik kon gewees het, daarby aan te sluit.

Ook vanuit die standpunt van die gesin is hierdie ondersoek van betekenis. Buitemuurse bedrywig-hede lê meer en meer beslag op die jeug. Die probleem van uithuisigheid is reeds genoem en daarby kan nou gevoeg word dat daar persone is wat beweer dat die emansipasie van die jeug die ouerlike gesag ondermyn en die verantwoordelikeheidsgevoel van die kind vernietig. Hierdie besware word dikwels gehoor en dit word ook geopper in verband met die werk wat deur die Voortrekkerbeweging gedoen word. As daarby dan nog verder gevoeg word dat die beweging geen aanvaarbare opvoedkundige doel dien nie, dat dit, as dit nog 'n opvoedkundige doel nastrewe, daardie doel nooit bereik nie en dat dit, ten spyte van sy doelloosheid, nog 'n finansiële druk op die huis uitoefen, dan is dit geen wonder dat daar soms beswaar teen die beweging gemaak word nie. Dan het die tyd aangebreek dat 'n ondersoek na die bestaansreg van die Voortrekkerbeweging ingestel sal word óf om daardeur die persone wat die besware het, in die gelyk te stel, óf om daardeur die opvoedkundige waarde van die beweging/.....

beweging weer aan die lig te bring.

Dit is verder 'n erkende feit dat hoofde van skole dikwels worstel met 'n oorvol program van buiteskoolse bedrywighede. Onderwysers en kinders word soms so oorlaai dat die werklike onderwys nie tot sy reg kom nie. As gevolg hiervan, so word verder beweer, word dit noodsaaklik om dinge van minder belang uit te skakel. En dan ontstaan die vraag in verband met die plek wat die Voortrekkerbeweging aan die skool behoort in te neem. En nou is dit opvallend dat oorlaaide onderwysers met wie skrywer in aanraking gekom het, dikwels verkies om van Voortrekkerwerk onthef te word. As vrywilligers vir hierdie werk gevra word, dan is dit heel selde dat 'n onderwyser hom sal aanmeld. As 'n onderwyser persoonlik in hierdie verband genader word, dan het hy gewoonlik 'n hele aantal besware. En wat die leerlinge betref, is daar skynbaar nie altyd die nodige belangstelling in die Voortrekkerbeweging nie. As al hierdie dinge in aanmerking geneem word, dan ontstaan die vraag of dit nog die moeite loon om met Voortrekkerwerk voort te gaan. Of is hierdie verskynsel miskien heel plaaslik van aard?

Wat die samelewing in sy breëre verband betref, word die klagte dikwels gehoor dat die nodige belangstelling van die publiek ontbreek. Aan die ander kant verwag die voorstanders van die beweging dat die publiek dit finansiëel en andersins sal ondersteun. Deur die staat word daar reeds 'n subsidie in die vorm van leenbruik van tente en ander kampeerbenodighede aan die Voortrekkerbeweging toegeken. Vanuit sekere Voortrekkerkringe word egter beweer dat die staat meer stoflike steun aan die beweging behoort te gee, vanweë die waarde wat die beweging in ons volkslewe het. Daarom is dit ook vanuit die standpunt van die samelewing en die staat noodsaaklik om in te gaan op die vraag of die Voortrekkerbeweging nog aan een of ander doel beantwoord en of die werk wat deur die beweging gedoen word enige hulp van die kant van die staat regverdig.

Die noodsaaklikheid van hierdie ondersoek word verder sterk aan gevoel omdat daar die behoefte bestaan aan opvoedkundige studies wat die probleem van die jeugbeweging in Suid-Afrika vanuit Calvinistiese standpunt benader. In Nederland is heelwat aandag aan die jeugbeweging as opvoedingsmiddel gegee. In opvoedkundige/.....

kundige studies word daar dikwels na die jeugbeweging of „Jeugdvorming” verwys. Dr. B.A. Knoppers wy twee dik boekdele aan „Jeugd en Jeugdbeweging” terwyl prof. J.H.F. Kohlbrugge in die vierde deel van sy „Practische Sociologie” uitsluitlik oor hierdie vraagstuk handel. In Afrikaans bestaan daar egter nog 'n skreiende behoefte aan werke van hierdie aard. Skrywer erken wel die waarde van werke soos die van J. de V. Heese, J.M. Steyn, J.H. Coetzee, M. Heyns e.a.,⁽¹⁾ en hy het met blydschap kennis geneem van die inhoud van 'n dik meestersgraad-verhandeling oor die Voortrekkerbeweging deur J.P.C. Meyer.⁽¹⁾ Die Calvinistiese standpunt word hierin egter nie genoeg benadruk nie en die probleem van die jeugbeweging as sodanig word in die meeste gevalle slegs heel beknopt en oppervlakkig aangeraak. In die studies van die meeste van ons ander opvoedkundiges soek ons tevergeefs na leiding op hierdie gebied. Selfs die kampvegters vir 'n Christelik-nasionale opvoedingstelsel in ons land is heel beskeie in hul uitsprake in hierdie verband. Ons het hier te doen met 'n terrein wat braak lê en wag vir ontginning.

'n Laaste opmerking oor die noodsaaklikheid van hierdie studie staan in verband met ^{die} persoonlike ervaring van die skrywer hiervan. In die twaalf jaar wat die studie voorafgegaan het, was hy in verskillende hoedanighede met Voortrekkerwerk besig. En, ten spyte van al sy ervaring, kon hy, voordat hy met die studie begin het, nooit 'n afdoende antwoord op die vraag in verband met die bestaansreg van die beweging vind nie. Sy probleem is verskerp deur die uitsprake van gesaghebbende persone in verband hiermee. 'n Professor het in die teenwoordigheid van die skrywer sy twyfel ten opsigte van die bestaansreg van die Voortrekkerbeweging uitgespreek. 'n Ander professor het sy seun aangeraai om te gaan tennis speel as die ander kinders na die Voortrekkers toe gaan, „aangesien tennis tog vir 'n mens waarde het”. 'n Onderwyser wat 'n leierskursus van die genoemde beweging deurloop het, het aan skrywer gesê: „Ek het al genoeg tyd met die Voortrekkers gemors. Ek wil niks daarmee te doen hê nie.” 'n Ander onderwyser wat vir 'n aantal jare Voortrekkerkommandant was, het „die arme/.....

(1) Vergelyk die literatuurlys vir titels van genoemde studies.

arme offisiere bejammer". Dit was volgens hom die moeilikste ervaring wat hy in sy hele onderwysloopbaan gehad het. Gedurende 'n kadetkursus het 'n militêre offisier die kadette toegesnou : „Moenie daar staan soos 'n klomp Voortrekkers nie". Hierdie voorbeelde kan vermenigvuldig word. Maar dit is genoeg. As gevolg van hierdie uitsprake en as gevolg van alles wat die beweging gedurig van sy offisiere en dus ook van die skrywer geverg het, het hy hierdie studie as noodsaaklik geag nog lank voordat hy daaraan gedink het om dit onder universitêre leiding te doen.

3. Metode van ondersoek.

In die eerste deel van die ondersoek, die deel wat reeds afgehandel is en waarvan 'n beknopte samevatting in die volgende hoofstuk gegee sal word, is gebruik gemaak van die historiese en die geesteswetenskaplike metodes. Feite uit die geskiedenis van die ontstaan van verskillende jeugbewegings en uitsprake van bekende gesaghebbendes in verband met jeug en opvoeding is gebruik om vas te stel watter taak aan die Voortrekkerbeweging toevertrou moet word.

In die tweede deel wat handel oor die wyse waarop die Voortrekkerbeweging hom van sy taak kwyt en wat die eintlike terrein van hierdie ondersoek sal dek, word gebruik gemaak van die empiriese of vraelysmetode. Vraelyste is aan sewe groepe in die samelewing gestuur en van hulle uitsprake is gebruik gemaak om tot 'n gevolgtrekking te kom. Die skrywer is bewus van die gevare wat aan hierdie metode verbonde is. Volledige besonderhede van hoe te werk gegaan is, volg in die derde hoofstuk van die proefskrif. Na die verwerking van die resultate word die geesteswetenskaplike metode weer aangewend om tot 'n prinsipiële beoordeling te kom van die wyse waarop die beweging hom van sy taak kwyt.

4. Omskrywing van terme.

Omdat die hele ondersoek op die taak van die Voortrekkerbeweging toegespits word en omdat „taak" en „behoefte", soos verduidelik sal word, nie van mekaar geskei kan word nie, is dit nodig om die betekenis van die twee begrippe, soos hulle in hierdie ondersoek gebruik gaan word, vooraf duidelik te stel. Omdat die betekenis miskien in stryd met die taalgebruik of met die/.....

die populêre gebruik in die volksmond mag wees, en omdat die skrywer verkies om hierdie bepaalde betekenis aan die twee terme te heg, is 'n duidelike begrip hiervan van fundamentele belang vir alles wat verder gaan volg. Al sou dit in stryd met die taalgebruik wees, in stryd met die Calvinistiese lewensopvatting sal dit nie wees nie.

a) Die betekenis van „taak“.

In hierdie ondersoek wys die woord „taak“ altyd op 'n verhewe doel. Dis 'n opgelegde handeling wat trag om, gebonde aan sekere etiese norme, in 'n lewensbehoefte te voorsien. Dit kan dus nooit immoreel wees nie. Daarom kan dit wel die taak van 'n vader wees om sy kind op te voed maar nooit om sy kind te mishandel nie; dit kan die taak van die bediende wees om vloere te vrywe - daar is tog immers 'n element van verhevenheid in alle vorme van fatsoenlike arbeid - maar nooit om op bevel van sy baas die buurman se vrugte te steel nie. Elke doelgerigte handeling sal, in hierdie betekenis, dus nie 'n taak wees nie. By die volvoering van 'n taak moet daar steeds 'n etiese norm behandhaaf word.

Verder word die genoemde term in hierdie ondersoek altyd teen 'n religieuse agtergrond gesien. Elke taak is 'n Godgegewe taak en die mens is die geroepene om daardie taak uit te voer. Die mens is 'n religieuse wese wat die diepste grond vir sy bestaan in God vind en wat deur Hom geroepe is om sy wil ten alle tye te doen. Elke taak wat die mens opgelê word, moet dus met die geopenbaarde wil van God rekening hou en, ten spyte van die onmiddellike doel wat nagestrewes word, moet die einddoel van alle take op God gerig wees, op die verheerliking van sy Naam.

Ten slotte veronderstel die term „taak“ in hierdie proefskrif altyd 'n lewensbehoefte. Waar geen behoefte bestaan nie, kan geen taak verrig word nie. Waar 'n taak verrig word, word daar altyd getrag om in bepaalde behoeftes te voorsien. Hierdie twee terme kan nie van mekaar geskei word nie. Aan die een kan nie gedink word sonder die ander nie. Daarom sal die vraagstukke in verband met die taak van die Voortrekkerbeweging ten nouste saamhang met die vraag of daar 'n behoefte aan so 'n beweging in ons land bestaan. Voordat hierdie vraag egter beantwoord word, sal die

term/.....

term „behoefte“, soos dit in hierdie ondersoek gebruik word, eers nader omskryf moet word.

b) Die betekenis van „behoefte“

Die term „behoefte“ word hier deurgaans gebruik in verband met dit wat vir die lewe nodig is ; dooie materie het geen behoeftes nie. 'n Behoefte is die ontbrekende element in die soms ingewikkelde samestelling van die lewe, waardeur daar 'n leemte of gebrek ontstaan wat opgevul of herstel moet word, as die lewe tot volle ontplooiing of verwesenliking moet kom. So bestaan daar behoeftes om die lewe in stand te hou, om dit te bevorder en om dit te herstel in die regte verhouding teenoor God, die Skepper daarvan. Dit is die wil van God dat die lewe in stand gehou, bevorder en in die regte verhouding tot hom gestel sal word. Daarom is die mens geroepe om, gehoorsaam aan die wette wat God ingestel het, sy gawes en talente te gebruik om in die behoeftes van die mens te voorsien.

Daarom moet die term „behoefte“ dan ook teen 'n godsdienstige agtergrond gesien word. Nie ter wille van die lewe self, soos die pragmatist beweer, moet daar in die lewensbehoefte voorsien word nie, ook nie ter wille van die mens as sodanig, soos die humanistiese of die naturalistiese beskouing dit wil hê nie, maar ter wille van Hom wat die lewe geskep het, in gehoorsaamheid aan sy bevel, ter verheerliking van sy Naam. Daarom is daar 'n gevaar waarteen gewaarsku moet word. Daar is behoeftes wat roep om vervulling, maar dan is daar ook sondige begeertes by die sondige mens, 'n drang na ongeregtigheid, wat in hierdie ondersoek nooit as behoeftes erken sal word nie. Die sonde werk die dood ; dit verwoes die lewe. Dit bring 'n verwydering tussen die mens en sy Skepper waardeur eerder 'n groter behoefte geskep word as enige ander behoefte waaraan gedink kan word. Dit waarna gehunker word, is volgens hierdie beskouing nie altyd 'n werklike behoefte nie. Die maatstaf moet altyd wees of dit waarna verlang word, bevorderlik vir die lewe is.

Aan die ander kant word die menslike behoeftes nie altyd gevoel nie. Die mens se verstand is deur die sonde verduister, en daarom is hy dikwels onbewus van dit wat hy nodig het om sy lewe in stand te hou of te bevorder in ooreenstemming met die wil van God. Ja,
die/.....

die mens staan dikwels selfs afkerig teenoor die vervulling van sy eie behoeftes. 'n Duidelike voorbeeld hiervan word gevind by persone wat ver van God af weggedwaal het en by wie daar geen begeerte of hunkering bestaan om terug te keer nie. In werklikheid bestaan daar by sulke persone 'n ontsettende lewensbehoefte, hoewel hulle daarvan heeltemal onbewus is. As daar geen behoefte gevoel word nie, mag daaruit alleen nooit afgelei word dat daar geen behoefte bestaan nie.

Ten slotte moet daarop gewys word dat dieselfde middel soms in behoeftes van heeltemal verskillende aard kan voorsien. 'n Voorbeeld kan dit ophelder. Veronderstel daar is twee persone wat onderskeidelik dors en vuil is. In albei gevalle bestaan daar behoeftes omdat sowel die dors as die onreinheid nie bevorderlik is vir die lewe nie, maar die twee behoeftes is heeltemal verskillend van aard. En tog is daar een aangewese middel om in die twee onderskeie behoeftes te voorsien, nl. water. En nou sou dit verkeerd wees om te beweer dat die persone behoefte aan water het. Die water is slegs één middel om in die behoeftes te voorsien maar daar kan ook ander middele wees. Die persone het in werklikheid behoefte aan enigiets wat die ontbrekende in hulle lewens kan aanvul.

So kan dit gebeur dat daar by verskillende groepe mense behoeftes van verskillende aard bestaan en dat die jeugbeweging miskien in daardie behoeftes sal kan voorsien. Of dit die geval is, sal die ondersoek nog moet uitwys. Hoe dit ook al sy, die gemeenskaplike element in al hierdie behoeftesituasies sou wees dat daar iets ontbreek waardeur die lewe nie tot volle verwesenliking kan kom nie, wat die "iets" dan ook al mag wees. Hoewel die „iets" dan in die verskillende groepe van verskillende aard mag wees, is dit moontlik dat een en dieselfde middel, nl. die jeugbeweging, in al hierdie behoeftes sal kan voorsien. Dit sou dan ook in hierdie geval verkeerd wees om te beweer dat daar 'n behoefte aan 'n jeugbeweging bestaan. In werklikheid kan daar slegs 'n behoefte bestaan aan iets wat deur die jeugbeweging gebied word. As daar dus in hierdie verhandeling gesprek word van „die behoefte aan 'n jeugbeweging", dan moet dit altyd in hierdie lig gesien word, nl. dat dit beteken „die behoefte aan iets wat die jeugbeweging kan bied."

Die/.....

Die ondersoek sal dus moet vasstel of die Jeugbeweging en by name die Voortrekkerbeweging in staat is om die dinge te bied waaraan die jeug 'n behoefte het en of daar by die jeug 'n behoefte bestaan aan die dinge wat deur die Voortrekkerbeweging gebied word. Nadat hierdie uiters belangrike vraag beantwoord is, sal die taak van die Voortrekkerbeweging duidelik geformuleer moet word, en sal die ondersoek moet vasstel op watter wyse die beweging hom van sy taak kwyd. Die omskrywing van „taak" en „behoefte" is dus vir die doel van die huidige ondersoek van die grootste belang. Dit is die dinge waarna gesoek en wat dan beoordeel gaan word. By hierdie definisies staan of val die hele onderneming van die studie.

5. Die doel van die studie met betrekking tot die konstitusie van die Voortrekkerbeweging.

Hoewel die tweede deel van die ondersoek - dit is die deel waarmee ons nou besig is - hoofsaaklik op die resultate van die Voortrekkerbeweging gerig is en op alles wat daarmee in verband staan, sal die soeklig van wetenskaplike kritiek in hierdie deel van die ondersoek noodwendig ook op die konstitusie van die genoemde beweging moet val. Die taak van 'n organisasie behoort tog immers duidelik uit sy konstitusie te spreek. Die konstitusie mag niks bevat wat sy taak kan bemoeilik of wat in stryd met sy opgelegde taak mag wees nie. Daarom sal daar, nadat die norme vir beoordeling vasgestel is, ook by die konstitusie stilgestaan word, en sal die vraag beantwoord word of die konstitusie van die Voortrekkerbeweging die toets volgens hierdie norme sal kan deurstaan.

In hierdie verband sal die uitsprake van proefpersone natuurlik nie altyd enige normatiewe waarde kan hê nie. Dit sal soms slegs gebruik word om aan te toon hoe ver die standpunt van die proefpersone verskil van die prinsipiële standpunt waarop die genoemde norme berus.

-----000000000000-----

HOOFSTUK II.

DIE BEHOEFTE AAN EN DIE TAAK VAN DIE VOORTREKKERBEWEGING.

1. DIE BEHOEFTE HISTORIES GESIEN.

Om die ontstaan van die Voortrekkerbeweging te begryp, is dit nodig om die behoefte daaraan in sy historiese verband met ander Wes-Europese jeugbewegings te sien. Daarom word die aandag eers kortliks by die ontstaan van twee susterorganisasies bepaal, nl. die Scout-beweging en die Duitse Jeugbeweging, om daarna tot ons eie te kom.

(a) DIE ONTSTAAN VAN DIE SCOUT-BEWEGING.

Die faktore wat tot die stigting van die Scout-beweging gelei het, kan onder drie hoofde saamgevat word : (i) die persoonlike eienskappe van Robert Baden-Powell, die stigter daarvan; (ii) die geesteshouding van die jeug van Brittanje tydens die stigting van die beweging en (iii) die aktiewe deelname van Baden-Powell aan jeugwerk in Engeland wat direk tot die stigting van die genoemde beweging gelei het. Dit is nodig om na te gaan watter lig elk van hierdie faktore op die bestaan van 'n behoefte werp.

(i) Die persoonlike eienskappe van Baden-Powell.

Robert Baden-Powell is in 1857 gebore. Op driejarige leeftyd het hy sy vader, 'n Oxfordse professor, verloor en is sy moeder nagelaat met ses minderjarige kinders van wie Robert die jongste was.⁽¹⁾ As gevolg hiervan het hy onder moeilike omstandighede opgegroeï en is hy in sy kinderjare, wat ryk aan ervaring was, reeds gestaal vir die stryd van die lewe. Hy het geleer om hard te werk en nooit het hy iets besit wat hy nie self verdien het nie. En tog was hy baie gelukkig, miskien ook as gevolg van die besondere liefde wat hy selfs in sy latere lewe teenoor sy moeder gekoester het.⁽²⁾

'n Besondere sterk eienskap van Baden-Powell was sy aangebore liefde vir die natuur. Vakansies het hy dikwels in die ope veld of in 'n roeibootjie op die see of een van die groot riviere van Brittanje deurgebring. Met 'n swaar pak op die rug het hy saam met sy broers staptoere onderneem en snags skuiling gesoek waar hulle dit kon vind. As die geleentheid hom voorgedoen het, het hy homself afgesonder en na naby geleë bosse gegaan waar hy hom verlustig het in die verskeidenheid wat die natuur kan bied. Hy het nie alleen die skoonheid van die natuur bewonder nie, maar hy het ook daaruit geleer. Dit is hoogs waarskynlik die ervaring wat hy op hierdie wyse opgedoen het wat later gestalte aan sy „scouting“-idees gegee het.⁽³⁾

Nog/.....

(1) Maynard : Be Prepared, 13.

(2) Id., 13. Reynolds : Scout Movement, 3.

(3) Maynard : Be Prepared, 10-14. Reynolds : Boy Scouts, 8.

Nog 'n merkwaardige eienskap van hierdie persoon was sy mensliewendheid. Sy vriende was nie beperk tot sy eie ras-, land- of geloofsgenote nie, maar sy vriendskap het uitgegaan tot alle mense, afgesien van geloof, ras of kleur. Vir hom het daar geen sodanige verskil bestaan nie. Daarom word hy ook deur Mark Kerr, een van sy getroue vriendinne, „'n vriend van die hele wereld" genoem. Hy het geglo dat daar in elke mens iets goeds aanwesig is en hy het probeer om daardie „iets" te ontdek, om dit as uitgangspunt by die benadering van die persoon te gebruik. Dit is volgens Mark Kerr hierdie eienskap wat hom die besondere mag en invloed oor andere gegee het. Sy mensliewendheid het hom later, toe hy aan die leër verbonde was, geroep om te vra na die behoeftes van hulle oor wie hy gestel was. En dit was hier waar hy tot die gevolgtrekking gekom het dat daar net een wyse was waarop in hulle onmiddellike behoeftes voorsien kon word : deur hulle vertrouwd te maak met sy „art of scouting".⁽¹⁾

As jong man het Baden-Powell by die leër aangesluit. As offisier in Indië het hy spoedig ontdek dat hy besondere aanleg vir die verskillende vertakkinge van verkenning gehad het, 'n feit waarvan hierbo reeds melding gemaak is. Hy het sy manskappe in groepies van ses ingedeel en dit gebruik as eenhede vir instruksie en kompetisie. Sy werk in Indië is opgevolg deur 'n groot aantal ander dienspligte, o.a. in die Middellandse See, in Matabeleland en in die Matoppogebergtes van Suid-Rhodesië. Hierdeur het hy roem verwerf en het sy naam in steeds wyer kringe bekend geword. Op veertigjarige leeftyd is hy terug na Indië as „Colonel of the Fifth Dragoon Guards". Dit het hom die geleentheid gegee om sy rype ervaring verder uit te bou.⁽²⁾

In 1899, net voor die uitbreek van die Engelse oorlog, is Baden-Powell met sekere dienspligte na Suid-Afrika gestuur. Terwyl hy daarmee besig was, is hy met 'n gedeelte van sy manskappe in Mafeking vasgekeer. Tydens die beleg wat maande geduur het, is die seuns van Mafeking tot 'n kadetafdeling in volle uniform georganiseer. Die uitstekende dienste wat gelewer is, het hom laat besef tot watter hoogtes van verantwoordelikheid seuns soms kan uitstyg, as hulle die geleentheid kry. Toe 'n Britse mag uiteindelik daarin slaag om die vasgekeerdes te bevry, was die Engelse oorstelp van vreugde en Baden-Powell het die held van die dag geword. Die gebeurtenisse in Mafeking was dus vir hom van onskatbare waarde. En toe hy kort na die beëindiging van die oorlog 'n polisiemag in Suid-Afrika moes organiseer, het hy van sy ervaring in Mafeking gebruik gemaak.⁽³⁾

(ii) Die/.....

(1) Maynard : Be Prepared, 15.

(2) Reynolds : Boy Scouts, 8.

Baden-Powell : Scouting for Boys, 5-6.

(3) Maynard : Be Prepared, 17.

Baden-Powell : Scouting for Boys, 7.

(ii) Die geesteshouding van die jeug van Brittanje.

Met die uitbreek van die Engelse oorlog was die naam Baden-Powell reeds goed bekend. Sy prestasies in Matabeleland het roem verwerf en die berigte uit Mafeking het die roem vermeerder. Hy was nou 'n nasionale held, deur die jeug van Brittanje vereer op 'n wyse eie aan die jeug. Die oorlog in Suid-Afrika was verby en Brittanje het die oorwinning behaal. Gebeurtonisse soos hierdie het waarskynlik 'n groot indruk op die jeug gemaak. Die heldedade van die kinders van Mafeking onder die leiding van die dappere en deur die Britse jeug beminde Baden-Powell, het die kindergemoedere ontvanklik gemaak vir die saad van 'n jeugbeweging wat weldra gebore sou word. Baden-Powell is dan ook letterlik oorval met briewe van sy jeugdige bewonderaars, briewe wat hy met groot sorg beantwoord het.⁽¹⁾

(iii) Die deelname van Baden-Powell aan jeugwerk in Engeland.

Wat tot dusver gebeur het, kan beskou word as die eerste fase in die totstandkoming van die Scout-beweging : die ontvanklik maak van die kindergemoed. Die tweede fase het begin toe Baden-Powell 'n uitnodiging van sir William Smith na 'n byeenkoms van die Boys' Brigade aanvaar het en so met aktiewe jeugwerk in Engeland begin het. Hy was oortuig dat sy verkenneridees by seuns byval sou vind en aangevoelig deur sir William het hy begin om hierdie idees op skrif te stel. Die gevolg was die publikasie van „Scouting for Boys” in ses twee-weeklikse artikels. Terselfdertyd het hy ook sy eerste kamp vir ongeveer twintig seuns op Brown Sea-eiland georganiseer om sy idees uit te toets. Verder het hy verskeie publieke vergaderings oor die doeleindes en die metodes van „scouting” toegespreek.⁽²⁾

Die gevolge van Baden-Powell se daade was verreikend. Orals het seuns groepies gevorm en

„scouting”/.....

(1) Baden-Powell : Scouting for Boys, 7. Maynard : Be Prepared, 17.

(2) Reynolds : Boy Scouts, 9. Maynard : Be Prepared, 17.
Baden-Powell : Scouting for Boys, 7.

„scouting" op die houtjie begin. So het daar talle losstaande afdelings ontstaan sonder enige verband met mekaar maar met dieselfde handleiding : „Scouting for Boys". Terselfdertyd het briewe van seuns wat wou „aansluit" uit alle dele van die land Baden-Powell as 't ware oorval. Die reaksie was groter as wat hy ooit verwag het. Die band met die Boys' Brigade kon nie langer voortbestaan nie. Hy moes antwoord op die roepstem van die kinders van sy volk. So het hy op vyftigjarige leeftyd met 'n nuwe jeugbeweging in Engeland begin. Dit was die geboorte van die Scoutbeweging. In 1909 is ook die Girl Guides vir dogters gestig.⁽¹⁾

Kort na die stigting van die Scout-beweging het Baden-Powell hom aan die leër onttrek. Later is die ridderorde aan hom toegeken vir die ontsaglike werk wat deur hom verrig is. Die twee bewegings het vinnig uitgebrei tot selfs ver buite die grense van die moederland. Op 'n groot internasionale byeenkoms te Arrowe-Park is die hoogste eer in 1929 aan Baden-Powell bewys toe die titel van „lord" aan hom toegeken is.⁽²⁾ So het hierdie man tot die hoogste sport in Britse burgerlike lewe geklim. So het hy in diens van die jeug van sy volk gestaan totdat hy op drie-en-tagtigjarige leeftyd in 1941 aan sy huis in Oos-Afrika oorlede is. En vandag is daar byna geen land in die wêreld waar die twee bewegings wat deur hom gestig is, nie bestaan nie.

(iv) Die vraag of daar 'n behoefte aan so 'n beweging bestaan het.

Die kort en fragmentariese skets van die lewe van Baden-Powell het aan die lig gebring dat dit vanaf sy kinderjare vir hom 'n lewensbehoefte was om persoonlik te mag put uit die oorvloedige bron van die natuur wat deur God aan die mens gegee is. Verder het sy liefde tot sy medemens by hom die behoefte laat ontstaan om ook andere te leer om die natuur te gebruik, om hulle daarin te verlustig en om die wysheid van God daarin te sien. Hy was self gelukkig en by hom het 'n behoefte bestaan om ook andere gelukkig te maak. Hierdie behoeftes het gesoek na iets wat hulle kon bevredig. Die wydvertakte lewenservaring van Baden-Powell het hom

in/.....

(1) Reynolds : Boy Scouts, 9. Baden-Powell : Scouting for Boys, 8.

(2) Maynard : Be Prepared, 18-19.

in staat gestel om die „iets" te vind. Die latere totstandkoming van die Scout-beweging moet m.i. beskou word as 'n direkte gevolg van die genoemde behoeftes in die lewe van Baden-Powell.

Hier word met opset en met nadruk van behoeftes gesprek omdat die aanraking met en die verdieping in die natuur die lewe van Baden-Powell verryk en bevorder het. God het Homself o.a. ook in die natuur aan die mens geopenbaar, en as die mens nie in staat is om die wonderlike wysheid van God in hierdie openbaringsmiddel te sien nie, ontbreek daar iets in die lewe en dan ontstaan daar 'n behoefte. So is die mens ook geskape met die opdrag om sy naaste lief te hê. Waar naasteliefde ontbreek, ontstaan daar dus weer 'n behoefte in die lewe. Waar naasteliefde bestaan, word die lewe voller, ryker en meer in ooreenstemming met die wil van God. Daarom kan dit wat deur Baden-Powell gevoel is, met nadruk „behoefte" genoem word.

By die jeug van Brittanje was daar 'n diep gevoelde behoefte om by die beweging van Baden-Powell aan te sluit. As die Scout-beweging die jeug in staat sou stel om intiem ingeskakel te word by sy volk en om die wonderlike wysheid van God in die natuur te aanskou, dan sou dit waarlik in 'n lewensbehoefte van die jeug voorsien. En al was die behoefte wat die jeug gevoel het nie dieselfde as die wat Baden-Powell gevoel het nie, tog sou dieselfde middel, nl. die Scout-beweging, dan in albei behoeftes voorsien.

In die geskiedenis van die ontstaan van die Scout-beweging word ons getref deur die spontaneïteit waarmee dit ontstaan en uitgebrei het tot 'n wyd vertakte netwerk wat oor byna al die lande van die wêreld uitgesprei is, en dit nie as gevolg van uitgebreide en doelbewuste propagandawerk nie maar ongedwonge, gebore uit die behoeftes van die jeug. En hier kan m.i. drie faktore genoem word wat tot die snelle uitbreiding bygedra het : die persoon Baden-Powell self met al sy eienaardighede wat hom besonder geskik gemaak het om as leier van die jeug op te tree, die tydsomstandighede wat die gemoedere van die jeug ontvanklik gemaak het vir die saad van die nuwe beweging, en die feit dat Baden-Powell daarin geslaag het om tot die siel

van/.....

van die jeug te spreek. Hierdie laaste faktor was van beslissende belang. Dit sou egter nie moontlik gewees het om op so 'n wyse tot die siel van die jeug te spreek as die ander twee genoemde faktore dit nie voorafgegaan het nie.

Hierdie bespreking van die omstandighede wat tot die stigting van die Scout-beweging gelei het, was noodsaaklik. Die stigting van die Voortrekkerbeweging wat veertien jaar later sou plaasvind, sal teen hierdie agtergrond beoordeel word.

(b) DIE ONTSTAAN VAN DIE DUITSE JEUGBEWEGING.

Die aandag word in hierdie deel van die studie kortliks by die volgende bepaal : (i) Die geesteshouding van die Duitse jeug tydens die ontstaan van die eerste Duitse Jeugbeweging; (ii) die wyse waarop die eerste Duitse Jeugbeweging ontstaan het en (iii) die kenmerke van die genoemde beweging in daardie eerste jare van sy bestaan. Daarna sal gepoog word om hieruit af te lei of daar 'n behoefte aan 'n Duitse Jeugbeweging bestaan het tydens die stigting daarvan.

(i) Die geesteshouding van die destydse Duitse jeug.

Die Duitse Jeugbeweging was die gevolg van 'n geestestroming wat teen die einde van die negentiende eeu onder die jeug van Duitsland voorgekom het. Dit was die uitingsvorm van 'n algemene ontevredenheid, 'n verzet van die jongere teen die ouere geslag, 'n reaksie teen die onderdrukkende gees van die tyd.⁽¹⁾ Om dit beter te verstaan, is dit nodig om heel kortliks te let op die toestande in Duitsland teen die einde van die negentiende eeu.

Deur die grootskaalse industrialisasie het 'n volksverskuiwing van die platteland na die stede plaasgevind. Deur die gedurig vermeerderende spesialisasie en meganisasie wat hiermee saamgegaan het, is die mens onttroon en het hy die slaaf van sy eie skepping geword, het hy sy eie skepping verhef tot die alles bepalende faktor in sy lewe. „As the machine conquered the world, man was forgotten. The created object did not any longer glorify its creator, but the creator made his creation his god.”⁽²⁾ Meganiese prestasies het
het/.....

(1) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 30.

(2) Kruger : „The Spirit of the German Youth Movement” in „School and Society”, 12 Oktober 1929.

het deur die nuwe waardebepalings die einddoel van die lewe geword terwyl sake soos filosofie en godsdiens as nutteloos vir die lewe ter syde gestel is.

Die sametrekking van die bevolking in sekere gebiede het 'n demoraliserende uitwerking op die lewe gehad. Die jeug is vervreemd van die natuur en geplaas in die sensuueagtige gewoel van die met rook oordekte stede. Die gesinslewe is in 'n groot mate ontwrig en die ouerlike gesag ondermyn. Die spanning in huislike kring het toegeneem en die harmoniese eenheid tussen ouer en kind is versteur. Ten spyte van dit alles het die ouer geslag wat vir hierdie toestande medeverantwoordelik was, die leegheid van die innerlike lewe ontdek en die toestande verdedig. Vir hulle was die wêreld wonderlik en dit moes so bewaar word sodat dit ongeskonde aan die nageslag oorgedra kon word. Van die jeug is verwag om dit alles sonder teespraak en met dankbaarheid van die wyse ouer geslag te ontvang en as sodanig te aanvaar.⁽¹⁾

Hierdie toestande het hulle weerklank in die onderwysmetodes van daardie tyd gevind. Intellektualisme het botoon gevoer en die doel van die onderwys was die inpomping van feite met totale verontagsaming van die kinderpersoonlikheid. Vir die idealisme van die jeug was daar geen plek of tyd nie. Tussen onderwyser en leerling het 'n wanverhouding bestaan. Die onderwyser het die kind nie verstaan nie; die kind het die onderwyser dikwels gehaat. Vir die jeugdige kindernatuur was die skoolwerk aaklig eentonig en die klaskamer „koud“⁽²⁾

Teen hierdie gees wat geen rekening met die gevoelslewe van die jeug wou hou nie, wat alle jeugdige entoesiasme en spontaneïteit in die kiem wou smoor, het die jeug in verset gekom. Hy wou nie langer onder die leiding van volwassenes staan nie, nie langer die sogenaamde kultuur van die volwassenes erken nie. Selfstandig wou hy sy weg gaan en self die verantwoordelikheid van sy daade dra. Dit was die geesteshouding van die Duitse jeug wat gelei het tot die ontstaan van die/.....

(1) Kruger : „The Spirit of the German Youth Movement" in „School and Society" van 12 Oktober 1929.

(2) Alexander & Parker : The new Education in the German Republic, 3 - 4.

eerste jeugbeweging in Duitsland.⁽¹⁾

(ii) Die ontstaan van die eerste Duitse Jeugbeweging.

Die eerste fase in die ontstaan van dit wat vandag die Duitse Jeugbeweging genoem word, word gekenmerk deur die emansipasie van die jeug. Volgens dr. Knoppers skrywe F. W. Foerster in hierdie verband : „Om de jeugd uit haar gevangenis te voeren, haar de mogelijkheid te geven haar eigen leven te leven, haar behoefte aan romantiek te voldoen en langs dezen weg zich geestelijk en psychisch van het heele systeem te bevrijden, dat drukkend op haar russte, trekken zij er op uit om in de bosschen en bergstreken van hun vaderland tot zich-zelf te komen.”⁽²⁾ Hierdie eerste fase het gelei tot die ontstaan van die Wandervögelbeweging in 1896. Die tweede fase wat uit die Wandervögelbeweging voortgekom het, het begin met die stigting van die „Freideutsche Jugendbewegung”.⁽³⁾ Dit is nou ons doel om heel kortliks aandag te skenk aan slegs die eerste fase.

Die Wandervögelbeweging het in Steglitz, een van die voorstede van Berlyn, ontstaan. Onder aanvoering van 'n universiteitstudent, Karl Fischer, het 'n klein groepie leerlinge van die plaaslike hoërskool die wette van die samelewing begin oortree. Hulle het die nagtelike stilte verbreek, die tradisionele kleredrag met kort broeke vervang en die stad heel vroeg in die môre verlaat. In die stilte van die natuur, weg van ouerhuis of skoollokaal het hulle vergader. En so het hierdie seunsbendes die minagting van die publiek en die ontevredenheid van hulle ouers hulle op die hals gehaal. Ten spyte van die innerlike leegheid van daardie tyd, is daar tog groot waarde aan die uiterlike vorm van fatsoenlikheid geheg. Daarom was die verontwaardiging van die ouer geslag dan ook so groot by die aanskouing van die verontagsaming van alles wat vir hulle eerbaar en fatsoenlik was.⁽⁴⁾

Vier jaar lank het die seunsbendes die onguns van die volwasse samelewing verduur. Maar toe is hulle voortbestaan deur die wet teen onafhanklike jeugorganisasies bedreig. Deur sy onvermoeide ywer het Fischer egter daarin geslaag om 'n aantal volwassenes te beweeg om hulle self as lede van die Wandervögelbeweging te verklaar, waardeur hy die beweging teen die wet beveilig en sodoende sy voortbestaan verseker het. Hierdie gebeurtenisse het publisiteit aan die beweging verleen en spoedig het Wandervögelbendes orals in Duitsland ontstaan, bendes wat in hul omswerwinge dikwels selfs buite die grense van hul vaderland gevind/.....

(1) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 30.

(2) Id., 31. (Daaruit aangehaal.)

(3) Id., 32.

(4) Alexander en Parker : The new Education in the German Republic, 16.

gevind is.⁽¹⁾

Die eenheid in die beweging is egter deur 'n botsing tussen Fischer en sy vriend, Siegfried Copallo, ernstig benadeel. As gevolg hiervan het 'n aantal splinterbewegings ontstaan, onafhanklik van mekaar maar tog verenig in die grondgedagte. Hierdie bewegings is in Oktober 1913 weer verenig onder die gemeenskaplike naam : „Freideutsche Jugend”.⁽²⁾

(iii) Die kenmerke van die Wandervögel-beweging.

In teenstelling met die Scout-beweging wat deur volwassenes in die lewe geroep is, het die inisiatief by die ontstaan van die Duitse Jeugbeweging van die jeug self uitgegaan. En daarom het dit in alle opsigte voldoen aan die begeertes en die eise van die jeug. 'n Gees van avontuur en romanse, van moed en onafhanklikheid, het hulle spontane organisasie gekenmerk. Hulle krag het in hulle gemeenskaplike wil en eenheid van belangstelling gelê. Hulle was besiel met 'n heelhartige aanvaarding van die lewe. Die Wandervögel-beweging het dan ook ontstaan uit die drang by die jeug om homself te wees. „They declined to accept the explanations and standards of the older generation. They demanded the right of finding out for themselves.”⁽³⁾ Daarom het die keuse van Karl Fischer by die werwing van rekrute altyd op die persone geval wat geglo het in „the right of youth to live its own life in accordance with its own standards”.⁽⁴⁾

'n Besondere kenmerk van die Duitse Jeugbeweging was die liefde vir die natuur wat daar by sy lede bestaan het. Soms het hulle tot laat in die nag miskien in 'n afgeleë woud vergader waar hulle op 'n heel primitiewe wyse voedsel voorberei het terwyl hulle besig was om liedere te sing of om hulle op 'n ander wyse te vermaak. Soms weer het hulle vroeg in die more terwyl hulle ouers nog slaap, hulle huise verlaat op weg na 'n eensame bestemming wat so ver as moontlik van die sogenaamde beskawing af verwyderd was. Daar in die vrye veld of in 'n eensame bos het hulle rondgedwaal en soms geswem, as dit moontlik was. Daar het hulle skyngevegte uitgevoer en mekaar in hinderlae gelok. Daar het hulle sonder enige formaliteite hulle besig gehou met die dinge waarvan hulle gehou het.⁽⁵⁾

Hierdie staptoere wat deur die jeugbendes onderneem is, het as gevolg gehad dat daar soms ook skuiling vir die nag gevind moes word. Dit het later gelei tot die bou van hutte/.....

(1) Alexander & Parker : The new Education in the German Republic, 18.

(2) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging, 24.

(3) Alexander & Parker : The new Education, 16 - 17.

(4) Becker : German Youth bond or free, 57.

(5) Id., 77 - 80.

hutte op grond wat vir hierdie doel aangekoop is. En orals waar sulke hutte gebou is, het dit getuig van eenvoud, netheid en sindelikheid. Die uitstaande kenmerk daarvan was die harmonie met die omgewing. So het die Duitse jeug sy penne diep in vaderlandsbodem ingeslaan. Onder die sing van volksange en vaderlandsliedere het hulle by hulle herberge of om hulle kampvure vergader. Dikwels is volksdanse by die vergaderplek uitgevoer. Die Duitse Jeugbeweging het hom egter nie net by die moderne Duitse kultuur bepaal nie. Sy filosofie het sy oorsprong daar ver in die verlede, in die antieke Duitse kultuur gehad. Daarin het hy gesoek na dit wat nie alleen die moderne wêreld sou bevredig nie, maar wat ook die bande met 'n eie volksverlede getrou sou bewaar.⁽¹⁾ So het die Duitse Jeugbeweging uitgegroeï tot 'n nasionale volksbeweging.

Verder het die beweging standpunt ingeneem ten opsigte van sekere sosiale vraagstukke. Byna sonder uitsondering was hulle teen die gebruik van sterk drank gekant. Verskeie afdelings het rook belet. 'n Belangrike vraagstuk het ontstaan toe jeugdiges van die teenoorgestelde geslag by die beweging wou aansluit. Terwyl sommige afdelings dit belet het, het ander afdelings dit goedgekeur mits 'n verantwoordelike persoon as leier van die geselskap sou optree. Nog 'n ernstige vraagstuk het ontstaan toe lede uit 'n bepaalde klassegroep afkomstig die beweging wou domineer. Deur 'n kragtige optrede van die massa is die gevaar egter afgeweer.⁽²⁾

Daar was ook 'n skadusy waarop gewys moet word. Die houding van die beweging ten opsigte van die volwassene was afkeurenswaardig. Dit het aanleiding gegee tot ongehoorsaamheid wat 'n oortreding van die vyfde gebod is. Verder beweer Hans Blüher volgens dr. Knoppers dat die homoseksuele by die ontstaan van die Wandervögel-beweging 'n belangrike rol gespeel het. Hoewel dr. Knoppers hierdie bewering ontken, erken hy op grond van die uitsprake van Spranger e.a. dat homoseksuele verkeer wel by die lede van die Wandervögel-beweging plaasgevind het.⁽³⁾ En ten slotte was daar verdeeldheid onder die lede van die beweging. Hierdie verdeeldheid het gelei tot versnippering, waarvan voorheen reeds melding gemaak is.⁽⁴⁾

(iv) Die vraag of daar 'n behoefte bestaan het.

Teen die einde van die negentiende eeu het toestande dodelik ingewerk op die sielelewe van die kind. Gevolglik het daar by die Duitse jeug 'n groot behoefte ontstaan aan iets wat die lewe weer in sy volle harmonie sou kon herstel, wat die jeug sou kon bevry van die neerdrukkende/.....

(1) Alexander & Parker : New education in the G. Republic, 19.

(2) Id., 18.

(3) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 152.

(4) Becker : German Youth, bond or free, 61 - 63.

kende las wat die sosiale stelsel op hom gelê het. Die ontstaan van die Duitse Jeugbeweging was dus die gevolg van 'n werklike behoefte wat deur die jeug baie sterk aangevoel is. En die jeugbeweging het dan ook daarin geslaag om in die gevoelde behoefte te voorsien. Die harmonie tussen die jeug en die natuur is herstel. Waar hy onder die gesag van die volwassenes geen uitinge vir die bruisings van 'n onstuimige gemoedslewe kon vind nie, daar het hy dit in die eensaamheid van die natuur gevind. So het daar dan 'n werklike jeuggemeenskap met 'n gemeenskaplike strewe ontstaan waarin die jeug hom kon uitlewe.

Maar hiermee was die vraagstuk egter nog nie opgelos nie. Die kind het in direkte verset teen sy ouer gekom, hy het die ouerwil verontagsaam, die gesag van sy vader geminag. Die samelewing is hierdeur nog verder verbrokkel. Die harmonie tussen die jeug en die volwassene, wat in die samelewing gehandhaaf moet bly, is vernietig. Die leiding van die volwassene het ontbreek, en sonder hierdie leiding kon die jeugbeweging nie sy regmatige plek as opvoedingsmiddel inneem nie. Verder het seksuele wanpraktyke ontstaan en die gebooie van God is oortree. Onenigheid in die beweging het, al was dit ook net tydelik en in 'n geringe mate, die beweging ontsier.

As gevolg van al hierdie dinge het daar ander, miskien nog groter behoeftes ontstaan. Hierdie behoeftes is weliswaar seker nie sterk deur die Duitse jeug aangevoel nie, maar hulle het tog bestaan omdat die lewe nou, deur die oortreding van die gebooie van God, in 'n wanverhouding tot God geplaas is. So het die Duitse Jeugbeweging dan nie daarin geslaag om in die werklike behoeftes van die jeug te voorsien nie. Deur in die een te voorsien, het dit ander, nog ernstiger behoeftes geskep.

c) DIE ONTSTAAN VAN DIE VOORTREKKERBEWEGING.

Om nou tot ons eie te kom, sal daar teen dit wat reeds behandel is as agtergrond, 'n kort studie van die volgende gemaak word : (i) die toestande in Suid-Afrika aan die begin van die twintigste eeu; (ii) die eerste Voortrekkerbeweging; (iii) Die tweede Voortrekkerbeweging; (iv) die onderhandelinge met die/.....

die Scoutbeweging; (v) die stigting van die Voortrekkerorganisasie. Daarna sal gepoog word om die vraag te beantwoord of daar 'n behoefte aan 'n organisasie soos die Voortrekkerbeweging bestaan het.

(i) Die toestande in Suid-Afrika aan die begin van die twintigste eeu.

Die twintigste eeu vind Suid-Afrika en Engeland in 'n bloedige oorlog gewikkel. Na byna drie jaar van lyding en smart is die stryd beëindig, maar die Boerevolk het die neerlaag gely. Dertigduisend Boerewonings is afgebrand en die skade het ongeveer £70,000,000 bedra. Die verlies van mensemateriaal was vir die klein Boerenasie geweldig. Sowat seweduisend burgers het op die slagveld gesneuwel en ses-entwintigduisend vroue en kinders het in konsentrasiekampe gesterf. Die Boere is op hulle knieë gebring vanweë armoede en ellende.⁽¹⁾ Die Afrikaanse jeug het die veraste huise met eie oë aanskou en die vernederende gevolge van so 'n alles verwoestende oorlog aan eie liggaam gevoel. Die folteringe van die oorlog het 'n diep indruk op die kindergemoed gemaak en dit alles behalwe ontvanklik gemaak vir die saad van 'n Afrikaanse jeugbeweging. Buitendien het die persoonlike faktor van 'n leier ontbreek. Daar was wel 'n Christiaan de Wet wat seker nie op militêre gebied deur Baden-Powell oortref is nie. Maar die Afrikaanse volk was lamgeslaan. Hoe anders sou dit miskien gewees het as die Boere die oorwinning behaal en 'n Christiaan de Wet met 'n jeugbeweging in Suid-Afrika begin het. Dit lyk uiters waarskynlik dat die geesteshouding van die Boerejeug dan soortgelyk sou gewees het aan die van die Britse jeug tydens die ontstaan van die Scout-beweging. Maar nou was die kontras skril en aaklig.

Wat die gewone Afrikaanse gesinslewe van vyftig of sestig jaar gelede betref, was die huis die gemeenskapsentrum, die huisgesin die klein afgeronde samelewing en die Bybel die bindende faktor. Daar was harmonie omdat die Woord van God die rig-snoer van die lewe was. Nêrens is 'n sterker eenheid gevoel as waar die huisgesin om die huisaltaar vergader/.....

(1) Albertyn : Kerk en Stad: Verslag van Kommissie van ondersoek van die Gefedereerde N.G. Kerke, 13.

vergader was nie. „In die vader was beliggaam alles wat edel en skoon was : die godsdiens, opregtheid, vryheidsliefde, sedelikheid, dapperheid en gasvryheid van sy volk. Die meeste vaders het hierdie hoë gesag met waardigheid bekleed, al was hulle houding streng, gebiedend, soms selfs ongenaakbaar.”⁽¹⁾ Die kind het die ouerlike gesag erken, en al sou die nodige vrymoedigheid van kind teenoor ouer dikwels ontbreek en plek gemaak het vir vrees, tog het die kind die ouerlike gesag aanvaar omdat die uitwendige invloede wat die kind in Duitsland tot verset teen sy ouers beweeg het en dus die kind van sy ouers vervreem het, nie in Suid-Afrika bestaan het nie. Ook in hierdie verband was daar geen aanleiding vir die totstandkoming van 'n jeugorganisasie nie.

Wat die verlange na die natuur betref, was die toestande hier in ons land ook hoeltemal anders as in die reeds genoemde lande. Die Afrikaner het op die platteland gewoon ; groot stede was byna onbekend. Die kind het in die intiemste gemeenskap met die natuur gelewe en daarin opgegroeï. Gevolglik was daar geen behoefte aan iets wat die harmonie tussen die jeug en die natuur kon herstel nie. Die harmonie was nie versteur nie.

Toe die eerste Voortrekkerbeweging vyftien jaar na die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog tot stand gekom het, was die omstandighede m.i. nie veel gunstiger as wat hier bo geskets is nie. En tog is daar met die eerste Voortrekkerbeweging begin. Wat hiertoe aanleiding gegee het en watter uitwerking die toestande toe op die eerste beweging gehad het, is 'n vraag wat nou ons aandag verdien.

(ii) Die Eerste Voortrekkerbeweging.

Toe dr. C.F. Visser in 1913 na voltooide studies in die buiteland na Suid-Afrika teruggekeer het, het hy die gemis aan 'n eie Afrikaanse jeugbeweging gevoel. Aan die stigting van so 'n beweging is egter niks gedoen nie totdat die Oranje-Vrouevereniging van Bloemfontein in die saak begin belangstel het. In November 1919 is die stigting van 'n

O.V.V. -kindervereniging/.....

(1) Albertyn : Kerk en Stad : Kommissie van Onderzoek van die Gefedereerde N.G.Kerke, 5.

O.V.V.-kindervereniging goedgekeur en na die hoofbestuur verwys. Dr. Visser het van hierdie besluit gehoor en onmiddellik met die hoofbestuur in verbinding getree. In Mei 1920 is die reëls vir die nuwe beweging, wat deur dr. Visser en ander belangstellende persone opgestel is, deur die hoofbestuur goedgekeur. Die reëls is versprei en in tydskrifte en nuusblaaie is pleidooie vir die stigting van „Voortrekkerafdelings" gelewer.⁽¹⁾

Die gevolg van hierdie veldtog was dat daar op 11 Desember 1920 dan ook werklik die eerste Voortrekkerkonferensie gehou kon word. Hoewel die oproep uitgegaan het tot alle leiers van Voortrekkertakke en tot alle persone wat nog van plan was om Voortrekkertakke te stig, was die opkoms uiters teleurstellend. Daar het slegs twaalf konferensiegangers opgedaag. Maar ten spyte hiervan is die konferensie tog gehou en belangrike besluite is geneem. Kort na afloop van die konferensie is 'n paar nuwe takke gestig. Sommige hiervan het later weer doodgeloop. Die Voortrekkerbeweging het gekwyn. Dit wou nie „beweeg" nie.⁽²⁾

Terwyl die Vrystaters besig was om alle pogings in die werk te stel om die vuurtjie brandende te hou, is daar ook in Kaapland met die Voortrekkers begin. Onder leiding van dr. J. de V. Heese het daar twee sterk afdelings, een vir seuns en een vir dogters, in Graaff-Reinet tot stand gekom. Hierdie eerste Voortrekkerafdelings het die heelhartige steun van sowel die skoolkommissie as die skoolraad gehad. In vooraanstaande onderwysmanne soos dr. G.W. Eybers e.a. het die Voortrekkers magtige steunpilare gevind. Dit was dan ook deur lg. se invloed en onder sy voorsitterskap dat die Voortrekkerbeweging op die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie ter spake gekom het. Dr. Heese het die saak ingelei en 'n kommissie onder voorsitterskap van dr. J.R. Malan is benoem. Voor die jaarkongres van die S.A.O.U. in Desember 1924 is die Voortrekkerbeweging deur hierdie kommissie aanbeveel as 'n vereniging met veel opvoedkundige waarde.⁽³⁾

Bogenoemde aanbeveling het daartoe gelei dat 'n ander kommissie onder voorsitterskap van dr. G. Eybers benoem is om 'n konstitusie vir die beweging op te stel. Laasgenoemde kommissie het die opdrag in 'n baie ernstige lig beskou/.....

(1) Heese : Die Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugver-

(2) Id., 15. Heese : Ons hou Koers, 8. (enigings, 10.

(3) Heese: Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 15 - 27.

beskou, 'n grondige studie gemaak en 'n deeglike verslag opgestel. Hierdie verslag is goedgekeur en dit het gelyk asof die Voortrekkers nou hulle koers gaan vind.⁽¹⁾

Dit was egter nie die geval nie. In verband met die Eybersverslag skrywe dr. Heese later: „Die hele verslag is dus 'n deeglike stuk werk. Waarom het dit dan nie onmiddellike vrugte afgewerp nie?" En dan weer: „Op ander plekke in Kaapland is ook met Voortrekkers begin. Maar van 'n groot georganiseerde beweging was daar g'n sprake nie en toe ek in 1927 na Bloemfontein verhuis het, was daar nog net hier en daar geïsoleerde groepies Van die kant van die publiek was daar slegs min ondersteuning." En dan noem hy nog 'n paar persoonlike faktore waardeur hulle nie in staat was om hulle grootse planne ten uitvoer te bring nie.⁽²⁾

In hierdie geskiedenis is daar twee dinge waardeur 'n mens getref word : die noukeurige en tot in besonderhede uitgewerkte raamwerk van die organisasie waarin die Voortrekkers van die toekoms hulle plekke kon kom inneem en dan ... die pynlike afwesigheid van die Voortrekkers self. In hierdie jare is dit asof die droewige refrein elke maal maar weer gehoor word: „dit wil nie". Hoe aaklig skril is die kontras weer as dit alles gesien word teen die agtergrond van die gebeure in Engeland en Duitsland tydens die ontstaan van hulle jeugbewegings.

(iii) Die tweede Voortrekkerbeweging.

Die eerste worstelinge om 'n jeugbeweging vir die Afrikaanse kind tot stand te bring, het in die Vrystaat en Kaapland plaasgevind. Maar in 1929 het ook die Transvaal hom met die saak begin bemoei. Toe die Scoutraad besliste pogings begin aanwend om die Afrikaanse kind in sy geledere te betrek, het die vereniging „Bond Suid-Afrika" in padvindery vir die Afrikaanse jeug begin belang stel. Op 'n vergadering waarop manne soos kol. Heinrich du Toit, dr. D.J. Keet, dr. S.F.N. Gie, dr. G.W. Eybers en dr. E. Eybers teenwoordig was, is besluit om die Unie-onderwysdepartement te vra om 'n vergadering van verteenwoordigers van al die onderwysdepartemente, die kerk en ander liggane na eie goëddunke te reël om hierdie saak te bespreek.⁽³⁾

Aan die versoek is voldoen en talle hooggeplaaste onderwysmanne het die konferensie op 27 en 28 November 1929 in Pretoria onder voorsitterskap van dr. Gie bygewoon.

In/.....

(1) Heese: Voortrekkers e.a. Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 28 - 30.

(2) Id., 31 - 33.

(3) Ibid.

In sy openingsrede het dr. Gie daarop gewys dat die afgevaardigdes hier besig is met 'n vraagstuk wat intiem die heiligste belange van die Afrikanervolk raak. Aan die einde van die dag se verrigtinge is 'n komitee benoem om 'n skema en 'n verslag vir die volgende dag se besprekinge op te stel. Hierdie verslag wat na bespreking en enkele wysiginge die volgende dag aanvaar is, het op die volgende neergekom:

Daar bestaan in Suid-Afrika 'n behoefte aan 'n jeugorganisasie waaraan die Afrikaanse kind kan behoort. Die Voortrekkerbeweging was tot dusver nie 'n sukses nie. Die konferensie erken die opvoedkundige waarde van die Scoutbeweging en het met belangstelling kennis geneem van die pogings wat aangewend word om die beweging vir die Afrikanerkind toeganklik te maak. Hulle is egter nie daarvan oortuig dat daar tot dusver genoeg met die behoeftes, tradisies, ideale en sentiment van die Afrikaanssprekende deel van ons bevolking rekening gehou is nie. Daarom wil die konferensie met die leiers van die Scoutbeweging onderhandel sodat die nodige wysiginge aangebring kan word waardeur die Afrikaner die vrymoedigheid sal kan hê om die genoemde beweging moreel te steun.⁽¹⁾

Die uitvoering hiervan is opgedra aan 'n komitee van vyf lede, die „Interprovinsiale Komitee" genoem, met dr. Gie as saamroeper. Die opdragte aan die komitee was om die bestaande in Afrikaans verwerkte literatuur van die Scoutbeweging na te gaan, vas te stel watter veranderinge nodig sou wees, met die Hoofbestuur van die Scoutbeweging te onderhandel en die resultate te rapporteer op 'n konferensie waarop feitlik alle denkbare Afrikaanse liggame teenwoordig sou wees. Verder sou invloedryke predikante en enige ander persoon wie se teenwoordigheid wenslik geag is, uitgenooi word om die vergadering by te woon.⁽²⁾

(iv) Die onderhandelinge met die Scoutbeweging.

Die Interprovinsiale Komitee het dadelik met sy werksaamhede begin. Vir die doel van hierdie studie is dit egter nie nodig om 'n verslag te gee van al die vergaderings wat deur die komitee en sy subkomitee gehou is nie. Dit is genoeg om te meld dat die werk op 11 Junie 1930 so ver gevorder was, dat daar met die Scout-raad onderhandel kon word. Die samesprekinge het in die Kabinetkamer in die Uniegebou plaasgevind.⁽³⁾

Wat/.....

(1) Heese: Voortrekkers e.a. Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 34-35.

(2) Id : 36.

(3) Id : 37-42.

Wat die aanbevelings van die Interprovinsiale Komitee betref, was die Scouts gewillig om die Afrikaanse benaminge van „Voortrekker“, „kommandant“, „penkop“ ens. te aanvaar en om die voorgoskrewe padvindingsaktiwiteite so te wysig dat dit meer in ooreenstemming met plaaslike omstandighede gebring kon word. Daar was egter twee aanbevelings, nl. dié in verband met die vlag en die belofte waarvoor die Scout-raad nie te vinde was nie. Onwrikbaar was hulle eis dat die Union Jack een van die amptelike vlae van die beweging sou wees en dat die belofte van trou aan die Britse koning afgelê moes word. Hiermee kon die Afrikaners hulle nie vereenselwig nie. Die onderhandelinge het 'n dooie punt bereik.⁽¹⁾

Kragtens opdrag moes die resultate van die sameprekings nou aan die konferensie van Afrikaanse opvoedkundiges voorgelê word. Die Afrikaners het agter geslote deure vergader. Die uitslag was dat hulle hulle nie met die standpunt van die Scout-verteenwoordigers kon vereenselwig nie. Gevolglik is 'n „Onderhandelingskomitee“, bestaande uit manne soos dr. S.F.N. Gie, dr. C.F. Visser, dr. J. de V. Heese, dr. N.J. van der Merwe e.a., in die lewe geroep om pogings aan te wend om die Scout-raad tot ander insigte te bring en, as dit misluk, oor te gaan tot die stigting van 'n eie Afrikaanse jeugbeweging.⁽²⁾

Op 24 November 1930 het die laaste samesprekings plaasgevind. Die Scout-verteenwoordigers was nog steeds onverbiddelik in hulle eis dat die Union Jack één van die vlae van die beweging sou wees en dat die belofte van trou aan die Britse koning afgelê sou word. Gevolglik is die onderhandelinge finaal beëindig en het die „Onderhandelingskomitee“ verander in 'n „Stigtingskomitee“. 'n Eie Afrikaanse jeugbeweging sou nou gestig word.⁽³⁾

(v) Die stigting van die Voortrekkerorganisasie.

Die Stigtingskomitee het onmiddellik met die voorbereidende werk begin. Talle vergaderings is gehou en 'n groot hoeveelheid organisasiewerk is afgehandel. Oor die lengte en breedte van Suid-Afrika is georganiseer om afgevaardigdes na die stigtingsvergadering te stuur. Op 30 September 1931 het kultuurkragte van oor die hele Unie in Bloemfontein saamgetrek om aan die Afrikanerkind sy eie jeugorganisasie te gee. In sy openingsrede het dr. N. J. van der Merwe 'n verslag van die wordingsgeskiedenis van/.....

(1) Heese: Voortrekkers e.a. Suid-Afrikaanse Jeugverenigings, 42-44.

(2) Id : 45-47

(3) Id : 48-49

van die Voortrekkerbeweging gegee en ook verwys na die be-
geerte van die Afrikaners om in vriendskaplike betrekkinge
met die Boy Scouts en die Girl Guides te lewe. Daarna het
die Eerste Minister, genl. J.B.M. Hertzog, die woord gevoer
en gewys op die erns van die saak. As hierdie poging weer
sou misluk, dan was hulle besig om 'n klap aan die Afri-
kanervolk toe te dien, waarvan dit nie weer sou kon herstel
nie. Dr. C.F. Visser het kortliks op die doel van die
beoogde organisasie gewys en toe voorgestel dat daar tot
die stigting van die Voortrekkerbeweging oorgegaan sou word.
Die voorstel is deur mev. E.G. Jansen gesekondeer en deur
die afgevaardigdes staande aangeneem. Die vergadering is
tot die middag verdaag.⁽¹⁾

Voor die hervatting van die middagsessie is die
eerste Voortrekkers deur genl. Hertzog ingelyf. Na die
hervatting is dr. N.J. van der Merwe as Hoofleier, mev.
E.G. Jansen as Onderleidster en mnr. J. de V. Heese (tans
dr. Heese) as Hoofsekretaris gekies. Die Goewerneurgene-
raal sou die Hoofbeskermheer en mev. M.T. Steyn die Hoof-
beskermvrou wees. Die Provinsieleiers en- beskermhere is
ook aangewys.⁽²⁾ Die Voortrekkerbeweging was nou 'n vol-
donge feit. In hoe verre die Boerejeug die behoefte aan
so 'n beweging gevoel het, is egter 'n vraag wat nog be-
antwoord moet word.

(vi) Die vraag of daar 'n behoefte aan 'n Voortrekkerbewe-
ging bestaan het.

In hierdie geskiedenis word ons getref deur die
besondere bekwaamheid van die manne wat met die taak besig
was. Aan kwalifikasies, ervaring en ywer het dit nie ont-
breek nie. Byna sonder uitsondering was dit invloedryke
Afrikaners uit die hoogste kringe van ons volkslewe wat
hieraan deelgeneem het. Die hoogste amptenare in die ver-
skillende staatsdepartemente het hulle vir die saak beywer.
Dit is maar net nodig om die name van die afgevaardigdes
na te gaan om 'n mens hiervan te oortuig.⁽³⁾

En terwyl die werk met die grootste nougeset-
heid, beslistheid en sorg uitgevoer is, was daar van die
kant van die jeug geen reaksie nie, geen belangstelling in
dit wat vir hulle gedoen word nie, geen merkbare behoefte
aan dit wat die volwassenes vir hulle tot stand wou bring
nie. 'n Duideliker voorbeeld van 'n jeugorganisasie wat
uit volwassenes gebore is sonder dat die jeug daarvoor

gevra/.....

(1)Heese: Voortrekkers e.a. S.A. Jeugverenigings, 54-59.

(2) Id : 60-61.

(3) Ibid.

gevra het, kan seker nie gevind word nie. Hoe anders was dit hier as in die geval van die Engelse en die Duitse jeugbewegings. Daar het die jeug self „beweeg” en die stroom was alles oorweldigend. Maar in Suid-Afrika was dit 'n eindelose gespartel van die volwassenes om iets vir die jeug tot stand te bring terwyl die jeug in sy groot geheel nie wou reageer nie, nie wou „beweeg” nie. Nêrens in die geskiedenis is daar dus die geringste aanduiding gevind dat die Afrikaanssprekende jeug 'n behoefte aan 'n jeugbeweging gevoel het nie.

Op die tweede vraag of daar miskien so 'n behoefte by die jeug bestaan het al is dit nie deur die jeug gevoel nie, het die geskiedenis ook nie 'n afdoende antwoord gegee nie. In vergelyking met Europa was ons land so dun bevolk, ons dorpe was so klein, ons toestande so anders. Die harmonie in die huisgesin het nog bestaan en die demoraliserende invloede van die stadslewe was onbekend, omdat die Afrikanervolk by uitstek 'n landelike bevolking was. Die kind het in die nouste aanraking met die natuur opgegroeï. Verder het die vernederende uitslag van die driejarige oorlog diep spore in ons volkslewe nagelaat. As dit moes afhang van faktore soos die wat so 'n beslissende rol by die totstandkoming van die Britse en die Duitse jeugbewegings gespeel het, sou die Voortrekkerbeweging seker nooit bestem kon gewees het om 'n groot en allesomvattende volksbeweging vir die Afrikaanse jeug te word nie.

Ten spyte hiervan was daar persone wat daarvan oortuig was dat 'n jeugbeweging in Suid-Afrika in sekere dringende behoeftes van die jeug sou kon voorsien. Dit was die baanbrekers aan die voorpunt van die beweging, die persone wat 'n leidende aandeel gehad het in die worstelinge om so 'n beweging tot stand te bring. Sommige van hierdie baanbrekers was oortuig van die opvoedings- en ontspanningswaarde van so 'n beweging. By andere - veral aan die begin van die tweede Voortrekkerbeweging - was dit hoogs waarskynlik net 'n saak van selfhandhawing teenoor die Engelse bevolkingsdeel. In die feit dat die Afrikaanse kind meer en meer in die Scout-beweging opgeneem is, is 'n bedreiging van die Afrikanersaak gesien. Dit is dus duidelik dat albei genoemde groepe daarvan oortuig was dat daar behoeftes, hetsy in die lewe van die Afrikaanse jeug hetsy in die van die Afrikaanse volk, bestaan het waarin die Afrikaanse jeugbeweging en nou by name die Voortrekkerbeweging sou kon voorsien.

En nou moet daarop gelet word dat die blote feit dat opvoedkundiges van naam die opinie gehuldig het dat
daar/.....

daar sulke behoeftes bestaan, geen bewys van die werklike bestaan van die behoeftes is nie. Die geskiedenis het geen afdoende antwoord op die vraag in verband met die bestaan van sodanige behoeftes gelewer nie. Daarom sal die probleem ook vanuit ander gesigspunte benader moet word voordat 'n finale antwoord op die vraag gegee kan word. Op die vraag of die Scout-beweging werklik 'n bedreiging vir die Afrikanersaak was, sal, omdat die studie te omvangryk word, nie ingegaan word nie. Gevolglik sal die vraag in verband met die behoefte aan 'n jeugbeweging - of liever, soos reeds verduidelik, die behoefte aan iets wat die jeugbeweging kan bied - nou eers psigologies benader moet word.

2. DIE BEHOEFTE PSIGOLOGIES GESIEN.

Aangesien die historiese ondersoek geen bewys gelewer het dat daar by die Afrikaanse jeug 'n behoefte bestaan aan iets wat deur die jeugbeweging gebied kan word nie, sal daar nou 'n heel beknopte studie van sekere aspekte van die sielelewe van die kind gemaak word, om daardeur vas te stel of die psigologie miskien lig op die probleem kan werp. So 'n studie word vandag moontlik gemaak deur die resultate van die objektiewe en eksperimentele metodes wat gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu in die kindersielkunde toegepas is. Dit is egter nie die doel om 'n noukeurige ontleding van die sielkundige ontwikkeling van die kind te gee nie. Die aandag word alleen by 'n paar verskynsels in die sielelewe van die kind bepaal - meestal verskynsels wat op sosiale verhoudinge betrekking het. En nou moet daarop gelet word dat hierdie verskynsels algemeengeldend is en dus nie NET by die Afrikaanse kind voorkom nie, maar dat dit aan die ander kant OOK by hom voorkom.

Die resultate van die ondersoek sal onder drie hoofde saamgevat word : a) die voorskoolse kind; b) die laerskoolkind en c) die kind aan die middelbare skool. By elke groep sal probeer word om die vraag te beantwoord of daar 'n behoefte by hulle bestaan aan iets wat 'n jeugbeweging kan bied.

a) Die voorskoolse kind.

Hoewel die pasgebore kind, wat sy reaksies betref, nie as 'n sosiale wese herkenbaar is nie, is hy tog, wat sy oorsprong betref, nou aan die gemeenskap verbonde. Namate hy ouer word, neem sy sosiale kontakte toe en is daar 'n bepaalde ontwikkeling in sy sosiale reaksies.⁽¹⁾

Dr. A. Kuyper /.....

(1) Brooks : Adolescence, 365-367

Dr. A. Kuypers beskou die sosiale neigings by die kind nie as aangeleer nie maar as aangebore.⁽¹⁾ Later knoop die kind vriendskapsbetrekkinge met een of twee maatjies aan. Sy vriendskapsgevoel is egter nog hoofsaaklik op egoïstiese motiewe gegrond. 'n Groter vriendekring bestaan vir hom nog nie en aan groepaktiwiteite wil hy nog nie deelneem nie. Dit is eers vanaf sy vyfde lewensjaar dat hy 'n algehele metamorfose in hierdie verband ondergaan.⁽²⁾

As die vraag nou gestel word of dit nodig of nuttig sou wees om vir die voorskoolse kind 'n jeugorganisasie te stig, dan moet die vraag seer sekerlik ontkennend beantwoord word. Die kind soek wel vroeg in sy lewe al na sosiale kontakte en sluit vriendskappe met ander kinders maar van vriendekringe en groepering wat 'n wesenskenmerk van die jeugbeweging is, is daar nog g'n sprake nie. Die nodige sosiale kontakte vind hy in sy eie huislike kring. Daar is wel aanpassingsmoelikhede maar dit is 'n aanpassing tussen die kind en die wêreld van reg en verkeerd soos dit in sy enge huislike milieu tot openbaring kom, en dit is die persoonlike taak en die ¹dure verantwoordelikheid van die ouer om die kind in hierdie aanpassingstryd behulpzaam te wees. By die groot samelewing daar buite is die kind nog nie ingeskakel nie en hy wil nie daarby ingeskakel wees nie. Daarom bestaan daar in hierdie stadium geen behoefte aan 'n middel soos 'n jeugorganisasie om die sosiale samelewing van die kind moontlik te maak nie.

b) Die laerskoolkind.

In sy vyfde of sesde lewensjaar begin die kind aan groepspele deelneem; die werklike groepgees bly voorlopig egter nog onbelangrik. Maar so ongeveer in die kind se agste of negende lewensjaar begin die groep vir hom betekenis kry en van nou af speel dit altyd meer en meer 'n oorheersende rol in sy lewe. Uitsluiting uit die groep word 'n bittere ervaring. Die begeerte om alleen te wees is nou byna altyd 'n neurotiese verskynsel. Klubs en ander organisasies waarin lede sekere verantwoordelikhede het, kom tot stand. Groepspele geniet voorkeur en veral die soort spele waar leierskap ontwikkel kan word. Die kind is nou by uitstek 'n sosiale wese.⁽³⁾

Die groepgees bereik 'n hoogtepunt na die kind se tiende lewensjaar, wanneer dit kulmineer in die vorming van/.....

(1) Kuypers : De ziel van het kind, 180-181.

(2) Buhler : From birth to maturity, 139-140.

(3) Id : 150.

van bendes wat heel onskuldig van aard kan wees maar wat ook uiters gevaarlik anti-sosiale neigings kan vertoon. Lojaliteit teenoor die bende in sy geheel en teenoor die leier daarvan is een van die mees kenmerkende eienskappe. Alle ondernemings deur die groep en die enkeling is net vir die groep. Deur kollektiewe optrede ontstaan daar 'n bende-tradisie, 'n esprit de corps, 'n groepgees wat nie maklik geëwenaar kan word nie. Die saamhorigheidsgevoel en die awontuurlike in die bendelewe het vir die kind van hierdie ouderdom 'n groot aantrekkingskrag.⁽¹⁾

Daar bestaan dus by die laerskoolkind 'n behoefte om ingeskakel te wees by 'n selektiewe groep, 'n samelewing waarin hy tuis kan voel. En dit is inderdaad 'n behoefte. Die mens is deur God as 'n sosiale wese geskape, hy bestaan in en deur die gemeenskap met ander mense en waar die kind nou, as gevolg van die ontwikkelingstadium wat hy bereik het, begeer om in 'n groep ingeskakel en as 'n integre~~nde~~nde doel daarvan opgeneem te word, kan dit alleen as 'n werklike lewensbehoefte van die kind beskou word. In die ingewikkelde struktuur van die hedendaagse samelewing is dit miskien meer as ooit tevore nodig dat die regte sosiale kontakte buite die huislike kring en inskakeling by die regte groepe buite die huislike samelewing gevind sal word. As dit nie gedoen word nie, bestaan die moontlikheid dat die kind skade kan ly, of deur gebrek aan dit wat hy vir 'n gesonde sosiale ontwikkeling nodig het, of deur aansluiting by groepe met verkeerde neigings. Daarom rus daar 'n verantwoordelikheid op die ouer om middele te vind waardeur in die genoemde behoeftes van die kind voorsien kan word.

In die behoefte aan inskakeling by 'n groep buite die huislike kring vind ons in hierdie studie vir die eerste keer grond vir regverdiging vir die bestaan van 'n jeugbeweging. Hoewel die behoefte wat by die kind bestaan maar net 'n behoefte aan jeugdige saamgroeperinge is en nie 'n behoefte aan 'n jeugbeweging as sodanig nie, kan laasgenoemde tog dien as 'n nuttige opvoedingsmiddel, nie alleen om in die genoemde behoefte te voorsien nie, maar ook om die jeugdige neigings in gesonde bane te lei. En hoewel hierdie behoeftes in 'n sekere sin van die vroegste tye af reeds bestaan het, het dit deur die ingewikkeldheid van ons moderne samelewing omvangryker en intenser geword en is die jeugbeweging as opvoedingsmiddel 'n ontdekking van betreklik reente datum.

(c) Die kind aan die middelbare skool.

Die aanvang van die middelbareskooljare bring ons
by/.....

(1) Brooks : Psychology of Childhood, 390.

by die eerste fase van die moeilik verstaanbare adolessente leeftyd, die puberteitstadium in die ontwikkeling van die jeug. Hieroor is reeds boekdele geskrywe en daar sal seker nog baie boekdele volg. Dit is egter nie ons doel om enigsins 'n volledige studie van die adolessansie te maak nie. Ons wil slegs op enkele psigologiese verskynsels wys wat in hierdie tydperk hulle verskyning maak en wat vir die huidige ondersoek van belang mag wees.

As gevolg van die ontwaking van die persoonlikheidsbesef wat een van die mees kenmerkende eienskappe van die puberteitstadium is, ontstaan die drang tot selfstandigwording by die jeug. Die puber kom tot die besef dat hy bestem is om as 'n aparte selfstandige persoonlikheid op eie bene te staan, 'n eie lewe te voer en die volle verantwoordelikheid vir elke daad te dra.⁽¹⁾ Hy is nou besig om selfstandig te word maar selfstandigwording is nog maar die voorspel tot selfstandigheid self. Deur gebrek aan kennis en ervaring en as gevolg van psigiese en liggaamlike onrypheid kan hy nog nie al dadelik selfstandig wees nie.

Onafskeidbaar hieraan verbonde is die drang van die puber tot selfhandhawing, wat hom in tallose vorme openbaar en wat volgens Spranger van soveel belang vir die ontwikkeling van die wordende mens is, dat dit nie onderduk mag word nie.⁽²⁾ Die jeugdige wil g'n kind meer wees nie en hy wil nie meer langer as 'n kind behandel word nie. Hy besit dan ook fantasiekrigte wat hom in staat stel om homself te handhaaf en om iets heel besonder te wees.⁽³⁾ En dan lei sy begeerte om homself te handhaaf daartoe dat hy alles aan sy eie kritiek wil onderwerp en dat hy alles onder sy persoonlike oordeel wil laat deurgaan. Daarom knoop hy dan ook dikwels 'n stryd aan teen die reëls en die insettinge van sy eie ouerhuis.⁽⁴⁾

En nou moet dit in gedagte gehou word dat die jeug die samelewing aantref as 'n voltooide produk op 'n heel gevorderde trap van ontwikkeling, terwyl hy self op verandering en groei ingestel is. Die gemeenskapslewe van die volwassenes is tot in die fynste besonderhede gereël terwyl die jeugdige na ongebondenheid en bewegingsvryheid verlang. Die jeug wil hom inskakel in 'n totale lewensgemeenskap en hy wil die lewe as een groot totaliteit ervaar. Hy kom egter orals in aanraking met gemeganiseerde fragmente van die lewe wat op spesialisering en arbeidsverdeling berus en waardeur so 'n totaliteit van lewenservaring onmoontlik gemaak.....

(1) Kohnstamm : Schepper en Schepping, 418.

(2) Spranger : Psychologie der Jeugd, 180.

(3) Spranger : Psychologie der Jeugd, 170-171.

(4) Kohlbrugge: Practische Sociologie, 9 - 10.

gemaak word.⁽¹⁾

As gevolg van bogenoemde verskynsels ontstaan daar 'n geweldige spanning tussen die struktuur van die volwasse samelewing en die heel eenvoudige nog ongedifferensieerde struktuur van die jeugdige gemoed.⁽¹⁾ Die onewewigtigheid van die jeug, gepaard met sy begeerte om vry en ongebonde te lewe om homself te handhaaf en om selfstandig op te tree, veroorsaak botsinge met die samelewing en veral met die ouerlike gesag. Die puber wil nou die handelinge selfs ook van sy ouers aan sy persoonlike kritiek onderwerp. Hy was immers nie medewerker in die totstandkoming van al die kunsmatige en hinderlike vorme in die gesinslewe nie. Prof. Kohnstamm skrywe hierdie botsinge toe aan die feit dat die jeug hom uit sy huislike verband wil loswikkel. Hy is hier besig met die uitvoering van sy onontwykbare plig.⁽²⁾ Ook Spranger noem die strewe na emansipasie hier 'n lewensnoodsaaklikheid. Die verwydering tussen vader en seun is in hierdie jare dikwels van groot belang vir die toekomstige ontwikkeling van die kind.⁽³⁾

Na aanleiding van al die genoemde verskynsels in die lewe van die jeug moet ons noodwendig tot die gevolgtrekking kom dat daar by die jeug 'n groot behoefte bestaan aan 'n ander wêreld, 'n samelewing van jeugdiges, waarin hy as 'n volwaardige lid en 'n selfstandige identiteit opgeneem sal kan word. Hy het behoefte aan 'n lewensgemeenskap waaraan hy 'n medewerker kan wees, waarin hy homself sal kan handhaaf en wat die kenmerke sal openbaar wat hy self vir so 'n samelewing begeer. En dit is as gevolg hiervan dat die jeugbeweging as opvoedingsmiddel in die moderne tyd sy verskyning maak het. In verband hiermee sê dr. Knoppers die volgende van die „Vrye Jeugdvorming“ : „Haar bestaansrecht ligt in de wetten, door God gegeven voor het fysisch en psychisch leven der jonge menschen . En wie tegen dege wetten ingaat, doet geweld aan de ziel van den jongen mensch.“⁽⁴⁾ In hierdie uitspraak lê m.i. die grond vir die bestaansreg van 'n jeugbeweging aan die middelbare skool.

Deur die jeugbeweging kan die jeugdige nou in staat gestel word om selfstandig op te tree - natuurlik binne die grense van die beweging - sonder om met die gevestigde kultuur van die volwassenes te bots. Daarin kry hy die geleentheid om dinge op eie inisiatief te reël, en om homself te handhaaf. Daarin kan ideale aan hom voorgehou en deur hom nagevolg word. Ook kan aan
hom

(1) Spranger: Psychologie der Jeugd, 164-165.

(2) Kohnstamm : Schepper en Schepping, 419.

(3) Spranger: Psychologie der Jeugd, 174.

(4) Knoppers: Jeugd en Jeugdbeweging, 69.

hom geleer word hoe om sy vryheid in ooreenstemming met die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing te gebruik en hoe om hom in sy werk sowel as in sy ontspanning, volgens die eise van die Wet van God uit te lewe. So kan die jeugbeweging dan in 'n werklike lewensbehoefte van die jeug op sy weg van volwassewording voorsien.

Dit is in hierdie verband egter nodig om te wys op die afkeer van die jeug in organisasies met hul kunsmatige reëling van verhoudinge en hul omlynde doelstellinge. Die jeug voel alleen aangetrokke tot 'n los onderlinge verband, tot dit wat lewenskragtigheid openbaar. En hiermee moet die jeugbeweging, as iets wat vir die jeug bestaan, rekening hou. Daarom mag dit nooit deur sy konstitusie of sy werkmethode so geknel word dat dit 'n anorganiese karakter vertoon nie. Aan die ander kant moet die jeugbeweging ook rekening hou met die eise van die volwasse samelewing, waarin die jeugdige weldra sy plek sal moet inneem. Daarom is dit nodig dat die jeug geleidelik en taktvol in die vaste vorme van ons kultuur ingelei sal word. Ook dit is 'n behoefte, en daar is m.i. geen beter opvoedingsmiddel wat hierin kan voorsien as juis die jeugbeweging nie.

3. Die behoefte aan 'n jeugbeweging sosiologies gesien.

As die regverdiging vir die bestaan van 'n jeugbeweging bloot in psigologiese verskynsels gesoek word, sonder inagneming van sosiale vereistes, dan maak die ondersoeker hom skuldig aan 'n eensydige benadering van die probleem, met die gevolg dat die resultate van die ondersoek noodwendig eensydig sal wees. Die mens is wel 'n selfstandige individualiteit, maar hy wortel in die gemeenskap. Individue en samelewing kan nie van mekaar geskei word nie. Die een mag nie ten koste van die ander benadruk word nie.⁽¹⁾ Daarom sal die probleem nou ook vanuit die standpunt van die samelewing benader word, met spesiale verwysing eers na die gesinslewe en daarna na die breëre gemeenskapslewe waarin die Voortrekker van vandag as volwassene van die toekoms sy plek sal moet volstaan.

(a) Die probleem benader vanuit die standpunt van die gesin.

Die huisgesin is 'n goddelike instelling en het as sodanig 'n goddelike roeping en taak. As 'n kind gebore word, is dit 'n skeppingsdaad van God, en die kind behoort in sy diepste wese aan Hom. Hoewel sy versorging en opvoeding onder sekere omstandighede en voorwaardes aan andere toevertrou mag word, bly die ouers vir die uitvoering daarvan verantwoordig aan God verskuldig. Dit is die Calvinistiese opvatting in verband met die verantwoordelikheid.....

(1) Coetzee: Inleiding tot die Alg. Teoretiese Opvoedkunde, 361.

likheid van die ouer soos o.a. in die Doopsformulier beliggaam.

As die kind die puberteitstadium bereik, ontstaan daar egter sekere geestelike behoeftes wat in die vorige paragrafe reeds genoem is en waarin vader of moeder uit die aard van die saak binne die huislike kring nie kan voorsien nie. Die puber hunker na vryheid en selfstandigheid, na sosiale kontakte buite die gesin en na 'n uiting vir sy selfhantewingsdrang. Hy het behoefte aan 'n samelewing waarin hy volwaardige beskikkingsreg sal besit. En hierdie behoeftes is nie noodwendig die gevolg van ongesonde huislike verhoudinge nie.⁽¹⁾ En nou is dit die taak van die ouer om 'n opvoedingsmiddel te vind wat in die genoemde behoefte sal kan voorsien. Doen hy dit nie, dan maak hy hom skuldig aan pligsversaking en handel hy onverantwoordelik. In hierdie feit lê m.i. die grondrede vir die bestaan van die jeugbeweging nou gesien vanuit die standpunt van die gesin.

Hoewel die genoemde behoeftes van die vroegste tye af reeds bestaan het, is hulle deur die vorm wat die moderne gesinslewe aaneem het, geaksentueer. Die vaderlike gesag wat in die verlede onvoorwaardelik aanvaar is, het in die moderne tyd in 'n groot mate sy krag verloor. Jong mense van 'n vyftig of meer jaar gelede het ook by 'n veel laer ouderdom as vandag in die huwelik getree. As gevolg hiervan was daar, ten spyte van die streng vaderlike gesag, meer geleentheid vir die uiting van die selfhandhawingsdrang en was die jeug van destyds meer volwasse as die van vandag by dieselfde ouderdom. Verder kan met 'n groot mate van sekerheid beweer word dat die struktuur van die hedendaagse samelewing veel meer van die jeug eis as wat dit in die verlede die geval was, en die jeug het bewus geword van hierdie feit. Alles dui dus daarop dat die jeugbeweging - of enige ander opvoedingsmiddel wat in dieselfde behoeftes kan voorsien - ook vanuit die standpunt van die gesin vandag 'n veel groter noodsaaklikheid geword het as 'n vyftig of meer jaar gelede.

(b) Die probleem benader vanuit die standpunt van die samelewing.

Die opvoeding van die mens is 'n persoonlike sowel as 'n sosiale aangeleentheid. Die sosiale opvoeding begin in die gesinslewe, maar dan brei die kontakte uit na die meer saangestelde gemeenskapslewe met sy verskillende groeperinge. Dan ontstaan die fundamentele probleme van die verhouding tussen die individu en die samelewing waarmee in die opvoeding terdeë rekening gehou moet word.

Die verband tussen individu en gemeenskap word deur prof. J. Chris Coetzee as volg geskilder: „Die individu wortel in die gemeenskap, maar die gemeenskap bloei alleen in en deur die individu. In elke mens loop die aangebore en die verwerfde, die vrye.....

(1) Knoppers: Jeugd en Jeugdbeweging I, 68.

vrye en die noodwendige, die natuurlike en die sedelike, die oorspronklike en die afgeleide op wonderbaarlike onnaspeurlike wyse deureen." Wat die taak van die opvoeding betref, vervolg hy dan: "Die organiese eenheid van individu en gemeenskap veronderstel dat by die opvoeding van die individu eweveel aandag gegee moet word aan die vorming en die ontwikkeling van persoonlike inisiatief as aan die vorming en ontwikkeling van die sosiale bewussyn van die individu waardeur verseker sal word trou aan die gemeenskap, gehoorsaamheid en die gewillige onderskikking van eie belang aan die van die groep".⁽¹⁾ Daar bestaan dus 'n behoefte aan 'n opvoedingsmiddel waardeur die nodige ewewig tussen 'n oordrewe persoonlike vorming en 'n uiterste onderskikking van die enkeling aan die samelewing gehandhaaf sal word.

Wat die ontwikkeling van die sosiale bewussyn en die onderskikking van eie belang aan die van die groep betref, is dit nodig om daarop te wys dat daar veral in die moderne tyd 'n groot behoefte in hierdie verband vanuit die standpunt van die samelewing bestaan. Ter wille van eie belang en as gevolg van 'n geskil tussen twee partye, word die hele gemeenskapslewe soms lam gelê en word daar nie geskroom om die onskuldige te benadeel en te laat ly nie. Die stakings wat vandag 'n wêreldverskynsel is, is maar een voorbeeld van die gevolge van 'n gebrek aan sosiale bewussyn. Daar bestaan dus 'n behoefte aan 'n opvoedingsmiddel waardeur die Christelike beginsel van naasteliefde en selfopofferende diens by die jeug weer ingeskerp sal word.

Die gebrek aan sosiale bewussyn lei verder ook tot allerlei wanpraktyke teen die samelewing, wat wissel van minder ernstige jeugoortredings tot kriminele jeugmisdad, wat in die moderne tyd en selfs in ons eie land soms skrikwekkende afmetings aanneem. In hierdie verband wys dr. Albertyn daarop dat die meeste volwasse misdadigers in hulle jeugjare reeds met hulle misdade begin het.⁽²⁾ 'n Opvoedingsmiddel wat 'n positiewe bydrae tot vryetydsbesteding sal lewer, wat sowel werk as ontspanning in die lig van Gods Woord sal stel, wat die jeug bewus sal maak van sy pligte en verantwoordelikhede, nie net teenoor menslike gesag-bekleders nie maar ook teenoor God Self, kan miskien van onskatbare waarde vir die opvoeding van die jeug wees. En so 'n opvoedingsmiddel kan in die jeugbeweging gevind word.

4. Die behoefte aan 'n jeugbeweging staatkundig gesien.

Die belange van individu, gemeenskap en staat is so nou saamgeweef dat dit moeilik van mekaar geskei kan word. Daarom

sou.....

(1) Coetzee: Inleiding tot die Alg. Teoretiese Opvoedkunde, 209.

(2) Albertyn: Jeugmisdad, 15.

sou dit 'n onvolledige beeld van die probleem onder behandeling gee, as die probleem nie ook vanuit die standpunt van die staat benader word nie. Dit sal egter heel kortliks gedoen word.

Die staat is 'n organisasie van owerheid en onderdaane wat, volgens prof. Coetzee, die ontwikkeling van die menslike samelewing moontlik maak deur die daarstelling van sekere noodsaaklike regsvoorwaardes.⁽¹⁾ Dr. Knoppers praat van die staat as 'n instrument van Gods genade om die volle deurwerking van die sonde in die menslike lewe te stuit en om die ontwikkeling van die lewe moontlik te maak.⁽²⁾ Dr. A. Kuyper noem die staat met sy verskillende organe die vrugte van God se algemene genade wat dien tot verwerkliking van die Godsgedagte en wat onderworpe is aan die wil en die wet van God. Hy sê verder van die staat: „Zy moeten dienstbaar zyn aan de eere Gods, aan de verwezenlyking in het leven van Gods doel, aan de uitstalling in het leven van de volheid van Gods heerlijkheid”⁽³⁾ Die owerheid is met gesag bekleed, maar hy doen dit by die gracie van God. Dr. Kuyper stel hierdie gedagte as volg: „Onder welken vorm dit Overheidsgezag ook optrede, nooit besit de eene mensch macht over een ander mensch, anders dan door een gezag, dat uit de majesteit Gods op hem is afgedaald.”⁽⁴⁾

As gevolg van hierdie gesag het die mens as onderdaan sekere verpligtinge en verantwoordelikhede teenoor die staat en sy owerheid. Hy moet nie alleen toesien dat die regte owerheid, wat die volk in die vrese van die Here sal regeer, aan bewind gestel word nie, maar as die owerheid daar is, dan moet hy die gesag van die owerheid eerbieding, mits dit nie in stryd met die Wet van God handel nie. Die verantwoordelikhede van individu en samelewing teenoor die staat strek egter verder as die bloot passiewe aanvaarding van die owerheidsgezag. Dit eis ook 'n „aktiewe deelname aan die opstelling en die nalewing van die landswette.”⁽⁵⁾ En hierby mag nog gevoeg word dat dit die plig van die onderdaan is om sy land en sy volk hartgrondig lief te hê en om, indien nodig, dit selfs met sy eie lewe te verdedig en te beskerm.

As hierdie dinge nie gedoen word nie, ontstaan daar 'n wanverhouding tussen staat en individu, tussen owerheid en onderdaan, waardeur die lewe benadeel word. Daar ontstaan dus behoeftes in die lewe van sowel staat as individu. Hierdie standpunt.....

(1) Coetzee: Inleiding tot die Alg. Teoretiese Opvoedkunde, 226.

(2) Knoppers: Jeugd en Jeugdbeweging I, 264.

(3) Kuyper: Het Calvinisme, 81.

(4) Kuyper: Het Calvinisme, 77.

(5) Coetzee: Inleiding tot die Alg. Teoretiese Opvoedkunde, 374.

punt veronderstel dus al dadelik die noodsaaklikheid van 'n opvoedingsmiddel wat goeie burgerskap in 'n geordende, staatkundige gemeenskap reeds in die jeugjare van die onderdaan kan inskerp en bevorder. Die jeug moet geleer word om die staatkundige verband waarin hy lewe te verstaan en te eerbiedig. „Die opvoedeling moet geleer word om as gehoorsame, onderdanige en wetsgetroue burger van die staat te lewe”(1) Daar bestaan dus vanuit die standpunt van die staat 'n behoefte aan 'n opvoedingsmiddel wat die regte verhouding tussen owerheid en onderdaan by die jeug van die volk kan ontwikkel, en hierdie opvoedingsmiddel kan m.i. die jeugbeweging wees.

5. Die behoefte aan 'n jeugbeweging pedagogies gesien.

Die gedagte dat daar by die jeug sowel as by die volwassene by die individu sowel as by die samelewing 'n behoefte bestaan aan iets wat die jeugbeweging kan bied, is herhaaldelik reeds uitgespreek. Die vraag ontstaan nou egter waarom die jeugbeweging as opvoedingsmiddel genoem word en nie die skool as sodanig nie. Om hierdie vraag te beantwoord, is dit nodig om te weet wat die moderne beskouing in verband met die taak van die skool is. En aangesien die naturalisme en die pragmatisme die twee invloedrykste beskouinge in die Westerse opvoedkundige teorie en praktyk is, sal die aandag nou heel kortliks by hierdie twee rigtings bepaal word.

(a) Die naturalistiese opvatting van die skool.

Die mees omvattende en konsekwente uiteensetting van die moderne naturalistiese opvoeding vind ons in die klein maar wetenskaplike werkjie van T. Percy Nunn oor: „Education, its Data and First Principles”. Hy benader die vraagstukke van die opvoeding vanuit biologiese standpunt en openbaar hom daarin as 'n konsekwente evolusionis. Nunn handhaaf die naturalistiese lewensopvatting en hy is 'n voorstander van die individualisme in die opvoeding. Dit is egter nie ons doel om ons verder by sy filosofie te bepaal nie. Ons wil slegs heel kortliks handel oor sy opvatting in verband met die doel en die metode van die opvoeding en die wese van die skool.

In die eerste hoofstuk van die genoemde werk handel Nunn oor die doel van die opvoeding. Nadat hy 'n aantal doeleindes genoem het wat in die loop van die jare benadruk is, en gewys het op die probleme wat as gevolg daarvan ontstaan het, kom hy tot die gevolgtrekking: „There can be no universal aim of education if that aim is to include the assertion of any particular ideal of life, for there are as many ideals as there are persons.” Hy verwerp dus die gedagte van 'n einddoel in die opvoeding.....

(1) Coetzee: Inleiding tot die Alg. Teoretiese Opvoedkunde, 275.

opvoeding. Vir hom moet alle opvoedkundige pogings dien om die toestande te skep waarin elke individu op die mees volkome wyse sal kan ontwikkel. En dan stel hy sy standpunt baie beslis in die volgende woorde : „ We shall stand throughout on the position that nothing good enters into the human world except in and through the free activities of individual men and women, and that educational practice must be shaped to accord with that truth.⁽¹⁾ In die laaste hoofstuk wat oor die verband tussen die skool en die individu handel, beweer Nunn dat die hoof funksie van die skool die sosialisering van die individu is, maar dan voeg hy onmiddellik by dat die eintlike doel daarvan die vorming van die individualiteit moet wees.⁽²⁾

Wat die onderwysmetode betref, is Nunn 'n voorstander van die „play-way in education". Vir hom bestaan daar 'n intieme verband tussen werk en spel. Die hoogste vorme van werk is die waarin die werker sy eie taak kies en sy eie norme bepaal.⁽³⁾ Waar die „play-way" die hoofmetode word, word die onderwyser 'n toeskouer, „an active observer", wat, sonder om in te dring, hulp verleen net as dit nodig is, en wat die omgewing beplan waarin die individu hom sal kan uitlewe. Die kind hou hom besig met die dinge wat tot sy beskikking gestel word, maar hy maak sy eie keuse.⁽⁴⁾

Ten slotte spreek Nunn hom uit oor die skool as samelewing vir die jeug waarin hy vryheid sal geniet en waarin hy besig sal wees met die dinge wat hy self gekies het. Sy hele filosofie is een deurlopende pleidooi vir so 'n natuurlike gemeenskap waar daar geen breuk tussen die lewensaktiwiteite daarin en daarbuite sal wees nie. „There should be room for everyone to live wholly and vigorously, no conventional standards of conduct, but only the universal canons and ideals..." Aan die ander kant, so beweer Nunn, sal 'n skool noodwendig 'n kunsmatige gemeenskap moet wees, omdat dit die goeie in die buitewêreld meer moet beliggzaam as die slegte. Die skool moet dus wees „an idealized epitome or model of the world, not merely the world of ordinary affairs, but the whole of humanity, body and soul, past, present and future."⁽⁵⁾

Die mees beslissende beswaar teen die naturalisme as opvoedingsfilosofie is van religieuse aard. Die naturalistiese lewensbeskouing ontken die bestaan van alles wat bonatuurlik is en dus ook van God. Dit verhef die natuur tot die hoogste goed

(1) Nunn: Education, its Data and first Principles, 5.

(2) Id., 229.

(3) Id., 102.

(4) Id., 108-109.

(5) Id., 233.

goed in die lewe en die natuurlike ontwikkeling tot die einddoel daarvan. Dit is dus in sy diepste wese ongelowig en evolutionisties, en so 'n lewensbeskouing moet deur die Calvinistiese opvoeder met al sy konsekwensies verwerp word. Dit wil egter nie sê dat die gelowige hoegenaamd nie van die dinge wat deur die naturalisme benadruk word, gebruik mag maak nie. As die gedagtes van die naturalisme in ooreenstemming met die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing gebring word - en dit kan werklik gedoen word - kan dit van onskatbare waarde wees, ook vir die gelowige opvoeder.

Die waarde van die naturalisme lê daarin dat dit die nadruk op die eise van die kindernatuur laat val het of, in die taal wat ons dusver gebruik het, dat dit die aandag op die behoeftes van die jeug gevestig het. Die naturalisme het ingesien dat daar by die jeug 'n behoefte bestaan aan 'n samelewing waarin die jeug hom getrou aan sy eie wese kan uitlewe. Dit het nadruk gelê op die feit dat die jeug as jeug en nie as volwasse behandel moet word nie. Wat die inhoud van die onderwys betref, het dit nadruk gelê op dit waarin die jeug van nature belangstel, waardeur sy eie individualiteit dus gevorm kan word. 'n Calvinistiese opvoedingstelsel mag hierdie gedagtes met vrymoedigheid toepas mits dit gesubordineer word aan die eise van die Wet van God. Dit was dan ook die hoofgedagte van hierdie ondersoek tot dusver dat daar ook met die genoemde dinge rekening gehou moet word. Die vraag is net of die skool as sodanig in 'n jeuggemeenskap omskep moet word en of 'n ander opvoedingsmiddel gevind moet word om in die genoemde behoeftes van die jeug te voorsien. Die verband tussen so 'n opvoedingsmiddel en die skool is 'n saak wat sal moet aandag ontvang. Daar sal later in hierdie hoofstuk gepoog word om 'n antwoord op hierdie vrae te vind.

(b) Die pragmatistiese opvatting van die skool.

Die pragmatisme is 'n filosofiese opvatting wat veral in Amerika besondere opgang gemaak het. Die mees invloedryke opvoedkundige denker van die rigting is die Amerikaner, John Dewey. In sy „Democracy and Education" werk Dewey op 'n sistematiese en volledige wyse 'n sosiale opvoedingsfilosofie uit wat verreikende gevolge op die opvoeding gehad het. Hierdie opvoedingsfilosofie is 'n weldeurdragte stelsel wat swaar is van betekenis en dit moet nie gedink word dat die uiteensetting wat nou gaan volg tot doel het om die grondgedagtes van Dewey enigszins tot hul reg te laat kom nie. Die doel is om slegs enkele gedagtes wat op die probleem van ons ondersoek betrekking het, na vore te bring.

In die eerste hoofstuk van die genoemde werk beweer Dewey dat 'n lewende wese daardeur gekenmerk word dat dit die omgewingsfaktore.....

omgewingsfaktore wat andersins die lewe in gevaar sou stel, rig ter bevordering van die lewe self. Die lewe is 'n proses van gedurige selfvernuwing deur aanpassing by die omgewing.⁽¹⁾ Die ware wese van die lewe bestaan daarin dat dit strewe om te bly voortbestaan. Die doel van die lewe moet dus in die lewensproses self gesoek word.⁽²⁾ Daarom is daar dan ook nie 'n absolute lewensdoel wat vir alle tye en onder alle omstandighede geldig is nie. 'n Einddoel kan nie bestaan nie - omdat 'n doelstelling gedurig van omstandighede afhanklik is. „An aim must be flexible, it must be capable of alteration to meet circumstances.”⁽³⁾

Daarom bestaan daar volgens Dewey ook nie 'n einddoel in die opvoeding nie. In die loop van jare is daar al 'n menigte van opvoedkundige doeleindes benadruk en elk hiervan het waarde vir sy tyd gehad. Dit was 'n weergawe van die dinge waaraan die bepaalde tyd die meeste behoefte gehad het.⁽⁴⁾ In een volle hoofstuk behandel Dewey drie doeleindes wat in die opvoeding nagestrewes kan word : natuurlike ontwikkeling, sosiale bruikbaarheid en verstandelike vorming. Hy toon dan aan dat die doeleindes nie van mekaar geskei mag word nie. Die natuurlike ontwikkeling geskied in en deur die samelewing en die verstandelike vorming ter wille daarvan. Die hoofnadruk val dus op die sosialiseringproses.⁽⁵⁾

Ook die inhoud en die metode van die skoolopvoeding word deur hom gesosialiseer. Die opvoeding moet tred hou met ⁽⁶⁾ veranderde sosiale toestande en daar moet van „active occupations” gebruikgemaak word. Die kind moet met die dinge van die lewe self in aanraking gebring word. Dit bring mee dat Dewey ook 'n radikale verandering in die onderwysmetode teweeg wil bring. Hy trek te veld teen die tradisionele ^{skool} ~~luister~~ met sy „passivity of attitudes, mechanical massing of children, uniformity of curriculum and method.”⁽⁷⁾ Deur al sy werke benadruk Dewey die noodsaaklikheid daarvan dat daar ten volle rekening gehou sal word met die kindernatuur, maar dat die kind ook gedurig in aanraking gebring sal word met die dinge van die sosiale lewe. Net soos by die naturalisme word die swaartepunt dus ook hier na die kind verskuif, maar, in teenstelling met die naturalisme, word dit gedoen met die oog op die sosiale bruikbaarheid van die individu.....

(1) Dewey: Democracy and Education, 1-2.

(2) Id., 11.

(3) Id., 122.

(4) Id., 130.

(5) Id., 130 - 145.

(6) Dewey: School and Society, 20.

(7) Id., 35.

individu.

As gevolg hiervan word die skool nou 'n pedosentriese inrigting, 'n samelewing van jeugdiges wat groot ooreenkomste met die samelewing daar buite vertoon. Hierdie gedagte kan dwarsdeur al sy werke as 'n aaneenlopende lyn gevolg word. „The school must be a community life in all which that implies" (1) Dit veronderstel dat daar kontinue samehang tussen die opvoeding in die skool en die lewe daar buite moet wees. Dit is egter 'n eiesoortige gemeenskap waarin sekere beginsels gchandhaaf moet word : ten eerste moet dit 'n vereenvoudigde samelewing wees wat by die jeug kan aanpas; tweedens moet dit die skadelike elemente in die bestaande maatskappy elimineer, en ten derde moet dit 'n gebalanseerde samelewing wees waarin die individu in staat gestel word om van die beperkinge van die huislike kring te ontkom. (2)

As lewensbeskouing moet die pragmatisme net soos die naturalisme saam met al sy konsekwensies verwerp word. Soos aangetoon, is dit deur en deur 'n ongelowige stelsel wat die einddoel van die lewe en die bestaan van God, die Skepper van alle dinge, ontken. Dit wil die lewe bevorder ter wille van die lewe self en nie ter wille van die Skepper daarvan nie. Met so 'n lewensfilosofie as ondergrond vir die opvoeding van die jeug wat aan God behoort, kan die gelowige ouer hom nooit vereenselwig nie. En tog is daar sekere dinge wat die Calvinistiese opvoeder van die pragmatisme kan oorneem, mits dit aangepas word by 'n Christelik-nasionale opvoedingsfilosofie. Dan, en dan alleen, kan die pragmatisme van groot waarde vir die opvoeding wees.

As dit gebeur, lê die waarde van die pragmatisme daarin dat dit die aandag pertinent gevestig het op die groot behoefte van die jeug om ook sosiaal opgevoed te word. Dit is dan ook terdeë die taak van die opvoeding om by te dra tot sosiale bruikbaarheid, tot goeie burgerskap en tot 'n beter inpassing in die samelewing. Die opvoeding moet die kind toerus vir die taak van die lewe, ook as gemeenskapsweese. Dit moet hom in staat stel om hom in 'n vereenvoudigde en gebalanseerde samelewing waarin die skadelike elemente van die bestaande maatskappy nie voorkom nie uit te lewe en om te ontwikkel tot 'n sosiaal bruikbare lid van die samelewing en 'n goeie burger van die staat, mits hierdie dinge gesien word as 'n deel van die taak waartoe die mens as religieuse wese geroepe is. Die vraag wat egter nog beantwoord moet word, is of die skool as sodanig in so 'n samelewing van jeugdiges omskep moet word en of die ideë van die pragmatisme

(1) Dewey: Democracy and Education, 416.

(2) Id., 24.

pragmatisme nie in die jeugbeweging gestalte behoort te kry nie. Hierdie vraag wat van fundamentele belang is, sal in die volgende paragraaf aandag ontvang.

(c) Prinsipiële opvatting in verband met die taak van die skool.

Sowel die naturalisme as die pragmatisme het die behoefte van die jeug aan 'n samelewing waarin hy met sy jeugdige natuur volkome sou kon inpas, waarin hy gelukkig sou wees en homself sou kon uitlewe, baie sterk benadruk. Hierdie gedagte moet met groot waardering aanvaar en selfs onderstreep word. Die gedagte dat die skool in engere sin⁽¹⁾ geneem in 'n jeuggemeenskap tot in sy uiterste konsekwensies omskep moet word, kan egter nie aanvaar word nie. Dit is m.i. in stryd met die wese van die skool.

In hierdie verband skrywe prof. J. Chris Coetzee die volgende waar hy oor die skool handel. „Deur sy ordelikheid, vaste reëls, roetine oefen dit alreeds 'n magtige vormende invloed uit op die kind: dit dwing hom tot gereëlde arbeid.... tot nougesette pligsbetragting”⁽²⁾ Hierdie waarde van die skool kom veral tot uiting gedurende skoolure. Daar bestaan dan ook 'n behoefte om die besef by die jeug in te skerp dat die mens deur die reëls van sy lewenstaak gebonde is. Dit is nou alreeds 'n ernstige vraag in hoe verre die opvoeding daarvoor verantwoordelik is dat jong amptenare soms besig is om hulle in hulle werk „uit te lewe” terwyl die publiek wag om bedien te word. Die kind moet besef dat hy gedurende skoolure besig is in 'n werkgemeenskap wat 'n groter mate van gebondenheid veronderstel as 'n sosiale jeuggemeenskap waarin hy vry is om te doen wat hy wil. Hierdie argument ontken nie die noodsaaklikheid dat daar ten volle met die natuurlike aard van die kind rekening gehou moet word nie, maar dit ontken wel die opvoedkundige waarde van 'n stelsel waar die kind alle moontlike vryheid in die skool mag geniet.

Dit is ook nie die funksie van die skool om 'n sosiale jeuggemeenskap volgens die pragmatistiese en naturalistiese patroon te wees nie. Sy eerste funksie is om kennis te vermeerder en om die verstand te ontwikkel. Dit is geen intellektualistiese standpunt hierdie nie, want dit word erken dat die verstand maar een van die aspekte van die menslike persoonlikheid is en dat die skool in breëre sin ook vir die ontwikkeling van die ander, in so verre

(1) Met „skool in engere sin” word bedoel al die opvoedings- en onderwysaktiwiteite wat gedurende skoolure tussen die vier mure van die skoolgebou plaasvind. Met „skool in breëre sin” sal bedoel word alle skoolaktiwiteite waarby ingesluit is die binnemuurse bedrywighede gedurende skoolure sowel as die buitemuurse bedrywighede soos sport, skoolverenigings en jeugorganisasies wat na skoolure plaasvind.

(2) Coetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 56.

verre as wat die huis nie daartoe in staat is nie, voorsiening moet maak. Maar die hoof funksie van die skool binnemuurs is en bly die vermeerdering van die kennis van die kind. As daar gedurende skoolure aan te veel aspekte gelyktydig aandag gegee word, kom daar nie veel van die werklike onderwys tereg nie. In verband hiermee skrywe prof. Coetzee : „Na sy oorsprong en wese is die skool 'n instelling vir onderwys: dit leer ons die geskiedenis van die skool en geen teorie sal daaraan enige verandering kan bring nie.”⁽¹⁾ As gevolg hiervan moet daar nou van buiteskoolse bedrywighede, dit wil sê bedrywighede wat buite die gewone skoolure plaasvind, gebruik gemaak word.

Die buitemuurse bedrywighede kan ingedeel word in sportaktiwiteite, skoolverenigings en jeugorganisasies. In 'n vorige ondersoek het skrywer egter aangetoon dat geen ander vereniging of aktiwiteit in die genoemde behoefte sal kan voorsien nie.⁽²⁾ Die jeugbeweging alleen sal dit as taak kan onderneem, maar dan moet dit presies weet wat die behoefte is waarin voorsien moet word. Daarom word die aandag nou by die behoefte as sodanig bepaal.

6. Die omskrywing van die behoefte waarin die Voortrekkerbeweging moet voorsien en van die taak van die beweging.

Die gedagte dat daar by die jeug sowel as by die volwassene, by die individu sowel as by die samelewing 'n behoefte bestaan aan „iets” wat die jeugbeweging kan bied, is in hierdie ondersoek herhaaldelik reeds benadruk. Die aard van die behoefte is egter nog nie bepaal nie. Daarom sal die behoefte as sodanig nou eers nader omskrywe en vanuit prinsipiële standpunt besien moet word, en daarna sal die taak van die Voortrekkerbeweging eers geformuleer kan word.

(a) Wat die besondere behoefte in werklikheid is.

Om die vraag wat die behoefte in werklikheid is te beantwoord, is dit nodig om daarop te wys dat daar in al die gevalle waar 'n behoefte ontdek en die jeugbeweging as opvoedingsmiddel genoem is, „iets” ontbreek het waardeur die jeugdige lewens nie tot volle verwesenliking kon kom nie. Dit was egter nie die jeugbeweging as sodanig wat ontbreek het nie, maar „iets” wat deur die jeugbeweging gebied kon word. Wat die „iets” is, sal nou vasgestel moet word.

Om dit te kan doen, is dit nodig om die gemeenskaplike element in al die behoeftesituasies te vind en om die behoefte dan daaruit af te lei. En nou het dit duidelik geword dat die
behoefte

(1) Coetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 54.

(2) Du Plessis: Die taak van die Voortrekkerbeweging, 186.

behoefte elke keer ontstaan as die harmonie of eenheid tussen die jeug en die samelewing ontbreek of op een of ander wyse versteur word. As die jeugdige 'n sekere ouderdom bereik, dan ontstaan die behoefte om by 'n groep ingeskakel te word. As die Britse jeug daarna hunker om 'n aandeel aan die roemryke dade van Baden-Powell te mag hê, dan skrywe hulle briewe om uit te vind hoe hulle kon „aansluit“. As die Duitse jeug teen die gemeenskap van die volwassenes bots, dan soek hulle sosiale kontakte om die harmonie te herstel en die Duitse Jeugbeweging kom tot stand. In al hierdie gevalle het daar 'n behoefte aan harmonie of eenheid tussen die jeug en die samelewing bestaan, 'n behoefte aan 'n geïntegreerde inskakeling by 'n groep, wat die aard van die groep ook al mag wees.

Hierdie gedagte kom ook in die naturalistiese en die pragmatistiese opvoedingstelsels tot uiting. As die naturalis die skool wil omskep in 'n samelewing vir jeugdiges met alles wat vanuit naturalistiese standpunt daaraan verbonde sal wees, dan probeer dit maar net om die harmonie tussen die jeug en die samelewing te verseker, maar dan ter wille van die individu, die jeug. As die pragmatist dit doen, dan doen hy presies dieselfde, maar nou ter wille van die samelewing. 'evolgluk kan daar dus beweer word dat sowel die naturalisme as die pragmatisme die bestaan van die genoemde behoefte erken.

Die omstandighede wat tot die ontstaan van die behoefte lei en die dinge wat nodig is om die harmoniese eenheid tussen jeug en samelewing te verkry, kan in verskillende gevalle hemelsbreed verskil. So was die dinge wat die Scout-beweging aan die jeug gebied het, hoegenaamd nie dieselfde as die wat deur die Duitse Jeugbeweging gebied is nie. En tog was daar een gemeenskaplike element : albei het die jeug in staat gestel om harmonies by die samelewing in te skakel. Daarom kon die behoefte dan ook vanuit verskillende gesigspunte benader word. Hoewel die historikus in die jeugbeweging iets anders sien as die sielkundige, is die gemeenskaplike vraag vanuit albei gesigspunte: hoe kan die jeugbeweging die harmonie tussen die jeug en die samelewing bevorder?

Daar bestaan dus by die enkeling sowel as by die samelewing, by die jeug sowel as by die volwassene 'n dringende behoefte aan eenheid tussen die jeugdige en die samelewing waarin hy hom bevind. En as gevolg hiervan bestaan daar net so 'n groot behoefte aan iets wat hierdie eenheid sal kan bevorder, iets wat die jeug geleidelik in staat sal stel om sonder wrywing of botsing by die groep of samelewing in te skakel, daarmee saam te werk en daarin rus te vind. Die middel wat hier aan die hand gedoen word om in die genoemde behoefte te voorsien, is die jeugbeweging.

(b) Prinsipiële/.....

(b) Prinsipiële standpunt ten opsigte van die genoemde behoefte.

Die behoefte aan harmonie tussen die jeug en die samelewing hou in dat die jeug in staat gestel word om hom uit te lewe in ooreenstemming met sy eie natuur in 'n samelewing waarin hy tuis is. Skrywer verkies om die term „uitlewe" te gebruik hoewel hy bewus is van die beswaar wat, vanuit Calvinistiese standpunt, hierteen gemaak kan word. Hiermee word alleen bedoel dat aan die jeug 'n terrein gebied moet word waar hy uiting kan vind vir sy geoorloofde drange, dat hy in staat gestel moet word om die lewe te geniet en dat hy toegelaat moet word om die dinge te doen waarin hy volkome belang stel alles natuurlik onderworpe aan die eise van die Heilige Skrif.

Dit is geen individualistiese of naturalistiese standpunt hierdie nie. Die natuur word nie verhef tot die hoogste ideaal van die opvoeding nie. Maar met die natuur van die jeug moet terdeë rekening gehou word. Dit is dan ook nie die Calvinistiese beswaar teen die naturalisme dat dit met die natuur rekening wil hou nie. Nee, die natuur moet net nie verhef word tot die allesbepalende faktor in die lewe nie. Die Calvinist stel hom dus op die organiese standpunt as gevolg waarvan dit wel erken word dat een ding belangriker as 'n ander kan wees, maar as gevolg waarvan dit ook geëis word dat die nodige balans tussen dinge gehandhaaf sal word en die één nie ten koste van die ander benadruk sal word nie.

Verder veronderstel die behoefte aan harmonie dat die eise van die samelewing geëerbiedig sal word. Die jeug moet opgevoed word tot sosiaal bruikbare lede van die samelewing, wat lojaal staan teenoor elke groep waaraan dit behoort, wat die welsyn van die gemeenskap bevorder en wat 'n bate sal wees vir die omgewing waarin hy hom bevind.

Dit is geen sosialistiese standpunt hierdie nie. Die individu word nie in die samelewing opgelos en die maatskappy word nie verhef tot die einddoel van die opvoeding nie. En tog moet daar met die belange van die samelewing rekening gehou word, maar dan weer soos dit in die lig van die Woord van God gesien word. Hier vind ons 'n sintese van die individualistiese en sosialistiese standpunte in die lewe. Sowel individu as samelewing word in die lig van die Heilige Skrif gesien, en omdat daar in Gods Woord geen teenstrydigheid kan wees nie, word individu en gemeenskap met mekaar versoen.

As die eise van Gods Woord die fundamentele beginsel vir die harmonie moet wees, dan lei dit tot die uiters belangrike veronderstelling dat blote harmonie tussen individu en samelewing geen opvoedingsideaal mag wees nie as dit nie met die eise van Gods Woord rekening hou nie. In sy diepste wese is die mens religieus van aard. Hy het sy oorsprong in God en sy eindbestemming is

ook/.....

ook deur God bepaal. Daarom moet 'n „opgevoede" mens terselfdertyd ook 'n „godsdiensstige" mens wees, anders is sy opvoeding 'n uitwendige vernis. Daarom mag die individu hom ook nie met 'n goddelose gemeenskap vereenselwig nie. Dan ontstaan 'n wanverhouding tussen God en die mens, en dit skep 'n behoefte veel groter as die wat as gevolg van 'n disharmonie tussen enkeling en gemeenskap kan ontstaan. Dit is ook wat sou gebeur as die jeug by misdadigerbendes sou aansluit.

Ten slotte veronderstel die genoemde behoefte dat daar gesoek sal word na harmonie tussen die enkeling en die volk waarvan hy 'n integrerende deel vorm. Hierdie aspek word pragtig beliggaam in die belofte van die eertydse Boerejeug waarvan hier net 'n gedeelte aangehaal word: „Ek gee my erewoord dat ek getrou sal bly aan die ideaal van hulle wat goed en bloed op die pad van Suid-Afrika vir vryheid en reg opgeoffer het; die Christelik-nasionale sedes en tradisies van my volk getrou sal handhaaf; my volk en my land steeds na die beste van my vermoë sal dien,..... my mede-Afrikaner sal help en beskerm, hom nooit in die stryd sal verlaat en aan die vyand sal uitlewer nie."

Dit is geen politieke doelstelling hierdie nie. Dit is alleen die openbaring van 'n behoefte aan eenheid en harmonie tussen die enkeling en die volk waarvan die enkeling 'n lewende lid is. Dit behoort dan ook die betekenis van „opleiding tot goeie burgerskap" te wees. As hierdie aspek van die behoefte nie gevoel word nie, sal dit lei tot kleurloosheid en verwatering wat 'n volksbeweging vir die jeug onwaardig is.

(c) Die taak van 'n jeugbeweging in die algemeen.

Voordat die aandag by die taak van die Voortrekkerbeweging as sodanig bepaal kan word, is dit nodig om eers die taak van 'n jeugbeweging in die algemeen te formuleer. En dan is dit duidelik dat sy taak vanuit Calvinistiese standpunt nou as volg gestel kan word: die skepping van 'n georganiseerde gemeenskapslewe waarin daar ten volle met die jeug en sy aangebore aard rekening gehou sal word, waarin die eise van die samelewing ten volle geëerbiedig sal word, waarin die jeug bewus gemaak sal word van sy roeping en plig as 'n integrerende deel van 'n volksgemeenskap en waarin daar in kinderlike gehoorsaamheid gestrewe sal word na die regte gesindheid van die mens as gemeenskapsweese teenoor God die Here, sy Skepper en Onderhouer. So 'n samelewing van jeugdiges sal uit die aard van die saak nie geïsoleerd kan wees nie maar sal sy gedurige kontakte met die breë samelewing daar buite moet bewaar. Met hierdie formulering as uitgangspunt kan daar nou oorgegaan word tot die bepaling van die besondere taak van die Voortrekkerbeweging, eers as 'n beweging vir die jeug, dan as 'n sosiaal-opvoedkundige beweging daarna as 'n Afrikaanse volksbeweging en uiteindelik as 'n Christelik-nasionale beweging.

(d) /

(d) Die taak van die Voortrekkerbeweging as 'n beweging vir die jeug.

Die Voortrekkerbeweging moet dus 'n gemeenskapslewe skep waarin die jeug vry sal wees om hom besig te hou met die dinge waarin hy van nature belang stel en waarin hy toegelaat sal word om die dinge te doen op 'n wyse wat eie is aan sy jeugdige natuur. Dr. Knoppers wys daarop dat die „Vrye Jeugdvorming” 'n eie metode moet ontwerp in ooreenstemming met die fisiese en psigiese wette en verskynsels wat eie is aan die jeug.⁽¹⁾ In die hersuitgawe 1949 van „Hou Koers”, die amptelike leiersblad van die Voortrekkerbeweging, val die klem ook op die belangstelling in die kind, liefde vir die kind, kennis van die kind en ervaring met die kind. Dit is belangrik. Die kind moet in die middelpunt van die Voortrekkerbeweging staan. Die beweging moet in die ware sin van die woord 'n pedosentriese beweging wees.

Die wette en verskynsels wat deur dr. Knoppers genoem word, is in die voorgaande hoofstukke en paragrafe herhaaldelik reeds benadruk : die begeerte van die jeug om selfstandig te wees, om verantwoordelikhede te dra en om sy eie wil uit te voer; die idealisme van die jeug wat uiting soek in heldeverering en in die bewondering van dit wat mooi en skoon is; die afkeer in vaste, onbuigbare lewensvorme, in reëls en regulasies, in wette en organisasie. Die Voortrekkeroffisier moet kennis dra van hierdie verskynsels; hy moet gewillig wees om gedurig hiermee rekening te hou en om aan die Voortrekkers die geleentheid te bied om hulle „uit te lewe”. Hy moet in staat wees om die regte „atmosfeer” te skep vir die werk wat deur die beweging gedoen word.

(e) Die taak van die Voortrekkerbeweging as 'n sosiaal-opvoedkundige beweging.

In die tweede plek sal dit die taak van die Voortrekkerbeweging wees om geleentheid te skep waardeur die jeug bewus gemaak sal kan word van sy plek in 'n samelewing waarvan hy 'n lewende lid is. Dit bring mee dat die klem in hierdie verband op twee dinge sal val : pligte en verantwoordelikhede.

Wat die eerste betref, moet die jeug geleer word om plesier en persoonlike gerief op te offer ter wille van sy plig teenoor sy medemens en veral teenoor sy land en sy volk. Die Voortrekker moet in staat gestel word om te dien; hy moet geleer word om dit in 'n gees van blymoedige offervvaardigheid te doen. Die ideaal moet wees om die jeug so op te voed dat hy sy aange naamste vorm van plesier sal vind in 'n gewoonte van noukeurige pligsbetragting. Die Voortrekker moet bereid wees om te offer en te dien. Die inskerping van die diensmotief moet beskou word

as/.....

(1) Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 94.

as een van die belangrikste take van die Voortrekkerbeweging.

Net so belangrik - indien nie belangriker nie - is die inskerping van 'n verantwoordelikeheidsgevoel by die jeug. Dit moet beskou word as één van die fondamentstene van elke gesonde samelewing. Die jeug moet geleer word wat sy verantwoordelikehede is, nie net ten opsigte van hulle wat in menslike hoedanighede oor hulle gestel is nie, maar veral ook ten opsigte van God die Here. Die mens moet in sy werk sowel as in sy spel, in plig sowel as in plesier rekening hou met die geopenbaarde wil van God. En waar die Voortrekkerbeweging volgens die eersgenoemde taak hierbo geleenthede vir ontspanning aan die jeug behoort te gee, moet die inskerping van die verantwoordelikeheidsgevoel seer sekerlik beskou word as 'n baie gewigtige taak van die beweging.

Die diensmotief en die inskerping van die verantwoordelikeheidsgevoel sluit ook in voorbereiding tot leierskap. Kinders wat aanleg toon, moet geleer word om leiding te neem. Aan hulle sal geleenthede gebied moet word om sake op eie verantwoordelikeheid te organiseer en te reël. Een van die hoogste vorme van diens is tog immers om die regte koers aan te wys volgens die rigsgaande van die Calvinistiese lewens - en wêreldbeskouing. In hierdie verband kan die Voortrekkerbeweging van onskatbare waarde vir die Afrikaanse volk wees.

(f) Die Voortrekkerbeweging as 'n Afrikaanse volksbeweging.

'n Laaste taak aan die Voortrekkerbeweging is om die jeug van ons volk vertrouwd te maak met en in te skakel by die Afrikaanse volkskultuur. Die inskerping van 'n selfopofferende liefde vir die volkseie en die aankweking van 'n nasionale bewussyn is dinge wat in die nouste verband staan met die vorige twee take. 'n Goeie burger moet sy pligte en sy verantwoordelikehede ten opsigte van die volk waaraan hy behoort, besef. Net die naam van die beweging alleen vereis dat die bande met die Afrikaanse volk en veral ook met die volksverlede suiwer bewaar sal bly. In die nuwe bedeling wat ons volk nou binnetree as gevolg van die Republiekwording van Suid-Afrika, sal hierdie taak seker meer op die voorgrond tree. Maar ook hier moet gewaarsku word dat die huldiging van die volkseie nie tot oorbeklemtoning daarvan en tot sondige selfverheffing mag lei nie. Dit sal die taak van die Voortrekkerbeweging wees om die regte balans te bewaar.

(g) Die Voortrekkerbeweging as Christelik-nasionale beweging.

Hoewel die Voortrekkerbeweging nie 'n suiwer godsdienstige of 'n politieke beweging is nie, is sy grondslag Christelik-nasionaal. En daar hierdie grondslag word daar geestelike inhoud aan die taak van die beweging gegee.

Om aan te toon wat met die Christelike grondslag van 'n beweging bedoel word, kan die volgende reëls uit die Reglement .

van.....

van die eertydse Boerejeug aangehaal word: „Dis ons voorreg en plig om toe te sien nie alleen dat niks in die laer geskied wat strydig is met die godsdienssin van die Afrikaner nie, maar ook dat alles tot eer van God sal plaasvind." Onder die dinge wat hierby ingesluit word, val die volgende: „dat die Christelike beginsel die riggsnoer vir alle gedrag en wandel sal wees en dat die Sondag geheilig sal word."

Hierdie uitsprake moet ook vir die Voortrekkerbeweging geld. Dit is nie die godsdiens as sodanig wat die inhoud van sy werksaamhede moet wees nie. Dit is die ware Christelike gesindheid wat tot uiting moet kom. Dit sluit o.a. in dat waar Voortrekkers bymekaar is, Sondag in alle erns geheilig sal word, dat die Naam van die Here alleen met eerbied gebruik sal word, dat alles wat in stryd met die wet van God is, verbied sal word en dat die môre en die aandgodsdiens getrou waargeneem sal word. Hierdie openbaringe van die Christelike karakter van die Voortrekkerbeweging moet uit die hart kom. Dit mag nie blote vormdiens wees nie; maar dit mag ook nie lei tot 'n metodistiese gedweep in die beweging nie. Waar dit die taak van die beweging is om 'n samelewing te skep waarin die jeug hom sal kan „uitlewe" sal met hierdie eise rekening gehou moet word.

Wat sy nasionale grondslag betref, moet onthou word dat met nasionalisme in hierdie verband geen partypolitiek bedoel word nie. Dit is alleen die dankbare liefde van die volk vir die dinge wat Hy, wat oor die lotgevalle van volkere en nasies beskik, aan hulle gegee het. Dit is die handhawing en die nastrewing van die grondbeginsels waarvolgens die Afrikaanse volk sy van God gewilde bestemming sal bereik. Die jeugleier wat nasionalisme in hierdie sin verkondig, is besig met 'n ware opvoedings-taak. En as 'n jeugorganisasie soos die Voortrekkerbeweging nalaat om op hierdie dinge nadruk te lê, maak hy hom skuldig aan sondige ondankbaarheid en aan miskenning van dit wat deur God aan die Afrikaanse volk gegee is.

7. Opsomming.

Hoewel die geskiedenis van voor die stigting van die huidige Voortrekkerbeweging - heel anders as in die geval van die Duitse Jeugbeweging in Duitsland of die Scout-beweging in Engeland - geen bewys gelewer het vir die noodsaaklikheid van 'n jeugbeweging op Suid-Afrikaanse bodem nie, was daar tog manne wat hulle vir 'n Afrikaanse jeugbeweging beywer het. So het die eerste Voortrekkerbeweging ontstaan. Maar, ten spyte van alle pogings wat deur hierdie manne aangewend is, wou die genoemde beweging nie wortelskiet nie. Dit het geskyn asof daar geen behoeftes by die Afrikaanse jeug bestaan het waarin die Voortrekkerbeweging sou kon voorsien nie. En selfs na die stigting van die tweede Voortrekkerbeweging het dit nie die lewenskrag openbaar wat verwag

is/.....

is nie.

Op grond van psigologiese, sosiologiese en ander oorweginge is egter gevind dat daar tog dringende behoeftes by die jeug sowel as by die samelewing, nie net in die buiteland nie maar ook hier in Suid-Afrika bestaan waarin 'n jeugbeweging, en dan by name die Voortrekkerbeweging, sou kon voorsien. Maar dit sou alleen kon gebeur as die aangebore natuur van die kind sowel as die eise van die samelewing ten volle eerbiedig word. Daar bestaan egter 'n skynbare teenstrydigheid in hierdie bewering. Maar die botsing word opgehef as die probleme van beide jeug en samelewing in die lig van Gods Woord benader word.

Om in die genoemde behoeftes te voorsien, moet die Voortrekkerbeweging voorsiening maak vir 'n samelewing van jeugdiges waarin die jeug heeltemal in die middelpunt van alle bedrywig-hede sal staan. So 'n opvatting is in ooreenstemming met die moderne beskouing van die pragmatisme en die naturalisme. Die verskil tussen ons standpunt en die van die genoemde twee opvoedkundige stelsels lê egter daarin dat ons hierdie taak aan die jeugbeweging wil opdra, terwyl die pragmatisme en die naturalisme die skool as sodanig in 'n jeuggemeenskap wil omskep. Dit is volgens ons beskouing nie die funksie van die skool om so 'n ongebonde jeuggemeenskap te wees nie.

Daar is egter ook 'n baie ernstige beswaar teen die opvoedingsfilosofie van die genoemde twee stelsels. In hulle diepste wese is hulle ongelowig. Hulle erken nie die soewereine beskikkingsreg van God oor die mens nie. Hierteenoor moet die Voortrekkerbeweging in al sy uitingsvorme 'n suiwer Christelik-nasionale gesindheid openbaar. Die kind staan wel in die sentrum van alle Voortrekkerbedrywig-hede, maar sy oog moet na bo gerig word na Hom deur wie hy geroep is om sy wil te volbring. In 'n suiwer Calvinistiese benadering van die lewe moet alle Voortrekkerwerk aangepak word.

Behalwe dat die Voortrekkerbeweging geleenthede bied waardeur die jeug hom kan uitlewe, natuurlik in ooreenstemming met die eise van die Heilige Skrif, is dit ook sy taak om pligsgetrouheid en verantwoordelikhedsbesef by die jeug te ontwikkel. Dit is seker die twee take van die beweging waarin al die ander take saamgetrek kan word. Die pligsgevoel en verantwoordelikhedsin teenoor land en volk sal tot die nasionale karakter van die beweging lei, terwyl sy Christelike aard in sy verantwoordelikhedsgevoel teenoor God tot openbaring moet kom. Op watter wyse die beweging hom van sy taak kwyd, is 'n saak wat nou verder ondersoek sal word.

HOOFSTUK III.

'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE WYSE WAAROP DIE VOORTREKKER- BEWEGING SY TAAK UITVOER.

1. Die proefnemer en die doel met hierdie ondersoek.

Die behoefte om 'n studie van die Voortrekkerbeweging te maak, het in die jaar 1939 reeds by die proefnemer ontstaan, toe hy as offisier met Voortrekkerwerk begin het. Die hoë eise wat die beweging oor die algemeen gestel het en die s.i. twyfelagtige resultate wat dit gelewer het, het die behoefte verskerp. Nadat hy die saak met die toentertydse Hoofleier van die beweging bespreek het, het hy besluit om die ondersoek aan te pak en om dit onder universitêre leiding, ter verkryging van die meestersgraad in die Opvoekunde, te laat plaasvind.

Vir die doel van daardie studie is 'n vraelys aan hoofde van skole opgestel. Nadat verlof van die Onderwysdepartemente van die Transvaal, die Oranje-Vrystaat en Kaapland ontvang is, asook van die hoëre instansies van die Voortrekkerbeweging, is die vraelys aan alle hoofde van middelbare skole in die Transvaal en die Oranje-Vrystaat, aan die hoofde van 'n groot aantal middelbare skole in Kaapland en aan hoofde van laerskole in die drie provinsies gestuur. Die reaksie was bemoedigend en die eerste vraelys is deur 'n tweede gevolg. Dit het onder universitêre leiding geskied.

As gevolg van die ondersoeker se verswakte gesondheid wat tot verskeie ernstige operasies gelei het, moes egter afgesien word van die oorspronklike plan om 'n omvattende studie van die hele beweging te maak, en moes die studie beperk word tot die vraag wat die taak van die Voortrekkerbeweging behoort te wees. Gevolglik is die antwoorde op daardie vraelyste nooit verwerk nie. In 1957 is die studie toe weer van voor af aangepak, nou met die vraag hoe die Voortrekkerbeweging hom van sy taak kwyd, as hooftema. In hierdie ondersoek is die probleme weer prinsipiële vanuit Calvinistiese standpunt benader, omdat skrywer, mede op grond van sy ervaring as onderwyser, nog steeds oortuig was van die noodsaaklikheid van so 'n benadering van die probleem.

2. Die proefpersone.

Daar is eers besluit om ses volledige vraelyste in verband met die Voortrekkerbeweging op te stel, en om hierdie vraelyste aan die volgende groepe proefpersone te stuur: hoofde van middelbare skole, hoofde van laerskole, onderwysers aan middelbare skole, onderwysers aan laerskole, Voortrekkeroffisiere, Distriksekretarisse, predikante en volwassenes van gemengde beroep. Die onderwysers sou persone wees

wat/.....

wat nie met Voortrekkerwerk behulpzaam is nie. Die predikante sou verteenwoordigend van al drie die Afrikaanse kerke wees. Verder sou die proefpersone so gekies word dat hulle veral die Transvaal, die Oranje-Vrystaat en Kaapland verteenwoordig. Slegs in uitsonderlike gevalle sou vraelyste aan persone gestuur word wat buite hierdie drie provinsies woonagtig was.

Terwyl die ondersoek aan die gang was, soos hierbo verduidelik is, is besluit om 'n sewende vraelys op te stel. Dit sou bedoel wees vir ouers van skoolgaande kinders wat aan die Voortrekkerbeweging behoort. Hierdie besluit is geneem na aanleiding van antwoorde wat ontvang is en probleme wat as gevolg hiervan ontstaan het. Dit is besef dat ouers van Voortrekkers 'n nuttige bydrae in hierdie verband sou kon lewer.

3. 'n Paar algemene opmerkings in verband met voorlopige vraelyste.

Die oorspronklike plan was om voorlopige vraelyste aan alle groepe proefpersone te stuur. Die doel was om in die eerste plek vas te stel wie gewillig en in staat sou wees om 'n volledige en finale vraelys in verband met die Voortrekkerbeweging te beantwoord. En in die tweede plek kon daar deur middel van die voorlopige vraelyste sekere inligting ingewin word in verband met sake wat eie is aan elke betrokke groep.

Met hierdie doel voor oë, is die eerste voorlopige vraelys aan hoofde van middelbare skole in die Transvaal uitgestuur.⁽¹⁾ Behalwe om uit te vind watter hoofde gewillig en in staat sou wees om 'n finale vraelys te beantwoord, was die doel daarmee om vas te stel waar die Voortrekkerbeweging bestaan het, waar dit doodgeloop het en waar dit nog nooit bestaan het nie, en wat die toestand van die beweging by die verskillende skole was. Die antwoorde op hierdie vrae sou dan 'n totaalbeeld van die Voortrekkerbeweging oor die ganse land verskaf. Hierdie doel sou nooit bereik kon word, so is gemeen, as die lang finale vraelys direk aan hoofde van skole gestuur is nie, omdat baie van hulle, hoewel gewillig om die kort voorlopige vraelys te beantwoord, miskien nie die finale vraelys sou wou beantwoord nie.

Die reaksie op bogemelde voorlopige vraelyste het egter getoon dat hulle nie aan hulle doel beantwoord het nie. 'n Besondere groot persentasie hoofde het nie die voorlopige vraelys beantwoord nie, sodat die totaalbeeld nie gevorm kon word nie. Verder kon toe ook niks vasgestel word in verband met/.....

(1) Vgl. Bylae I vir voorlopige vraelys aan hoofde van middelbare skole in die Transvaal met begeleidende brief.

met die gesindheid van hierdie proefpersone ten opsigte van die beweging nie. Selfs 'n tweede aanmaning het nie die beoogde resultaat gelewer nie. Daarom is besluit om, behalwe in die vier gevalle wat hieronder genoem word, nie met die uitstuur van voorlopige vraelyste voort te gaan nie.

Die eerste groep persone aan wie tog voorlopige vraelyste uitgestuur is, was die hoofde van middelbare sowel as laerskole in Kaapland.⁽¹⁾ Wat onderwystoestande in Kaapland betref, was die proefnemer minder op hoogte van sake as in die geval van die Transvaal of die Oranje-Vrystaat. Uit die beskikbare gegewens was dit onmoontlik om vas te stel watter skole Afrikaans en watter Engels as voertaal gebruik het. Daarom is dit nodig geag om voorlopige vraelyste uit te stuur ten einde vas te stel op watter skole die finale vraelyste betrekking sou hê.

Die volgende groep aan wie sulke vraelyste gestuur is, was die predikante van die drie Afrikaanse kerke.⁽²⁾ Die doel van die vraelyste was om iets uit te vind in verband met die deelname van die predikante aan Voortrekkerbedrywighede in ons land, en terselfdertyd om die onnodige invul van finale vraelyste deur persone wat nie veel kennis van die beweging het nie uit te skakel. Gegewens verkry uit vraelyste van sulke persone sou buitendien geen waarde vir die ondersoek hê nie.

Die derde groep proefpersone aan wie voorlopige vraelyste uitgestuur is, was volwassenes van verskillende beroepe van wie die beroep onbekend was.⁽³⁾ Die doel van die voorlopige vraelys was om vas te stel wie van hierdie persone gewillig en in staat sou wees om 'n volledige vraelys te beantwoord en wie van hulle kinders gehad het wat aan die Voortrekkerbeweging behoort. Aan die persone wat geen kinders in die beweging gehad het nie, sou die sesde en aan die wat wel kinders in die beweging gehad het, die sewende finale vraelys uitgestuur word.⁽⁴⁾ Dit sal later verduidelik

word waarvandaan die adresse van hierdie en ook die volgende groep proefpersone verkry is.

Die laaste groep aan wie voorlopige vraelyste gestuur/.....

-
- (1) Vgl. bylae II vir voorlopige vraelys met begeleidende brief aan hoofde van skole in Kaapland.
 - (2) Vgl. bylae III vir voorlopige vraelys met begeleidende brief aan predikante.
 - (3) Vgl. bylae IV vir voorlopige vraelys met begeleidende brief aan volwassenes met onbekende beroep.
 - (4) Vraelys VI en VII is teen die einde van die ondersoek eers uitgestuur, nadat baie antwoorde op die ander vraelyste reeds ontleed was.

stuur is, was die ouers van skoolgaande kinders van wie dit bekend was dat hulle kinders aan die Voortrekkerbeweging behoort het.⁽¹⁾ Uit die aard van die saak het hierdie groep sowel as die vorige een ook onderwysers en predikante ingesluit, en het sommige van hulle ook een of ander Voortrekkerrang bekleed. Hierdie oorvleueling het egter geen nadelige uitwerking op die ondersoek gehad nie, aangesien die persone wat in 'n ander hoedanigheid reeds 'n finale vraelys beantwoord het, uitgeskakel is voordat die laasgenoemde twee finale vraelyste uitgestuur is.

4. Die wyse waarop die finale vraelyste opgestel is.

By die opstelling van die finale vraelyste is getrag om aan die eise van 'n goeie vraelys te voldoen. Die terrein wat gedek moes word, was egter so groot dat daar oortree moes word wat die lengte van die vraelys betref. Gelei deur die ervaring van die verlede, het die proefnemer dit voldoende geag om elke konsepvraelys aan een verteenwoordigende persoon en al die konsepvraelyste gesamentlik aan een professor in die Opvoedkunde, een dosent in die Sosiologie, een onderwyser met 'n doktorsgraad en aan die Hoofleier van die Voortrekkerbeweging vir beantwoording en kommentaar voor te lê. Kommentaar is veral gevra in verband met die volgende :

- (i) onduidelike of dubbelsinnige vrae;
- (ii) vrae waarteen beswaar gemaak kan word;
- (iii) onnodige vrae wat lievers weggelaat moes gewees het;
- (iv) vrae van belang wat weggelaat is en wat ingevoeg moet word;
- (v) die lengte van die vraelys.

Nadat die konsepvraelyste terugontvang is en na 'n persoonlike onderhoud met twee van die genoemde persone, is die volgende veranderinge aangebring:⁽²⁾

In feitlik elke vraag van afdeling C van vraelyste I tot VI is die woordjies „by ons” ingevoeg. Waar die eerste vraag voorheen gelees het : „Die beweging mors net die kosbare tyd van onderwysers en kinders”, is dit verander na : „By ons mors die beweging net die kosbare tyd van onderwysers en kinders”. Hierdie verandering is ook by die ander vrae van afdeling C aangebring.⁽³⁾

Verder/.....

(1) Vgl. bylae V vir voorlopige vraelys met begeleidende brief aan ouers van Voortrekkers.

(2) Vgl bylae VI tot XI vir veranderde vraelyste. Die konsepvraelyste word nie in die bylaes gegee nie.

(3) Hierdie veranderinge is aangebring omdat die volgende antwoord 'n paar keer op die konsepvraelyste voorgekom het : „By ons is dit so maar oor die algemeen is dit anders.”

Verder is vraag 11 by afdeling A van vraelys I en II bygevoeg. Dit lui as volg: „Dink u dat die Voortrekkerbeweging sy kultuur-historiese bande met die volksverlede suiwer bewaar het?" Die bedoeling met hierdie vraag was: Is die Voortrekkers van vandag, wat lewens- en wêreldbeskouing, godsdienssin en vaderlandsliefde betref, 'n getroue weergawe van hul voorgeslagte, die Voortrekkers van weleer? Uit die antwoorde het later geblyk dat min van die proefpersone hierdie vraag reg verstaan het.

By die antwoorde op vraag 10 van afdeling B van vraelys I tot IV is die volgende twee moontlike doeleindes van die Voortrekkerbeweging verder bygevoeg: „om die kind in te skakel en vertrouwd te maak met ons volkskultuur" en „om sedelike verval en ontaarding teë te werk."

'n Volgende verandering was die byvoeging van vraag 8 en 9 by afdeling B van vraelys I tot V. Hulle lui as volg: „Voldoen die Voortrekkerbeweging aan die eise wat u as gelowige aan so 'n beweging sou stel vir die opvoeding van u kind?" en „As dit nie heeltemal daaraan voldoen nie, wat is u besware?" Dit is destyds terdeë besef dat dit gewaagd was om elke persoon as „'n gelowige" aan te spreek. Daar is egter gepoog om die beswaar te onderskep deur die volgende as een van die antwoorde by te voeg: „Ek kan of wil hierdie vraag nie beantwoord nie." Hierdie vraag is ingevoeg om aan proefpersone die gelcentheid te bied om besware, veral van religieuse aard, na vore te bring, indien daar sulke besware bestaan het.

Ten slotte is die woorde van vraag 7 van afdeling A van vraelys I en II effens gewysig. Die woorde: „Kan u met sekerheid sê dat die persentasie jeugoortredings by Voortrekkers geringer is as dié by ander kinders?" is verander na: „Is u indruk dat die persentasie....." Daar was van die geraadpleegde persone wat beweer het dat geen mens sonder die nodige statistiese gegewens die antwoord op die genoemde vraag met sekerheid sal kan gee nie. Daarvoor is 'n deurtastende ondersoek nodig.

Die finale vraelyste is persklaar gemaak en laat druk. Daarna is 'n aantal uitgestuur na hoofde van hoërskole in die Transvaal. By daardie vraelyste is ook vraelyste aan onderwysers ingesluit.

Nadat die antwoorde ontvang is, is besef dat sekere verduidelikings ter wille van eenvormigheid saamgestuur sou moes word. As gevolg hiervan is die volgende instruksies by al die verdere vraelyste ingesluit: „U moet nie sê hoe dit behoort te wees nie, maar hoe dit werklik is, al behoort dit ook anders te wees. " „U moet nie sê hoe u dit graag wil hê nie, maar hoe dit werklik/.....

werklik is, al wou u dit ook graag anders gehad het".

"U moet nie aandui wat die beweging probeer om te bereik nie, maar wat dit werklik bereik, al is die resultate soms ook teleurstellend."

"U moet nie aandui hoe dit oor die algemeen is nie, maar hoe dit met die Voortrekkers daar in u eie omgewing gesteld is."

"As u nie seker van 'n antwoord is nie, moet u die vraag onbeantwoord laat en nie sommer 'n willekeurige antwoord gee of 'n vraagteken by die antwoord plaas nie."

Hierdie instruksies is saam met elke finale vraelys gestuur. Omdat dit nou hier genoem word, sal dit nie weer in die bylaes agter in die proefskrif opgeneem word nie.

5. Die skema waarvolgens die beoordeling sou plaasvind.

Toe die vraelyste opgestel is, moes daar reeds gedink word aan 'n skema waarvolgens die beoordeling sou plaasvind. Om so 'n skema heel aan die begin van die ondersoek op te stel, was egter nie 'n maklike taak nie. Die uiteindelijke norm wat toegepas sou word by die beoordeling van die Voortrekkerbeweging in sy taakvervulling sou natuurlik die eise van Gods Woord wees. Dit was egter duidelik dat die norme vir beoordeling ook bepaal word deur die doel wat die beweging nastrewe en die taak wat dit kragtens sy doelstelling moet vervul, mits sy doel en sy taak so geformuleer word dat dit voldoen aan die eise van die Wet van God. Hierdie dinge was natuurlik baie duidelik en op die genoemde beginsels sou die skema vir die beoordeling van die Voortrekkerbeweging gebou word. Maar, hoe daar nou presies te werk gegaan moes word, dit was nie duidelik nie. Die hoop is gekoester dat die ondersoek self naderhand lig op die probleem sou laat val.

Daar is toe besluit om die vraelyste maar op te stel en om elke vraelys in drie afdelings in te deel. Aanvanklik sou afdeling A vrae bevat wat meer bepaald op die werk van die betrokke proefpersone betrekking het, en wat dus die beste deur hulle beantwoord sou kon word. Afdeling B sou meer persoonlike vrae in verband met die proefpersone self bevat, vrae waarvan sommige in meer as een vraelys sou voorkom. Maar, omdat afdelings A en B nie baie lank is nie, is 'n paar vrae wat later bygevoeg is en wat nie by die oorspronklike plan, soos hierbo verduidelik is, inpas nie, in hierdie afdelings geplaas. Al die vrae is gestel omdat dit duidelik was dat hulle op een of ander wyse in verband gebring sou kon word met die taakvervulling van die Voortrekkerbeweging. Hoe dit presies moes geskied, sou later hopelik duidelik word.

Afdeling C, wat presies dieselfde was vir die eerste ses vraelyste, is by die opstelling daarvan beskou as die be-

langrikste/.....

langrikste afdeling. Dit sou handel oor die werksaamhede, die dissipline, die voordele, die resultate en die probleme van die beweging, asook oor die besware daarteen, die belangstelling daarin en die bestaansreg daarvan. Met hierdie dinge in die gedagte is 35 vrae opgestel. Dit was egter nie duidelik watter vrae belangrik en watter onbelangrik was nie en watter bydrae elke vraag sou lewer nie. Dit het stadigaan duidelik geword dat selfs die wyse waarop die vraelyste opgestel moes word, 'n deel van die ondersoek is.

Daar is opsetlik weinig gevra oor die konstitusie van die Voortrekkerbeweging, omdat die beoordeling daarvan nie van die opinies van die proefpersone sou afhang nie, maar van die antwoord op die vraag of dit die toets sal kan deurstaan as dit onderwerp word aan die norme wat vir die beoordeling daarvan vasgestel sou word. Daar is ook weinig gevra oor godsdienstige aangeleenthede. Op advies van 'n paar persone wat nog voor die opstelling van die konsepvraelyste geraadpleeg is, is sodanige vrae uitgeskakel omdat godsdienstige beskouinge so intiem persoonlik van aard is, dat 'n suiwer objektiewe antwoord nouliks verwag kan word. In die nie-godsdienstige vrae is aan die proefpersone egter genoeg geleentheid gegee om hulle op prinsipiële-godsdienstige grondslag te stel ten opsigte van die Voortrekkerbeweging.

6. Vraelyste uitgestuur aan nege groepe proefpersone.

a) Aan hoofde van middelbare skole.

In die eerste plek is voorlopige vraelyste aan alle hoofde van Afrikaansmediumskole met middelbare afdelings in die Transvaal gestuur.⁽¹⁾ Hierin is gevra of die hoofde gewillig sou wees om nog 'n vraelys oor die Voortrekkerbeweging te beantwoord. In die begeleidende brief is 'n dringende beroep op die hoofde gedoen om die proefnemer in hierdie ondersoek behulpzaam te wees. Ten spyte hiervan is daar van die 106 voorlopige vraelyste wat so uitgestuur is slegs 74 terugontvang. Drie van die persone wat geantwoord het, was onwillig om 'n finale vraelys te beantwoord omdat hulle te min kennis van die beweging besit het, en vyf persone het die betrokke vraag onbeantwoord gelaat. Hierdie agt hoofde is uitgeskakel en aan die ander 66, almal persone wat gewillig was om mee te werk, is 'n volledige en finale vraelys gestuur.⁽²⁾ Van hierdie persone was daar 40 wat die finale vraelys beantwoord het.

Die reaksie van die hoofde het dit duidelik laat word dat die voorlopige vraelyste nie aan hulle doel beantwoord het nie. Van die 106 voorlopige vraelyste is, ten spyte van 'n

tweede/.....

(1) Vgl. bylae I vir voorlopige vraelys en begeleidende brief aan hoofde van skole in die Transvaal.

(2) Vgl. bylae VI vir finale vraelys aan hoofde van skole.

tweede versoek aan die hoofde, slegs 70 persent beantwoord. (1) Van 'n totaalbeeld was daar dus g'n sprake nie. Verder was die antwoorde van so 'n aard dat daar van die 74 persone wat die voorlopige vraelys beantwoord het, slegs agt uitgeskakel is. Die uitstuur van voorlopige vraelyste was nie die moeite en die koste werd nie.

As gevolg hiervan is daar geen voorlopige vraelyste aan hoofde van middelbare skole in die Oranje-Vrystaat gestuur nie. Finale vraelyste is sommer direk uitgestuur aan alle hoofde van middelbare en junior hoërskole met Afrikaans as voertaal, 'n totaal van 79 hoofde. (2) Hiervan is 42 terugontvang, d.w.s. 53 persent van die totaal wat uitgestuur is. Die reaksie op die voorlopige vraelyste in die Transvaal was dus beter as dié op die finale vraelyste in die Oranje-Vrystaat.

Wat Kaapland betref, was die proefnemer, soos voorheen reeds vermeld, minder op hoogte van onderwystoestande. Uit die beskikbare gegewens was dit ook nie moontlik om vas te stel watter skole Afrikaans as voertaal gehad het nie. Daarom is besluit om weer van voorlopige vraelyste gebruik te maak om daardeur vas te stel op watter skole 'n finale vraelys van toepassing sou kon wees. Nadat skole waarvan die name aangedui het dat die voertaal hoogs waarskynlik Engels sou wees en ook 'n aantal ander skole sommer willekeurig uitgeskakel is, is voorlopige vraelyste aan 138 hoofde van hoër- en sekondêre skole uit 'n totaal van 246 uitgestuur. (3) Hiervan is 115 terugontvang, d.w.s. 80 persent van die 138 wat uitgestuur is.

Op die vraag of hulle gewillig sou wees om 'n finale vraelys te beantwoord, het 17 persone „nee" geantwoord. Aan hulle is nie finale vraelyste gestuur nie. Verder het 35 persone die betrokke vraag onbeantwoord gelaat. Nege van hierdie 35 persone was hoofde van skole waar 'n Voortrekkerbeweging bestaan het. Aan hulle is wel finale vraelyste gestuur, maar die ander 26 is ook uitgeskakel. Gevolglik is daar net 72 finale vraelyste uitgestuur of 63 persent van die 115 voorlopige vraelyste wat terugontvang is. Omdat 'n groter persentasie Kaaplandse hoofde van middelbare skole die voorlopige vraelys beantwoord het en omdat 'n groter persentasie van hierdie persone uitgeskakel moes word, het die voorlopige vraelyste hier effens beter aan hulle oorspronklike doel beantwoord as in die geval van die Transvaalse hoofde.

b) Hoofde van laerskole.

In die Transvaal is geen voorlopige vraelyste aan hoofde van laerskole uitgestuur nie. Finale vraelyste is egter uitgestuur/.....

(1) Die tweede brief aan hoofde kom nie in die bylaes voor nie.

(2) Vgl. bylae VI vir finale vraelys aan hoofde van skole.

(3) Vgl. bylae II vir voorlopige vraelys aan Kaaplandse hoofde.

uitgestuur aan al die 155 skole met meer as 400 leerlinge, aan 28 van die 42 skole met tussen 300 en 400 leerlinge en aan 92 uit die 147 skole met minder as 300 leerlinge.⁽¹⁾ Die totale getal lyste uitgestuur was dus 275. Daar is slegs aan Afrikaans-mediumskole vraelyste uitgestuur. Van die 275 finale vraelyste is 114 terugontvang, wat gelyk staan aan 42 persent daarvan.

In die Oranje-Vrystaat is finale vraelyste uitgestuur aan alle hoofde van Afrikaansmedium-laerskole met meer as 200 leerlinge, 28 in getal, en aan 3 skole met minder as 200 leerlinge. Daar was 19 van die 31 hoofde wat op die vraelys geantwoord het, of 60 persent van hulle.

In Kaapland is, soos reeds vermeld, weer voorlopige vraelyste uitgestuur.⁽²⁾ Aan 52 hoofde van laerskole met meer as 200 leerlinge en aan 8 met minder as 200 is voorlopige vraelyste uitgestuur. Die skole wat uitgeskakel is, is hoofsaaklik die met 'n Engelse name, en die wat nie hieronder val nie, is sommer willekeurig uitgeskakel. Op die vraag of hulle gewillig sou wees om 'n volledige vraelys oor die Voortrekkerbeweging te beantwoord, het 6 ontkennend geantwoord terwyl 3 die vraag onbeantwoord gelaat het. Aan die 33 hoofde wat gewillig was om te help, is finale vraelyste gestuur. Van hulle het 28 die finale vraelys beantwoord, d.w.s. 84 persent van hulle.

c) Onderwysers aan middelbare skole.

In al drie die genoemde provinsies is finale vraelyste aan onderwysers saam met dié van die hoofde uitgestuur.⁽³⁾ In die voorlopige vraelyste aan hoofde is reeds gevra of hulle gewillig sou wees om finale vraelyste aan personeellede vir beantwoording voor te lê. In gevalle waar geen voorlopige vraelyste gestuur is nie, is die vriendelike versoek gelyktydig met die finale vraelyste aan die hoofde gestuur.⁽⁴⁾

Op hierdie manier is daar 66 finale vraelyste aan onderwysers in die middelbare skole van die Transvaal uitgestuur. Die versoek was dat dit aan persone voorgelê moes word wat nie met Voortrekkerwerk behulpsaam was nie. Van die 66 vraelyste is 38 of 58 persent terugontvang. In die Oranje-Vrystaat is 79 finale vraelyste uitgestuur en daarvan is 32 of 41 persent beantwoord.

In Kaapland is dieselfde prosedure gevolg, maar omdat die ondersoek graag wou deurdring tot die besware wat buitestaanders teen die beweging uitbring, is die hoofde versoek om, indien moontlik, die vraelyste te oorhandig aan persone wat die beweging/.....

(1) Vgl. bylae VI vir finale vraelys aan hoofde van skole.

(2) Vgl. bylae II vir voorlopige vraelys aan Kaaplandse hoofde.

(3) Vgl. bylae VII vir finale vraelys aan onderwysers.

(4) Vgl. bylae VI vir begeleidende brief aan hoofde van skole waarin die genoemde versoek tot hulle gerig is.

weging nie goedgesind is nie.⁽¹⁾ 'n Aantal hoofde het hierop geantwoord dat daar nie sulke persone aan hulle personeel verbonde was nie. Uit 'n totaal van 72 vraelyste wat uitgestuur is, is 30 terugontvang of 42 persent daarvan.

d) Onderwysers aan laerskole.

Net soos in die geval van onderwysers in hoërskole, is die finale vraelyste aan onderwysers in laerskole by dié van die hoofde ingesluit.⁽²⁾ Weer is vriendelik gevra dat hierdie vraelyste voorgelê moet word aan personeellede wat nie met Voortrekkerwerk belas is nie.⁽³⁾ So is daar 275 vraelyste aan onderwysers in laerskole van die Transvaal uitgestuur. Hiervan is 110 terugontvang of 40 persent daarvan. In die Oranje-Vrystaat is daar 31 finale vraelyste uitgestuur en 14 is terugontvang. Dit is gelykstaande aan 45 persent van dié wat uitgestuur is.

In die geval van die Kaaplandse laerskole is dieselfde versoek van voorheen herhaal, nl. dat die hoofde die vraelyste moes voorlê aan persone wat nie baie van die beweging gehou het nie.⁽⁴⁾ Ook hier het sommige hoofde gereageer deur slegs te meld dat daar nie sulke persone aan hulle personeel verbonde was nie. Van 33 vraelyste wat uitgestuur is, het 25 teruggekom, of 76 persent van die totaal wat uitgestuur is.

e) Vraelyste aan Distriksekretarisse.

Aan alle Distriksekretarisse van die Voortrekkerbeweging oor die hele Unie is finale vraelyste uitgestuur.⁽⁵⁾ Die resultaat was ietwat teleurstellend. Van 183 vraelyste wat in die Transvaal uitgestuur is, het slegs 86 teruggekom of 47 persent daarvan. Van die 59 Distriksekretarisse van die Oranje-Vrystaat het slegs 27 geantwoord of 46 persent van hulle en van die 70 vraelyste wat aan Kaaplandse kommando's gestuur is, is net 31 beantwoord of 44 persent daarvan. Daar is ook 12 vraelyste in Natal en 13 in Suidwes-Afrika uitgestuur. Van hierdie 25 vraelyste is slegs 12 of 48 persent beantwoord.

f) Vraelyste aan Voortrekkeroffisiere.

Aan elke Distriksekretaris is, behalwe sy eie vraelys, ook nog twee ander vraelyste gestuur wat deur Voortrekkeroffisiere beantwoord moes word.⁽⁶⁾ Die Distriksekretarisse is vriendelik versoek om laasgenoemde vraelyste aan twee van hulle bekwaamste offisiere te oorhandig.⁽⁷⁾ Sodoende is daar 366 finale/.....

(1) Vgl. bylae VI vir begeleidende brief aan Kaaplandse hoofde.

(2) Vgl. bylae VII vir finale vraelys aan onderwysers.

(3) Vgl. bylae VI (a) en (b) vir begeleidende briewe.

(4) Vgl. bylae VI vir begeleidende brief aan Kaaplandse hoofde.

(5) Vgl. bylae IX vir finale vraelys aan Distriksekretarisse.

(6) Vgl. bylae VIII vir finale vraelys aan Voortrekkeroffisiere.

(7) Vgl. bylae IX vir begeleidende brief aan Distriksekretarisse.

finale vraelyste aan offisiere in die Transvaal uitgestuur, waarvan 174 terugontvang is. Dit staan gelyk aan 48 persent van dié wat uitgestuur is. In die Oranje-Vrystaat is 118 vraelyste uitgestuur en 52 is terugontvang of 44 persent daarvan. Van die 140 vraelyste wat aan Kaaplandse offisiere uitgestuur is, het 71 teruggekom, d.w.s. 51 persent daarvan en van die 50 wat aan offisiere in ander provinsies⁽¹⁾ gestuur is, is net 10 beantwoord, d.w.s. 20 persent daarvan.

g) Vraelyste aan predikante.

In die geval van predikante is daar weer van voorlopige vraelyste gebruik gemaak. Dit was die doel om deur middel hiervan iets uit te vind in verband met die deelname van predikante aan die Voortrekkerbedrywighede in ons land en om terselfdertyd die onnodige invul van finale vraelyste deur persone wat nie veel kennis of ervaring van die beweging het nie uit te skakel. Gegewens verkry uit die vraelyste van sulke persone sou buitendien geen waarde vir die ondersoek hê nie. Daarom is daar geen finale vraelyste gestuur aan predikante van wie die voorlopige vraelyste getoon het dat hulle nie voldoende kennis van die Voortrekkerbeweging besit nie.

(i) Predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Uit 'n totaal van 412 predikante wat in die jare 1948 - 1957 gelegitimeer is, is 310 sommer willekeurig gekies en aan hulle is voorlopige vraelyste gestuur.⁽²⁾ Van hierdie 310 persone was 117 in die Transvaal, 42 in die Oranje-Vrystaat, 125 in Kaapland en 26 in ander provinsies gevestig. En van die 310 vraelyste is 75 uit die Transvaal, 21 uit die Oranje-Vrystaat, 85 uit Kaapland en 15 uit ander provinsies terugontvang: 'n totaal van 196. Van hierdie 196 is 83 uitgeskakel op grond van gebrekkige kennis, min ervaring en onwilligheid om mee te werk en aan die ander 113 predikante is finale vraelyste uitgestuur waarvan slegs 65 beantwoord is, d.w.s. 57 persent daarvan.⁽³⁾ Van die 65 persone wat die finale vraelyste beantwoord het, was daar nog 7 persone wat beweer het dat hulle weinig kennis van die Voortrekkerbeweging besit. Daar was dus slegs 58 predikante van die N.G.-Kerk van wie die vraelyste gebruik kon word.

(ii) Predikante van die Gereformeerde Kerk.

In die geval van die Gereformeerde Kerk is daar voorlopige vraelyste uitgestuur aan 96 van die 104 predikante wat gedurende die jare 1931 tot 1957 in diens getree het.⁽⁴⁾ Van hierdie/.....

(1) Met „ander provinsies" word hier en elders bedoel : Suidwes-Afrika, Rhodesië en Natal.

(2) Vgl. bylae III vir voorlopige vraelys aan predikante.

(3) Vgl. bylae X vir finale vraelys aan predikante.

(4) Vgl. bylae III vir voorlopige vraelys aan predikante.

hierdie 96 persone was 56 in die Transvaal, 21 in die Oranje-Vrystaat, 12 in Kaapland en 7 in ander provinsies gevestig. Die voorlopige vraelyste is deur 44 predikante in die Transvaal, 12 in die Oranje-Vrystaat, 9 in Kaapland en 4 in ander provinsies beantwoord. Die totale getal voorlopige vraelyste terugontvang was dus 69. Op grond van onvoldoende kennis en ook van onwilligheid om die finale vraelys te beantwoord, is 25 predikante uitgeskakel. Die finale vraelyste is dus aan 44 predikante uitgestuur. Van hierdie 44 predikante was daar 28 wat die finale vraelys voltooi en teruggestuur het.⁽¹⁾

(iii) Die Nederduits Hervormde Kerk.

In die geval van die bogenoemde kerk is 80 predikante uit 'n totaal van 104 wat vanaf 1924 tot 1955 in diens getree het, willekeurig gekies en aan hulle is voorlopige vraelyste gestuur.⁽²⁾ Van hierdie persone was 71 in die Transvaal en 9 buite die Transvaal gevestig. Van die 80 vraelyste wat uitgestuur is, is 50 uit die Transvaal en 6 uit al die ander provinsies saam terugontvang. Die totale getal voorlopige vraelyste terugontvang was dus 56. Nadat 20 persone om reeds genoemde redes uitgeskakel is, is 36 finale vraelyste uitgestuur.⁽³⁾

Hiervan is slegs 8 terugontvang. Dit moet egter gemeld word dat 'n eienaardige verskynsel hier opgemerk is. Van 'n groep van meer as 20 vraelyste wat gelyktydig gepos is, het nie één teruggekom nie. Daar bestaan redes om te vermoed dat hierdie vraelyste nooit hulle bestemming bereik het nie. Daar was dus slegs 8 finale vraelyste van predikante van die Nederduits Hervormde Kerk waarmee gewerk kon word.

Wat die predikante betref, moet daarop gelet word dat, soos trouens ook die geval is met al die ander groepe proefpersone in hierdie ondersoek, daar nie met ewekansige groepe gewerk word nie. Die antwoorde wat van die predikante afkomstig is, kan dus nie gebruik word om die drie kerke met mekaar te vergelyk nie. Dit sal ook by die ontleding van die antwoorde in gedagte gehou moet word.

h) Vraelyste aan ander volwassenes.

Die ondersoek is begin deur die uitstuur van die eerste vyf vraelyste aan hoofde van skole, onderwysers, Voortrekkeroffisiere, Distriksekretarisse en predikante. Die sesde vraelys wat oorspronklik vir persone bedoel was wat nie in hierdie kategorieë geval het nie, is voorlopig agterweë gehou. Toe die sesde vraelys - dit is die vraelys aan ander volwassenes - uitgestuur moes word, was die ontleding van die

resultate/.....

(1) Vgl. bylae X vir finale vraelys aan predikante.

(2) Vgl. bylae III vir voorlopige vraelys aan predikante.

(3) Redes : Gebrek aan kennis en ervaring en onwilligheid.

resultate van die eerste vyf vraelyste reeds in 'n gevorderde stadium. Daarom is besluit om geen nuwe proefpersoon by die groepe te plaas wat toe onder behandeling was nie. Persone wat geen kinders in die Voortrekkerbeweging het of gehad het nie sou gevra word om vraelys VI te beantwoord, ongeag of hulle predikante, onderwysers, Voortrekkeroffisiere of Distriksekretarisse is of nie. Vir ouers van kinders wat aan die Voortrekkerbeweging behoort of in die verlede daaraan behoort het, is vraelys VII opgestel. Hierdie besluit sou geen nadelige uitwerking op die resultate hê nie. Daar word tog nie met ewekansige groepe gewerk nie en buitendien is afdeling C van vraelys VI presies dieselfde as dié van die ander vraelyste.

Die eerste groep proefpersone aan wie voorlopige vraelyste in hierdie verband uitgestuur is,⁽¹⁾ is 400 oud-studente van 'n sekere universiteit gekies uit 'n totaal van ongeveer 3,000. By die keuse van hierdie persone is predikante en onderwysers eers so ver as moontlik uitgeskakel. Dit spreek natuurlik vanself dat daar by die 400 persone nog predikante en onderwysers sou wees van wie die proefnemer nie geweet het nie. Na hierdie uitskakeling is ook die name van persone wat plaaslik woonagtig was asook dié met Engelse of Joodse vanne geskrap. Die keuse van 400 name uit die wat oorgebly het, het willekeurig geskied sonder enige vaste metode of beginsel. Daar was 144 persone wat op die vraelys gereageer het. Van hulle is 71 uitgeskakel om redes wat voorheen reeds genoem is. Aan 52 van die persone wat oorgebly het is vraelys VI⁽²⁾ en aan 21 is vraelys VII⁽²⁾ gestuur. Op eersgenoemde vraelys het 37 persone en op laasgenoemde het 12 geantwoord.

In die geval van 'n ander universiteit is 'n lid van die kantoorpersoneel genader met die versoek om 500 adresse van oud-studente aan die proefnemer te verskaf en om, indien moontlik, die name van onderwysers en predikante weg te laat en die ander willekeurig te kies. Aan die versoek is voldoen en van die 500 adresse wat ontvang is, is dié met Joodse of Engelse vanne en dié van persone wat plaaslik woonagtig was, geskrap. Nog 'n paar persone is uitgeskakel en aan die 400 wat oorgebly het, is voorlopige vraelyste uitgestuur. Hiervan is 138 beantwoord. Nadat 58 op grond van min kennis en onwilligheid uitgeskakel is, is vraelys VI aan 53 persone en vraelys VII aan 27 persone gestuur. Van eersgenoemde is 42 en van laasgenoemde 23 beantwoord.

In bogenoemde gevalle is daar van voorlopige vraelyste gebruik gemaak. Daar was egter ook gevalle waar die proefpersone/.....

voorlopige

- (1) Vgl. bylae IV vir vraelys aan ander volwassenes.
(2) Vgl. bylae XII vir finale vraelys aan ouers van Voortrek-
(3) Vgl. bylae IV vir voorlopige vraelys (kers.
aan ander volwassenes.

proefpersone vraelys VI onmiddellik beantwoord het. So het 'n persoon uit Pretoria aangebied om 'n aantal vraelyste te laat invul deur volwassenes wat by hom goed bekend was. As gevolg hiervan was daar 17 persone wat vraelys VI beantwoord het.

'n Ander persoon woonagtig op 'n plattelandse dorp in die Transvaal het 20 van dieselfde vraelyste laat beantwoord deur persone wat self in hulle jeug Voortrekkers was. Volgens wat hy meedeel, het die vraelyste egter verlore gegaan. En dan was daar ook nog 'n dosent van één van die Onderwyserskolleges in die Transvaal wat ingewillig het om vraelys VI deur studente te laat beantwoord. Op hierdie wyse is 24 vraelyste beantwoord.

i) Vraelyste aan ouers van Voortrekkers.

Daar is reeds melding gemaak van persone aan wie vraelys VII gestuur is en van die wyse waarop die adresse van hierdie persone verkry is. In verband met hierdie vraelys is daar toe verder nog as volg te werk gegaan :

Aan 63 hoofde van middelbare skole in die Transvaal is omsendbriewe gestuur waarin hulle gevra is om 10 adresse aan proefnemer te stuur van ouers wie se kinders Voortrekkers is en 10 van ouers wie se kinders Voortrekkers was, en om te probeer om al die standerds in die skool te laat verteenwoordig. Hierop het 12 hoofde gereageer en die adresse van 154 persone is ontvang. Aan hulle is toe voorlopige vraelyste gestuur en 70 vraelyste is terugontvang.⁽¹⁾ Van die 70 persone wat gereageer het, is 7 uitgeskakel omdat hulle nie gewillig was om 'n finale vraelys te beantwoord nie. Agt van die persone wat oorgebly het, was nie ouers van Voortrekkers of gewese Voortrekkers nie. Aan hulle is vraelys VI gestuur. Aan die 55 ouers van Voortrekkers of gewese Voortrekkers is vraelys VII gestuur. Van eersgenoemde 8 persone het 6 en van laasgenoemde 55 het 24 die vraelyste beantwoord.⁽²⁾

Verder is daar deur bemiddeling van 'n personeellid van een van die middelbare skole in die Transvaal ongeveer 150 adresse verkry van ouers van kinders wat nou Voortrekkers is of wat dit in die verlede was. Nadat die name van persone wat plaaslik woonagtig was en dié van onderwysers, predikante en 'n aantal ander persone geskrap is, is daar 56 voorlopige vraelyste uitgestuur. Hierop het 20 ouers geantwoord. Ses van hulle het egter nie kinders gehad wat aan die Voortrekkerbeweging verbonde was nie. Aan hulle is vraelys VI gestuur. Aan die ander 14 ouers is vraelys VII gestuur. Van eersgenoemde vraelyste is slegs 2 en van laasgenoemde is 5 terugontvang.

Ten slotte is daar 200 adresse verkry deur bemiddeling van 'n dosent van een van die Onderwyserskolleges in die Transvaal/.....

(1) Vgl. bylae V vir voorlopige vraelys aan Voortrekkerouers.

(2) Vgl. bylae XII vir finale vraelys aan Voortrekkerouers.

Transvaal. Hy het studente van wie die jonger broers of susters Voortrekkers was, gevra om hulle ouers se adresse op koeverte te skrywe. Op hierdie wyse is daar 200 voorlopige vraelyste aan ouers van Voortrekkers uitgestuur. Na die terugontvangs van 99 van hierdie vraelyste is 37 daarvan soos voorheen uitgeskakel. Daarna is 11 finale vraelyste aan diverse volwassenes (vraelys VI) en 51 aan ouers van Voortrekkers (vraelys VII) uitgestuur. Van eersgenoemde vraelyste is 6 en van laasgenoemde is 22 beantwoord.

7. Verspreiding van proefpersone.

Hieronder volg nou 'n samevattende tabel van al die proefpersone wat finale vraelyste beantwoord het :

TABEL I.

Proefpersone wat finale vraelyste beantwoord het.

PROEFPERSONE	Aantal Ppe. wat die finale vraelys beantwoord het.				
	Tvl.	O.V.S.	Kaap	Ander	Tot.
Hoofde van middelbare skole	40	42	42	-	124
Hoofde van laerskole	114	19	28	-	161
Onderwysers aan middelbare skole	38	32	30	-	100
Onderwysers aan laerskole	110	14	25	-	149
Voortrekkeroffisiere	174	52	71	10	307
Distriksekretarisse	86	27	31	12	156
Predikante	42	13	35	11	101
Ander volwassenes (1)	104	10	20	-	134
Ouers van Voortrekkers	69	5	6	6	86
TOTAAL	777	214	288	39	1318

Tabel I toon dat die proefpersone van wie vraelyste ontvang is, oor die hele land versprei was. Die feit dat daar in elke provinsie vraelyste aan so 'n groot persentasie hoofde van middelbare sowel as laerskole gestuur is, het 'n reëlmatige verspreiding, wat die skole altans betref, as vanselfsprekend gemaak. Die tabel toon ook dat daar in die Transvaal veel meer vraelyste van hoofde van laerskole ontvang is as in die ander provinsies terwyl daar minder van die hoofde van laerskole in die O.V.S. ontvang is as in die ander provinsies. Dit geld ook vir al die ander groepe proefpersone behalwe hoofde en onderwysers van middelbare skole. Daar was dus 'n mate van ooreenkoms tussen die getal proefpersone en die getal Voortrekkerkommando's in die verskillende provinsies.

Wat predikante betref, is die meeste vraelyste van dié van die Nederduitse Gereformeerde Kerk terugontvang. Hierdie kerk is dan ook, wat ledetal betref, die grootste van die drie/.....

(1) Vgl. pag. 66 van hierdie werk vir „ander volwassenes“.

drie Afrikaanse Kerke. Die feit dat so min - slegs agt - predikante van die Hervormde Kerk die vraelyste beantwoord het, moet miskien aan 'n posonreëlmatigheid toegeskryf word.⁽¹⁾

Wat Distriksekretarisse en Voortrekkeroffisiere betref, is die hele terrein gedek. Soos reeds vermeld is aan alle Voortrekkerkommando's vraelyste gestuur, en, met enkele uitsonderinge is daar van al die groepe tussen 40 en 50 persent van die vraelyste terugontvang.

TABEL II

Verspreiding van Volwassenes en Ouers van Voortrekkers.

Aantal vraelyste van volwassenes ontvang				Aantal vraelyste van Voortrekkerouers ontvang.				Totaal.	
Kode	a'-c'	d'	a'-d'	Kode	a'-c'	d'	a'-d'	Kode	a'-d'
VITS1	22	8	30	VIITS1	15	1	16	VI-VII TS1	46
VITS2	13	4	17	VIITS2	8	3	11	TS2	28
VITP	43	14	57	VIITP	41	1	42	TP	99
VIV	8	2	10	VIIV	5	-	5	V	15
VIK	14	6	20	VIK	4	8	12	K	32
VI	100	34	134	VII	73	13	86	VI-VII	220

(TS1 : Transvaalse stedelike gebied nr. 1.

TS2 : Transvaalse stedelike gebied nr. 2.

TP : Transvaalse platteland.

In hierdie tabel sluit VI K alle vraelyste in wat nie uit die Transvaal en die Oranje-Vrystaat afkomstig is nie.)

Wat die 99 persone betref wat op die Transvaalse platteland woonagtig is, kan gemeld word dat hulle reëlmatig oor die hele land versprei is. In slegs uitsonderlike gevalle was daar meer as één vraelys uit dieselfde dorp afkomstig.

Verder skyn dit uit Tabel II asof Kaapland en die Oranje-Vrystaat in verhouding te min proefpersone gelewer het. As in gedagte gehou word dat die bronne waaruit die adresse van hierdie proefpersone verkry is almal Transvaalse bronne was, dan is dit egter byna vanselfsprekend dat die verhouding ten gunste van die Transvaal sou wees. Maar al sou die verhouding tussen die getal proefpersone in die Transvaal en die in ander provinsies nie ooreenkom met die verhouding tussen die getal Voortrekkers in die Transvaal en die in ander provinsies nie, dan sou dit nogtans geen afbreuk aan die waarde van die ondersoek doen nie. Die resultate van die ondersoek word nie statisties verwerk en die groepe word nie met mekaar vergelyk nie. Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat die verspreiding van die proefpersone vir die doel en die aard van hierdie ondersoek heeltemal in orde is.

(1) Vgl. pag. 64 : Predikante van die Nederduits Hervormde Kerk.

HOOFSTUK IV.

DIE RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK.

By die behandeling van die resultate van die ondersoek word daar eers 'n ontleding van afdelings A en B van vraelys I-II gemaak, daarna van afdeling C van dieselfde vraelys en eindelik van afdelings A en B van vraelys VII. Na analogie van die vraelyste word die proefpersone in nege hoofgroepe ingedeel : hoofde van middelbare en hoofde van laerskole, onderwysers aan middelbare en onderwysers aan laerskole, Voortrekkeroffisiere, Distriksekretarisse, predikante, volwassenes wat nie onder die ander groepe val nie en ouers van Voortrekkers. Elke hoofgroep word weer in kleiner groepe onderverdeel. Gerieflikheidshalwe word van die volgende kodenommers gebruikgemaak :

Kode	Betekenis	Kode	Betekenis
I	Hoofde van skole	T	In die Transvaal
II	Onderwysers	V	In die Oranje-Vrystaat
III	Voortrekkeroffisiere	K	In Kaapland
IV	Distriksekretarisse	X	In ander provinsies
V	Predikante	N	Ned. Gereformeerde Kerk
VI	Ander volwassenes	G	Gereformeerde Kerk
VII	Ouers van Voortrekkers	H	Ned. Hervormde Kerk
a	Waar die beweging nog nooit bestaan het nie	a'	Persone wat in hulle jeug self Voortrekkers was
b	Waar die beweging doodgeloop het	b'	Persone wat 'n leierskursus deurloop het
c	Waar die beweging bestaan	c'	Persone wat voldoende ervaring besit
d	Waar nie gesê is of daar 'n beweging bestaan nie	d'	Persone wat nie voldoende kennis of ervaring besit nie.
S	In stedelike gebiede	M	Middelbare skole
P	Op die platteland	L	Laerskole
e'	Persone wat die vraelys onbeantwoord teruggestuur het.		

Die kodenommer IILKcb' beteken dus : onderwysers aan laerskole in Kaapland waar die beweging bestaan en wat 'n leierskursus deurloop het. IILK(a'-d') beteken : alle laerskoolonderwysers in Kaapland, terwyl IILK(a'-c') alleen hierin van die vorige een verskil dat die persone uitgesluit is wat onvoldoende kennis besit. Aangesien vraelyste wat afkomstig is van persone met onvoldoende kennis by die ontleding van die resultate egter apart gehou is, mag die (a'-c') maar weggelaat word. Die simbole IILK en IILK(a'-c') het dus dieselfde betekenis. So beteken IILK alle Voortrekkeroffisiere in Kaapland wat voldoende kennis van die beweging besit, terwyl die ander uitgesluit is. As die „d'" nie

voorkom/.....

voorkom nie, moet dit as vanselfsprekend beskou word dat die groep onder behandeling net persone insluit met voldoende kennis, wat die bron van die kennis ook al mag wees. Die kodenommer III beteken dus : Alle Voortrekkeroffisiere wat voldoende kennis van die beweging besit, óf omdat hulle self in hulle jeugjare Voortrekkers was, óf omdat hulle 'n leierskursus deurloop het, óf omdat hulle op een of ander wyse ervaring opgedoen het. Om diegene wat nie voldoende kennis besit nie in te sluit, ~~wat~~ die simbool III(a'-d')

gebruik moet word. Hieruit volg dus dat :-

$III = III\ T + III\ V + III\ K + III\ A = IIIa' + IIIb' + IIIc'$
Maar $III(a'-d') = IIIT + IIIV + IIIK + IIIA + IIId' = IIIa' + IIIb' + IIIc' + IIId'$.

Wat die d'-groep betref, moet daarop gewys word dat slegs persone wat baie min kennis van die beweging besit en tog 'n poging aangewend het om die vraelys te beantwoord, in hierdie groep geplaas is. As 'n persoon egter blyke gelewer het dat hy kennis van die beweging besit het, is hy nooit in die d'-groep geplaas nie, hoe onvolledig die vraelys verder ook al ingevul mag wees, ja selfs al is geen enkele verdere vraag beantwoord nie. Aangesien die antwoorde in die ontleding altyd uitgedruk word as 'n persentasie van die totale aantal vraelyste wat terugontvang is, het die nie-invul van teruggestuurde vraelyste deur persone wat voldoende kennis van die beweging besit 'n belangrike uitwerking op die resultate gehad. Hierop sal telkens by die ontleding van die resultate weer gewys word. Die e'-groep bevat net persone wat die vraelys heeltemal onbeantwoord teruggestuur het, en het geen invloed op die resultate nie.

Die aandag moet hier ook nog op 'n ander belangrike saak gevestig word. Omdat daar 'n verband mag bestaan tussen die nie-terugstuur van vraelyste en die eienskappe wat ondersoek moet word, die opinies of die gesindhede van die proefpersone in hierdie geval, kan nie een van die groepe waarin die proefpersone verdeel is, beskou word as verteenwoordigend van die groot geheel waaruit oorspronklik 'n keuse gemaak is nie. Wat hier uitgevoer is, is nie ewekansige ~~steek~~proewe nie. Gevolglik kan die waarnemings nie gebruik word om die toedrag van sake in 'n provinsie of in die Unie as geheel, of om die opinie van 'n bepaalde kerk of van predikante oor die algemeen of van Voortrekkeroffisiere of Distriksekretarisse te toets nie. Die genoemde groepe sal dus ook nie met mekaar vergelyk word nie en die metodes van die matematiese statistiek/.....

tistiek sal hier nie toegepas word nie. Dit was egter ook nie die doel van hierdie ondersoek om op suiwer statistiese berekeninge af te stuur nie. Die wyse waarop die verskillende proefpersone gekies is, het dit reeds aangetoon.

Die waarnemings gee egter wel 'n eksakte beeld van die toestand soos weergegee deur vraelyste wat terugontvang is, selfs al is die vraelyste nie beantwoord nie. Die „populasie“ sal dus hier beskou word, nie as bestaande uit die groot geheel waaruit 'n keuse gemaak is nie, maar alleen uit die proefpersone wat vraelyste teruggestuur het. Dan is dit ook nie meer 'n ~~steek~~proef nie maar 'n waarneming van die geheel. Daarom word die antwoorde by die ontleding telkens uitgedruk as 'n persentasie van die aantal vraelyste wat in die bepaalde groep terugontvang is en nie as 'n persentasie van die aantal antwoorde wat op die vraag ontvang is nie, omdat eersgenoemde die werklike populasie verteenwoordig. Die „bepaalde groep“ wat hier genoem word, veronderstel die gedagte van „voldoende kennis“. As 'n persoon nie „voldoende kennis“ besit nie, val hy nie in „die bepaalde groep“ nie.

In verband met die indeling van die proefpersone het daar 'n probleem ontstaan waarop die aandag gevestig moet word. Hoewel vraelyste wat onbeantwoord teruggestuur is in die e'-groep geplaas is, bestaan daar tog 'n moontlikheid dat die proefpersone van wie hierdie lysie afkomstig is voldoende kennis van die beweging besit, of selfs in hulle jeug aan die Voortrekkerbeweging behoort het, of 'n leierskursus gevolg het. Hierdeur moes hulle in die c', - a' - of b'-groepe geplaas gewees het. Laasgenoemde moontlikhede sal egter nie in die ondersoek ontdek kan word nie en die persone bly dus in die e'-groep. Die simbool IIa' beteken dus in werklikheid: onderwysers wat Voortrekkers was en wat die feit in die vraelys gemeld het.

Daar was ook 'n tweede probleem in verband met die indeling van die proefpersone. Dit het ontstaan as gevolg van die feit dat die proefpersone soms teenstrydige getuienisse gelewer het. So het 'n aantal persone in die voorlopige vraelys beweer dat hulle geen kennis van die beweging het nie terwyl die finale vraelys getoon het dat hulle óf self Voortrekkers was óf genoeg ervaring opgedoen het om voldoende kennis te verskaf. 'n Paar predikante het verhuis terwyl die ondersoek aan die gang was, sodat die voorlopige vraelys in die een provinsie en die finale in die ander provinsie beantwoord is. 'n Paar skoolhoofde/.....

skoolhoofde het redes aangevoer waarom die Voortrekkerbeweging by hulle doodgeloop het, terwyl hulle op dieselfde vraelys beweer het dat daar nog nooit 'n beweging by hulle bestaan het nie. Dit het dus geblyk dat die uitsprake van die proefpersone nie onfeilbaar was nie. Elke geval is egter op sigself behandel en die proefpersoon is in die meeswaarskynlike groep geplaas. Die moontlike fout wat hierdeur kon ingesluip het, behoort egter heel gering te wees. Behalwe hierdie meer algemene onreëlmatighede het daar ook soms besondere probleme by sommige vraelyste opgeduik. Hierdie probleme word by die betrokke vraelyste behandel.

A. ONTLEDING VAN AFDELINGS A EN B VAN VRAELYS I-VI.

By die ontleding van die antwoorde sal, tensy anders vermeld, die syfers in die totaal kolom van die tabelle altyd die werklike getal vraelyste aantoon wat terugontvang is, terwyl die syfers in die ander kolomme die antwoorde uitdruk as 'n persentasie van die totale getal vraelyste wat terugontvang is.⁽¹⁾ Die nommers van die betrokke antwoorde kom bo aan die onderskeie kolomme voor.

I. VRAELYS AAN HOOFDE VAN SKOLE.

Soos voorheen reeds verduidelik,⁽²⁾ is vraelyste uitgestuur aan 'n groot aantal hoofde van middelbare sowel as laerskole in die Transvaal, die Oranje-Vrystaat en Kaapland. Hieronder volg die vrae wat aan die hoofde gestel is en 'n ontleding van die antwoorde wat ontvang is.

Vraelys I Afd. A Vraag 1.

Bestaan daar 'n Voortrekkerafdeling aan u skool?

- (a) Nee, hier het nog nooit een bestaan nie.
- (b) Nee, dit het doodgeloop.
- (c) Ja, en dit is in gestig.

.....

Tabel III toon die getal vraelyste wat van die hoofde van middelbare skole terugontvang is. Die syfers toon hier werklike getalle aan en nie persentasies nie.

TABEL III.

Middelbare skole waarvandaan vraelyste terugontvang is.

Kode	a	b	c	Tot.	a'	b'	c'	d'	e'	Tot.
IMT	2	-	28	30	3	9	18	9	1	40
IMV	3	5	24	32	9	7	16	5	5	42
IMK	7	6	12	25	3	5	17	16	1	42
IM	12	11	64	87	15	21	51	30	7	124

'n Ontleding/.....

- (1) Tabel III-V toon egter net getalle en nie persentasies nie.
- (2) Vgl. pag. 59 paragraaf 6.

'n Ontleding van die antwoorde op vraag 1 het aan die lig gebring dat die oorgrote meerderheid vraelyste wat terugontvang is, van skole afkomstig is waar die Voortrekkerbeweging bestaan het. Die vraag ontstaan egter of die beweging ook by die skole bestaan het waarvandaan geen antwoorde ontvang is nie. Verder toon die tabel dat 'n aansienlike getal hoërskoolhoofde óf voorheen self aan die beweging behoort het, óf 'n leierskursus deurloop het. Dit geld ook slegs vir die persone van wie antwoorde ontvang is. Aan die ander kant word die aandag ook getrek deur die groot getal hoofde wat weinig of geen kennis van die beweging het nie.

Tabel IV hieronder toon dat presies dieselfde verskynsels ook in die laerskole van ons land aangetref word. Die syfers toon weer werklike getalle aan.

TABEL IV.

Laerskole waarvandaan vraelyste terugontvang is.

Kode	a	b	c	Tot.	a'	b'	c'	d'	e'	Tot.
ILT	14	9	65	88	17	17	54	20	6	114
ILV	1	3	12	16	2	3	11	2	1	19
ILK	2	3	16	21	5	-	16	5	2	28
IL	17	15	93	125	24	20	81	27	9	161

Dit blyk dus ook hier dat die meeste vraelyste van skole terugontvang is waar die beweging bestaan en dat baie laerskoolhoofde óf self voorheen aan die beweging behoort het, óf 'n Voortrekkerleierskursus deurloop het. Daar is egter ook 'n aansienlike getal hoofde wat weinig van die beweging weet. En weer moet in gedagte gehou word dat hierdie opmerkings slegs vir die hoofde geld wat geantwoord het.

Tabel V toon die stigtingsjare van die afdelings. Die syfers dui weer getalle aan en nie persentasies nie.

TABEL V.

Stigtingsdatums van Voortrekkerafdelings.

Kode	1931 tot 1939	1940 tot 1949	1950 tot 1957	Nie gesê nie	Tot.	Kode	1931 tot 1939	1940 tot 1949	1950 tot 1957	Nie gesê nie	Tot.
IMT	5	5	15	3	28	ILT	10	21	27	7	65
IMV	10	2	3	9	24	ILV	5	-	5	2	12
IMK	3	1	3	5	12	ILK	2	1	6	7	16
IM	18	8	21	17	64	IL	17	22	38	16	93

Dit blyk dus dat verskeie afdelings nog uit die dertiger jare dateer; die meeste is egter na 1950 gestig.

In verband met vraelys I moet die aandag daarop gevestig word dat die hoofde self die vraelys moes beantwoord. 'n Beleefde dog dringende versoek is in hierdie verband ook tot die hoofde gerig. ⁽¹⁾ En tog het daar twee vraelyste terug-
gekóm/....

(1) Vgl. bylae VI vir begeleidente brief aan skoolhoofde.

gekom wat deur personeellede geteken is en een waarop gemeld is dat die treurige toestand waarin die beweging verkeer te wyte is aan die laksheid van die hoof. Die vraelyste is buite rekening gelaat.

Verder het dit geblyk dat daar, veral in Kaapland maar ook in die ander provinsies, Voortrekkerafdelings bestaan het wat nie aan skole verbonde was nie terwyl leerlinge van die skole tog aan die beweging behoort het. Sommige hoofde van hierdie skole het gemeld dat daar wel 'n beweging bestaan terwyl andere die teenoorgestelde beweer het. Waar hierdie onreëlmatigheid ontdek is, is al die vraelyste in die c-groep geplaas, d.w.s. skole waar die beweging bestaan. Die vraag ontstaan egter hoeveel van hierdie gevalle nie ontdek is nie.

Ten slotte moet daarop gewys word dat die b-groep nie al die gevalle toon waar die beweging doodgeloop het nie. Daar was 7 gevalle waar die beweging wel doodgeloop het maar later weer herstig is. Hierdie skole val nou onder die c-groep. Die vraag ontstaan hoeveel ander Voortrekkerafdelings dieselfde lot ondergaan het. Ander gegewens op die vraelyste het die vermoede laat ontstaan dat daar meer sodanige gevalle was.

Vraelys I Afd. A. Vraag 2.

Indien daar nie 'n beweging bestaan nie, waarom het daar nog nooit een bestaan nie of waarom het dit doodgeloop?

- (a) Omdat die beweging nie aan sy doel beantwoord (het) nie.
- (b) Omdat daar te veel ander buiteskoolse bedrywigheide is(was).
- (c) Omdat geskikte offisiere nie gevind kan (kon) word nie.
- (d) Omdat die kinders nie daarin belang stel (gestel het nie).
- (e) Omdat ek self prinsipiële besware daarteen het(gehad het).
- (f) Omdat die beweging onenigheid tussen mense bring.

.....

TABEL VI

Persentasie-ontleding van Vraelys I afd. A vraag 2.

<u>Kode</u>	Tot. aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.					
		a	b	c	d	e	f
IMa	12	-	33	33	8	-	8
IMb	11	9	36	82	36	-	9
IMc	8	-	38	63	25	-	-
IM	31	3	35	58	23	-	6
IMd'	21	5	52	48	10	-	-

Tabel VI vervolg /.....

TABEL VI (vervolg)

Persentasie-ontleding van Vraelys I afd. A.vraag 2.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.					
		a	b	c	d	e	f
ILa	17	-	53	35	-	-	6
ILb	15	13	47	73	20	-	7
ILc	7	-	14	86	-	-	14
IL	39	5	44	59	8	-	8
ILd'	27	4	26	52	7	-	4

Uit bostaande tabel blyk dit dat by middelbare sowel as by laerskole die baie buiteskoolse bedrywighede en die tekort aan geskikte offisiere as die twee hoofoorwake van die ontbinding van Voortrekkerafdelings of die nie-bestaan daarvan beskou word.

Die feit dat 8 persone in die IMc-groep en 7 persone in die ILc-groep vraag 2 beantwoord het, is 'n skynbare onreëlmatigheid. Hoofde van skole waar die beweging bestaan, kan tog immers nie 'n rede aanvoer waarom die beweging nie bestaan nie of doodgeloop het. In sommige van hierdie gevalle het die hoofde egter verduidelik dat die beweging eens op 'n tyd doodgeloop het en later herstig is. Hierdie verklaring geld waarskynlik ook vir die ander gevalle. Die antwoorde van die genoemde twee groepe is dus aanvaar.

Die totale wat hierbo vir die IMc- en ILc-groepe aangegee word (nl. 8 en 7) dui slegs die aantal persone aan wat vraag 2 beantwoord het. Dit is nie die werklike totale van die vraelyste wat in daardie groepe ontvang is nie. Die werklike totaal van die IMc-groep is 64 en dié van die ILc-groep 93.

Behalwe die bogenoemdes het hoofde ook ander redes aangevoer waarom die beweging nie aan hulle skole bestaan nie. Hierdie redes kan in drie groepe ingedeel word: omgewingsfaktore, aard van die Voortrekkerwerksaamhede en die nasionale karakter van die beweging.

In die eerste plek het dertien hoofde die geografiese ligging en die te grote verspreidheid van hul leerlinge genoem. Andere het beweer dat hulle in arm omgewings woon en dat die ouers nie die uniforms kan bekostig nie. Een hoof het verklaar dat die beweging in sy omgewing nooit 'n sukses sal wees nie omdat die ouers nie

belang/.....

belang stel nie.

Wat die werksaamhede betref, is beswaar gemaak teen die weeklikse byeenkomste, wat gekenmerk word deur 'n gebrek aan bevredigende take. Een hoof het beweer dat die beweging nie afstuur op een of ander spesifiek aantreklike bedrywigheid nie.

Wat die nasionale karakter van die beweging betref, het een van die hoofde beweer dat die Voortrekkerbeweging net vir die nasionaal voelende kind bedoel is en dat 'n deel van die skoolbevolking dus daardeur uitgesluit word, terwyl die hele skool aan ander bedrywigheide mag deelneem. Een skoolhoof het die druk van andersdenkendes gedurende die oorlogsjare genoem en een die verbod wat daar destyds op sulke byeenkomste geplaas is. In een geval was daar 'n sterk Engelssprekende element in die personeel en hulle was die saak vyandig gesind. Twee hoofde het die parallelmedium-skole die skuld gegee en beweer dat die beweging in hierdie skole onmoontlik kan voorkom. Een van hierdie skole is later verander in 'n suiwer A.M.-skool, en toe was die hoof nog besig om „die puinhope van die verlede te verwyder." Twee hoofde het beweer dat die Scout-beweging in hulle skole die plek van die Voortrekkers inneem.

Vraelys I Afd. A Vraag 3.

Watter een van bogenoemde faktore beskou u as die belangrikste?

- (a) Die beweging het nie aan sy doel beantwoord nie.
- (b) Daar is (was) te veel ander buiteskoolse bedrywigheide.
- (c) Geskikte offisiere kan (kon) nie gevind word nie.
- (d) Die kinders stel nie daarin belang nie.
- (e) Ek het self prinsipiële besware daarteen.
- (f) Die beweging bring onenigheid tussen mense.

.....

TABEL VII

Persentasie-ontleding van Vraelys I afd. A vraag 3.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.						
		a	b	c	d	e	f	nie
IMa	12	-	17	25	-	-	8	50
IMb	11	-	18	55	18	-	-	9
IMc	8	-	-	100	-	-	-	-
IM	31	-	13	55	6	-	3	23
IMd'	21	5	10	29	10	-	-	46

Tabel VII vervolg/.....

TABEL VII (vervolg)

Persentasie-ontleding van Vraelys I afd. A vraag 3.

Kode	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.						
		a	b	c	d	e	f	nie
ILa	17	6	35	35	-	-	6	18
ILb	15	-	27	60	7	-	-	6
ILc	7	-	14	86	-	-	-	-
IL	39	3	28	54	3	-	3	9
ILd'	27	-	15	41	4	-	-	40

Die tabel toon dat niemand enige prinsipiële beware teen die beweging gehad het nie. Ook hier is dit beskou dat die tekort aan offisiere die belangrikste rede was waarom die Voortrekkerafdelings soms ophou om te bestaan.

Verder moet daarop gewys word dat sommige persone antwoorde onderstreep het wat nie in die vorige vraag onderstreep is nie. In sulke gevalle is die ooreenkomstige antwoord in die vorige vraag deur die proefnemer onderstreep. Verder geld dieselfde opmerkings as in die vorige vraag.

Vraelys I Afd. A Vraag 4.

Gee u voorkeur aan lede van hierdie beweging by die benoeming van leerlinge vir een of ander verantwoordelike werk? (of sou u dit gedoen het as daar by u so 'n beweging bestaan het?)

- (a) Ja, altyd. (b) Soms wel. (c) Nee, nie juis nie.
(d) Ek beskou dit as 'n diskwalifikasie.

.....

TABEL VIII

Persentasie-ontleding van Vraelys I Afd. A Vraag 4.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal					Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				
		Nie	a	b	c	d			Nie	a	b	c	d
IMa'	15	13	20	40	27	-	ILa'	24	8	17	54	21	-
IMb'	21	5	24	43	29	-	ILb'	20	5	20	45	30	-
IMc'	51	4	12	45	39	-	ILc'	81	2	19	42	37	-
IMd'	30	50	-	20	30	-	ILd'	36	33	5	25	36	-

Tabel VIII vervolg/.....

TABEL VIII (vervolg)

Persentasie-ontleding van Vraelys I Afd. A Vraag 4.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal					Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal				
		Nie	a	b	c	d			Nie	a	b	c	d
IMa	12	17	17	42	25	-	ILa	17	6	35	24	35	-
IMb	11	18	9	45	27	-	ILb	15	7	27	27	40	-
IMc	64	2	17	44	38	-	ILc	93	3	14	52	31	-
IM	87	6	16	44	35	-	IL	125	4	18	45	33	-

Uit die antwoorde het geblyk dat sommige hoofde die vraag nie goed gelees het nie. Die woord „benoeming” het waarskynlik aan 'n personeellid laat dink. Daarom het 'n hoof geantwoord dat hy dit altyd doen omdat so 'n personeellid se gesindheid reg is, hy hulpvaardig is, hy 'n greep op die kinders het en hy veelsydig is, veral met die organisasie van skoolbyeenkomste. 'n Ander hoof het geantwoord dat hy dit altyd doen as hy 'n Voortrekkeroffisier nodig het, en nog 'n ander een dat hy probeer om dit te doen maar geskikte persone doen juis nie aansoek nie.

Die tendens van die tabel is dat slegs 'n geringe persentasie hoofde aan Voortrekkers voorkeur gee. 'n Aansienlike aantal hoofde gee soms aan hulle voorkeur en dan in baie gevalle op sekere voorwaardes wat deur die hoofde in die vorm van opmerkings onder aan die vraag bygevoeg is. Die antwoorde wat verskeie kere voorgekom het, is dat die hoofde voorkeur aan Voortrekkers gee as alle ander faktore gelyk is en dat hulle dit ongemerk doen omdat so 'n optrede nie in belang van die Voortrekkers sou wees nie. Een hoof het geantwoord dat hy dit veral in volksake doen en 'n ander een dat dit afhang van die taak wat die leerling moet verrig.

Vraelys I Afd. A Vraag 5.

Indien u nie aan Voortrekkers voorkeur gee nie, waarom doen u dit nie?

- (a) Omdat Voortrekkers nie beter as andor kinders is nie.
- (b) Omdat Voortrekkers dikwels verwaand is.
- (c) Omdat Voortrekkers my al bitter teleurgestel het.
- (d) Omdat dit nie altyd prakties moontlik is om dit te doen nie.
- (e) Omdat dit teen my beginsel is.

.....

Tabel IX/.....

TABEL IX

Persentasie-ontleding van Vraelys I Afd. A Vraag 5.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.					Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	e			a	b	c	d	e
IMa'	10	20	-	10	60	10	ILa'	18	11	-	-	67	33
IMb'	15	27	-	-	60	47	ILb'	15	13	7	-	60	33
IMc'	43	16	-	5	51	35	ILc'	64	30	-	3	42	35
IMd'	15	13	-	7	40	20	ILd'	22	32	-	-	55	55
IMa	8	13	-	-	63	25	ILa	10	20	-	-	50	30
IMb	8	25	-	-	50	25	ILb	10	50	-	-	70	50
IMc	52	19	-	6	53	36	ILc	77	21	1	3	47	33
IM	68	19	-	4	54	34	IL	97	19	1	2	39	27

In bostaande tabel is die antwoorde uitgedruk as 'n persentasie van die totale aantal proefpersone wat beweër het dat hulle nie „altyd" aan Voortrekkers voorkeur gee nie. Nou moet dit opgemerk word dat die meeste persone wat „soms" aan hulle voorkeur gee (volgens vraag 4) ook vraag 5 beantwoord het, terwyl sommige dit nie nodige geag het nie. Hoofde was dus nie eenparig in hulle beskouing of hulle vraag 5 moes beantwoord nie. Aangesien die getalle in bostaande tabel nie met dié in ander tabelle vergelyk sal word nie maar slegs onderling, maak dit geen verskil nie. Die persentasies moet dus beskou word as 'n persentasie van die hoofde wat in vraag 4 die antwoorde b, c of d onderstreep het.

Uit die tabel blyk dit dat daar wel hoofde was wat van mening was dat Voortrekkers nie beter as ander kinders is nie. Die meeste hoofde het dit egter as onprakties beskou om aan Voortrekkers voorkeur te gee. 'n Aansienlike persentasie het beweër dat dit teen hulle beginsel was om dit te doen. Slegs een persoon het die Voortrekkers as verwaand beskou.

Die hoofde wat opmerkings bygevoeg het, kan in drie groepe ingedeel word. Die eerste groep beweër dat die betroubaarste leerlinge dikwels nie aan die beweging behoort nie, en dan word drie redes aangevoer: sommige het te veel werk, andere kan dit nie bekostig nie, en behalwe dit behoort die meeste senior leerlinge nie aan die Voortrekkers nie. Laasgenoemde feit is deur verskeie
hoofde/.....

hoofde genoem. Die tweede groep beweer dat dit nie nodig is nie omdat Voortrekkers „in hulle eie lig skyn“, „die voorkeur op hulle self trek“ en self „die voortou neem.“ Hierdie gedagte is dikwels uitgespreek. Die derde groep beskou dit as 'n onreg om enige verskil tussen groepe in 'n skool te maak. Twee hoofde het die vraag as 'n wenk beskou en belowe om dit op te volg.

Vraelys I. Afd. A Vraag 6.

Watter een van die redes wat in vraag 5 genoem is, beskou u as die belangrikste?

.....

TABEL X

Persentasie-ontleding van Vraelys I Afd. A Vraag 6.

<u>Kode</u>	<u>Totale aantal ppe.</u>	<u>Antwoorde as 'n % van totaal.</u>					
		Nie	a	b	c	d	e
IMa'	10	50	10	-	10	30	-
IMb'	15	13	20	7	-	40	20
IMc'	43	37	12	-	2	37	12
IMd'	15	60	13	-	7	13	7
IMa	8	38	13	-	-	38	13
IMb	8	38	-	13	-	50	-
IMc	52	33	15	-	4	35	13
IM	68	34	13	1	3	37	12
ILa'	18	28	-	-	-	56	17
ILb'	15	33	7	-	-	47	13
ILc'	64	39	17	-	2	24	19
ILd'	22	18	18	-	18	18	27
ILa	10	10	20	-	-	50	20
ILb	10	-	30	-	10	70	10
ILc	77	47	9	-	27	17	-
IL	97	36	12	-	1	33	18

Die groot aantal persone wat vraag 6 nie beantwoord het nie, moet toegeskrywe word aan die feit dat, soos voorheen reeds vermeld, baie hoofde wat „soms“ wel aan Voortrekkers voorkeur gee, dit onnodig geag het om vraag 6 te beantwoord. Die ander opmerkings by vraag 5 geld ook hier.

Daar/.....

Daar is 'n onreëlmatigheid waarop hier gewys moet word. Waar vraag 6 net één van die redes wou gehad het, het sommige hoofde meer as één onderstreep. Dit bring mee dat die persentasie persone wat nie die vraag beantwoord het nie, effens groter is as dié wat in die tabel getoon word. Daarom is die totale persentasies onder die ILb-groep dan ook meer as 100 persent. Daar was slegs 10 persone en 12 antwoorde is onderstreep. Hierdie onreëlmatigheid kan egter weinig verskil aan die interpretasie van die resultate maak.

Die tendens van tabel X is maar weer dat 'n aansienlike persentasie hoofde dit as onprakties beskou om aan Voortrekkers voorkeur te gee. Slegs één hoof het beweer dat hy al bitter teleurgestel is en dit deur Voortrekkers.

Vraelys I Afd. A Vraag 7.

Is u indruk dat die persentasie jeugoortredings by Voortrekkers geringer is as dié by ander kinders.

- a) Ja, beslis. b) Ek dink so. c) Ek glo nie.
d) Nee, beslis nie.

.....

Die hoofde wat dit nodig geag het om onder aan vraag 7 iets by te voeg, kan in twee groepe verdeel word. In die eerste plek was daar 'n betreklik groot aantal hoofde wat beweer het dat dit nie moontlik was om 'n betroubare oordeel uit te spreek sonder die nodige gegewens nie. Doelbewuste navorsing is nodig. In die tweede plek was daar dié hoofde wat wel 'n opinie gewaag het. So het een hoof beweer dat hy aanneem, ja dat hy selfs in sy siel daarvan oortuig is, dat jeugoortredings by Voortrekkers minimaal is. Hy het egter nie genoeg ondervinding om met gesag te kan oordeel nie. 'n Ander hoof was oortuig dat die opvoeding in die Voortrekkerbeweging 'n goeie stempel op die kinders afdruk en nog 'n ander een dat die beweging beslis 'n heilsame uitwerking het maar net so lank as wat die kinders Voortrekkers bly. Een van die hoofde wou weet wat die proefnemer met jeugoortredings bedoel en 'n ander een het gesê dat as „jeugoortredings” dieselfde as „skooloortredings” is, hy nie glo dat die Voortrekkerbeweging daarin slaag om iets daaraan te verbeter nie. 'n Skoolhoof wat die waarde van die beweging betwyfel het gesê: „Kinders is goed of sleg, met of sonder Voortrekkers”.

In tabel XI op pag. 82 volg nou 'n ontleding van die antwoorde op vraag 7.

Tabel XI/.....

TABEL XI

Persentasie-ontleding van Vraelys I Afd. A Vraag 7.

Kode	Tot. aan- tal ppe	Ant. as 'n % van totaal.				Kode	Tot. aan- tal ppe	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	d			a	b	c	d
IMa'	15	13	60	7	7	ILa'	24	46	50	-	-
IMb'	21	38	52	5	-	ILb'	20	50	35	5	-
IMc'	51	39	35	6	4	ILc'	81	43	48	2	1
IMd'	30	13	20	7	-	ILd'	27	8	19	22	-
IMa	12	25	42	8	-	ILa	17	29	59	6	-
IMb	11	27	45	-	-	ILb	15	47	40	-	-
IMc	64	38	44	6	5	ILc	93	47	45	2	1
IM	87	35	44	6	3	IL	125	45	46	2	1

Die tabel toon dat die groot meerderheid van skoolhoofde aan sowel middelbare as laerskole van mening was dat die persentasie jeugoortredings by Voortrekkers geringer is as dié by ander kinders.

Vraelys I. Afd. A Vraag 8.

Waarop grond u hierdie bewering van u?

- (a) Op my kennis van werklike gevalle waarmee ek te doene gekry het.
- (b) Op my kennis van dit wat deur die beweging gedoen word.
- (c) Op dit wat andere van die beweging gesê of geskryf het.

.....

Wat vraag 8 betref, het alleen hoofde wat van oordeel was dat Voortrekkers minder jeugoortredings begaan as ander kinders, iets bygevoeg. Een van die hoofde het sy opinie gegrond op die tipe kind wat aan die beweging behoort, 'n ander een op sy kennis as gewese polisieamptenaar en 'n derde een op sy ewering as hoof, want „by ons kom Voortrekkers baie selde in gedrang, ook wat die naking van skoolpligte betref.” Een van die hoofde beweer dat die kadette jeugoortredings verminder en hy neem aan dat die Voortrekkers dit ook doen. 'n Laerskoolhoof het die volgende bewering gemaak : „My kontakte met oudskoliere het dit beslis bevestig dat feitlik geen jeugoortredings by gewese Voortrekkers voorkom nie.”

TABEL XII

Persentasie-ontleding van Vraelys I Afd. A Vraag 8.

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.		
		a	b	c			a	b	c
IMa'	15	33	73	7	ILa'	24	29	58	-
IMb'	21	67	33	5	ILb'	20	45	80	15
IMc'	51	45	51	8	ILc'	81	38	57	21
IMd'	30	10	13	10	ILd'	27	22	31	5
IMa	12	33	42	17	ILa	17	40	65	19
IMb	11	27	36	9	ILb	15	27	60	7
IMc	64	55	55	20	ILc	93	35	41	6
IM	87	48	51	7	IL	125	38	61	16

Die doel van vraag 8 was slegs om die hoofde te verplig om aan hulle self rekenskap te gee in verband met die grond van hulle bewerings in vraag 7. Uit tabel XII blyk dit dat byna al die hoofde hulle bewerings op eie ervaring of kennis van die Voortrekkerbeweging gegrond het.

Vraelys I. Afd. A Vraag 9.

As dit die geval is dat jeugoortredings minder by Voortrekkers voorkom, waaraan skrywe u dit dan toe?

- Aan die feit dat 'n streng pligsbesef by Voortrekkers gekweek word.
- Dat die beweging sy lede weghou van plekke van onge-regtigheid.
- Dat die Voortrekkers gedurig die dinge doen waarvan hulle hou.
- Dat die Voortrekkers geleer word om elke misdaad te beskou as 'n oortreding van die gebod van God.
- Dat 'n streng innerlike dissipline by Voortrekkers gekweek word.
- Dat die Voortrekkers bang is vir dissiplinêre maat-reëls.
- Dat die misdadigertipe nie aan die Voortrekkers be-hoort nie.
- Dat daar 'n gedurige invloed van die offisiere op die Voortrekkers uitgaan.

.....

Daar/.....

Daar was twee duidelik omlynde groepe hoofde wat iets onder aan bogenoemde vraag bygevoeg het : dié wat beweert het dat die goeie gedrag van die Voortrekkers toegeskrywe moet word aan die beter tipe kind wat daarby aansluit en dié wat dit toegeskrywe het aan die goeie werk wat deur die beweging gedoen word. Albei groepe het 'n groot aantal verteenwoordigers gehad.

Onder die eerste groep was daar die hoofde wat beweert het dat hulle by die keuring of werwing van lede sorg dat hulle alleen die beste kinders tot die Voortrekkers betrek. Iemand anders het geglo dat kinders met afwykende neigings dit nie lank by die Voortrekkers sal uithou nie. Nog 'n ander hoof het gevind dat alleen die beter tipe kind met 'n goeie huislike agtergrond by die Voortrekkers aansluit. Talle hoofde het hierdie laaste gedagte deur middel van 'n byskrif onder aan die vraag weer eens beklemtoon.

Die tweede groep hoofde het die goeie gedrag van Voortrekkers toegeskrywe aan die beweging self. Die feit dat die beweging geleentheid bied vir gesonde ontspanning en 'n positiewe vryetydsbesteding is dikwels beklemtoon. Een van die hoofde het die doelbewuste dissipline van die beweging en 'n ander een die geleentheid vir groepwerk en avontuur in die beweging gesien as die faktore wat jeugoortredings by Voortrekkers uitskakel. Nog 'n ander hoof het beweert dat die noodsaaklikheid van 'n Christelik-nasionale lewenshouding voortdurend by hulle Voortrekkers beklemtoon word. Verskeie hoofde het na die Voortrekkerwet en -belofte verwys as iets wat 'n rol in die kind se lewe speel, terwyl een van die hoofde beweert het dat dit die idealistiese gemeenskap is waarby die kind ingeskakel is, wat vir die min jeugoortredings by Voortrekkers verantwoordelik is.

Tabel XIII/.....

TABEL XIII

Persentasie-ontleding van Vraelys I Afd. A Vraag 9.

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	h
IMa'	15	33	20	-	40	33	-	40	40
IMb'	21	81	43	5	48	71	-	48	76
IMc'	51	71	37	14	61	55	2	49	49
IMd'	30	17	13	10	17	17	-	20	23
IMa	12	42	25	17	17	42	-	17	42
IMb	11	45	9	9	27	45	-	27	36
IMc	64	75	42	8	66	60	2	56	60
IM	87	67	36	9	54	55	1	47	54
ILa'	24	63	50	21	54	58	-	50	75
ILb'	20	85	45	15	80	90	-	25	80
ILc'	81	80	38	9	52	69	4	46	73
ILd'	27	33	19	14	28	31	5	17	25
ILa	17	65	41	12	47	59	12	35	71
ILb	15	80	47	20	60	87	-	53	67
ILc	93	80	41	11	58	70	1	43	76
IL	125	78	42	12	57	70	2	43	74

Tabel XIII toon dat 'n hoë persentasie hoofde glo dat 'n streng pligsbesef en innerlike dissipline by Voortrekkers gekweek word. Hulle glo ook dat die Voortrekkers geleer word om elke misdaad te beskou as 'n oortreding van die gebod van God. Verder skrywe baie hoofde die min jeugoortredings by Voortrekkers toe aan die feit dat die misdadigertipe nie by die beweging aansluit nie.

Vraelys I. Afd. A Vraag 10.

Watter een van genoemde faktore beskou u as die belangrikste?

.....

Sommige hoofde het hier meer as een faktor genoem, terwyl andere die vraag onbeantwoord gelaat het hoewel hulle vraag 9 beantwoord het.

Tabel XIV/.....

TABEL XIV.

Persentasie-ontleding van Vraelys I Afd. A Vraag 10.

Kode	Tot. aan- tal Ppe.	Antwoorde as 'n persentasie van die totaal							
		a	b	c	d	e	f	g	h
IMa'	15	7	-	-	20	20	-	20	7
IMb'	21	29	5	-	10	38	-	10	14
IMc'	51	27	4	2	8	20	-	20	10
IMd'	30	13	3	3	3	10	-	10	3
IMa	12	8	17	8	8	17	-	17	-
IMb	11	-	-	-	-	45	-	9	18
IMc	64	31	2	-	13	22	-	19	11
IM	87	24	3	1	10	24	-	17	10
ILa'	24	-	4	-	21	33	-	13	21
ILb'	20	20	-	35	35	35	-	-	10
ILc'	81	27	5	1	9	27	-	19	16
ILD'	27	17	5	-	8	17	-	-	5
ILa	17	24	6	-	12	12	-	18	12
ILb	15	7	13	-	13	40	-	7	20
ILc	93	23	2	1	16	31	-	15	16
IL	125	21	4	1	15	30	-	14	16

Die tabel toon dat die streng innerlike dissipline en die streng pligsbesef wat by Voortrekkers gekweek word deur 'n betreklik hoë persentasie hoofde beskou word as die belangrikste redes waarom jeugoortredings nie baie by Voortrekkers voorkom nie. Die gedurige invloed van die offisiere en die feit dat die Voortrekkers geleer word om elke misdad te beskou as 'n oortreding van die gebod van God, word ook deur 'n aansienlike ^{aantal} hoofde beskou as die belangrikste oorsaak van die genoemde verskynsel. Niemand het dit as belangrik beskou dat Voortrekkers bang is vir dissiplinêre maatreëls nie en slegs 'n paar dat die Voortrekkers weggehou word van plekke van ongeregtheid of dat hulle gedurig besig is met die dinge waarvan hulle hou.

Vraelys I Afd. A Vraag 11.

Dink u dat die Voortrekkerbeweging sy kultuurhistoriese bande met die volksverlede suiker bewaar het?

a) Ja. b) Nie heeltemal nie. c) Nee, glad nie.

.....

Die paar toevallige opmerkings wat by hierdie vraag deur hoofde gemaak is, word by die antwoorde van vraag 12 behandel. Op bladsy 87 volg nou 'n persentasie-ontleding van die antwoorde op vraag 11.

Tabel XV/.....

TABEL XV.

Persentasie-ontleding van Vraelys I Afd. A vraag 11.

Kode	Tot. aan- tal Ppe.	Antwoorde as 'n persentasie van die totaal.			
		a	b	c	Nie
IMa'	15	40	47	-	13
IMb'	21	81	10	-	10
IMc'	51	55	33	2	10
IMd'	30	27	7	-	67
IMa	12	58	25	-	17
IMb	11	45	36	-	18
IMc	64	61	30	2	8
IM	87	57	30	1	10
ILa'	24	71	25	4	-
ILb'	20	60	35	-	5
ILc'	81	64	28	-	7
ILd'	27	36	3	-	61
ILa	17	66	30	-	4
ILb	15	40	3	7	20
ILc	93	82	18	-	-
IL	125	65	29	1	6

Die tendens van tabel XV is dat die beweging wel sy kultuurhistoriese bande met die volksverlede suiwer bewaar het. Slegs één persoon aan 'n middelbare en één aan 'n laerskool het beweer dat die beweging die bande glad nie suiwer bewaar het nie.

Vraelys I Afd. A Vraag 12.

As u dink dat dit nie die geval is nie, verklaar dan asseblief wat u bedoel.

.....

Ongeveer een-vyfde van die hoofde het op bogenoemde vraag geantwoord. Baie van hulle het gewys op die veranderde lewensomstandighede waarby die jeug van vandag hom moet aanpas. Nuwe tye stel nuwe eise. Daarom is dit onmoontlik om die kultuurhistoriese bande suiwer te bewaar. 'n Tweede groep hoofde het die verslapping van die kultuurhistoriese bande met die volksverlede toegeskrywe aan die gebrek aan belangstelling, onkunde en onbekwaamheid van baie offisiere, waardeur, soos één van die hoofde beweer het, die beweging sy doel mis. 'n Aantal hoofde het daarteen beswaar gemaak dat persone wat nie altyd oortuigde volksleiers is nie en wat beslis nie die nodige kennis en gesindheid besit nie, verplig word om Voortrekkerwerk te doen.

Baie/.....

Baie hoofde het die fout in die beweging as sodanig en in sy werkzaamhede gesoek. 'n Paar hoofde het gewys op die invloed van 'n vreemde uitlandse beweging op die Voortrekkerbeweging, 'n invloed groter as wat ons wil erken, soos een skoolhoof dit uitgedruk het. 'n Aantal hoofde het beswaar gemaak teen die Sabbatsontheiliging as gevolg van die afbreek van kampe, speletjies en selfs gemengde baaiery op Sondae. Een van die hoofde het gevra of ons loterye op 'n Voortrekkerfunksie moet goedpraat. Daar is verder gekla oor die losbandigheid van Voortrekkers en die veroppervlakkiging in die beweging, te wyte aan die gebrek aan roepingsbewustheid by offisiere. Een van die hoofde het beweer dat die beweging ontaard het tot 'n skoolse buitemuurse aktiwiteit terwyl dit 'n volksbeweging moes gewees het, en 'n ander hoof het beweer dat dit ontaard het tot 'n blote nuttigheidsorganisasie.

Daar was ook 'n paar hoofde wat gedink het dat die beweging wel sy kultuurhistoriese bande suiwer bewaar het, en toe 'n verduideliking gegee het. Die volgende word aangehaal: „Die Voortrekkers word gedurig gemaan om trots te wees op sy volksverlede, soos in geen ander beweging waarvan ek weet nie. By die leiers is die saak reg en by die reggesinde offisiere ook en die Voortrekkers word deur hulle geïnspireer.” Een van die hoofde het gesê: „Ek sê ja omdat ek g'n rede het om nee te sê nie.” 'n Aantal hoofde het te kenne gegee dat hulle die vraag of nie verstaan nie of nie kan beantwoord nie.

Vraelys I. Afd. B Vraag 1.

Watter rang beklee u in die Voortrekkerbeweging?

- | | |
|--------------------------|---------------------------|
| (a) Kommandant. | (b) Onderkommandant. |
| (c) Distriksekretaris. | (d) Veldkornet. |
| (e) Asst. Veldkornet. | (f) Adjudant of offisier. |
| (g) Distriksbestuurslid. | (h) Geen. |

.....

Die antwoorde op hierdie twee vrae is nie op die vraelys aan die proefpersone gegee nie. Hulle moes dit self invul. Dit word hierbo gegee ter wille van die tabel.

In die gevalle waar hoofde vrae 1 of 2 onbeantwoord gelaat het, is dit beskou dat die betrokke hoofde geen rang beklee of beklee het nie. Verder bestaan die moontlikheid dat hoofde wat Distriksbestuurslede is, dit nie gemeld het nie, omdat hulle dit nie as 'n offisierrang beskou nie. Dan is dit ook nie duidelik wat hoofde met/.....

met „offisier" bedoel nie. Dit kan enigiets van a,b,c of d wees. Twee „provinsiesekretaresse" het die vraelys beantwoord. Hulle is onder Kommandante geplaas. Dieselfde geld vir die streekleiers en provinsiale bestuurslede wat die vraelys beantwoord het. Omdat die aantal persone in laasgenoemde groepe so klein was, is hulle nie onder 'n aparte hoof geplaas nie.

TABEL XVI

Persentasie-ontleding van Vraelys I Afd. B Vraag 1.

Kode	Tot. aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	h
IMa'	15	13	7	-	13	-	-	-	67
IMb'	21	33	5	-	5	-	5	-	52
IMc'	51	20	2	2	-	-	2	14	61
IMd'	30	-	-	-	-	-	-	3	97
IMa	12	-	-	-	-	-	8	-	92
IMb	11	9	-	-	-	-	-	-	91
IMc	64	28	5	2	5	-	2	11	49
IM	87	22	3	1	3	-	2	8	60
ILa'	24	17	-	4	21	4	-	21	38
ILb'	20	30	-	5	5	5	-	15	45
ILc'	81	15	1	1	4	-	1	21	56
ILd'	27	3	-	-	3	-	-	3	91
ILa	17	-	-	6	-	-	-	-	94
ILb	15	-	-	-	7	7	7	7	67
ILc	93	24	1	2	9	1	-	26	40
IL	125	18	1	2	7	2	1	20	50

Tabel XVI toon dat 'n aansienlike aantal hoofde van middelbare sowel as laerskole in verskillende hoedanig-hede maar veral as kommandante met Voortrekkerwerk besig is. Die meeste hoofde is egter nie as offisier by die Voortrekkers ingeskakel nie.

Vraelys I. Afd. B Vraag 2.

Watter rang het u in die verlede daarin bekleed?

(Antwoorde dieselfde as in vraag 1)

.....

Tabel XVII/.....

TABEL XVII

Persentasie-ontleding van Vraelys I Afd. B Vraag 2.

Kode	Tot. Aan- tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	h
IMa'	15	20	7	7	33	13	47	-	33
IMb'	21	24	10	5	57	24	29	-	5
IMc'	51	14	2	4	37	6	18	8	31
IMd'	30	-	-	-	3	-	7	-	90
IMa	12	17	-	8	33	8	50	-	17
IMb	11	27	-	-	55	-	18	-	36
IMc	64	16	6	5	41	14	22	6	25
IM	87	17	5	5	42	11	25	5	25
IILa'	24	13	4	8	42	13	21	-	21
IILb'	20	15	5	15	55	5	20	5	15
IILc'	81	15	7	4	27	6	10	5	43
IILd'	27	-	-	-	3	-	5	3	89
IILa	17	12	12	6	29	6	18	-	41
IILb	15	7	-	-	20	7	33	-	33
IILc	93	16	6	8	38	8	10	5	33
IIL	125	14	6	6	34	7	14	4	34

Die tabel toon dat die meeste hoofde een of ander tyd met Voortrekkerwerk besig was, veral as veldkornette. Daar was 'n minderheidsgroep in middelbare sowel as laerskole wat nog geen ervaring van Voortrekkerwerk gehad het nie.

Vraelys I. Afd. B Vraag 3.

Het u kennis van Voortrekkerwerk?

- (a) Ja, ek was as kind/jeugdige self 'n Voortrekker.
- (b) Ja, ek het 'n Voortrekkerleierskursus deurloop.
- (c) Ja, ek het een of meer Voortrekkerkampe bygewoon.
- (d) Ja, ek het baie gelees oor die Voortrekkerbeweging.
- (e) Ja, ek kom dikwels met Voortrekkers in aanraking.
- (f) Ja, ek woon dikwels Voo ..ekkerfunksies by.
- (g) Ek het min kennis van die Voortrekkerbeweging.

.....

Die paar proefpersone wat ervaring van Voortrekkerwerk het maar wat beweer het dat hulle min of geen kennis/.....

kennis besit nie, is in die c-groep geplaas en nie in die d-groep nie.

TABEL XVIII

Persentasie-ontleding van Vraelys I. Afd. B Vraag 3.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.						
		a	b	c	d	e	f	g
IMa'	15	100	13	40	47	60	60	-
IMb'	21	-	100	67	43	67	71	-
IMc'	51	-	-	39	57	69	59	14
IMd'	30	-	-	-	-	-	-	100
IMa	12	25	8	42	50	42	25	16
IMb	11	18	36	55	36	36	36	18
IMc	64	16	28	47	55	77	74	5
IM	87	17	26	46	52	67	62	8
ILa'	24	100	38	50	42	42	38	-
ILb'	20	-	100	75	70	85	75	-
ILc'	81	-	-	41	44	83	74	6
ILd'	27	-	-	-	-	-	-	64
ILa	17	29	24	47	47	47	29	12
ILb	15	27	13	33	60	47	40	7
ILc	93	16	26	51	68	85	78	2
IL	125	19	24	48	64	75	67	4

Volgens die tabel was daar 21 hoofde in middelbare en 20 in laerskole wat 'n leierskursus deurloop het. Die getalle is in werklikheid egter groter, omdat persone wat in hulle jeug Voortrekkers was in die a-groep geplaas is. Verder toon die tabel dat die hoofde op verskillende maniere ervaring van die beweging opgedoen het.

Vraelys I. Afd. B Vraag 4.

Behoort u kinders aan die Voortrekkerbeweging of het hulle daaraan behoort?

(a) Ja. (b) Nee. (c) Ek het geen kinders nie.

.....

Tabel XIX/.....

TABEL XIX

Persentasie-ontleding van Vraelys I. Afd. B Vraag 4.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.			
		a	b	c	nie
IMa'	15	60	20	20	-
IMb'	21	62	14	14	10
IMc'	51	65	22	8	6
IMd'	30	23	17	-	60
IMa	12	25	58	8	8
IMb	11	9	27	36	27
IMc	64	80	11	8	2
IM	87	63	20	11	6
IILa'	24	46	33	17	9
IILb'	20	80	5	15	-
IILc'	81	74	20	5	2
IILd'	27	25	33	5	36
IILa	17	53	41	6	-
IILb	15	47	40	7	7
IILc	93	76	13	10	1
IIL	125	70	20	9	2

Wat die opmerkings onderaan die vraag betref, het die meeste hoofde wat beweer het dat hulle kinders nie aan die beweging behoort of behoort het nie, of wat die vraag onbeantwoord gelaat het, onmiddellik 'n verskoning bygevoeg : Die kinders was of nog te klein of hulle het nie die geleentheid gehad nie omdat in hulle omgewing geen beweging was nie. 'n Paar hoofde het selfs die versekering gegee dat hulle kinders sou aangesluit het as daar net 'n beweging bestaan het, en een hoof het gesê dat sy kinders op die vorige twee dorpe, waar daar Voortrekkerbewegings bestaan het, wel daaraan behoort het. In die meeste gevalle waar die hoofde se kinders nie aan die beweging behoort het nie, was dit dus nie as gevolg van gebrek aan belangstelling nie maar as gevolg van omstandighede.

In die opmerkings het vyf hoofde wat beweer het dat die beweging geen invloed op hulle kinders gehad het nie, of wat die vraag onbeantwoord gelaat het, verduidelikend bygevoeg dat die kinders of pas aangesluit het of te kort in die beweging was. Een van die hoofde het gesê dat sy kinders ook nog die volgende dinge by die beweging geleer het/.....

het: selfdisipline, getrouheid, verantwoordelikheid en hoe om maters te kies. Een hoof het melding gemaak van toere wat sy kind saam met die Voortrekkers onderneem het.

Vraelys I. Afd. B Vraag 5.

Indien wel, watter waarde het dit vir hulle gehad.

- (a) Dit het beslis hulle kennis vermeerder.
- (b) Dit het beslis 'n goeie invloed op hulle godsdienstige lewens gehad.
- (c) Dit het beslis hulle verhouding teenoor ons as ouers verbeter.
- (d) Dit het hulle sonder twyfel meer pligsgetrou gemaak.
- (e) Dit het geleenthede gebied wat hulle anders nie sou gehad het nie.
- (f) Dit het aan hulle gesonde ontspanning verskaf.
- (g) Dit het hulle geleer om leiding te gee en sake te reël.
- (h) Dit het geen noemenswaardige invloed op hulle gehad nie.
- (i) Dit het 'n nadelige invloed op hulle gehad.

.....

Die „i“-antwoord kom nie in die tabel voor nie omdat geen enkele hoof daardie antwoord onderstreep het nie. Die syfers in die tabel dui werklike getalle aan en nie persentasies nie.

TABEL XX

Ontleding van Vraelys I Afd. B Vraag 5.

Kode	Tot. aantal ppe.	Aantal proefpersone wat elk van die betrokke antwoorde onderstreep het. ⁽¹⁾							
		a	b	c	d	e	f	g	h
IMa'	9	3	2	2	2	3	7	2	3
IMb'	13	9	6	5	9	11	11	13	-
IMc'	33	23	13	5	23	23	27	25	-
IMd'	7	2	2	1	1	2	5	3	1
IMa	3	2	1	-	2	2	4	2	-
IMb	1	3	1	-	1	3	3	2	-
IMc	51	30	19	12	31	32	38	36	3
IM	55	35	21	12	34	37	45	40	3

Tabel XX/vervolg.

- (1) Omdat persone wat nie veronderstel was om die vraag te beantwoord nie, dit tóg gedoen het, is die getal persone in die ontledingskolomme soms groter as die totale aantal proefpersone in die eerste kolom.

TABEL XX (vervolg)

Ontleding van Vraelys I Afd. B Vraag 5.

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Aantal proefpersone wat elk van die betrokke antwoorde onderstreep het.							
		a	b	c	d	e	f	g	h
ILa'	11	6	4	2	7	9	7	6	-
ILb'	16	11	11	8	12	9	13	13	-
ILc'	60	39	24	16	39	48	42	4	-
ILd'	9	2	1	1	4	7	8	5	2
ILa	9	4	3	2	3	5	7	5	1
ILb	7	3	1	1	3	4	5	3	-
ILc	71	49	35	23	52	48	56	53	3
IL	87	56	39	26	58	57	68	61	4

In die tabel hierbo toon die totale kolom die getal hoofde wat in vraag 4 beweer het dat hulle kinders aan die Voortrekkerbeweging behoort het. Dit was die gedagte dat alleen hierdie persone vraag 5 moes beantwoord. Dit was egter nie die geval nie. Sommige hoofde van wie die kinders waarskynlik die Voortrekkers verlaat het, het hierdie vraag ook beantwoord. Daarom sou dit geen sin hê om persentasies in hierdie geval te bereken nie. Die syfers wat dus verder in die tabel van vraag 5 voorkom, dui die werklike getal hoofde aan wat die betrokke vrae onderstreep het. Die totaal van hierdie hoofde word nie aangedui nie.

Vraelys I Afd. B Vraag 6.

As u kinders het wat die beweging verlaat het, waarom het hulle dit gedoen?

- (a) Hulle het uit eie beweging besluit om uit te tree.
- (b) Ek het hulle versoek om uit die beweging te tree.
- (c) Die offisier het hulle name geskrap.
- (d) Daar was nie Voortrekkers waaraan hulle kon behoort nie.
- (e) Hulle het die skool verlaat/ouderdomsgrens bereik.
- (f) Afstande en vervoermogilikhede het dit onmoontlik gemaak.

.....

In die opmerkings het verskeie hoofde maar net die antwoorde benadruk wat reeds onderstreep is. 'n Paar persone wou dit graag beklemtoon dat hulle kinders nie die Voortrekkers verlaat het voor aan die einde van St. 10 nie. Maar dan was daar ook diegene wat besware teen die beweging gehad/.....

gehad het. So skrywe een van hulle: „My seun het uitgetree omdat die byeenkomste ongeregeld was, g'n program uitgevoer is nie en die belangstelling dood was." 'n Ander hoof se kinders het uitgetree as gevolg van die gebrek aan opgeleide offisiere in hulle kommando en nog 'n ander een s'n omdat die kinders by die Voortrekkers „net liedjies gesing het en verder niks nie." In een geval het 'n offisier onredelik opgetree en daarom het die kind die Voortrekkers verlaat.

TABEL XXI

Persentasie-ontleding van Vraelys I Afd. B Vraag 6

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.					
		a	b	c	d	e	f
IMa'	4	50	-	25	-	-	25
IMb'	6	17	-	-	33	50	-
IMc'	25	16	-	-	20	48	16
IMd'	4	25	-	-	25	50	-
IMa	4	-	-	-	50	50	-
IMb	2	-	-	-	100	-	-
IMc	29	24	-	3	10	45	17
IM	35	20	-	3	20	43	14
ILa'	4	-	-	-	50	25	25
ILb'	7	14	-	-	29	57	-
ILc'	27	11	11	-	19	33	26
ILd'	6	33	-	-	33	17	17
ILa	9	22	-	-	11	56	11
ILb	8	-	-	-	75	25	-
ILc	21	10	14	-	10	33	33
IL	38	11	8	-	24	37	21

Die tabel toon dat weinig kinders die beweging in opdrag van hul ouers verlaat het of omdat hulle name deur die offisier geskrap is. In die meeste gevalle het die kinders uitgetree toe hulle die skool verlaat of die ouderdomsgrens bereik het. Die kinders wat uit eie beweging uitgetree het, was ook maar min.

Vraag 7./.....

Vraclys I Afd. B Vraag 7.

As u kinders het of gehad het wat nie Voortrekkers is of was nie, omdat u dit nie wou toelaat nie, waarom wou u dit nie doen nie?

- (a) Omdat die beweging net hulle tyd mors of gemors het.
 - (b) Omdat hulle te veel ander pligte het of gehad het.
 - (c) Omdat hulle meer tyd aan skoolwerk moet of moes bestee.
 - (d) Omdat hulle my na skool behulpsaam moet of moes wees.
 - (e) Omdat ek dit nie kan (kon) bekostig nie.
 - (f) Omdat die beweging te veel van 'n politieke kleur het/ gehad het.
 - (g) Omdat ek prinsipiële besware daarteen het (gehad) het.
-

Daar was slegs enkele gevalle waar die hoof sy kind nie wou toelaat om aan die beweging te behoort nie. Die redes wat aangevoer is, is die volgende: gesondheid van die kind, oorlaaide program en vervoermoeilikhede. Niemand het onder vraag 7 enige besware teen die beweging gehad nie. Omdat daar net 'n paar gevalle was, word hier nie 'n tabel gegee nie.

Vraclys I Afd. B Vraag 8.

Voldoen die Voortrekkerbeweging aan die eise wat u as gelowige aan so 'n beweging sou stel vir die opvoeding van u kind?

- (a) Ja heeltemal.
 - (b) Nie heeltemal nie.
 - (c) Hoegenaamd nie.
 - (d) Ek kan of wil hierdie vraag nie beantwoord nie.
-

TABEL XXII

Persentasie-ontleding van Vraclys I Afd. B Vraag 8.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
IMa'	15	60	20	-	7	13
IMb'	21	90	-	-	10	-
IMc'	51	63	22	-	10	5
IMd'	30	27	-	-	7	66

Tabel XXII (vervolg)/.....

TABEL XXII (vervolg)

Persentasie-ontleding van Vraelys I Afd. B Vraag 8.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
IMa	12	58	17	-	17	8
IMb	11	55	18	-	18	9
IMc	64	74	16	-	6	5
IM	87	69	16	-	9	6
ILa'	24	71	13	-	4	12
ILb'	20	75	15	-	10	-
ILc'	81	75	14	-	6	5
ILd'	27	31	5	-	31	33
ILa	17	82	6	-	6	6
ILb	15	47	40	-	7	6
ILc	93	77	11	-	6	6
IL	125	74	14	-	6	6

'n Groot persentasie van die hoofde het onderaan vraag 8 bygevoeg dat alles van die gesindheid, die bekwaamheid en die godsdienssin van die offisiere afhang. Sommige hoofde was in hierdie opsig gelukkig maar hulle het dit betwyfel of dit orals die geval was. Een van die hoofde het beweer dat, as die offisiere nie werklik gelowig is nie, net kwaad uit die beweging gebore kan word. 'n Ander hoof het bygevoeg dat die beginsels van die beweging in orde is maar dat dit nie in die praktyk uitgeleef word nie, dat sy ideale nie verwesenlik word nie. Nog 'n ander hoof was oortuig dat die Voortrekkerbeweging 'n „baie wonderlike beweging" kon wees, mits dit onder die regte leiding staan. En dan het daar ook nog hierdie opmerking van 'n hoof wat „heeltemal tevrede" is, verskyn: „Party mense verwag dat 'n Voortrekker nou juis 'n engel moet wees en neem hom kwalik as hy ook gebreke toon. Gaan al die kerk-gangers hemel toe? Is dit ds. se skuld as dit nie gebeur nie?"

Vraelys I Afd. B Vraag 9.

As dit nie heeltemal daaraan voldoen nie, wat is u besware?

Waar dit die doel van die proefnemer was om deur middel
van/.....

van vraag 9 uit te vind of daar prinsipiële besware teen die beweging bestaan, veral ten opsigte van sy Christelike grondslag - daarom is die woorde „as gelowige" juis ingevoeg - het 'n groot persentasie hoofde hulle by die praktiese bepaal. So het 'n hele aantal hoofde beweer dat die skool self alles bied wat die Voortrekkerbeweging kan bied en dat dit dus net oorvleueling van werksaamhede meebring. Verder is beswaar gemaak teen die „verouderde leerplan" van die beweging wat nie belangstelling wek nie, teen die feit dat die beweging te veel teoretiseer en te min doen en teen die gebrek aan positiewe leiding, waardeur offisiere nie weet waarmee hulle die kinders besig moet hou nie. 'n Paar hoofde het beweer dat daar te min groot kinders in die beweging is. Een het gekla omdat daar te min uitstappies vir die kinders gereël word en 'n ander een omdat die nodige fasiliteite ontbreek. Die omgewing waar sy Voortrekkers vergader het nie die regte „atmosfeer" nie. Dan is daar ook beweer dat die kinders reeds te veel afleiding het.

Daar was egter ook hoofde wat die prinsipiële benadruk het. So het een van die hoofde die „rusies en oormaat van ywer" in die beweging (waarskynlik net by hulle plaaslik) probeer regverdig deur te beweer dat „selfs die beste verenigings soms te kort skiet." Deur verskeie hoofde is beweer dat die beweging hom skuldig maak aan Sabbatsontheiliging veral as gevolg van naweekkampe. Verder is gesê dat die beweging liberalisties is, dat dit die tydgees openbaar, dat dit nie tred hou met die tyd nie, en dat dit gekenmerk word deur 'n gees van „vervlakking". Een van die hoofde het beweer dat kinders van verskillende kerke aansluit en geen leerstellige godsdiens dus onderlig kan word nie. Een van die hoofde het nooit gevind dat sy kinders se „geloof daardeur versterk is nie." 'n Ander een het gevind dat Voortrekkers dikwels lelike taal en anglisismes gebruik. Daar is ook aanbeveel dat Voortrekkerwerk 'n skoolvak behoort te wees.

Ongeveer die helfte van die opmerkings was in verband met die offisiere. Daar is weer herhaaldelik gewag gemaak van die tekort aan offisiere en die onbevoegdheid en verkeerde gesindheid van sommige van die offisiere. Die volgende opmerkings het verder voorgekom : „Daar is baie min offisiere wat waarlik besielde leiers is." „Die voorbeeld van offisiere is nie altyd gewens nie." „Die offisiere wil dikwels meer nasionaal as Christelikenasionaal wees." „Baie offisiere voldoen nie aan die eise van ware opvoeders nie." „Alle offisiere is nie ewe

godsdienstig/.....

godsdienstig-konsensieus nie. Een is ,breër' as die ander en die konserwatiewe ouer (in goeie sin) onderskryf nie sulke opvattinge nie." „Offisiere toon dikwels 'n gebrek aan godsdienssin, is onopgelei en onwillig." „Offisiere is nie altyd pligsgetrou nie." Een van die hoofde het gekla oor die gebrek aan die nodige streng toesig by kampe. Een het beweer dat die leiding swak, onseker en doelloos is. 'n Paar hoofde het aanbeveel dat offisiere op kollege of Universiteit opgelei behoort te word.

Vraelys I Afd. B Vraag 10.

Wat is volgens u mening die belangrikste take of doeleindes van die Voortrekkerbeweging?

- (a) Om die Voortrekkers weg te hou van allerlei katterkwaad.
- (b) Om die Voortrekkers aangenaam besig te hou.
- (c) Om potensiële misdadigers onder goeie invloed te bring.
- (d) Om die Voortrekkers se kennis te vermeerder.
- (e) Om Voortrekkers hulle plig teenoor die samelewing te leer besef.
- (f) Om Voortrekkers die geleentheid te gee om hul uit te lewe.
- (g) Om 'n organisasie te hê wat nuttige dienste kan lewer.
- (h) Om die kind in te skakel by en vertrouwd te maak met ons volkskultuur.
- (i) Om sedelike verval en ontaarding teë te werk.

.....

Hier volg 'n paar byskrifte by vraag 10: „Ek dink die belangrikste vir my is om by die kinders te kweek verantwoordelikeheidsin, pligsbesef en volkstrots maar die belangrikste van almal: verantwoordelikheid teenoor jou nasie en jou God." „Om die kind te leer dat ons kultuurstrewe veral omvat: om positief te bou aan ons eie volksbestaan en 'n hardnekkige strewe om selfbehoud." „Om by die kind te kweek: liefde vir eie taal, volk, tradisies en natuur." Een van die hoofde wou hê dat die Voortrekkers die kind moet leer om sy volkseie in ere te hou, dat dit hom volksbewus en beginselvas volgens Christelike insig moes maak. 'n Paar hoofde het die verantwoordelikeheidsgevoel benadruk en een het selfdisipline bygevoeg. Een hoof het gesê dat die Voortrekkers die kinders doelbewus besig moet hou en 'n ander een dat dit moet sorg vir positiewe vryetydsbesteding. Verder is beweer dat die Voortrekkerbeweging die kinders moes leer om hulle mooi wet te uit te lewe, dat dit hulle as gelowige burgers moes oplei/.....

oplei, dat dit die vyfde gebod by hulle moes inskerp want dan sou ons volk se dae verleng word, en dat dit moes sorg vir 'n algemene opvoeding soos deur enige jeugbeweging beoog.

TABEL XXIII

Persentasie-ontleding van Vraelys I. Afd. B Vraag 10.

Kode	Tot. aant. ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.								
		a	b	c	d	e	f	g	h	i
IMa'	15	20	40	7	47	80	73	60	80	47
IMb'	21	76	48	-	52	86	76	57	76	43
IMc'	51	41	14	14	41	86	63	53	80	49
IMd'	30	7	17	3	10	23	17	13	30	17
IMa	12	42	42	8	25	83	50	25	67	33
IMb	11	18	55	9	36	73	55	55	45	36
IMc	64	36	39	10	50	88	74	61	88	52
IM	87	35	42	9	43	85	68	55	79	47
ILa'	24	46	54	17	54	79	83	50	92	50
ILb'	20	25	40	5	50	85	55	55	75	45
ILc'	81	38	54	19	52	91	62	61	90	54
ILd'	27	11	14	5	19	47	17	25	39	33
ILa	17	59	65	24	53	82	76	53	94	53
ILb	15	33	60	13	40	80	53	53	80	33
ILc	93	34	48	15	54	90	65	59	88	55
IL	125	38	52	16	52	88	65	58	88	52

Uit die tabel blyk dit dat daar twee antwoorde was wat veral deur die meeste hoofde onderskryf is : dat dit die taak van die Voortrekkerbeweging is om die Voortrekkers hulle plig teenoor die samelewing te leer besef en om die kind in te skakel by en vertrouwd te maak met ons volkskultuur. Daar was min hoofde wat die Voortrekkerbeweging wou gebruik om potensiële misdadigers onder goeie invloed te bring.

Vraelys I. Afd. B Vraag 11.

Watter twee van bogenoemde beskou u as die heel belangrikste?

.....
Een/.....

Een van die hoofde het onderaan die vraag bygevoeg dat al hierdie dinge goed en wel is vir laerskoolleerlinge maar dat die beweging nie eintlik 'n taak aan die middelbare skool het nie, omdat die kinders daar reeds oorlaai is met ander bedrywighede en dus oorgeorganiseerd is. 'n Ander skoolhoof het 'n soortgelyke bewering gemaak en bygevoeg dat kinders aan die middelbare skool die beweging nie nodig het nie en daarom minder belang stel as kinders aan die laerskool.

TABEL XXIV.

Persentasie-ontleding van Vraelys I Afd. B vraag 11.

Kode	Tot. aant. Ppe.	Antwoorde as 'n persentasie van die totaal									
		a	b	c	d	e	f	g	h	i	—
IMa'	15	7	7	-	7	53	27	7	60	13	
IMb'	21	5	5	-	-	67	33	14	48	5	
IMc'	51	6	6	-	-	49	22	10	45	10	
IMd'	30	-	3	-	-	17	7	-	20	10	
IMa	12	17	-	-	-	25	33	25	42	8	
IMb	11	-	18	-	-	64	27	9	27	9	
IMc	64	5	5	-	2	58	24	8	53	11	
IM	87	6	6	-	1	54	25	10	48	10	
ILa'	24	13	13	-	8	46	17	17	63	13	
ILb'	20	-	10	-	-	60	15	10	55	10	
ILc'	81	2	12	1	5	62	14	6	64	14	
ILd'	27	3	-	3	-	42	5	8	28	19	
ILa	17	6	18	6	6	65	12	-	47	24	
ILb	15	13	13	-	-	53	13	27	53	7	
ILc	93	2	11	-	5	58	15	8	67	12	
IL	125	5	15	1	6	73	18	11	78	16	

Volgens tabel XXIV beskou die meeste hoofde dit as die belangrikste taak van die Voortrekkerbeweging om sy lede hulle plig teenoor die samelewing te laat besef, en om die kind in te skakel by en vertrouwd te maak met ons volkskultuur. Hierdie twee antwoorde is deur 'n oorweldigende meerderheid van die hoofde onderstreep. Dit herbevestig maar net die bewering wat onder tabel XXIII gemaak is. Verder blyk dit dat daar net één skoolhoof was wat dit as die belangrikste taak van die Voortrekkerbeweging beskou het om potensiële misdadigers onder goeie invloed te bring. Daar was slegs 'n paar hoofde wat beweer het dat dit die belangrikste taak van die beweging is om sy lede se kennis te vermeerder of om hulle van allerlei katekwaad af weg te hou.

II. Vraelyste/.....

II. VRAELYSTE AAN ONDERWYSERS WAT NIE VOORTREKKERS IS NIE.

Bogenoemde vraelys is gelyktydig en saam met dié van die hoofde van skole uitgestuur. Die hoofde is gevra om dit aan onderwysers wat nie met Voortrekkerwerk behulpsaam is nie, vir beantwoording voor te lê. In die geval van Kaaplandse skole is bygevoeg dat die onderwysers, indien moontlik, persone moes wees wat die beweging nie goedgesind is nie. Die doel was om te verneem watter besware teen die beweging ingebring word. Sommige hoofde het toe die vraelyste onbeantwoord teruggestuur met die opmerking daarby dat daar nie sodanige persone aan hulle personeel verbonde was nie. Hierdie verloop sou niks aan die waarde van die ondersoek afdoen nie aangesien daar tog nie met ewekansige groepe gewerk is nie. Hieronder volg nou 'n ontleding van die vraelyste wat terugontvang is.

TABEL XV.

Ontleding van onderwysers van wie vraelyste terugontvang is.

Kode	T	V	K	T-K	a	b	c	a-c	a'	b'	c'	d'	e'	a'-e'
IIM	29	23	14	66	7	10	49	66	36	4	26	23	11	100
III	65	8	16	89	12	12	65	89	43	5	41	48	12	149

Hoewel die vraelyste deur assistente beantwoord moes gewees het, het daar 'n paar gevalle voorgekom waar die hoofde dit self gedoen het. Aangesien die hoofde ook onderwysers is en aangesien hulle nie ander vraelyste beantwoord het nie, is hulle antwoorde sonder meer aanvaar. Verder het daar ook 'n paar gevalle voorgekom, soos uit Afd. B vraag 1 sal blyk, waar onderwysers wat wel Voortrekkeroffisiere is, die vraelyste beantwoord het. Hierdie geringe onreëlmatigheid kan egter geen belangrike invloed op die resultate hê nie en daarom is die antwoorde ook hier aanvaar.

Vraelys II Afdeling A Vraag 1.

Heg u waarde aan die werk wat deur die Voortrekkers gedoen word?

- a) Ja, baie. b) Ja, maar nie veel nie. c) Nie eintlik nie.
d) Nee, glad nie.

.....

As toevoeging tot hierdie vraag het twee van die onderwysers wat waarde aan die beweging heg, melding gemaak van die goeie doelstelling van die beweging, en één het melding gemaak van die kerngesonde beginsels daarvan. 'n Aantal onderwysers het dit voorwaardelik gestel dat hulle baie waarde daaraan sou heg as die beweging deeglik georganiseer word, as goeie kontrole uitgeoefen word, as die kinders baie entoesiasies gemaak kan word en as die beweging aan sy doel kan beantwoord. Een persoon het gesê dat, hoewel die doelstelling van die beweging goed is, die praktiese uitlewing soms verwaarloos

word/.....

word. 'n Ander persoon het nie aan die teoretiese en abstrakte doelstelling van die beweging geglo nie. 'n Paar persone het die vraag nie beantwoord nie omdat daar nie 'n beweging aan hulle skole bestaan het nie. Onderstaande tabel toon verder die totale aantal proefpersone in die verskillende groepe en dan die gegewe antwoorde as 'n persentasie van daardie totaal.

TABEL XXVI

Persentasie-ontleding van Vraelys II Afd. A Vraag 1.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
IIMT	29	72	24	-	-	-
IIMV	23	57	35	4	-	4
IIMK	14	50	43	-	-	7
IIMa	7	57	43	-	-	-
IIMb	10	50	30	10	-	10
IIMc	49	65	31	-	-	4
IIMa'	36	55	36	3	-	5
IIMb'	4	75	25	-	-	-
6 IIMc'	26	69	27	-	-	4
IIMd'	23	30	39	4	-	26
IIM	66	62	32	2	-	5
IIIT	65	78	18	3	-	-
IIIV	8	63	25	-	-	13
IILK	16	69	25	6	-	-
IILa	12	92	8	-	-	-
IILb	12	67	33	-	-	-
IILc	65	74	20	5	-	1
IILa'	43	79	16	2	-	2
IILb'	5	40	60	-	-	-
IILc'	41	76	20	5	-	-
IILd'	48	52	21	4	-	23
IIL	89	75	20	3	-	-

Die tabel toon die volgende :-

(i) Met uitsondering van die IIMd'-groep (persone wat min kennis van die beweging het) en die IILb'-groep (wat slegs uit 5 persone bestaan), heg die meeste onderwysers baie waarde aan die beweging.

(ii)/.....

- (ii) Die persentasie onderwysers aan laerskole wat baie waarde daaraan heg, is groter as die persentasie onderwysers aan middelbare skole.
- (iii) Daar is niemand wat glad geen waarde daaraan heg nie.

Vraelys II Afd. A Vraag 2.

Waarom is u self nie ook behulpsaam met die Voortrekkers nie?

- (a) Ek wil graag help maar my hoof het ander werk aan my gegee.
- (b) Ek het nie genoeg kennis van Voortrekkerwerk nie.
- (c) Ek heg nie genoeg waarde aan Voortrekkerwerk nie.
- (d) Ek stel nie genoeg belang in Voortrekkerwerk nie.
- (e) Niemand het my nog ooit genader om te help nie.
- (f) My hulp is nie nodig nie.

.....

Behalwe bogenoemde antwoorde, is daar talle ander redes genoem waarom die onderwysers nie met Voortrekkerwerk behulpsaam was nie. Die redes kan saamgevat word onder (i) persoonlike of praktiese oorweginge en (ii) besware teen die beweging as sodanig.

Wat die eerste betref, is veral nadruk gelê op 'n oorlaaide program en veelvuldige ander verpligtinge. Sommige onderwysers sou dan ook graag wou help, as die tyd net nie ontbreek het nie. In ander gevalle is die ouderdom van die proefpersoon, sy gesondheidstoestand en die afstand na die skool toe as redes genoem. In 'n paar gevalle is gesê dat die plaaslike kommando deur persone buite die skool beheer word en in 'n paar ander gevalle dat daar nie 'n Voortrekkerbeweging bestaan nie. Een persoon het net gesê: „onbekend maak onbeminde“.

In die tweede plek het verskeie onderwysers gesê dat die beweging as sodanig te veel tyd en inspanning van sy offisiere verg. Een van die onderwysers het beweer dat 'n Voortrekkeroffisier baie min tyd vir enigiets anders het. Verder is beweer dat dit in die moderne tyd 'n besondere moeilike taak is om van die beweging 'n sukses te maak. Een persoon heg meer waarde aan sport en 'n ander een kan sy tyd veel beter bestee. Ook is beweer dat die beweging „nie daadwerklik genoeg is nie“. „Landsdiens is nader aan die waarheid.“ Een van die proefpersone het vertel hoe dat sy verwagtinge in sy jeug deur 'n onaktiewe en vervelige organisasie pynlik teleurgestel is en 'n ander een hoe dat sy belangstelling gedemp is nadat hy as offisier 'n geesdriftige begin met die beweging gemaak het.

Onderstaande/.....

Onderstaande tabel toon nou verder 'n ontleding van die onderstreepte antwoorde :-

TABEL XXVII

Persentasie-ontleding van Vraelys II Afd. A Vraag 2.

<u>Kode</u>	<u>Totale aantal ppe.</u>	<u>Antwoorde as 'n % van totaal.</u>						
		a	b	c	d	e	f	nie
IIMT	29	10	28	10	14	7	14	17
IIMV	23	4	17	22	13	13	17	13
IIMK	14	-	7	-	29	7	-	57
IIMa	7	-	43	-	-	-	-	57
IIMb	10	-	-	20	10	20	-	50
IIMc	49	8	20	12	20	8	16	14
IIMa'	36	8	11	19	17	5	11	28
IIMb'	4	-	-	-	25	25	-	50
IIMc'	26	4	35	4	15	12	15	15
IIMd'	23	9	22	9	26	-	-	35
IIM	66	6	20	12	17	9	12	24
IIIT	65	8	26	3	22	5	12	24
IIIV	8	13	13	13	13	-	25	23
IIIK	16	6	6	6	6	13	-	63
IILa	12	-	33	-	17	-	8	42
IIlb	12	8	25	8	25	8	8	18
IIlc	65	9	18	5	17	6	12	33
IILa'	43	7	14	7	16	7	14	35
IIlb'	5	-	-	20	40	-	20	20
IIlc'	41	10	32	-	17	5	8	28
IIId'	48	6	50	4	13	2	6	19
IIL	89	8	21	4	18	6	11	32

Persone wat nie een of ander antwoord onderstreep het nie, het gewoonlik iets onderaan die vraag bygevoeg. Sommige onderwysers het meer as een antwoord onderstreep. Uit die tabel is die volgende duidelik :-

(i) 'n Groot persentasie onderwysers aan middelbare sowel as laerskole het niks onderstreep nie. Die meeste van hulle het egter iets bygeskrywe.

(ii) In die totale IIM sowel as IIL het die meeste onderwysers „b" (ek het nie genoeg kennis van Voortrekkerwerk nie) en „d" (ek stel nie genoeg belang in Voortrekkerwerk nie) onderstreep/.....

onderstreep." Die persentasies is egter nie hoog nie.

Vraelys II Afd. A Vraag 3.

Wat dink u van die dissipline van die Voortrekkers?

- (a) Dit strek die Voortrekkerbeweging nie tot eer nie.
(b) Dit is goed genoeg. (c) Dit strek die beweging tot eer.
.....

'n Paar onderwysers het bygevoeg dat dit beter kan wees en een dat dit beslis nie goed genoeg is nie hoewel dit die beweging nie tot oneer strek nie. 'n Aantal het daarop gewys dat die offisiere self nie gedissiplineerd is nie. Een persoon het beweer dat die dissipline onder omstandighede beslis lofwaardig is. Die volgende tabel toon die reaksie op die gegewe antwoorde.

TABEL XXVIII

Persentasie-ontleding van Vraelys II Afd. A Vraag 3.

Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IIMT	29	7	52	38	3	IIIT	65	3	43	52	2
IIMV	23	-	65	35	-	IIIV	8	13	25	50	12
IIMK	14	-	43	43	14	IIIK	16	19	44	31	6
IIMa	7	-	43	43	14	IILa	12	-	-	100	-
IIMb	10	-	50	40	10	IIILb	12	-	50	33	17
IIMc	49	4	57	37	2	IIILc	65	9	48	42	1
IIMa'	36	3	61	33	3	IILa'	43	7	30	54	9
IIMb'	4	-	50	50	-	IIILb'	5	20	80	-	-
IIMc'	26	4	46	42	8	IIILc'	41	2	49	49	-
IIMd'	23	-	48	17	35	IIILd'	48	2	42	35	11
IIM	66	3	55	38	5	IIIL	89	7	42	48	3

Die tendens van bostaande tabel is die volgende:-

- (i) Daar is min onderwysers wat beweer dat die dissipline van die beweging hom nie tot eer strek nie.
(ii) Daar is 'n heelwat groter persentasie onderwysers aan middelbare skole as aan laerskole wat glo dat die dissipline goed genoeg is.
(iii) Aan die ander kant is daar 'n groter persentasie onderwysers (byna die helfte) aan laerskole as aan middelbare skole/.....

skole wat beweer dat die dissipline die beweging tot eer strek.

Vraelys II Afd. A Vraag 4.

Gee u voorkeur aan lede van hierdie beweging by die benoeming van leerlinge vir een of ander verantwoordelike werk? (Of sou u dit gedoen het as daar by u so 'n beweging bestaan het?)

- (a) Ja, altyd. (b) Soms wel. (c) Nee, nie juis nie.
(d) Ek beskou dit as 'n diskwalifikasie.

.....

'n Paar onderwysers wat nie aan Voortrekkers voorkeur gee nie, het bygevoeg dat ander bekwame leerlinge dikwels nie Voortrekkers is nie. Een onderwyser het gesê dat hy aan hulle voorkeur gee as alle ander faktore en bevoegd- hede gelyk is, 'n ander een dat dit afhang van die aard van die werk of funksie en 'n derde een dat hy aan hulle voor- keur gee in take soos bv. vlaghysings.

TABEL XXIX

Persentasie-ontleding van Vraelys II Afd. A Vraag 4.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
IIMT	29	10	49	42	-	-
IIMV	23	17	39	43	-	-
IIMK	14	29	43	29	-	-
IIMa	7	-	71	29	-	-
IIMb	10	40	40	20	-	-
IIMc	49	14	41	45	-	-
IIMa'	36	8	47	44	-	-
IIMb'	4	25	75	-	-	-
IIMc'	26	27	35	38	-	-
IIMd'	23	17	17	43	-	22
IIM	66	17	44	39	-	-
IILT	65	15	37	48	-	-
IILV	8	25	13	63	-	-
IILK	16	13	63	19	-	5

Tabel XXIX (vervolg)/.....

TABEL XXIX (vervolg)

Persentasie-ontleding van Vraelys II Afd. A Vraag 4.

Kode	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
IIILa	12	33	50	17	-	-
IIILb	12	33	8	50	-	9
IIILc	65	9	43	48	-	-
IIILa'	43	9	35	54	-	2
IIILb'	5	20	40	40	-	-
IIILc'	41	22	44	34	-	-
IIILd'	48	8	25	48	2	13
IIIL	89	16	39	44	-	1

Die tabel toon die volgende :-

- (i) Daar is niemand wat kennis van die beweging het wat dit as 'n diskwalifikasie beskou as 'n kind 'n Voortrekker is nie.
- (ii) Aan middelbare sowel as aan laerskole is die persentasie onderwysers wat altyd aan Voortrekkers voorkeur gee heelwat kleiner as die ander.
- (iii) Die kleinste persentasie onderwysers wat, in albei groepe skole altyd aan Voortrekkers voorkeur gee, word gevind by die onderwysers wat self Voortrekkers was. (Vgl. groepe IIMa' en IIILa')
- (iv) Daar was net een laerskoolonderwyser wat kennis van die beweging besit, wat die vraag nie beantwoord het nie, en geen hoërskoolonderwyser nie.

Vraelys II Afd. B Vraag 5.

Indien nie, waarom gee u nie aan hulle voorkeur nie?

- (a) Omdat Voortrekkers nie beter as ander kinders is nie.
- (b) Omdat Voortrekkers dikwels verwaand is.
- (c) Omdat die Voortrekkers my al bitter teleurgestel het.
- (d) Omdat dit nie altyd prakties moontlik is om dit te doen nie.
- (e) Omdat dit teen my beginsel is om aan 'n sekere groep voorkeur te gee.

.....

Talle onderwysers wat nie juis aan Voortrekkers voorkeur gee nie, het bygevoeg dat baie voorbeeldige en verantwoordelike leerlinge buite die beweging staan. Een onderwyser/.....

onderwyser het gemeld dat middelbare skoolleerlinge by hulle veral nie aan die beweging behoort nie en één dat hy nooit eers aan die beweging dink as hy leerlinge wil gebruik nie.

TABEL XXX

Persentasie-ontleding van Vraelys II Afd. A Vraag 5.

Kode	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	e
IIMT	26	42	-	8	81	42
IIMV	19	37	-	11	58	37
IIMK	10	40	10	-	50	40
IIMa	7	29	-	-	57	29
IIMb	6	17	-	-	33	33
IIMc	42	45	2	10	74	43
IIMa'	33	39	-	9	67	36
IIMb'	3	-	-	-	67	67
IIMc'	19	47	5	5	68	42
IIMd'	14	36	-	21	57	43
IIM	55	39	2	7	66	39
IILT	55	42	-	4	62	44
IILV	6	33	-	17	50	67
IILK	13	15	-	15	54	38
IILa	8	25	-	-	63	50
IILb	7	71	-	-	71	43
IILc	59	34	-	8	58	44
IILa'	38	39	-	8	74	53
IILb'	4	50	-	-	25	50
IILc'	32	31	-	6	47	34
IILd'	35	37	-	6	60	75
IIL	74	37	-	7	59	45

Die totale in bostaande tabel toon die aantal persone wat vraag 4b en vraag 4c onderstreep het. Verder toon die tendens van die tabel dat slegs 'n geringe persentasie deur Voortrekkers teleurgestel is. Slegs een onderwyser het hulle as verwaand beskou. Die meeste onderwysers aan albei groepe skole het dit as onprakties beskou om aan Voortrekkers voorkeur te gee.

Vraag 6 /.....

Vraelys II Afd. A Vraag 6.

Watter een van die genoemde redes beskou u as die belangrikste?

.....

In die meeste gevalle het onderwysers die een wat hulle bygevoeg het, as die belangrikste beskou. In hierdie geval sou dit beteken: omdat al die betroubare leerlinge nie aan die Voortrekkerbeweging behoort nie.

TABEL XXXI

Persentasie-ontleding van Vraelys II Afd. A Vraag 6.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.					
		a	b	c	d	e	nie
IIMT	26	23	-	4	27	15	31
IIMV	19	26	-	-	26	16	32
IIMK	10	30	-	-	30	20	20
IIMa	7	14	-	-	29	14	43
IIMb	6	17	-	-	17	-	66
IIMc	42	29	-	2	29	19	21
IIMa'	33	27	-	3	30	18	22
IIMb'	3	-	-	-	33	33	34
IIMc'	19	26	-	-	21	11	42
IIMd'	14	14	-	7	29	36	14
IIM	55	25	-	2	27	16	30
IIIT	55	13	-	4	22	29	32
IIIV	6	17	-	-	50	17	16
IIIK	13	8	-	-	23	15	54
IILa	8	-	-	13	25	50	12
II Lb	7	14	-	-	43	14	29
II Lc	59	14	-	3	22	24	37
II La'	38	13	-	3	32	24	28
II Lb'	4	25	-	-	-	25	50
II Lc'	32	9	-	3	19	28	41
II Ld'	35	20	-	3	17	40	20
II L	74	12	-	3	24	26	35

Hier geld dieselfde totale as in die vorige tabel.
Verder is die volgende feite in die oog lopend :-

- (i) Baie onderwysers het nie een van die gegewe antwoorde
onderstreep/.....

onderstreep nie. 'n Groot persentasie van hulle is die wat iets by gevoeg het, soos in die vorige vraag reeds behandel. (ii) Daar is wel onderwysers wat al deur Voortrekkers bitter teleurgestel is, en wat dit as die belangrikste rede genoem het, maar die persentasie van hulle is uiters gering. (iii) Verder is daar geen uitsonderlike persentasie nie. (iv) Hoewel die persentasiesyfer onder die „a“-antwoorde deurgaans gering is, is die werklike aantal onderwysers wat hierdie antwoord onderskryf nie so klein nie. Onderwysers wat beweer het dat alle betroubare leerlinge nie aan die Voortrekkerbeweging behoort nie, het hiermee te kenne gegee dat die leerlinge wat in die beweging is, nie juis altyd beter is as andere nie, en het dus in beginsel die „a“-antwoord onderstreep.

Vraelys II Afd. A Vraag 7.

Is dit u indruk dat die persentasie jeugoortredings by Voortrekkers geringer is as die by ander kinders?

- (a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie.
(d) Nee, beslis nie.

.....

'n Aantal onderwysers wat dink dat dit die geval is, het laat verstaan dat 'n besliste antwoord sonder die nodige statistiese gegewens nie moontlik is nie. Een het gesê dat dit die moeite werd sou wees om vas te stel of dit so is. Twee persone het bygevoeg dat dit die geval sal wees as dinge reg gedoen word. Een onderwyser het beweer dat dit wel die geval is maar dat dit aan faktore buite die beweging te danke is : dit is net goeie kinders wat by die beweging aansluit.

TABEL XXXII.

Persentasie-ontleding van Vraelys II Afd. A Vraag 7.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
IIMT	29	14	65	7	3	11
IIMV	23	48	26	22	-	4
IIMK	14	43	36	7	-	14
IIMa	7	43	29	-	-	29
IIMb	10	40	30	20	-	10
IIMc	49	29	51	12	2	6

Tabel XXXII (vervolg) /

TABEL XXXII (Vervolg).

Persentasie-ontleding van Vraelys II Afd. A Vraag 7.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
IIMa'	36	33	47	8	3	11
IIMb'	4	50	50	-	-	-
IIMc'	26	27	46	19	-	8
IIMd'	23	17	26	22	-	35
IIM	66	32	45	20	2	9
IIILT	65	28	58	9	3	2
IIILV	8	25	63	-	-	13
IIILK	16	38	50	6	-	6
IIILa	12	58	42	-	-	-
IIILb	12	8	67	8	8	8
IIILc	65	28	58	9	3	2
IIILa'	43	30	54	9	5	2
IIILb'	5	20	20	60	-	-
IIILc'	41	29	66	-	2	2
IIILd'	48	17	44	6	2	31
IIIL	89	29	57	8	3	3

Uit bostaande tabel blyk dit dat meer as 70% van die proefpersone van al die groepe behalwe IIILb' (wat slegs uit 5 persone bestaan) en die d'-groepe (wat nie veel kennis van die beweging het nie) die „a"- of „b"- antwoorde onderstreep het. Slegs een persoon was oortuig dat die aantal jeugoortredings by Voortrekkers „beslis nie" geringer as by ander kinders is nie.

Vraelys II Afd. A Vraag 8.

Waarop grond u hierdie bewering van u?

- (a) Op my kennis van werklike gevalle waarmee ek al te doen gekry het.
- (b) Op my kennis van die werk wat deur die beweging gedoen word.
- (c) Op dit wat andere van die beweging gesê of geskrywe het.
-

Verskeie onderwysers het iets in verband met die
goeie/.....

goeie hoedanighede van die beweging bygevoeg. „Omdat daar van kleins af na die goeie gestreef word, moet dit uiteindelik indruk op die Voortrekker maak." Een van die onderwysers het dit maar net as logies beskou dat kinders wat belangstellend besig gehou word, hulle minder aan jeugoortredings skuldig sal maak. Meer persone het hierdie gedagte benadruk. Daar was egter ook onderwysers wat hulle bewering gegrond het op die wete dat slegs die beter tipe kind by die beweging aansluit of dat die swakker tipe uiteindelik uitgeskakel word. Een persoon grond sy bewering op koerantberigte en 'n ander een op niks spesifieks nie; dit is maar 'n persoonlike mening.

TABEL XXXIII.

Persentasie-ontleding van Vraelys II Afd. A Vraag 8.

Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IIMT	26	31	46	19	2	IIIT	64	22	44	27	7
IIMV	22	32	55	14	-	IILV	7	43	71	-	-
IIMK	12	17	58	17	8	IILK	15	33	60	7	-
IIMa	5	60	40	-	-	IILa	12	8	67	-	25
IIMb	9	11	44	22	33	IILb	11	18	64	-	18
IIMc	46	28	54	17	-	IILc	64	30	42	22	6
IIMa'	32	22	53	13	13	IILa'	42	31	55	8	6
IIMb'	4	25	75	-	-	IILb'	5	40	40	-	20
IIMc'	24	38	46	25	-	IILc'	40	18	43	38	-
IIMd'	15	27	33	20	20	IILd'	48	13	27	29	31
IIM	60	28	52	17	5	IIL	87	25	48	21	6

Die totaal kolom in tabel XXX toon die aantal persone wat vraag 7 beantwoord het. Verder toon die tabel dat ongeveer 'n kwart van die onderwysers hul bewerings op eie ervaring en byna die helfte op hul kennis van die beweging grond.

Vraelys II Afd. A Vraag 9.

As dit die geval is dat jeugoortredings minder by Voortrekkers voorkom as by ander kinders, waaraan skrywe u dit dan toe?

.....

a)/.....

- (a) Aan die feit dat 'n streng pligsbesef by Voortrekkers gekweek word.
- (b) Dat die beweging sy lede weghou van plekke van ongereg-tigheid.
- (c) Dat die Voortrekkers gedurig die dinge doen waarvan hul-le hou.
- (d) Dat hulle geleer word om elke misdaad te beskou as 'n oortreding van die gebod van God.
- (e) Dat 'n streng innerlike dissipline by Voortrekkers ge-kweek word.
- (f) Dat die Voortrekkers bang is vir dissiplinêre maatreëls.
- (g) Dat die misdadigertipe nie aan die beweging behoort nie.
- (h) Dat daar 'n gedurige invloed van die offisiere op die Voortrekkers uitgaan.

.....

Een van die onderwysers het beswaar gemaak teen die vraag omdat hy nie in staat is om so 'n vraag objektief te beantwoord nie. Twee persone het die verskynsel toege-skrywe aan die feit dat die misdadigertipe nie aan die be-weging behoort nie, en twee ander aan die feit dat besige kinders min geleentheid kry om kwaad te doen. 'n Paar het bygevoeg dat alles van die offisiere afhang.

TABEL XXXIV.

Persentasie-ontleding van Vraelys II Afd. A Vraag 9.

Kode	Tot. aan-tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	h
IIMa	5	20	60	20	60	60	-	40	60
IIMb	7	86	71	29	71	71	-	100	71
IIMc	39	74	56	13	74	59	3	56	77
IIMa'	28	61	50	21	75	43	4	68	61
IIMb'	4	75	50	25	50	100	-	25	100
IIMc'	19	84	74	5	74	79	-	63	89
IIMd'	10	30	50	30	40	40	-	70	50
IIM	51	71	59	16	73	61	2	63	75
IIILa	12	67	67	8	58	67	-	42	67
IIILb	9	78	67	11	78	78	-	22	56
IIILc	56	72	36	18	57	52	-	54	54
IIILa'	36	67	39	17	64	58	-	55	47
IIILb'	2	-	50	-	-	100	-	50	100
IIILc'	39	72	49	41	51	54	-	41	62

TABEL XXXIV (vervolg).

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	h
IILd'	30	73	47	37	60	57	7	57	47
III	77	69	44	16	60	57	-	48	56

Die totale in die tabel toon die aantal persone wat vraag 7(a) en 7(b) onderstreep het. Die tendens van tabel XXXI is dat beide middelbare en laerskole die klem op antwoorde a en d laat val, terwyl antwoorde c en f in albei groepe skole die minste ondersteuning geniet het.

Vraelys II Afd. A Vraag 10.

Watter een van bogenoemde faktore beskou u die belangrikste?

.....

Die enkele opmerkings wat onderaan vraag 10 bygevoeg is, is saam met die opmerkings by vraag 9 bespreek.

TABEL XXXV.

Persentasie-ontleding van Vraelys II Afd. A Vraag 10.

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	h
IIMa	5	-	-	-	40	20	-	20	-
IIMb	7	14	43	-	43	-	-	57	-
IIMc	39	18	15	5	28	18	-	15	18
IIMa'	28	7	25	7	39	4	-	36	14
IIMb'	4	25	-	-	25	50	-	-	-
IIMc'	19	26	11	-	21	26	-	5	16
IIMd'	10	10	20	10	10	20	-	50	-
IIM	51	16	18	4	31	16	-	22	14
IIILa	12	8	-	8	17	33	-	8	17
IIILb	9	22	11	-	11	33	-	-	-
IIILc	56	18	7	-	18	25	-	27	11
IIILa'	36	14	5	3	14	28	-	25	5
IIILb'	2	50	-	-	-	50	-	50	50
IIILc'	39	18	8	-	21	26	-	15	13
IIILd'	30	17	13	3	23	17	-	23	17
III	77	17	7	1	17	27	-	21	11

Dit/.....

Dit is opvallend dat daar nie opmerklik hoë persentasies in tabel XXXV voorkom nie en dat die tendens in vergelyking met vraag 9 verskuif het. Nou is dit die d- en die g-antwoorde in die geval van die middelbare en die e- en die g-antwoorde in die geval van die laerskole wat die meeste onderstreep is. Dit was egter net soos in vraag 9 weer die c- en die f-antwoorde waarmee onderwysers die minste saamgestem het.

Dit is verder ook opvallend dat daar in verhouding so 'n groot aantal proefpersone in die a'- en die c-groepe is. Dit beteken dat die meeste onderwysers watter vraag 9 en 10 beantwoord het aan skole verbonde is waar die beweging bestaan en dat baie van hulle voorheen self aan die beweging behoort het.

Vraelys II Afd. A Vraag 11.

Dink u dat die Voortrekkerbeweging sy kultuurhistoriese bande met die volksverlede suiwer bewaar het?

a) Ja. b) Nie heeltemal nie. c) Nee, glad nie.

.....

Daar is min kommentaar op hierdie vraag gelewer. 'n Onderwyser wat self voorheen 'n Voortrekker was, het „ja” geantwoord en bygevoeg „in 'n uiterlike vorm”. Nog een wat 'n leierskursus deurloop het, het geantwoord : „Ja, as dit die lewende beweging se lede betref”. 'n Ander onderwyser het gesê : „hulle probeer in elk geval”. 'n Laaste een het hierin juis die swakheid van die beweging gesien. Daar word te veel gepraat oor en die beweging is te veel gebaseer op die verlede. Spoorsny het tog in die moderne lewe geen waarde meer nie.

TABEL XXXVI.

Persentasie-ontleding van Vraelys II Afd. A Vraag 11.

Kode	Tot. aantal Ppe.	Antwoorde as 'n % van die totaal				Kode	Tot. aantal Ppe.	Antwoorde as 'n % van die totaal			
		a	b	c	Nie			a	b	c	Nie
IIMa	7	86	14	-	-	IILa	12	100	-	-	-
IIMb	10	80	10	10	-	IILb	12	42	42	-	16
IIMc	49	59	37	4	-	IILc	65	62	37	-	1
IIMa'	36	64	28	8	-	IILa'	43	58	37	-	5
IIMb'	4	100	-	-	-	IILb'	5	40	60	-	-
IILc'	26	62	38	-	-	IILc'	41	73	25	-	2
IIMd'	23	22	35	9	34	IILd'	48	48	17	4	31
IIM	66	65	30	5	-	IIL	89	64	33	-	3

Die tabel/.....

Die tabel toon dat die meeste van hierdie onderwysers van mening is dat die beweging sy kultuurhistoriese bande met die verlede suiwer bewaar het. Afgesien van persone wat min kennis van die beweging het, was daar in die middelbare skole net drie persone en in die laerskole geen een wat c onderstreep het nie. Verder was daar aan die laerskole slegs drie persone wat kennis van die beweging gehad het en wat die vraag nie beantwoord het nie, en aan die middelbare skole was daar nie een nie.

Vraelys II Afd. A Vraag 12.

As u dink dat dit nie die geval is nie, verklaar asseblief, indien moontlik, wat u bedoel.

.....

In antwoord op vraag 12 het talle onderwysers die gedagte uitgespreek dat dit, as gevolg van veranderde en veranderende lewensomstandighede, onmoontlik is om die kultuurhistoriese bande met die volksverlede suiwer te bewaar. Een onderwyser het gesê dat die historiese bande miskien nog bestaan maar dat die kultuur as gevolg van die stadslewe verlore gegaan het. Dit is 'n paar keer benadruk dat daar gedurig veranderinge is en dat dit vir 'n nuwe geslag moeilik is om in die verlede te lewe. Verder is beweer dat die hedendaagse invloede te sterk is vir die opvoedingsmagte in die beweging en een persoon het verwys na die toenemende jeugmisdaad. Ook is verwys na die tekort aan offisiere die gebrek aan tyd en die afwesigheid van geskikte geleenthede om die kultuurhistoriese bande te versterk, waardeur die handhawing van die bande met die verlede baie moeilik of onmoontlik gemaak word.

In die tweede plek is daar telkens verwys na inherente swakhede in die beweging waardeur - so moet ons veronderstel, want dit is nie altyd deur die proefpersone gesê nie - die bande met die verlede vernietig word. So het twee onderwysers gewag gemaak van die gebrek aan erns en een van die ligsinnigheid by die Voortrekkers. Daar is beswaar gemaak teen die dinge waarmee die Voortrekkers hulle besig hou. „Het morsekode, knope, fotografie, drillwerk, klere heelmaak, semafoor en ander soortgelyke bedrywighede waardeur om die historiese verlede by die kinders te bewaar?" So het een van die onderwysers gevra. 'n Paar onderwysers het beweer dat die beweging te veel aan ontspanning doen. Die kind van vandag wil dan ook net geniet. Daarom wil hy net gedurig uitkamp. Een onderwyser het/.....

het gesê dat daar in die beweging baie min aktiewe vorme is wat die Voortrekkers met die ou kultuur verbind. „Die gees van daardie tyd word dus nie by hulle tuisgebring nie.” 'n Ander onderwyser wil hê dat daar meer aan ons ou volkspeletjies gedoen moet word. Nog 'n ander een maak beswaar teen die oordrewe finansiële aspek in die beweging.

Vervolgens is daar herhaaldelik gewys op die gebrek aan kennis van ons volksverlede waardeur die bande vernietig word. Die gebrek aan kennis word sowel by Voortrekkers as by offisiere geopenbaar. Baie Voortrekkers weet nie wie Dirkie Uys is nie, het een persoon gesê. Voortrekkers verteenwoordig „iets” waarvan hulle nie veel weet nie en waarvan hulle die waarde nie bewef nie. Hulle behoort meer te weet van ons voorouers se kultuur, lewenswyse, behoeftes en probleme. Daar is selfs baie offisiere wat nie met ons kultuurhistoriese feite op die hoogte is nie.

'n Laaste groep proefpersone het die aandag gevestig op vreemde invloede wat 'n stempel op die beweging afgedruk het. Verskeie proefpersone het verwys na die verband tussen die Voortrekkerbeweging en 'n ander jeugbeweging wat heeltemal vreemd staan teenoor ons volksverlede. Baie van ons Voortrekkerpraktyke is letterlik van daardie beweging oorgeneem. Een persoon het gesê dat die invloed van daardie beweging op die Voortrekkerbeweging groter is as wat ons sou wou erken. Die kleredrag van die Voortrekkers is, wat patroon en kleur betref, vir een van die proefpersone te pro-Engels. Verder is daar vaagweg verwys na die invloede van die moderne tyd wat vreemd staan teenoor ons kultuurstrewe. Een van die onderwysers het die „politieke kleur” van die beweging gesien as een van die invloede van die moderne tyd. 'n Paar onderwysers het beswaar gemaak teen die militarisme in die beweging, iets wat nie eie aan ons volkskultuur is nie. Dit sou beter by 'n „Kadetbeweging” pas.

Tot dusver die opmerkings van persone wat dit as't ware betreur het dat die bande met die volksverlede nie suiwer bewaar is nie. Aan die ander kant was daar ook 'n klein groepie persone wat hierdie bande nie suiwer wou bewaar nie. Een van hulle skrywe: „ek sien net nie die nut om aan die volksverlede vas te kleef nie.” 'n Ander persoon stem glad nie saam met die wyse waarop die beweging aan die verlede vasklewe nie. Die meeste offisiere stel die volksverlede volgens hierdie persoon verkeerd voor en is maar net besig om hulle eie idees te propageer. 'n Paar persone het beweerd dat die beweging -

hulle/.....

hulle het dit nie gesê nie - nie by die moderne lewenswyse en lewenspraktyke aanpas nie.

Ten slotte was daar 'n paar byskrifte wat nie op die saak betrekking gehad het nie. Hulle is buite rekening gelaat.

Vraelys II Afd. B Vraag 1.

Watter rang beklee u in die Voortrekkerbeweging?

.....

Soos die opskrif van Vraelys II aandui, moes daar op hierdie vraag net een antwoord gewees het : „Geen rang“. Ten spyte hiervan was daar onder die onderwysers aan middelbare skole een Distriksekretaris en een Assistent-veldkornet, terwyl daar onder die onderwysers aan laerskole een Assistent-veldkornet en drie Adjudante was wat die vraelys beantwoord het. Aangesien die invloed van hierdie persone op die uiteindelijke gevolgtrekkings uiters gering sou wees, is hierdie antwoorde sonder meer aanvaar.

Vraelys II Afd. B Vraag 2.

Watter range het u in die verlede daarin beklee?

- (a) Kommandant. (b) Onderkommandant. (c) Distriksekretaris
(d) Veldkornet. (e) Asst. Veldkornet. (f) Adjutant of of-
(g) Distriksbestuurslid. (h) Geen rang. fisier.

.....

As 'n persoon die vraag nie beantwoord het nie is beskou dat hy geen rang in die beweging beklee nie.

TABEL XXXVII

Persentasie-ontleding van Vraelys II Afd. B Vraag 2.

Kode	Tot. aant. ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	h
IIMT	29	7	-	-	14	14	10	-	55
IIMV	23	4	-	-	17	13	17	4	57
IIMK	14	7	-	14	7	14	29	-	29
IIMa	7	14	-	-	29	29	14	-	29
IIMb	10	10	-	-	20	10	30	-	20
IIMc	49	4	-	4	10	12	14	2	59

Tabel XXXVII (vervolg)/.....

TABEL XXXVII (vervolg).

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	h
IIMa'	36	3	-	-	11	25	28	-	39
IIMb'	4	-	-	25	50	-	25	-	-
IIMc'	26	12	-	4	12	-	-	4	73
IIMd'	23	-	-	-	9	-	4	-	87
IIM	66	8	-	3	14	14	17	2	50
IILT	65	5	2	2	8	9	18	-	63
IILV	8	-	-	-	13	13	50	-	38
IILK	16	6	-	6	44	13	25	-	31
IILa	12	8	-	-	8	25	33	-	50
IILb	12	-	-	-	17	-	25	-	58
IILc	65	5	2	3	15	9	20	-	55
IILa'	43	5	2	2	14	14	28	-	54
IILb'	5	-	-	-	20	-	40	-	20
IILc'	41	5	-	2	15	8	15	-	61
IILd'	48	2	-	2	-	6	8	2	90
IIL	89	4	1	2	15	10	22	-	55

Die tabel toon dat ongeveer die helfte van die onderwysers wat op die vraelys geantwoord het, g'n offisiërs-ervaring gehad het nie.

Vraelys II Afd. B Vraag 3.

Het u kennis van Voortrekkerwerk?

- (a) Ja, ek was as kind/jeugdige self 'n Voortrekker.
- (b) Ja, ek het 'n Voortrekkerleierskursus deurloop.
- (c) Ja, ek het een of meer Voortrekkerkampe bygewoon.
- (d) Ja, ek het baie gelees oor die Voortrekkerbeweging.
- (e) Ja, ek kom dikwels met Voortrekkers in aanraking.
- (f) Ja, ek woondikwels Voortrekkerfunksies by.
- (g) Ek het min kennis van die Voortrekkerbeweging.
- (h) Ek het geen kennis van die Voortrekkerbeweging nie.

.....

Dit het gebeur dat persone wat een van die eerste ses antwoorde onderstreep het, ook die g of h afgemerk het. In sodanige gevalle is die laaste buite rekening gelaat en is die persone nie in die d'-groep nie maar wel in een van die/.....

die ander drie groepe geplaas. Verder moet daarop gelet word dat persone wat sowel a as b onderstreep het, in die a'-groepe geplaas is. Daar is dus meer persone wat die leierskursus deurloop het as wat die b'-groepe hieronder aantoon.

TABEL XXXVIII.

Persentasie-ontleding van Vraelys II Afd. B Vraag 3.

Kode	Tot. aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	h
IIMa	7	43	14	57	29	43	14	-	-
IIMb	10	70	20	50	60	40	50	-	-
IIMc	49	55	16	51	41	59	39	-	-
IIMa'	36	100	19	61	39	44	33	-	-
IIMb'	4	-	100	75	75	25	50	-	-
IIMc'	26	-	-	35	42	73	42	-	-
IIMd'	23	-	-	-	-	-	-	52	48
IIM	66	56	17	52	42	55	38	-	-
IIILa	12	50	17	42	50	25	17	-	-
IIILb	12	67	33	50	42	33	25	-	-
IIILc	65	43	15	55	46	62	31	-	-
IIILa'	43	100	26	61	35	37	21	-	-
IIILb'	5	-	100	40	40	60	40	-	-
IIILc'	41	-	-	22	59	69	34	-	-
IIILd'	48	-	-	-	-	-	-	54	46
IIIL	89	47	18	42	46	53	28	-	-

'n Verdere ontleding - wat hier nie aangegee word nie - toon dat daar 11 onderwysers aan middelbare en 16 aan laerskole was wat die leierskursus deurloop het. Die wat in hulle jeug Voortrekkers was, is in die a'-groepe opgeneem, sodat slegs 4 persone in die IIMb'- en 5 in die IIILb'-groepe oorgebly het. Ander ontledings wat gemaak is, het niks verder opgelewer nie.

Vraelys II Afd. B Vraag 4.

Behoort u kinders aan die Voortrekkerbeweging of het hulle daaraan behoort?

(a) Ja. (b) Nee. (c) Ek het nie kinders nie.

.....

Ter/.....

Ter wille van die ontleding is dit beskou dat antwoord c hier bo as volg gelees het : Ek het nie kinders wat by die beweging kon aansluit nie. In alle gevalle waar dit geblyk het dat die proefpersoon kinders het maar dat hulle om een of ander rede nie by die beweging kon aansluit nie, het die proefnemer dus self die c onderstreep. Onder hierdie proefpersone was 'n groot aantal wat beweer het dat hulle kinders nog te jonk was, andere dat hulle te ver van die skool af gewoon het of dat daar g'n beweging bestaan het nie en 'n paar dat die Voortrekkertye met die van ander aktiwiteite gebots het. 'n Paar onderwysers van wie die kinders aan die beweging behoort, het gesê dat hulle aangesluit het nog lank voordat hulle die skool besoek het, 'n paar ander dat al hulle kinders Voortrekkers was, en een het bygevoeg dat al sy kinders nou nog, nadat hulle die skool verlaat het, as Voortrekkeroffisiere aan die beweging behoort.

TABEL XXXIX.

Persentasie-ontleding van Vraelys II Afd. B Vraag 4.

Kode —	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			Kode —	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.		
		a	b	c			a	b	c
IIMa	7	29	-	71	IIILa	12	17	17	67
IIMb	10	20	10	70	IIILb	12	42	42	17
IIMc	49	33	18	49	IIILc	65	34	6	66
IIMa'	36	19	8	72	IIILa'	43	14	14	72
IIMb'	4	-	-	100	IIILb'	5	20	40	40
IIMc'	26	50	27	23	IIILc'	41	54	8	39
IIMd'	23	27	13	60	IIILd'	48	33	23	44
IIM	66	30	15	55	IIIL	89	33	12	55

Uit die tabel blyk dit dat die kinders van die meeste onderwysers nie aan die Voortrekkerbeweging behoort nie en wel omdat hulle nie daaraan kon behoort nie. Van die kinders wat daaraan kon behoort, is daar slegs 'n klein persentasie wat nie Voortrekkers is nie.

Vraelys II Afd. B Vraag 5.

Indien wel, watter waarde het die beweging vir hulle gehad?

.....

a) Dit/.....

- (a) Dit het beslis hulle kennis vermeerder.
- (b) Dit het beslis 'n goeie invloed op hulle godsdienstige lewe gehad.
- (c) Dit het beslis hulle houding teenoor ons as ouers verbeter.
- (d) Dit het hulle sonder twyfel meer pligsgetrou gemaak.
- (e) Dit het geleenthede gebied wat hulle anders nie sou gehad het nie.
- (f) Dit het aan hulle gesonde ontspanning verskaf.
- (g) Dit het hulle geleer om self leiding te gee/sake te reël.
- (h) Dit het geen noemenswaardige invloed op hulle gehad nie.
- (i) Dit het 'n nadelige invloed op hulle gehad.

.....

'n Paar van die persone wat beweer het dat die beweging geen noemenswaardige invloed op hulle kinders gehad het nie, het verduidelikend bygevoeg dat die kinders nie lank genoeg aan die beweging behoort het om vas te stel wat die invloed was nie. 'n Ander onderwyser het gesê dat die beweging 'n lewensatmosfeer skep wat noodwendig 'n invloed op die kinders moet uitoefen.

TABEL XL.

Persentasie-ontleding van Vraelys II Afd. B Vraag 5.

Kode	Tot. aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	h
IIMa	2	100	-	-	50	50	50	100	-
IIMb	2	100	100	50	100	50	100	100	-
IIMc	16	63	38	25	63	63	88	50	6
IIMa'	7	57	29	14	57	57	71	43	14
IIMb'	-	-	-	-	-	-	-	-	-
IIMc'	13	77	46	31	69	62	92	69	-
IIMd'	4	50	50	25	50	50	25	75	25
IIM	20	70	40	25	65	60	85	60	5
IILa	2	100	100	50	50	50	50	50	-
IILb	5	60	60	40	40	60	80	60	20
IILc	22	55	9	14	64	73	82	68	-
IILa'	6	50	17	-	33	67	83	17	17
IILb'	1	-	-	-	-	-	100	100	-
IILc'	22	14	27	27	68	73	77	77	-
IILd'	14	21	21	29	43	21	64	36	7
IIL	29	59	24	21	59	69	79	65	3

Uit/.....

Uit die tabel blyk dat die minste nadruk gelê is op die antwoorde b,c, h en i. (Die antwoord i is in die tabel weggelaat omdat niemand dit onderstreep het nie). Die meeste klem het op f geval, die antwoord wat die Voortrekkerbeweging bestempel as 'n gesonde ontspanningsmiddel. Die groepies proefpersone was so klein dat hulle moeilik met mekaar vergelyk kon word.

Vraelys II Afd. B Vraag 6.

As u kinders het wat die beweging verlaat het, waarom het hulle dit gedoen?

- (a) Hulle het uit eie oorweging besluit om uit te tree.
- (b) Ek het hulle versoek om uit die beweging te tree.
- (c) Die offisier het hulle name geskrap.
- (d) Daar was nie (meer) 'n tak van die Voortrekkers waarvan hulle kon behoort nie.
- (e) Hulle het die skool verlaat/ouderdomsgrens bereik.
- (f) Afstande/vervoermoeilikhede het dit onmoontlik gemaak.

.....

Die enigste kommentaar op hierdie vraag was dat die kind as gevolg van die gebrek aan entoesiasme by die offisiere besluit het om uit die beweging te tree.

TABEL XLI.

Persentasie-ontleding van Vraelys II Afd. B Vraag 6.

<u>Kode</u>	<u>Totale aantal ppe.</u>	<u>Antwoorde as 'n % van totaal.</u>					
		a	b	c	d	e	f
IIMa	2	-	-	-	100	-	-
IIMb	1	-	-	-	100	-	-
IIMc	5	20	-	-	-	60	20
IIMa'	2	50	-	-	-	-	50
IIMb'	-	-	-	-	-	-	-
IIMc'	6	-	-	-	50	50	-
IIMd'	3	-	-	-	67	33	-
IIM	8	12	-	-	38	38	13
IIILa	1	-	-	-	-	-	100
IIILb	6	-	17	-	50	-	33
IIILc	13	8	23	-	-	46	23
IIILa'	6	17	17	-	17	-	50
IIILb'	1	-	-	-	-	-	100
IIILc'	13	-	23	-	15	46	15
IIILd'	4	25	-	-	75	-	-
IIIL	20	5	20	-	15	30	30

Die aantal proefpersone in die verskillende groepe was hier so gering dat 'n nuttige vergelyking nie gemaak kan word nie. Nie een van die kinders is deur die offisier geskrap nie. Aan die middelbare skool was daar ook nie een geval waar die onderwyser sy kind beveel het om uit die beweging te tree nie.

Vraelys II Afd. B Vraag 7.

As u kinders het wat nie Voortrekkers is nie omdat u dit nie wou toelaat nie, waarom wou u dit nie doen nie?

- (a) Omdat die beweging net hulle tyd mors of gemors het.
- (b) Omdat hulle te veel ander pligte het of gehad het.
- (c) Omdat hulle meer tyd aan skoolwerk moet of moes bestee.
- (d) Omdat hulle my na skool behulpsaam moet of moes wees.
- (e) Omdat ek dit nie kan/ kon bekostig nie.
- (f) Omdat die beweging te veel van 'n politieke kleur het/ gehad het.
- (g) Omdat ek prinsipiële besware daarteen het/gehad het.

.....

Behalwe drie gevalle in die d'-groep was daar slegs vier persone wat hierdie vraag moes beantwoord. Een van hulle het a en drie het b onderstreep. Van die drie in die d'-groep het twee die antwoord b en een die antwoord c onderstreep. Almal het kinders in die laerskool gehad. Een van die onderwysers het gesê dat hy persoonlik glo dat 'n kind se eerste jaar soveel nuwe ervarings bied, dat dit hom ten goede kan kom om te wag tot die tweede jaar voordat hy by die Voortrekkers aansluit.

Vraelys II Afd. B Vraag 8.

Voldoen die Voortrekkerbeweging aan die eise wat u as gelowige aan so 'n beweging sou stel vir die opvoeding van die kind.

- (a) Ja, heeltemal. (b) Nie heeltemal nie. (c) Nee, hoegenaamd nie.
- (d) Ek kan/wil hierdie vraag nie beantwoord naamd nie.

.....

In die gevalle waar onderwysers die vraag onbeantwoord gelaat het, het die proefnemer die d-antwoord onderstreep. Op bladsy 126 volg die persentasie-ontleding van die antwoorde op vraag 8. Die opmerkings wat deur 'n paar persone bygeskrywe is, word saam met die antwoorde van vraag 9 behandel.

TABEL XLII.

Persentasie-ontleding van Vraelys II Afd. B Vraag 8.

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	d			a	b	c	d
IIMa	7	100	-	-	-	IILa	12	92	8	-	-
IIMb	10	80	10	-	10	IILb	12	75	17	-	8
IIMc	49	61	16	-	23	IILc	65	68	12	-	17
IIMa'	36	69	14	-	17	IILa'	43	72	16	-	12
IIMb'	4	75	25	-	-	IILb'	5	40	20	-	40
IIMc'	26	65	12	-	23	IILc'	41	76	8	-	15
IIMd'	23	40	13	-	47	IILd'	48	54	7	-	39
IIM	66	68	14	-	18	IIL	89	72	12	-	16

Die tabel toon aan dat die beweging aan die eise van die meeste onderwysers „heeltemal" voldoen. Die persentasie (van tevrede onderwysers) is die hoogste aan skole waar die beweging nog nooit bestaan het nie. Dan volg dié waar die beweging doodgeloop het en eindelik is die persentasie van die onderwysers aan skole waar die beweging bestaan die kleinste, hoewel nog bo 60 persent. Daar is niemand wat beweer dat die beweging hoegenaamd nie aan hulle eise voldoen nie. Ongeveer een uit elke ses onderwysers was nie bereid om die vraag te beantwoord nie.

Vraelys II Afd. B Vraag 9.

As dit nie heeltemal daaraan voldoen nie, wat is u besware?

.....

Uit die antwoorde was dit duidelik dat die proefpersone nie altyd die bedoeling van die proefnemer met vraag 8 verstaan het nie. Dit was sy doel om vas te stel of daar prinsipiële besware en wel van godsdienstige aard teen die beweging ingebring kan word. Daar is intendeel besware van allerlei aard ingebring.

Voordat hierdie besware behandel word, moet dit eers gemeld word dat daar ook 'n groepie proefpersone was wat verklaar het dat die Voortrekkerbeweging heeltemal aan hulle eise voldoen of dat dit op sekere voorwaardes daaraan sou voldoen.

Wat hierdie groepie betref, was daar 'n onderwyser wat heeltemal tevrede was omdat die beweging die Christelike/.....

telike beginsels altyd vooropgestel. 'n Ander persoon sal tevrede wees as dit gedoen word volgens die metode waarop hy dit doen. 'n Paar onderwysers het gesê dat hulle antwoord afhang van die houding en die gesindheid van die offisiere. As dit reg is, sal die beweging aan die eise wat hulle stel heeltemal voldoen. Een het bygevoeg: „mits die offisiere ons nasionale en Christelike beginsels handhaaf". Die antwoorde van nog 'n paar persone het daarop neergekom dat die beweging heeltemal goed sou wees as sy beginsels konsekwent uitgelewe word.

Daar was egter ook persone aan wie se eise die beweging nie heeltemal voldoen het nie en wat besware van meer praktiese aard geopper het. En in hierdie verband is die gebrek aan bekwame offisiere en die min tyd wat vir Voortrekkerwerk beskikbaar gestel word dikwels genoem. Omdat dit deur ander aktiwiteite verdring word, kan Voortrekkerwerk nie aantreklik gemaak word nie. Kinders met aanleg behoort dikwels nie aan die beweging nie omdat daar soveel ander bedrywigheide is waarin hulle kan presteer. Een van die onderwysers het gekla oor die baie toetse wat van Voortrekkerwerk 'n tweede „skoolganery" maak. 'n Ander het beswaar gemaak teen die hoë finansiële eise en nog een teen die slordige uniform van die beweging.

Aan die ander kant was daar ook onderwysers met werklike beginselbesware. So beweer een onderwyser dat daar te veel klem op die volksverlede gelê word en dat volksverdeeldheid daardeur bevorder word. 'n Ander onderwyser het weer beweer dat liefde vir eie goed nie genoeg benadruk en volkstrots nie genoeg ingeskerp word nie. Een proefpersoon kla omdat alle Voortrekkerbyeenkomste nie met die sing van ons volkslied afgesluit word nie. Hy beskou dit as 'n dankgebed vir alles wat vir ons nagelaat is. Nog een wil hê dat die Voortrekkers geleer moet word om met die tweede taalgroep saam te werk. In een geval is gesê dat die beweging egoïsme bevorder en in 'n ander geval dat Voortrekkers neersien op kinders wat nie Voortrekkers is nie. Een persoon wil 'n meer „positiewe benadering" hê.

Sommige besware was van meer ernstige aard. So is daar 'n paar keer beswaar gemaak teen Sabbatsontheiliging deur Voortrekkers. Een persoon sou tevrede wees „as hulle maar net wou ophou om op Sondae kamp op te breek". Twee persone het verwys na die „eed" wat deur Voortrekkers afgelê moet word. Een het beweer dat die eed te ligtelik afgelê word en die ander een dat 'n kind nie weet wat hy doen nie en nie in staat is om te volbring wat hy beloof

nie/.....

nie. Daar is verder beweer dat alle offisiere nie gelowige mense is nie en dat hulle voorbeelde nie altyd deur die Voortrekkers nagevolg kan word nie. Dit word ook betwyfel of die godsdiensoefeninge van die Voortrekkers veel meer as blote formaliteite is. Voortrekkers gebruik, net soos ander kinders, te dikwels vloekwoorde, so het een persoon beweer. 'n Ander persoon het gevind dat die Voortrekkers nie altyd hulle verrigtinge met Skriflesing en gebed begin nie.

Vraelys II Afd. B Vraag 10.

Wat is volgens u mening die belangrikste take of doeleindes van die Voortrekkerbeweging?

- (a) Om die Voortrekkers weg te hou van allerlei katterkwaad.
- (b) Om die Voortrekkers aangenaam besig te hou.
- (c) Om potensiële misdadigers onder goeie invloed te bring.
- (d) Om die Voortrekkers se kennis te vermeerder.
- (e) Om Voortrekkers hulle plig teenoor die samelewing te leer besef.
- (f) Om Voortrekkers die geleentheid te gee om hulle uit te lewe.
- (g) Om 'n organisasie te hê wat nuttige dienste kan lewer.
- (h) Om die kind in te skakel en vertrouwd te maak met ons volkskultuur.
- (i) Om sedelike verval en ontaarding tée te werk.

.....

Een persoon het beweer dat a,b,c en i vandag seker wel doeleindes van die beweging is, maar dat dit nie oorspronklik die geval was nie. Ander doeleindes wat bygevoeg is, is die volgende :- Om nasiediens en patriotisme op Christelike grondslag te kweek, om die jeug roepingsbewus te maak om die kind te leer om ouer mense en sy meerdere te respekteer, om die Afrikanervolk te dissiplineer en om liefde vir ons eie bodem te kweek.

TABEL XLIII.

Persentasie-ontleding van Vraelys II Afd. B Vraag 10.

Kode	Tot. aant. ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.								
		a	b	c	d	e	f	g	h	i
IIMa	7	14	57	-	29	100	43	14	100	43
IIMb	10	50	60	20	60	90	60	50	80	30
IIMc	49	35	45	24	47	88	57	67	80	51
IIMa'	36	47	44	28	47	92	50	55	81	42

Tabel XLIII (vervolg)/.....

TABEL XLIII (vervolg).

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.								
		a	b	c	d	e	f	g	h	i
IIMb'	4	-	100	-	75	100	75	100	100	75
IIMc'	26	23	46	15	42	85	50	58	81	50
IIMd'	23	40	33	20	20	93	40	60	53	33
IIM	66	35	48	21	47	89	52	59	82	47
IIILa	12	42	42	17	42	92	33	50	92	50
IIILb	12	33	67	17	33	92	33	42	92	33
IIILc	65	37	51	11	51	85	48	60	71	43
IIILa'	43	35	54	14	40	86	44	49	93	42
IIILb'	5	20	40	-	20	80	20	20	100	40
IIILc'	41	41	51	12	59	83	46	69	81	44
IIILd'	48	35	42	19	26	84	30	56	72	37
IIIL	89	37	52	12	47	87	44	56	76	43

Die grootste nadruk het in hierdie tabel op antwoord e en h geval terwyl antwoord c die minste onderstreep is. Die ooreenkoms tussen die verskillende groepe is opvallend, ook wat middelbare en laerskole betref.

Vraelys II Afd. B Vraag 11.

Watter twee van bogenoemde doeleindes beskou u as die heel belangrikste?

.....

'n Paar onderwysers het die een wat hulle bygevoeg het, as die belangrikste beskou.

TABEL XLIV.

ersentasie-ontleding van Vraelys II Afd. Vraag 11.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.								
		a	b	c	d	e	f	g	h	i
IIMa	7	-	-	-	-	57	-	14	86	29
IIMb	10	30	-	10	20	40	10	-	40	-
IIMc	49	2	20	2	6	63	12	16	45	8
IIM	66	6	15	3	8	59	11	14	48	9

Tabel XLIV (vervolg)/.....

TABEL XLIV (vervolg).

Kode	Tot. Aan- tal Ppe.	Antwoorde as 'n persentasie van die totaal.								
		a	b	c	d	e	f	g	h	i
IIMa'	36	11	14	5	8	69	5	11	50	3
IIMb'	4	-	-	-	25	-	25	50	75	-
IIMc'	26	-	19	-	4	54	15	12	42	19
IIMd'	23	20	7	-	13	60	20	27	33	20
IIM	66	6	15	3	8	59	11	14	48	9
IIILa	12	17	17	-	-	92	-	8	58	8
IIILb	12	8	17	-	-	67	8	-	58	-
IIILc	65	6	14	3	8	49	8	15	60	12
IIILa'	43	14	12	-	9	58	7	12	65	9
IIILb'	5	-	-	-	-	80	20	-	60	-
IIILc'	41	2	20	5	2	54	5	15	54	12
IIILd'	48	5	7	2	2	56	5	9	51	23
IIIL	89	8	15	2	6	57	7	12	60	10

Nog meer as in die vorige tabel is dit hier duidelik dat die meeste onderwysers voorkeur gee aan die volgende twee doeleindes vir die Voortrekkerbeweging : om die Voortrekkers te leer om hulle plig teenoor die samelewing te besef en om die kind in te skakel by en vertrouwd te maak met ons volkskultuur. Weer is die meeste onderwysers dit eens dat om potensiële misdadigers onder goeie invloed te bring, geen taak vir die Voortrekkerbeweging is nie.

III. VRAELYTE AAN VOORTREKKEROFFISIERE.

By elke vraelys wat aan 'n Distriksekretaris gestuur is, is twee vraelyste aan Voortrekkeroffisiere aangeheg. Die Distriksekretaris is gevra om laasgenoemde vraelyste aan twee van hul bekwaamste offisiere vir beantwoording voor te lê. As gevolg hiervan is daar 174 vraelyste uit die Transvaal, 52 uit die Oranje-Vrystaat, 71 uit Kaapland en 10 uit ander provinsies terugontvang. Van hierdie vraelyste was daar 54 wat heeltemal oningevul teruggestuur is. Verder was daar 23 offisiere wat heel weinig kennis van die beweging besit het. Daar was dus 230 vraelyste waarmee gewerk kon word.

Vraelys III Afd. A vraag 1.

Wat is u beroep?

- a) Onderwyser. b) Student. c) Huisvrou. d) Boer.
e) Ander mans. f) Ander dames. g) Die wat nie gesê het nie.

.....
(Opm. Die beroepe word hier gegee ter wille van die tabel maar dit het nie op die vraelys voorgekom nie.)

TABEL XLV.

Persentasie-ontleding van Vraelys III Afd. A Vraag 1.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.						
		a	b	c	d	e	f	g
IIIT	122	80	3	7	-	5	4	1
IIIV	43	86	2	12	-	-	-	-
IIIK	59	78	-	10	2	10	-	-
IIIX	6	33	-	33	17	17	-	-
III	230	80	2	9	1	6	2	-
IIIIa'	114	79	4	8	-	6	3	-
IIIIb'	54	80	-	6	2	7	4	2
IIIIc'	62	81	-	15	2	3	-	-
IIII d'	23	83	-	-	-	4	-	13

Die tabel toon die geweldige rol wat onderwysers in die Voortrekkerbeweging speel. Die eerste groep wat daarna volg, is huisvrouens.

Vraelys III Afd. A Vraag 2.

Waarom tree u op as Voortrekkeroffisier?

- (a) Omdat my hoof dit van my verlang.
- (b) Omdat ek baie daarvan hou.
- (c) Omdat ek soveel waarde daaraan heg.
- (d) Omdat dit vir my persoonlike voordele meebring.

.....

'n Groot aantal offisiere het iets onderaan vraag 2 bygevoeg. Baie van hierdie offisiere het daardeur probeer toon dat hulle Voortrekkerwerk as iets van nasionale belang beskou en dat hulle daardeur met nasiediens besig was. 'n Persoon van heelwat in die sestig het gesê dat dit een manier is waarop hy nog sy nasie kon dien. Verder is gesê dat die beweging die hoogste en die edelste in ons Afrika-nerjeug beliggaam en verwesenlik. 'n Paar offisiere wil graag meedoen om die Afrikanerkind op die regte pad te hou. Nog 'n offisier beskou dit as noodsaaklik dat elke Afri-kaanse seun en dogter sal help om aan die nasionale toekoms van ons volk te bou.

Daar was ook 'n aantal offisiere wat deur hul opmerkings bewyse gelewer het van hul liefde vir die jeug. Een offisier vind daar behae in om met kinders om te gaan en die beweging stel hom in staat om dit te doen en om die kinders/.....

kinders intiem te leer ken. Die feit dat die offisier belang stel in die kind en in alles wat vir die kind goed is, is verskeie kere benadruk.

Ten slotte was daar 'n hele aantal persone wat die werk bloot uit pligsgevoel gedoen het. Verskeie offisiere het gesê dat daar niemand anders was wat die werk wou doen nie en één het bygevoeg dat hy nie graag sou sien dat die beweging doodloop nie. Een van die onderwyser-offisiere beskou die Voortrekkers as sy roeping en skoolhou as 'n stokperdjie. Een persoon voel dit sy plig omdat „die kind van vandag die groot bome van môre is.” Een van die offisiere het dit as volg uitgedruk: „Daar is so 'n beweging, iemand moet die werk doen, niemand anders beskikbaar nie.... dus.... inspring en jou plig doen.”

TABEL XLVI.

Persentasie-ontleding van Vraelys III Afd. A Vraag 2.

Kode	Tot. aantal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				Kode	Tot. aantal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	d			a	b	c	d
IIIT	122	23	60	81	5	IIIa'	114	21	58	78	4
IIIV	43	23	65	77	5	IIIfb'	54	15	70	91	6
IIIK	59	19	48	86	5	IIIc'	62	27	44	82	5
IIIX	6	-	33	100	-	IIId'	23	65	30	39	4
III	230	21	57	82	5						

Die tabel toon dat die groot meerderheid van offisiere wat geantwoord het die werk doen omdat hulle waarde daaraan het. 'n Heel klein persentasie beweer dat die werk vir hulle persoonlike voordele inhou. Een offisier het in hierdie verband verduidelik dat dit hom in staat stel om die kind beter te ken.

Vraelys III Afd. A Vraag 3.

Watter een van bogenoemde redes beskou u as die belangrikste?

.....

Die meeste offisiere wat 'n rede onderaan vraag 2 bygevoeg het, het die toegevoegde rede beskou as die belangrikste.

TABEL XLVII/.....

TABEL XLVII.

Persentasie-ontleding van Vraelys III Afd. A Vraag 3.

Kode	Tot. Aantal Ppe.	Antwoorde as 'n persentasie van die totaal				
		a	b	c	d	nie
IIIT	122	1	24	68	1	6
IIIV	43	7	26	65	-	2
IIIK	59	2	24	71	-	2
IIIX	6	-	-	83	-	17
III	230	2	23	69	-	5
IIIa'	114	2	32	61	1	4
IIIb'	54	-	19	76	-	6
IIIc'	62	5	13	76	-	6
IIId'	23	-	13	61	-	26

Die tabel toon dat die meeste offisiere wat die vraelyste beantwoord het, die waarde wat hulle aan die beweging heg, as die belangrikste motief vir hulle aktiewe deelname aan Voortrekkerwerk beskou. Daar was slegs één persoon wat die werk ter wille van eie voordeel doen. Ook was daar slegs enkele persone wat deur hulle hoofde verplig was om met die Voortrekkers behulpsaam te wees. Die laaste kolom toon die aantal proefpersone wat die vraag nie beantwoord het nie.

Vraelys III Afd. A Vraag 4.

Sal u bly wees as die Voortrekkerbeweging ophou om te bestaan?

- a) Ja, ek sal baie bly wees. b) Ja, ek sal bly wees.
c) Nee, ek sal spyt wees. d) Nee, ek sal dit betreur.
e) Dit sal aan my geen verskil maak nie.

.....

Verskeie offisiere het dit benadruk dat dit 'n ramp sou wees as die Voortrekkerbeweging sou ophou om te bestaan en één het bygevoeg dat die ramp ruim net so groot sou wees as dié van die vrede van Vereeniging. Een persoon het gesê dat die beweging absoluut noodsaaklik is „omdat dit 'n leemte vul en in 'n behoefte voorsien" en 'n ander een dat hy die beweging as belangrik in elke persoon se lewe beskou. Twee persone het gekla oor die gebrek aan tyd, waardeur die belangstelling verminder.

Tabel XLVIII op bladsy 134 toon die persentasie-ontleding van die antwoorde wat op vraag 4 ontvang is. Uit hierdie tabel blyk dit dat 78 persent van die offisiere dit sal betreur as die beweging ophou om te bestaan en dat 'n verdere 20 persent daaroor „syt" sal wees. Slegs één

persoon/.....

persoon sal dan „baie bly" en twee persone sal „bly" wees. Vir vier persone sal dit geen verskil maak as die beweging tot niet gaan nie. Offisiere in die d'-groep staan egter minder simpatiek teenoor die beweging.

TABEL XLVIII.

Persentasie-ontleding van Vraelys III Afd. A Vraag 4.

Kode	Tot. Aantal Ppe.	Ant. as % van tot.					Kode	Tot. Aantal Ppe.	Ant. as % van tot.				
		a	b	c	d	e			a	b	c	d	e
IIIT	122	-	1	16	80	2	IIIa'	114	-	-	23	75	4
IIIV	43	2	-	30	68	-	IIIb'	54	2	-	19	82	-
IIIK	59	-	2	21	80	2	IIIc'	62	-	3	15	82	-
IIIX	6	-	-	-	100	-	IIId'	23	4	-	17	43	17
III	230	-	1	20	78	2							

Vraelys III Afd. A Vraag 5.

Wat dink u van die toetse wat deur die Voortrekkers afgeleë moet word?

- Sommige daarvan is te moeilik.
- Sommige daarvan is te maklik.
- Sommige daarvan is onprakties.
- Sommige daarvan het g'n waarde nie.
- Die kinders hou nie daarvan nie.
- Daar is te veel keusetoetse.
- Hulle is nie gelykwaardig nie.
- Dit is hoog tyd dat die toetse in hersiening geneem sal word.

.....

Dit is nodig dat daarop gewys sal word dat die vraelyste aan Voortrekkeroffisiere uitgestuur is terwyl 'n komitee van die genoemde beweging besig was om die toetse te hersien. Sommige offisiere het die vraelys beantwoord nadat die hersiene toetse verskyn het en andere blykbaar nog voordat hulle van die toetse geweet het. Verskeie van die eersgenoemde offisiere het bygevoeg dat die toetse heeltemal bevredigend is noudat dit hersien is. Dit moet dus by die beoordeling in gedagte gehou word dat al die offisiere nie dieselfde toetse beoordeel het nie. 'n Paar offisiere het gesê dat hulle geen kennis van die toetse het nie en nog 'n paar dat hulle hulle nie op die toetse toelê nie.

Daar is egter ook ander besware behalwe die wat in die vraelys voorkom teen die toetse ingebring. Een

persoon/.....

persoon beweer dat die toetse suiwer humanisties van aard is met baie min geestelike waarde. 'n Paar persone het gesê dat dit die verband met die moderne lewe verloor het en dat dit nie aanpas by die belangstelling van die moderne kind en veral nie by die van die stadskind nie. Sommige persone het beweer dat dit nie die toetse self is waarteen beswaar ingebring kan word nie maar die wyse waarop offisiere die toetse soms afneem. Die een offisier is gekant teen „die aflê van toetse soos op skool" terwyl die ander een beswaar maak omdat „die toesig by die afneem van toetse nie streng genoeg is nie." Een van die offisiere betreur dit dat daar nie boeke of pamflette bestaan wat oor die spesiale onderskeidingstekens handel nie, 'n ander offisier kla oor die gebrek aan leiding wat die toetse betref en nog een oor die uiters verwarrende Handleiding aan Offisiere.

TABEL XLIX.

Persentasie-ontleding van Vraelys III Afd. A Vraag 5.

<u>Kode</u>	<u>Tot. aantal ppe.</u>	<u>Antwoorde as 'n % van totaal.</u>							
		a	b	c	d	e	f	g	h
IIIT	122	10	16	35	22	15	19	16	62
IIIV	43	26	21	47	21	22	16	23	61
IIIK	59	36	14	32	19	17	14	17	39
IIIX	6	-	17	17	-	-	17	33	33
III	230	19	16	36	20	14	17	18	55
IIIa'	114	14	15	39	24	17	17	17	53
IIIb'	54	19	15	33	19	9	28	20	61
IIIc'	62	29	19	32	16	15	8	18	55
IIId'	23	4	4	22	9	13	9	17	13

Die hoofnadruk het, soos uit bostaande tabel blyk, op die noodsaaklikheid vir die hersiening van die toetse geval. Soos reeds gemeld, is die toetse later hersien.

Vraelys III Afd. A Vraag 6.

Wat dink u van die stelling: „Die dissipline van die beweging, soos dit by saamtrekke en kampe tot openbaring kom, strek die beweging nie tot eer nie"?

(a)/.....

- (a) Dit is waar. (b) Dit is somtyds waar.
 (c) Dit is nie waar nie. (d) Dit is nie baie goed nie maar
 goed genoeg vir 'n nie-militê-
 re beweging.

.....

Verskeie offisiere het die gedagte uitgespreek dat dit moontlik is dat daar miskien af en toe tekens van swak dissipline mag wees, maar dan setel die moeilikheid by die offisier in bevel en nie by die beweging as sodanig nie. Een offisier het gesê dat die beweging te militaristies is en dus soms belaglik vertoon en 'n ander een dat 'n beweging nooit meer militêr - as die Voortrekkerbeweging waarskynlik - kan wees nie. 'n Paar persone het te kenne gegee dat, al is die beweging nie militêr nie, die dissipline strenger behoort te wees. Aan die ander kant was daar 'n offisier wat al vyf kampe bygewoon het en in al die gevalle is dieselfde goeie dissipline gehandhaaf. Een persoon is heeltemal tevrede met die dissipline en voeg dan by : „in ag nemende dat dit gelukkig normale kinders is en nie engeltjies nie."

TABEL L.

Persentasie-ontleding van Vraelys III Afd. A Vraag 6.

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	d			a	b	c	d
IIIT	122	5	39	30	34	IIIa'	114	4	38	29	34
IIIV	43	2	40	33	28	IIIb'	54	6	35	35	32
IIIK	59	5	31	37	24	IIIc'	62	3	35	35	25
IIIX	6	-	17	33	67	IIId'	23	-	26	22	26
III	230	4	37	32	31						

Hoewel elke proefpersoon na regte net een antwoord op vraag 6 moes onderstreep het, het verskeie persone wat antwoord b onderstreep het ook antwoord d onderstreep, met die gevolg dat daar meer antwoorde as proefpersone was. Hierdie feit word in bostaande tabel weerspieël as die persentasies bymekaar getel word. Verder toon die tabel dat slegs 'n heel klein persentasie van die onderwysers van oordeel is dat die dissipline van die beweging dit nie tot eer strek nie. In die d'-groep het verskeie persone die vraag onbeantwoord gelaat.

Vraag 7/.....

Vraelys III Afd. A Vraag 7.

Wat dink u van die stelling: „Die organisasie laat veel te wense oor as daar deur die beweging vir 'n groot onderneming gereël moet word.

(a) Dit is waar. (b) Dit is somtyds waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Verskeie offisiere het hierdie bewering met erns verwerp. Een het verwys na 1949 en 1952 en het gevra dat die proefnemer moet dink aan wat oral in die land gebeur. Kampe, saamtrekke ens. is gehou en die organisasie was reg. Nog 'n persoon het die fyn georganiseerde deelname aan volkspele genoem. Dit het die goedkeuring van die publiek weggedra. 'n Aantal offisiere het uit nie ervaring aangehaal en een het beweer dat die goeie organisasie die behoud van die beweging is. 'n Paar persone het erken dat so'n swak organisasie seker soms voorkom maar dan was die offisiere daarvoor verantwoordelik. Een persoon het beweer dat 'n paar „betaalde amptenare" beter sal organiseer as die groot getal „hoë lede."

TABEL LI

Persentasie-ontleding van Vraelys III Afd. A vraag 7.

<u>Ko-de</u>	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				<u>Ko-de</u>	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IIIT	122	3	38	58	1	IIIa'	114	3	25	68	4
IIIV	43	2	19	70	9	IIIb'	54	6	33	56	6
IIIK	59	3	15	68	14	IIIc'	62	2	29	60	9
IIIX	6	-	17	67	17	IIId'	23	-	26	48	26
III	230	3	28	63	6						

Bostaande tabel toon weer dat meer as sestig persent van die offisiere glo dat die organisasie goed is. Daar is ook 'n klein persentasie wat beweer dat die organisasie nie so goed is nie, maar sommige van hulle het dit aan toevallige plaaslike leiding toegeskrywe.

Vraelys III Afd. A Vraag 8.

Wat dink u van die stelling: „Die beweging word gedomineer deur 'n aantal persone wat nie altyd die nodige konsiderasie vir die ander offisiere en Voortrekkers oor die res van die/.....

die land het nie."

(a) Dit is waar. (b) Dit is somtyds waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Een van die proefpersone het gesê dat die vraag 'n lasterlike bewering inhou. Nog 'n persoon het gesê dat so'n bewering soms gebruik word om die provinsies teen mekaar af te speel maar dat die bewering onwaar is. Een of-fisier het erken dat hierdie verskynsel die oorsaak van die ondergang van baie kommando's was maar dat dit net plaaslik gegeld het en dat dit beslis nie die geval met die provinsie - en die hoofbesture was nie. 'n Ander persoon het beweer dat sterk en kragtige leiding in die Voortrekkerbeweging nodig is. 'n Laaste persoon het gesê dat 'n aantal leiers nie in voeling met die behoeftes van die nuwe geslag is nie.

TABEL LII.

Persentasie-ontleding van Vraelys III Afd. B Vraag 8.

Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IIIT	122	7	9	66	18	IIIa'	114	7	22	64	7
IIIV	43	5	16	77	2	IIIb'	54	7	7	82	4
IIIK	59	5	12	69	14	IIIc'	62	2	13	69	16
IIIX	6	-	-	83	17	IIId'	23	-	17	52	31
III	230	6	16	70	8						

Die tabel toon die groot aantal persone wat die stelling verwerp dat die beweging deur 'n groepie persone gedomineer word. Daar is 'n klein minderheid wat dit erken. Sommige persone uit hierdie minderheid het egter nog verduidelikings bygevoeg, soos hierbo gemeld.

Vraelys III Afd. A Vraag 9.

Wat dink u van die stelling: „Die tipe van uniform wat aan die Voortrekkers beskikbaar gestel is, het die beweging veel skade berokken.?”

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Hoewel/.....

Hoewel 'n baie groot persentasie offisiere hierdie bewering nie wou onderstreep nie, het verskeie persone besware teen die uniform uitgespreek. Die klagte dat kwaliteit en snit veel te wense oorlaat, is herhaaldelik gehoor. Een persoon het beweer dat die gehalte „power” is. 'n Paar persone het gepleit dat veral die velduniform dienliker moes wees, en een persoon het bygevoeg dat hy geen beswaar het teen die gebruik van 'n kaki-uniform nie. Verskeie persone het gekla oor die „bont spul wat by elke besending verskil. Die feit dat baie kinders die uniform nie kan bekostig nie, is herhaaldelik genoem, en een persoon het beswaar gemaak teen die absolute vereiste daarvan, veral by inlywings, waardeur baie kinders noodwendig uitgesluit word. Een persoon hou nie van die kleur van die halsdoeke nie en 'n ander een het beweer dat die dogters oor die algemeen kla oor die swart kouse wat hulle moet dra.

TABEL LIII

Persentasie-ontleding van Vraelys III Afd. A Vraag 9.

Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IIIT	122	5	20	71	4	IIIIa'	114	4	21	70	4
IIIV	43	2	21	75	2	IIIIb'	54	6	22	70	2
IIIK	59	8	21	66	5	IIIIc'	62	6	16	73	5
IIIX	6	-	17	83	-	IIII d'	23	4	9	65	22
III	230	5	20	71	4						

Die tendens van tabel L is dat die meeste offisiere die bewering verwerp dat die uniform die beweging skade berokken het.

Aan die ander kant was daar egter baie offisiere wat een of ander beswaar teen die uniform gehad het, soos hierbo reeds vermeld.

Vraelys III Afd. A Vraag 10.

Wat beskou u as die grootste innerlike leentes of swakhede van die Voortrekkerbeweging?

.....

a) Die/.....

- (a) Die beweging openbaar geen lewenskrag nie.
- (b) Daar bestaan 'n ernstige gebrek aan doelgerigtheid by offisiere.
- (c) Daar bestaan 'n ernstige gebrek aan 'n duidelike program van aksie.
- (d) Die beweging hou hom besig met dinge wat g'n waarde het nie.
- (e) Dit lê te veel nadruk op dit wat van praktiese waarde is.
- (f) Dit lê te veel nadruk op dit wat vir die kinders aangenaam is.
- (g) Dit volg verkeerde of onsielkundige werkmetodes.
- (h) Daar is 'n gebrek aan voldoende leiding van die kant van hoofkantoor.
- (i) Die organisasie van die kant van hoofkantoor is nie wat dit behoort te wees nie.
- (j) Daar is 'n gebrek aan dissipline by offisiere en Voortrekkers.

.....

In antwoord op vraag 10 het 'n oorweldigende aantal offisiere te kenne gegee dat die grootste en, volgens sommiges, die enigste leemte in die Voortrekkerbeweging 'n tekort aan die regte offisiere is. As gevolg van 'n gebrek aan belangstelling gaan daar van baie offisiere geen krag en geen besieling uit nie, hulle is in baie gevalle onbekwaam en onwillig en moet die werk teen hulle sin doen. Die oorsaak van hierdie toestand word telkens en telkens deur verskillende persone benadruk. Die meeste offisiere is onderwysers van wie die programme reeds oorlaai is en wat dus nie die nodige tyd tot hul beskikking het om Voortrekkerwerk tot sy reg te laat kom nie. Baie onderwyser-offisiere is, sover dit Voortrekkerwerk betref, onopgelei en die tyd ontbreek en geleenthede ontbreek om hulle nou op die hoogte te stel. Ander volwasse offisiere is byna onbekombaar en die onderwysers moet maar weer intree. Baie onderwysers wil dan „skoolhou“, waardeur daar 'n skoolatmosfeer geskep word wat nadelig op die belangstelling van die kind inwerk. Daarom bestaan daar volgens een van die proefpersone „net een groot behoefte: besielde entoesiastiese vurige leiers met grondige en deeglike kennis van die kind en sy behoeftes en van Voortrekkerwerk.“ Hierdie gedagte is in verskillende bewoording deur talle offisiere benadruk.

Die beswaar teen die onderwyser-offisier staan ook in verband met 'n tweede probleem wat herhaaldelik geopper is: die verhouding tussen die Voortrekkerbeweging en die skool. Die meeste offisiere wat hieroor 'n gedagte uitgespreek het, beweer dat „Voortrekkers“ nie 'n buitemuurse aktiwiteit/.....

aktiwiteit van die skool behoort te wees nie. Dit is veel meer as dit. Dit is 'n Afrikaanse jeugbeweging. Een persoon het daarop gewys dat die beweging dikwels deur skoolhoofde bestuur word en nie deur die offisiere as sodanig nie, terwyl 'n ander een beweer het dat die leiding van die ouers behoort uit te gaan. Aan die ander kant was daar ook 'n paar offisiere wat gevoel het dat Voortrekkerwerk juis een van die buiteskoolse bedrywighede van die skool behoort te wees. As voetbal „volksdiens" is, dan is Voortrekkerwerk dit tog immers in 'n veel groter mate. Een van die offisiere wil hê dat die Voortrekker van owerheidsweë verpligtend gemaak moet word, en 'n ander een dat die nodige universitêre opleiding dienaangaande aan toekomstige onderwysers gegee moet word.

'n Derde leemte waarop 'n aantal offisiere gewys het, is die eksklusiewe aard van die Voortrekkerbeweging. Op die oomblik, so beweer een van die proefpersone, bestaan die Voortrekkerbeweging feitlik net vir die begaafde kind, terwyl die beweging hom meer op die inskakeling van die minder-bevoorregtes behoort toe te lê. Die klagte dat die hoë koste daaraan verbonde die arm kind uit die beweging hou, is meermale deur verskillende offisiere uitgespreek. Ook is dit, volgens een offisier, 'n leemte dat geen voorsiening vir uitlanders gemaak is om by die beweging aan te sluit nie. 'n Ander persoon het beweer dat, soos toestande vandag is, hoërskoolleerlinge vir die beweging verlore gaan - ook as gevolg van 'n oorlaaide program en oordrewe sportentoesiasme, terwyl dit juis die hoërskoolkinders is wat behoefte aan do 'n beweging het. Verder is beweer dat een van die grootste swakhede van die beweging daarin geleë is dat dit nie daarin slaag om die naskoolse jeug te behou nie. 'n Laaste opmerking in hierdie verband was dat terwyl so 'n groot menigte kinders buite die beweging is daar weinig gebied word om die buitelanders tot die beweging te betrek.

Daar is vervolgens ook op leemtes in die aktiwiteite en die werkwyse van die beweging gewys. Vir een van die offisiere is dit duidelik dat die werksaamhede 'n ver te wye veld dek, met die gevolg dat daar geen eenvormigheid bestaan nie. Nog 'n persoon glo dat daar te veel nadruk op kennis en te min op ontspanning gelê word, terwyl 'n ander een beweer dat die beweging te veel van 'n ontspanningsklub geword het met te min aandag aan die opleiding van ons kinders tot verantwoordelike leiers. Die Voortrekkers staan dan ook dikwels onder 'n te strenge voogdy. Hulle moet meer verantwoordelikheid dra en meer geleenthede geniet om self hul/.....

hul take te kies en deur te voer. Een van die offisiere beskou kursusse vir jong seuns en dogters om self spanne af te rig as 'n dringende behoefte. Daar is ook gekla oor die gebrek aan 'n duidelike beleid en 'n sentrale gedagte waardeur Voortrekker-werksaamhede gekoördineer kan word. Van die werksaamhede is gesê dat beginner-offisiere dikwels nie weet wat om te doen nie en ook nie weet waar om inligting te kry nie. Een persoon het gesê dat daar 'n behoefte bestaan aan 'n handleiding wat alles dek. Selfs ervare offisiere staan soms voor die vraag : „Wat moet ek vandag met my Voortrekkers doen.?” 'n Ander persoon het gekla omdat daar te min leiding deur sy provinsiekantoor gegee word. Meer persone het verwys na die gebrek aan leiding en één het aan die hand gedoen dat 'n rondreisende instrukteur in Voortrekkerwerk aangestel moet word om die nodige leiding te gee.

Ten slotte het een van die offisiere dit as 'n leemte beskou dat die Voortrekkerbeweging nie met ander bewegings op internasionale gebied skakel nie. As Scout was dit vir hom altyd 'n interessante gevoel om te weet dat hy aan 'n wêreldbeweging behoort. Die gevolg van die genoemde leemte is dat hoë Voortrekkeroffisiere soms skaam is om in uniform te reis.

Daar was ook 'n paar persone wat geen besware gehad het nie. Een van hulle woon op 'n dorp waar die beweging steeds groei, waar die kinders belang stel en waar die offisiere ywerig en getrou is. Nog een beweer dat 'n mens nie onmiddellik die gevolge sien van die mooi dinge waarmee jy besig is nie. Die suurdeeg werk stadig deur en die vrugte word later eers gepluk.

TABEL LIV

Persentasie-ontleding van Vraelys III Afd. A Vraag 10.

Kode	Tot. Aantal Ppe.	Antwoorde as 'n persentasie van die totaal									
		a	b	c	d	e	f	g	h	i	j
IIIT	122	12	74	53	11	2	8	13	3	9	29
IIIV	43	26	84	51	2	2	9	12	-	2	54
IIIK	59	12	83	49	7	-	7	12	3	5	39
IIIX	6	-	67	-	-	-	50	50	17	33	50
III	230	14	81	50	8	1	9	13	3	7	37
IIIa'	114	17	81	56	9	3	6	15	3	5	33
IIIb'	54	11	78	41	7	-	13	7	2	11	37
IIIc'	62	13	85	48	6	-	11	16	5	8	42
IIId'	23	13	65	61	4	-	4	4	-	9	30

Die tendens van die bestaande tabel is dat daar 'n ernstige gebrek aan doelgerigtheid by offisiere bestaan, asook 'n gebrek aan 'n duidelike program van aksie. Die tekort aan offisiere is ook deur baie offisiere beskou as 'n leemte in die Voortrekkerbeweging.

Vraelys III/.....

Vraelys III Afd. B Vraag 1.

Watter rang beklee u in die Voortrekkerbeweging?

- a) Kommandant. b) Onderkommandant. c) Distriksekretaris.
d) Veldkornet. e) Asst. Veldkornet. f) Adjudant.
g) Distriksbestuurslid. h) Geen rang.

.....
Die antwoorde word gegee met die oog op die tabel hieronder.
Dit kom nie op die vraelys voor nie.

TABEL LV.

Persentasie-ontleding van Vraelys III Afd. B Vraag 1.

Kode	Tot. Aan- tal Ppe.	Antwoorde as 'n persentasie van die totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	h
IIIT	122	25	11	2	38	22	9	2	-
IIIV	43	16	5	5	44	16	12	2	-
IIIK	59	14	10	3	44	26	5	-	-
IIIX	6	17	-	-	33	33	17	-	-
III	230	20	10	3	35	22	9	2	-
IIIa'	114	11	12	4	30	30	12	2	-
IIIb'	54	30	4	4	41	17	2	4	-
IIIc'	62	29	10	2	40	11	8	-	-
IIId'	23	9	-	4	39	13	22	-	-

Die tabel toon dat die meeste offisiere wat hierdie vraelys beantwoord het, die rang van Veldkornet besit het.

Vraelys III Afd. B Vraag 2.

Watter range het u in die verlede daarin beklee?

Dieselfde antwoorde as die op vraag 1.

Tabel LVI.

Persentasie-ontleding van Vraelys III Afd. B Vraag 2.

Kode	Tot. Aan- tal Ppe.	Antwoorde as 'n persentasie van die totaal							
		a	b	c	d	e	f	g	h
IIIT	122	11	8	7	38	34	30	8	4
IIIV	43	2	2	2	42	33	30	16	-
IIIK	59	2	7	15	17	21	31	2	36
IIIX	6	17	-	17	33	50	17	-	17
III	230	7	7	8	33	30	30	8	12
IIIa'	114	3	5	11	29	28	25	4	13
IIIb'	54	6	7	4	39	28	32	19	11
IIIc'	62	13	8	8	35	37	37	5	10
IIId'	23	-	-	-	17	17	4	-	61

Uit die tabel blyk dat dit vir 12 persent van die offisiere hul eerste ervaring van Voortrekkerwerk is. Die tabel toon/.....

toon egter nie hoe lank hulle nou al met hierdie werk besig is nie. Tabelle LV en LVI toon verder dat ons hier te doen het met persone uit al die offisiersrange van die Voortrekkerbeweging.

Vraelys III Afd. B Vraag 3.

Het u kennis van Voortrekkerwerk?

- a) Ja, ek was as kind/jeugdige self 'n Voortrekker.
- b) Ja, ek het 'n Voortrekkerleierskursus deurloop.
- c) Ja, ek het een of meer Voortrekkerkampe bygewoon.
- d) Ja, ek het baie gelees oor die Voortrekkerbeweging.
- e) Ja, ek kom dikwels met Voortrekkers in aanraking.
- f) Ja, ek woon dikwels Voortrekkerfunksies by.
- g) Ek het min kennis van die Voortrekkerbeweging.
- h) Ek het geen kennis van die Voortrekkerbeweging nie.

.....

'n Dame-offisier wat 3(h) onderstreep het, het bygevoeg dat sy wel geen kennis van die Voortrekkerbeweging het nie, maar dat sy vir baie jare aan die Girl Guides verbonde was. 'n ander persoon het gesê dat hy al sy kennis self opgelees het maar dat dit veels te min is om 'n goeie offisier te wees.

TABEL LVII.

Persentasie-ontleding van Vraelys III Afd. B Vraag 3.

Kode	Tot. Aantal Ppe.	Antwoorde as 'n persentasie van totaal							
		a	b	c	d	e	f	g	h
IIIT	122	53	50	84	73	80	78	5	-
IIIV	43	42	51	77	77	75	79	9	-
IIIK	59	44	32	68	78	63	61	14	2
IIIX	6	33	17	67	100	100	83	17	-
III	230	48	47	77	76	75	74	8	-
IIIa'	114	100	49	78	67	68	68	7	-
IIIb'	54	-	100	85	82	87	83	6	-
IIIc'	62	-	-	69	87	77	77	13	2
IIId'	23	-	-	-	-	-	-	57	43

Volgens die tabel lyk dit asof slegs 54 persone die leierskursus deurloop het. Dit is egter nie die geval nie. Daar was 109 persone wat die leierskursus deurloop het maar 55 van hulle was in hulle jeug Voortrekkers en is dus in die a'-groep geplaas. Verder toon die hoë persentasies in kolomme a tot f dat die offisiere wat die vraelys beantwoord het, 'n redelike goeie kennis van die Voortrekkerbeweging behoort te hê.

Vraelys III Afd. B Vraag 4.

Behoort u kinders aan die Voortrekkers (of het hulle daaraan behoort?)

- a) Ja.
- b) Nee.
- c) Ek het nie kinders wat daaraan kan behoort nie.

.....

Die/.....

Die woorde „wat daaraan kan behoort" het nie op die vraelys voorgekom nie. Dit is egter beskou dat alle persone wat kinders het wat om een of ander rede nie by die beweging kon aansluit nie, al wou hulle ook, c onderstreep het. Onder hierdie persone was 'n baie groot persentasie wie se kinders nog te jonk was. Van hierdie persone het telkens opgemerk dat hulle kinders later aangemoedig sal word om by die beweging aan te sluit. Een persoon het gemeld dat sy seun nog maar een jaar oud is en dat hy gedurig by die Voortrekkers is. Twee persone het gesê dat daar g'n beweging was waarby hulle kon aansluit nie en een dat vier van sy kinders Voortrekkers is.

TABEL LVIII.

Persentasie-ontleding van Vraelys III Afd. B vraag 4.

Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IIIT	122	28	1	69	2	IIIa'	114	19	-	75	5
IIIV	43	44	-	51	5	IIIb'	54	41	2	57	-
IIIK	59	29	-	68	3	IIIc'	62	48	-	50	2
IIIX	6	67	-	33	-	IIId'	23	26	-	65	9
III	230	52	-	64	3						

Daar was 7 persone (3% van 230) wat vraag 4 nie beantwoord het nie. As hulle buite rekening gelaat word, dan blyk dit dat, met een uitsondering, die kinders van die ofisiere orals waar dit moontlik is aan die Voortrekkerbeweging behoort.

Vraelys III Afd. B Vraag 5.

Indien wel, watter waarde het die beweging vir hulle gehad?

- Dit het beslis hulle kennis vermeerder.
- Dit het beslis 'n goeie invloed op hulle godsdienstige lewens gehad.
- Dit het beslis hulle verhouding teenoor ons as ouers verbeter.
- Dit het hulle sonder twyfel meer pligsgetrou gemaak.
- Dit het geleenthede gebied wat hulle anders nie sou gehad het nie.
- Dit het aan hulle gesonde ontspanning verskaf.
- Dit het hulle geleer om self leiding te gee en sake te reël.
- Dit het geen noemenswaardige invloed op hulle gehad nie.
- Dit het 'n nadelige invloed op hulle gehad. Uit/.....

Uit die tabel wat hieronder volg, sal dit blyk dat twee persone beweer het dat die beweging geen noemenswaardige invloed op hulle gehad het nie en twee dat dit 'n nadelige invloed gehad het. Laasgenoemde twee het geen rede vir hul bewering gegee nie maar eersgenoemde wel. Een het beweer dat deur die gedurige wisseling van offisiere „g'n blywende invloed bereik kon word nie" en 'n ander dat die kind nog te kort in die beweging is.

By die voordele in die vraag genoem is 'n paar deur proefpersone bygevoeg. Een persoon beweer dat die beweging die kinders „nasionaal oriënteer" en 'n ander een dat sy kinders - waarskynlik as gevolg van die invloed van die beweging - vandag optree as leiers. 'n Derde persoon het beweer dat sy kinders meer waarde aan die Voortrekkers heg as aan die bioskoop.

Hieronder volg nou 'n ontleding van vraag 5. Die totale dui die aantal persone aan wat vraag 4a) onderstreep het.

TABEL LIX

Persentasie-ontleding van Vraelys III Afd. B Vraag 5.

Kode	Tot. aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.								
		a	b	c	d	e	f	g	h	i
IIIT	34	62	56	41	76	74	82	94	6	-
IIIV	19	68	53	47	74	79	89	79	-	-
IIIK	17	65	41	29	65	65	71	88	-	12
IIIX	4	75	75	75	100	75	100	100	-	-
III	74	65	53	42	74	73	82	89	3	3
IIIa'	22	64	45	36	68	68	82	82	5	-
IIIb'	22	64	64	50	68	73	82	82	5	-
IIIc'	30	67	50	40	83	77	83	100	-	7
IIId'	6	-	-	-	33	50	50	-	-	-

Die tendens van die tabel is dat die Voortrekkerbeweging kinders leer om leiding te gee en dat dit aan hulle gesonde ontspanning verskaf. Die twee antwoorde wat die minste deur die offisiere onderskryf is, is dat die beweging die kinders se verhouding teenoor hulle ouers verbeter en dat dit 'n goeie invloed op hulle godsdienstige lewe het.

Vraag 6/.....

Vraclys III Afd. B Vraag 6.

As u kinders het wat die beweging verlaat het, waarom het hulle dit gedoen?

- (a) Hulle het uit eie beweging besluit om uit te tree.
- (b) Ek het hulle versoek om uit die beweging te tree.
- (c) Die offisier het hulle name gekrap.
- (d) Daar was nie(meer) Voortrekkers waaraan hulle kon behoort nie.
- (e) Hulle het die skool verlaat/ouderdomsgrens bereik.
- (f) Afstande en vervoermoeilikhede het dit onmoontlik gemaak.

.....

'n Aantal offisiere het bygevoeg dat hulle kinders vandag nog Voortrekkers is, hoewel hulle die skool lankal verlaat het, sommige as Staatmakers en die ander ook in die hoedanigheid van Voortrekkersoffisiere. Een persoon wat f hierbo onderstreep het, het bygevoeg dat hy ten spyte van die afstand wat hy moes aflê om Voortrekkerverrigtinge by te woon nog sou volgehou het as die Voortrekkeroffisier nie belangstelling verloor het nie. 'n Ander persoon het gesê dat sowel hy as sy kinders belangstelling verloor het.

TABEL LX.

Persentasie-ontleding van Vraclys III Afd. B Vraag 6.

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.						
		a	b	c	d	e	f	g
IIIT	18	39	-	11	-	45	6	-
IIIV	8	-	-	-	38	50	13	-
IIIK	6	17	-	-	-	83	-	-
IIIX	2	50	-	-	-	50	-	-
III	34	26	-	6	9	53	6	-
IIIa'	5	40	-	-	-	20	40	-
IIIb'	11	18	-	9	18	55	-	-
IIIc'	20	25	-	5	5	55	-	-
IIId'	1	-	-	-	-	100	-	-

Die tendens van bostaande tabel is dat die kinders van meer as die helfte van hierdie offisiere end uit Voortrekkers gebly het.

Vraclys III Afd. B Vraag 7.

As u kinders het of gehad het wat nie Voortrekkers is of was nie omdat u dit nie wou toelaat nie, waarom wou u nie?

(a)/.....

- (a) Omdat die beweging net hulle tyd mors of gemors het.
- (b) Omdat hulle te veel ander pligte het of gehad het.
- (c) Omdat hulle meer tyd aan skoolwerk moet of moes bestee.
- (d) Omdat hulle my na skool behulpsaam moet/moes wees.
- (e) Omdat ek dit nie kan/kon bekostig nie.
- (f) Omdat die beweging te veel van 'n politieke kleur het/gehad het.
- (g) Omdat ek prinsipiële besware daarteen het/gehad het.

.....

Aangesien daar net twee persone was wat vraag 7 beantwoord het, word hier g'n tabel gegee nie. Een offisier in die Transvaal wat 'n leierskursus deurloop het, het b, c en d onderstreep en een offisier in die IIIX c-groep het c onderstreep. Al opmerkings wat onder die vraag verskyn het, was deur persone wat voorstanders van die beweging was en wat hulle kinders geïnspireer het om daarby aan te sluit.

Vraelys III Afd. B Vraag 8.

Voldoen die Voortrekkerbeweging aan die eise wat u as gelowige aan so 'n beweging sou stel vir die opvoeding van u kind?

- (a) Ja, heeltemal. (b) Nie heeltemal nie. (c) Nee, hoegenaamd nie.
- (d) Ek kan/wil hierdie vraag nie beantwoord nie.

.....

TABEL LXI.

Persentasie-ontfleding van Vraelys III Afd. B Vraag 8.

<u>Kode</u>	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				<u>Kode</u>	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	d			a	b	c	d
IIIT	122	61	21	-	18	IIIa'	114	60	24	-	16
IIIV	43	65	26	-	9	IIIb'	54	74	17	-	9
IIIK	59	68	21	-	11	IIIc'	62	63	23	-	14
IIIX	6	83	17	-	-	IIId'	23	9	-	-	43
III	230	64	22	-	14						

Die tabel toon dat meer as die helfte van die offisiere heeltemal tevrede is met die beweging terwyl byna 'n kwart nie heeltemal tevrede is nie. Daar was niemand wat wou beweer dat die beweging hoegenaamd nie aan sy eise voldoen nie maar daar was 14 persent wat die vraag of onbeantwoord/.....

woord gelaat het, of gesê het dat hulle die vraag nie wil of kan beantwoord nie.

Vraelys III Afd. B Vraag 9.

As dit nie heeltemal daaraan voldoen nie, wat is u besware?

.....

Die belangrikste besware van persone aan wie se eise die beweging nie heeltemal voldoen nie, was van godsdienstige aard, en in hierdie verband is die meeste nadruk op Sabbatsontheiliging gelê. Volgens sommige proefpersone maak naweekkampe Sondagsarbeid dikwels noodsaaklik. Een persoon het gesê dat, hoewel dit die uitsondering is, die kampe selfs op Sondae opgebreek word. Een offisier meld dat die Voortrekkers by een van die groot Uniale saantrekke wat by bygewoon het, toegelaat was om Sondagmôre na afloop van die erediens te gaan swem - seuns en dogters deurmekaar. Nadat een van die offisiere beswaar gemaak het, is die Voortrekkers bymekaargeroep en is hulle vriendelik versoek om nie te gaan swem nie, aangesien dit sekere mense se gevoelens sou seer maak. En dan vra hy na aanleiding hiervan : „Gaan dit in 'n beweging wat werklik in die diepste van sy wese Christelik is, om die gevoel van die mens of om die gebod en die eer van God?" 'n Ander offisier vertel van sekere sogenaamde gewyde „spanitems" wat gedurende kompetisie kampe op Sondae gelewer is en wat volgens sy insig lasterlik was.

Verdere besware van godsdienstige aard was die volgende : Godsdienstplegtighede met kinders in die buitelug is dikwels onstigtelik ; die godsdienst kom nie tot sy reg in die beweging nie en die offisiere is dikwels nie gelowig nie; godsdienst is dikwels net 'n skyn en word gebruik om as 'n dekmantel vir dade te dien; die afhanklikheid van die mens van God, sy Skepper, word nie genoeg beklemtoon nie.

Verder is beweer dat die beweging nie sterk genoeg Calvinisties georiënteerd is nie, dat dit te sterk onder die invloed van een van ons Afrikaanse kerke staan, dat kerkparades nie by Voortrekkers tuishoort nie en dat dobbelspele nie op Voortrekkerfunksies toegelaat moet word nie. Die beweging is ook, volgens een van die proefpersone, te humanisties : sy hele inslag is mensgerig en nie Godegerig nie. En dan vervolg iemand anders: „As offisiere nie uit eie inisiatief godsdienst in die aktiwiteite invoer nie, wel, van outoriteitsweë geniet dit min aandag, ons toetse hou daarmee geen rekening nie en voorligtingstukke, ja alle amp telike voorskrifte bevat niks daarvan nie."

Daar/.....

Daar was ook prinsipiële besware van nie-godsdienstige aard. In hierdie verband het een van die proefpersone beweer dat die beweging soms "maywer verwek en 'n houding van "ek is beter as jy" kweek. Verskeie kere is melding gemaak van die swak dissipline in die beweging. Een offisier het dit as volg uitgedruk : „daar bestaan g'n dissipline nie en die kinders is te losbandig." 'n Paar persone het beweer dat die Voortrekkers net na plesier soek, en as hulle dit nie kan kry nie, bly hulle weg. Andere het gesê dat die beweging nie daarin slaag om die kinders te trek wat dit die nodigste het nie. Een persoon het oor die halfhartige belangstelling van die offisiere geklae en dan voeg hy daar by dat spanbyeenkomste dikwels gehou word net omdat dit gehou moet word en dat daar dan, as gevolg van 'n vae program van aksie, weinig vermag word. Meer persone het melding gemaak van die gebrek aan 'n definitiewe program en van die doelloosheid van die beweging. Een van die offisiere het egter erken dat die doel en strewe van die beweging baie goed is, maar ten spyte van alles - so het hy laat verstaan - „bly dit 'n halfhartige beweging."

'n Groot aantal proefpersone het laat deurskemer dat hulle geen beswaar teen die beweging as sodanig het nie maar dat dit die offisiere is wat nie aan hulle eise voldoen nie. By baie offisiere was daar 'n gebrek aan innerlike godsdienstige oortuiging en hulle voorbeelde kan nie altyd nagevolg word nie. Die onordelikheid en laksheid in die beweging is dikwels die gevolg van die onbekwaamheid en die gebrek aan belangstelling by die offisiere. Een proefpersoon het dit as volg uitgedruk : „Die meeste offisiere is te lui of te selfsugtig om op te offer en om die nodige kennis op te doen."

Die aandag is nog verder op besware teen Voortrekkerwerk en -praktyke gevestig. Die toetse wat afgelê moet word, is verouderd; die uniforms wat deur dogters gedra moet word, is nie mooi nie, daar is geen kenteken vir Bybelkennis nie, en beroepsvoorligting behoort ook gegee te word. Verder is beweer dat die inisiatief van die kind meer moet geld vanaf die Verkennerstadium. Daar is beswaar gemaak omdat die Verkenners nie voldoende geleentheid kry „om te toon of hulle eie sedelike oordeel reeds sterk fungeer nie."

Baie van die bewerings wat hierbo genoem is, is slegs deur een persoon gemaak ; andere is meer kere herhaal. Daar was verder ook opmerkings van minder ernstige aard wat nie hier herhaal word nie. Sommige van die offisiere het

van/.....

van die geleentheid gebruik gemaak om te benadruk dat hulle die volste vertrouwe in die beweging het en dat die beweging plaaslik aan hulle eise voldoen. 'n Paar keer is redes aan-gevoer waarom die proefpersone met die beweging tevrede is. Daar word egter geen volledige verslag van hierdie opmer-kings gegee nie omdat dit die doel van die vraag was om deur te dring slegs tot die prinsipiële besware wat soms teen die beweging ingebring word.

Vraelys III Afd. B Vraag 10.

Wat is volgens u mening die belangrikste take of doeleindes van die Voortrekkerbeweging?

- (a) Om die Voortrekkers weg te hou van allerlei kattekwaad.
- (b) Om die Voortrekkers aangenaam bewig te hou.
- (c) Om potensiële misdadigers onder goeie invloed te bring.
- (d) Om die Voortrekkers se kennis te vermeerder.
- (e) Om Voortrekkers hulle plig teenoor die samelewing te leer besef.
- (f) Om Voortrekkers die geleentheid te gee om hulle uit te lewe.
- (g) Om 'n organisasie te hê wat nuttige dienste kan lewer.
- (h) Om die kind in te skakel en vertrouwd te maak met ons volkskultuur.
- (i) Om sedelike verval en ontaarding teë te werk.

.....

Die opmerkings wat seker die meeste voorgekom het, wou te kenne gee dat die Voortrekkerbeweging hom daarop moes toelê om goeie en waardige Afrikaanse landsburgers te vorm en om leiers vir die toekoms voor te berei. Een van die proefpersone wou hê dat die burgers godsdienstig en nasionaal moes wees en 'n ander een dat Christelike en maatskaplike deugde aangekweek moes word. Nog 'n ander persoon het „onsselfsugtige diens aan land en volk" genoem. Een van die offisiere het dit as 'n taak van die Voortrekkerbeweging beskou om die Afrikaanse kind weg te hou van die Scout- en die Guide-beweging, waardeur hulle vir ons volk verlore sou gaan.

'n Tweede groep proefpersone wou deur die Voortrekkerbeweging sekere eienskappe by die kind ontwikkel. Dit moes dan die taak van die beweging wees om die kinders Christelik-nasionaal te maak en om aan hulle dissipline en kameraadskap te leer. Een persoon wou hê dat die beweging hulle moes leer om hulle maats- en hulle meerderes te respekteer. 'n Ander persoon het net „karakteropbouing" as die groot taak van die beweging gesien, en nog 'n ander een wou/.....

wou hê dat die Voortrekkerbeweging die kind 'n liefde vir die eie moes gee. Daar is na die wet en die belofte van die Voortrekkers verwys en een persoon het gesê: „Lees die doelstellings van die beweging. Dit is ook die strewe van elke Voortrekker." Nog een wou deur middel van die Voortrekkers aan die kind vertrouwe gee om voor mense op te tree. Een persoon het bygevoeg dat om hierdie take uit te voer, te veel van 'n getroude offisier verg. Soms word opoffering gedoen ten koste van huislike geluk.

TABEL LXII.

Persentasie-ontleding van Vraelys III Afd. B Vraag 10.

<u>Kode</u>	<u>Tot. aantal ppe.</u>	<u>Antwoorde as 'n % van totaal.</u>								
		a	b	c	d	e	f	g	h	i
IIIT	122	39	47	20	53	91	59	61	88	50
IIIV	43	58	49	21	72	93	65	63	91	56
IIIK	59	42	64	12	68	90	61	59	76	36
IIIX	6	67	67	33	50	100	83	67	83	50
III	230	44	58	18	60	91	61	61	85	47
IIIa'	114	48	61	18	60	95	58	57	84	50
IIIb'	54	33	61	26	59	89	72	72	83	48
IIIc'	62	45	50	13	63	87	58	58	89	42
IIId'	23	43	52	22	48	52	35	43	39	30

Die tendens van die tabel is dat die meeste offisiere dit as 'n taak van die Voortrekkerbeweging beskou om die kind sy plig teenoor die samelewing te leer beseef en om die kind in te skakel by en vertrouwd te maak met ons volkskultuur. Slegs 'n geringe persentasie het dit as die beweging se taak beskou om potensiële misdadigers onder goeie invloed te bring. Een het beweer dat dit wel deur sommige offisiere met sukses gedoen word en 'n ander een dat potensiële misdadigers tog nie by die beweging aansluit nie.

Vraelys III afd. B Vraag 11.

Watter twee van bogenoemdes beskou u as die heel belangrikste?

.....

Persone het gewoonlik die taak wat hulle bygevoeg het, beskou as die belangrikste een.

Tabel LXIII/.....

TABEL LXIII.

Persentasie-ontleding van Vraelys III Afd. B Vraag 11.

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.								
		a	b	c	d	e	f	g	h	i
IIIT	122	5	4	3	5	59	12	14	60	17
IIIV	43	7	7	2	9	61	21	9	51	21
IIIK	59	10	15	-	7	58	17	15	48	5
IIIX	6	17	-	17	17	83	17	17	33	-
III	230	7	7	3	7	60	15	13	54	14
IIIa	114	7	10	4	6	55	12	16	56	16
IIIb	54	7	4	2	6	69	22	4	46	17
IIIc	62	6	6	2	8	60	15	18	58	10
IIId	23	4	17	9	9	30	9	9	22	4

Weer is dit dieselfde twee take wat deur die meeste offisiere as die belangrikste beskou word. Daar was slegs 'n geringe 3 persent van die offisiere wat wou hê dat die Voortrekkerbeweging dit as sy doel moes stel om potensiële misdadigers onder goeie invloed te bring - nie een persoon in Kaapland nie. Die ooreenkoms tussen die groepe is weer soos voorheen opvallend.

IV. VRAELYSTE AAN DISTRIKSEKRETARISSE.

Daar is vraelyste uitgestuur aan alle Distriksekretarissee binne en buite die Unie. Van die 156 vraelyste wat terugontvang is, was 20 heeltemal onbeantwoord. Van die res was 13 afkomstig van persone met weinig kennis van die beweging. Daar was dus 123 vraelyste waarmee gewerk kon word. Vraelys IV Afd. A Vraag 1.

Wat is u beroep?

.....

Vir die doel van die ontleding van hierdie vraag sal van die volgende simbole gebruik gemaak word: (a) Onderwysers, (b) huisvrouens, (c) klerke, (d) ander beroepe wat nie meer as een keer elk voorkom nie.

Wat die kodenommers betref, word die aandag duidelikhedshalwe nogeens gewestig op die gebruik van 'n simbool soos IVV om „Distriksekretarissee in die Oranje-Vrystaat" voor te stel. Die „IV" staan vir „Distriksekretarissee en die „V" wat daarop volg vir „Oranje-Vrystaat". So sal VIX, 'n simbool wat later gebruik sal word, beteken ; „Volwassenes in ander provinsies".

Tabel LXIV/.....

TABEL LXIV.

Persentasie-ontleding van Vraelys IV Afd. A Vraag 1.

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	d			a	b	c	d
IVT	72	80	10	3	7	IVa'	64	75	14	5	6
IVV	15	87	13	-	-	IVb'	23	91	4	-	4
IVK	24	83	13	-	4	IVc'	36	78	14	-	8
IVX	12	50	25	8	17	IVd'	13	92	-	-	8
IV	123	79	12	2	7						

Die tabel toon dat onderwysers oorweldigend in die meerderheid was. Onder die „ander beroepe" wat in die tabel aangegee word, was daar een predikant, een boer, een sakeman en vyf ander persone.

Vraelys IV Afd. A Vraag 2(a) en 2(b)

Wat is die beroepe van u kommandant(e) en onderkommandant(e)?

.....

By die ontleding hiervan sal die volgende gebruik word: (a) Onderwysers, (b) predikante, (c) huisvrouens, (d) boere, (e) Klerke, (f) ander beroepe en (g) persone wat nie op die vraag geantwoord het nie. Laasgenoemde sluit ook kommando's in waar, soos deur die proefpersone vermeld is, die pos vakant was.

TABEL LXV.

Persentasie-ontleding van Vraelys IV Afd. A Vraag 2(a)^{en}(b)

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.								
		a	b	c	d	e	f	g	h	i
IVT	144	77	1	7	-	3	3	8	-	-
IVV	30	37	13	27	10	-	10	3	-	-
IVK	48	44	13	29	-	-	8	6	-	-
IVX	24	50	8	8	13	-	4	17	-	-
IV	246	63	5	14	2	2	5	8	-	-
IVd'	26	50	8	12	4	-	8	19	-	-

Die „ander beroepe" het die volgende ingesluit :
Sakemanne (2), Mediese dokters (2), 'n speurder, 'n verkeersbeampte, 'n apteker, 'n prokureur, 'n busbestuurder,
'n/.....

'n kroegman, 'n stadsraadslid, 'n sekretaris, 'n ketelmaker, 'n verpleegster en 'n assuransie-agent. Die tabel toon dat kommandante en onder-kommandante oorwegend onderwysers is en dat daar ook 'n taamlike gebruik van huisvrouens gemaak word.

Vraelys IV Afd. A Vraag 2(c)

Wat is die beroep van die veldkornette in u kommando?

.....

(Die simbole vir die antwoorde is dieselfde as in vraag 2(a) en (b))

Die vraag is in baie gevalle onduidelik beantwoord sodat daar dikwels nie vasgestel kon word hoeveel veldkornette daar in die kommando is nie of hoeveel van hulle onder 'n bepaalde beroepsgroep val nie. Daar was ook verskeie gevalle waar die aantal veldkornette wat wel aangedui is soos dit wil voorkom buite verhouding groot was in vergelyking met die aantal Voortrekkers wat in die volgende vraag aangegee word. Daarom is die aantal offisiere nie as uitgangspunt geneem nie maar die aantal kommando's waaraan die offisiere behoort.

Verder moet die aandag daarop gevestig word dat die aantal onderwysers wat as veldkornette aan 'n kommando verbonde was, gewoonlik twee of meer is. Daar was verskeie gevalle waar daar tot selfs 6 persone aangegee is. Dit was nie die geval met die ander beroepe nie. Behalwe in die geval van huisvrouens en studente, was daar alleen in enkele uitsonderlike gevalle meer as een persoon van dieselfde beroep aan 'n kommando verbonde.

Die gevolg hiervan is dat die persentasies in onderstaande tabel nie gebruik kan word om selfs naastenby 'n beeld te vorm van die verhouding tussen die aantal persone van 'n sekere beroep en die aantal onderwysers wat as veldkornette optree nie.

TABEL LXVI.

Persentasie-ontleding van Vraelys IV Afd. A Vraag 2(c)

<u>Kode</u>	Totale aantal kom- mando's	Antwoorde as 'n % van totaal.						
		a	b	c	d	e	f	g
IVT	72	97	-	23	-	7	28	-
IVV	15	100	-	7	-	-	7	-
IVK	24	96	-	29	-	12	29	-

TABEL LXVI (vervolg).

Kode	Totale aantal kom- mando's	Antwoorde as 'n persentasie van totaal						
		a	b	c	d	e	f	g
IVX	12	83	-	50	-	-	42	-
IV	123	96	-	25	-	7	25	-
IVd'	13	85	-	23	-	-	15	-

'n Nadere beskouing van kode-groep IV hierbo toon die volgende : Daar was 123 kommando's onder bespreking. Hiervan het 96 persent onderwysers, 25 persent huisvrouens, 7 persent klerke en 25 persent persone uit ander beroepe as Veldkornette gehad. 'n Verdere ontleding wat hier nie aangegee word nie, het aan die lig gebring dat ongeveer 50 persent van die 123 kommando's n t van onderwysers as Veldkornette gebruik gemaak het. Behalwe die beroepe wat genoem is, is gebruik gemaak van verpleegsters, ambagsmanne, sakemanne, prokureurs, sekretarisse, tegnici, elektrisi ns en studente. In 'n paar gevalle is selfs skoliere aangegee as die "beroep" van die Veldkornette.

Die tabel toon die geweldige rol wat die onderwysers as offisiere in die Voortrekkerbeweging speel en die gebruik wat daar van huisvrouens gemaak word. Daar was nie   n geval waar predikante of boere as Veldkornette opgetree het nie.

Vraelys IV Afd. A Vraag 3.

Hoeveel Voortrekkers en offisiere is daar in u kommando?

.....

In die tabel hieronder is van die volgende simbole gebruik gemaak : (a) aantal kommando's, (b) aantal bekwame offisiere, (c) aantal Voortrekkers, (d) gemiddelde aantal Voortrekkers per kommando, (e) gemiddelde aantal Voortrekkers per offisier. Die tabel gee dus werklike getalle en nie persentasies nie. Verder moet daarop gelet word dat die kode-groep d' in hierdie geval by die totaal ingesluit is.

TABEL LXVII

Ontleding van Vraelys IV Afd. A Vraag 3.

Kode	a	b	c	d	e	Kode	a	b	c	d	e
IVT	67	536	7,276	109	14	IVX	12	44	901	75	20
IVV	14	115	1,427	102	12	IVd'	12	65	688	57	16
IVK	23	202	2,016	88	10	Tot.	128	962	12,308	96	13

uit/.....

Uit die tabel blyk dat wat hierdie bepaalde kode-groepe betref, die Transvaalse kommando's met 'n gemiddelde van 109 Voortrekkers per kommando die grootste en die kommando's buite die Unie met 'n gemiddelde van 75 Voortrekkers per kommando die kleinste is. Wat offisiere betref, is die kommando's buite die Unie met 'n gemiddelde van 20 Voortrekkers per offisier die swaarste gelaai. Dan volg die Transvaal met 14 Voortrekkers per offisier, daarna die Oranje-Vrystaat met 12 per offisier en uiteindelik Kaapland met 10 per offisier. Dit moet in gedagte gehou word dat die vraag gestel was hoeveel „bekwame“ offisiere daar aan die kommando's verbonde was.

Vraelys IV Afd. A Vraag 4.

Hou u van die werk as Distriksekretaris?

(a) Ja, baie. (b) Nie veel nie. (c) Nee, hoegenaamd nie.

.....

Ongeveer een-derde van die Distriksekretaris se wat iets bygevoeg het, het gekla oor die gebrek aan tyd. 'n Paar het beweer dat die veelvuldige ander skoolverpligtinge en één dat sy eksterne studies dit moeilik maak om alles te behartig. Verskeie persone het gesê dat hulle geen hulp of aanmoediging kry nie, dat gewillige offisiere die werk ligter sou kon maak of dat hulle alles alleen moet doen. Een persoon is teen wil en dank in die beweging in gedwing en aan 'n ander een is die werk eenvoudig opgelê. Hy probeer egter om sy pligte getrou na te kom. Een persoon het die werk gedoen omdat niemand anders dit wou doen nie. In twee gevalle het die Distriksekretaris se verkies om self spanwerk te doen en in twee gevalle is beweer dat die betrokke proefpersone dubbele range beklee - in een geval ook as Onderkommandante en in albei gevalle as Veldkornet(te). Een proefpersoon kon nog nie oordeel nie. Hy was pas gekies. In één geval is gemeld dat die persoon as ouer die draer is van die Orde van die Vriend van die Voortrekkers.

TABEL LXVIII.

Persentasie-ontleding van Vraelys IV Afd. A Vraag 4.

Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IVT	72	65	26	3	6	IVa'	64	61	28	3	8
IVV	15	80	13	-	7	IVb'	23	87	9	-	4
IVK	24	63	38	-	-	IVc'	36	61	31	-	8
IVX	12	58	8	-	33	IVd'	13	46	31	15	8
IV	123	66	25	2	7						

Die/.....

Die tabel toon dat sowat twee-derdes van die Distriksekretarisse baie van die werk hou. Verder is dit opmerklik dat die persentasie van die persone wat 'n leierskursus deurloop het en wat van die werk hou, heelwat groter is as die persentasie van die wat geen leierskursus deurloop het nie. Wat persone betref wat hoegenaamd niks van die werk hou nie, kom die grootste persentasie voor in die Kode-groep wat nie veel van die beweging af weet nie.

Vraelys IV Afd. A Vraag 5.

Wat dink u van die toetse wat deur Voortrekkers afgelê moet word?

- (a) Sommige is te moeilik. (b) Sommige is te maklik.
- (c) Sommige is onprakties. (d) Sommige het g'n waarde nie.
- (e) Die kinders hou nie daarvan nie. (f) Daar is te veel
- (g) Hulle is nie gelykwaardig nie. keuse-toetse.
- (h) Dis hoog tyd dat hulle hersien sal word.

.....

Ongeveer veertien persent van die Distriksekretarisse wat deur byskrifte op die vraag gereageer het, het beweer dat hulle nie ten gunste van 'n „toetsafleêry” is nie. Een persoon het daarop gewys dat die doel wat daardeur beoog word, duideliker omskryf moet word, en een persoon het aan die hand gedoen dat die „toetse” deur „take” vervang sal word.

Vier Distriksekretarisse het te kenne gegee dat die toetse nie met die tyd tred gehou het nie. Die tyd van kleiosse het verander na die van ruimteskepe; 'n kind wil liever van 'n motorkar leer as van 'n ossewa. Die toetse is ook nie geskik vir stedelike gebiede nie. Vir die moderne kind moet die toetse in die gees van die tyd gestel word.

'n Verdere agt persone het beswaar gemaak teen die inhoud van die toetse. Die helfte van hierdie persone het dit gehad teen die praktyk om Voortrekkers onderskeidingstekens te gee vir dinge wat hulle in die skool geleer het. Sportprestasies behoort ook nie in aanmerking te kom nie. Die toetse moet in verband staan met die tipiese Voortrekkerwerk soos bv. toere, kamplewe ens. Een persoon het gesê dat die toetse so omvangryk is dat hulle 'n doel op sigself geword het. Nog 'n persoon het geklae oor die gebrek aan tyd en fasiliteite wat vir die toetse nodig is. Een persoon het beweer dat hulle goed is vir laerskoolleerlinge maar kinders aan die middelbare skool vind die toetse soms te eenvoudig, onprakties en kinderagtig.

'n/.....

'n Aantal proefpersone het verder hulle goedkru-
ring aan die bestaande toetse geheg. 'n Paar het gesê dat
die vraag of die kinders daarvan hou, afhang van hoe die
offisier dit aanpak. En al is sommige toetse moeilik, is
hulle geskik. Die kinders moet voel dat hulle hulself werk-
lik ingespan het vir die beloning wat hulle ontvang. Een
persoon het gesê dat die nuwe toetse in „Hou Koers" byval
sal vind. Sowe persone wou geen kommentaar lewer nie omdat
hulle geen kennis van die toetse het nie. Een van hierdie
persone het nog nooit 'n insae in die toetse gehad nie en
een het meegedeel dat hulle - waarskynlik hulle kommando -
nie toetse aflê nie.

TABEL LXIX.

Persentasie-ontleding van Vraelys IV Afd. A Vraag 5.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	h
IVT	72	15	18	43	25	17	18	15	58
IVV	15	27	13	40	20	13	13	27	47
IVK	24	21	42	25	21	17	4	4	42
IVX	12	17	8	42	17	25	8	25	33
IV	123	18	21	39	23	17	14	15	51
IVa'	64	17	27	44	25	20	13	14	55
IVb'	23	22	13	43	26	13	17	26	61
IVc'	26	17	17	28	17	14	14	11	39
IVd'	13	8	8	15	5	-	-	8	23

Die tabel toon die behoefte wat daar aan 'n her-
siening van die toetse bestaan het.

Vraelys IV Afd. A Vraag 6.

Wat dink u van die stelling: „Die dissipline van die bewe-
ging, soos dit by saamtrekke en kampe tot openbaring kom,
strek dit nie tot eer nie?

- (a) Dit is waar. (b) Dit is somtyds waar. (c) Dit is nie waar
(d) Dit is nie baie goed nie maar goed nie.
genoeg vir 'n nie-militêre beweging.

.....

Vier van die tien persone wat kommentaar gelewer
het, is tevrede met die dissipline van die beweging. Een
van hulle was nog altyd trots op die beweging en 'n ander
een/.....

een kon getuig dat die dissipline in sy kommando nog altyd goed was. Nog een het terloops die waarde beklemtoon wat kadette vir die seuns het. Hy het verder gesê dat die grootste Voortrekker-vakansiekamp van sy provinsie daar by hulle gehou is, en dat die dissipline uitstekend was. Hy het bygevoeg dat ons moet onthou dat die Voortrekkers in sommige opsigte wel semi-militêr is.

Vier persone het die teendeel beweer. Hulle wou 'n strenger dissipline hê. Een persoon het gesê dat hy nie 'n voorstander van militêre dissipline is nie maar dat hy ten minste ordelikheid wil hê. 'n Ander persoon het erken dat dit nie orals dieselfde is nie. By sommige kommando's is die dissipline goed. Nog 'n persoon het gesê dat offisiere soms 'n kamp of saamtrek nie goed beplan nie en dan loop dinge verkeerd.

Twee persone het nog nooit kampe bygewoon nie en kon dus g'n oordeel uitspreek nie.

TABEL LXX

Persentasie-ontleding van Vraelys IV Afd. A Vraag 6.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
IVT	72	8	28	38	22	4
IVV	15	-	40	47	20	-
IVK	24	4	33	21	25	17
IVX	12	-	17	33	42	8
V	123	6	29	35	24	6
IVa'	64	8	25	39	20	8
IVb'	23	-	30	48	26	-
IVc'	36	5	36	19	31	8
IVd'	13	8	8	38	38	8

Die tabel toon dat meer as een-derde van die proefpersone van mening is dat die dissipline van die beweging op een of ander tyd die beweging nie tot eer strek nie. Daar is egter ook net soveel persone wat die bewering verwerp.

Vraelys IV Afd. A Vraag 7.

Wat dink u van die stelling: „Die organisasie laat veel te wense oor as daar deur die beweging vir 'n groot onderneming gereël moet word?”

(a) Dit is waar. (b) Dit is somtyds waar. (c) Dit is nie waar nie.

Drie/.....

Drie persone het opmerkings bygeskrywe. Die één het geen ervaring gehad waardeur hy kon oordeel nie maar die ander twee het beweer dat dit nie waar was nie. Die een het gesê dat hy met 'n span aan 'n fakkelloop deelgeneem het en alles was puik. Die ander een het verwys na die suksesse wat met alle groot ondernemings in die verlede behaal is.

TABEL LXXI

Persentasie-ontleding van Vraelys IV Afd. A Vraag 7.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
IVT	72	4	30	63	-	3
IVV	15	-	33	60	-	7
IVK	24	8	38	50	-	4
IVX	12	-	31	69	-	-
IV	123	4	33	61	-	2
IVa'	64	3	31	63	-	3
IVb'	23	4	35	61	-	-
IVc'	36	5	33	58	-	3
IVd'	13	-	38	46	-	15

Alleen 'n klein persentasie het die bewering dat die organisasie van die beweging swak is, onderstreep. Die grootste gedeelte van die proefpersone het dit egter ontken.

Vraelys IV Afd. A Vraag 8.

Wat dink u van die stelling: „Die beweging word gedomineer deur 'n aantal persone wat nie altyd die nodige konsiderasie vir die ander offisiere en Voortrekkers oor die res van die land het nie? ”

(a) Dit is waar. (b) Dit is somtyds waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Daar was ses persone wat iets bygeskrywe het. Twee het die bewering ontken omdat die samewerking so ver as wat hulle kennis dra nog altyd baie goed was. Een persoon het gesê dat die beweging soveel tyd van die goeie offisier in beslag neem, dat daar geen tyd vir 'n private lewe oorbly nie. Die ander drie proefpersone het die bewering onderskryf met die verduideliking dat die lieiers nie altyd bewus is van plaaslike omstandighede nie, dat hulle nie altyd belang stel in wat in die uithoeke aangaan nie en dat hulle dikwels te idealisties is.

Tabel LXXII/.....

TABEL LXXII

Persentasie-ontleding van Vraelys IV Afd. A Vraag 8.

Kode	Tot. aan-tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				Kode	Tot. aan-tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IVT	72	8	21	61	10	IVa'	64	8	22	61	10
IVV	15	13	13	73	-	IVb'	23	13	26	57	4
IVK	24	4	8	71	17	IVc'	36	8	8	72	11
IVX	12	17	33	50	-	IVd'	13	-	23	69	8
IV	123	9	19	63	9						

Die tendens van die tabel is dat die bewering nie waar is nie. Aan die ander kant was daar 28 persent van die proefpersone wat óf beweer het dat dit waar is óf dat dit somtyds waar is.

Vraelys IV Afd. A Vraag 9.

Wat dink u van die stelling: „Die tipe uniform wat aan die Voortrekkers beskikbaar gestel is, het die beweging veel skande berokken.“

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Van die 24 persone wat kommentaar gelewer het, was daar 21 wat klagtes in verband met die uniform gehad het. Drie van hierdie persone het verwys na die swak uniform van die verlede. Dit was werklik 'n skande vir die beweging. Vier van hulle het beweer dat die materiaal van die uniform nog kan verbeter. Drie het beswaar gemaak teen die feit dat die materiaal en kleur van verskillende besendings verskil. Verder is van verskeie kante beweer dat die uniform te onprakties is. Sommige het gesê dat dit die seuns- en ander weer dat dit die dogtersuniform is wat nie prakties genoeg is nie. Een het gesê dat die seuns- uniform nie gewas kan word nie en dat die dogtersuniform te warm vir somersweer is. Een van die proefpersone skryf: „Ouers is kopsku om uniforms aan te koop want dit is soms so slordig gemaak. Die Draw-wertjierokke is van onvaste kleur en nie kreukeltraag nie. Hulle lyk gou slordig. Die messe is uiters swak en breek dadelik. Die kort broeke van velduniforms pas ook nie by volwasse mans nie.“ Verder het 'n hele aantal persone beswaar gemaak teen die koste wat aan die uniform verbonde is.

Dit/.....

Dit hou kinders van die beweging af.

Daar was drie persone wat tevrede was met die uniform. Die een het dit as pragtig bestempel. 'n Ander een het gesê dat ons 'n mooi uniform het en dat ons trots is daarop en die derde een dat die uniform baie deftig is vir kinders.

TABEL LXXIII

Persentasie-ontleding van Vraelys IV Afd. A Vraag 9.

Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IVT	72	3	21	71	5	IVa'	64	3	20	75	2
IVV	15	7	27	67	-	IVb'	23	4	22	70	4
IVK	24	8	13	71	8	IVc'	36	8	25	61	5
IVX	12	7	36	57	-	IVd'	13	-	15	77	8
IV	123	5	22	70	3						

Die tendens van die tabel is dat die beweging geen skade gely het as gevolg van die uniform nie. Daar is egter ook 'n groep persone, 27 persent van die Distriksekretaris, wat beweer dat dit die geval was, al was dit dan ook maar net ten dele.

Vraelys IV Afd. A Vraag 10.

Wat beskou u as die grootste innerlike leemtes of swakhede van die Voortrekkerbeweging?

- (a) Die beweging openbaar geen lewenskrag nie.
- (b) Daar bestaan 'n ernstige gebrek aan doelgerigtheid by offisiere.
- (c) Daar bestaan 'n ernstige gebrek aan 'n duidelike program van aksie.
- (d) Die beweging hou hom besig met werksaamhede wat g'n waarde het nie.
- (e) Dit lê te veel nadruk op dit wat van praktiese waarde is.
- (f) Dit lê te veel nadruk op dit wat vir die kinders aange naam is.
- (g) Dit volg verkeerde of onsielkundige metodes.
- (h) Daar is 'n gebrek aan voldoende leiding van die kant van die hoofkantoor.
- (i) Die organisasie is vanuit hoofkantoor nie wat dit moet wees nie.
- (j) Daar is 'n gebrek aan dissipline by offisiere en Voortrekkers.

.....
ongeveer/.....

Ongeveer die helfte van die 42 persone wat opmerkings onderaan die vraag bygevoeg het, het gehandel oor die Voortrekkeroffisiere. Daar was veral drie besware in verband met die offisiere : 'n tekort aan offisiere, onbekwaamheid van offisiere en gebrek aan belangstelling by offisiere. Daar is herhaaldelik gewys op die feit dat persone buite die onderwys nie gevind kan word nie en dat die Voortrekkerwerk dan op die onderwyser afgedwing word sonder om te vra of hy daarvoor bevoeg is en of hy daarin belang stel. So'n toestand is ongesond, so word beweer, omdat die hele sukses van die beweging net van die bekwaamheid en die gesindheid van die onderwyser afhang. 'n Paar persone het gesê dat die onderwysers oor die algemeen gewillig en selfs geesdriftig sou wees om die werk te doen, maar dat hulle nie genoeg kennis daarvoor besit nie. Aan die ander kant het één van die proefpersone beweer dat daar te veel laksheid by offisiere is. As daar gewerk moet word, is daar altyd 'n verskoning. Een persoon het die getal offisiere wat werklik in die beweging belang stel op „baie min" gestel. Die meeste van hulle doen die werk net omdat hulle verplig word om dit te doen.

Die beswaar teen die onderwyser as Voortrekkeroffisier lei tot 'n tweede probleem : die verhouding tussen die beweging en die skool. Daar was 'n hele aantal Distriksekretarisse wat hulle hieroor uitgespreek het, en dit lyk asof die algemene gevoel is dat die beweging los moet staan van die skool en dat hy sy offisiere uit die breë lae van die volk moet trek. Daar was nie een wat aan die hand gedoen het hoe die offisiere „uit die breë lae van die volk" verkry moet word nie. Die onderwyser - so is telkens beweer - voer 'n skoolatmosfeer in die beweging in en Voortrekkerwerk behoort nie as 'n buitemuurse aktiwiteit van die skool beskou te word nie. Een Distriksekretaris, wie se kommando drie verskillende skole bedien en wat dus weet wat aangaan, het gesê: „Die hoofde van skole is die oorsaak dat die beweging ontaard in 'n buiteskoolse aktiwiteit, omdat hulle die eer van die kommando as eer van die skool wil toeëien."

Daar was net drie aanbevelings in verband met hierdie offisiere-probleem. Die eerste persoon het gesê dat daar meer gereelde kursusse vir die opleiding van offisiere behoort te wees. As hulle genoeg kennis besit, sal die offisiere geesdriftig wees om die werk te doen. Die tweede persoon het beweer dat Voortrekkeroffisiere, net soos sportafrigters, aan kolleges en universiteite 'n deeglike opleiding in Voortrekkerwerk behoort te ontvang. Die moeilikheid lê daarin dat die offisiere nie opgelei is nie. Die derde
persoon/.....

persoon het beweer dat die kommando's te veel aan hulle lot oorgelaat word en dat 'n rondreisende organiseerder aangesel behoort te word.

Behalwe die tekort aan offisiere, was daar ook ander moeilikhede waarmee kommando's te kampe gehad het. Die eerste probleem staan ook in verband met die skool. In die geval van die grotere kinders weet die offisiere gewoonlik nie hoe om hulle besig te hou nie. Die toetse - so is meermale beweer - pas nie by die leerlinge van die middelbare skool nie. Verder is gekla oor die onbekombaarheid van spankamers, wat 'n absolute vereiste is, oor die gebrek aan geskikte lektuur wat, as dit nog bestaan, nie bekostig kan word nie en oor die feit dat programme vir feesgeleenthede die kommando's hopeloos te laat bereik.

Tot dusver was die probleme heel prakties van aard. Daar is egter ook gewys op innerlike leemtes in die beweging. In die eerste plek is daar gewys op die onduidelikheid van die doelstelling van die beweging en die daarmee gepaard gaande gebrek aan 'n duidelike program van aksie. Een van die Distriksekretarisse het bygevoeg dat die tipe werk wat gedoen word, van so 'n aard is dat die beweging enige naam kon gedra het - so min is die ooreenkoms tussen die naam van die beweging en sy strewe. Verder is gesê dat die beweging nie dit aan die kind bied waaraan hy behoefte het nie. Een persoon beweer dat die kinders 'n afsku aan sekere toetse het, veral die wat leerwerk vereis. Die toetse het ook nie altyd waarde vir die Voortrekkers nie. Verder lei die onbevoegdheid van offisiere daartoe dat spanwerk nie altyd geslaagd is nie en dat onsielkundige werkmodes toegepas word. Die beweging is oorgeorganiseer en effens ingewikkeld, veral vir nuwe, oningeleide offisiere. Daar is soms 'n gebrek aan dissipline, maar dit hang van die offisiere af. Een persoon sê van die beweging: „Dit is te half-militêr, half-kultureel en derhalwe 'n halwe sukses. Die Voortrekkerleiers is nie altyd seker wat kultuur is nie." Die gebrek aan belangstelling in die beweging is ook 'n paar keer genoem. In hierdie verband beweer een van die Distriksekretarisse dat die publiek nie lus vir die beweging het nie behalwe as die onderwyser dit vir hulle op 'n skinkbord aanbied. Ten slotte is gewys op die tydgees waarin ons lewe en wat die Voortrekker-saak vir die kind onbelangrik maak. Selfs ons volwassenes is in alles gemaksugtig en ons is onwillig om ons eie gerief op te offer ter wille van plig.

TABEL LXXIVPersentasie-ontleding van Vraelys IV Afd. A Vraag 10.

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.								
		a	b	c	d	f	g	h	i	j
IVT	72	17	75	54	8	8	10	5	5	38
IVV	15	13	87	53	7	13	20	-	-	27
IVK	24	13	75	50	8	4	8	4	4	29
IVX	12	-	67	42	8	17	8	33	8	42
IV	123	14	76	52	8	9	11	7	5	35
IVa'	64	16	77	56	8	8	11	3	5	41
IVb'	23	9	74	61	13	4	17	17	9	35
IVc'	36	14	75	39	5	14	5	8	3	25
IVd'	13	23	54	85	8	8	8	8	-	38

Daar is, volgens bostaande tabel, drie belangrike leemtes in die Voortrekkerbeweging. Die leemtes is, in volgorde van belangrikheid; 'n ernstige gebrek aan doelgerigtheid by offisiere; 'n ernstige gebrek aan 'n duidelike program van aksie en 'n gebrek aan dissipline by offisiere en Voortrekkers. Die twee bewerings wat oor die algemeen baie min onderskryf is, is dat daar iets verkeerd is met die leiding of die organisasie van die hoofkantoor. Die tekort aan offisiere is nie deur die proefnemer as een van die moontlike leemtes onderaan vraag 10 aangegee nie, omdat hy dit meer as 'n praktiese vraagstuk beskou.

Vraelys IV Afd. B Vraag 1.Watter rang bekleed u in die Voortrekkerbeweging?

- (a) Kommandant. (b) Onderkommandant. (c) Sekretaris.
 (d) Veldkornet. (e) Asst. Veldkornet. (f) Adjudant.
 (g) Distriksbestuurslid. (h) Geen rang.

.....

Die range is nie op die vraelys aangegee nie. Dit word hier gegee ter wille van tabelle LXXV en LXXVI op pag. 167. Dit spreek natuurlik vanself dat nie een van die Distriksekretaris die (g) of die (h) as antwoord op Vraag 1 sou onderstreep nie.

TABEL LXXV/.....

TABEL LXXVPersentasie-ontleding van Vraelys IV Afd. B Vraag 1.

<u>Kode</u>	<u>Totale aantal ppe.</u>	<u>Antwoorde as 'n % van totaal.</u>					
		a	b	c	d	e	f
IVT	72	3	5	100	38	15	3
IVV	15	-	-	100	33	20	-
IVK	24	-	-	100	33	8	8
IVX	12	17	-	100	33	17	-
IV	123	3	3	100	36	15	3
IVa'	64	3	2	100	33	14	5
IVb'	23	-	-	100	43	26	4
IVc'	36	5	8	100	36	8	-
IVd'	13	8	-	100	15	15	15

Soos die tabel aantoon, beklee sommige van hierdie persone 'n dubbele rang.

Vraelys IV Afd. B Vraag 2.

Watter range het u in die verlede daarin beklee?

(Dieselfde as in die geval van vraag 1.)

.....
Een van die Distriksekretarisse het gesê dat hy voorheen 13 jaar lank 'n provinsiale hoofleier van die Hitler Jugend in Duitsland was.

TABEL LXXVIPersentasie-ontleding van Vraelys IV Afd. B Vraag 2.

<u>Kode</u>	<u>Tot. aan- tal ppe.</u>	<u>Antwoorde as 'n % van totaal.</u>							
		a	b	c	d	e	f	g	h
IVT	72	1	7	5	33	38	21	13	18
IVV	15	-	-	13	27	80	33	7	-
IVK	24	13	4	21	25	33	17	13	4
IVX	12	-	-	8	33	25	-	-	33
IV	123	3	5	10	31	41	20	11	15
IVa'	64	2	2	13	33	41	27	10	13
IVb'	23	9	-	4	17	57	13	4	22
IVc'	36	3	14	8	36	31	11	17	14
IVd'	13	-	-	15	-	15	23	-	38

Vraelys IV Afd. B Vraag 3.

Het u kennis van die Voortrekkerbeweging?

(a) Ja, ek was as kind/jeugdige self 'n Voortrekker.

(b) Ja, ek het 'n Voortrekkerleierskursus deurloop.

(c)/.....

- (c) Ja, ek het een of meer Voortrekkerkampe bygewoon.
 (d) Ja, ek het baie gelees oor die Voortrekkerbeweging.
 (e) Ja, ek kom dikwels met Voortrekkers in aanraking.
 (f) Ja, ek woon dikwels Voortrekkerfunksies by.
 (g) Ek het min kennis van die Voortrekkerbeweging.
 (h) Ek het geen kennis van die Voortrekkerbeweging nie.

.....

Een persoon het bygevoeg dat hy hoegenaamd geen kennis van die beweging gehad het toe hy as Voortrekkerbiffisier begin het nie.

TABEL LXXVII

Persentasie-ontleding van Vraelys IV Afd. B Vraag 3.

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	h
IVT	72	51	60	78	74	80	78	10	
IVV	15	60	60	93	73	60	60	7	
IVK	24	50	8	63	83	83	67	13	
IVX	12	58	8	58	92	100	92	25	
IV	123	53	45	75	75	80	75	11	
IVa'	64	100	49	80	72	80	69	3	
IVb'	23	-	100	91	83	91	87	13	
IVc'	36	-	-	55	83	75	79	25	
IVd'	13	-	-	-	-	8	15	77	23
IVe'	20	-	-	-	-	-	-	-	-

Van die 64 persent in die kodegroep IVa', was daar 32 wat die leierskursus deurloop het. Die totale aantal persone wat 'n leierskursus deurloop het was dus 55, wat gelyk staan met 45 persent van die totale aantal proefpersone. Dit is verder opmerklik hoe 'n groot persentasie persone wat Voortrekkers was of 'n leierskursus deurloop het of baie met die Voortrekkers in aanraking kom, sê dat hulle weinig kennis van die beweging het.
Vraelys IV Afd. B Vraag 4.

Behoort u kinders aan die Voortrekkerbeweging of het hulle daaraan behoort?

- (a) Ja. (b) Nee. (c) Ek het geen kinders (wat daaraan kan behoort nie.)

.....

Die woorde „wat daaraan kan behoort" het nie op die oorspronklike vraelys voorgekom nie. Alle persone wie se kinders om een of ander rede nie by die beweging kon aansluit nie, is egter onder hierdie antwoord ingeskuide.

Onder/.....

Onder hulle was 'n groot aantal wie se kinders nog te klein was en een waar die afstande dit onmoontlik gemaak het om sy kind daaraan te laat behoort.

TABEL LXXVIII.

Persentasie-ontleding van Vraelys IV Afd. B Vraag 4.

Kode	Tot. aan-tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				Kode	Tot. aan-tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IVT	72	38	-	61	1	IVa'	64	33	-	66	2
IVV	15	33	-	67	-	IVb'	23	48	-	52	-
IVK	24	42	-	58	-	IVc'	36	47	-	53	-
IVX	12	58	-	42	-	IVd'	13	46	-	54	-
IV	123	40	-	59	1						

Die tabel toon dat daar nie een Distriksekretaris was wie se kinders sonder 'n werklike baie gegronde rede nie aan die Voortrekkerbeweging behoort het nie. Dit moet egter nie beskou word dat al die kinders van so 'n persoon aan die beweging behoort het nie. Dit het geblyk dat persone van wie net sommige kinders aan die beweging behoort het, ook a onder-streep het.

Vraelys IV Afd. B Vraag 5.

Indien wel, watter waarde het die beweging vir hulle gehad?

- (a) Dit het beslis hulle kennis vermeerder.
- (b) Dit het beslis 'n goeie invloed op hulle godsdienstige lewe gehad.
- (c) Dit het beslis hul verhouding teenoor ons as ouers verbeter.
- (d) Dit het hulle sonder twyfel meer pligsgetrou gemaak.
- (e) Dit het geleenthede gebied wat hulle anders nie sou gehad het nie.
- (f) Dit het aan hulle gesonde ontspanning verskaf.
- (g) Dit het hulle geleer om self leiding te gee en sake te reël.
- (h) Dit het geen noemenswaardige invloed op hulle gehad nie.
- (i) Dit het 'n nadelige invloed op hulle gehad.

.....

Tabel LXXIX op pag. 170 toon 'n ontleding van die antwoorde op vraag 5. Die totale in die tabel toon die getal persone wat (a) in vraag 4 onderstreep het, d.w.s. die getal persone van wie die kinders aan die Voortrekkerbeweging behoort of behoort het.

Tabel LXXIX/.....

TABEL LXXIX.

Persentasie-ontleding van Vraelys IV Afd. B Vraag 5.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.								
		a	b	c	d	e	f	g	h	i
IVT	27	63	33	33	59	85	89	59	11	-
IVV	5	100	80	60	80	100	100	100	-	-
IVK	10	40	20	20	50	70	60	50	20	-
IVX	7	86	57	57	71	71	86	43	-	-
IV	49	65	39	37	61	82	84	59	10	-
IVa'	21	67	38	38	52	76	71	48	10	-
IVb'	11	73	45	45	82	82	100	82	9	-
IVc'	17	59	35	29	59	88	88	59	12	-
IVd'	6	67	33	50	50	83	83	17	-	-

Twee persone het gereageer. Een persoon het bewe-
eer dat die groot saamtrekke waaraan sy kinders deelgeneem
het, 'n selfstandigheidsgevoel by hulle ontwikkel het. Die
ander persoon het gesê dat dit moeilik is om vas te stel
watter invloed dit op hulle godsdienstige lewe gehad het,
aangesien hulle tuis baie godsdienstig opgevoed word.

Volgens die tabel was daar twee bewerings wat
veral baie deur die proefpersone onderskryf is : dat die
beweging gesonde ontspanning verskaf en dat dit buitengewo-
ne geleenthede bied. Die drie bewerings wat in belangrik-
heid daarop volg is : dit vermeerder hulle kennis, dit maak
hulle pligsgetrou en dit leer hulle om leiding te gee.
Daar was vyf persone wat beweet het dat die beweging geen
noemenswaardige invloed op hulle kinders gehad het nie. Een
het verduidelik dat dit as gevolg van 'n gebrek aan belang-
stelling so was. Spankamers was onbekombaar en hulle of-
fisier het g'n kennis van die werk gehad nie.

Vraelys IV Afd. B Vraag 6.

As u kinders het wat die beweging verlaat het, waarom het
hulle dit gedoen?

- (a) Hulle het uit eie beweging besluit om uit te tree.
- (b) Ek het hulle versoek om uit die beweging te tree.
- (c) Die offisier het hulle name geskrap.
- (d) Daar was nie(meer) Voortrekkers waaraan hulle kon be-
hoort nie.
- (e) Hulle het die skool verlaat/ouderdomsgrens bereik.
- (f) Afstande en vervoermoeilikhede het dit onmoontlik gemaak.

TABEL LXXX

Persentasie-ontleding van Vraelys IV Afd. B Vraag 6.

<u>Kode</u>	<u>Totale aantal ppe.</u>	<u>Antwoorde as 'n % van totaal.</u>						
		a	b	c	d	e	f	g
IVT	14	21	-	7	21	36	14	-
IVV	3	-	-	-	-	100	-	-
IVK	5	40	-	-	-	40	20	-
IVX	2	50	-	-	50	-	-	-
IV	24	25	-	4	17	42	13	-
IVa'	4	25	-	-	50	25	-	-
IVb'	11	18	-	9	9	55	9	-
IVc'	9	33	-	-	11	33	22	-
IVd'	6	-	-	-	17	83	-	-

Daar was net twee persone wat ander redes bygevoeg het waarom hulle kinders die beweging verlaat het. Die één het gesê dat sy kinders nie meer lus daarvoor gehad het nie, want hulle wou net gedurig uitkamp en uitstappies hê. Die ander persoon het gesê dat sy dogter in St. 7 uitgetree het omdat haar maats uit die beweging bedank het.

Uit die tabel blyk dit dat 75 persent van die proefpersone se kinders die beweging verlaat het as gevolg van omstandighede buite hulle beheer. Vyf-en-twintig persent se kinders het uit eie beweging uitgetree en nie één van hulle het hulle kinders versoek om uit te tree nie.

Vraelys IV Afd. B Vraag 7.

As u kinders het of gehad het wat nie Voortrekkers is of was nie omdat u dit nie wou toelaat nie, waarom wou u nie?

.....

Daar was net twee persone wat die vraag beantwoord het. Die één het gesê dat hy self nie sulke kinders het nie, maar dat hy dikwels gehoor het dat baie van sy mede-onderwysers beweer dat die beweging net die kinders se tyd mors en dat dit 'n politieke kleur het. Hy self kan nie instaan vir die waarheid daarvan nie. Die ander persoon het beweer dat die beweging die kinders se tyd mors en dat hulle buitendien te veel ander verpligtinge gehad het.

Vraelys IV Afd. B Vraag 8.

Voldoen die Voortrekkerbeweging aan die eise wat u as gelowige aan so 'n beweging sou stel vir die opvoeding van u kind?

(a)/.....

- (a) Ja, heeltemal. (b) Nie heeltemal nie. (c) Nee, hoegenaamd nie.
(d) Ek wil/kan hierdie vraag nie beantwoord nie.

.....

Persone wat die vraag nie beantwoord het nie, is onder die „d" ingeskuif. Hieronder volg 'n ontleding van die antwoorde op die vraag, waaruit blyk dat die meeste Distriksekretarisse heeltemal tevrede was, terwyl 'n klein minderheid hoegenaamd nie tevrede was nie. Daar was 13 persent wat nie bereid was om op die vraag te antwoord nie.

TABEL LXXXI

Persentasie-ontleding van Vraelys IV Afd. B Vraag 8.

Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	d			a	b	c	d
IVT	72	67	21	1	11	IVa'	64	70	20	-	10
IVV	15	60	20	-	20	IVb'	23	65	13	-	22
IVK	24	75	8	-	17	IVc'	36	64	19	3	14
IVX	12	67	25	-	8	IVd'	13	69	-	-	31
IV	123	67	19	1	13						

Vraelys IV Afd. B Vraag 9.

As dit nie heeltemal daaraan voldoen nie, wat is u besware?

.....

Al die besware wat voorheen reeds teen die offisiere ingebring is, is hier oor en oor herhaal. Verder is beweer dat die beweging nie sy doel bereik nie omdat die samewerking van die ouers nie verkry kan word nie. Dan is daar ook gekla oor die gebrek aan eenvormigheid in die „werkskemas". Een persoon het gesê dat die opvoedkundige in die „handboeke" verwaarloos word. Daar is verskeie kere melding gemaak van die gebrek aan tyd en een persoon het die behoefte aan spankamers beklemtoon.

Behalwe hierdie meer praktiese besware is daar ook op godsdienstige en ander faktore van prinsipiële aard gewys, waardeur die beweging nie ten volle aan die eise van die proefpersone voldoen nie. Een persoon het gesê dat die beweging sy Calvinistiese beginsels nie in alle opsigte uit-leef nie. Verder is beweer dat die ware godsdiens slegs 'n minderwaardige rol in die beweging speel terwyl vormgodsdiens aan die orde van die dag is. Daar word ook te min

klem/.....

klem gelê op die Godsbestaan in ons land en die Christelike roeping van die Voortrekkerkind. 'n Paar persone het dit teen kerkparades gehad. „Kerkparades“, so het een persoon dit uitgedruk, „is Voortrekker - en nie Godsverheerliking nie.“ Daar is ook beswaar gemaak teen die sogenaamde Voortrekkersondae : Alle Sondae en alle eredienste is gelykwaardig. Verder is die opening met Skriflesing en gebede nie altyd die gevolg van 'n diepgevoelde behoefte nie. Dit is dikwels 'n blote formaliteit. Een persoon het gesê dat die Voortrekkergees sedert 1939 vervlak het en dat vertoon die hoofsaak geword het. 'n Paar persone het gekla oor die laksheid in die beweging en een het beweer dat dit by die dag toeneem.

Vraelys IV Afd. B Vraag 10.

Wat is volgens u mening die belangrikste take of doeleindes van die beweging?

- (a) Om die Voortrekkers weg te hou van allerlei katterkwaad.
- (b) Om die Voortrekkers aangenaam besig te hou.
- (c) Om potensiële misdadigers onder goeie invloed te bring.
- (d) Om die Voortrekkers se kennis te vermeerder.
- (e) Om die Voortrekkers hulle plig teenoor die samelewing te leer besef.
- (f) Om die Voortrekkers die geleentheid te gee om hulle uit te lewe.
- (g) Om 'n organisasie te hê wat nuttige dienste kan lewer.
- (h) Om die kind in te skakel en vertrouwd te maak met ons volkskultuur.
- (i) Om sedelike verval en ontaarding tē te werk.

.....

'n Paar persone het die Christelik-kulturele of die Christelik-nasionale grondslag wat deur die beweging gelê moet word, benadruk. Een persoon wou hê dat die mooiste eienskappe van ons Voortrekkerhelde nagestrewes moes word en 'n ander een dat die karaktereienskappe wat deur die Voortrekkerwet voorgelê word, by ons kinders aangekweek moes word. Verder is beweer dat dit die taak van die beweging is om die sedelike peil te verhoog, om van die Voortrekker 'n beter en doelgerigter mens te maak en om gesonde gewoontes by hom aan te kweek. Die beweging moet ook die kind se kennis vermeerder deur aan hom te gee wat die skool nie kan bied nie, want - het een persoon bygevoeg - „kennis is mag.“ Een persoon het gesê dat dit waar is dat die beweging potensiële misdadigers onder goeie invloed moet bring, maar dit geld eintlik net in die stede ; twee persone het dit ontken,

omdat/.....

omdat die beweging hulle tog nie trek nie. Verder is die aankweek van 'n gesonde spangees 'n paar keer genoem en een persoon het bygevoeg dat die beweging in 'n behoefte moet voorsien wat andersins deur die „Gang“ gedoen sou word.

Wat die inskakeling by die volkskultuur betref, het 'n paar persone te kenne gegee dat dit 'n baie belangrike of miskien die belangrikste taak van die Voortrekkerbeweging is. Een persoon het bygevoeg dat die doel van die beweging moet wees: „volkskultuur en -godsdienst.“ 'n Ander een het gesê dat die ander take belangrik is maar dat almal moet saamwerk om h' te bereik. Een van die Distriksbestuurslede wou hê dat die beweging by die kind 'n onverwoesbare liefde teenoor sy volk, sy vaderland en sy taal moes aankweek, en 'n ander een het beweerd dat dit die taak van die beweging is om leiers te vorm deur aan die kind die geleentheid te gee om leiding te neem.

TABEL LXXXII

Persentasie-ontleding van Vraelys IV Afd. B Vraag 10.

<u>Kode</u>	Tot. aant. ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.								
		a	b	c	d	e	f	g	h	i
IVT	72	50	68	21	63	93	69	68	86	65
IVV	15	40	73	7	60	87	67	73	80	47
IVK	24	46	79	13	71	88	75	63	75	58
IVX	12	33	58	25	58	83	50	58	92	50
IV	123	46	70	18	63	90	68	67	84	60
IVa'	64	45	72	17	72	89	66	67	88	53
IVb'	23	39	78	22	52	96	83	74	87	83
IVc'	36	53	61	17	55	89	64	61	75	58
IVd'	13	46	46	31	62	85	46	69	69	54

Die tabel toon dat verreweg die meeste hoofde meen dat dit een van die belangrikste take van die Voortrekkerbeweging is om die Voortrekkers te leer om hulle plig teenoor die samelewing te besef en om hulle in te skakel by ons volkskultuur. Die twee antwoorde wat die minste onderskryf is, is die wat beweerd dat dit die taak van die beweging is om kinders weg te hou van allerlei kattenkwaad en om potensiële misdadigers onder goeie invloed te bring.

Vraelys IV Afd. B Vraag 11.

Watter twee van bogenoemdes beskou u as die heel belangrikste?

.....

Die meeste persone wat ander take onderaan die vraag bygevoeg/.....

bygevoeg het, het daardie take as die belangrikste beskou.

TABEL LXXXIII

Persentasie-ontleding van Vraelys IV Afd. B Vraag 11.

Kode	Tot. aan- tal Ppe.	Antwoorde as 'n persentasie van die totaal.								
		a	b	c	d	e	f	g	h	i
IVT	72	7	11	1	4	63	13	10	55	13
IVV	15	20	-	-	7	53	27	13	47	20
IVK	24	8	21	-	4	50	21	17	46	17
IVX	12	-	8	-	17	67	17	8	58	8
IV	123	8	11	1	6	59	16	11	53	14
IVa'	64	6	10	2	3	60	11	10	55	13
IVb'	23	4	13	-	9	65	17	9	48	13
IVc'	36	14	14	-	8	55	25	17	53	17
IVd'	13	15	-	8	8	46	31	15	23	15

Die tendens van die tabel is dat dit, volgens die opinie van die meeste proefpersone, die taak van die beweging is om die Voortrekkers hulle plig teenoor die samelewing te leer besef en om hulle in te skakel by en vertrouwd te maak met ons volkskultuur.

V. VRAELYTE AAN PREDIKANTE.

Nadat die voorlopige vraelyste terugontvang is, en predikante met min kennis van die beweging uitgeskakel is, is finale vraelyste uitgestuur. Hieronder volg 'n opgawe van die finale vraelyste wat terugontvang is.

TABEL LXXXIV.

Aantal predikante wat finale vraelyste beantwoord het.

Kode	T	V	K	X		Tot.
VN	17	8	27	6		58
VG	17	4	4	3		28
VH	6	-	-			8
V	40	12	31	11		94
Vd'	2	1	4	-		7
V(a'-d')	42	13	35	11		101

Vraelys V Afd. A Vraag 1.

Het die Voortrekkerbeweging volgens u mening 'n goeie invloed op die godsdienstige gesindheid van kinders wat daaraan behoort?

a) Ja, beslis. b) Ek dink so. c) Ek dink dit het 'n nadelige invloed. d) Ek dink dit het hoegenaamd geen invloed daarop nie.
.....

Verskeie predikante uit al drie die Afrikaanse kerke het gesê dat alles van die gesindheid van die offisier afhang.

Een/.....

Een het bygevoeg dat hy egter gekant is teen 'n metodistiese gedweep in die beweging. 'Sommige predikante wat a of b onderstreep het, het hulle antwoorde gemotiveer of beklemtoon. 'n Paar persone het gesê dat die beweging daarna strewe om die godsdienstige gesindheid van die kinders ten goede te beïnvloed en een het bygevoeg dat hy nie weet in hoeverre hulle daarin slaag nie. Verder is beweer dat die godsdiens 'n lewe van dissipline is, en dit is juis wat die beweging by sy lede kweek. Nog 'n predikant het gesê dat die goeie invloed op die godsdienstige lewe van Voortrekkers meer by die grotere kinders merkbaar is en een het gesê dat die invloed beslis nie nadelig kan wees nie.

Daar was net een predikant wat geglo het dat die beweging geen invloed op die kind se godsdienstige lewe het nie. Hy het gesê dat hy die bewering „op teologiese gronde" maak sonder om die gronde te noem. 'n Paar predikante wat die vraag nie beantwoord het nie, het verklarend bygevoeg dat die beweging direk geen invloed op die godsdienstige lewe van kinders het nie, maar indirek wel. Die pligsgevoel wat by Voortrekkers gekweek word, sal geleidelik ook na ander kringe moet deurwerk. Verskillende lewensterreine werk dan ook bevrugterend op mekaar in. Een persoon wou die vraag nie beantwoord nie omdat hy geen studie van die saak gemaak het nie.

TABEL LXXXV

Persentasie-ontleding van Vraelys V Afd. A Vraag 1.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
V N	58	57	40	-	-	3
V G	28	43	46	-	4	7
V H	8	50	38	-	-	12
V a'	74	49	45	-	1	5
V b'	1	-	-	-	-	100
V c'	19	68	32	-	-	-
V	94	52	42	-	1	5

Die tabel toon dat meer as negentig persent van die predikante van mening is dat die beweging wel 'n invloed ten goede op die godsdienstige lewe van kinders het.

Vraelys V Afd. A Vraag 2.

Glo u dat die beweging daarin slaag om by sy lede 'n pligsgevoel ten opsigte van die groep waaraan hulle behoort, aan te kweek?

(a)/.....

(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie. (d) Nee, beslis nie.

Ook hier is herhaalde kere op die invloed van die leiers gewys. Een predikant was voorheen self 'n Kommandant en met sy ervaring kan hy getuig dat die beweging wel daarin slaag om 'n pligsgevoel by sy lede aan te kweek. Een predikant het bygevoeg dat die pligsgevoel aanvanklik natuurlik net ten opsigte van die Voortrekkers bestaan maar dat dit geleidelik ook na ander kringe sal deurwerk.

TABEL LXXXVI

Persentasie-ontleding van Vraelys V Afd. A Vraag 2.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
V N	58	85	12	2	2	-
V G	28	75	21	-	-	4
V H	8	75	25	-	-	-
V a'	74	77	19	1	1	1
V b'	1	100	-	-	-	-
V c'	19	95	5	-	-	-
V	94	81	16	1	1	1

Met baie min uitsonderinge glo die predikante dat die beweging wel daarin slaag om 'n pligsgevoel by sy lede aan te kweek.

Vraelys V Afd. A Vraag 3.

Indien wel, beteken dit dat die Voortrekkers as gevolg hiervan, ook beter lidmate van hul onderskeie kerke sal wees.

(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie. (d) Nee, dit geld nie hier nie.

Verskeie predikante het daarop gewys dat die Voortrekkerbeweging en die kerk twee wesensverskillende dinge is wat op heel verskillende vlakke lê. Die kerk is g'n beweging of vereniging nie. Dit is alleen die genade van God wat die mens 'n beter lidmaat van die kerk kan maak en daarom wil een van die predikante nie die eer aan die beweging gee asof dit kinders beter lidmate kan maak nie. Hy erken dat daar 'n invloed van die beweging uitgaan. Een van die predikante vind die invloedsfeer van die beweging meer op die terrein van die „beskawing“ as op die terrein van die kerk, en 'n ander een

glo/.....

glo dat goeie lidmaatskap ten nouste saamhang met goeie katkisasie-onderrig.

Een van die predikante het verder beweer dat die beweging beslis 'n „groepsbewussyn" by die kinders kweek maar dit is nie noodwendig 'n „kerkbewussyn" nie. 'n Ander een het gesê dat die suurdeeg van pligsgevoel teenoor eie kerke geneutraliseer word deur ander faktore soos kerkparades.

'n Paar persone sou die vraag bevestigend beantwoord het, indien dit effens gewysig kon word. Die eerste persoon wou hê dat „beter lidmate" verander moes word in „goeie lidmate" en 'n ander een dat „sal wees" verander moet word in „kan wees". Nog 'n derde een wou hê dat die antwoord „Nie noodwendig nie" ingevoeg moes word. Hierdie laaste gedagte van „ja, maar nie noodwendig nie," is deur meer predikante uitgespreek. Verder is die invloed van die leier en die gedagte dat die beïnvloeding indirek of gering sal wees, deur 'n paar predikante benadruk.

TABEL LXXXVII

Persentasie-ontleding van Vraelys V Afd. A Vraag 3.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
V N	58	40	45	10	3	2
V G	28	25	36	11	18	11
V H	8	38	50	-	-	12
V a'	74	34	43	9	7	7
V b'	1	-	100	-	-	-
V c'	19	42	37	11	11	-
V	94	35	43	10	7	5

Die tabel toon dat die meeste predikante of oortuig is of dink dat die Voortrekkers beter lidmate van hul onderskeie kerke geword het as gevolg van die beweging waaraan hulle behoort. Die oortuigdes is egter heelwat minder as in die geval van vraag 2.

Vraelys V Afd. A Vraag 4.

Is dit waar dat die beweging te veel van 'n humanistiese strekking het?

(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie. (d) Nee, beslis nie.

.....

Verskeie predikante het daarop gewys dat die humanistiese te veel deur die beweging beklemtoon kan word, maar
dit/.....

dit hang grotendeels van die beskouing van die offisier af. In hierdie verband is die diensmotief, die wet en die belofte van die Voortrekkers deur twee persone genoem. Een van die predikante het gesê dat die beweging beoog om goeie burgers te kweek. Dit grens vir hom aan die doelstelling van die Vrymesselaars. 'n Ander predikant het gesê dat „godsdiens" onder punt 6 van die Voortrekkerkonstitusie behandel word, en hieruit kry hy die indruk - so word dit altans voorgestel - dat die godsdiens nie die bodem is waaruit 'n deugdelike lewe opbloeï nie, maar dat dit iets is wat alleen 'n belangrike plek in die beweging beklee. Nog 'n persoon het gewaarsku teen heldeverering wat te ver gevoer kan word. Verder is deur één van die predikante wat self 'n Voortrekker was beweer dat in sy tyd van godsdienstige of geestelike opvoeding feitlik niks in die beweging te reggekom het nie. 'n Ander predikant wou hê dat die beweging meer Calvinisties georiënteer moes wees. Een persoon het die voorwaarde gestel dat die leiding nie metodisties moes wees nie.

TABEL LXXXVIII

Persentasie-ontleding van Vraelys V Afd. A Vraag 4.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
V N	58	2	5	62	29	2
V G	28	-	21	61	7	11
V H	8	-	13	50	25	12
V a'	74	1	9	64	22	4
V b'	1	-	-	-	100	-
V c'	19	-	16	53	21	11
V	94	1	11	61	22	5

Uit die tabel blyk dat die predikante oor die algemeen nie dink dat die beweging 'n humanistiese strekking het nie.

Vraelys V Afd. A Vraag 5.

Is dit waar dat dit te veel waarde heg aan dit wat van praktiese betekenis in die lewe is?

(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie. (d) Nee, beslis nie.

.....

Een van die predikante wou die vraag nie beantwoord nie omdat dit dubbelsinnig gestel was. Verder het verskeie predikante ontken dat die beweging te veel waarde aan die praktiese heg. Sommige persone het beweer dat 'n beweging soos die Voortrekkerbeweging/.....

Voortrekkerbeweging juis prakties moes wees. Een het gesê dat alles prakties moes wees om die kind se belangstelling te behou. Andere het beweer dat die een ding nooit ten koste van die ander in die beweging beklemtoon word nie en dat die kinders juis by die Voortrekkers geleer word om gebalanseer te wees. Daar was egter ook 'n paar persone wat die vraag bevestigend beantwoord het en wat gesê het dat die geestelike dingmeer benadruk moet word. Praktiese dinge is belangrik maar beginselsake nog veel meer. Een predikant wou hê dat die beweging gesuiwer moes word van humanisme.

TABEL LXXXIX

Persentasie-ontleding van Vraelys V Afd. A Vraag 5.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
V N	58	2	2	52	38	7
V G	28	-	4	68	21	7
V H	8	-	13	38	50	-
V a'	74	1	3	55	37	4
V b'	1	-	-	-	100	-
V c'	19	-	5	58	21	16
V	94	1	3	55	34	6

Die tabel toon dat 'n oorweldigende meerderheid predikante nie glo dat daar te veel aandag aan die praktiese gegee word nie.

Vraelys V Afd. A Vraag 6.

Dink u dat die beweging daartoe bydra om die kind se besef van verantwoordelikheid teenoor God te verskerp?

(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie. (d) Nee, beslis nie.

.....

Die meeste predikante het weer daarop gewys dat dit afhang van hoe Godvresend die plaaslike leiers en offisiere is. Dit kan en dit moet gebeur. Dit is dan ook soos een van die predikante die beweging in 1936/38 leer ken het. Die algemene dissiplinering en die inskerping van gehoorsaamheid kan volgens één van die predikante ook die genoemde gevolg hê. 'n Ander predikant noem die plegtige belofte wat die kind moet aflê waarskynlik as 'n waarborg hiervoor. Daar was egter ook 'n paar predikante wat van mening was dat meer in hierdie verband gedoen kon word. Een persoon het beweer dat dit hoegeenaamd geen invloed op die verantwoordelikeidsgevoel van die kind/.....

kind het nie en een het net gevra „hoe kan dit tog ! ”

TABEL XC

Persentasie-ontleding van Vraelys V Afd. A Vraag 6.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
V N	58	33	55	7	-	5
V G	28	25	43	21	-	11
V H	8	38	63	-	-	-
V a'	74	35	49	12	-	4
V b'	1	-	100	-	-	-
V c'	19	16	63	5	-	16
V	94	31	52	11	-	6

Die tabel toon dat die meeste predikante van mening is dat die beweging wel 'n invloed ten goede op die verantwoordelikheidsgevoel van die kind het.

Vraelys V Afd. A Vraag 7.

Weet u van gevalle waar die Voortrekkerbeweging hom skuldig maak het aan Sondagsontheiliging?

- (a) Ek weet van baie gevalle (b) Ek weet van enkele gevalle.
(c) Ek weet van geen geval nie.

.....

Een van die predikante wat van geen enkele geval weet nie, het as byskrif geplaas : „'n gewaagde soort vraag. Waarom dit?" Verskeie predikante het verder gesê dat dit afhang van wat alles onder Sondagsontheiliging verstaan word, en een het bygevoeg: „Party mense meen dat hulle, as hulle Sondagmiddag na 'n kamp huistoe keer, skuldig is." Daar was egter 'n paar predikante wat kampopbreek op Sondag wel as Sondagsontheiliging bestempel het. Een predikant het beweer dat na-weekkampe kinders weghou van die erediens al word 'n kampdiens gehou.

TABEL XCI

Persentasie-ontleding van Vraelys V Afd. A Vraag 7.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
V N	58	2	9	88	-	2
V G	28	-	21	75	-	4
V H	8	-	-	100	-	-

Tabel XCI (vervdlg)/.....

TABEL XCI (vervolg).

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
V a'	74	-	12	85	-	3
V b'	1	-	100	-	-	-
V c'	19	5	5	89	-	-
V	94	1	12	85	-	2

Tabel XCI toon dat 85 persent van die predikante van geen enkele geval weet waar die beweging hom aan Sondags-ontheiliging skuldig gemaak het nie. Een persoon het bygevoeg dat die Voortrekkers nie opsetlik die Sabbat sal ontheilig nie en een dat omstandighede dit miskien in sommige gevalle kon veroorsaak het.

Vraelys V Afd. A Vraag 8.

Keur u die gebruik van Voortrekkers om kerkparades by te woon, goed?

(a) Ja, beslis. (b) Nie eintlik nie. (c) Nee, beslis nie.

.....

Talle predikante wat kerkparades goedkeur, het sekerre voorwaardes bygevoeg. Die eerste groep het gesê dat hulle dit goedkeur mits die diens nie ontaard in 'n "spesiale" diens en die Sondag in 'n "spesiale" Sondag nie. Die diens moet 'n gewone diens wees en dit moet nie "spesiaal" vir Voortrekkers ingerig word nie. Nog 'n paar predikante wou nie hê dat sulke parade-bywonings van eredienste gebruikelike instelling moes word nie. Twee predikante het gewaarsku dat dit nie misbruik moes word nie. Een het gesê dat hy sy goedkeuring daaraan heg mits so 'n gebruik nie kerkbywoning tot 'n pligspleging verlaag nie en 'n ander een mits die gebruik lei tot getroue kerkbezoek. Een predikant het bygevoeg dat daar geen beswaar gemaak kan word as Voortrekkers in 'n groep na die kerk toe kom nie, maar dan moet die term "kerkparades" nie gebruik word nie en elke groep moet na sy eie kerk toe gaan.

TABEL XCII

Persentasie-ontleding van Vraelys V Afd. A Vraag 8.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
V N	58	62	23	14	-	2
V G	28	7	29	64	-	-
V H	8	38	50	13	-	-

Tabel XCII (vervolg)/.....

TABEL XCII (vervolg)

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
V a'	74	42	27	30	-	2
V b'	1	-	100	-	-	-
V c'	19	53	21	26	-	-
V	94	44	27	29	-	1

Die tabel toon dat die meeste predikante (62 persent) van die Nederduitse Gereformeerde Kerk kerkparades goedkeur, terwyl die meeste predikante van die Gereformeerde Kerk (64 persent) dit afkeur. Daar was egter ook 'n aantal predikante van die N.G. kerk wat dit afkeur en twee predikante van die Gereformeerde kerk wat dit goedkeur. Die meeste predikante van die Hervormde kerk (50 persent teenoor 38 persent wat „ja beslis" en 13 persent wat „nee beslis nie" geantwoord het) neem nie so 'n besliste houding in nie. Hulle voel egter wel „nie eintlik" daarvoor nie. 'n Groot persentasie van die wat kerkparades goedkeur, het 'n voorwaarde bygevoeg soos hierbo reeds vermeld.

Vraelys V Afd. A Vraag 9.

Indien u dit nie goedkeur nie, waarom nie?

.....

Byna die helfte van die predikante wat op vraag 9 geantwoord het, het beweer dat kerkparades in stryd is met die wese van die erediens. Die erediens is in die eerste plek bestem vir die aanbidding van God. Daar ontmoet Hy sy gemeente en niks hoort daar tuis wat die aandag kan aflei nie. Dit is God se terrein en alleen die begeerte om Hom te ontmoet mag my as individu beweeg om daarheen te gaan. Daarom is die kerk dan ook bedoel vir die heilbegerige individu en nie vir 'n vereniging nie. Die kerk het as sodanig dan ook niks met verenigings of bewegings te doen nie. Voor God is almal gelyk en ons staan voor Hom nie as Voortrekkers nie maar as gewone sondaars. Deur kerkparades word die diens antroposentries in plaas van teosentries of Christo-sentries. Die hoofdoel van die kerklike erediens is die verheerliking van God en dit geskied deur Woord en Gees en nie deur parades nie.

In die erediens is alle gelowiges deur 'n gemeenskaplike geloof saamgebind tot 'n hegte eenheid, die gemeenskap van die gelowiges. Deur kerkparades word daar nou klem gelê op 'n groep binne die gemeenskap van die gelowiges. Dit skep die indruk van individualisme en nie van eenheid met die Christelike gemeente nie.

Behalwe/.....

Behalwe dat dit in stryd met die wese van die erediens is, het agt predikante beswaar gemaak teen die uiterlike vertoon wat met kerkparades gepaard gaan. Die verhouding God—mens is 'n persoonlike verhouding en nie 'n saak van vertoon, waar die aandag vir 'n groep Voortrekkers in uniform opgeëis word nie. Ons mense is sensasiebelus en by sommiges geld dit ook al in hul godsdienste. Een van die predikante beskou die sensasie wat deur kerkparades veroorsaak word gelykstaande met die wat ontstaan as 'n natuurlike vir blankes moet preek.

Nog 'n beswaar wat deur verskeie predikante genoem is, is die gedagte dat kerkparades met die roeping van die ouer en van die kerk bots en dat dit nadelig inwerk op die pligsgevoel van die kind ten opsigte van kerkbesoek. Dit is nie die beweging se taak om kinders kerk toe te bring nie maar wel die taak van die ouer. Deur die kerkparade word die natuurlike eenheid van die gesin as verbondseenheid verbreek en word 'n onnatuurlike eenheid in die vorm van 'n kerkparade die erediens ingebring. Die kind kom hier onder die indruk dat daar „spesiale” Sondae is waarop 'n mens na die kerk moet gaan, terwyl alle Sondae gelykwaardig behoort te wees. 'n Predikant wat geen beswaar teen kerkparades het nie, wys op 'n ander nadelige uitwerking wat dit op die kindergemoed kan hê : die veronderstelling dat die pardegroep waaraan hy behoort meerderwaardig is.

'n Betreklike groot aantal predikante het beswaar gemaak teen die „spesiale Sondae” met „spesiale dienste” vir besondere geleenthede. Kerkbesoek is iets normaal en die kind moet geleer word dat hy as individu 'n getroue kerklidmaat behoort te wees. Een predikant sinspeel daarop dat die kinders gewone en nie spesiale dooplidmate is nie. 'n Ander predikant wys daarop dat die gedagte besig is om pos te vat dat daar spesiale Sondae met spesiale dienste in sekere uitgesoekte groepe bestaan terwyl alle Sondageredienste altyd iets spesiaals vir alle gelowiges behoort te wees. 'n Aantal predikante wat skynbaar geen beswaar teen die spesiale Sondae as sodanig het nie, het beswaar gemaak teen die oordrywing daarvan. Een van hulle skrywe: „Dan word dit nog 'n spesiale Sondag met 'n spesiale diens en ons het reeds te veel daarvan in ons kerk.”

Daar was nog 'n aantal besware teen kerkparades, wat hier net heel kortliks genoem sal word. 'n Groep predikante van verskillende Afrikaanse kerke het beweer dat dit 'n vervaging van die besef dat daar kerkverskille bestaan, in die hand werk. Verder is beweer dat kerkparades nie aan ons volk eie is nie en dat „indien die Voortrekkers, wat ons eie kerk betref, aan kerkparades mag deelneem, ander bewegings nie uitgesluit mag word nie.” 'n Predikant wat daarteen beswaar gemaak het, het g'n „Skrifgronde” vir sy beswaar gehad nie en een predikant het beweer dat 'n antwoord op hierdie vraag „studie vereis.” Daar/.....

Daar was 'n paar predikante wat kerkparades nie afkeur nie en wat, hoewel dit nie van hulle verwag is nie, hulle redes genoem het. Een het beweer dat dit 'n deel van die Voortrekkerwerk is. 'n Ander persoon het gesê dat die beweging op hierdie manier onder die aandag van die ouers gebring word. 'n Paar predikante het beweer dat kerkparades tog geen kwaad kan doen of 'n nadelige uitwerking kan hê nie.

Vraelys V Afd. A Vraag 10.

Kan een of ander godsdienstige of kerkjeugvereniging nie dieselfde waarde vir die jeug hê as die Voortrekkerbeweging nie?

(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie. (d) Nee, beslis nie. (e) Nee, die twee bewegings dek nie dieselfde terreine nie.

.....

Daar was 'n paar predikante wat die vraag bevestigend geantwoord het maar wat dit voorwaardelik gedoen het. Een predikant het beweer dat 'n ander vereniging met 'n meer konfessionele grondslag miskien dieselfde waarde sou kon hê, en 'n ander een het gesê: "Ja as die beweging hom daarop sou toelê". (In albei gevalle skyn dit asof die proefnemer en die proefpersone die vraag verskillend opgevat het.) Die ander predikante wat iets bygevoeg het, het almal beweer dat die Voortrekkerbeweging nie vervang kon word nie en wel om die volgende redes. Ten eerste was dit wel die taak van die Voortrekkerbeweging om geestelike leiding te gee, maar daardeur kon dit nooit 'n godsdienstige of 'n kerklike organisasie word nie, en ten tweede is die stempel van 'n bepaalde kerkverband by die Voortrekkers ten goede opgehef, iets wat by 'n kerklike jeugbeweging nie kan gebeur nie.

TABEL XCIII.

Persentasie-ontleding van Vraelys V Afd. A Vraag 10.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	e
V N	58	5	5	21	7	64
V G	28	11	4	-	4	82
V H	8	13	13	13	13	75
V a'	74	7	4	14	8	70
V b'	1	-	100	-	-	-
V c'	19	11	5	16	-	74
V	94	7	5	14	6	70

Die/.....

Die tabel toon dat 'n aantal predikante wel van mening is dat die kerklike of godsdienstige jeugvereniging dieselfde waarde vir die kind kan hê as die Voortrekkerbeweging, maar die meeste predikante (70 persent van hulle) betwis dit, omdat die twee bewegings nie dieselfde terreine dek nie. Uit die opmerkings wat bygevoeg is, het dit egter geblyk dat die meeste predikante - van die wat iets bygevoeg het - gedink het aan die vraag of die Voortrekkerbeweging dieselfde waarde kan hê, as 'n godsdienstige jeugvereniging. Dit is natuurlik heel iets anders as wat deur die proefnemer bedoel is.

Vraelys V Afd. A Vraag 11.

Voldoen die Voortrekkerbeweging aan die eise wat u as gelowige ouer daaraan stel vir die opvoeding van u kind?

(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie. (d) Nee, beslis nie. (e) Dit voldoen nie heeltemal daaraan nie.

.....

Predikante wat die vraag bevestigend beantwoord het, het opmerkings soos die volgende bygevoeg: „Op 'n bepaalde terrein,” „in die algemeen,” „in soverre as wat dit 'n organisasie op die terrein van die volkslewe is,” „op die terrein van diens en selfstandigwording,” „mits die leiding in die regte hande is.” Verskeie predikante het weer melding gemaak van die belangrike rol wat die Voortrekkeroffisier in hierdie verband in die beweging speel. Een het gesê dat die beweging uitstekende werk lewer as dit reg gehanteer word en 'n ander een dat hy as 'n gelowige ouer die beweging alleen sien as 'n gesonde leerskool vir sy kind. Een persoon wou die vraag nie beantwoord nie omdat „dit 'n vraag is wat studie vereis.”

TABEL XCIV

Persentasie-ontleding van Vraelys V Afd. A Vraag 11.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	e
V N	58	59	29	-	-	10
V G	28	68	64	4	-	21
V H	8	63	13	-	-	25
V a'	74	51	26	1	-	15
V b'	1	100	-	-	-	-
V c'	19	47	37	-	-	16
V	94	51	28	1	-	15

Die tabel toon dat die meeste predikante van mening is dat die beweging wel voldoen aan die eise wat hulle stel.
Daar/.....

Daar was niemand wat beweer het dat die beweging beslis nie aan sy eise voldoen nie.

Vraelys V Afd. A Vraag 12.

As dit nie heeltemal daaraan voldoen nie, wat is u besware?

.....

Die eerste groep besware was van godsdienstige en nasionale aard. Daar is te veel praktiese uitlewing en te min godsdienstige beleving in die beweging. Dit moet duideliker gestel word dat die etiese wat geleer word in die godsopenbaring gefundeer is. Vir een van die predikante is die beweging te humanisties van aard. Al is dit nie in die eerste plek 'n godsdienstige vereniging nie, moet die eer van God ook in die beweging vooropgestel word. Word die positief Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing wat die grondslag, die enigste grondslag van 'n toekomstige Afrikaanse volk mag wees, genoeg by die Voortrekkers ingeskorpe? Dit is 'n vraag wat 'n paar predikante besig gehou het. Een van die predikante wou graag 'n nouer skakeling tussen die C.S.V. en die Voortrekkerbeweging sien en gee verder aan die hand dat daar van gedissiplineerde stiltetye gebruik gemaak word en dat Bybelstudie by die Voortrekkers aangemoedig moet word. Daar is ook beweer dat verdeeldheid op kerklike erf tot 'n beginsellose „godsdienst“ met 'n mengelmocs van allerlei clemente lei.

Daar is ook gewaarsku teen oordrywing ten opsigte van die nasionale gesindheid van die beweging. Dit is die beskeie mening van een van die predikante dat vaderlandsliefde nooit hoër gestel mag word as die liefde tot God nie. En dan wys hy in alle beskeidenheid daarop dat ons volkslied met die volgende woorde eindig: „Ek sal lewe, ek sal sterwe, ek vir jou, Suid-Afrika.“ Ook 'n ander persoon het op die gevaar van oorskatting van die eie groep (chauvinisme) gewys. „Dit vereis intelligensie om aan kinders hierdie intens belangrike dinge - liefde en waardering vir wat jou eie is - te leer sonder die gevaar van oorbeklemtoning.“ Een van die predikante het gesê dat die opvoeding van die kind vir 'n gelowige ouer veel dieper gaan as die aankweking van 'n Christelik-nasionale gevoel.

Daar is vervolgens ook beswaar gemaak teen die offisiere wat soms gebruik moet word. Een predikant weet van 'n geval waar 'n Rooms-Katoliek eenmaal die leier van die Voortrekkerkommando was. 'n Paar predikante het gewag gemaak van die feit dat die Voortrekkers dikwels onder die leiding staan van persone wat deur skoolhoofde daartoe verplig word, en sodanige persone pak die saak nie met liefde aan nie en voel geen positiewe roeping ten opsigte van die jeug wat onder hulle/.....

hulle toesig geplaas is nie. Die gedrag van plaaslike leiers is ook nie altyd onbesproke nie. Een persoon wat gesê het dat die Christelik-opvoedkundige waarde van die beweging baie van die hoofde van die plaaslike kommando gaan afhang, het bygevoeg dat die leiers, volgens sy ondervinding van drie verskillende kommando's, in die hande van persone was wat kerklik baie sterk meegewe het en wat op Christelik-godsdienstige gebied hoog aangeskrewe gestaan het.

Ten slotte is daar 'n paar besware teen die ideale en die werkwyse van die beweging ingebring. Een predikant het beweer dat die beweging wat hierdie twee dinge betref, afgewyk het van die doel en strewe van die stigting van die beweging. 'n Ander predikant het gesê dat die beweging baie meer kan uitbou wat sy aksieprogram betref. Nog 'n persoon het net verwys na sekere „frases in die handleiding“, soos bv. „self-vertroue“, „eie waarde“, „Skepper“ wat „sonder meer“ gebruik word. Verder is gesê dat die beweging nie sy lede goed genoeg keur nie. Soos een van die predikante die beweging ken, is lidmaatskap van één van die drie Afrikaanse kerke nie verpligtend as iemand by die beweging wil aansluit nie. Hy voeg egter onmiddellik daarby dat so 'n verpligting nadelige gevolge sou hê.

Daar was ook 'n paar predikante wie se opmerkings daarop neergekom het dat ons nie te veel van die beweging moet verwag nie. „My verantwoordelikheid as gelowige ouer kan ek nie aan andere deleger nie en andere se opvoeding kan nooit vir my kind voldoende wees nie.“ So het een predikant dit gestel. 'n Ander predikant het daarop gewys dat die beweging as 'n bloot opvoedkundige organisasie sekerlik veel tot die vorming van die kind kan bydra maar dat dit nooit as 'n soort godsdienstige beweging beskou moet word wat vir die kind verantwoordelikheid moet aanvaar nie.

Vraelys V Afd. B Vraag 1.

Watter rang beklee u in die Voortrekkerbeweging?

- (a) Kommandant. (b) Onderkommandant. (c) Distriksekretaris.
(d) Veldkornet. (e) Asst. Veldkornet. (f) Adjudant.
(g) Distriksbestuurslid. (h) Geen rang nie.

.....

Die range is nie op die vraelys genoem nie. Daar bestaan rede om te vermoed dat alle Distrikbestuurslede dit nie aangegee het nie, omdat dit nie juis as 'n „rang“ beskou word nie. Gevalle waar die persoon geen rang aangedui het nie, wat dikwels voorgekom het, is onder „geen rang“ geplaas.

TABEL XCV

Persentasie-ontleding van Vraelys V Afd. B Vraag 1.

Ko- de	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.								Ko- de	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	h			a	b	c	d	e	f	g	h
VN	58	5	-	-	-	-	-	10	85	Va'	74	3	-	-	-	-	-	9	88
VG	28	-	-	-	-	-	-	14	86	Vb'	1	-	-	-	-	-	-	100	-
VH	8	-	-	-	-	-	-	-	100	Vc'	19	5	-	-	-	-	-	11	84
										V	94	3	-	-	-	-	-	11	86

Die tabel toon dat daar drie predikante was wat die rang van kommandant bekleed het (5 persent van 58) en dat 'n aantal, minstens 10 (11 persent van 94) op Distriksbesture gedien het.

Vraelys V Afd. B Vraag 2.

Watter range het u in die verlede daarin bekleed?

(Dieselfde as in die geval van vraag 1.)

.....

Dieselfde opmerkings as in die vorige vraag geld ook hier.

TABEL XCVI

Persentasie-ontleding van Vraelys V Afd. B Vraag 2.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	h
VN	58	-	-	2	3	2	10	5	78
VG	28	18	-	-	11	4	14	4	61
VH	8	13	-	-	-	-	25	13	50
Va'	74	5	-	1	7	3	11	5	68
Vb'	1	100	-	-	-	-	100	-	-
Vc'	19	5	-	-	-	-	16	5	74
V	94	6	-	1	5	2	13	5	67

Die tabel toon dat die meeste van hierdie predikante in die verlede geen offisiersrange bekleed het nie.

Vraelys V Afd. B Vraag 3.

Het u kennis van Voortrekkerwerk?

(a)/.....

- (a) Ja, ek was as kind/jeugdige self 'n Voortrekker.
- (b) Ja, ek het 'n Voortrekkerleierskursus deurloop.
- (c) Ja, ek het een of meer Voortrekkerkampe bygewoon.
- (d) Ja, ek het baie gelees oor die Voortrekkerbeweging.
- (e) Ja, ek kom dikwels met Voortrekkers in aanraking.
- (f) Ja, ek woon dikwels Voortrekkerfunksies by.
- (g) Ek het min kennis van die Voortrekkerbeweging.
- (h) Ek het geen kennis van die Voortrekkerbeweging nie.

.....

TABEL XCVII

Persentasie-ontleding van Vraelys V Afd. B Vraag 3.

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	h
VN	58	81	3	64	36	52	40	10	-
VG	28	79	11	71	54	54	54	11	-
VH	8	63	13	75	75	50	63	38	13
Va'	74	100	7	77	43	42	37	12	1
Vb'	1	-	100	100	100	100	100	-	-
Vc'	19	-	-	26	47	89	79	16	-
V	94	79	6	67	45	52	46	13	1

Die ontleding - wat nie in die tabel aangetoon is nie-
toon dat daar by die 74 persone wat in hulle jeug Voortrekkers
was, vyf persone ingesluit is wat 'n Voortrekkerleierskursus
deurloop het. Predikante wat blyke gelewer het dat hulle vol-
doende kennis van die beweging behoort te hê om die vrae te
beantwoord, is by die proefpersone ingesluit, selfs al het hul-
le antwoorde g en h onderstreep. Die tabel toon verder dat
die meeste van hierdie predikante (79 persent van hulle) in
hulle jeug Voortrekkers was.

Vraelys V Afd. B Vraag 4.

Behoort u kinders aan die Voortrekkerbeweging of het hulle
daaraan behoort?

- (a) Ja. (b) Nee. (c) Ek het geen kinders (wat daaraan kan
behoort) nie.

.....

Die woorde, „wat daaraan kan behoort" kom nie op
die vraelys voor nie. Dit word hierbo gegee omdat alle per-
sone wie se kinders om een of ander rede nie by die beweging
kon aansluit nie, al wou hulle ook, onder die „c"- antwoord
ingeskuif is. Onder die „b"- antwoord kom alleen die persone
voor wat kinders het wat wel daaraan kon behoort het en wat
dit/.....

dit nie gedoen het nie.

Daar was ongeveer 60 predikante wie se kinders nog nie by die beweging aangesluit het nie omdat hulle te jonk was. Een het gemeld dat sy kinders sal aansluit sodra hulle oud genoeg is. Daar was één geval waar die kinders nie aangesluit het nie omdat die predikant te veraf gewoon het.

TABEL XCVIII

Persentasie-ontleding van Vraelys V Afd. B Vraag 4.

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
VN	58	9	3	86	2	Va'	74	7	4	88	1
VG	28	25	4	71	-	Vb'	1	100	-	-	-
VH	8	38	-	63	-	Vc'	19	47	-	53	-
						V	94	16	3	80	1

Die tabel toon dat die kinders van 88 persent van die predikante wat self Voortrekkers was en slegs 53 persent van die wat nie Voortrekkers was nie, nie aan die beweging kan behoort nie, waarskynlik omdat hulle nog te jonk is. Daar is slegs 3 persent van die predikante wie se kinders (sonder opgaaf van redes) nie aan die beweging behoort nie.

Vraelys V Afd. B Vraag 5.

Indien wel, watter waarde het die beweging vir hulle gehad?

- (a) Dit het beslis hulle kennis vermeerder.
- (b) Dit het beslis 'n goeie invloed op hul godsdienstige lewe gehad.
- (c) Dit het beslis hulle verhouding teenoor ons as ouer verbeter.
- (d) Dit het hulle sonder twyfel meer pligsgetrou gemaak.
- (e) Dit het geleenthede gebied wat hulle anders nie sou gehad het nie.
- (f) Dit het aan hulle gesonde ontspanning verskaf.
- (g) Dit het hulle geleer om self leiding te gee en sake te reël.
- (h) Dit het geen noemenswaardige invloed op hulle gehad nie.
- (i) Dit het 'n nadelige invloed op hulle gehad.

.....

Daar was slegs één persoon wat gemeld het dat die beweging geen noemenswaardige invloed op sy kinders gehad het nie. Maar hy het verklarend bygevoeg dat hulle nog te jonk was. Niemand was van mening dat die beweging 'n nadelige invloed op sy kinders gehad het nie. Daarom is die i-kolom weggelaat in die tabel hieronder. Die getalle in die totaalkolom toon aan hoeveel persone geantwoord het dat hulle kinders aan die/.....

die Voortrekkerbeweging behoort.

TABEL XCIX.

Persentasië-ontleding van Vraelys V Afd. B Vraag 5.

Kode	Tot. aan-tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	h
VN	5	80	60	60	80	100	100	60	-
VG	7	71	14	29	86	86	100	86	14
VH	3	100	67	67	67	67	100	100	-
Va'	5	88	63	63	88	88	100	100	-
Vb'	1	100	-	-	100	100	100	100	-
Vc'	9	44	11	22	44	56	67	33	11
V	15	67	33	39	67	73	83	67	6

Die tendens van die tabel is dat die beweging in die eerste plek gesonde ontspanning verskaf en daarna dat dit geleenthede aan die kind bied wat hy/sy anders nie sou gehad het nie. Daarna volg die ander waardes wat genoem is, en heel onderaan staan dat die beweging die verhouding van die kinders teencor hulle ouers verbeter en dat dit 'n goeie invloed op hulle godsdienstige lewe het.

Vraelys V Afd. B Vraag 6.

As u kinders het wat die beweging verlaat het, waarom het hulle dit gedoen?

.....

Daar was slegs drie persone wie se kinders onder hierdie groep geval het. Die een persoon se kind het met die goedkeuring van sy ouers die beweging verlaat omdat hy, as gevolg van 'n oorvol program, geen tyd meer daarvoor kon vind nie. In die tweede geval het die beweging opgehou om te bestaan, en in die derde geval het die kind of kinders die ouderdomsgrens bereik.

Vraelys V Afd. B Vraag 7.

As u kinders het of gehad het wat nie Voortrekkers is of was nie omdat u dit nie wou toelaat nie, waarom wou u nie?

.....

Daar was net een persoon wat hieronder geval het en hy het geantwoord dat sy kinders meer tyd aan skoolwerk moes gee.

Vraelys V Afd. B Vraag 8 en 9.

(Dieselfde as Afd. A Vraag 11 en 12)

Vraag 10 /.....

Vraelys V Afd. B Vraag 10.

Wat is volgens u mening die belangrikste take of doeleindes van die Voortrekkerbeweging?

- a) Om die Voortrekkers weg te hou van allerlei katterkwaad.
- b) Om die Voortrekkers aangenaam besig te hou.
- c) Om potensieële misdadigers onder goeie invloed te bring.
- d) Om die Voortrekkers se kennis te vermeerder.
- e) Om die Voortrekkers hulle plig teenoor die samelewing te leer besef.
- f) Om Voortrekkers geleentheid te gee om hulle uit te lewe.
- g) Om 'n organisasie te hê wat nuttige dienste kan lewer.
- h) Om die kind in te skakel by en vertrouwd te maak met ons Volkskultuur.
- i) Om sedelike verval en ontaarding teë te werk.

.....

Verskeie predikante het bygevoeg dat dit 'n taak van die beweging behoort te wees om die jeug te dissiplineer. Sommiges het gesê dat die beweging die kinders moet leer om met andere saam te werk. Ander eienskappe wat deur die beweging aangekweek moet word, is vaderlandsliefde, nasietrots, handvaardigheid, kennis van die natuur, oplettendheid, selfvertroue en selfrespek. Een van die predikante het gesê dat die diensmotief - dit is om te werk en op te offer sonder die verwagting van loon - die grootste en belangrikste bate is wat hy persoonlik van die beweging ontvang het. 'n Ander een het gesê dat die beweging 'n suksesvolle teenwig teen jeugmisdaad behoort te wees.

In verband met godsdiens het een van die predikante gevra waarom die proefnemer niks daarvan in die antwoorde sê nie. 'n Ander een het gesê dat die beweging die kind moet leer om sy plig te doen uit liefde tot God en sy medemens. Nog een het beweer dat alleen 'n goeie Christen 'n goeie vaderlander kan wees. En ten slotte is gesê dat die beweging die kind vertrouwd moet maak met die Calvinistiese beskouing dat die Woord van God die onfeilbare norm vir elke volk se godsdiens en kultuur behoort te wees.

TABEL C.

Persentasie-ontleding van Vraelys V Afd. B Vraag 10.

Kode	Tot. Aantal Ppe.	Antwoorde as 'n persentasie van totaal.								
		a	b	c	d	e	f	g	h	i
VN	58	40	47	14	62	95	49	53	92	66
VG	28	39	46	18	68	82	61	54	96	43
VH	8	38	75	13	88	88	63	75	88	50
V	94	39	49	15	66	90	53	55	93	58

TABEL C (vervolg)

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.								
		a	b	c	d	e	f	g	h	i
Va'	74	31	42	11	64	89	45	54	92	53
Vb'	1	100	100	-	100	100	100	100	100	100
Vc'	19	68	74	32	74	95	84	58	95	74
V	94	39	49	15	66	90	53	55	93	58

Die tendens van die tabel is dat dit die belangrikste take van die beweging is om die Voortrekkers hulle plig teenoor die samelewing te leer besef en om die kind in te skakel by en vertrouwd te maak met ons volkskultuur.

Vraelys V Afd. B Vraag 11.

Watter twee van bogenoemde take beskou u as die heel belangrikste?

.....
 Persone wat antwoorde by vraag 10 bygevoeg het, het daardie antwoorde onderstreep.

TABEL CI.

Persentasie-ontleding van Vraelys V Afd. B Vraag 11.

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.								
		a	b	c	d	e	f	g	h	i
VN	58	3	9	-	-	74	9	9	71	16
VG	28	4	14	-	14	39	7	4	82	7
VH	8	-	-	-	-	63	25	13	75	-
Va'	74	4	9	-	1	65	11	8	76	9
Vb'	1	100	-	-	-	100	100	-	-	-
Vc'	19	-	11	-	11	53	5	5	74	21
V	94	3	10	-	4	63	10	7	74	12

Die tendens van die tabel is weer dieselfde as in die geval van vraag 10 : die meeste predikante beskou dit as één van die belangrikste take van die Voortrekkerbeweging om aan kinders te leer om hulle plig teenoor die samelewing te besef en om hulle in te skakel by en vertrouwd te maak met die Afrikaanse volkskultuur. Nie één van die predikante het dit as 'n belangrikte taak van die beweging beskou om potensiële misdadigers onder goeie invloed te bring nie en slegs drie (3 persent van 94) om kinders van allerlei katterkwaad af weg te hou .

VI. Vraelyste aan ander volwassenes/...

VI. VRAELYSTE AAN ANDER VOLWASSENES.

Soos voorheen reeds verduidelik is vraelyste ook aan ander volwasse persone uitgestuur wat nie aan die vorige groepe behoort het nie. Dit beteken nie dat daar nie onderwysers of predikante by hierdie groep persone ingesluit sal wees nie. Toe die vraelyste uitgestuur is, was die beroepe van die persone aan wie dit gestuur is nog onbekend. Daar is 175 van hierdie vraelyste terugontvang waarvan 41 egter nie beantwoord is nie. Van die ander 134 vraelyste was 34 afkomstig van persone wat nie veel van die beweging geweet het nie. Daar was dus 100 vraestelle waarmee gewerk kon word.

Vraelys VI Afd. A Vraag 1.

Wat is u beroep?

.....

Hieronder volg 'n opgawe van die beroepe van 114 persone wat hierdie vraelys beantwoord het. Die aantal persone in elke beroep word in hakies aangedui :

Onderwysers (40), studente (26), lettersetters (5), predikante (4), medici (3), skeikundiges (3), universiteitsprofessore (2), klerke (2), tandartse (2), ingeneurs (2), staatsamptenare (2) en boere (2) en een van elk van die volgende : advokaat, veearts, inspekteur van onderwys, navorser, partyorganiseerder, winkelier, huismoeder, adviseur S.A.U.K, lid van Loonraad, stadstesourier, registrasiebeampte, adtuariële klerk, tegniese assistent, ouditeur, gesondheidsinspekteur, boekhouer, verpleegster, apteker, welsynsbeampte, prokureur en 'n vakkundige beampte. Twintig persone het nie hulle beroep genoem nie. Daar was dus minstens 37 beroepe deur hierdie proefpersone verteenwoordig. Dit is opmerklik hoeveel onderwysers die vraelys beantwoord het ten spyte van die feit dat onderwysers en predikante so ver moontlik uitgeskakel is.

Vraelys VI Afd. A Vraag 2.

Watter rang bekleed u in die Voortrekkerbeweging?

- (a) Kommandant. (b) Onderkommandant. (c) Distriksekretaris.
 (d) Veldkornet. (e) Asst. Veldkornet. (f) Adjudant.
 (g) Lid van Distriksbestuur. (h) Geen rang nie.

Die range word hier aangegee met die oog op die tabel hieronder. Dit het nie in die vraelys verskyn nie. Verder is dit deur die proefnemer beskou dat persone wat vraag 2 onbeantwoord gelaat het geen rang in die Voortrekkerbeweging bekleed het nie.

TABEL CII.Persentasie-ontleding van Vraelys VI Afd. A Vraag 2.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	h
VIa'Ts	35	-	-	-	14	8	8	-	69
VIa'Tp	36	-	-	-	5	5	-	-	89
VIa'v/x	18	6	-	-	11	6	11	6	61
VIb'/c	11	18	-	9	-	-	9	-	64
VID'	34	-	-	-	-	-	6	-	94
VI	100	3	-	1	9	6	6	1	74

(Ts : Transvaal stedelike gebiede. Tp : Transvaal platteland)

v/x: Oranje-Vrystaat, Kaapland, Natal, Suidwes-Afrika en Rhodesië)

Die tabel toon dat slegs 'n geringe minderheid van hierdie persone ten tye van die ondersoek offisiersrange beklee het.

Vraelys VI Afd. A Vraag 3.Watter range het u in die verlede in die beweging beklee?

(Dieselfde antwoorde as op vraag 2)

.....

TABEL CIII.Persentasie-ontleding van Vraelys VI Afd. A Vraag 3.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	h
VIa'Ts	35	-	-	-	11	17	5	-	66
VIa'Tp	36	3	-	5	11	5	17	-	64
VIa'v/x	18	-	-	6	-	22	11	-	67
VIb'/c'	11	-	9	36	-	9	-	-	55
VID'	34	-	-	-	-	-	-	-	100
VI	100	1	1	7	8	13	10	-	64

Die tabel toon dat 64 persent van die persone (nog steeds die d'-groep buite rekening gelaat) geen rang in die verlede beklee het nie. Slegs een persoon was kommandant.

Vraelys VI Afd. A Vraag 4.Het u kennis van Voortrekkerwerk?

- (a) Ja, ek was as kind/jeugdige self 'n Voortrekker.
 (b) Ja, ek het 'n Voortrekkerleierskursus deurloop.
 (c) Ja, ek het een of meer Voortrekkerkampe bygewoon.
 (d) Ja, ek het baie gelees oor die Voortrekkerbeweging.
 (e) Ja, ek kom dikwels met Voortrekkers in aanraking.

(f)/.....

- (f) Ja, ek woon dikwels Voortrekkerfunksies by.
 (g) Ek het min kennis van die Voortrekkerbeweging.
 (h) Ek het geen kennis van die Voortrekkerbeweging nie.

.....

Een persoon het bygevoeg dat daar niks met sy gesindheid teenoor die beweging skort nie. Daar was agt persone wat "g" sowel as ander antwoorde onderstreep het. Hulle is nie in die d'-groep geplaas nie. 'n Paar persone het die vraag heeltemal onbeantwoord gelaat. Hulle is in die d'-groep geplaas.

TABEL CIV.

Persentasie-ontleding van Vraelys VI Afd. A Vraag 4.

Kode	Tot. aant. ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	h
VIa'Ts	35	100	20	80	40	49	37	3	-
VIa'Tp	36	100	28	79	50	61	47	8	-
VIa'v/x	18	100	28	72	45	45	45	11	-
VIb'/c'	11	-	18	36	73	55	18	18	-
VI d'	34	-	-	-	-	-	-	75	25
VI	100	89	24	73	48	53	40	8	-

Uit die tabel is dit duidelik dat hierdie groep proefpersone ryk is aan Voortrekkerervaring. Nege-en-tagtig persent van hulle was self in hulle jeug Voortrekkers en 73 persent het Voortrekkerkampe bygewoon.

Vraelys VI Afd. A Vraag 5.

Het u in u jeug aan hierdie beweging behoort? Indien wel, moet u afdelings B1 en C beantwoord, indien nie, moet u afdelings B2 en C beantwoord.

.....

Die doel van die vraag was slegs om aan die proefpersone te verduidelik watter afdelings verder deur hulle beantwoord moes word. Daar was 89 persone wat "ja" en 27 wat "nee" geantwoord het. Sestien van laasgenoemdes is in die d'-groep geplaas omdat hulle kennis onvoldoende was. Een van die persone wat "ja" geantwoord het, het gesê dat hy 15 jaar lank 'n Voortrekker was.

Vraelys VI Afd. B1 Vrae 1 en 5.

Wanneer het u by die Voortrekkerbeweging aangesluit en wanneer het u uitgetree?

.....

Die/.....

Die twee vrae staan so nou in verband met mekaar, dat hulle gelyktydig behandel moet word. In tabel CIV hieronder word in die eerste vertikale kolom aangetoon in watter standerds die proefpersone was ⁽¹⁾ en in die tweede kolom hoeveel van hulle in die genoemde standerds was toe hulle by die beweging aangesluit het. Die heel boonste horisontale reël toon die standerds waarin die persone was toe hulle uitgetree het. Die verdere getalle in die tabel toon watter persentasie van die persone wat volgens die eerste twee vertikale kolomme in 'n sekere groep standerds aangesluit het uitgetree het in die standerds wat in die boonste reël genoem word. Die eerste reël van die tabel lees dus as volg : Daar is 24 persone wat in gr. (i), gr. (ii), of st. 1 was toe hulle aangesluit het. Van hierdie 24 persone het 4 persent die beweging verlaat toe hulle in gr. (i), gr. (ii) of st. 1 was, 13 persent toe hulle in st. 6 of 7 was, 4 persent nadat hulle matriek afgeskrywe het, en 17 persent het nie gesê wanneer hulle die beweging verlaat het nie.

TABEL CV.

Ontleding van Vraelys VI Afd. Bl Vrae 1 en 5.

St.	Totale aantal ppe.	(i)/1	2/3	4/5	6/7	8/9	10	Bo 10	nie
(i)-1	24	4	4	4	13	21	33	4	17
2 -3	23	-	-	17	13	22	22	4	22
4 -5	11	-	-	9	45	18	18	-	9
6 -7	22	-	-	-	-	18	64	9	9
8 -9	6	-	-	-	-	17	83	-	-
Nie	3	-	-	-	-	-	-	-	100
Tot.	89	1	1	7	12	19	38	4	17

Die tabel toon dat 37 persent van die persone wat in gr. (i), gr. (ii), of st. 1, 26 persent van die wat in st. 2/3 en 18 persent van die wat in st. 4/5 aangesluit het enduit Voortrekkers gebly het - d.w.s. tot aan die einde van st. 10 of verder. (Tel die getalle in die twee kolomme vir st. 10 en bo 10 bymekaar) Daar was dus 'n geleidelike daling in die persentasiesyfer namate die standerd gestyg het waarin die persone aangesluit het. Maar dan styg die persentasie onmiddellik tot 73 persent vir persone wat in st. 6/7 aangesluit het, d.w.s. in die eerste jaar aan die middelbare skool. Van al die persone wat in hulle jeug Voortrekkers was, het 42 persent Voortrekkers gebly tot na st. 10.

Die/.....

(1) Die simbool (ii) staan vir graad II en die syfer 2 vir st. II

Die onderstaande tabel toon 'n verdere ontleding van die groepe wat by verskillende ouderdomme aangesluit het en wat verder met hulle gebeur het. In hierdie tabel word die volgende simbole gebruik :

A : Ouderdom toe persone aangesluit het in jare.

B : Persentasie wat aangesluit het.

C : Gemiddelde ouderdom by uittrede in jare.

D : Gemiddelde aantal jare in die beweging.

E : Persentasie wat by die genoemde ouderdomme uitgetree het.

TABEL CVI.

Ontleding van wat met aanvangsoudersgroepe gebeur het.

A	5-6	7-8	9-10	11-12	13-14	15-16	bo 16	Nie gesê nie
B	8	25	22	15	15	12	-	3
C	14 jr.	15.3 jr.	14.3 jr.	15.7jr.	16.5jr.	17.3jr.	-	-
D	8.5jr.	7.8jr.	4.8jr.	4.2jr.	3.0jr.	1.8jr.	-	-
E	1	-	2	6	12	30	31	17

Die tabel toon dat die ouderdom van persone wat onder dertien was toe hulle aangesluit het, by uittrede ongeveer 14 of 15 jaar was. Die gemiddelde aantal jare in die beweging het vinnig gedaal namate die ouderdom van toetrede gestyg het. Die persone het tot op 'n betreklike hoë ouderdom in die beweging gebly. Dertig persent het die beweging verlaat toe hulle 15 of 16 jaar oud was en 31 persent toe hulle ouer as 16 jaar was.

Onderstaande tabel toon die aantal jare wat die proefpersone aan die beweging behoort het vir die standerds waarin hulle was toe hulle aangesluit het.

TABEL CVII.

Ontleding van hoe lank die proefpersone Voortrekkers was.

St. waarin die ppe. aangesluit het.	(i)-1	2-3	4-5	6-7	8-9	(i)-9
Gem. aantal jare wat hulle Voortrekkers was.	7.9	5.7	3.1	3.4	1.8	5.

Dit blyk dus dat daar tot by st. 5 'n aansienlike daling was in die aantal jare wat die proefpersone aan die beweging behoort het. Maar vir die persone wat in st. 6/7 aangesluit het, d.w.s. aan die begin van hulle middelbareskoolloopbaan, was daar weer 'n geringe styging.

Vraelys VI Afd. Bl Vraag 2.

Waarom het u by die Voortrekkers aangesluit?

- (a) Omdat my ouers van my verlang het dat ek sou aansluit.
- (b) Omdat een van my onderwysers wou gehad het dat ek moes aansluit.
- (c) Omdat my maats aan die beweging behoort het.
- (d) Omdat dit gelyk het asof Voortrekkers sulke nuttige dinge leer.
- (e) Omdat dit gelyk het asof Voortrekkers sulke aangename dinge doen.
- (f) Omdat ek graag saam met die Voortrekkers wou gaan kamp.
- (g) Omdat ek graag die Voortrekkeruniform wou dra.
- (h) Omdat die beweging my deel sou laat hê in my volk se kultuur.

.....

Een persoon het verduidelik hoe dat hy saam met die Voortrekkers as 'n groep aan 'n sekere fees tydens die Ossewatrek van 1938 wou deelneem. Nog 'n persoon het gemeld dat hy een van die persone is wat by die eerste stigting in 1931 aangesluit het. Verdere redes wat genoem is, is die volgende : „omdat dit 'n Afrikaanse beweging is“, „omdat ek in die beweging belang gestel het“, „omdat my vader kommandant was“, „omdat al die leerlinge destyds by die beweging aangesluit het“, „omdat dit my die gelcentheid sou gee om 'n bietjie van die koshuis af weg te kom“.

TABEL CVIII.

Persentasie-ontleding van Vraelys VI Afd. Bl Vraag 2.

Kode	Tot. aant. ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	h
VIaTS ₁	35	34	23	71	57	57	51	37	31
VIaTS ₂	36	28	28	61	55	64	39	31	50
VIav/x	18	56	11	78	45	56	22	33	61
VIa'	89	36	22	69	54	60	40	34	45

Die tendens van die tabel - wat hierdie groep proefpersone altans betref - is dat die meeste kinders by die beweging aansluit omdat hulle maats daaraan behoort. 'n Tweede faktor wat 'n belangrike rol speel, is die aantreklikheid (soos dit vir die kind lyk) van die beweging. Die faktor wat deurgaans van die meeste belang was, is die invloed van die onderwyser. (S₁ en S₂ : twee stedelike gebiede in die Transvaal.)

Vraelys VI Afd. Bl Vraag 3.

Watter een van bogenoemde redes was die belangrikste?

.....'n.....

'n Aantal persone het gesê dat dit moeilik is om te onthou wat hulle destyds beweeg het om aan te sluit.

TABEL CIX.

Persentasie-ontleding van Vraelys VI Afd. Bl Vraag 3.

Kode	Tot. aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.								
		a	b	c	d	e	f	g	h	nie
VIa'Ts	35	5	3	8	14	26	8	5	17	12
VIa'Tp	36	5	3	11	22	31	3	3	25	-
VIa'v/x	18	17	-	28	-	6	-	-	50	-
VIa'	89	8	2	13	15	24	4	3	27	4

Weer lyk dit asof die maats en die skynbare aantreklikheid van die beweging twee van die belangrikste faktore was. 'n Nog belangriker faktor, volgens hierdie tabel, was die begeerte om deel te mag hê in die volkskultuur. Die vraag het egter ontstaan of die proefpersone hierdie vraag beantwoord het vanuit die standpunt van die kind van destyds of van die van die volwasse persoon van vandag. Twee faktore wat seker as baie min belangrik beskou is, is die invloed van die onderwyser en die begeerte by die kind om 'n Voortrekkeruniform te dra.

Vraelys VI Afd. Bl Vraag 4.

Het die beweging toe voldoen aan u verwagtinge?

- (a) Ja, dit het my stoutste verwagtinge selfs oortref.
- (b) Ja, ek het veel verwag maar ek was nie teleurgestel nie.
- (c) Nee, ek het veel verwag en ek was teleurgestel.
- (d) Ek het nie veel verwag nie en toe was ek werklik verras.
- (e) Ek het nie veel verwag nie en ek was werklik ook nie verkeerd nie.

.....

Een van die proefpersone het bygevoeg dat sy belangstelling aan die begin geweldig was. 'n Ander een het gesê dat hy later eers teleurgestel geraak het. 'n Derde het gesê dat hy telcургestel was omdat hy net terreine moes skoonmaak en programme moes uitdeel. Nog een het sy teleurstelling aan 'n onbekwame offisier gewyt. 'n Laaste persoon het beweer dat die beweging aan die laerskool teleurstellend was maar dat dit aan die hoërskool veel meer opgelewer het. Volgens sy opvatting van destyds het dit daar - nl. aan die hoërskool - eers iets nuttigs gedoen.

TABEL CX.

Persentasie-ontleding van Vraelys VI Afd. Bl Vraag 4.

Kode	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.					
		a	b	c	d	e	nie
VIa'Ts	35	17	51	17	3	3	9
VIa'Tp	36	17	64	11	5	5	-
VIa'v/x	18	45	50	11	6	-	-
VIa'	89	22	56	13	4	3	3

Die tendens van die tabel is dat die persone nie telcourgestel was nie, al het hulle ook veel verwag. Daar was 22 persent wie se stoutste verwagtinge selfs oortref is. Daar was 'n klein minderheid van 3 persent wat nie veel verwag het nie en wat toe ook nie verkeerd was nie.

Vraelys VI Afd. Bl Vraag 5.

Hierdie vraag is op pag. 201 reeds behandel.

Vraelys VI Afd. Bl Vraag 6.

Waarom het u uit die beweging getree?

- (a) Omdat my ouers van my verlang het dat ek sou uittree.
- (b) Omdat ek nie van die Voortrekkeroffisier gehou het nie.
- (c) Omdat my maats nie (langer) aan die beweging wou behoort nie
- (d) Omdat ons by die Voortrekkers niks nuttigs geleer het nie.
- (e) Omdat die dinge wat ons by die Voortrekkers gedoen het, nie aangenaam was nie.
- (f) Omdat my program te vol was.
- (g) Omdat daar nie meer Voortrekkers was waaraan ek kon behoort nie.

.....

'n Aantal proefpersone het hulle gebondenheid aan die beweging bevestig. Sewe het gesê dat hulle selfs vandag nog Voortrekkers is, 'n agtste dat hy, nadat hy die universiteit verlaat het, weer by 'n Staatmakergroep aangesluit het, waaraan hy behoort het totdat hy getroud is, en 'n negende dat hy op Normaal weer aangesluit het en 15 jaar lank Voortrekker was.

Op die vraag waarom hulle die beweging verlaat het, het vier persone geantwoord dat hulle later nie meer belang gestel het nie, en een het bygevoeg dat hy nie belang gestel het nie omdat die beweging nie voorsiening gemaak het vir die dinge wat hy op daardie stadium as van belang beskou het nie.

In/.....

In ses gevalle het die persone uitgetree omdat hulle verhuis het. In sommige van hierdie gevalle was daar toe nie 'n kommando waarby hulle kon aansluit nie en in die ander gevalle wou hulle nie weer by die bestaande beweging aansluit nie. Een persoon het vervoermoeilikhed gehad. In twee gevalle het die beweging as gevolg van gebrekkige organisasie en 'n tekort aan offisiere doodgeloop. Vir 'n paar persone het dit aan die universiteit onmoontlik geword om langer aan die beweging te behoort. Een persoon moes uittree as gevolg van finansiële oorweginge en twee omdat hulle in sekere persone teleurgestel was. Een van hulle het gesê dat hulle sy uittrede met suiwer huishoudelike aangeleenthede te make gehad het en niks met die beweging as sodanig nie.

TABEL CXI.

Persentasie-ontleding van Vraelys VI Afd. Bl Vraag 6.

Kode	Tot. aant. ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	nie
VIaTs	35	-	3	-	-	3	49	34	11
VIaTp	36	-	-	-	8	11	28	36	17
VIaV/x	18	6	-	6	11	6	45	56	-
VIa	89	1	1	1	6	7	39	39	11

Die meeste van die persone wat volgens die tabel nie op die vraag geantwoord het nie, is die wat 'n ander rede, soos hierbo vermeld, bygevoeg het. Verder is die tendens van die tabel dat die meeste persone wat die beweging verlaat, dit doen omdat hulle programme te vol is en omdat daar g'n Voortrekkerkommando bestaan waaraan hulle kan behoort nie.

Vraelys VI Afd. Bl Vraag 7.

Watter een van bogenoemde redes was die belangrikste?

.....

TABEL CXII

Persentasie-ontleding van Vraelys VI Afd. Bl Vraag 7.

Kode	Tot. aant. ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.							
		a	b	c	d	e	f	g	nie
VIaTs	35	-	-	-	-	3	20	26	51
VIaTp	36	-	-	-	5	-	22	31	42
VIaV/x	18	-	-	-	-	-	22	56	22
VIa	89	-	-	-	2	1	21	34	42

Die/.....

Die baie vrae wat nie beantwoord is nie, moet toegeskrywe word aan persone wat die antwoorde onderstreep het wat hulle self bygevoeg het. Verder was die rede wat die meeste onderstreep het die volgende : Daar was nie meer Voortrekkers waaraan die persone kon behoort nie.

Vraelys VI Afd. Bl Vraag 8.

Het die feit dat u 'n Voortrekker was, destyds by u 'n besef van verantwoordelikheid laat ontstaan?

- (a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie.
(d) Nee, beslis nie.

.....

Drie persone het kommentaar gelewer. Die eerste het gesê dat sy verantwoordelikheds- of Afrikanergevoel ontstaan het veral in die tyd van die tweede wêreldoorlog, toe hy lid geword het. Die tweede persoon het gesê dat dit nie die enigste faktor was wat daardie gevoel laat ontstaan het nie en die derde dat dit eerder 'n gevoel van vaderlandsliefde as 'n gevoel van verantwoordelikheid was.

TABEL CXIII.

Persentasie-ontleding van Vraelys VI Afd. Bl Vraag 8.

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	d			a	b	c	d
VIaTs	35	60	31	5	4	VIa ^v /x	18	67	33	-	-
VIaTp	36	50	36	11	3	VIa ⁱ	89	57	34	7	1

Die persone wat daarvan oortuig is en die wat gedink het dat die beweging by hulle 'n verantwoordelikhedsgevoel laat ontstaan het, was, volgens bostaande tabel, saam meer as 90 persent van die totaal. Slegs 1 persoon (1 persent van 89) het beweer dat die beweging beslis nie by hom so 'n gevoel laat ontstaan het nie. Die agtien persone buite die Transvaal het almal bevestigend geantwoord.

Vraelys VI Afd. Bl Vraag 9.

Indien wel, was hierdie verantwoordelikhedsgevoel blywend, selfs nadat u die beweging verlaat het?

- (a) Ja, beslis. (b) Ja, maar net vir 'n tyd lank.
(c) Nee, nie juis nie.

.....

Een persoon het gesê dat dit nie vir hom duidelik is of hy sy verantwoordelikhedsgevoel daar gekry het nie en 'n ander het beweer dat hy vandag nog probeer om sy Penkop-,
Verkenner/.....

Verkenner- en Staatmakerbelofte uit te voer.

In onderstaande tabel toon die totaalkolom die getal persone wat die vorige vraag bevestigend beantwoord het.

TABEL CXIV.

Persentasie-ontleding van Vraelys VI Afd. Bl Vraag 9.

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
VIa'Ts	32	75	3	3	19	VIa'v/x	18	89	-	6	6
VIa'Tp	31	81	6	6	6	VIa'	81	80	4	5	11

Die tendens van die tabel is dat selfs 80 persent van hierdie proefpersone oortuig is dat die verantwoordelikhedsgevoel wat deur die Voortrekkerbeweging geskep is, blywend was. Slegs 5 persent glo nie dat dit blywend was nie.

Vraelys VI Afd. Bl Vraag 10.

Het die beweging 'n goeie invloed op u gesindheid teenoor andere gehad?

- (a) Teenoor my ouers, ja. (b) Teenoor my onderwysers, ja.
(c) Teenoor die ander geslag, ja. (d) Teenoor my volk, ja.
(e) Dit het g'n invloed gehad nie.

.....

Een persoon het gesê dat die beweging sy verhouding teenoor alle persone ten goede beïnvloed het en nie net teenoor die wat hier genoem word nie. 'n Ander persoon het melding gemaak van die goeie opvoeding wat hy van sy ouers ontvang het, kultureel en godsdienstig, sodat hierdie goeie gesindheid waarskynlik van hulle afkomstig was.

TABEL CXV.

Persentasie-ontleding van Vraelys VI Afd. Bl Vraag 10.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	e
VIa'Ts	35	63	63	43	54	5
VIa'Tp	36	58	67	44	-	-
VIa'v/x	18	67	72	45	-	-
VIa'	89	62	69	44	21	2

Die tendens van die tabel is dat die Voortrekkerbeweging veral 'n goeie invloed het op die kind se verhouding teenoor sy ouers en sy onderwysers. Dit word ook erken dat die/.....

die beweging die verhouding van die kind tot die teenoorgestelde geslag ten goede beïnvloed, maar dit is 'n geringe invloed. Daar was slegs twee persone wat van geen sodanige invloed bewus was nie.

Vraelys VI Afd. Bl Vraag 11.

Het die beweging u kennis vermeerder?

(a) Ja, en die kennis was van waarde. (b) Ja, maar dit was nie van waarde nie. (c) Nee, dit het nie my kennis vermeerder nie.

.....

'n Paar persone het bygevoeg dat daar wel kennis opgedoen is, maar dit was gering. Een persoon het gesê dat die kennis meer 'n kultuurwaarde as iets anders gehad het.

TABEL CXVI.

Persentasie-ontleding van Vraelys VI Afd. Bl Vraag 11.

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
VIaTs	35	80	-	8	12	VIa ^v /x	18	89	-	11	-
VIaTp	36	83	3	14	-	VIa ^t	89	83	1	11	2

Die tendens van die tabel is dat die beweging wel die kennis van die kind vermeerder en dat die kennis van waarde is. Daar was egter 10 persone (11 persent van 89) wat beweer het dat die beweging nie hulle kennis vermeerder het nie.

Vraelys VI Afd. B Vraag 12.

Het die beweging aan u voldoende geleentheid gebied om u besig te hou met die dinge waarvan u as kind baie gehou het?

(a) Ja, beslis. (b) Ja, maar net ten dele. (c) Nee, beslis nie.

.....

Een persoon het bygevoeg: „'n redelike klein gedeelte, ja." 'n Tweede persoon het bygevoeg dat dit wel die geval by sy eerste skool was, maar waarskynlik nie daarna nie. Hieronder volg die ontleding van die antwoorde op bostaande vraag.

TABEL CXVII.

Persentasie-ontleding van Vraelys VI Afd. B Vraag 12

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van totaal.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
VIaTs	35	51	37	6	6	VIa ^v /x	18	45	56	-	-
VIaTp	36	33	55	11	-	VIa ^t	89	43	48	7	2

Die tabel toon dat meer as die helfte van die proefpersone nie ten volle geleentheid gekry het om die dinge te doen waarvan hulle baie gehou het nie (48 persent net ten dele en 7 persent beslis nie). As die persone bymekaar getel word aan wie beslis voldoende geleentheid gebied is en die aan wie wel ten dele geleentheid gebied is, is die persentasie meer as 90 persent.

Vraelys VI Afd. Bl Vraag 13.

Het die beweging u geïnspireer om 'n lewe te lei in diens van u volk?

(a) Ja. (b) Ten dele, ja. (c) Net tydelik, ja. (d) Nee, nie juis nie.

.....

Een persoon het bygevoeg: „Wys my 'n beweging waar meer gekry kan word.”

TABEL CXVIII.

Persentasie-ontleding van Vraelys VI Afd. Bl Vraag 13.

<u>Kode</u>	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
VIaTs	35	40	34	3	14	8
VIaTp	36	36	44	11	8	-
VIav/x	18	61	22	6	11	-
VIa	89	43	36	7	11	3

Daar was 43 persent van die persone wat op die vraag bevestigend geantwoord het. Vir die Transvaalse platteland was hierdie syfer slegs 36 persent, terwyl dit vir die ander provinsies - die Transvaal uitgesluit - 61 persent was. Meer as een-tiende van die proefpersone het beweer dat dit nie juis die geval was nie.

Vraelys VI Afd. Bl Vraag 14.

Het dit u geïnspireer om 'n meer godsdienstige lewe te lei?

(a) Ja. (b) Ten dele, ja. (c) Net tydelik, ja. (d) Nee, nie juis nie.

.....

Een van die proefpersone het opgemerk dat dit by die beantwoording van al die vrae moeilik was om te onderskei tussen die rol wat die huis, die wat die skool en die wat die Voortrekkerbeweging in sy opvoeding gespeel het. Hy dink dat die Voortrekkers in sy geval goeie aanvullende werk gedoen het. 'n

Tweede/.....

Tweede persoon het gesê dat hy die lewenswaardes wat in die vraelys genoem word, nie by die Voortrekkers geleer het nie maar tuis.

TABEL CXIX.

Persentasie-ontleding van Vraelys VI Afd. B1 Vraag 14.

Kode	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
VIaTs	35	43	31	-	17	8
VIaTp	36	25	36	3	36	-
VIav/x	18	61	17	-	22	-
VIa'	89	39	30	1	26	3

'n Aansienlike persentasie (26 persent) van die proefpersone het beweer dat die beweging hulle nie juis geïnspireer het om 'n meer godsdienstige lewe te lei nie. Aan die ander kant was daar 39 persent van die proefpersone wat beweer het dat dit wel die geval was en 30 persent wat beweer het dat dit hulle ten dele geïnspireer het. Die persentasie persone wat buite die Transvaal woon en wat bevestigend geantwoord het, was weer in verhouding byna twee keer soveel as die wat in die Transvaal woonagtig was.

Vraelys VI Afd. B2 Vraag 1.

(Aan persone wat nooit Voortrekkers was nie) Waarom het u nooit by die Voortrekkerbeweging aangesluit nie?

- (a) Omdat my ouers dit nie wou toelaat nie.
- (b) Omdat ek nie van die Voortrekkeroffisier gehou het nie.
- (c) Omdat my maats nie by die beweging wou aansluit nie.
- (d) Omdat ek geweet het dat die Voortrekkers 'n mens se tyd mors.
- (e) Omdat Voortrekkerwerk vir my nie aangenaam gelyk het nie.
- (f) Omdat ek te veel ander werk gehad het.
- (g) Omdat daar geen Voortrekkers was waaraan ek kon behoort nie.
- (h) Omdat my ouers dit nie kon bekostig nie.

.....

'n Paar persone het bygevoeg dat die beweging nie by hulle „gepropageer" of onder hulle aandag gebring is nie. Een persoon het gesê dat toe die beweging later aan hulle skool gestig is, net sekere kinders uitgesoek is om daaraan te behoort. Een persoon het gesien hoe dat Voortrekkers altyd papiere, gemors, ens. moes opruim - altyd die vuil werk. Hy het dus nie belang gestel nie. Nog meer persone het net gesê dat hulle nie in die beweging belang gestel het nie. 'n Laaste persoon het gesê dat hy nie aangesluit het nie omdat die leiding van die Voortrekkers aan hulle skool in die hande van persone was wat die/.....

die Afrikanersaak nie goedgesind was nie.

TABEL CXX.

Persentasie-ontleding van Vraelys VI Afd. B2 Vraag 1.

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.								
		a	b	c	d	e	f	g	h	nie
VIb'/c'	11	-	-	-	-	9	9	73	-	9
VIId'	34	-	-	-	-	13	13	56	19	-

Die tabel toon dat die meeste van hierdie persone nie aangesluit het nie omdat die geleentheid nie daar was om aan te sluit nie. Vir 'n paar persone het die werk nie aangenaam gelyk nie en 'n paar het te veel ander verpligtinge gehad. 'n Paar se ouers kon dit nie bekostig nie.

Vraelys VI Afd. B2 Vraag 2.

Watter een van bogenoende redes was die belangrikste?

.....

Daar moes een of ander misverstand i.v.m. die vraelys gewees het. Die elf proefpersone van die VIb'/c'-groep in vraag 1 het net elf antwoorde gegee, en so ook die 16 proefpersone van die VIId'-groep. Dieselfde antwoorde moes dus weer in Vraag 2 voorgekom het. Dit het egter nie gebeur nie. Die proefpersone het nou ander antwoorde onderstreep, soos die tabel hieronder aantoon.

TABEL CXXI

Persentasie-ontleding van Vraelys VI Afd. B2 Vraag 2.

<u>Kode</u>	Tot. aan- tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.								
		a	b	c	d	e	f	g	h	nie
VI b'/c'	11	-	-	-	-	-	9	82	-	9
VIId'	34	-	-	-	-	6	6	44	6	38

Die nadruk val hier weer op die feit dat daar geen geleentheid was om by die beweging aan te sluit nie.

Vraelys VI Afd. B2 Vraag 3.

Het u ooit begeer om ook 'n Voortrekker te wees?

.....

Alleen 'n klein persentasie van die proefpersone het die vraag beantwoord. Die meeste van die persone wat
geantwoord/.....

geantwoord het, het tekenne gegee dat dit nie eintlik moontlik was om spyt te weew nie, omdat hulle nie veel van die beweging geweet het nie. Twee persone het beweer dat hulle later as volwassenes, dikwels hulle spyt uitgespreek het omdat hulle as kinders nie die geleentheid gehad het om by die beweging aan te sluit nie.

Vib'/c' - Ja : 55%;Nee : 18%

Vid' - Ja : 38%;Nee : 31%

Vraelys VI Afd. B2 Vraag 4.

Het u destyds 'n besondere agting vir die Voortrekkers gehad?

- (a) Ja, ek het gedink dat hulle beter karakters het as ander kinders.
- (b) Ja, ek het gedink dat hulle meer pligsgetrou is as ander kinders.
- (c) Ja, ek het gedink dat hulle meer weet as ander kinders.
- (d) Ja, ek het gedink dat hulle die lewe meer geniet as ander kinders.
- (e) Ja, ek het gedink dat die onderwysers meer van hulle hou as van andere.
- (f) Nee, ek het gedink dat hulle 'n verwaande klomp kinders is.
- (g) Nee, ek het hulle beskou as 'n klomp „sussies“.
- (h) Nee, ek het gedink dat hulle net hulle tyd mors.
- (i) Nee, want ek het nooit met Voortrekkers in aanraking gekom nie.

.....

Die persone wat iets bygevoeg het, het almal met lof van die beweging gepraat. Een persoon het gesê dat hy destyds niks van die beweging geweet het nie. Die bietjie wat hy later ondervind het, het hom laat glo dat Voortrekkerwerk uiters leersaam, opbouend en self karaktervormend is.

TABEL CXXII.

Persentasie-ontleding van Vraelys VI Afd. B2 Vraag 4.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.								
		a	b	c	d	e	f	g	h	i
Vib'/c'	11	18	27	9	27	18	-	9	9	27
Vid'	34	13	13	-	13	-	-	-	13	44

Daar was slegs vier persone wat van oordeel was dat die Voortrekkers hulle tyd mors. Een ander persoon het 'n ongunstige opinie van die Voortrekkers gehad. Al die ander proefpersone het 'n besondere agting vir hulle gehad. . . .

Vraag 5

Vraelys VI Afd. B2 Vraag 5.

Het u vandag nog dieselfde opinie van Voortrekkers as destyds?

(a) Ja. (b) Ten dele, ja. (c) Nee, hoegenaamd nie.

.....

Vier van die vyf persone wat as kind volgens Vraag 4 'n ongunstige opinie van die Voortrekkers gehad het, het dit nou „hoegenaamd nie" meer nie. Een dink vandag nog „ten dele" dat hulle besig is om hulle tyd te mors. Ook is daar 'n paar wat 'n goeie opinie van die Voortrekkers gehad het, wat hulle opinie heeltemal of ten dele verander het. Die getalle is egter so klein, dat daaraan nie veel waarde geheg kan word nie. Daarom word geen tabel hiervan gegee nie.

Vraelys VI Afd. B2 Vraag 6.

Wat dink u vandag van die dissipline van die Voortrekkers?

- (a) Dit strek die Voortrekkerbeweging nie tot eer nie.
(b) Dit is goed genoeg. (c) Dit strek die beweging tot eer.
(d) Ek is nie in staat om te kan oordeel nie.

.....

Daar is twee persone wat gesê het dat daar geleentheid vir verbetering is, en een dat die dissipline uiters swak is. Een het gesê dat dit beïnvloed word deur die tydgees van onverantwoordelikheid, nie net by die kind nie maar ook by jong offisiere. Een persoon het verder beweer dat daar beslis baie minder moeite met die dissipline ondervind sal word as daarin geslaag kon word om al die leerlinge van 'n skool by die Voortrekkerbeweging te laat aansluit. 'n Laaste persoon het gesê dat, as hy moes oordeel volgens wat hy van kennisse vernem, die dissipline die beweging tot eer moet strek.

TABEL CXXII.

Persentasie-ontleding van Vraelys VI Afd. B2 Vraag 6.

Kode	Totale aantal ppe.	Antwoorde as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie
VI b'/c'	11	9	9	36	36	9
VI d'	34	-	6	31	50	13

Daar was nege persone wat gedink het dat die dissipline die beweging tot eer strek, teenoor 15 wat óf nie kon oordeel nie óf die vraag nie beantwoord het nie. Slegs één het gesê dat dit die beweging nie tot eer strek nie.

B. Ontleding/.....

B. ONTLEDING VAN AFDELING C VAN VRAELYS I - VI.

By die behandeling van die opmerkings onderaan die vrae van afdeling C moet, net soos in die geval van die vorige twee afdelings, in gedagte gehou word dat indien aan die versoek van die proefnemer voldoen is, die kommentaar van die proefpersone betrekking het op Voortrekkerkommando's in hulle eie en onmiddellike omgewings. Waar dit nodig geag word, sal daarop gewys word as persone bewerings gemaak het wat volgens hulle meer in die algemeen geld. As niks gesê word nie, moet aangeneem word dat dit wat gesê word van toepassing is op die Voortrekkers in die omgewing van die proefpersoon.

Verder sal daar by die behandeling van elke vraag by benadering aangedui word hoeveel persone kommentaar gelewer het. Hierby sal persone uit al die groepe ingesluit word. Opmerkings van minder belang sal buite rekening gelaat word. As 'n belangrike bewering gemaak word, sal naastenby 'n aanduiding gegee word van hoeveel persone daardie gedagte uitgespreek het. As dit nie gedoen word nie, moet dit beskou word dat die bewering nie dikwels voorgekom het nie.

Daar is nog 'n saak waarop die aandag gevestig moet word. Daar was 'n betreklik groot aantal persone - veral onderwysers en hoofde van skole waar die beweging nie bestaan het nie asook ander persone wat ten tye van die ondersoek geen kontak met die beweging gehad het nie - wat afdeling C heeltemal onbeantwoord gelaat het. Sommige van hierdie persone het die opmerking daarby geskrywe dat die vraelys nie op hulle van toepassing was nie. Hierdie vraelyste is by die ontleding van die antwoorde op die vrae in afdeling C buite rekening gelaat. Die gevolg is dat die totale aantal proefpersone in die d'-groepe nou nie meer dieselfde is as toe afdelings A en B ontleed is nie. Hierdie verskil sal in die ontledingstabelle opgemerk word.

Aan die ander kant was daar persone wat geen direkte kontak met die beweging gehad het nie en in wie se onmiddellike omgewing daar nie 'n Voortrekkerbeweging bestaan het nie wat ten spyte hiervan tog die vraelys beantwoord het. Soms is die opmerking daarby geplaas dat die vraelys beantwoord word volgens die ondervinding wat die persone in 'n vorige kommando gehad het. Sulke antwoorde is aanvaar.

Ten slotte moet die aandag nog daarop gevestig word dat afdeling C dieselfde gebly het in die eerste ses vraelyste. Daarom word die vraelyste nou nie meer apart behandel nie. Omdat elke vraag in al ses vraelyste voorgekom het, kan die ses vraelyste nou gelyktydig behandel word. Vraelys VII verskil weer heeltemal van die voriges en word dus as 'n eenheid apart van die ander ses behandel.

Afdeling C Vraag 1.

By ons mors die beweging net die tyd van offisiere en kinders.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Daar was ruim 120 persone wat op bostaande bewering kommentaar gelewer het. Na analogie van die antwoorde wat hierbo gegee word, kan hulle opmerkings ook onder drie hoofgedagtes saamgevat word : die bewering is beslis waar dat die beweging by hulle net die kosbare tyd van offisiere en kinders mors, die bewering is net somtyds en dan as gevolg van sekere omstandighede waar ; die bewering is beslis nie waar nie.

Die persone wat gesê het dat die bewering waar is, het gewoonlik die faktore genoem wat hiervoor verantwoordelik is. Die faktore kan weer in drie groepe ingedeel word : faktore buite die beweging ; innerlike swakhede in die beweging en die veel besproke leiersprobleem.

Wat die uitwendige faktore betref, is die vol program van die kinders 'n paar keer genoem. Die skool bied alles en vir die Voortrekkerbeweging bly weinig oor wat die moeite werd sou wees. Die beweging word ook gedurig deur die „afgod” sport verdring. Daar word te min tyd vir Voortrekkerwerk afgestaan - in een geval één uur per week - en soms moet kinders kies tussen Voortrekkers en ander aktiwiteite wat op dieselfde middag plaasvind. Voortrekkerwerk word soms na Vrydagmiddag verskuif, wat om verskillende redes baie nadelig en ongewens is vir die beweging.

Oor wat in 'n sekere sin innerlike swakhede genoem kan word, is veel meer gesê. 'n Paar persone het die vermorsing van tyd toegeskrywe aan die vaagheid of die totale afwesigheid van doelgerigte programme. Verder is melding gemaak van die dinge waarmee die Voortrekkers hulle besig hou. Spanbyeenkomste word soms gekenmerk deur 'n gebrek aan doelgerigtheid. Soms moet die kinders net speel en soms daag die offisier nie op nie, en dit terwyl die kinders baie ander nuttige en belangrike werk het. Die werk wat voorgeskrywe is, hou nie rekening met die tyd waarin ons lewe nie ; dit het dikwels geen waarde nie. Verder is deur twee persone te kenne gegee dat die beweging in die stede minder tyd mors as op die platteland en deur drie persone dat die voorgeskrewe werk meer waarde vir die laerskoolkind het as vir die kind aan die middelbare skool. Een persoon het dit ook teen die werk as sodanig wat in die „Handleiding” voorgeskrywe word. Daar moet ook meer konstruktief te werk gegaan word. Dit is verder beweer dat die metodes van die Voortrekkers verouderd en onprakties is, en een persoon het bygevoeg dat die tyd tot beskikking van die beweging nie

reg/.....

reg ingedeel en nie goed benut word nie.

Die derde faktor waaraan die tydvermorsing toegeskrywe is, is die tekort aan offisiere, die gebrek aan belangstelling en die onbekwaamheid van hulle wat die leiding moet neem. Oor elk hiervan is baie gesê en die aantal persone wat kommentaar op die offisiere gelewer het, is veel meer as een-derde van die totaal. Aan die een kant het 'n groot persentasie van hierdie persone gekla oor die laksheid en die onwilligheid van sommige of baie offisiere en aan die ander kant is weer deur 'n groot persentasie melding gemaak van die feit dat die offisiere nie vir hulle taak toegerus is nie, dat hulle geen opleiding ontvang het nie en dat hulle huislike en ander omstandighede dit feitlik onmoontlik maak om hulle so voor te berei dat hulle iets positiefs kan lewer. Een persoon het melding gemaak van die afwesigheid van die nodige bronne waaruit hy hom sou kon voorberei om iets nuttigs aan die kinders te bly lewer. Ook is hier aan die hand gedoen dat onderwysers spesiaal opgelei behoort te word vir Voortrekkerwerk.

Die groep proefpersone wat gesê het dat die beweging soms 'n vermorsing van tyd was, het die omstandighede genoem wat daartoe bygedra het of wat die beweging teëgewerk het. So is herhaaldelik verklaar dat die spanne in hul eie kommando's wat goeie offisiere het goeie werk lewer, maar dat die wat swak offisiere het net hulle tyd mors. Een persoon het gesê dat hy besig was om tyd te mors totdat hy 'n spankamer bekom het, en 'n ander een dat die beweging onder die vorige hoofniks beteken het nie maar nou, onder 'n nuwe hoof wat belangstel, verrig die beweging wondere. 'n Paar persone het gesê dat waar spanprogramme uitgewerk en noukeurig gevolg word, daar word nooit tyd gemors nie maar in ander gevalle waarskynlik wel.

Die laaste groep proefpersone het beweer dat die beweging by hulle beslis geen tyd mors nie. Hulle was ongeveer een-sesde van die wat kommentaar gelewer het. By sommige van hulle was die Voortrekkers 'n nuttige, lewendige of goeie beweging waarna opgesien word en wat die kinders leersaam en belangstellend besig hou. Verskeie persone het gekla omdat hulle te min tyd het om, soos een persoon dit uitgedruk het, al die interessante dinge wat hulle op hulle jaarprogram het aan die kinders te leer. Twee persone het beweer dat dit net onmoontlik is dat 'n beweging - enige beweging - wat hom met die opvoeding van die kind besig hou, die kind se tyd kan mors. Een persoon het verder gesê dat die bewering dat die Voortrekkers die kinders se tyd mors geheel en al onwaar is, en 'n ander persoon het beweer dat dit alleen mense is wat hoegenaamd niks van die doel en die strewe van die beweging af weet nie wat sulke dinge kan kwyt raak. Niemand het pertinent gesê

waarmee/.....

waarmee hulle die kinders besig hou nie.

TABEL CXXIV.

Ontleding van Afdeling C Vraag 1

Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.					Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van totaal.				
		a	b	c	d	nie			a	b	c	d	nie
IMa	12	-	33	25	-	42	IIIT	122	2	34	63	-	1
IMb	11	-	27	36	-	36	IIIV	43	7	40	54	-	-
IMc	64	2	16	78	-	5	IIIK	59	3	32	63	-	2
IMa'	15	7	40	40	-	13	IIIX	6	-	83	17	-	-
IMb'	21	-	10	86	-	5	IIIIa'	114	4	39	55	-	1
IMc'	51	-	17	63	-	20	IIIIb'	54	4	26	70	-	-
IMd'	5	-	20	60	-	20	IIIIc'	62	2	37	58	-	3
IM	87	1	20	65	-	14	IIII d'	20	10	50	35	-	5
IILa	17	-	6	76	-	18	III	230	3	36	60	-	1
IILb	15	-	33	27	-	40	IVT	72	3	32	65	-	-
IILc	93	1	14	83	-	2	IVV	15	-	40	60	-	-
IILa'	24	-	17	79	-	4	IVK	24	-	29	71	-	-
IILb'	20	-	10	85	-	5	IVX	12	8	17	75	-	-
IILc'	81	1	16	72	-	11	IVa'	64	5	30	66	-	-
IILd'	13	-	38	62	-	-	IVb'	23	-	30	70	-	-
IIL	125	1	15	75	-	9	IVc'	36	-	33	67	-	-
IIMa	7	-	43	57	-	-	IVd'	13	8	54	38	-	-
IIMb	10	20	30	30	-	20	IV	123	2	31	67	-	-
IIMc	49	2	31	63	-	4	VN	58	-	3	81	-	16
IIMa'	36	8	33	47	-	11	VG	28	4	14	64	-	18
IIMb'	4	-	-	100	-	-	VH	8	-	13	75	-	12
IIMc'	26	-	35	65	-	-	Va'	74	-	5	77	-	18
IIMd'	15	6	44	31	-	19	Vb'	1	-	-	100	-	-
IIM	66	5	32	58	-	6	Vc'	19	5	16	68	-	11
IIILa	12	8	-	58	-	34	V	94	1	7	76	-	16
IIILb	12	-	25	42	-	33	VIa'Ta	22	-	27	68	-	5
IIILc	65	2	28	68	-	3	VIa'Tb	13	-	15	77	-	8
IIILa'	43	5	23	58	-	14	VIa'Tp	36	5	39	55	-	-
IIILb'	5	-	40	60	-	-	VIc'v/x	18	-	33	61	-	6
IIILc'	41	-	22	69	-	10	VIIb'/c'	11	-	30	45	-	18
IIILd'	43	5	19	49	-	27	VID'	34	1	11	71	-	-
IIIL	89	2	24	63	-	11	VI	100	2	32	61	-	5

Daar is 'n paar dinge in verband met bostaande tabel waarop die aandag gevestig moet word :

(i) Die tendens van die tabel is dat die genoemde bewering onwaar is. As die totale van die verskillende groepe (IM,IL, IIM, IIL, III, IV, V en VI) in oënskou geneem word, dan word dit/.....

dit duidelik dat, ten spyte van die groot persentasie onbeantwoorde vrae, meer as sestig persent van die proefpersone van al die groepe behalwe één beweer dat die beweging nie die tyd van offisiere en kinders mors nie.

(ii) Die persentasie hoofde en onderwysers wat beweer dat die beweging nie die tyd van offisiere en kinders mors nie, is groter aan laerskole as aan middelbare skole.

Afdeling C Vraag 2.

By ons weet die offisiere gewoonlik nie waarmee hulle die kinders moet besig hou nie.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Meer as een-derde van die sowat 80 persone wat iets bygevoeg het, het beweer dat die verskynsel dat offisiere gewoonlik of dikwels nie weet waarmee hulle die kinders besig moet hou nie, toegeskrywe moet word aan die feit dat die offisiere onervare en sonder kennis van Voortrekkerwerk is en 'n gebrek aan belangstelling in en 'n goeie gesindheid teenoor die werk openbaar. Sommige offisiere is traag en besit nie die nodige ywer om hulle voor te berei nie. Ses persone het die gedagte te berde gebring dat die onopgeleidheid van die offisiere die oorsaak van die moeilikheid is, en twee ander het gewys op die waarde wat leiers - en offisierskursusse vir hulle self gehad het.

Verskeie ander persone wat die bewering ontken het, het gesê dat daar by hulle volgens 'n noukeurig opgestelde program gewerk word, en één het bygevoeg dat sy offisiere presies weet wat om te doen omdat „elke brokkie vir hulle voorgekou is.” In minstens drie kommando's bestaan die gewoonte om, afgesien van die spanbyeenkomste met die Voortrekkers, elke week 'n vergadering te hou waar die werksaamhede vir daardie week dan in hul fynste besonderhede beplan word. 'n Paar persone het beweer dat die offisiere nie weet wat om te doen nie omdat hulle nie 'n jaarprogram besit nie, en één het gesê dat hy nie 'n jaarprogram kan opstel nie omdat hy nie oor die nodige kennis beskik nie.

Daar is nog verskeie ander faktore genoem wat vir die genoemde verskynsel verantwoordelik is. 'n Paar persone het beweer dat, om Voortrekkerwerk te kan doen, meer tyd vereis as die wat tot hulle beskikking gestel word. Nog 'n paar het die moeilikheid toegeskrywe aan die feit dat baie van die dinge wat by die Voortrekkers gedoen moet word in die skool reeds gedoen is. Een het „Noodhulp” as voorbeeld genoem.

Een persoon het verder beweer dat daar 'n gebrek aan geskikte handleiding/.....

handleidings vir offisiere bestaan. 'n Aantal persone het gesê dat daar by hulle ook tye aanbreek wanneer offisiere nie weet wat om met die Voortrekkers te doen nie maar dat dit die uitsonderinge is. Ten slotte het drie persone te kenne gegee dat dit nie moontlik is om Voortrekkers besig te hou as hulle nie oor spankamers beskik nie.

Tabel CXXV verskyn op pag. 218.

Die tabel lower geen oortuig^{en}de antwoord op die vraag of die offisiere weet wat om met die Voortrekkers te doen nie. Hoewel die persone wat die opinie gehuldig het dat die offisiere wel weet wat om met die Voortrekkers te doen - d.w.s. die wat die c-antwoord onderstreep het - in byna al die groepe meer was as die wat die teenoorgestelde standpunt aangeneem het - d.w.s. die wat die a-antwoord onderstreep het -, was hulle tog in die meeste gevalle meer as 50 persent van die betrokke groep proefpersone. En al sou al die persone wat die vraag nie beantwoord het nie die c-antwoord onderstreep het dan sou dit die persentasie in baie gevalle nog nie hoër as 50% opgeskuif het nie.

Die tabel toon verder dat 'n groter persentasie van die proefpersone wat die bewering onderskryf het dat die offisiere nie weet wat om met die kinders te doen nie, hoofde en onderwysers aan middelbare skole was as aan laerskole.

Afdeling C Vraag 3.

En al weet die offisiere ook waarmee hulle die kinders moet besig hou, het die dinge wat hulle by ons doen g'n opvoedkundige waarde nie.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Ongeveer 30 persone het iets bygevoeg en sowat een derde van hulle het gewys op die waarde wat die Voortrekkerwerk vir die kinders het. As programme opgestel word in die gees van die Voortrekkerwet en -belofte is dit onmoontlik dat die werk geen opvoedkundige waarde kan hê nie. Sommige kommando's beskik dan ook oor goeie of „onverbeterlike“ offisiere wat, soos een dit uitgedruk het, ware opvoedkundiges is en wat die kinders suggestief lei om self die werksaamhede te kies wat vir hulle blywende waarde sal hê.

Die ander persone het erken dat die werk soms of gewoonlik g'n waarde het nie en dan het hulle dit toegeskrywe aan die verouderde of onpraktiese voorgeskrewe toetse, die gebrek aan die nodige tyd en fasiliteite en die oorbeklemtoning van pret en plesier. 'n Paar persone het gesê dat sommige offisiere nie/.....

TABEL CXXV.

Ontleding van Afdeling C Vraag 2

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.					Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				
		a	b	c	d	nie			a	b	c	d	nie
IMa	12	-	33	25	-	42	IIIT	122	11	53	34	-	1
IMb	11	-	55	9	-	36	IIIV	43	19	56	26	-	-
IMc	64	6	56	35	-	3	IIIK	59	8	68	24	-	-
IMa'	15	20	60	7	-	13	IIIX	6	-	67	33	-	-
IMb'	21	5	43	38	-	14	IIIa'	114	15	56	29	-	-
IMc'	51	-	55	31	-	14	IIIb'	54	9	54	37	-	-
IMd'	5	-	20	60	-	20	IIIc'	62	8	66	25	-	1
IM	87	5	53	30	-	13	IIId'	20	15	60	25	-	-
IILa	17	-	47	18	-	35	III	230	12	58	30	-	1
IILb	15	20	40	7	-	33	IVT	72	13	58	29	-	-
IILc	93	1	41	57	-	1	IVV	15	20	60	20	-	-
IILa'	24	-	46	42	-	13	IVK	24	4	75	21	-	-
IILb'	20	5	50	40	-	5	IVX	12	8	33	58	-	-
IILc'	81	4	38	48	-	10	IVa'	64	11	58	30	-	-
IILd'	13	-	46	46	-	8	IVb'	23	-	70	30	-	-
IIL	125	3	42	46	-	10	IVc'	36	19	54	27	-	-
IIMa	7	14	71	14	-	-	IVd'	13	8	69	23	-	-
IIMb	10	20	50	10	-	20	IV	123	11	59	29	-	-
IIMc	49	8	45	47	-	-	VN	58	2	19	59	-	20
IIMa'	36	14	55	25	-	5	VG	28	-	29	54	-	18
IIMb'	4	-	50	50	-	-	VH	8	12	25	38	-	25
IIMc'	26	8	42	54	-	-	Va'	74	3	20	57	-	20
IIMd'	15	6	44	31	-	19	Vb'	1	-	100	-	-	-
IIM	66	11	48	38	-	3	Vc'	19	-	26	53	-	21
IIILa	12	-	25	33	-	42	V	94	2	22	55	-	20
IIILb	12	-	33	25	-	42	VIa'Ta	22	14	36	41	-	9
IIILc	65	5	38	49	-	8	VIa'Tb	13	8	62	31	-	-
IIILa'	43	5	28	42	-	26	VIa'Tp	36	17	53	28	-	3
IIILb'	5	-	60	40	-	-	VIa'v/x	18	-	56	33	-	11
IIILc'	41	2	41	46	-	10	VIb'/c'	11	9	36	18	-	36
IIILd'	43	2	23	44	-	31	VIId'	34	14	14	29	-	19
IIIL	89	3	36	44	-	17	VI	100	11	49	31	-	9

nie in staat is om die werk so aan te bied dat dit vir die kind waarde het nie. As daar reg opgetree word, bied die beweging genoeg dinge waarin die kind belang stel en wat vir hom van waarde kan wees.

TABEL CXXVI.

Ontleding van Afdeling C Vraag 3.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	-	25	33	42	IIIT	122	3	32	65	-
IMb	11	-	27	36	36	IIIV	43	2	33	65	-
IMc	64	2	20	75	3	IIIK	59	7	27	66	-
IMa'	15	7	40	33	10	IIIX	6	-	17	83	-
IMb'	21	-	10	86	5	IIIIa'	114	3	30	68	-
IMc'	51	-	22	65	14	IIIIb'	54	4	24	72	-
IMd'	5	-	20	60	20	IIIIc'	62	6	37	58	-
IM	87	1	22	64	13	IIIIa'	20	-	15	70	15
IILa	17	-	24	53	23	III	230	4	30	66	-
IILb	15	-	27	47	26	IVT	72	3	32	64	1
IILc	93	-	15	80	5	IVV	15	27	40	33	-
IILa'	24	-	29	67	4	IVK	24	-	38	63	-
IILb'	20	-	20	75	5	IVX	12	8	25	67	-
IILc'	81	-	14	75	11	IVa'	64	6	35	58	-
IILd'	13	8	8	54	31	IVb'	23	4	30	65	-
IIL	125	-	18	74	9	IVc'	36	5	33	61	-
IIMa	7	14	29	57	-	IVd'	13	8	38	46	8
IIMb	10	20	30	30	20	IV	123	6	33	60	1
IIMc	49	-	24	69	6	VN	58	-	9	76	15
IIMa'	36	8	28	53	11	VG	28	4	14	64	18
IIMb'	4	-	-	100	-	VH	8	-	12	63	25
IIMc'	26	-	27	69	4	Va'	74	-	8	74	18
IIMd'	15	-	25	50	25	Vb'	1	-	-	100	-
IIM	66	5	26	62	8	Vc'	19	5	21	58	16
IIILa	12	-	-	67	33	V	94	1	11	71	17
IIILb	12	8	17	42	33	VIa'Ta	22	9	32	55	5
IIILc	65	2	14	80	5	VIa'Tb	13	8	23	46	23
IIIIa'	43	5	12	68	16	VIa'Tp	36	3	28	67	3
IIIIb'	5	-	20	80	-	VIa'v/xl	18	-	28	67	6
IIIIc'	41	-	12	78	10	VIIb'/c'	11	-	36	45	18
IIIIa'	43	2	9	65	23	VIa'	34	-	14	71	14
IIIL	89	2	12	73	12	VI	100	4	29	59	8

Die tabel toon die volgende :-

(i) In byna al die gevalle - daar was slegs weinig uitsonderinge - het meer as vyftig persent van die proefpersone beweer dat dit nie waar is dat die werk wat deur die offisiere gedoen word g'n opvoedkundige waarde het nie.

(ii) Die verskil tussen middelbare en laerskole is opmerklik.

Dit/.....

Dit lyk asof meer hoofde en onderwysers wat aan laerskole, waarde aan Voortrekkerwerk heg as die wat aan middelbare skole verbonde was.

Afdeling C Vraag 4.

By ons het die beweging nie genoeg dissiplinêre vat op sy lede nie.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Ongeveer één uit elke ses van die sowat vyftig persone wat iets bygevoeg het, het gewys op die onmoontlikheid van 'n beter dissipline. Dit is 'n vrywillige beweging en as 'n strenger dissipline toegepas word, verlaat die kinders eenvoudig die beweging. Baie Voortrekkers is dagskoliere teenoor wie nie opgetree kan word as hulle die byeenkomste nie bywoon nie. Vier persone het gesê dat ongedissiplineerdheid vandag 'n algemene verskynsel is wat ons, volgens één van hulle, selfs in ons skole aantref, en twee het bygevoeg dat dit veral 'n eienskap van die Afrikaner is.

Daar was drie persone wat sekere beskouinge ten opsigte van dissipline daarop nagehou het en wat die vraag teen daardie agtergrond beantwoord het. Die eerste persoon het beweer dat dissipline nie teen 'n blote militêre agtergrond alleen gesien moet word nie maar ook teen 'n agtergrond van Boer teenoor Boer, Christen teenoor Christen en meerdere teenoor mindere. 'n Tweede persoon het gesê dat die beweging rigting gee en dat dit dissipline nie beskou as 'n kwessie van dwang nie. Die derde persoon het gesê dat as met die bewering bedoel word dat daar geen wetlike gesag bestaan vir tugmaatreëls teenoor offisiere en kinders nie, dan is dit waar, maar as bedoel word dat daar geen orde of reëlmaat in die beweging bestaan nie, dan is die bewering onwaar.

'n Betreklik groot persentasie van die persone wat beweer het dat die beweging nie genoeg dissiplinêre vat op sy lede het nie, het hulle antwoorde gemotiveer. Ongeveer twaalf van hulle het die swak dissipline toegeskrywe aan die laksheid en die onbekwaamheid van sommige offisiere. 'n Paar persone het gesê dat offisiere bang is om strenger op te tree omdat hulle bang is om lede te verloor. In 'n paar kommando's is van Straatmakers en senior leerlinge gebruikgemaak en hulle het g'n dissiplinêre vat op die Voortrekkers gehad nie. Een persoon het gesê dat hulle te ongereeld bymekaarkom en een dat die moeilikheid om 'n uniform te bekom die dissipline in hulle kommando benadeel.

Ten slotte het ongeveer een-derde van die persone óf net die antwoorde beklemtoon wat onderstreep is of iets versagtends

tends bygevoeg. 'n Paar het gesê dat die dissipline wel swak is maar dat dit net in sommige gevalle en onder sekere omstandighede geld. 'n Paar persone kon nie oordeel nie, óf omdat die Voortrekkers te jonk was, óf omdat hulle kommando's nog nie lank genoeg bestaan het nie.

TABEL CXXVII.

Ontleding van Afdeling C Vraag 4 . . .

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	8	17	33	42	IIIT	122	11	45	43	1
IMb	11	18	21	18	36	IIIV	43	19	49	30	-
IMc	64	2	50	44	5	IIIK	59	22	41	37	-
IMa'	15	7	53	27	13	IIIX	6	17	33	50	-
IMb'	21	-	48	48	5	IIIIa'	114	18	40	40	1
IMc'	51	6	37	39	18	IIIIb'	54	9	44	46	-
IMd'	5	20	20	60	-	IIIIc'	62	16	52	31	-
IM	87	5	43	39	14	IIId'	20	10	40	45	5
IILa	17	-	18	59	23	III	230	16	44	39	1
IILb	15	7	20	40	33	IVT	72	19	38	43	-
IILc	93	4	41	54	1	IVV	15	13	33	53	-
IILa'	24	4	33	58	4	IVK	24	21	42	38	-
IILb'	20	5	40	50	5	IVX	12	33	17	50	-
IILc'	81	4	35	52	10	IVa'	64	20	33	47	-
IILd'	13	8	38	31	23	IVb'	23	13	30	57	-
IIL	125	4	35	53	9	IVc'	36	25	43	33	-
IIMa	7	14	43	43	-	IVd'	13	8	32	23	8
IIMb	10	10	40	30	20	IV	123	20	35	44	-
IIMc	49	8	37	49	6	VN	58	5	12	67	16
IIMa'	36	17	39	36	8	VG	28	4	29	46	21
IIMb'	4	-	50	25	25	VH	8	-	25	50	25
IIMc'	26	-	35	62	4	Va'	74	4	20	57	19
IIMd'	15	13	19	44	25	Vb'	1	-	-	100	-
IIM	66	9	38	45	8	Vc'	19	5	11	68	16
IIILa	12	-	25	42	33	V	94	4	18	60	18
IIILb	12	-	17	25	58	VIa'Ta	22	20	9	64	5
IIILc	65	8	38	51	3	VIa'Tb	13	15	54	23	9
IIILa'	43	5	42	30	23	VIa'Tp	36	14	31	50	5
IIILb'	5	20	40	40	-	VIa'v/x	18	22	28	45	6
IIILc'	41	5	25	63	8	VIb'/c'	11	18	9	36	36
IIILd'	43	9	23	37	30	VIa'	34	-	43	43	6
IIIL	89	6	34	46	15	VI	100	18	26	47	9

Die tabel toon dat daar geen bevredigende antwoord
gelewer/.....

gelewer is op die vraag of die beweging genoeg dissiplinêre vat op sy lede het nie. Hoewel dit in die meeste groepe voorgekom het dat meer persone gesê het dat die bewering wat aan die begin gemaak is nie waar is nie, moet daarop gelet word dat die totaal van die wat gesê het dat dit waar is en die wat gesê het dat dit ten dele waar is, die derde groep in die meeste gevalle oortref wat gesê het dat dit nie waar is nie.

Afdeling C Vraag 5.

En al sou dit die uitwendige dissipline bevorder, word daar by ons Voortrekkers van die eintlike innerlike dissipline niks gemaak waar nie.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie
.....

Daar was tussen 30 en 40 persone wat bewerings by die antwoorde bygevoeg het, maar die meeste van hulle het maar net benadruk wat reeds onderstreep is of daarop gewys dat daar uitsonderinge is, dat baie van die Voortrekker self en van sy offisier afhang en dat omgewing en omstandighede ook 'n rol speel by die aankweek van innerlike dissipline. Een persoon het gesê dat die losbandige gees van ons tyd ook sy invloed op die Voortrekkers het en een het beweer dat die dissipline van die Voortrekkers minder teleurstellend is as die van die skool. Een persoon het gesê dat die antwoord wat hoërskoolleerlinge betref die teenoorgestelde behoort te wees as die wat laerskoolleerlinge betref. Hy het nie gesê watter antwoord vir elke soort skool geldig sou wees nie.

'n Paar persone het probeer om voorbeelde te noem wat sou bewys dat die beweging daarin slaag om innerlike dissipline te bevorder. Een persoon sou in staat wees om Voortrekkers by name te noem wie se dissipline werklik verbeter het. 'n Ander persoon het gesê dat dit verbasend is om te sien watter opofferinge Voortrekkers soms doen om funksies en ander byeenkomste offisieël by te woon. 'n Derde persoon het beweer dat dit moontlik is om Voortrekkers aan hulle verantwoordelikeheidsgevoel uit te ken. En 'n laaste persoon het gesê: „Ek glo dis net 'n Voortrekker wat 'n boodskap suiwer kan oordra en wat gereeld en hard kan werk.”

TABEL CXXVIII VERSKYN OP PAG. 223.

Tabel CXXVIII het dieselfde tendens as die vorige een. Ook hier is daar geen oortuigende antwoord gelewer op die vraag in verband met die bevordering van innerlike dissipline nie. Dit blyk verder dat die predikante as groep proefpersone die gunstigste opinie van die dissipline van die beweging het. Die betreklik goeie indruk wat die beweging op die predikante gemaak het/.....

TABEL CXXVIII

Ontleding van Afdeling C Vraag 5.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	-	17	42	42	IIIT	122	10	42	46	2
IMb	11	18	27	18	36	IIIV	43	9	51	33	7
IMc	64	5	44	49	3	IIIK	59	19	49	31	2
IMa'	15	13	27	40	20	IIIX	6	-	83	17	-
IMb'	21	5	33	57	5	IIIIa'	114	18	38	42	3
IMc'	51	4	43	39	14	IIIIb'	54	4	48	46	2
IMd'	5	20	40	40	-	IIIIc'	62	8	61	26	5
IM	87	6	38	44	13	IIII d'	20	30	20	30	20
ILa	17	-	29	53	18	III	230	12	47	39	2
ILb	15	-	33	27	40	IVT	72	15	42	44	-
ILc	93	4	29	61	6	IVV	15	-	67	33	-
ILa'	24	4	33	58	4	IVK	24	4	50	42	4
ILb'	20	5	25	60	10	IVX	12	25	42	33	-
ILc'	81	2	30	54	14	IVa'	64	13	49	39	-
ILd'	13	-	23	46	31	IVb'	23	4	43	52	-
IL	125	3	30	56	11	IVc'	36	17	44	39	-
IIMa	7	14	29	57	-	IVd'	13	15	54	23	8
IIMb	10	10	40	30	20	IV	123	12	46	41	1
IIMc	49	8	37	45	10	VN	58	3	23	62	12
IIMa'	36	17	33	36	14	VG	28	7	21	54	18
IIMb'	4	-	-	75	25	VH	8	-	-	88	12
IIMc'	26	-	46	50	4	Va'	74	5	19	64	12
IIMd'	15	6	50	19	25	Vb'	1	-	100	-	-
IIM	66	9	36	44	11	Vc'	19	-	21	58	21
IIILa	12	-	17	33	50	V	94	4	20	62	14
IIILb	12	8	17	25	50	VIa'Ta	22	14	36	45	5
IIILc	65	6	46	42	6	VIa'Tb	13	15	23	38	23
IIILa'	43	9	37	35	19	VIa'Tp	36	8	47	36	8
IIILb'	5	-	80	20	-	VIa'y/x	18	17	50	28	6
IIILc'	41	2	34	44	20	VIIb'/c'	11	18	27	36	18
IIILd'	43	2	28	40	30	VId'	34	14	14	57	14
IIIL	89	6	38	38	18	VI	100	13	40	37	10

het, blyk ook uit sommige van die ander tabelle wat voorheen reeds verskyn het.

Afdeling C Vraag 6.

By ons kweek die beweging 'n ongesonde vaderlandsliefde aan.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

..... Meer

Meer as die helfte van die sowat 15 persone wat kommentaar gelewer het, het dit benadruk dat die beweging geen ongesonde vaderlandsliefde kweek nie. Een persoon het gevra of so iets moontlik is en twee het beweer dat 'n gesonde vaderlandsliefde juis één van die dinge is waarvoor die beweging hom beywer. 'n Aantal persone het verder met klem verklaar dat die beweging geen ongesonde vaderlandsliefde kweek nie en as dit miskien wel sou gebeur, dan sou dit hoë uitsonderinge wees. Die beweging gee eerder te min aandag aan hierdie belangrike aspek van die opvoeding. Een persoon het gesê dat dit vroeër wel die geval was dat „chauvinisme" gekweek is „maar daardie tyd is verby."

Daar was ook persone wat beweer het dat 'n ongesonde vaderlandsliefde wel aangekweek word. 'n Paar van hulle het die vraag teen 'n politieke agtergrond gesien. Een van hulle het dan ook beweer dat vaderlandsliefde te dikwels met die standpunt van een van ons politieke partye verwar word en 'n tweede een het gesê dat hy die bewering as waar beskou omdat hy geen voorstander van partypolitiek is nie. Hy sou hom liever wou beywer vir 'n nouer samewerking tussen die Voortrekker- en die Scout-beweging. Verder is deur een van die proefpersone beweer dat die beweging dieselfde ongesonde vaderlandsliefde kweek as die wat daar by baie Afrikaners bestaan. Een persoon het gewaarsku teen die oordrywing daarvan en 'n paar het gesê dat die antwoord op die vraag van die karakter van die kind of die opvattinge van die offisier afhang.

In tabel CXXIX op pag. 225 verskyn ^{'n}ontleding van die onderstreepte antwoorde op vraag 6. Uit die tabel blyk dit dat die meeste proefpersone in al die verskillende groepe van mening is dat die beweging nie 'n ongesonde vaderlandsliefde by die kinders aankweek nie. In die meeste groepe het selfs meer as tagtig persent van die proefpersone die antwoord „dit is nie waar nie" onderstreep.

Afdeling C Vraag 7.

By ons werk die beweging uithuisigheid in die hand.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Daar was 26 persone wat opmerkings bygeskrywe het. Van hulle het slegs vier persone die stelling dat die beweging uithuisigheid in die hand werk afkeurend beaam. Een van hierdie persone het gesê dat die kinders lank voor die vasgestelde tyd vir die byeenkomste opdaag en dikwels na die byeenkomste in die strate rondslenter, en 'n ander een het beweer dat die

kinders/.....

TABEL CXXIX.

Ontleding van Afdeling C vraag 6.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	-	-	58	42	IIIT	122	2	5	93	-
IMb	11	-	-	64	36	IIIV	43	2	7	91	-
IMc	64	3	13	81	3	IIIK	59	2	5	93	-
IMa'	15	-	13	73	13	IIIX	6	-	-	100	-
IMb'	21	10	5	81	5	IIIIa'	114	2	9	89	-
IMc'	51	-	10	75	16	IIIIb'	54	4	-	96	-
IMd'	5	-	-	100	-	IIIIc'	62	2	3	95	-
IM	87	2	9	76	13	IIII d'	20	5	10	75	10
IILa	17	12	-	71	18	III	230	2	5	93	-
IILb	15	-	20	53	27	IVT	72	8	8	82	1
IILc	93	2	2	95	1	IVV	15	-	-	93	7
IILa'	24	4	4	92	-	IVK	24	-	4	96	-
IILb'	20	-	5	90	5	IVX	12	-	8	92	-
IILc'	81	4	4	84	9	IVa'	64	2	8	89	2
IILd'	13	8	-	77	15	IVb'	23	4	4	87	4
IIL	125	3	4	86	6	IVc'	36	11	5	85	-
IIMa	7	-	-	100	-	IVd'	13	8	-	92	-
IIMb	10	-	10	70	20	IV	123	5	7	87	2
IIMc	49	2	12	86	-	VN	58	2	7	79	12
IIMa'	36	3	5	86	5	VG	28	-	-	82	18
IIMb'	4	-	-	100	-	VH	8	12	-	88	-
IIMc'	26	-	19	81	-	Va'	74	1	4	81	14
IIMd'	15	6	13	56	25	Vb'	1	-	-	100	-
IIM	66	2	11	85	3	Vc'	19	5	5	79	11
IIILa	12	-	-	67	33	V	94	2	4	81	13
IIILb	12	-	-	58	42	VIA'Ta	22	9	-	77	14
IIILc	65	8	5	86	2	VIA'Tb	13	15	-	77	8
IIILa'	43	9	2	72	16	VIA'Tp	36	-	14	83	3
IIILb'	5	20	-	80	-	VIA'v/x	18	17	22	56	6
IIILc'	41	-	5	88	8	VIIb'/c'	11	9	18	64	9
IIILd'	43	5	9	58	28	VId'	34	14	14	57	14
IIIL	89	6	3	80	11	VI	100	8	11	74	7

kinders saans te laat besig gehou word met die gevolg dat hulle baie laat tuis kom.

Meer as die helfte van die ander persone wat kommentaar gelewer het, het ook erken dat die beweging 'n mate van uithuisigheid veroorsaak maar hulle wou die blaam nie op die beweging lê nie. 'n Paar persone het gesê dat die skool met al sy ander georganiseerde buitemuurse aktiwiteite net soveel - of miskien meer/.....

meer - verantwoordelik is vir die uithuisigheid van die jeug, en een het bygevoeg dat as dit die Voortrekkers kwalik geneem word, alle sportsoorte belet moet word. Een van die proefpersone het erken dat die ouers kla omdat die beweging te veel tyd van die kinders opeis. Maar hy het bygevoeg dat dit toegeskrywe moet word aan die feit dat die kinders baie entoesiasties is oor die beweging. 'n Ander persoon het gesê dat hulle spanvergaderings van 7.15 nm. tot 8.30 nm. duur. Nou het ouers al gekla omdat die kinders na afloop van die vergaderings gaan rondloop het. En dan vra die persoon of die fout nou by die beweging lê. Verder is beweer dat die offisiere soms te veel van die kinders verwag het sodat hulle daardeur uithuisig was, dog hulle was altyd onder die toesig van die offisiere. Een persoon het gesê dat ^{dit} van die huislike dissipline afhang of die kinders uithuisig sal word. 'n Aantal persone het gesê dat daar gepoog word om die kinders nie uithuisig te maak nie.

Daar was ook persone wat ontken het dat die beweging vir enige vorm van uithuisigheid verantwoordelik was. Drie van hulle het, om hulle bewerings te staaf, gewys op die tyd wat die beweging in beslag neem. Die een kommando neem een uur per week en die tweede een twee uur per week. Die derde persoon het nie gesê hoe lank die byeenkomste duur nie maar hy het gesê dat hulle behalwe die gewone weeklikse byeenkomste net twee keer per kwartaal 'n kommandofunksie hou. Twee persone het beweer dat in plaas daarvan dat die Voortrekkers uithuisigheid kweek die teendeel waar is. Een het bygevoeg dat die beweging die stads-kind van die straat af hou. Nog 'n persoon het daarop gewys dat die Voortrekkers van sy kommando byna uitsluitlik kosgangers is, en in hierdie verband voorsien die beweging in 'n baie groot behoefte met betrekking tot die buitelewe, waarskynlik deur die kinders uit die koshuis uit te neem. 'n Paar persone het verklaar dat hulle die vraag nie kan beantwoord nie.

Uit die tabel CXXX op pag. 227, is dit duidelik dat baie min persone werklik glo dat die beweging uithuisigheid in die hand werk. In die meeste groepe het meer as 70 persent van die proefpersone - in verskeie gevalle selfs meer as 90 persent - die c-antwoord onderstreep.

Afdeling C Vraag 8.

By ons word nie veel gedoen om die minder bevoorregte kinders in die beweging te betrek nie.

- (a) Daar word te veel gedoen. (b) Daar word genoeg gedoen.
(c) Daar word te min gedoen.

.....

Meer as één uit elke vier van die byna tagtig persone
wat/.....

TABEL CXXX.

Ontleding van Afdeling C vraag 7.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot			
		a	b	c	d			a	b	c	d
IMa	12	-	8	5	42	IIIT	122	2	2	96	1
IMb	11	-	-	64	36	IIIV	43	-	2	98	-
IMc	64	2	2	95	2	IIIK	59	2	7	92	-
IMa'	15	-	-	87	13	IIIX	6	-	-	100	-
IMb'	21	5	-	90	5	IIIIa'	114	2	4	95	-
IMc'	51	-	4	82	14	IIIIb'	54	2	2	96	-
IMd'	5	-	-	100	-	IIIIc'	62	-	3	95	2
IM	87	1	2	85	11	IIIIa'	20	-	10	85	5
IILa	17	-	6	76	18	III	230	1	3	95	1
IILb	15	-	20	47	33	IVT	72	3	8	89	-
IILc	93	-	3	96	1	IVV	15	-	-	100	-
IILa'	24	-	8	92	-	IVK	24	-	4	96	-
IILb'	20	-	5	90	5	IVX	12	-	17	75	8
IILc'	81	-	5	85	10	IVa'	64	2	6	91	2
IILd'	13	-	8	85	8	IVb'	23	4	13	83	-
IIL	125	-	6	87	7	IVc'	36	-	5	95	-
IIMa	7	-	-	100	-	IVd'	13	-	15	85	-
IIMb	10	-	20	60	20	IV	123	2	7	90	1
IIMc	49	-	4	96	-	VN	58	-	3	83	14
IIMa'	36	-	8	86	5	VG	28	4	7	71	18
IIMb'	4	-	-	100	-	VH	8	-	-	100	-
IIMc'	26	-	4	96	1	Va ^u V	74	-	4	81	15
IIMd'	15	-	6	69	25	Vb'	1	-	-	100	-
IIM	66	-	6	91	3	Vc'	19	5	5	79	11
IIILa	12	-	-	58	42	V ^a	94	1	4	81	14
IIILb	12	-	-	58	42	VIA'Ta	22	-	23	73	5
IIILc	65	3	9	85	3	VIA'Tb	13	15	23	54	8
IIILa'	43	2	5	72	21	VIA'Tp	36	-	14	83	3
IIILb'	5	-	-	100	-	VIA'v/x	18	6	-	89	6
IIILc'	41	2	10	81	8	VIB'/c'	11	-	9	73	18
IIILd'	43	2	9	63	26	VId'	34	14	14	57	14
IIIL	89	2	7	78	13	VI	100	3	14	77	6

wat iets bygevoeg het, het op een of ander wyse te kenne gegee dat die koste wat aan die beweging verbonde is sommige kinders van die beweging af weg hou. Hoewel dit nie gesê word nie, moet by implikasie aanvaar word dat daar in hierdie kommando's nie veel gedoen word om die minder bevoorregte kinders in die beweging te betrek nie. Telkens is beweer dat die verskaffing van uniforms aan behoeftige kinders 'n groot probleem skep.

Die/.....

Die uniforms is duur, daar is geen fondse waaruit dit aangekoop kan word nie en kinders wat geen uniform kan bekostig nie, voel minderwaardig. Buitendien word die kind baie gou te groot vir sy uniform. En dan is dit nie die enigste onkoste wat aan die beweging verbonde is nie. Daar is ook vervoer- en ledegelde en selfs ander onkoste as die Voortrekker met sy beweging wil saamlewe. 'n Paar persone wat geantwoord het, woon in arm omgewings en byna al die Voortrekkers in daardie omgewings is behoeftige kinders. Dit maak die probleem om die kinders by die beweging te hou des te groter.

Daar was ook 'n groot persentasie proefpersone wat wel erken het dat die koste groot is wat aan die beweging verbonde is maar wat verskillende metodes genoem het waarop minder bevoorregtes gehelp word om, ten spyte van die hoë koste, tog by die beweging aan te sluit. In sommige kommando's word geld aan die behoeftiges geleen om uniforms te koop. Die geld word in paaiemente terugbetaal. In een geval is die voorwaarde s: £1.10.0. kontant en die res teen 5/- per maand. Een kommando verhuur die uniforms aan behoeftige Voortrekkers teen 2/6 per jaar. Daar is ook 'n aantal kommando's waar die uniforms teen 'n goedkoper tarief aan die kinders verkoop word. Een persoon meld dat sy kommando dit verskaf teen drie-kwart van die kosprys en dat die bedrag dan oor 'n lang tydperk afbetaal word. In 'n ander geval betaal behoeftige kinders slegs die helfte van die totale kosprys. In twee gevalle het die kommando's in 'n baie groot mate uit weeskinders bestaan aan wie die uniforms kosteloos verskaf is. Ook ander kommando's voorsien behoeftige kinders soms geheel en al van uniforms sonder dat hulle daarvoor hoef te betaal. 'n Paar persone het gemeld dat hulle genoeg doen as die grootte van hul kommando's of die beperktheid van hulle fondse in aanmerking geneem word. Hulle het egter ^{nie} gesê wat gedoen word nie. 'n Paar persone het gemeld dat dit juis die minder bevoorregtes is wat hulle graag by die beweging wil betrek.

Waar die reeds genoemde persone soms gepraat het van die uniform wat „onbetaalbaar” of „peperduur” is, was daar ook 'n groepie persone wat ontken het dat dit sodanig duur is of dat die koste aan die beweging verbonde sodanig hoog is dat minder bevoorregte kinders daarom van die beweging sou uitgesluit wees. Vyf-en-negentig persent van die Voortrekkers van een kommando is behoeftige kinders. Meer persone het daarop gewys dat hulle Voortrekkers byna almal minder bevoorregtes is. Een het gesê dat die minder bevoorregte kinders die getrouste Voortrekkers is. 'n Ander een het gesê dat die sogenaamde minder bevoorregtes genoeg geld het om gereeld na die bioskoop te gaan. 'n Aantal persone, wat die bedoeling van die vraag waarskynlik nie/.....

nie reg verstaan het nie, het geantwoord dat almal vry is om aan te sluit, die minder bevoorregtes ook. In 'n paar gevalle is gesê dat daar vir die minder bevoorregtes nog niks gedoen is nie omdat die kommando's nog te jonk was.

TABEL CXXXI.
Ontleding van Afdeling C Vraag 8.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	8	17	25	50	IIIT	122	-	57	40	3
IMb	11	-	18	45	36	IIIV	43	2	44	54	-
IMc	64	-	58	33	10	IIIK	59	-	58	41	2
IMa'	15	-	40	40	20	IIIX	6	-	83	17	-
IMb'	21	5	52	29	14	IIIIa'	114	1	53	44	3
IMc'	51	-	47	33	20	IIIIb'	54	-	63	35	2
IMd'	5	-	60	-	40	IIIIc'	62	-	53	45	12
IM	87	1	47	33	18	IIII d'	20	-	50	50	-
IILa	17	-	29	47	24	III	230	1	55	42	2
IILb	15	-	27	40	33	IVT	72	1	55	38	5
IILc	93	1	66	29	4	IVV	15	-	53	47	-
IILa'	24	-	54	38	8	IVK	24	-	46	50	4
IILb'	20	5	60	25	10	IVX	12	-	67	33	-
IILc'	81	-	56	33	11	IVa'	64	-	52	44	5
IILd'	13	-	31	31	38	IVb'	23	-	52	43	4
IIL	125	1	56	33	10	IVc'	36	2	59	35	-
IIMa	7	-	29	71	-	IVd'	13	-	38	62	-
IIMb	10	-	30	50	20	IV	123	1	54	41	4
IIMc	49	-	53	35	12	VN	58	2	50	26	23
IIMa'	36	-	33	53	14	VG	28	-	57	11	32
IIMb'	4	-	50	25	25	VH	8	-	38	38	25
IIMc'	26	-	65	27	8	Va'	74	1	50	23	26
IIMd'	15	-	50	25	25	Vb'	1	-	100	-	-
IIM	66	-	47	41	12	Vc'	19	-	53	21	26
IIILa	12	-	17	50	33	V	94	1	51	22	26
IIILb	12	-	25	33	42	VIa'Ta	22	-	59	27	14
IIILc	65	-	52	37	11	VIa'Tb	13	-	23	62	15
IIILa'	43	-	37	37	26	VIa'Tp	36	-	55	39	5
IIILb'	5	-	20	80	-	VIa'v/x	18	-	67	28	6
IIILc'	41	-	54	34	12	VIb'/c'	11	-	36	36	27
IIILd'	43	-	47	28	26	VI d'	34	-	29	57	14
IIIL	89	-	38	38	24	VI	100	-	52	37	11

Tabel CXXXI toon dat baie min persone erken het dat daar by hulle te veel gedoen word om minder bevoorregte kinders by die beweging te betrek. Die persone wat beweer het dat daar te/.....

te min gedoen word, was meer as die eersgenoemde groep, maar hulle was in die meeste gevalle minder as die helfte van die aantal proefpersone in die betrokke groep. Die meeste persone het gesê dat daar genoeg gedoen word.

Afdeling C Vraag 9.

By ons bied die beweging geen tuiste vir arm kinders wat dit nie kan bekostig nie.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie
.....

Daar was tussen 60 en 70 persone wat iets bygevoeg het. Ongeveer een-derde van die persone het gesê dat die bewering nie waar is nie omdat arm kinders by hulle gehelp word. In sommige gevalle word selfs hulle ledêgelde en kampgeld vir kommandokampe en saamtrekke uit die kommandokas betaal. Een persoon het gesê dat hulle dit op so 'n wyse doen dat die kinders nie minderwaardig voel nie. 'n Aantal kommando's het 'n aparte fonds wat net vir uniforms gebruik word. Die metodes waarop die arm kinders gehelp word, is verder dieselfde as die wat onder die vorige vraag behandel is.

Daar was ook 'n aansienlike persentasie persone wat beweer het dat die koste aan die beweging verbonde sonder twyfel baie hoog is en dat arm kinders noodwendig uitgesluit word omdat die kommando nie in staat is om die kinders te help nie. Die moeilikheid wat 'n paar keer geopper is, is dat kinders wat ingelyf wil word, verplig word om 'n uniform aan te skaf. Baie kinders kan dit nie bekostig nie.

Verder was daar 'n aantal persone wat beweer het dat die beweging wel vir arm kinders 'n tuiste bied omdat almal dit kan bekostig ; „byna sonder uitsondering" het een persoon bygevoeg. 'n Paar persone het beweer dat die armes die uniform graag koop omdat dit 'n „mate van trots" by hulle laat ontstaan. Vir die arm kind beteken die uniform baie. 'n Persoon in 'n baie arm omgewing het getuig dat al die kinders die volledige toebehore besit het toe die beweging nog daar bestaan het. Drie persone het gesê dat uniforms by hulle nie verpligtend is nie en vyf dat die probleem by hulle nie bestaan nie, omdat die kinders nie uit arm huise kom nie. 'n Paar persone het gesê dat hulle nie van sulke gevalle weet nie of dat hulle nie in staat is om te kan oordeel nie.

Tabel CXXXII verskyn op pag. 230.

Die tendens van hierdie tabel is dat die beweging wel aan arm kinders 'n tuiste bied. Dit lyk asof die onderwysers en hoofde van skole waar die beweging bestaan meer hiervan oortuig is as die ander. Persone wat dink dat dit nie die geval is nie, is in die meeste groepe ver in die minderheid.

TABEL CXXXII.

Ontleding van Afdeling C Vraag 9.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	d			a	b	c	d
IMa	12	8	8	33	50	IIIT	122	10	23	66	2
IMb	11	18	18	27	36	IIIV	43	19	23	56	2
IMc	64	8	31	56	5	IIIK	59	19	21	58	3
IMa'	15	7	20	53	20	IIIX	6	-	-	100	-
IMb'	21	5	38	52	5	IIIIa'	114	15	16	65	4
IMc'	51	12	24	47	18	IIIIb'	54	7	32	61	-
IMd'	5	-	40	40	20	IIIIc'	62	16	25	60	-
IM	87	9	26	49	15	IIId'	20	10	40	50	-
IILa	17	18	24	35	24	III	230	13	22	63	2
IILb	15	7	27	33	33	IVT	72	10	18	71	1
IILc	93	4	38	56	2	IVV	15	27	20	53	-
IILa'	24	4	38	58	-	IVK	24	8	42	50	-
IILb'	20	5	40	40	15	IVX	12	-	17	83	-
IILc'	81	7	32	51	10	IVa'	64	13	28	60	-
IILd'	13	2	3	6	2	IVb'	23	9	26	61	4
IIL	125	6	34	50	9	IVc'	36	8	11	81	-
IIMa	7	14	71	14	-	IVd'	13	23	23	54	-
IIMb	10	20	10	50	20	IV	123	10	23	66	1
IIMc	49	6	16	71	6	VN	58	2	23	55	21
IIMa'	36	11	22	58	8	VG	28	4	25	36	36
IIMb'	4	-	-	75	25	VH	8	-	25	50	25
IIMc'	26	8	23	65	4	Va'	74	3	22	50	26
IIMd'	15	-	25	56	19	Vb'	1	-	-	100	-
IIM	66	9	21	62	8	Vc'	19	-	32	42	26
IIILa	12	-	50	17	33	V	94	2	23	49	26
IIILb	12	-	42	25	33	VIa'Ta	22	5	23	64	9
IIILc	65	12	25	52	11	VIa'Tb	13	46	8	31	15
IIILa'	43	9	23	42	26	VIa'Tp	36	22	33	39	5
IIILb'	5	20	40	40	-	VIa'y/x	18	-	28	61	11
IIILc'	41	8	37	46	10	VIb'/c'	11	9	27	36	27
IIILd'	43	5	21	49	26	VIId'	34	14	14	29	43
IIIL	89	9	30	44	17	VI	100	16	26	47	11

Afdeling C Vraag 10.By ons leer die kinders nuttige dinge by die Voortrekkers.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Daar was twintig persone wat iets onder aan vraag 10
bygevoeg/.....

bygevoeg het. Vyf van hulle het voorbeelde genoem van nuttige dinge wat by die Voortrekkers geleer word. In hierdie verband is daar gewys op die bou en versiering van spankamers, die aanplant van blomme, die versorging van groentetuine en troeteldiere, die herstel van gereedskap, handwerk, noodhulp, kookkuns ens., sommige hiervan waarvoor spesiale onderskeidingstekens toegeken word. Verder is melding gemaak van die waarde van die kern- en keusetoetse, van die dinge wat op Voortrekkerkampe geleer word en van die feit dat die Voortrekkers prakties en nuttig besig gehou word, wat die aard van hulle bedrywigheide ook al mag wees. 'n Paar persone het te kenne gegee dat die dinge wat die Voortrekkers doen soms nuttig is, maar dat hulle hulle nie net met nuttige dinge besig hou nie.

Behalwe die paar persone wat nie in staat was om te oordeel nie en die twee wat beweer het dat nuttigheid nie een van die doeleindes van die Voortrekkerbeweging is nie, het die ander proefpersone wel beswaar gemaak teen die nutteloosheid van die dinge wat by die Voortrekkerbyeenkomste geleer of gedoen word. Die dinge wat hulle daar behoort te leer, so is deur een persoon beweer, sou wel nuttig gewees het as hulle hulle maar daarmee besig gehou het, maar hulle doen dit nie, of omdat daar nie genoeg tyd tot hulle beskikking is nie, of omdat die offisiere self nie genoeg kennis van hierdie dinge besit nie. Een persoon het verder gesê dat onderwysers as offisiere uitgeskop behoort te word omdat hulle niks uitvoer nie en in werklikheid g'n opvoedkundiges is nie. 'n Laaste persoon wou hê dat die beweging ook in sy werksaamhede met die moderne beskouinge rekening moes hou.

Tabel CXXXIII op pag. 233 toon 'n ontleding van die drie antwoorde op vraag 10 wat op die vraelys voorgekom het. Die tendens van die tabel is dat kinders wel nuttige dinge by die Voortrekkers leer of, as hierdie bewering nie heeltemal waar is nie, dat dit dan gedeeltelik waar is. Van die offisiere en Distriksekretarisse was daar slegs weiniges en van die predikante nie een nie wat beweer het dat die kinders nie nuttige dinge by die Voortrekkers leer nie.

Afdeling C Vraag 11.

By ons hou die kinders baie van Voortrekkerwerk.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Daar was tussen 60 en 70 persone wat kommentaar bygevoeg het en ongeveer een-derde van hulle was persone wat van oordeel was dat die Voortrekkers van Voortrekkerwerk hou. Sewe van hulle het egter daarop gewys dat slegs 'n geringe persentasie kinders/.....

TABEL CXXXIII.

Ontleding van Afdeling C Vraag 10.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	d			a	b	c	d
IMa	12	47	17	-	42	IIIT	122	57	41	2	-
IMb	11	27	36	-	36	IIIV	43	51	44	5	-
IMc	64	72	25	2	2	IIIK	59	51	46	3	-
IMa'	15	27	60	-	13	IIIX	6	33	67	-	-
IMb'	21	86	10	-	5	IIIIa'	114	50	46	4	-
IMc'	51	63	22	2	14	IIIIb'	54	65	35	-	-
IMa'	5	20	60	-	20	IIIIc'	62	52	45	3	-
IM	87	62	25	1	11	IIId'	20	45	50	-	5
IILa	17	65	18	-	18	III	230	54	43	3	-
IILb	15	33	27	7	33	IVT	72	51	42	5	1
IILc	93	78	20	-	1	IVV	15	27	73	-	-
IILa'	24	79	17	4	-	IVK	24	58	42	-	-
IILb'	20	80	15	-	5	IVX	12	67	25	8	-
IILc'	81	67	23	-	10	IVa'	64	56	38	6	-
IILd'	13	54	31	-	15	IVb'	23	30	65	4	-
IIL	125	71	21	1	7	IVc'	36	54	43	-	3
IIMa	7	86	14	-	-	IVd'	13	54	38	8	-
IIMb	10	30	30	20	20	IV	123	57	44	4	1
IIMc	49	65	29	2	4	VN	58	81	5	-	14
IIMa'	36	53	31	5	11	VG	28	68	18	-	14
IIMb'	4	75	25	-	-	VH	8	75	25	-	-
IIMc'	26	73	23	4	-	Va'	74	76	11	-	14
IIMd'	15	44	31	-	25	Vb'	1	100	-	-	-
IIM	66	62	27	5	6	Vc'	19	79	11	-	11
IIILa	12	58	8	-	33	V	94	77	11	-	13
IIILb	12	42	17	8	33	VIa'Ta	22	55	41	-	5
IIILc	65	66	28	5	2	VIa'Tb	13	38	46	-	15
IIILa'	43	61	21	5	14	VIa'Tp	36	44	50	-	5
IIILb'	5	80	-	20	-	VIa'v/xl8	61	28	6	6	6
IIILc'	41	61	29	2	8	VIb'/c'	11	27	45	-	27
IIILd'	43	56	19	2	23	VIId'	34	57	14	14	14
IIIL	89	62	24	4	10	VI	100	47	43	1	9

kinders by die beweging aansluit - in een geval slegs 50 uit meer as 750 - sodat, as beweer word dat Voortrekkers van Voortrekkerwerk hou, dit nie beteken dat kinders oor die algemeen daarvan hou nie. Die ander persone wat gesê het dat kinders van die beweging hou, het nie laat blyk of hulle met bostaande bewering sou kon saamstem nie. Hulle het net gesê dat die kinders by hulle gretig en ywerig is om Voortrekkerwerk te doen, soms yweriger/.....

yweriger as die offisier self. In een kommando is daar omtrent nooit iemand afwesig nie en aan een van die laerskole is Voortrekkerwerk die geliefkoosde buiteskoolse aktiwiteit. Voortrekkers kan soms nie wag tot die volgende byeenkoms nie en hulle skop soms hulle skoolwerk af ter wille van Voortrekkerwerk. Dit is in die genoemde kommando nie net die kinders wat aan inrigtings verbonde is wat so ywerig is nie maar ook dorpskinders.

Daar was 'n tweede groep persone, ongeveer net so veel as die eerste groep, wat nie so oortuig van hierdie saak was nie en wat beweer het dat dit van sekere faktore afhang of kinders van Voortrekkerwerk hou of nie. In die eerste plek hang dit af van die gesindheid en van die bekwaamheid van die offisier. Hierdie feit is herhaaldelik benadruk. Daarna hang dit af van die aard van die werk wat verrig word. En in hierdie verband het verskeie persone beweer dat die kinders net van die dinge hou wat plesier verskaf. Baie kinders wil net uitkamp of aan uitstappies deelneem en as iets ander gedoen word, verloor hulle belangstelling. Daar is egter ook beweer dat die kinders wel belangstelling behou as die werk gereeld afgewissel word: werk, speel, sang, uitstappies, toetse, ens.

Verder was daar 'n groep persone - ongeveer een uit elke sewe van die wat kommentaar gelewer het - wat beweer het dat die belangstelling in Voortrekkerwerk afneem namate die kind ouer word. Een persoon het gesê dat kinders tot ongeveer by st. 6 baie van Voortrekkerwerk hou maar daarna nie meer nie. 'n Ander persoon het beweer dat die Penkoppe en Drawwertjies baie ywerig is, maar dat die belangstelling kwyn sodra die Verkennerstadium bereik is. 'n Hele aantal persone onder wie laerskoolhoofde, was van mening dat die beweging baie meer gewild is aan die laerskool as aan die middelbare skool.

Ten slotte was daar die persone vir wie dit duidelik was dat die kinders hoegenaamd nie van Voortrekkerwerk hou nie of wat gemeen het dat indien hulle tog daarvan hou dit slegs die uitsonderinge is. Een persoon het gesê dat baie kinders onder dwang by die beweging aangesluit het en onder dwang daaraan behoort. 'n Ander een het gesê dat die begaafde kind baie gou verveeld raak deur die werk wat gedoen word. Een persoon het verder beweer dat die werk verouderd is en dat die kinders daarom nie meer daarin belang stel nie.

Tabel CXXXIV verskyn op pag. 235.

Die tendens van die genoemde tabel is dat leerlinge aan die meeste middelbare skole van wie antwoord ontvang is ten dele, en die aan die meeste laerskole van wie antwoord ontvang is heeltemal van Voortrekkerwerk hou. Wat offisiere, Distriksekretarisse en volwassenes betref, was die aantal persone wat beweer het dat die kinders wel daarvan hou ongeveer net so

veel/.....

TABEL CXXXIV.

Ontleding van Afdeling C Vraag 11.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	d			a	b	c	d
IMa	12	33	33	-	33	IIIT	122	53	39	3	4
IMb	11	18	45	-	36	IIIV	43	33	67	-	-
IMc	64	36	55	6	3	IIIK	59	46	51	2	2
IMa'	15	7	73	7	13	IIIX	6	67	33	-	-
IMb'	21	43	52	-	5	IIIIa'	114	46	49	3	2
IMc'	51	37	43	6	14	IIIIb'	54	57	41	-	2
IMd'	5	20	60	-	20	IIIIc'	62	42	52	3	3
IM	87	33	51	5	11	IIId'	20	35	55	5	5
IILa	17	47	29	-	24	III	230	48	48	2	2
IILb	15	13	53	-	33	IVT	72	51	47	3	-
IILc	93	68	29	1	2	IVV	15	27	67	7	-
IILa'	24	54	38	-	8	IVK	24	50	46	4	-
IILb'	20	65	25	5	5	IVX	12	58	42	-	-
IILc'	81	58	32	-	10	IVa'	64	50	49	2	-
IILd'	13	31	62	-	8	IVb'	23	57	35	9	-
IIL	125	58	32	1	9	IVc'	36	41	57	3	-
IIMa	7	57	29	-	14	IVd'	13	23	77	-	-
IIMb	10	30	20	20	30	IV	123	48	48	3	-
IIMc	49	43	49	4	4	VN	58	64	19	2	16
IIMa'	36	39	42	11	8	VG	28	43	32	7	18
IIMb'	4	75	-	-	25	VH	8	50	50	-	-
IIMc'	26	42	50	-	8	Va'	74	57	26	1	16
IIMd'	15	25	63	-	13	Vb'	1	-	100	-	-
IIM	66	42	42	6	9	Vc'	19	58	21	11	11
IIILa	12	50	8	-	42	V	94	56	26	3	15
IIILb	12	42	25	-	33	VIa'Ta	22	55	41	-	5
IIILc	65	54	38	3	5	VIa'Tb	13	69	23	-	8
IIILa'	43	49	30	5	16	VIa'Tp	36	39	53	5	3
IIILb'	5	60	40	-	-	VIa'v/xl	18	39	50	6	6
IIILc'	41	54	34	-	12	VIb'/c'	11	18	45	18	18
IIILd'	43	44	30	2	23	VIId'	34	-	57	14	29
IIIL	89	52	33	2	13	VI	100	44	45	5	6

veel as die wat beweert dat hulle slegs ten dele daarvan hou.
Die meeste predikante was van mening dat die kinders wel daar-
van hou. In al die groepe het slegs 'n heel klein minderheid
beweert dat die kinders nie daarvan hou nie.

Afdeling C Vraag 12.

By ons help die beweging die kind om oor die skommelingsjare
van die jeug te kom.

(a).....

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

'n Kwart van die ongeveer tagtig persone wat opmerkings bygevoeg het, het daarop gewys dat hulle Voortrekkers nog te jonk is vir die probleme van die puberteitsjare. Byna nog 'n kwart het gesê dat hulle die vraag nie kan beantwoord nie, óf omdat hulle kommando's nog so jonk is dat resultate in hierdie verband nog nie waargeneem kan word nie, óf omdat die geldigheid van so 'n bewering nie sonder navorsing bepaal kan word nie. Een persoon het die bewering 'n „groot gedagte" genoem wat hy nie graag wou bevestig of ontken nie en 'n ander persoon het gesê dat die vraag baie vergesog was wat eers wetenskaplik ondersoek moes word voordat 'n antwoord gewaag sou kon word.

Daar was egter ook 'n groep van ongeveer tien persone wat wel beweer het dat die beweging in hierdie opsig werklik te kort skiet en dat dit niks positiefs lewer nie. Daar is nie genoeg aksie nie en die verbeelding van die betrokke ouderdomsgroep word nie aangegryp nie. Een persoon het gesê dat dit onrealisties sou wees om te beweer dat die beweging die kind help om oor die skommelingsjare van die jeug te kom aangesien sy program nie daarop ingestel is nie. In individuele gevalle mag dit toevallig gebeur dat die beweging, veral deur die besondere belangstelling van die offisier, in hierdie verband van waarde mag wees, maar dit sal nie die reël wees nie. Nog meer persone het dit benadruk dat die doel van die beweging nie in hierdie rigting gesoek moet word nie.

Aan die ander kant was daar ook persone wat beweer het dat dit tog die doel van die beweging was om die jeug in daardie moeilike jare te help en dat hulle kommando's wel in hierdie opsig al presteer het. 'n Paar persone het uit eie ervaring aangehaal dat die Voortrekkerbeweging vir hulle in daardie oorgangstydperk van waarde was. Verder is gesê dat selfs laerskoolleerlinge op die vooraand van die puberteitsjare reeds deur die beweging bevoordeel word. Die beweging trek die aandag af van wat verkeerd is. Dit moet as 'n aangename voorreg beskou word om hierdie georganiseerde opvoedingsaangeleentheid te mag benut. Ook hier is dit verskeie kere benadruk dat alles van die gesindheid en die kennis van die offisiere afhang. As die offisiere bewus is van die behoeftes van die jeug in daardie skommelings tydperk, kan veel gedoen word om hulle te help. Waar dit nie die geval is nie, dra die beweging hoegenaamd niks dien-aangaande by nie.

'n Faktor wat in hierdie verband nadelig inwerk en wat deur verskeie persone genoem is, is die feit dat 'n groot persentasie kinders die beweging aan die begin van die puberteit verlaat/.....

verlaat. Hulle verloor belangstelling juis in die jare wanneer die beweging vir hulle veel kon beteken het. Vir die wat die beweging dan verlaat, het dit in hierdie verband geen waarde gehad nie.

Tabel CXXXV op pag. 238 toon 'n ontleding van die drie onderskeie soorte antwoorde op vraag 12. En nou is dit opmerklik hoe 'n groot persentasie proefpersone uit al die groepe die vraag onbeantwoord gelaat het. Hoewel die persone wat gesê het dat die genoemde bewering waar is, meer was as die wat gesê het dat dit nie waar is nie, was die eersgenoemdes slegs in enkele uitsonderlike gevalle meer as die helfte van die proefpersone in daardie groep. Verder is dit opmerklik dat hoofde en onderwysers aan middelbare skole minder as die aan laerskole geneë was om te erken dat die beweging die genoemde waarde vir die jeug het.

Die tendens van die tabel is dus dat die Voortrekkerbeweging die kind help om oor die skommelingsjare van die jeug te kom al is dit dan ook maar net ten dele. Die groot persentasie persone wat „ten dele” onderstreep het en die groot persentasie van die wat die vraag nie beantwoord het nie, mag die aandag egter nie ontglip nie. As gevolg hiervan is die uitspraak van die proefpersone onseker.

Afdeling C Vraag 13.

By ons help die beweging die jeug om goed oor die weg te kom met:

- (a) die teenoorgestelde geslag. (b) die volwassenes (c) die gesinslede (d) sy maats. (e) Nee, die beweging help niks in hierdie verband nie.

.....

Daar was slegs ongeveer dertig persone wat iets bygevoeg het, en sowat die helfte van hulle was persone wat beweer het dat die beweging wel die genoemde waarde het. 'n Paar persone het beweer dat die beweging juis aanpassing beoog. Kampe, uitstappies en spanwerk betrek die ouers, die publiek en die maats en so word sosiale aanpassing moontlik gemaak. 'n Gesonde natuurlike omgang tussen die twee geslagte word deur die beweging aangemoedig, en een persoon het in alle erns verklaar dat hulle kampe en uitstappies, ook en veral wat die omgang tussen die geslagte betref, baie suksesvol was. 'n Paar persone het gesê dat die beweging nie doelbewus na die bevordering van die gesonde menslike omgang strewe nie maar dat die sosiale aanpassing tog voortspruit uit die werksaamhede van die beweging. Een persoon was gewillig om die eerste vier antwoorde te onderstreep as die woord „goed” geskrap word, en 'n aantal ander persone was

daartoe/.....

TABEL CXXXV.
Ontleding van Afdeling C Vraag 12.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	d			a	b	c	d
IMa	12	33	8	-	58	IIIT	122	31	42	10	17
IMb	11	18	36	9	36	IIIV	43	21	56	9	14
IMc	64	27	61	6	6	IIIK	59	29	41	7	24
IMa'	15	7	60	13	20	IIIX	6	33	50	-	17
IMb'	21	33	62	-	5	IIIIa'	114	24	48	12	16
IMc'	51	29	43	6	22	IIIIb'	54	44	30	6	20
IMd'	5	-	60	20	20	IIIIc'	62	25	50	5	21
IM	87	26	51	6	17	IIII d'	20	10	50	20	20
IILa	17	59	18	6	18	III	230	29	44	9	18
IILb	15	20	27	-	53	IVT	72	25	52	5	18
IILc	93	37	45	4	14	IVV	15	20	40	20	20
IILa'	24	46	25	8	21	IVK	24	33	42	8	17
IILb'	20	50	40	-	10	IVX	12	42	33	17	8
IILc'	81	32	43	4	9	IVa'	64	25	53	11	11
IILd'	13	15	23	-	62	IVb'	23	39	30	9	22
IIL	125	38	39	4	19	IVc'	36	24	46	5	24
IIMa	7	29	57	-	14	IVd'	13	15	54	15	15
IIMb	10	20	10	40	30	IV	123	27	47	9	17
IIMc	49	24	51	12	12	WN	58	47	35	-	19
IIMa'	36	14	42	25	19	VG	28	29	39	7	25
IIMb'	4	50	25	-	25	VH	8	50	50	-	-
IIMc'	26	35	54	4	8	Va'	74	42	37	1	20
IIMd'	15	19	50	6	19	Vb'	1	-	100	-	-
IIM	66	24	45	15	15	Vc'	19	42	37	5	16
IIILa	12	17	50	-	33	V	94	42	37	2	19
IIILb	12	8	50	8	33	VIa'Ta	22	32	32	14	23
IIILc	65	31	38	9	22	VIa'Tb	13	54	31	8	8
IIILa'	43	28	33	12	28	VIa'Tp	36	19	61	19	-
IIILb'	5	20	80	-	-	VIa'y/x	18	28	61	6	6
IIILc'	41	25	46	5	25	VIIb'/c'	11	27	27	27	18
IIILd'	43	26	28	7	40	VI d'	34	43	14	14	29
IIIL	89	42	8	25	26	VI	100	29	47	15	9

daartoe bereid as die woorde „in 'n mate" bygevoeg word. Een persoon het gesê dat die beweging vir 'n „breë opvoeding" sorg, waardeur sosiale aanpassing dan vanself ingesluit word, terwyl twee ander beweer het dat die beweging wel sosiale aanpassing bevorder maar dat ander skoolaktiwiteite dit tog ook maar doen.

Daar was ook 'n paar persone wat beweer het dat die beweging nie genoeg aan hierdie aspek van die opvoeding doen nie en/.....

en dat daarop meer nadruk behoort gelê te word. 'n Aantal persone was nie in staat om te oordeel nie of om die waarde van die beweging in hierdie verband te bepaal nie. 'n Paar persone het gesê dat hulle Voortrekkers nog in die laerskool is en dit het gelyk of hulle daardeur wou te kenne gee dat die vraag nie op hulle betrekking het nie. Verder is deur 'n aantal persone beweer dat die kinders wat die beweging in hierdie verband werklik nodig het - waarskynlik die by wie daar 'n gebrek aan aanpassingsvermoë bestaan - nie by die beweging wil aansluit nie.

Tabel CXXXVI op pag. 240 toon dat dit die algemene opinie van die proefpersone is dat die beweging sy lede help om goed oor die weg te kom in die eerste plek met sy maats, daarna met die volwassenes, daarna met die teenoorgestelde geslag en uiteindelik met sy gesinslede. Laasgenoemde aspek het feitlik deurgaans die minste ondersteuning gekry. Verder was daar slegs enkele persone - van die predikante nie één nie - wat beweer het dat die beweging niks in hierdie verband help nie. Daar was min persone wat die vraag nie beantwoord het nie. Dit word nie op die tabel aangetoon nie.

Afdeling C Vraag 14.

By ons slaag die beweging daarin om 'n geslag te kweek op wie ons beter sal kan staat maak as op diegene wat nie Voortrekkers is nie.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Ongeveer 'n kwart van die sowat sestig persone wat opmerkings bygeskrywe het, het gesê dat dit onmoontlik is om 'n antwoord te gee. Die twee groepe kan nie vergelyk word nie en daar bestaan g'n kriterium vir die beoordeling van die groepe nie. Een persoon het gesê dat dit verregaande is om nou al te wil sê dat die huidige Voortrekkers in die toekoms die beste landsburgers sal wees. 'n Paar persone het die stelling geponeer dat die toekoms ons nog sal moet leer of dit so is. 'n Paar persone het gesê dat hulle kommando's nog nie lank genoeg bestaan om 'n oordeel dienaangaande uit te spreek nie. Verder is beweer dat die antwoord op hierdie vraag nie gegee kan word nie omdat die grondslag van die opvoeding in die huis gelê word en omdat slegs die kinders met 'n goeie inbors by die beweging aansluit. Dit blyk asof die gedagte bestaan dat die kinders wat aan die Voortrekkerbeweging behoort sonder die beweging ook maar 'n beter geslag sal wees as die wat nie aan die beweging behoort nie.

Ongeveer een-derde van die proefpersone was van mening dat die beweging wel daarin slaag om so 'n staatmakergeslag te kweek. Verskeie persone het beweer dat 'n mens nou al op Voortrekkers/.....

TABEL CXXXVI.

Ontleding van Afdeling C Vraag 13.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.					Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				
		a	b	c	d	e			a	b	c	d	e
IMa	12	50	33	25	50	17	IIIT	122	57	65	35	93	-
IMb	11	9	18	-	45	18	IIIV	43	56	47	23	91	7
IMc	64	66	50	30	91	3	IIIK	59	63	51	21	85	2
IMa'	15	40	27	13	67	13	IIIX	6	67	67	50	100	-
IMb'	21	57	57	29	86	10	IIIIa'	114	54	58	29	89	3
IMc'	51	61	43	27	80	4	IIIIb'	54	65	61	37	94	-
IMd'	5	60	40	40	40	20	IIIIc'	62	61	55	25	89	2
IM	87	56	44	25	79	7	IIId'	20	55	45	20	65	15
IILa	17	47	65	65	82	-	III	230	58	58	30	90	2
IILb	15	47	47	40	53	13	IVT	72	60	77	34	85	1
IILc	93	59	60	41	92	2	IVV	15	27	33	13	80	7
IILa'	24	58	71	42	92	8	IVK	24	63	63	38	92	4
IILb'	20	75	80	75	98	-	IVX	12	75	75	42	83	8
IILc'	81	51	51	37	83	2	IVa'	64	56	67	39	86	3
IILd'	13	54	46	38	69	-	IVb'	23	39	70	26	78	9
IIL	125	56	59	44	81	3	IVc'	36	73	70	27	89	-
IIMa	7	71	86	43	100	-	IVd'	13	54	62	31	92	-
IIMb	10	30	40	20	50	-	IV	123	58	69	33	85	3
IIMc	49	41	57	29	82	4	VN	58	62	60	47	81	-
IIMa'	36	39	50	22	69	5	VG	28	54	54	36	82	-
IIMb'	4	75	100	75	100	-	VH	8	63	75	63	100	-
IIMc'	26	42	62	31	88	-	Va'	74	62	61	45	85	-
IIMd'	15	44	38	13	56	-	Vb'	1	100	-	-	100	-
IIM	66	42	58	29	79	3	Vc'	19	47	58	47	74	-
IIILa	12	42	42	42	58	-	V	94	60	60	45	83	-
IIILb	12	25	42	25	50	-	VIa'Ta	22	55	59	41	91	-
IIILc	65	48	63	34	85	-	VIa'Tb	13	69	54	62	92	-
IIILa'	43	44	54	35	72	16	VIa'Tp	36	53	67	47	86	5
IIILb'	5	60	60	20	80	-	VIa'v/x	18	50	67	45	83	11
IIILc'	41	41	61	34	81	17	VIb'/c'	11	27	45	36	55	27
IIILd'	43	40	42	26	63	7	VIId'	34	43	71	71	57	14
IIIL	89	44	57	34	76	16	VI	100	52	61	46	84	7

trekkers kan reken. As vrywilligers bv. gevra word om met een of ander taak behulpsaam te wees, dan is dit opmerklik hoe 'n groot persentasie Voortrekkers hulp aanbied. As 'n boodskap oorgestuurd moet word, dan word die Voortrekkers gekenmerk deur die noukeurigheid waarmee hulle so 'n boodskap kan oordra. Sommige proefpersone is trots op die Voortrekkers en het die volste vertroue in hulle, ook wat die toekoms betref.

Aan die ander kant was daar ook die persone wat beweer
het/.....

het dat die Voortrekkers soms kan telst. Sommige het met nadruk verklaar dat die bewering in vraag 14 absoluut onwaar is en andere dat die waarheid daarvan ongelukkig sterk betwyfel moet word. 'n Paar persone het verwys na die relatief geringe aantal kinders wat Voortrekkers is en een het bygevoeg dat uit so 'n klein groepie geen toekomstige geslag gebore kan word nie. 'n Hele aantal persone het gesê dat hulle hulle bes probeer en 'n paar van hulle wou geen voorspelling waag nie. 'n Aantal persone het gesê dat daar (gelukkig) uitsonderings is of dat so 'n bewering nie vir almal kan geld nie. Een persoon het gesê dat hierdie ideaal alleen bereik kan word as die doel van die beweging getrou nagestrew word, en een het weer verwys na die belangrike rol van die offisiere in hierdie verband.

Met die oog op hierdie ideaal het een van die offisiere „diep begin snoei" en hom die onguns van die ouers op die hals gehaal. 'n Ander offisier het gesê dat hy 'n voorstander daarvan is dat Voortrekkers uitgesoek en aan 'n streng keuring onderworpe moet word.

Tabel CXXXVII op pag. 242 toon die onsekerheid van die proefpersone ten opsigte van die antwoord op vraag 14. Van die drie antwoorde is die een dat die bewering „ten dele" waar is met slegs enkele uitsonderinge die meeste onderstreep. Daar was nie een van die groot groepe IM, IL, IIM, IIL, III, IV, V en VI waar meer as die helfte proefpersone sonder meer gesê het dat die bewering waar is nie. Daar was verder 'n groot persentasie persone wat die vraag nie beantwoord het nie. Aan die ander kant was die persone wat die geldigheid van die bewering sonder meer aanvaar het in byna al die groepe meer as die wat dit sonder meer ontken het.

Afdeling C Vraag 15.

By ons slaag die beweging daarin om goeie burgers vir ons land op te lei.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Daar was 'n paar minder as veertig persone wat verkies het om een of ander gedagte by te voeg en ongeveer die helfte van hierdie persone was onbeslis in hulle uitsprake. Uitdrukings soos die volgende is hier gebesig : „ons hoop so", „ons probeer ons bes", „ons streef daarna", „dit is moeilik om te bepaal", „die kinders is nog te klein om nou al te sê", „die kommando is te jonk om te kan oordeel", „hoe sal dit vasgestel kan word " en „ek weet nie". Verder is gesê dat die bewering/.....

TABEL CXXXVII.
Ontleding van Afdeling C Vraag 14.

Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	25	17	58	-	IIIT	122	39	53	7	2
IMb	11	18	18	-	64	IIIV	43	28	61	12	-
IMc	64	35	56	6	3	IIIK	59	41	37	10	12
IMa'	15	13	47	13	27	IIIX	6	35	50	17	-
IMb'	21	33	48	-	19	IIIIa'	114	38	49	9	3
IMc'	51	35	45	4	16	IIIIb'	54	43	48	9	-
IMd'	5	40	20	20	20	IIIIc'	62	31	55	6	8
IM	87	31	46	5	18	IIId'	20	25	45	5	25
ILa	17	53	29	-	18	III	230	37	50	8	4
ILb	15	27	33	-	40	IVT	72	27	62	4	7
ILc	93	51	45	-	4	IVV	15	27	60	7	6
ILa'	24	46	42	-	13	IVK	24	29	67	4	-
ILb'	20	45	45	-	10	IVX	12	25	58	8	9
ILc'	81	49	41	-	10	IVa'	64	22	72	3	3
ILd'	13	15	38	31	15	IVb'	23	43	39	9	9
IL	125	48	42	-	10	IVc'	36	27	59	5	9
IIMa	7	29	43	14	14	IVd'	13	23	38	23	6
IIMb	10	20	30	20	30	IV	123	27	62	5	6
IIMc	49	22	49	18	10	VN	58	50	36	3	10
IIMa'	36	8	55	19	17	VG	28	32	32	7	25
IIMb'	4	75	-	-	25	VH	8	38	63	-	-
IIMc'	26	35	42	19	8	Va'	74	45	35	4	15
IIMd'	15	13	56	6	25	Vb'	1	-	100	-	-
IIM	66	23	45	18	14	Vc'	19	42	42	5	11
IIIIa	12	17	50	-	33	V	94	44	37	4	14
IIIIb	12	17	33	17	33	VIa'Ta	22	41	32	23	4
IIIIc	65	25	54	12	9	VIa'Tb	13	38	38	15	9
IIIIa'	43	21	47	16	16	VIa'Tp	36	28	47	17	8
IIIIb'	5	20	80	-	-	VIa'y/x	18	33	50	11	6
IIIIc'	41	25	51	8	17	VIIb'/c	11	27	45	18	10
IIIIId'	43	35	26	7	33	VId'	34	43	29	14	14
IIIL	89	22	51	11	16	VI	100	33	43	17	7

wering waar kan wees maar „nie noodwendig nie" of dat dit waar is „maar daar is baie uitsonderings." Een persoon het gesê dat baie van die kind se temperament afhang en 'n ander persoon dat dit van die lengte van die periode afhang wat die kind aan die beweging behoort het.

Daar was egter ook 'n taamlike groot persentasie persone wat van mening was dat die beweging wel 'n beslissende rol in die vorming van goeie burgers speel. So is beweer dat

volwasse/.....

volwasse Voortrekkers in die lewe presteer, dat daar deur die beweging reeds die grondslag vir goeie burgerskap gelê word en dat dit aan die kind 'n sekere lewenswaarde bied wat later 'n beslissende faktor in sy lewe sal wees as tussen goed en kwaad gekies moet word. Een van die persone wat daarvan oortuig was dat minstens tagtig persent van die Voortrekkers „volwaardige burgers(esse)” van ons land gaan word, het sy spyt daaroor te kenne gegee dat hy nie vroeër in die lewe die geleentheid gehad het om by die beweging aan te sluit nie. Drie persone het beswaar gemaak teen die bewoording van die stelling. Hulle het die a-antwoord onderstreep maar bygevoeg dat hulle die woord „goeie” deur „beter” vervang. Een van hierdie drie persone het gesê dat die Voortrekkers buitendien goeie burgers in die toekoms sou wees maar „nou sal hulle beter burgers wees as die goeies.”

'n Kleiner groep as die vorige het beweer dat die beweging nie daarin slaag om goeie burgers op te lei nie. Een persoon het tot sy spyt niks beter in die Voortrekkers gesien as in ander skoliere nie. 'n Ander persoon het gesê dat dit nie altyd die Voortrekker is wat die beste landsburger word nie. Verder is beweer dat sommige Voortrekkers maar weer afdwaal nadat hulle die skool verlaat het en dat enkeles van hulle nog maar bly koop waar 'n goeie Afrikaner nie behoort te koop nie. Een persoon het gesê dat die skool in hierdie verband meer bereik as die Voortrekkerbeweging, en nog 'n persoon wat die vraag nie beantwoord het nie, het gevra wat met die uitdrukking „goeie burger” bedoel word. 'n Laaste persoon het die gedagte uitgespreek dat die „huislike agtergrond” die goeie werk wat deur die beweging gedoen word moontlik mag vernietig.

Tabel CXXXVIII op pag. 244 toon dieselfde onbeslistheid aan die kant van die proefpersone as die vorige. In elke groep was die persentasie proefpersone wat die vraag nie beantwoord het nie betreklik groot, en die aantal persone wat gesê het dat die bewering ten dele waar is, was in al die groot groepe behalwe twee weer meer as die wat gesê het dat dit waar was. Daar was verder slegs enkele uitsonderinge waar die aantal persone wat die a-antwoord onderstreep het meer as die helfte van die totale aantal proefpersone in die betrokke groep was. Aan die ander kant moet daarop gelet word dat slegs 'n baie geringe persentasie proefpersone elke keer die c-aantwoord onderstreep het en dat die wat die a- en die b-antwoorde onderstreep het, saam byna altyd meer as 50 persent van die totaal was - in enkele gevalle selfs 100 persent.

TABEL CXXXVIII.

Ontleding van Afdeling C Vraag 15.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	33	17	-	50	IIIT	122	34	53	7	6
IMb	11	9	36	-	55	IIIV	43	30	63	5	2
IMc	64	45	52	2	2	IIIK	59	37	48	2	14
IMa'	15	20	53	7	20	IIIX	6	33	67	-	-
IMb'	21	57	33	-	10	IIIIa'	114	35	53	5	7
IMc'	51	37	47	-	16	IIIIb'	54	32	52	11	6
IMd'	5	20	40	20	20	IIIIc'	62	33	58	-	8
IM	87	39	45	1	15	IIId'	20	20	50	10	20
IILa	17	59	24	-	18	III	230	34	54	5	7
IILb	15	40	20	7	33	IVT	72	29	62	1	8
IILc	93	52	44	-	4	IVV	15	27	53	-	20
IILa'	24	67	25	-	8	IVK	24	21	58	8	13
IILb'	20	45	50	-	5	IVX	12	25	67	-	8
IILc'	81	48	40	1	11	IVa'	64	27	61	3	10
IILd'	13	31	54	-	15	IVb'	23	26	57	4	13
IIL	125	51	38	1	10	IVc'	36	27	62	-	11
IIMa	7	57	29	-	14	IVd'	13	15	54	15	15
IIMb	10	20	30	20	30	IV	123	27	61	2	11
IIMc	49	37	47	4	12	VN	58	59	31	-	10
IIMa'	36	28	47	8	17	VG	28	43	36	4	18
IIMb'	4	50	25	-	25	VH	8	63	38	-	-
IIMc'	26	46	42	4	12	Va'	74	53	33	1	14
IIMd'	15	31	44	-	25	Vb'	1	-	100	-	-
IIM	66	36	42	6	15	Vc'	19	63	32	-	5
IIILa	12	42	25	-	33	V	94	54	33	1	12
IIILb	12	25	42	-	33	VIa'Ta	22	45	32	5	18
IIILc	65	34	52	2	12	VIa'Tb	13	38	38	8	15
IIILa'	43	28	54	2	16	VIa'Tp	36	36	58	5	-
IIILb'	5	40	60	-	-	VIa'y/x	18	28	56	11	6
IIILc'	41	39	39	-	22	VIIb'/c'	11	45	45	-	9
IIILd'	43	33	35	-	33	VID'	34	57	14	14	14
IIIL	89	34	47	1	18	VI	100	38	48	6	8

Afdeling C Vraag 16.

By ons slaag die beweging daarin om jeugmisdad onder sy lede te bestry.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Van die ongeveer 110 opmerkings was daar byna 70 waarin ontken/.....

ontken is dat daar onder die Voortrekkers of in die omgewing van die proefpersone ooit jeugmisdaad voorkom. Sommiges het gesê dat kinders wat tot misdaad geneig is óf nooit by die beweging aansluit nie óf dit nie lank in die beweging uithou nie. 'n Aantal persone wou of kon nie antwoord nie omdat hulle geen gewens gehad het nie, omdat hulle nie genoeg ervaring gehad het nie of omdat die kommando's by hulle nog te jonk was. Een persoon het gesê dat jarelange waarneming met kontrolegroepe tog immers noodsaaklik is voordat 'n oordeel uitgespreek kan word. Die vraag kan daarom nie beantwoord word nie.

Behalwe hierdie persone wat geen antwoord wou waag nie en wat die oorgrote meerderheid uitgemaak het van die proefpersone wat kommentaar gelewer het, was daar 'n klein groepie van minder as tien wat tog geglo het dat die beweging daarin slaag om jeugmisdaad onder sy lede te bestry. 'n Paar van hulle het as rede aangevoer dat die beweging die kinders nuttig besig hou en dat dit aan die kind bepaalde lewenswaardes bied. Andere het gesê dat dit daarin sal slaag mits die beweging erns is en mits gesonde leiding gegee word. Verder was daar nog 'n ander klein groepie persone wat onbeslis geantwoord het : „ek hoop dat hulle daarin sal slaag“, „hulle probeer om jeugmisdaad te bestry“, „hulle behoort dit reg te kry“.

Daar was ook 'n klein groepie wat die teenoorgestelde sienswyse gehad het. Drie van hulle het daarop gewys dat die bestyding van jeugmisdaad nie die doel of die taak van die beweging is nie. En persoon het dit betwyfel of daar in sy omgewing sonder die Voortrekkerbeweging meer jeugmisdaad sou voorkom as wat nou die geval is, en 'n ander een het gesê dat as 'n persoon 'n misdaad wil pleeg die Voortrekkerbeweging hom nie sou verhinder om dit te doen nie. 'n Laaste persoon het gesê dat die beweging nie 'n volkome sukses in die opsig behaal nie.

Byna in al die groepe was daar - soos tabel CXXXIX op pag. 246 aandui - betreklik hoë persentasies proefpersone wat die vraag nie beantwoord het nie. In baie gevalle het minder as 50 persent van die proefpersone in die verskillende groepe die a-antwoord onderstreep. Die persone wat die b-antwoord onderstreep het, was minder as die wat die a-antwoord onderstreep het, maar hulle was tog 'n aansienlike aantal. Min persone het die c-antwoord onderstreep. As die persone wat die a- en die b-antwoorde onderstreep het bymekaargetel word, dan is die persentasie slegs met enkele uitsonderinge minder as 50 persent. En die b- en die c-antwoorde bymekaargetel word, is die totaal feitlik altyd minder as 50 persent. Hieruit lyk dit asof die meeste proefpersone van mening is dat die Voortrekkerbeweging daarin slaag om jeugmisdaad te bestry. Die groot aantal/.....

TABEL CXXXIX.

Ontleding van Afdeling C Vraag 16.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	33	17	-	50	IIIT	122	48	27	4	20
IMb	11	18	18	-	64	IIIV	43	54	28	5	14
IMc	64	44	39	3	14	IIIK	59	36	12	2	51
IMa'	15	20	60	-	20	IIIX	6	50	-	-	50
IMb'	21	48	33	-	19	IIIa'	114	44	29	4	23
IMc'	51	41	25	4	29	IIIb'	54	57	17	2	24
IMd'	5	40	20	-	40	IIIc'	62	40	16	3	40
IM	87	39	33	2	25	IIId'	20	25	30	15	30
IILa	17	53	29	-	18	III	230	46	23	3	28
IILb	15	33	27	-	40	IVT	72	37	30	11	22
IILc	93	52	28	3	17	IVV	15	47	33	7	13
IILa'	24	50	29	4	17	IVK	24	42	17	8	33
IILb'	20	60	25	-	15	IVX	12	58	25	-	17
IILc'	81	47	28	2	22	IVa'	64	49	27	10	16
IILd'	13	31	15	-	54	IVb'	23	39	30	13	17
IIL	125	50	28	2	20	IVc'	36	30	27	5	38
IIMa	7	71	29	-	-	IVd'	13	23	38	-	38
IIMb	10	40	10	20	30	IV	123	41	27	9	23
IIMc	49	43	33	8	16	VN	58	47	23	2	29
IIMa'	36	33	31	11	25	VG	28	54	18	4	25
IIMb'	4	50	25	-	25	VH	8	75	25	-	-
IIMc'	26	62	27	8	4	Va'	74	57	20	3	20
IIMd'	15	19	44	-	38	Vb'	1	-	100	-	-
IIM	66	45	29	9	17	Vc'	19	32	21	-	47
IIILa	12	42	25	-	33	V	94	51	21	2	26
IIILb	12	25	42	-	33	VIa'Ta	22	68	18	-	14
IIILc	65	46	32	5	17	VIa'Tb	13	77	8	8	8
IIILa'	43	42	30	7	21	VIa'Tp	36	58	33	3	5
IIILb'	5	60	40	-	-	VIa'y/x	18	61	33	-	6
IIILc'	41	41	34	-	25	VIb'/c'	11	36	27	9	27
IIILd'	43	30	30	5	35	VI d'	34	43	29	14	14
IIIL	89	43	33	3	21	VI	100	61	26	3	10

tal vrae wat onbeantwoord is, maak so 'n bewering egter gewaagd.

Afdeling C Vraag 17.

By ons maak die beweging sy lede getrouer lidmate van hul onderskeie kerke.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....
Meer/.....

Meer as die helfte van die sowat 60 persone wat iets bygevoeg het, was nie seker watter antwoord hulle moes gee nie, of as hulle 'n antwoord onderstreep het, was hulle nie seker of dit reg was nie. Een persoon het gesê dat dit 'n moeilike vraag is om te beantwoord en verskeie ander persone het gemeen dat die vraag nie sonder die nodige statistiese gegewens beantwoord kan word nie. Verder is uitdrukkinge soos die volgende gebruik : „Ek hoop so“, „dit is moontlik“, „miskien is dit waar“. Een persoon het uitgeroep „wat 'n taak! !“ En 'n ander een het gesê: „ons doen ons bes“. 'n Laaste persoon het gesê dat die hele kwessie 'n „begrip van graad“ is en dan vra hy : „hoe sal ons ooit kan weet of dit die geval is?“

Daar was egter 'n klein groepie persone wat van mening was dat die beweging wel daarin slaag om van sy lede getrouer lidmate van hul onderskeie kerke te maak. Drie persone het in hierdie verband gewys op die heilsame uitwerking van kerkparades. By die kommando waaraan een van die offisiere verbonde was wat geantwoord het, word geen onderskeid gemaak ten opsigte van die onderskeie kerke nie. Kerkparades word om die beurt in al drie susterskerke gehou en die dienste word goed bygewoon. Hierdie kerkparades wek, volgens 'n ander proefpersoon, by die Voortrekker trots en liefde vir sy God en sy kerk. Verder is beweer dat getroue kerkgangers gewoonlik goeie Voortrekkers is en dat ontroue kerkgangers nie van die Voortrekkers hou nie. In een kommando word veel gedoen om die kerkverband te verstewig - dit is nie gesê op watter wyse die kerkverband verstewig word nie. Een persoon het gevind dat die Voortrekkers gewoonlik ook aan Christelike verenigings behoort. 'n Paar persone het daarop gewys dat die sukses wat in hierdie verband behaal word, afhang van die godsdienstige gesindheid van die offisiere en leiers.

Aan die ander kant was daar ook die persone wat beweer het dat die beweging geen invloed in hierdie verband het nie. Een van die predikante het gesê: „in elk geval nie in ons kerk nie.“ 'n Paar persone het beweer dat die Voortrekkers van huis uit kerkvas is en dat dit nie die werk van die beweging is om dit te bewerkstellig nie. Om kinders getroue lidmate van die kerk te maak is dan ook die taak van die ouer en nie van een of ander beweging nie. Een van die proefpersone het egter ontken dat die Voortrekkers oor die algemeen getrou is wat hul kerksaak betref. Twee persone het net gesê dat hulle dit baie sterk betwyfel of die Voortrekkerbeweging in hierdie verband enige waarde het en een persoon kon dit nie aan die Voortrekkers self merk nie.

Tabel CXL op pag. 248 toon 'n ontleding van die antwoorde wat vraag 17 betref. Hieruit blyk dit dat meer as 25 persent van die proefpersone in byna elke groep die vraag nie beantwoord het nie. Verder was daar net een groep - IIMb', bestaande uit 4 proefpersone - waar die aantal proefpersone wat

beweer/.....

TABEL CXL.

Ontleding van Afdeling C Vraag 17.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	33	17	-	50	IIIT	122	27	39	10	25
IMb	11	-	18	9	74	IIIV	43	28	35	12	26
IMc	64	30	39	14	17	IIIK	59	17	32	7	44
IMa'	15	7	47	27	20	IIIX	6	33	33	-	33
IMb'	21	48	19	-	33	IIIIa'	114	25	37	8	31
IMc'	51	24	35	12	39	IIIIb'	54	33	35	7	24
IMd'	5	40	20	-	40	IIIIc'	62	18	35	13	33
IM	87	26	33	11	29	IIII d'	20	15	35	30	20
IILa	17	47	12	6	34	III	230	25	36	9	30
IILb	15	27	20	13	40	IVT	72	23	32	18	27
IILc	93	35	40	4	20	IVV	15	33	40	7	20
IILa'	24	33	25	13	29	IVK	24	38	29	4	29
IILb'	20	45	35	5	15	IVX	12	42	42	-	17
IILc'	81	35	36	4	26	IVa'	64	38	31	8	24
IILd'	13	23	23	-	54	IVb'	23	36	30	17	26
IIL	125	36	34	6	25	IVc'	36	16	38	16	30
IIMa	7	14	43	-	43	IVd'	13	23	46	-	31
IIMb	10	30	10	20	40	IV	123	29	33	12	26
IIMc	49	37	20	18	24	VN	58	23	45	2	31
IIMa'	36	28	14	19	39	VG	28	14	25	14	46
IIMb'	4	50	25	-	25	VH	8	25	50	25	-
IIMc'	26	12	31	15	15	Va'	74	22	43	7	28
IIMd'	15	19	38	13	31	Vb'	1	-	-	100	-
IIM	66	33	21	17	29	Vc'	19	16	26	5	53
IIILa	12	17	42	8	33	V	94	20	39	7	33
IIILb	12	33	8	8	50	VIa'Ta	22	36	27	14	23
IIILc	65	28	37	11	25	VIa'Tb	13	31	31	15	23
IIILa'	43	19	37	12	33	VIa'Tp	36	28	44	17	11
IIILb'	5	40	40	-	20	VIa'y/x	18	33	22	28	17
IIILc'	41	34	29	10	27	VIb'/c'	11	27	9	36	27
IIILd'	43	21	33	7	40	VID'	34	14	29	14	43
IIIL	89	27	34	10	29	VI	100	31	31	20	18

beweer het dat die beweging daarin slaag om van die Voortrekkers getrouer lidmate van hulle onderskeie kerke te maak, 50 persent van die totale aantal proefpersone in die groep was. In al die ander gevalle was hulle minder. Die persone wat gesê het dat die bewering ten dele waar is, was deurgaans, met enkele uitsonderinge, meer as die wat gesê het dat dit waar is. Die persone wat die stelling verwerp het, was wel byna altyd in die

minderheid/.....

minderheid, maar hulle was tog heelwat meer as in die vorige twee vrae. As gevolg van die baie persone wat die vraag onbeantwoord gelaat het, was die totaal van die persone wat die a- en die b-antwoorde onderstreep het, nie altyd meer as 50 persent van die aantal persone in 'n bepaalde groep nie. Hierdie feite openbaar dat geen besliste antwoord op hierdie vraag gegee is nie.

Afdeling C Vraag 18.

By ons laat die beweging toe dat sy lede in naam van diensvaardigheid die vuil werk van ander organisasies doen.

a) Dit is waar. b) Dit is ten dele waar. c) Dit is nie waar.
.....nie.

Daar was 30 persone wat iets bygevoeg het en ongeveer twee-derdes van hulle het teen die vraag beswaar gemaak. 'n Aansienlike aantal het gesê dat daar nie so iets as vuil werk bestaan nie en ander het gevra wat met „vuil” werk bedoel word. Twee persone het gesê dat die vraag te kras en twee dat dit onduidelik gestel is. Een het dit as „onsinnig” bestempel. Verder is daarop gewys dat, as hulp verleen kan word, dit maak nie saak wat die aard daarvan mag wees nie en of jy in die hulpverlening die „werkesel” is nie, dan moet dit as „plig” en „diensvaardigheid” bestempel word en nie as „vuil werk” nie. Een persoon het gesê dat hulle juis alles in hulle vermoëns doen om die begrip „vuil werk” uit te wis.

Uit hierdie opmerkings het dit geblyk dat baie persone nie verstaan het wat deur die proefnemer met „vuil werk” bedoel word nie. Hiermee wou hy aandui die werk wat deur sekere persone beskou word as benede hulle waardigheid en wat dan deur ander persone met 'n laer „waardigheidskoëffisiënt” gedoen moet word. Die werk word dus nie deur die proefnemer as „vuil” beskou nie, maar dit word as sodanig bestempel omdat die persone wat die werk oorspronklik moes doen, deur hulle handelswyse daardie stigma daaraan laat kleef het. Dit skyn asof hierdie gebruik van die uitdrukking „vuil werk” nie orals ewe algemeen is nie.

Daar was egter wel 'n groep persone wat die bewering onderskryf het sonder om teen die bewoording daarvan beswaar te maak. Vier van hulle het gesê dat daar by hulle misbruik gemaak word van die Voortrekkers. Verder het een persoon gewys op die hulp en ondersteuning wat die Voortrekkerbeweging van ander organisasies ontvang en - dit lyk of dit sy bedoeling was - daarom behoort die Voortrekkers gewillig te wees om die „vuil werk” vir hulle te doen. 'n Paar persone het gesê dat dit alles van die bestuur afhang. So ver as wat hulle kennis strek, het dit egter nog nie gebeur dat die Voortrekkers die vuil werk van ander mense moes doen nie.

In/.....

In tabel CXLI op pag. 251 word die antwoorde op vraag 18 ontloed. Die tendens van die tabel is dat die beweging nie toelaat dat sy lede die vuil werk van ander organisasies doen nie. Baie van die dertig persone wat hierbo genoem is, is ingesluit by die betreklik hoë aantal persone wat die vraag onbeantwoord gelaat het. In byna al die groepe is die persone wat die bewering as onwaar bestempel het meer as die helfte van die persone in daardie groep. Daar is nie een geval waar die persone wat gesê het dat dit waar of ten dele waar is meer as vyftig persent van die persone in die groep is nie, en al sou die persone wat die a- en die b-antwoorde onderstreep het bymekaar getel word dan is hulle saam nog minder as die wat dit ontken het en minder as vyftig persent van die persone in die verskillende groepe. Die proefpersone het dus in hierdie geval 'n baie duidelike en ondubbelsinnige antwoord gegee ten opsigte van hulle opinie oor die vraag of vuil werk deur die Voortrekkerbeweging gedoen word. En hier was dit die offisiere en die Distriksekretaris, die persone wat gedurig met die Voortrekkers besig is, wat die duidelikste uitspraak gelewer het met 87 persent en 82 persent onderskeidelik onder die c-antwoord.

Afdeling C Vraag 19.

By ons klop die beweging te veel by die publiek aan vir hulp.

- | | | |
|---|-------------------------------------|---|
| (a) Dit vra meer as
wat dit verdien. | (b) Dit vra net wat dit
verdien. | (c) Dit vra minder
as wat dit verdien. |
|---|-------------------------------------|---|

.....

Van die nagenoeg 40 persone wat iets bygevoeg het, het meer as drie-kwart beweer dat die beweging nie meer vra as wat dit verdien nie. Verskeie persone was nie bewus van een enkele keer wat die beweging 'n beroep op die publiek gedoen het nie; en andere het verklaar dat dit heel selde gebeur. Een persoon het gesê dat hulle, behalwe in die vorm van ongevraagde donasies niks van die publiek ontvang of vra wanneer hulle nie die volle waarde gee nie. 'n Paar persone het dit benadruk dat hulle Voortrekkers nie „kollekteer" nie, dat hulle 'n afkeur daarin het en dat hulle alles wat hulle ontvang moet verdien, of persoonlik of deur middel van 'n funksie. Een persoon het gesê dat die Voortrekkers in hierdie opsig „heel beskeie" is en 'n ander een dat hulle selde meer as net 'n kampeerplek van die publiek vra. Een van die volwasse persone het getuig dat die Voortrekkers van hom nog niks gevra het nie en hy het bygevoeg dat dit so behoort te wees.

Die ander persone wat beweer het dat die beweging nie te veel by die publiek aanklop nie, het redes gegee waarom nie. Verskeie persone het gesê dat die publiek geen belang in die beweging/.....

TABEL CXLI.

Ontleding van Afdeling C Vraag 18.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	-	8	42	50	IIIT	122	2	7	85	7
IMb	11	9	9	36	45	IIIV	43	-	5	95	-
IMc	64	3	10	86	2	IIIK	59	2	5	86	7
IMa'	15	7	13	67	20	IIIX	6	-	-	83	17
IMb'	21	5	10	76	10	IIIa'	114	2	4	85	9
IMc'	51	2	8	75	16	IIIb'	54	-	2	98	-
IMd'	5	-	-	100	-	IIIc'	62	2	11	82	5
IM	87	3	9	74	14	IIId'	20	5	-	90	5
IILa	17	-	12	65	24	III	230	1	6	87	6
IILb	15	-	-	60	40	IVT	72	1	15	79	4
IILc	93	-	11	85	4	IVV	15	-	-	87	13
IILa'	24	-	8	88	4	IVK	24	8	8	83	-
IILb'	20	-	15	70	15	IVX	12	-	8	92	-
IILc'	81	-	9	79	12	IVa'	64	-	13	83	5
IILd'	13	-	-	85	15	IVb'	23	4	13	74	9
IIL	125	-	10	79	11	IVc'	36	5	8	86	-
IIMa	7	-	14	86	-	IVd'	13	-	8	85	8
IIMb	10	-	20	60	20	IV	123	2	11	82	4
IIMc	49	2	12	80	6	VN	58	2	-	76	23
IIMa'	36	3	14	72	11	VG	28	-	-	79	21
IIMb'	4	-	-	75	25	VH	8	-	-	88	12
IIMc'	26	-	15	85	-	Va'	74	1	-	76	23
IIMd'	15	6	13	56	25	Vb'	1	-	-	100	-
IIM	66	2	14	77	8	Vc'	19	-	-	84	16
IIILa	12	-	17	50	33	V	94	1	-	78	21
IIILb	12	8	9	50	42	VIa'Ta	22	-	32	55	14
IIILc	65	2	6	80	12	VIa'Tb	13	8	31	31	31
IIILa'	43	5	5	63	28	VIa'Tp	36	14	25	55	5
IIILb'	5	-	20	80	-	VIa'y/x	18	-	22	67	11
IIILc'	41	-	8	81	12	VIb'/c'	11	9	9	55	27
IIILd'	43	2	9	56	33	VIId'	34	-	14	57	29
IIIL	89	2	7	72	19	VI	100	7	25	54	14

beweging stel nie. Die publiek staan op sekere plekke koud teenoor die beweging en word daarom nie deur die beweging lastig geval nie. Een persoon het beweer dat die publiek meer Voortrekkerbewus gemaak moet word en 'n ander een dat die publiek hierdie keer sal moet help om 'n lening af te betaal. 'n Paar persone het verklaar dat daar by hulle meer 'n beroep op Voortrekkerouers en op ander goedgesinde persone gedoen word as op die publiek, en een persoon het gesê dat die geld vir die Voortrekkerbeweging/.....

Voortrekkerbeweging by hulle uit die sakke van die offisiere stroom. Een Voortrekkeroffisier het gesê dat dit by hulle nie nodig is om die publiek te nader nie omdat hulle oor 'n sterk bron van inkomste beskik. Nog 'n paar offisiere het dit nie nodig geag nie omdat hulle elke jaar 'n funksie hou - in een geval 'n verskeidenheidskonsert - waardeur hulle kommandofondse gestyf word. Een persoon het getuig dat die publiek by hulle 'n ope hand vir die Voortrekkerbeweging het.

Daar was egter ook 'n paar persone wat gevrees het dat die publiek wel te veel lastig geval word. Een persoon het gesê dat hulle in alle geval die nodige van die publiek kry. Een persoon het die beweging daarvan beskuldig dat dit 'n kwessie van „vra hulp" in plaas van „self hulp" word. Een persoon het verder gesê dat die publiek net genader word vir die dinge wat die beweging werklik nodig het en 'n laaste persoon het verklaar dat die Voortrekkers niks „verdien" nie. Sy bedoeling was klaarblyklik dat alles wat hulle van die publiek ontvang onverdiende gawes was - meer as wat hulle verdien het.

Die tendens van tabel CXLII op pag. 253 is dat die Voortrekkerbeweging net vra wat dit verdien of minder vra as wat dit verdien. In slegs enkele uitsonderlike gevalle is beweer dat die beweging meer vra as wat dit verdien. Die proefpersone wat beweer het dat dit minder vra as wat dit verdien, was heel dikwels minder as vyftig persent van die totale aantal persone in die groep waartoe hulle behoort, maar dit was ook in die groot meerderheid van gevalle meer as die wat beweer het dat die beweging net wat dit verdien van die publiek vra.

Afdeling C Vraag 20.

By ons ontvang die beweging te veel hulp van die publiek.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Daar was slegs sewentien persone wat iets anders wou byvoeg en van hulle was daar twaalf wat gekla het oor die min belangstelling en ondersteuning van die publiek en in een geval selfs ook van die ouers. 'n Paar persone het gesê dat die publiek meer ingelig behoort te word in verband met die beweging, en 'n ander het bygevoeg dat hulle nog nie daarin kon slaag om belangstelling vir die beweging by die publiek op te wek nie. Iemand het gesê dat die Voortrekkers nie na waarde geskat word nie. Daar is ook gewys op die tekort aan offisiere.

Aan die ander kant was daar 'n paar persone wat dankbaar was vir die hulp wat die Voortrekkers van die publiek ontvang het. Een het getuig van die goeie samewerking tussen die

beweging/.....

TABEL CXLIII.

Ontleding van Afdeling C Vraag 19.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	-	33	17	50	IIIT	122	2	30	64	4
IMb	11	-	27	27	45	IIIV	43	-	30	70	-
IMc	64	-	39	55	6	IIIK	59	3	31	58	8
IMa'	15	-	33	47	20	IIIX	6	-	33	67	-
IMb'	21	-	43	43	14	IIIIa'	114	3	30	60	8
IMc'	51	-	35	47	18	IIIIb'	54	-	33	65	2
IMd'	5	-	40	40	20	IIIIc'	62	2	29	69	-
IM	87	-	37	46	17	IIIIa'	20	5	40	45	10
IILa	17	12	35	35	18	III	230	2	30	63	4
IILb	15	-	7	53	40	IVT	72	3	40	55	3
IILc	93	-	44	51	5	IVV	15	7	27	67	-
IILa'	24	-	29	67	4	IVK	24	-	38	63	-
IILb'	20	-	50	40	10	IVX	12	-	17	83	-
IILc'	81	2	38	46	14	IVa'	64	5	31	64	-
IILd'	13	-	31	62	8	IVb'	23	-	35	61	4
IIL	125	2	38	49	11	IVc'	36	-	43	54	3
IIMa	7	-	43	43	14	IVd'	13	-	23	77	-
IIMb	10	10	40	20	30	IV	123	2	35	61	2
IIMc	49	-	49	43	8	VN	58	2	31	49	19
IIMa'	36	3	42	33	22	VG	28	-	43	36	21
IIMb'	4	-	75	25	-	VH	8	-	25	75	-
IIMc'	26	-	50	50	-	Va'	74	1	34	43	22
IIMd'	15	-	19	44	38	Vb'	1	-	-	100	-
IIM	66	2	47	39	12	Vc'	19	-	37	58	5
IIIIa	12	-	33	33	33	V	94	-	34	47	18
IIIIb	12	-	8	50	42	VIa'Ta	22	5	41	45	9
IIIIc	65	6	31	57	6	VIa'Tb	13	8	15	46	31
IIIIa'	43	5	21	56	19	VIa'Tp	36	3	17	47	33
IIIIb'	5	-	20	80	-	VIa'y/x	18	6	39	50	6
IIIIc'	41	5	37	46	12	VIb'/c	11	-	-	82	18
IIIIa'	43	-	33	40	28	VID'	34	-	-	57	43
IIIL	89	4	28	53	15	VI	100	4	24	51	21

beweging en die ouers, die skool en die publiek. 'n Ander persoon het gesê dat die ouers die jaarlikse funksie van die Voortrekkers graag ondersteun. Nog iemand het met waardering melding gemaak van die finansiële steun wat hulle ontvang maar het gekla oor die tekort aan offisiere en ander hulp met die organisasie van Voortrekkers.

Tabel CXLIII toon 'n ontleding van die drie groepe antwoorde op vraag 20. Die tendens van die tabel is dat die beweging/.....

TABEL CXLI.iii.
Ontleding van Afdeling C Vraag 20.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	-	8	58	33	IIIT	122	1	2	96	1
IMb	11	-	-	55	45	IIIV	43	-	9	91	-
IMc	64	-	5	94	2	IIIK	59	3	2	92	3
IMa'	15	-	-	87	13	IIIX	6	-	-	100	-
IMb'	21	-	5	90	5	IIIIa'	114	2	4	94	-
IMc'	51	-	6	80	14	IIIIb'	54	-	2	96	2
IMd'	5	-	-	100	-	IIIIc'	62	2	3	92	3
IM	87	-	5	84	11	IIII d'	20	-	10	90	-
IILa	17	-	24	59	18	III	230	1	3	94	1
IILb	15	-	-	60	40	IVT	72	1	7	84	8
IILc	93	-	5	92	2	IVV	15	7	-	93	-
IILa'	24	-	13	83	4	IVK	24	-	8	92	-
IILb'	20	-	15	80	5	IVX	12	-	-	100	-
IILc'	81	-	4	85	12	IVa'	64	3	8	81	8
IILd'	13	-	-	92	8	IVb'	23	-	9	87	4
IIL	125	-	7	84	9	IVc'	36	-	-	100	-
IIMa	7	-	-	100	-	IVd'	13	-	8	92	-
IIMb	10	-	10	70	20	IV	123	2	6	88	5
IIMc	49	-	2	94	4	VN	58	-	2	81	17
IIMa'	36	-	3	89	8	VG	28	-	-	82	18
IIMb'	4	-	-	75	25	VH	8	-	-	100	-
IIMc'	26	-	4	96	-	Va'	74	-	1	82	16
IIMd'	15	-	13	63	25	Vb'	1	-	-	100	-
IIM	66	-	3	91	6	Vc'	19	-	-	84	16
IIIIa	12	-	-	67	33	V	94	-	1	83	16
IIIIb	12	-	-	58	42	VIa'Ta	22	-	-	86	14
IIIIc	65	-	5	94	2	VIa'Tb	13	-	8	77	15
IIIIa'	43	-	2	82	16	VIa'Tp	36	3	8	86	3
IIIIb'	5	-	-	100	-	VIa'y/x	18	-	11	83	6
IIIIc'	41	-	5	88	8	VIIb'/c'	11	-	-	91	9
IIII d'	43	2	-	68	30	VID'	34	14	-	71	14
IIIL	89	-	3	85	11	VI	100	1	6	85	8

beweging sonder twyfel nie te veel hulp van die publiek ontvang nie. As die opmerkings in aanmerking geneem word waarvan hierbo melding gemaak is, dan het die proefpersone wat die antwoorde onderstreep het klaarblyklik nie altyd finansiële hulp in gedagte gehad nie maar soms ook die morele steun wat verleen word o.a. deur die bereidheid om as offisiere te dien. In geen enkele geval was die persentasie persone wat van mening was dat die bewering van vraag 20 nie waar is nie minder as vyftig persent/.....

persent van die aantal proefpersone in die verskillende groepe nie. In die meeste gevalle was hulle selfs meer as tagtig persent daarvan. Die persone wat beweer het dat die stelling waar of ten dele waar is, was tesame veel minder as die wat dit as onwaar bestempel het. Hier is dus 'n vraag waarop die proefpersone 'n besliste en ondubbelsinnige antwoord gegee het.

Afdeling C Vraag 21.

By ons is Voortrekkerkinders beleefder kinders teenoor hulle meerdere as ander.

a) Dit is waar. b) Dit is ten dele waar. c) Dit is nie waar nie.
.....

Daar was tussen 30 en 40 persone wat opmerkings bygevoeg het. Ongeveer 'n kwart van hulle het gesê dat hulle nie seker weet nie. Dit was moeilik om so iets vas te stel. Ses persone het dit benadruk dat hulle Voortrekkers uit goeie huise uit kom en daarom vanself beleefder sou wees as ander kinders. Een het dit so gestel : „Word die beter tipe 'n Voortrekker of word die Voortrekker 'n beter tipe ?" Nog 'n persoon wou weet volgens watter maatstaf gemeet moes word.

Daar was egter ook persone wat geen beswaar gehad het om 'n opinie uit te spreek nie. Een groep het beweer dat die stelling van vraag 21 waar is en hulle het hulle bewering daarop gegrond dat die Voortrekkers gedurig nadruk lê o.a. op beleefdheid. Voortrekkers wat die Voortrekkerwet uitlewe, moet noodwendig beleefder wees as andere. In Aander groep het dit ontken. Hulle kon geen verskil tussen Voortrekkers en nie-Voortrekkers sien nie. Die Voortrekkers was wel beleefd maar die ander kinders ook.

Tabel CXLIV op pag. 256 toon dat die persone wat die a-antwoorde onderstreep het in byna al die gevalle meer was as die wat die c-antwoorde onderstreep het en dat die wat die a- en die b-antwoorde onderstreep het saam byna altyd meer as 50 persent van die totale getal proefpersone in die onderskeie groepe was. Hieruit lyk dit asof afgelei kan word dat die meeste proefpersone van oordeel is dat die Voortrekkers beleefder as ander kinders is. Dat dit egter nie die geval is nie, sal uit die volgende blyk :

Met slegs enkele uitsonderinge het veel minder as die helfte van die proefpersone in elke groep die a-antwoord onderstreep en as die b- en die c-antwoorde bymekaargetel word, was die resultaat gewoonlik groter as die getal a-antwoorde. Buiten-

dien/.....

TABEL CXLIV.

Ontleding van Afdeling C Vraag 21.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	25	25	-	50	IIIT	122	29	56	9	7
IMb	11	27	9	18	45	IIIV	43	23	47	26	5
IMc	64	22	55	22	2	IIIX	59	29	36	17	19
IMa'	15	20	40	40	20	IIIX	6	17	50	33	-
IMb'	21	24	57	10	10	IIIIa'	114	29	49	15	7
IMc'	51	24	41	22	14	IIIIb'	54	26	54	9	11
IMd'	5	-	40	60	-	IIIIc'	62	26	44	19	11
IM	87	23	45	18	14	IIIIc'	20	10	55	30	5
IILa	17	41	29	6	24	IIII	230	27	59	15	9
IILb	15	13	27	7	53	IVT	72	26	53	15	5
IILc	93	27	55	10	9	IVV	15	27	47	20	7
IILa'	24	38	42	8	13	IVK	24	29	54	8	8
IILb'	20	20	55	10	15	IVX	12	8	67	25	-
IILc'	81	26	48	9	17	IVa'	64	20	56	19	5
IILd'	13	23	31	15	31	IVb'	23	35	39	17	9
IIL	125	27	48	9	16	IVc'	36	27	59	8	-
IIMa	7	-	71	29	-	IVd'	13	-	77	15	8
IIMb	10	50	20	10	20	IV	23	25	54	15	6
IIMc	49	20	37	35	8	VN	58	40	40	3	17
IIMa'	36	11	39	36	14	VG	28	21	36	4	39
IIMb'	4	25	75	-	-	VH	8	12	63	12	12
IIMc'	26	38	31	27	4	Va'	74	28	42	5	24
IIMd'	15	19	38	25	19	Vb'	1	100	-	-	-
IIM	66	23	38	30	9	Vc'	19	42	37	-	21
IIILa	12	25	33	8	25	V	94	32	40	4	23
IIILb	12	17	42	8	33	VIa'Ta	22	45	23	14	18
IIILc	65	15	49	23	12	VIa'Tb	13	46	31	8	15
IIILa'	43	19	42	19	21	VIa'Tp	36	28	47	25	-
IIILb'	5	-	80	20	-	VIa'y/xl	18	28	50	17	6
IIILc'	41	17	46	20	17	VIb'/c'	11	27	36	27	9
IIILd'	43	23	33	19	26	VIId'	34	29	14	14	43
IIIL	89	17	46	19	18	VI	100	34	39	19	8

dien was daar 'n groot aantal proefpersone wat die vraag onbeantwoord gelaat het, met die gevolg dat ons nie weet wat hulle oordeel in hierdie verband sou gewees het nie. As gevolg hiervan moet die meerderheidsuitspraak hier as onseker beskou word. Daar is dus geen besliste antwoord gegee op die vraag of Voortrekkers beleefder as ander kinders is nie.

Afdeling C Vraag 22.

By ons is Voortrekkers eerliker as ander kinders.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Daar was twee gedagtes wat herbenadruk is deur die meeste van die ongeveer sestig persone wat kommentaar gelewer het.

(i) Dit is hoegenaamd nie moontlik om op hierdie vrae te antwoord nie. Die groepe is onkontroleerbaar en daar is geen maatstaf waarvolgens gemeet kan word nie. Die antwoorde moet dus op blote gissings berus en kan dus geen wetenskaplik-aanvaarbare objektiewe waarde vir die navorser hê nie.

(ii) Dit is wel duidelik dat die Voortrekkers eerliker as ander kinders is, maar nou moet dit onthou word dat die Voortrekkers gewoonlik uit goeie huise kom en dit is onmoontlik om vas te stel hoe ver die huislike invloed en opvoeding gestrek het en waar die van die Voortrekkerbeweging begin het.

Daar was egter ook 'n heel klein persentasie proefpersone wat daarvan oortuig was of dat die Voortrekkers eerliker as ander kinders is of dat hulle dit nie is nie. In albei gevalle was daar een persoon wat sy bewering deur voorbeelde kon staaf. In eersgenoemde groep was daar ook persone wat verwys het na die waardes wat in alle Voortrekkerwerk benadruk word.

Uit tabel CXLV op pag. 258 blyk die volgende :-

In die meeste groot groepe (IM, IL, IIM, IIL, III, ens) was die persentasie c-antwoorde kleiner as die persentasie a-antwoorde. As gevolg van die faktore wat onder die behandeling van Vraag 21 genoem is, moet die antwoorde op bladsy 259 egter ook hier as onbeslis beskou word.

Afdeling C Vraag 23.

By ons is Voortrekkers meer bereid om te dien en te offer as ander kinders.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Van die ongeveer twintig persone wat kommentaar gelewer het, het meer as die helfte beweer dat diens- en offervardigheid juis twee kenmerke is wat in Voortrekkerwerk baie sterk benadruk word. As vrywilligers gevra word, is dit gewoonlik Voortrekkers wat hulle self aanbied. Een persoon het ook gesê dat lg. alleen die geval is as hulle in Voortrekkerdag is, en 'n ander persoon as hulle daarop gewys word dat hulle Voortrekkers/.....

TABEL CXLV.

Ontleding van Afdeling C Vraag 22.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	25	17	8	50	IIIT	122	24	48	10	18
IMb	11	-	27	9	64	IIIV	43	12	54	21	14
IMc	64	14	47	25	14	IIIK	59	7	44	22	27
IMa'	15	7	40	27	27	IIIX	6	-	50	33	17
IMb'	21	10	52	19	19	IIIIa'	114	17	50	18	15
IMc'	51	18	35	20	27	IIIIb'	54	22	50	11	17
IMd'	5	-	40	60	-	IIIIc'	62	11	44	15	31
IM	87	14	40	21	25	IIII d'	20	10	55	20	15
IILa	17	29	29	24	18	III	230	7	48	16	20
IILb	15	13	33	7	47	IVT	72	15	53	11	21
IILc	93	18	51	13	18	IVV	15	13	60	7	20
IILa'	24	21	46	13	21	IVK	24	29	33	13	25
IILb'	20	10	55	15	20	IVX	12	8	67	17	8
IILc'	81	21	43	14	22	IVa'	64	14	56	16	14
IILd'	13	15	38	15	31	IVb'	23	15	52	9	26
IIL	125	19	46	14	22	IVc'	36	24	43	5	-
IIMa	7	14	57	29	-	IVd'	13	38	38	15	8
IIMb	10	20	20	30	30	IV	123	17	52	11	20
IIMc	49	16	31	43	10	VN	58	19	40	5	36
IIMa'	36	8	31	47	14	VG	28	11	36	7	46
IIMb'	4	25	50	-	25	VH	8	12	38	12	38
IIMc'	26	27	31	35	8	Va'	74	15	41	7	38
IIMd'	15	13	13	31	25	Vb'	1	-	100	-	-
IIM	66	17	32	39	12	Vc'	19	21	26	5	47
IIILa	12	17	42	-	42	V	94	16	38	6	39
IIILb	12	17	42	8	33	VIa'Ta	22	32	18	27	23
IIILc	65	12	35	31	22	VIa'Tb	13	31	31	15	23
IIILa'	43	16	28	26	30	VIa'Tp	36	17	47	25	11
IIILb'	5	20	20	40	20	VIa'y/x	18	22	45	22	11
IIILc'	41	10	49	20	22	VIb'/c	11	-	45	36	18
IIILd'	43	2	42	26	30	VI d'	34	14	29	14	43
IIIL	89	13	37	24	26	VI	100	21	38	25	16

kers is. 'n Paar persone het ook hier die gedagte geopper dat die offervaardigheid van Voortrekkers deels ook die gevolg is van die huislike opvoeding mag wees. 'n Paar persone het gesê dat die verskynsel van diens- en offervaardigheid net by sommige Voortrekkers opgemerk word - een persoon het beweer dat die offervaardiges ook onder die Voortrekkers in die minderheid is. 'n Paar persone was nie in staat om 'n oordeel uit te spreek nie en 'n laaste persoon het gesê dat dit ook van die ouderdom

van/.....

van die ouderdom van die kind afhang.

TABEL CXLVI.

Ontleding van Afdeling C Vraag 23.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	25	25	-	50	IIIT	122	41	48	9	2
IMb	11	18	36	-	45	IIIV	43	35	44	19	2
IMc	64	39	42	11	8	IIIK	59	24	42	19	15
IMa'	15	20	33	27	20	IIIX	6	50	33	17	-
IMb'	21	52	33	5	10	IIIIa'	114	40	42	14	4
IMc'	51	31	43	4	22	IIIIb'	54	39	48	9	4
IMd'	5	-	40	60	-	IIIIc'	62	25	48	16	11
IM	87	35	39	8	18	IIId'	20	10	50	35	5
IILa	17	47	29	6	18	III	230	36	45	13	6
IILb	15	20	33	7	40	IVT	72	40	45	5	10
IILc	93	35	47	13	4	IVV	15	33	53	7	7
IILa'	24	54	25	8	13	IVK	24	33	50	13	4
IILb'	20	25	60	10	5	IVX	12	42	42	8	8
IILc'	81	32	44	12	23	IVa'	64	39	47	6	8
IILd'	13	23	46	8	23	IVb'	23	39	39	9	13
IIL	125	35	45	11	10	IVc'	36	35	51	8	5
IIMa	7	14	86	-	-	IVd'	13	23	54	8	15
IIMb	10	50	20	10	20	IV	123	38	47	7	8
IIMc	49	22	45	29	4	VN	58	36	33	5	26
IIMa'	36	11	55	25	8	VG	28	32	25	7	36
IIMb'	4	50	50	-	-	VH	8	12	63	-	25
IIMc'	26	42	31	23	4	Va'	74	31	34	5	30
IIMd'	15	19	44	13	25	Vb'	1	100	-	-	-
IIM	66	26	45	23	6	Vc'	19	37	32	5	26
IIILa	12	33	33	-	33	V	94	33	33	5	29
IIILb	12	25	33	8	33	VIa'Ta	22	41	32	14	14
IIILc	65	18	52	20	9	VIa'Tb	13	38	38	8	15
IIILa'	43	23	37	19	21	VIa'Tp	36	31	53	17	-
IIILb'	5	20	40	40	-	VIa'y/x	18	17	33	11	39
IIILc'	41	20	59	10	12	VIb'/c'	11	27	18	45	9
IIILd'	43	23	37	16	23	VIId'	34	29	14	14	43
IIIL	89	21	47	16	16	VI	100	31	39	17	13

Tabel CXLII hierbo toon 'n ontleding van die antwoorde op vraag 23. Weer was daar 'n groot persentasie persone wat die vraag nie beantwoord het nie. Verder toon die tabel dat die aantal persone wat beweer het dat die stelling van vraag 23 waar is, meer was as die wat beweer het dat dit onwaar is..

Bloot/.....

Bloot op grond hiervan kon beweer word dat dit die tendens van die tabel is dat Voortrekkers meer bereid is om te dien en te offer as ander kinders. Die faktore wat daartoe gelei het dat die antwoord op die vorige twee vrae as onbeslis bestempel is, word egter ook in hierdie tabel opgemerk, met die gevolg dat dit veiliger sou wees om te beweer dat die proefpersone ook op hierdie vraag geen oortuigende antwoord gelewer het nie.

Afdeling C Vraag 24.

By ons het Voortrekkers 'n sterker pligsbesef as ander kinders ten opsigte van die groep waaraan hulle behoort.

a) Dit is waar. b) Dit is ten dele waar. c) Dit is nie waar nie.

.....

Slegs sestien persone het kommentaar gelewer. Meer as een-derde van hulle het die stelling beaam : twee as gevolg van die Voortrekkerwet en -belofte wat gedurig weer benadruk word. Drie persone het gesê dat die vraag onduidelik gestel is. Een van hulle het gepra : „Wat bedoel u met 'n groep ?" En die ander persoon : „Watter ander kinders ?" Twee persone het verder gesê dat hulle die twee groepe nie met mekaar kan vergelyk nie en twee ander dat so iets nie gedoen kan word nie sonder 'n wetenskaplike eksperiment nie. Een persoon het beweer dat dit die rede is waarom daar geen vordering by hulle plaaslik is nie: 'n gebrek aan pligsbesef by ouers en kinders. Verder is beweer dat so 'n pligsbesef van die spangees afhang en dat dit net ten opsigte van die beweging bestaan en nie ten opsigte van andere nie.

Tabel CXLVII op pag. 261 toon 'n ontleding van die antwoorde op vraag 24. Daar was slegs drie groepe (II, III en V) waar die proefpersone wat die stelling as waar bestempel het 50 persent of meer van die totale aantal proefpersone in die groep was. Verder was die antwoorde net so onoortuigend as dié van die vorige vrae en daarom geld al daardie opmerkings ook hier.

Afdeling C Vraag 25.

By ons is daar feitlik geen verskil tussen Voortrekkers en ander kinders nie.

a) Dit is waar. b) Dit is ten dele waar. c) Dit is nie waar nie.

.....

Dit was opmerklik dat verskeie persone wat in die vorige paar vrae, deur die onderstreping van die a-antwoord te kenne wou gee dat daar wat beleefdheid, eerlikheid, offervardigheid ens. betref wel 'n verskil tussen Voortrekkers en ander kinders bestaan het, hier ook weer die a-antwoord onderstreep het,

waardeur/.....

TABEL CXLVII.
Ontleding van Afdeling C Vraag 24.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	25	25	8	42	IIIT	122	52	43	5	1
IMb	11	18	27	9	45	IIIV	43	49	26	16	9
IMc	64	31	50	13	6	IIIK	59	48	25	15	12
IMa'	15	13	47	20	20	IIIX	6	50	33	-	17
IMb'	21	48	29	10	15	IIIIa'	114	48	36	12	4
IMc'	51	25	49	10	16	IIIIb'	54	67	24	7	2
IMd'	5	-	40	60	-	IIIIc'	62	39	42	6	13
IM	87	29	44	11	16	IIII d'	20	30	40	20	10
IILa	17	71	6	6	18	III	230	50	35	10	6
IILb	15	27	27	7	40	IVT	72	51	32	8	-
IILc	93	53	40	3	4	IVV	15	40	33	13	13
IILa'	24	50	42	4	4	IVK	24	46	38	8	8
IILb'	20	55	35	5	5	IVX	12	42	33	17	8
IILc'	81	52	31	4	14	IVa'	64	42	41	6	11
IILd'	13	38	38	8	15	IVb'	23	70	13	9	9
IIL	125	52	34	4	10	IVc'	36	43	33	16	8
IIMa	7	29	57	14	-	IVd'	13	15	69	8	8
IIMb	10	20	30	30	20	IV	123	48	33	10	10
IIMc	49	37	37	27	-	VN	58	60	16	5	19
IIMa'	36	25	39	28	8	VG	28	36	32	-	32
IIMb'	4	75	25	-	-	VH	8	38	50	-	12
IIMc'	26	37	37	27	-	Va'	74	53	20	4	23
IIMd'	15	13	50	13	25	Vb'	1	100	-	-	-
IIM	66	33	38	26	3	Vc'	19	42	37	-	21
IIILa	12	42	25	-	33	V	94	51	23	3	22
IIILb	12	42	17	8	33	VIa'Ta	22	45	41	5	9
IIILc	65	35	38	12	14	VIa'Tb	13	54	23	8	15
IIILa'	43	37	30	14	19	VIa'Tp	36	28	61	11	-
IIILb'	5	40	60	-	-	VIa'y/x	18	39	39	17	6
IIILc'	41	37	34	8	22	VIb'/c'	11	36	36	18	9
IIILd'	43	23	40	14	23	VID'	34	29	14	14	43
IIIL	89	37	34	10	19	VI	100	38	45	11	6

waardeur hulle nou te kenne gegee het dat daar geen verskil tussen Voortrekkers en nie-Voortrekkers bestaan nie en op hierdie wyse hulle self weerspreek het. Nou mag dit wees dat sulke persone bedoel het „geen merkbare verskil nie” of „geen ander verskil as die wat reeds genoem is nie” of miskien ook „geen verskil wat die basiese eienskappe en karaktertrekke betref nie.” Onder die opmerkings het daar egter niks van hierdie dinge voorgekom nie. Hoc dit ook al sy, die antwoorde van hierdie persone

is na ernstige oorweging aanvaar en nou sal hierdie skynbare onreëlmatigheid later in gedagte gehou moet word as gevolgtrekkings gemaak word.

Die volgende twee gedagtes is baie dikwels benadruk deur die ongeveer dertig persone wat kommentaar gelewer het.

(i) sonder die nodige statistiese gegewens, verkry uit wetenskaplike navorsing, is dit onmoontlik om 'n objektiewe en wetenskaplik aanvaarbare antwoord op hierdie vraag te gee ;

(ii) as daar 'n verskil bestaan - en dit word deur baie persone sonder meer aanvaar dat dit die geval is - dan sal dit wees omdat die Voortrekkers 'n besondere groep is, afkomstig uit die beste huise van die samelewing, en nie noodwendig omdat die Voortrekkerbeweging so 'n goeie invloed op hulle uitgeoefen het nie.

Laasgenoemde stelling word egter deur 'n paar persone in twyfel getrek. Een persoon - en daar is nog 'n paar wat dieselfde mening huldig - skrywe: „Daar is baie kinders wat dieselfde deugde vertoon wat nie Voortrekkers is nie - miskien nie wil wees nie, miskien nie kan wees nie.\" Een persoon het gegewens dat die „Voortrekkersuurdeeg sterker wou deurwerk.\" 'n Aantal persone het beweer dat die verskil net by sommige Voortrekkers opgemerk kan word. Een van hulle het gesê: „by die paar wat ten spyte van al die gebreke die saak nog ernstig opgeneem het, kon die verskil wel gemerk word.\" Die gedagte dat die verskil gemerk kan word, is dikwels uitgespreek sonder om te sê wat die oorsaak van die verskil is. Daar was 'n paar onderwysers wat dadelik in 'n klas kon opmerk wie Voortrekkers is en wie nie.

Uit tabel CXLVIII op pag. 263 wat 'n ontleding van die antwoorde op vraag 25 toon, blyk dit dat die proefpersone wat van oordeel was dat daar geen verskil tussen Voortrekkers en nie-Voortrekkers bestaan nie, slegs in groepe IIM en IIL meer was as die wat beweer het dat daar wel 'n verskil bestaan. As gevolg van faktore voorheen reeds genoem, kan hierdie antwoorde egter nie as oortuigend beskou word nie.

Afdeling C Vraag 26.

As daar tog 'n verskil bestaan, het die beweging daar niks mee te doen nie.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Die twaalf persone wat opmerkings bygeskrywe het, het presies/.....

TABEL CXLVIII.

Ontleding van Afdeling C Vraag 25.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	8	17	33	42	IIIT	122	9	42	45	4
IMb	11	9	36	9	45	IIIV	43	16	47	33	5
IMc	64	14	23	28	2	IIIK	59	8	48	34	10
IMa'	15	27	33	27	13	IIIX	6	17	50	33	-
IMb'	21	-	62	29	10	IIIa'	114	11	43	42	4
IMc'	51	14	47	25	14	IIIb'	54	9	26	54	11
IMd'	5	40	40	20	-	IIIc'	62	10	63	23	5
IM	87	13	48	26	13	IIId'	20	40	30	25	5
ILa	17	6	24	47	24	III	230	10	44	40	6
ILb	15	13	20	27	40	IVT	72	17	41	36	7
ILc	93	12	45	39	4	IVV	15	27	27	40	7
ILa'	24	13	25	54	8	IVK	24	13	38	50	-
ILb'	20	10	50	30	10	IVX	12	25	42	25	8
ILc'	81	11	41	36	12	IVa'	64	14	42	39	5
ILd'	13	23	31	23	23	IVb'	23	22	26	43	9
IL	125	11	39	38	11	IVc'	36	22	41	33	5
IIMa	7	29	43	29	-	IVd'	13	15	62	23	-
IIMb	10	20	30	30	20	IV	123	18	39	38	6
IIMc	49	35	43	20	2	VN	58	9	40	35	17
IIMa'	36	39	47	8	5	VG	28	4	36	29	32
IIMb'	4	-	-	75	25	VH	8	-	75	25	-
IIMc'	26	27	38	35	-	Va'	74	8	35	35	22
IIMd'	15	31	31	19	19	Vb'	1	-	100	-	-
IIM	66	32	41	23	5	Vc'	19	-	63	21	16
IIILa	12	-	33	33	33	V	94	6	42	32	20
IIILb	12	17	25	25	33	VIa'Ta	22	18	32	36	14
IIILc	65	31	40	15	14	VIa'Tb	13	8	38	46	8
IIILa'	43	23	42	9	26	VIa'Tp	36	25	36	36	3
IIILb'	5	40	-	40	20	VIa'y/x	18	17	39	39	6
IIILc'	41	25	37	27	12	VIb'/c	11	18	27	36	18
IIILd'	43	23	30	19	28	VIId'	34	29	29	14	29
IIIL	89	25	37	19	19	VI	100	19	35	38	8

presies dieselfde gedagtes uitgespreek as dié wat onder die vorige vraag reeds behandel is. Een persoon het gesê dat dit gevaarlik is om hierdie vrae op 'n hele groep van toepassing te maak. Dit kan alleen tot 'n halwe waarheid lei. Nog iemand het gesê dat dit wat vir sommiges geld, nie noodwendig vir almal geld nie.

Tabel CXLIX op pag. 269 toon 'n ontleding van die antwoorde op vraag 26. In al die groter groepe (IM tot VI) was die/.....

TABEL CXLIX.

Ontleding van Afdeling C Vraag 26.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	17	8	33	42	IIIT	122	14	23	50	13
IMb	11	9	18	18	55	IIIV	43	21	28	35	16
IMc	64	17	33	35	16	IIIK	59	17	25	39	19
IMa'	15	33	33	13	20	IIIX	6	17	50	17	17
IMb'	21	14	38	33	15	IIIa'	114	19	25	43	13
IMc'	51	12	22	37	29	IIIb'	54	11	22	50	17
IMd'	5	20	40	-	40	IIIc'	62	15	29	39	18
IM	87	16	28	32	24	IIId'	20	35	10	35	20
IILa	17	24	6	35	35	III	230	16	25	43	15
IILb	15	20	-	33	47	IVT	72	19	23	46	12
IILc	93	16	17	53	14	IVV	15	40	7	53	-
IILa'	24	13	8	42	38	IVK	24	21	25	33	21
IILb'	20	20	20	40	20	IVX	12	17	25	42	17
IILc'	81	19	14	52	16	IVa'	64	20	22	47	11
IILd'	13	23	31	23	23	IVb'	23	22	13	57	9
IIL	125	18	14	48	21	IVc'	36	24	27	30	19
IIMa	7	14	29	57	-	IVd'	13	15	15	54	15
IIMb	10	40	20	20	20	IV	123	22	22	44	13
IIMc	49	27	20	39	14	VN	58	10	16	50	24
IIMa'	36	28	31	22	19	VG	28	7	21	25	46
IIMb'	4	25	-	50	25	VH	8	-	13	63	25
IIMc'	26	27	12	58	4	Va'	74	8	15	46	31
IIMd'	15	44	6	31	19	Vb'	1	-	100	-	-
IIM	66	27	21	38	14	Vc'	19	11	21	37	32
IIILa	12	8	17	25	50	V	94	9	17	44	31
IIILb	12	17	8	42	33	VIa'Ta	22	36	14	27	23
IIILc	65	28	22	32	18	VIa'Tb	13	23	8	46	23
IIILa'	43	21	14	30	35	VIa'Tp	36	28	8	50	14
IIILb'	5	40	-	40	20	VIa'y/x	18	11	17	61	11
IIILc'	41	25	27	34	15	VIb'/c'	11	18	18	45	18
IIILd'	43	14	19	26	42	VID'	34	14	43	14	29
IIIL	89	24	19	33	25	VI	100	25	12	45	18

die persone wat beweer het dat die stelling van vraag 26 nie waar is nie, meer as die wat die teenoorgestelde beweer het. Daar was egter min gevalle waar die persone wat die c-antwoord onderstreep het meer as 50 persent van die proefpersone in die betrokke groepe was. As gevolg hiervan en ook as gevolg van ander faktore wat reeds genoem is, sou dit onveilig wees om die antwoorde op hierdie vraag as oortuigend te beskou.

vraag 27/.....

Afdeling C Vraag 27.

By ons stel die publiek baie min belang in hierdie beweging.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Daar was ongeveer 40 persone wat verkies het om een of ander opmerking by te skrywe. Ongeveer tien van hierdie persone het na die belangstelling van die ouers verwys. Sommige het beweer dat dit net die ouers is wat belang stel, andere dat hulle geweldig belang stel en trots is op die beweging, en nog andere dat daar selfs ouers is wat geen belangstelling in die beweging toon nie. Verder was daar sowat twintig persone wat kommentaar gelower het oor die belangstelling van die publiek. Verskeie van hulle het beweer dat die publiek handel asof hulle nie bewus is van die bestaan van so 'n beweging nie. Sommige het hierdie feit betreur. Een persoon het skertsend bygevoeg: „Kolskoot. Dit was die waarste opmerking in die hele vraelys" Sommige persone het die Engelse omgewing waarin hulle woon genoem as oorsaak vir die gebrek aan belangstelling in die beweging. Aan die ander kant het een persoon getuig dat die belangstelling selfs van Engelssprekendes geweldig is. Ook in ander gevalle is gesê dat die belangstelling van die publiek voldoende is. Een persoon het die goeie bywoning van Distriksbestuursvergaderinge as 'n bewys genoem vir sy bewering dat daar genoeg belangstelling van die kant van die publiek in die Voortrekkers is.

Daar was ook persone wat hulle nie oor hierdie vraag wou uitspreek nie omdat geen betroubare uitspraak gegee kon word sonder werklike ondersoek en kontrolegroepe nie. Andere het beweer dat hulle kommando's nog te jonk is om vas te stel of die publiek belangstelling sal toon of nie. 'n Paar persone het beweer dat dit nie orals en met almal dieselfde geval is nie. Sommige lede uit die publiek stel baie belang, ander minder en nog ander hoegenaamd nie. 'n Beweging wat aan die hoërskool verbonde is, geniet wel minder belangstelling as een wat aan die laerskool verbonde is. Vir een persoon was dit nie duidelik watter publiek bedoel word nie.

In tabel CL op pag. 266 word die antwoorde op vraag 27 ontleed. Daaruit word dit duidelik dat daar slegs twee van die grotere groepe is (nl. II en III) waar die proefpersone wat beweer dat die publiek min belang in die Voortrekkerbeweging stel, minder is as dié wat die teenoorgestelde beweer. Die persone wat beweer dat die publiek min belangstelling toon, is dus oor die algemeen meer as die wat beweer dat hulle wel belang stel/.....

TABEL CL.

Ontleding van Afdeling C Vraag 27.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	23	33	-	42	IIIT	122	28	42	29	2
IMb	11	27	18	9	45	IIIV	43	30	54	14	2
IMc	64	28	47	24	2	IIIK	59	17	41	39	3
IMa'	15	40	47	-	13	IIIX	6	50	17	33	-
IMb'	21	29	29	33	10	IIIIa'	114	33	44	21	2
IMc'	51	24	45	18	14	IIIIb'	54	19	41	39	2
IMd'	5	20	60	20	-	IIIIc'	62	19	44	33	3
IM	87	28	42	18	13	IIId'	20	35	40	14	10
IILa	17	29	41	12	18	III	230	26	43	29	2
IILb	15	27	33	-	40	IVT	72	33	35	30	3
IILc	93	18	49	30	2	IVV	15	47	20	27	7
IILa'	24	29	54	13	4	IVK	24	25	38	38	-
IILb'	20	20	50	25	5	IVX	12	42	42	17	-
IILc'	81	19	43	27	11	IVa'	64	39	31	27	3
IILd'	13	54	38	-	8	IVb'	23	17	48	30	4
IIL	125	21	46	24	9	IVc'	36	35	30	35	-
IIMa	7	43	43	14	-	IVd'	13	54	38	-	8
IIMb	10	50	-	30	20	IV	123	34	34	30	2
IIMc	49	35	41	20	4	VN	58	28	49	14	10
IIMa'	36	44	17	17	11	VG	28	43	39	4	14
IIMb'	4	-	50	50	-	VH	8	13	50	38	-
IIMc'	26	19	58	23	-	Va'	74	27	47	14	12
IIMd'	15	25	38	13	25	Vb'	1	100	-	-	-
IIM	66	38	35	21	6	Vc'	19	42	42	11	5
IIILa	12	33	33	-	33	V	94	31	46	13	11
IIILb	12	17	42	8	33	VIa'Ta	22	27	32	27	14
IIILc	65	23	45	26	6	VIa'Tb	13	15	54	23	8
IIILa'	43	26	40	16	19	VIa'Tp	36	25	50	22	3
IIILb'	5	40	40	20	-	VIa'y/x	18	39	39	17	6
IIILc'	41	20	46	25	10	VIIb'/c'	11	36	27	18	18
IIILd'	43	23	35	14	28	VIId'	34	57	43	-	-
IIIL	89	24	43	20	13	VI	100	28	42	22	8

stel. En tog sal dit, as gevolg van faktore wat voorheen reeds genoem is, nie wys wees om te beweer dat 'n afdoende antwoord op hierdie vraag gevind is nie.

Afdeling C Vraag 28.

By ons stel die hoofde van skole min belang in die beweging.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....Meer.....

Meer as een-derde van die sowat 50 persone wat opmerkings bygeskrywe het, het beweer dat hulle hoofde baie belang stel in die beweging. In sommige omgewings stel al die hoofde geweldig belang. Party hoofde is Kommandante en ander dien op die Distriksbesture. In sommige gevalle het die beweging gekwyn totdat die nuwe hoof aangestel is. In ander gevalle het 'n nuwe hoof met die beweging begin. Daar is verder gesê dat die hoof die inspirasie van die beweging is, dat hy aktief en geesdriftig leiding gee „met vrugbare gevolge“ dat hy al die nodige hulp aan die beweging bied. 'n Paar persone het melding gemaak van „enkele uitsonderings“. In één geval was daar vyf hoofde in 'n dorp wat geen belang in Voortrekkerwerk stel nie. In 'n paar gevalle was die hoof die enigste offisier en in één geval behoort al die leerlinge van die skool aan die Voortrekkerbeweging. Daar was een geval waar „Voortrekkers“ 'n vereiste in feitlik elke applikasie was en 'n ander geval waar dit 'n vereiste was vir bevordering van leerlinge tot prefekte van die skool.

Aan die ander kant was daar ook 'n sterk groep proefpersone in wie so omgewings hoofde geen belang in ^{die} Voortrekkerbeweging stel nie. Twee persone het die toestand as beteuenswaardig bestempel en een het gesê dat 'n mens werklik meer van die hoofde verwag terwyl die Voortrekkerbeweging tog in 'n sekere sin een van die skool se buitemurse bedrywigheide is. In sommige gevalle is die „doodloop“ van die beweging aan die gebrek aan belangstelling by die hoof toegeskrywe. 'n Sekere skoolhoof - so word deur een van die proefpersone gemeld - het die volgende kwytkeraak : „Wat my betref kon die beweging maar doodloop. Daar is egter net een beswaar. Dan sou ek opgeskeep sit met een van my personeellede vir wie ek geen werk het wat hy sal kan doen nie.“ In een geval was daar net een hoof van 'n hele aantal wat belang gestel het. Die ander het die beweging veroordeel. Daar was een hoof wat self erken het dat hoofde weinig belangstelling in die Voortrekkerbeweging toon, en dan voeg hy die volgende daarby: „Dit mag soms die waarheid wees. Maar waarom is dit so? Hoofde van skole ondersteun tog immers graag alles wat 'n uitwerking ten goede op die kind het.“ Verder is gesê dat hoofde soms net belang stel as die beweging reklame vir die skool sou kon beteken en dat die belangstelling van hoofde soms blote „lippediens“ is.

Daar was 'n paar persone wat probeer het om grondige redes vir die gebrek aan belangstelling by die hoofde van hulle omgewings te gee. Een persoon het gesê dat hoofde versigtig moet wees aangesien hulle skole parallelmediumskole is. Ander persone het gepraat van die Engelssprekendes wie se gevoelens in aanmerking geneem moet word. Een persoon het dit toegeskrywe aan/.....

aan die onderwysbeleid van één van die provinsies. 'n Ander het gesê dat die Voortrekkerbeweging by hulle los van die skole staan en dus niks met die hoof te doen het nie, en 'n laaste het die tydsfaktor genoem. Waarskynlik het hy 'n oorlaaide program - waaroor so dikwels al gekla is - in gedagte gehad.

Tabel CLI op pag. 269 toon 'n ontleding van die antwoorde op vraag 28. Daaruit word dit duidelik dat slegs één van die grotere groepe (groep VI) die stelling van vraag 28 nie met oortuiging verwerp het nie. In al die ander gevalle was die persone wat gesê het dat die bewering nie waar is nie, meer as vyftig persent van die aantal proefpersone in die verskillende groepe. Al sou die persone wat gesê het dat die bewering waar is, die wat gesê het dat dit ten dele waar is en die wat die vraag nie beantwoord het nie bymekaar getel word, dan sou die totaal in al die ander grotere groepe nog kleiner gewees het as die wat gesê het dat die bewering nie waar is nie. Die tendens van die tabel is dus dat hoofde wel in die Voortrekkerbeweging belang stel.

Afdeling C Vraag 29.

By ons is daar 'n groot gebrek aan belangstellende offisiere.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Daar was 'n paar meer as veertig persone wat bewerings by hulle antwoorde geskrywe het. Meer as 'n kwart van hulle het gekla omdat offisiere moeilik gevind kan word. In sommige skole is daar nie een enkele offisier nie en in een ander geval moet drie offisiere tien spanne behartig. Een persoon, 'n onderwyser, het gemeld dat hy in 'n lang tyd tussen 100 en 120 seuns alleen moes behartig. Dit het verder uit die antwoorde dan ook geblyk dat veral mansoffisiere bitter skaars was. Wat die beskikbare offisiere betref, is gesê dat hulle in die meeste gevalle onopgelei is en dus nie die nodige kennis besit nie, dat hulle min belangstelling toon en dat hulle soms nie „die regte soort“ persone is om kinders op te voed nie. Van die onderwysoffisiere is gesê dat hulle 'n menigte verpligtinge moet nakom dat hulle programme reeds oorlaai is en dat hulle dikwels persone is wat deur hulle hoofde verplig word om Voortrekkerwerk te doen. Verder is gesê dat die offisiere nie bemedig word nie en dat hulle oor te min tyd en bronne beskik vir behoorlike voorbereiding. Een persoon het gesê dat daar 'n behoefte bestaan aan persone wat in staat sou wees om die hoërskoolleerlinge te trek. Wat die publiek betref, is gekla omdat daar geen hulp van daardie kant af kom nie. Een persoon het die omstandighede en die werksure van lede van die publiek genoem as die oorsaak waarom hulle nie as offisiere beskikbaar kan wees nie. Van/.....

TABEL CLI.

Ontleding van Afdeling C Vraag 28.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	8	33	17	42	IIIT	122	16	19	63	2
IMb	11	-	36	18	45	IIIV	43	14	12	75	-
IMc	64	5	27	63	6	IIIK	59	17	27	54	2
IMa'	15	7	33	47	13	IIIX	6	17	33	33	17
IMb'	21	10	19	62	10	IIIa'	114	20	21	56	3
IMc'	51	2	31	47	20	IIIb'	54	11	19	70	-
IMd'	5	-	40	20	40	IIIc'	62	11	19	66	3
IM	87	5	29	51	16	IIId'	20	5	35	55	5
ILa	17	12	53	18	18	III	230	16	20	62	2
ILb	15	-	40	20	40	IVT	72	8	25	67	-
ILc	93	10	25	63	2	IVV	15	20	-	80	-
ILa'	24	13	50	33	4	IVK	24	21	17	63	-
ILb'	20	10	35	50	5	IVX	12	17	28	58	-
ILc'	81	7	23	58	11	IVa'	64	14	24	63	-
ILd'	13	15	54	15	15	IVb'	23	4	9	87	-
IL	125	9	30	52	9	IVc'	36	17	22	62	-
IIMa	7	-	57	29	14	IVd'	13	8	38	54	-
IIMb	10	10	20	60	10	IV	123	13	20	67	-
IIMc	49	8	8	84	-	VN	58	7	23	60	10
IIMa'	36	5	11	79	5	VG	28	11	39	36	14
IIMb'	4	-	25	75	-	VH	8	13	25	63	-
IIMc'	26	12	19	69	-	Va'	74	8	26	55	11
IIMd'	15	-	31	50	19	Vb'	1	100	-	-	-
IIM	66	8	15	74	3	Vc'	19	5	37	47	11
IIILa	12	8	33	25	33	V	94	9	28	53	11
IIILb	12	8	17	42	33	VIa'Ta	22	9	18	59	14
IIILc	65	3	14	82	2	VIa'Tb	13	15	38	31	15
IIILa'	43	5	19	63	14	VIa'Tp	36	22	28	47	3
IIILb'	5	20	-	80	-	VIa'y/x	18	28	11	56	6
IIILc'	41	2	17	73	8	VIIb'/c'	11	-	18	45	36
IIILd'	43	2	19	51	28	VIId'	34	14	29	29	29
IIIL	89	4	17	69	10	VI	100	17	23	49	11

Van verskeie kante is die tekort aan geskikte offisiere gesien as die één groot probleem van die Voortrekkerbeweging. Een van die proefpersone sien hierin die grondoorsaak van die „wantocstande" in die beweging. In verband hiermee skrywe 'n ander persoon die volgende : „Vergun my een opmerking: as daar 'n gebrek aan entoesiasme by offisiere is, sal die beweging 'n sukkelbestaan voer soos dit op baie plekke die geval is. As die verrigtinge nie vir die kinders interessant gemaak word/.....

word nie, sal hulle nie deelneem nie. Idealisme alleen is nie genoeg nie." Ten slotte nog die volgende aanhaling uit 'n brief van 'n onderwyser van één van die Transvaalse middelbare skole, waarin hy die hoop uitspreek dat die ondersoek „daartoe mag bydra om hierdie onmisbare jeugbeweging van kragtig tot kragtiger te laat voortgaan." „M.i. is daar NET EEN GROOT behoefte vandag by ons beweging : BESIELDE, ENTOESIASTIESE, VURIGE LEIERS (offisiere) met grondige deeglike kennis van die kind en van Voortrekkerwerk."

Hoewel hierdie klagte oor gebrek aan offisiere uit byna alle monde gehoor is, was daar tog 'n paar uitsonderinge. Een persoon het gemeld dat sy kommando oor veertien offisiere beskik. Tien van hulle was besig met 'n opknappingskursus en twee het destyds so pas 'n offisiersdiploma ontvang. In 'n ander kommando het die toestand so verbeter dat die offisiere in die bestek van twee jaar aangegroei het van dertien tot agtien. 'n Laaste persoon het gemeld dat sy kommando wel nie genoeg offisiere het nie, maar die wat hulle het is „wonderlik".

Tabel CLII op pag. 271 toon 'n ontleding van die antwoorde op vraag 29. Hieruit blyk dit dat die persone wat die a-antwoord onderstreep het in al die grotere groepe behalwe groep V meer was as die wat die c-antwoord onderstreep het. En tog kan, ten spyte van wat hierbo reeds gesê is, hierdie antwoorde nie beskou word as oortuigend nie, om redes wat voorheen reeds genoem is. Uit die tabel moet afgelei word dat die tekort aan belangstellende offisiere nie so algemeen is as wat dikwels beweerd word nie.

Afdeling C Vraag 30.

As gevolg van 'n oorvol program word daar min tyd aan Voortrekkers gegee.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Daar was dertig persone wat opmerkings bygeskrywe het. Sommige van hulle het beweer dat die Voortrekkerbeweging deur ander aktiwiteite verdring word. Soms veroorsaak dit 'n gedurige stryd om die dag oop te hou wat net vir Voortrekkerwerk gereserveer is. Veral sportonderwysers belê wedstryde vir daardie dag en „'n kind sal beslis van die Voortrekkers af wegbly as hy 'n wedstryd kan gaan speel." Hulle ontvang bloedweinig beskerming van hulle hoofde. Ook ander persone het gekla oor die georganiseerde sport - en skoolwerk - wat soveel tyd in beslag neem dat daar weinig oorbly vir Voortrekkerwerk. Offisiere vind dit dan ook uiters moeilik om tye te vind vir uitstappies en kampe, veral as sommige Voortrekkers in die koshuis is. Hierdie moeilikhede bestaan veral aan die middelbare skool. 'n Paar proefpersone
het/.....

TABEL CLII.

Ontleding van Afdeling C Vraag 29.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	50	8	-	42	IIIT	122	43	37	19	2
IMb	11	45	9	9	36	IIIV	43	54	40	7	-
IMc	64	44	33	20	3	IIIK	59	59	29	12	-
IMa'	15	53	27	7	13	IIIX	6	67	33	-	-
IMb'	21	29	38	24	10	IIIa'	114	54	39	8	-
IMc'	51	49	20	16	16	IIIb'	54	43	30	26	2
IMd'	5	40	60	-	-	IIIc'	62	48	33	16	2
IM	87	45	26	16	13	IIId'	20	55	35	10	-
IILa	17	41	41	-	18	III	230	50	35	14	1
IILb	15	27	33	-	40	IVT	72	37	36	27	-
IILc	93	34	44	19	2	IVV	15	73	20	7	-
IILa'	24	25	63	8	4	IVK	24	46	33	17	4
IILb'	20	40	50	5	5	IVX	12	75	8	17	-
IILc'	81	36	35	19	11	IVa'	64	45	33	20	2
IILd'	13	69	23	8	-	IVb'	23	39	30	30	-
IIL	125	34	42	14	9	IVc'	36	54	27	19	-
IIMa	7	71	14	-	14	IVd'	13	54	38	-	8
IIMb	10	60	20	-	20	IV	123	47	31	22	1
IIMc	49	37	27	35	2	VN	58	24	26	36	14
IIMa'	36	44	31	17	8	VG	28	29	46	11	14
IIMb'	4	75	25	-	-	VH	8	12	38	38	12
IIMc'	26	38	15	42	4	Va'	74	27	30	30	14
IIMd'	15	38	25	19	19	Vb'	1	100	-	-	-
IIM	66	44	24	26	6	Vc'	19	11	47	26	16
IIILa	12	25	42	-	33	V	94	24	33	29	14
IIILb	12	17	33	17	33	VIa'Ta	22	27	36	27	9
IIILc	65	31	31	34	5	VIa'Tb	13	46	31	8	15
IIILa'	43	33	35	16	16	VIa'Tp	36	53	28	19	-
IIILb'	5	40	-	60	-	VIa'y/x	18	28	39	28	6
IIILc'	41	22	34	34	10	VIb'/c	11	36	27	-	36
IIILd'	43	21	33	21	26	VIId'	34	71	14	-	14
IIIL	89	28	33	27	12	VI	100	40	32	19	9

het melding gemaak van probleme wat ontstaan as gevolg van bus-
vervoer.

Die teendeel is egter ook in hierdie antwoorde bena-
druk. So beweer een van die offisiere dat die Voortrekkers die
belangrikste aktiwiteit aan hulle skool is en 'n ander een dat
Voortrekkerwerk 'n integrerende deel van hulle skoolaktiwiteite
vorm. In een geval was daar genoeg tyd vir Voortrekkerwerk toe
die beweging nog bestaan het, maar deur gebrek aan belangstelling
van/.....

van die hoof het dit doodgeloop. In 'n ander geval word aan elke aktiwiteit sy regmatige tyd toegeken - daarvoor sorg die hoof. In 'n paar gevalle word die beweging, in weerwil van hierdie probleme, aan die lewe gehou deur uitstekende onderwyser-offisiere. Aan een van die skole word die probleem opgelos deur die leerlinge te belet om aan meer as een buitemuurse aktiwiteit deel te neem.

Behalwe bogenoemdes was daar ook opmerkings van meer algemene aard. So het 'n aantal persone die tye gemeld wat by hulle aan Voortrekkerwerk afgestaan word. Hierdie tye varieer van één uur per week in één kommando tot ongeveer $1\frac{1}{2}$ uur per week, van vier tot ses kommandofunksies en één kommandokamp (gedurende 'n lang naweek) per jaar ^{in 'n ander kommando.} By sommige skole word een middag per week net vir Voortrekkerwerk gereserveer. Een persoon het gesê dat hulle kommando vier skole insluit. Dit wat by die een skool waar is, is nie by die ander skool waar nie. 'n Ander persoon het gesê dat 'n oorlaaide program geen probleem aan 'n Juniorskool is nie; by skole met groter leerlinge seker wel. 'n Laaste opmerking is gemaak oor die feit dat Voortrekkerwerk nie orals as 'n skoolaktiwiteit beskou word nie.

Wat onderwysers en hoofde van middelbare en laerskole betref, blyk dit uit Tabel CLIII op pag. 273 dat, waar die beweging bestaan het diegene wat beweer het dat daar 'n tekort aan belangstellende offisiere was minder was as die wat beweer het dat dit nie die geval is nie. Waar die beweging nie bestaan het nie of waar dit doodgeloop het, het, met enkele uitsonderinge net die teenoorgestelde gebeur. Daar was ook 'n groot persentasie persone wat die beweging elke keer as „ten dele waar" bestempel het of wat die vraag glad nie beantwoord het nie. As gevolg hiervan kan dit, soos voorheen reeds verduidelik, nie beskou word dat die vraag in verband met die tekort aan offisiere bevredigend of oortuigend beantwoord is nie.

Afdeling 6 Vraag 31.

By ons word die Voortrekkerbeweging kunsmatig aan die lewe gehou.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Daar was ongeveer twintig persone wat, behalwe deur die onderstreping van die antwoorde, ook deur byskrifte op die vraag gereageer het. Sommiges het beweer dat daar by hulle tye van oplewing en tye van insinking was. As daar gekamp moet word, dan lewe die belangstelling, maar daarna verflou dit weer. Daar is verder deur 'n aantal persone beweer dat die beweging by hulle kunsmatig aan die lewe gehou is, totdat dit doodgeloop het.

Een/.....

TABEL CLIII
Ontleding van Afdeling C Vraag 30.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	42	8	-	50	IIIT	122	29	30	39	3
IMb	11	36	18	9	36	IIIV	43	44	30	26	-
IMc	64	22	44	33	2	IIIK	59	51	29	21	-
IMa'	15	40	33	13	13	IIIX	6	17	83	-	-
IMb'	21	29	33	29	10	IIIIa'	114	36	29	33	2
IMc'	51	22	37	27	14	IIIIb'	54	20	44	33	2
IMd'	5	40	20	40	-	IIIIc'	62	53	23	25	-
IM	87	26	36	25	13	IIId'	20	50	20	30	-
IILa	17	59	18	6	18	III	230	37	31	31	1
IILb	15	7	47	7	40	IVT	72	32	37	32	-
IILc	93	17	45	40	-	IVV	15	40	27	33	-
IILa'	24	25	46	25	4	IVK	24	21	63	17	-
IILb'	20	30	40	25	5	IVX	12	33	42	28	-
IILc'	81	19	41	35	6	IVa'	64	35	42	24	-
IILd'	13	31	62	8	-	IVb'	23	26	30	43	-
IIL	125	22	42	31	7	IVc'	36	27	46	27	-
IIMa	7	57	29	-	14	IVd'	13	54	15	23	8
IIMb	10	50	10	20	20	IV	123	31	41	28	-
IIMc	49	29	37	35	-	VN	58	19	38	38	16
IIMa'	36	31	39	22	8	VG	28	32	25	25	18
IIMb'	4	-	50	50	-	VH	8	25	38	25	12
IIMc'	26	46	19	35	-	Va'	74	23	33	28	16
IIMd'	15	19	25	25	31	Vb'	1	-	100	-	-
IIM	66	35	32	29	5	Vc'	19	26	37	21	16
IIILa	12	17	50	-	33	V	94	23	34	27	16
IIILb	12	8	33	25	33	VIa'Ta	22	27	23	41	9
IIILc	65	12	29	54	5	VIa'Tb	13	31	46	15	8
IIILa'	43	12	26	47	16	VIa'Tp	36	42	33	22	3
IIILb'	5	20	40	40	-	VIa'y/xl8	17	33	45	6	
IIILc'	41	12	39	39	10	VIb'/c'11	36	27	-	36	
IIILd'	43	14	16	47	23	VIId'	34	43	-	14	43
IIIL	89	12	33	43	12	VI	100	32	32	27	9

Een persoon het gesê dat dit vroeër die geval was dat die bewering kunsmatig aan die lewe gehou is maar nou nie meer nie, en 'n ander een het beweer dat dit vroeër nie die geval was nie maar op die oomblik wel.

Ook in hierdie geval is herhaaldelik na die tekort aan offisiere verwys. Een persoon skrywe dat dit soms wil voorkom asof die bewering waar is, maar dan moet die oorsaak by die offisiere en nie by die kind gesoek word nie. Een persoon skrywe dat/.....

dat dit 'n feit is dat kinders altyd graag by een of ander „klub" of „vereniging" of wat ook al ingeskakel wil wees. Die fout lê dus weer nie by die kind as sodanig nie. Een persoon skrywe: „ons besef die groot waarde van hierdie beweging maar ons beskik oor geen bekwame offisiere nie," en 'n ander een : „daar bestaan nie meer 'n beweging aan ons hoërskool nie, alhoewel ons besef dat die behoefte daaraan groot is."

Daar is - hoewel slegs deur enkele persone - nog twee faktore genoem wat daartoe bydra dat die beweging slegs kunsmatig aan die lewe gehou kan word : die vervoerprobleme weens groot afstande en die mededinging met sport ten opsigte waarvan die beweging 'n ondergeskikte plek inneem. Een persoon het gesê dat buitestaanders werklik onder die indruk verkeer dat die beweging slegs kunsmatig aan die lewe gehou word en 'n ander een dat dit so in die oog lopend is dat almal dit besef.

Volgens tabel CLIV.. op pag. 275 was die persone wat die c-antwoord onderstreep het in byna al die groepe - daar was slegs enkele uitsonderinge - meer as die wat die a-antwoord onderstreep het. Daar was egter verskeie gevalle waar die persone wat die c-antwoord onderstreep het, minder as vyftig persent van die proefpersone in daardie groep was. In die geval van hoofde van laerskole, offisiere, Distriksekretarisse en predikante het die meerderheid beweer dat die beweging by hulle nie kunsmatig aan die lewe gehou word nie. Die vraag is dus weer nie oortuigend beantwoord nie.

Afdeling C Vraag 32.

By ons voel die kinders geen behoefte aan so 'n beweging nie.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Daar was ongeveer 35 persone wat opmerkings bygevoeg het. Vyf van hierdie persone het beweer dat daar veral aan die hoërskool geen behoefte aan so 'n beweging gevoel word nie. Drie ander persone het gesê dat dit die ouer kinders is-in één geval die wat ouer as 14 jaar is- wat wegbly of bedank, en één het bygevoeg dat hy dit vreemd vind dat dit die geval is. 'n Hoof van 'n juniorskool het beweer dat die kinders nog te klein is vir so 'n beweging. Die roetine van 'n maksimum-ure-skooldag is vir die jong kinders reeds te veeleisend. Verder is gesê dat die bewering van vraag 32 vir 'n groot deel van die jeug waar is. Dit is net die enkeles, die wat behoefte aan so 'n beweging het, wat daarby aansluit, die meeste ander kinders doen dit nie. Een het gesê dat die ander kinders in bioskope en elders rond lê. As bewys vir die feit dat die massas geen behoefte aan die beweging voel/.....

TABEL CLIV.

Ontleding van Afdeling C Vraag 31.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	8	33	-	58	IIIT	122	10	32	56	2
IMb	11	18	-	27	55	IIIV	43	23	16	58	2
IMc	64	14	28	53	5	IIIK	59	12	27	59	2
IMa'	15	40	20	20	20	IIIX	6	-	17	83	-
IMb'	21	-	29	52	19	IIIIa'	114	14	32	53	2
IMc'	51	12	25	45	18	IIIIb'	54	7	19	72	2
IMd'	5	-	60	40	-	IIIIc'	62	15	27	55	3
IM	87	14	25	43	18	IIId'	20	40	25	30	5
IILa	17	12	29	24	35	III	230	13	27	58	2
IILb	15	7	40	7	47	IVT	72	11	26	62	1
IILc	93	4	24	70	2	IVV	15	20	20	60	-
IILa'	24	8	21	54	17	IVK	24	13	21	63	4
IILb'	20	5	20	70	5	IVX	12	17	17	67	-
IILc'	81	5	30	53	12	IVa'	64	13	27	61	-
IILd'	13	8	31	23	38	IVb'	23	9	13	78	-
IIL	125	6	26	56	12	IVc'	36	16	24	54	5
IIMa	7	14	71	-	14	IVd'	13	15	46	38	-
IIMb	10	40	10	10	40	IV	123	13	23	62	2
IIMc	49	14	27	55	4	VN	58	7	28	52	14
IIMa'	36	25	19	36	19	VB	28	7	32	46	14
IIMb'	4	25	25	50	-	VH	8	-	38	50	12
IIMc'	26	8	42	50	-	Va'	74	5	34	49	12
IIMd'	15	19	6	38	38	Vb'	1	-	-	100	-
IIM	66	18	29	42	11	Vc'	19	11	16	53	21
IIILa	12	-	42	17	42	V	94	6	30	50	14
IIILb	12	-	42	25	33	VIa'Ta	22	18	27	45	9
IIILc	65	15	18	54	12	VIa'Tb	13	-	31	46	23
IIILa'	43	12	19	44	26	VIa'Tp	36	28	36	31	5
IIILb'	5	20	20	60	-	VIa'y/x	18	17	22	56	6
IIILc'	41	10	32	44	15	VIIb'/c'	11	18	9	36	36
IIILd'	43	7	16	51	26	VID'	34	29	29	14	29
IIIL	89	11	25	45	19	VI	100	19	28	41	12

voel nie, het persone die aantal Voortrekkers teenoor die totale aantal leerlinge in drie onderskeie skole aangehaal : 85 uit 700, 42 uit 1300 en 30 uit 500. Drie persone het die gedagte uitgespreek dat so 'n behoefte aangekweek moet word en een het bygevoeg dat die antwoord op die vraag of daar so behoefte gevoel word, afhang van die vraag of die ouers die behoefte by hul kinders aangekweek het.

Daar was verskeie persone wat probeer het om aan te toon
waarom/.....

waarom die kinders geen behoefte aan die beweging „in sy huidige vorm" soos een dit uitgedruk het, voel nie. Een het gesê dat dit 'n beweging is wat nie van die jeug af kom nie maar van bo af. Nog 'n persoon het gesê dat die twee geslagte te min saam werk. Verskeie persone het melding gemaak van die baie ander aktiwiteite wat die kind se aandag in beslag neem en wat, soos een persoon dit uitgedruk het, meer modern is. 'n Aantal persone het gesê dat daar wel by die jeug 'n behoefte aan 'n beweging soos die Voortrekkers bestaan - een persoon het dit 'n „dringende behoefte" genoem, - en 'n ander een het gesê dat hierdie behoefte by elke normale kind aanwesig is - en dat sommige kinders by die beweging aansluit maar dat die leiding dan power is en die beweging te kort skiet.

Daar was ook 'n paar persone wat gemeen het dat die jeug die behoefte aan 'n beweging soos die Voortrekkers voel en dat lg. daarin voorsien. Hierdie opmerkings sou egter beter by die volgende vraag gepas het. Dit word daar genoem. 'n Paar persone kon die vraag nie beantwoord nie en één het gesê dat hierdie vraag nie sonder die nodige ondersoek beantwoord kan word nie.

Tabel CLV op pag. 277 toon dat die persone wat die bewering van vraag 32 onderskryf het, slegs in een van die 64 groepe meer was as die wat dit nie onderskryf het nie. Die persentasie persone wat dit nie onderskryf het nie was egter in die meeste gevalle minder as vyftig persent. 'n Betreklik groot aantal persone het „dit is ten dele waar" onderstreep en baie het die vraag nie beantwoord nie. As gevolg hiervan word die antwoorde op hierdie vraag weer nie as oortuigend beskou nie.

Afdeling C Vraag 33.

En, as daar nog 'n behoefte bestaan, slaag die Voortrekkerbeweging nie daarin om in die behoefte te voorsien nie.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Daar was 24 opmerkings en veertien daarvan het in verband gestaan met die offisier en die leiding wat gegee word. Dit is herhaaldelik benadruk dat daar 'n groot behoefte aan 'n jeugbeweging bestaan maar dat die regte leiding ontbreek, sodat daar nie in die behoefte voorsien word nie. As die regte offisiere gevind kon word en as die regte leiding gegee kon word, sou die beweging beslis in staat gewees het om in die bestaande behoefte te voorsien. Nou is dit egter nie die geval nie. Een persoon het gesê dat die beweging gerus kan probeer om uit te vind wat die huidige geslag van so 'n beweging verwag. Die behoefte/.....

TABEL CLV.

Ontleding van Afdeling C Vraag 32.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	nie			a	b	c	nie
IMa	12	-	25	25	50	IIIT	122	8	31	58	2
IMb	11	-	27	36	36	IIIV	43	2	49	44	5
IMc	64	11	41	44	5	IIIK	59	8	31	58	3
IMa'	15	13	40	33	13	IIIX	6	-	50	50	-
IMb'	21	5	43	43	10	IIIa'	114	9	38	52	2
IMc'	51	8	33	41	18	IIIb'	54	2	26	69	4
IMd'	5	-	60	20	20	IIIc'	62	8	37	50	5
IM	87	8	37	40	15	IIId'	20	20	25	50	5
IILa	17	6	47	29	18	III	230	7	35	55	3
IILb	15	20	20	20	40	IVT	72	8	42	44	5
IILc	93	3	31	65	1	IVV	15	7	60	33	-
IILa'	24	8	21	67	4	IVK	24	8	33	54	4
IILb'	20	-	35	60	5	IVX	12	17	50	33	-
IILc'	81	6	35	49	10	IVa'	64	11	47	41	2
IILd'	13	8	54	15	23	IVb'	23	9	30	57	4
IIL	125	6	32	54	8	IVc'	36	5	46	41	8
IIMa	7	14	71	14	-	IVd'	13	15	46	38	-
IIMb	10	30	20	30	20	IV	123	9	44	44	4
IIMc	49	18	49	33	-	VN	58	9	31	50	10
IIMa'	36	22	44	28	5	VG	28	-	36	46	18
IIMb'	4	25	25	50	-	VH	8	-	25	75	-
IIMc'	26	15	54	31	-	Va'	74	4	34	51	11
IIMd'	15	6	31	31	31	Vb'	1	-	-	100	-
IIM	66	20	47	30	3	Vc'	19	11	26	47	16
IIILa	12	-	25	33	42	V	94	5	32	51	12
IIILb	12	8	17	42	33	VIa'Ta	22	14	23	55	9
IIILc	65	5	28	60	8	VIa'Tb	13	-	46	23	31
IIILa'	43	5	19	58	19	VIa'Tp	36	3	53	42	3
IIILb'	5	-	40	60	-	VIa'y/sl	18	11	22	61	6
IIILc'	41	5	32	49	15	Vib'/c'	11	9	36	36	18
IIILd'	43	-	30	49	21	VId'	34	29	71	-	-
IIIL	89	4	26	54	16	VI	100	7	38	45	10

hoefte bestaan, maar dit is beslis nie meer dieselfde as in die stigtingsjare nie.

Daar is ook nog ander redes genoem waarom die beweging nie daarin slaag om in die behoefte van die jeug te voorsien nie. Een persoon het die Engelssprekende kind genoem in wie se behoeftes die Voortrekkerbeweging nooit sal kan voorsien nie. 'n Paar persone het gesê dat die beweging nie bied wat die ouer kinders en veral die hoërskoolleerlinge by die beweging seek nie.

Verder/.....

Verder is beweer dat die skool vir alles sorg, dat 'n oorvol program - waarskynlik a.g.v. ander aktiwiteite - die beweging verhinder om tot sy reg te kom en dat daar te veel jeugbewegings bestaan. Aan een skool bestaan daar nie minder as drie nie. Die name word nie genoem nie. Een persoon het gesê dat die fout, as die beweging nie in die bepaalde behoeftes voorsien nie, **nie** by die beweging lê nie maar wel by die kind.

Verder is beweer dat die beweging wel daarin slaag om in die bepaalde behoeftes van die jeug te voorsien. In hierdie verband het 'n paar persone by die vorige vraag reeds beweer dat die uitstekende programme en die mooi seremonies van die Voortrekkers die beweging baie gewild maak. Dit is die dinge waarvan kinders hou. Een persoon het beweer dat hy uit ervaring geleer het dat 'n mens wel slaag as 'n mens jou plig doen en die krag besit wat vir die werk vereis word. Die werk hou 'n mens self jonk.

Uit tabel CLVI op pag. 279 blyk dit dat die persentasies onder die c-antwoord feitlik altyd die onder die a-antwoord oortref het, en dat die verskil tussen die twee soms betreklik groot was. Die c-persentasies was egter dikwels minder as vyftig persent terwyl baie persone of die „ten dele waar” onderstreep het of die vraag onbeantwoord gelaat het. Die tendens van die tabel is dus dat die beweging wel volgens sekere groepe proefpersone in 'n bepaalde behoefte van die jeug voorsien maar dat die uitspraak van die proefpersone nie in al die groepe ewe oortuigend was nie.

Afdeling C Vraag 34.

Daar is ander jeugorganisasies wat beter in die behoeftes van die jeug voorsien.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

.....

Uit sommige van die ongeveer 70 opmerkings het dit duidelik geword dat die vraag misleidend en dubbelsinnig gestel is. Daarom het 'n paar persone gevra watter behoeftes en andere watter organisasies bedoel word. Een persoon het gewaarsku teen 'n „vermenging van terreine”, soos hy dit gestel het. Die uitdrukking „elke beweging op sy eie terrein” het dikwels voorgekom. Een persoon het verduidelik dat daar by hulle 'n verskil gemaak word tussen Christelike en ander organisasies. Die Voortrekkerbeweging is een van die „ander”. Die vraag het ontstaan of sommige persone wat die name van organisasies genoem het wat beter in die behoeftes van die jeug kan voorsien, daaraan gedink het/.....

TABEL CLVI.

Ontleding van Afdeling C Vraag 33.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	d			a	b	c	d
IMa	12	-	33	8	58	IIIT	122	9	34	53	4
IMb	11	-	54	-	46	IIIV	43	12	30	51	7
IMc	64	10	44	41	6	IIIK	59	8	27	63	2
IMa'	15	27	47	13	13	IIIX	6	33	17	50	-
IMb'	21	-	43	43	15	IIIIa'	114	11	36	51	3
IMc'	51	4	43	31	22	IIIIb'	54	4	26	67	4
IMd'	5	20	60	20	-	IIIIc'	62	15	26	53	6
IM	87	7	44	31	18	IIId'	20	20	40	30	10
IILa	17	6	29	47	18	III	230	10	31	55	4
IILb	15	20	27	13	40	IVT	72	7	29	59	5
IILc	93	2	37	57	4	IVV	15	13	47	40	-
IILa'	24	4	33	58	4	IVK	24	8	29	58	4
IILb'	20	5	25	65	5	IVX	12	8	33	50	8
IILc'	81	5	37	44	14	IVa'	64	11	28	58	3
IILd'	13	8	31	38	23	IVb'	23	4	39	52	4
IIL	125	5	34	50	10	IVc'	36	5	33	54	8
IIMa	7	14	43	14	29	IVd'	13	8	31	54	8
IIMb	10	30	30	10	30	IV	123	8	31	56	5
IIMc	49	10	35	53	2	VN	58	2	16	67	16
IIMa'	36	19	31	39	11	VG	28	7	29	43	21
IIMb'	4	25	25	50	-	VH	8	-	13	88	-
IIMc'	26	4	42	46	8	Va'	74	1	19	64	16
IIMd'	15	-	19	44	38	Vb'	1	100	-	-	-
IIM	66	14	35	42	9	Vc'	19	5	21	58	16
IIILa	12	-	8	50	42	V	94	3	19	62	16
IIILb	12	8	25	33	33	VIa'Ta	22	14	9	64	14
IIILc	65	8	34	48	11	VIa'Tb	13	-	15	62	23
IIILa'	43	9	26	42	23	VIa'Tp	36	11	50	33	5
IIILb'	5	-	40	60	-	VIa'y/x	18	11	17	61	11
IIILc'	41	5	32	49	15	VIb'/c'	11	18	27	36	18
IIILd'	43	2	21	54	23	VIId'	34	-	-	-	-
IIIL	89	7	29	46	18	VI	100	11	28	49	12

het dat die Voortrekkerbeweging en hierdie organisasies in dieselfde behoeftes moet voorsien. As dit nie die geval was nie, sou die vergelyking geen waarde gehad het nie. Om dit duideliker te stel : die proefpersone moes eers 'n ander vraag vir hulle self beantwoord het, voordat hulle die verlangde antwoord op vraag 34 kon gegee het. Die vraag was : „In watter behoeftes van die jeug behoort die Voortrekkerbeweging te voorsien?"

Daarna/.....

Daarna eers kon hulle die vraag beantwoord het of daar ander jeugorganisasies is wat beter in hierdie bepaalde behoeftes kan voorsien.

'n Hele aantal sogenaamde jeugorganisasies is genoem: skoolsport, debatte, volkspele, uitstappies, skoolorkes, skoolkoor, C.S.V., landbouklubs, die Kinderkrans en kadette. Hiervan is sport, kadette en die C.S.V. die meeste genoem. In verband hiermee is gesê dat sekere fasette dikwels deur ander verenigings, bv. deur die C.S.V. met hulle kampe en konferensies meer beklemtoon word. Sport en kadette lok baie seuns weg op twaalfjarige leeftyd. Sport kan ook beter in die behoeftes voorsien omdat dit 'n groter steun van die skole ontvang as die Voortrekkerbeweging. Een persoon het gesê dat die C.S.V. en die Kinderkrans „kop aan kop met die Voortrekkerbeweging kan trek". 'n Ander persoon het beweer dat die Kadette 'n groter aantrekkingskrag as die Voortrekkerbeweging het omdat dit militaristies van aard is en omdat dit 'n verpligte kostelose beweging met 'n eenvormige uniform is.

Aan die ander kant is deur talle persone beweer dat daar geen ander organisasies bestaan wat beter as die Voortrekkerbeweging in die behoeftes van die jeug kan voorsien nie. 'n Paar persone het dit benadruk dat hulle bedoel : „vir die Afrikaanssprekende jeug", en nog 'n hele aantal het bygevoeg „hier plaaslik is daar geen ander organisasie nie." Verskeie proefpersone het gesê dat nêrens 'n beter organisasie vir die Afrikaanse jeug bestaan nie. Op dieselfde terrein is daar geen organisasie wat sy plek kan vul nie. Die feit dat dit op dieselfde terrein moet wees of dat die doelstelling dieselfde moet wees as die waarvoor die Voortrekkerbeweging staan, is meermale benadruk. Twee persone het gesê dat geen jeugbeweging, van watter aard ook al, in al die behoeftes van die jeug kon voorsien nie terwyl 'n ander persoon beweer het dat die Voortrekkerbeweging geen gespesialiseerde organisasie is nie en dat dit derhalwe in al die behoeftes van die jeug kan voorsien. Daar is ook gesê dat die beweging alleen in staat sal wees om in die behoeftes van die jeug te voorsien as die offisiere hulle kennis wil opknap en as die beweging homself wil moderniseer.

Die tendens van tabel CLVII op pag. 281 - die tabel waarin 'n ontleding van die antwoorde op vraag 34 getoon word - is dat daar nie ander organisasies bestaan wat beter in die behoeftes van die jeug kan voorsien nie. Daar was slegs 'n paar uitsonderinge waar die c-antwoord deur minder as 50 persent van die proefpersone in 'n sekere groep onderstreep is. In ongeveer die helfte van die groepe het niemand die a-antwoord onderstreep nie. Uit die meer as 200 hoofde van skole was daar nie een wat gesê/.....

TABEL CLVII.

Ontleding van Afdeling C Vraag 34.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	d			a	b	c	d
IMa	12	-	17	25	58	IIIT	122	5	12	70	13
IMb	11	-	9	27	64	IIIV	43	7	12	77	5
IMc	64	-	16	77	8	IIIK	59	3	5	86	5
IMa'	15	-	27	47	27	IIIX	6	-	17	83	-
IMb'	21	-	14	71	15	IIIIa'	114	7	12	71	10
IMc'	51	-	12	65	24	IIIIb'	54	2	6	85	7
IMd'	5	-	60	40	-	IIIIc'	62	3	11	76	10
IM	87	-	15	63	22	IIId'	20	5	10	70	15
IILa	17	-	6	71	24	III	230	5	10	76	9
IILb	15	-	13	47	40	IVT	72	1	18	67	14
IILc	93	-	5	89	5	IVV	15	7	27	47	20
IILa'	24	-	4	79	17	IVK	24	-	13	83	4
IILb'	20	-	5	90	5	IVX	12	8	17	67	8
IILc'	81	-	7	80	12	IVa'	64	5	19	64	13
IILd'	13	-	15	62	23	IVb'	23	-	13	74	13
IIL	125	-	6	82	12	IVc'	36	-	19	70	11
IIMa	7	-	14	71	14	IVd'	13	-	15	69	15
IIMb	10	10	20	30	40	IV	123	2	18	68	12
IIMc	49	2	10	84	4	VN	58	2	14	69	16
IIMa'	36	5	8	69	17	VG	28	-	4	71	25
IIMb'	4	-	50	50	-	VH	8	-	38	63	-
IIMc'	26	-	12	85	4	Va'	74	1	11	72	16
IIMd'	15	13	6	38	44	Vb'	1	-	-	100	-
IIM	66	3	12	74	11	Vc'	19	-	21	58	21
IIILa	12	-	-	67	33	V	94	1	13	69	17
IIILb	12	-	-	67	33	VIa'Ta	22	9	-	68	23
IIILc	65	3	11	78	8	VIa'Tb	13	-	15	62	23
IIILa'	43	2	9	72	16	VIa'Tp	36	8	22	64	5
IIILb'	5	-	20	80	-	VIa'y/x	18	-	28	61	11
IIILc'	41	2	5	78	15	VIb'/c'	11	9	9	64	18
IIILd'	43	-	12	58	30	VI d'	34	14	-	71	14
IIIL	89	2	8	75	15	VI	100	6	16	64	14

gesê het dat die bewering van vraag 34 waar is nie. Hier is 'n oortuigende antwoord gelewer, veral as in gedagte gehou word dat 'n verkeerde begrip van die vraag, soos hierbo verduidelik, die proefpersone juis sou beweeg het om die a-antwoord te onderstreep.

Afdeling C Vraag 35.

Die Voortrekkerbeweging het dus geen bestaansreg meer nie.

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
Daar/.....

Daar was 'n paar minder as 40 persone wat kommentaar gelewer het en meer as een-derde van hulle het beweer dat die beweging wel bestaansreg het maar dat 'n verandering of heroriëntering gebiedend noodsaaklik is. Dit moet hom onmiddellik aanpas by die veranderde en hedendaagse omstandighede. Dit sou beteken 'n verandering in die diepste beginsels van die beweging. 'n Paar persone het 'n verandering in die doelstelling as voorwaarde vir sy bestaansreg gestel. As die doel minder wyd gestel word sodat daar op die hoofdoel gekonsentreer kan word, kan die beweging nog baie beteken. Daar is egter ook nog die voorbehoud dat die leiers van die beweging met groter doelgerigtheid as in die verlede voor die dag sal kom. 'n Paar persone het as voorwaarde gestel dat die huidige „gesukkel” om die regte offisiere te kry, beëindig moet word en dat die offisiere beweeg moet word om meer belang in die beweging te stel. Nog 'n aantal persone het beweer dat die Voortrekkerbeweging beslis sy bestaan regverdig maar heelwat reorganisasie is nodig, die beweging moet sterker uitgebou word, Voortrekkerwerk moet meer aandag geniet as in die verlede en die jeug moet in die beweging die regte leiding ontvang. Een persoon het gesê dat die Voortrekkerbeweging besig is om te ontaard. Dit is nou tyd dat dit reggeruk sal word.

Daar was ook persone wat beweer het dat die beweging, ten spyte van al sy gebreke en ten spyte van die opdraande stryd wat dit moet stry, onontbeerlik geword het. Die beweging verdien sy bestaansreg „dubbel en dwars.” Die werk moet net reg aangepak word en wat bereik is, moet na vore gebring word. Daar is geen pragtiger beweging vir die Afrikaanse jeug nie - so is verder beweer. As dit sy bestaansreg ontnem word, sou daar 'n leemte ontstaan wat deur niks anders opgevolg kan word nie. Wat reeds deur die beweging bereik is, loënstaaf die bewering dat die beweging geen bestaansreg het nie. Een persoon kon net nie verstaan hoe 'n gevolgtrekking dat die beweging geen bestaansreg het nie gemaak kon word nie.

Verder was daar 'n paar persone wat van mening was dat die beweging net vir sommiges goed sou wees en dat dit net op sommige plekke bestaansreg sou hê. So is beweer dat die beweging net goed is vir die persone wat in staat is om hulle daarin uit te lewe. Dit lyk asof die bedoeling was : die persone wat 'n aangebore aanleg of belangstelling in daardie rigting het. Wat die laerskool betref, so is verder beweer, is dit onwaar om te sê dat die Voortrekkerbeweging geen bestaansreg het nie, maar wat die hoërskool betref, is die bewering ten volle waar. Nog twee persone het beweer dat die beweging in die stede nog 'n bestaansreg mag hê maar op die platteland bestaan daar geen noodsaaklikheid vir so 'n beweging nie. Een persoon het gesê dat die beweging vir die „ouer kinders” van waarde mag/.....

mag wees. Verder is beweer dat die Voortrekkerbeweging as 'n massabeweging skynbaar nie sal inslaan nie maar dat dit ter wille van die „kleiner bende" reggeaarde kinders en ouers tog 'n bestaansreg het.

Daar was net drie persone wat beweer het dat die stelling van vraag 35 waar of gedeeltelik waar is. Een persoon het dit toegeskrywe aan die feit dat die beweging in 'n groot mate in gebreke gebly het om by veranderde omstandighede aan te pas. Dit maak te veel gebruik van 'n benadering wat byna dertig jaar verouderd is. Een persoon het gesê dat die beweging by hulle plaaslik beslis geen bestaansreg het nie. 'n Laaste persoon het in hierdie verband beweer dat daar van die hoë ideale van die beweging niks tereggekom het nie. Volgens sy beskouing het dit op 'n fiasko en 'n volslae mislukking uitgeloop.

Ten slotte was daar 'n aantal persone wat onvoorwaardelik oortuig was van die bestaansreg van die Voortrekkerbeweging maar wat tog sekere gedagtes uitgespreek het in verband met dinge wat gedoen moet word as die beweging tot sy reg wil kom. In die eerste plek moet daar meer tyd tot die beskikking van die beweging gestel word. Verder moet daadwerklike pogings aangewend word om 'n Voortrekkerafdeling aan elke Afrikaanse skool verbonde te kry. Die offisiere-probleem moet aangepak word en die mededinging van sekere ander jeugorganisasies moet beëindig word. Waarom kry 'n ander beweging soveel plek in die skool - so word deur een persoon gevra - terwyl ons eie beweging op eie bodem moet skade ly? Ander bewegings neem in baie gevalle die plek in van die Voortrekkerbeweging terwyl die behoefte aan laasgenoemde beweging dan begin kwyn. Een persoon wil hê dat die naam van die beweging verander moet word. Hy glo ook dat die beweging in die vorm waarin dit nou bestaan geen bestaansreg het nie. Die behoefte aan 'n jeugbeweging word - seker as gevolg hiervan - egter al hoe groter. Die beweging se naam is verouderd. Dit herinner te veel aan die verlede. Ons soek iets vir die toekoms.

Die tendens van tabel CLVIII op pag. 284 is dat die Voortrekkerbeweging wel bestaansreg het. Daar was slegs enkele persone wat die teendeel beweer het. Verder was daar net twee groepe proefpersone (IMb en IIMb) waar die persentasie onder die c-antwoord minder as 50 persent was. Dit is die hoofde en onderwysers aan middelbare skole waar die beweging doodgeloop het. Die twee groepe het egter uit min proefpersone bestaan, en dan het 'n aansienlike persentasie van hulle die vraag nie beantwoord nie. In byna al die ander gevalle was die persentasie meer as 60 persent en in 'n betreklike groot aantal gevalle was/.....

TABEL CLVIII

Ontleding van Afdeling C Vraag 35.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.			
		a	b	c	d			a	b	c	d
IMa	12	-	-	50	50	IIIT	122	-	6	93	1
IMb	11	-	18	36	45	IIIV	43	5	9	84	2
IMc	64	-	5	94	2	IIIK	59	-	5	92	3
IMa'	15	-	7	80	13	IIIX	6	-	-	100	-
IMb'	21	-	10	81	10	IIIIa'	114	2	6	89	3
IMc'	51	-	4	80	16	IIIIb'	54	-	6	94	-
IMd'	5	-	40	60	-	IIIIc'	62	-	6	92	2
IM	87	-	6	80	14	IIII d'	20	-	15	80	5
IILa	17	-	-	82	18	III	230	1	6	91	2
IILb	15	-	-	60	40	IVT	72	-	4	92	4
IILc	93	-	2	97	1	IVV	15	-	7	93	-
IILa'	24	-	4	92	4	IVK	24	-	4	88	8
IILb'	20	-	-	95	5	IVX	12	-	-	100	-
IILc'	81	-	1	89	10	IVa'	64	-	5	94	2
IILd'	13	-	-	100	-	IVb'	23	-	4	96	-
IIL	125	-	2	90	8	IVc'	36	-	3	86	11
IIMa	7	-	-	100	-	IVd'	13	8	-	85	8
IIMb	10	-	30	40	30	IV	123	-	4	92	4
IIMc	49	-	10	88	2	VN	58	-	-	90	10
IIMa'	36	-	17	75	8	VG	28	-	7	75	18
IIMb'	4	-	-	100	-	VH	8	-	-	100	-
IIMc'	26	-	8	88	4	Va'	74	-	1	85	14
IIMd'	15	-	19	50	31	Vb'	1	-	-	100	-
IIM	66	-	12	82	6	Vc'	19	-	5	89	5
IIILa	12	-	-	67	33	V	94	-	2	86	12
IIILb	12	-	-	67	33	VIa'Ta	22	5	9	73	14
IIILc	65	-	3	92	5	VIa'Tb	13	8	8	62	23
IIILa'	43	-	-	82	19	VIa'Tp	36	8	14	78	-
IIILb'	5	-	-	100	-	VIa'y/x	18	-	17	78	6
IIILc'	41	-	5	88	8	VIb'/c'	11	-	-	82	18
IIILd'	43	-	-	72	28	VI d'	34	-	14	86	-
IIIL	89	-	2	85	12	VI	100	5	11	75	9

was dit selfs meer as 90 persent. Alles dui dus daarop dat dit die oortuiging van die groot meerderheid van hierdie proefpersone is dat die Voortrekkerbeweging wel bestaansreg het. Die vraag is net - en dit blyk uit die opmerkings - watter drastiese veranderinge teweeggebring moet word om die beweging te moderniseer.

Opsomming.

Daar was 'n paar opmerkings wat herhaaldelik en byna by/.....

by al die vrae - veral die wat oor karaktereienskappe van die Voortrekkers gaan - voorgekom het:

(i) Dit is byna onmoontlik om op die vrae te antwoord sonder die nodige statistiese gegewens. Die antwoorde kan van geen wetenskaplike waarde wees nie.

(ii) As dit tog blyk dat die Voortrekkers in sekere opsigte beter as ander kinders is, is dit onmoontlik om vas te stel wat die bydrae van die beweging in hierdie verband is. Die meeste Voortrekkers is bevoorregte kinders wat uit goeie huise kom.

Wat die eerste beswaar betref, moet daarop gewys word dat dit nie die doel van die ondersoek was om wetenskaplikaanvaarbare statistiese gegewens te versamel nie. Die doel was slegs om die opinies van verskillende groepe mense te ondersoek in verband met die Voortrekkerbeweging. Hierdie opinies kan beslis van wetenskaplike waarde wees hoewel dit nie op statistiese navorsing berus nie. Die tweede beswaar sal in gedagte gehou moet word by die bewerking van die resultate van die ondersoek.

C. ONTLEDING VAN VRAELYS VII.

Vraelys VII is uitsluitlik aan ouers van Voortrekkers uitgestuur. Daar is 86 vraelyste terugontvang; 13 van persone wat nie veel kennis van die beweging besit het nie. Behalwe die 86 vraelyste is 'n aantal terugontvang wat nie ingevul was nie. Hulle word hier heeltemal buite rekening gelaat.

Afdeling A Vraag 1.

Wat is u beroep?

.....

Van die 86 persone wat geantwoord het, was daar 9 wat nie hulle beroepe gemeld het nie. Die ander 77 persone het die volgende beroepe aangegee : (Die syfers toon hoeveel persone daar van elke beroep was.) Onderwysers (24), huisvroue (9), boere (9), staatsamptenare (3), klerke (3), dosente (3), sakemanne (3), predikante (2), direkteure (2), en één van elk van die volgende : bedryfsetimoloog, entomoloog, inspekteur van onderwys, Prokureur, medikus, mynkaptein, mynopmeter, bankbestuurder, Lid van die Uitvoerende Komitee, sielkundige, hooftolk, ingenieur, verpleegster, vragmotorbestuurder, stoorman, Bantoeekommissaris, sensusopnemer, parkebewaarder en polisieman.

Afdeling A Vraag 2.

Watter rang beklee u nou in die Voortrekkerbeweging?

.....

Van die 73 persone wat 'n redelike kennis van die

Voortrekkerbeweging/.....

Voortrekkerbeweging besit het - die ander 13 het beweer dat hulle nie veel kennis daarvan besit nie en het geen rang in die beweging beklee nie - was daar 11 persone wat op die Distrikskomitee van die beweging gedien het, d.w.s. wat op daardie oomblik of Kommandant(c), of Onderkommandant(e) of Distriksekretaris was. Verder was daar twee Veldkornette, ses persone wat sitting op die Distriksbestuur van die beweging gehad het, vier persone wat slegs gesê het dat hulle 'n offisiersrang in die beweging beklee en een predikant wat gesê het dat hy 'n veldprediker was. Twee persone het 'n dubbele rang beklee. Die ander persone het of die vraag nie beantwoord nie, of gemeld dat hulle geen rang in die beweging beklee nie. Aangesien 'n Distriksbestuurslid in werklikheid geen offisiersrang beklee nie, bestaan die vraag of daar nie meer Distriksbestuurslede was wat die feit nie vermeld het nie.

Afdeling A Vraag 3.

Watter range het u in die verlede daarin beklee?

.....

Uit die antwoorde blyk dit dat 59 persent van die 73 proefpersone nooit enige rang in die beweging beklee het nie, dat 22 persent van hulle in die verlede op die Distrikskomitee gedien het, dat 21 persent of Veldkornette of Assistent-veldkornette was en dat 18 persent of op die Distriksbestuur gedien het of ander range beklee het. Dit sal opgemerk word dat die totaal van hierdie persentasies meer as honderd persent is. Dit moet toegeskrywe word aan die feit dat talle persone meer as een rang in die verlede beklee het.

Afdeling A Vraag 4.

Het u self as kind aan die Voortrekkerbeweging behoort?

.....

Daar was 11 persone wat as kind self aan die beweging behoort het. Van die 62 persone wat nie in hulle jeug aan die beweging behoort het nie, was daar 8 wat gemeld het dat die beweging toe nog nie bestaan het nie.

Afdeling A Vraag 5.

Is u op hoogte van die werk wat deur die Voortrekkers gedoen word?

.....

Soos reeds gemeld, was daar 73 persone wat bevestigend geantwoord het, Sommige van hulle het opmerkings soos die volgende bygevoeg : „hoewel nie 100% nie“, „nie presies nie, maar so min of meer,“ „volgens wat ons van die kinders hoor“ ens. In al hierdie gevalle is dit beskou dat die persone genoeg kennis besit/.....

besit om 'n opinie te waag. Waar die vraag nie beantwoord is nie, is dit beskou dat die persoon nie voldoende kennis besit om die vraelys te beantwoord nie. Daar was 13 persone wat nie genoeg kennis besit het nie. Die meeste van hierdie persone het die vraelys uiters onvolledig beantwoord.

Afdeling A Vraag 6.

Hoeveel kinders het u wat aan die Voortrekkers behoort?

.....

Uit die antwoorde het geblyk dat die kinders van 55 persone aan die Voortrekkerbeweging behoort het toe die vraelys beantwoord is. Die totale aantal kinders wat aan die beweging behoort het, was 97. Sewentien van die 55 persone het, soos later uit vraag 11 sal blyk, ook kinders gehad wat die beweging verlaat het.

Afdeling A Vraag 7.

In watter standerds is hulle nou?

.....

Die antwoorde het getoon dat 10 van hierdie Voortrekkers in Gr. (i)-(ii) was, 16 in St. 1-2, 18 in St. 3-4, 18 in St. 5-6, 20 in St. 7-8, 10 in St. 9-10 en 5 na St. 10. Die oorspronklike doel was om hierdie vraag saam met vraag 10 te ontleed, om sodoende die belangstelling in die verskillende standerds met mekaar te vergelyk. Om redes wat by die behandeling van vraag 10 genoem sal word, is die plan egter nie ten uitvoer gebring nie.

Afdeling A Vraag 8.

In watter standerds (ongeveer) was hulle toe hulle aangesluit het?

.....

Hier het die antwoorde getoon dat 51 van die kinders in Gr. (i)-(ii) was toe hulle aangesluit het, 21 in St. 1-2, 7 in St. 3-4, 15 in St. 5-6, en 3 in St. 7-8. Die aantal het dus verminder van 51 in die grade tot 7 in St. 3-4. Dan styg dit plotseling na 15 vir St. 5-6.

Afdeling A Vraag 9.

Waarom het hulle daarby aangesluit?

.....

Die antwoorde op hierdie vraag kan in drie hoofgroepe ingedeel word : as gevolg van die aanmoediging van hulle ouers, deur die invloed van andere en uit eie beweging. 'n Aantal persone het geen redes genoem nie.

Meer as 75 persent van die proefpersone het te kenne

gegee/.....

gegee dat hulle persoonlike invloed op een of ander wyse bygedra het tot die aansluiting van hul kinders by die Voortrekkerbeweging. In 'n aantal gevalle was dit die „begeerte" van die ouers dat die kinders Voortrekkers moes wees. Twee persone wou gehad het dat hulle kinders moes aansluit „omdat pappie ook eens op 'n tyd 'n Voortrekker was" en een het dit as sy ideaal gestel dat sy hele gesin aan die beweging sou behoort. Sommige ouers het hulle kinders „geïnspireer" en ander het hulle „verplig" om by die beweging aan te sluit. 'n Paar persone het beweer dat hulle kinders Voortrekkers geword het omdat hulle ouers so baie van die beweging hou. Vir een van die persone was die beweging 'n deel van sy eie lewe. Nog 'n persoon wou gehad het dat sy kinders moes aansluit omdat hulle afstammeling van die werklike Voortrekkers was. In al hierdie gevalle kon die sentimentele waarde wat die proefpersone aan die beweging heg duidelik gevoel word.

Daar was egter ook ander as sentimentele oorweginge waardeur die ouers hulle kinders aangemoedig het om aan te sluit. 'n Paar persone het ingesien watter waarde die beweging vir die jeug het, en twee het gepraat van die „vormende waarde". Daar is verder melding gemaak van die pligsbesef en die verantwoordelikhedsgevoel wat deur die beweging aangekweek word, van die leersame en goeie dinge waarmee die beweging hom besig hou en van die gevoel van kameraadskap wat deur die beweging opgebou word. Sommige persone het beweer dat die beweging nuttige burgers kweek, dat dit die karakter uitbou en dat dit 'n skeppingsdrang by die jeug laat ontstaan. Die opvoedkundige waarde van 'n goed georganiseerde afdeling en die geestelike en sedelike verryking wat daarmee gepaard gaan, is genoem. 'n Paar persone het melding gemaak van die gesonde ontspanning en die nuttige tydsbesteding waarvoor daar deur die beweging voorsiening gemaak word.

'n Laaste groep proefpersone het hulle kinders aangemoedig - so kom dit ten minste voor - om by die beweging aan te sluit omdat dit so 'n goeie Afrikaanse beweging is. 'n Paar persone het beweer dat die Voortrekkerbeweging die kind leer om sy land en sy volk te dien. Een persoon het gesê dat dit die enigste beweging is wat dit doen. Dit is verder beweer dat die beweging die kind opvoed om 'n Afrikaner te bly, dat dit 'n nasionale karakter by die kind opbou en dat dit nasietrots ontwikkel. Een persoon het gesê dat hulle huistaal Engels is en dat hy die beweging wou gebruik om sy kinders Afrikaans te leer.

Daar was slegs enkele gevalle waar die kinders deur andere aangemoedig is om by die beweging aan te sluit. Een van die proefpersone het gesê dat sy kinders van andere gehoor het hoe lekker dit by die Voortrekkers is.

Daar/.....

Daar was verder ook 'n groepie persone wie se kinders „uit eie beweging" besluit het om lede van die Voortrekkerbeweging te word. Twee persone het beweer dat die uniform hierin 'n rol gespeel het. 'n Paar persone het gesê dat hulle kinders in die beweging belang gestel het sonder om te meld wat die belangstelling veroorsaak het. Een persoon het verder melding gemaak van die bekoring wat die beweging vir sy kinders ingehou het en een van die sterk drang wat by sy kinders aanwesig was om by die beweging aan te sluit. Verder is gepraat van die ontspanning wat dit vir die kinders bied. Een persoon het gesê dat sy kinders aangesluit het omdat hulle „in so 'n atmosfeer grootgeword het."

Afdeling A Vraag 10.

Hou hulle van die beweging?

.....

Daar was 24 kinders wie se ouers te kenne gegee het dat hulle „sommer baie", „werklik baie" of net „baie" van die beweging hou. Verder was daar 64 kinders wie se ouers „ja" geantwoord het. Vyf kinders se ouers het geantwoord „nogal" of „redelik" en vier se ouers het gesê dat die kinders teleurgestel voel oor die swak leiding. Een van die vier het gepraat van die „laksheid in die beweging."

Dit was oorspronklik die plan om vas te stel watter kinders nie baie van die beweging hou nie en om die korrelasie tussen die aansluitingsouderdom of die werklike ouderdom van die kind en sy belangstelling in die beweging vas te stel. Die plan het egter misluk omdat, soos hier bo reeds gemeld is, daar slegs 'n paar Voortrekkers was wat nie baie van die beweging gehou het nie. En in daardie gevalle is die swak leiding as oorsaak aangegee, 'n oorsaak wat niks met die ouderdom van die kind te doen het nie.

Afdeling A Vraag 11.

Hoeveel kinders het u wat aan die beweging behoort het maar wat vandag nie meer daaraan behoort nie?

.....

Daar was 35 ouers wat onder hierdie groep geval het. Sewentien van hulle het nog ander kinders in die beweging gehad. Die totale aantal kinders wat hierby betrokke was, was 62.

Afdeling A Vraag 12.

In watter standerds is hulle nou?

.....

Daar was een kind in St. 6, 12 in St. 7-8, 16 in St. 9-10 en 33 het reeds die skool verlaat. Van hierdie kinders was daar slegs 10 (5 in St. 7-8 en 5 in St. 9-10) van skoolgaande/.....

de ouderdom van wie broers of susters nog aan die beweging behoort het. Dit is verder opmerklik dat die meeste van hierdie groep reeds die skool verlaat het.

Afdeling A Vraag 13.

In watter standerds (ongeveer) was hulle toe hulle aangesluit het?

.....
Daar was 15 kinders wat in die grade aangesluit het, 16 in St. 1-2, 16 in St. 3-4, 13 in St. 5-6, 2 in St. 7-8 en niemand na St. 8 nie. Dit was o.a. die doel om in te gaan op die aansluitingsouderdomme in verskillende gebiede van ons land, soos bv. stedelike en plattelandse gebiede ens. Die ontleding is gedoen, maar die groepies was so klein dat dit niks opgelewer het nie.

Afdeling A Vraag 14.

In watter standerds (ongeveer) was hulle toe hulle uitgetree het?

.....
Daar was 3 kinders wat in St. 3-4 uitgetree het, 24 in St. 5-6, 11 in St. 7-8, 23 in St. 9-10 en 1 na St. 10. 'n Gesamentlike ontleding van vraag 13 en 14 het verder getoon dat die gemiddelde duur van Voortrekkerlidmaatskap vir kinders wat in verskillende standerds aangesluit het, as volg was: Kinders wat in die grade aangesluit het, het gemiddeld 8 jaar lank Voortrekkers gebly, die wat in St. 1-2 aangesluit het, 6 jaar lank, die wat in St. 3-4 aangesluit het, 5 jaar lank, die wat in St. 5-6 aangesluit het, 5 jaar lank en die wat in St. 7 aangesluit het, 4 jaar lank. Hier is van die veronderstelling uitgegaan dat die kinders aan die begin van die jaar aangesluit en aan die einde van die jaar uitgetree het.

Afdeling A Vraag 15.

Waarom het hulle die beweging verlaat?

.....
Daar was drie besondere oorsake waarom hierdie kinders die beweging verlaat het : (i) daar was g'n Voortrekkers ~~waaraan~~ hulle langer kon behoort nie; (ii) hulle kon dit nie volhou om langer met Voortrekkerwerk voort te gaan nie en (iii) hulle het belangstelling verloor. Die meerderheid het onder groepe (i) en (ii) geval - faktore buite hulle beheer.

In die eerste plek was daar 'n betreklik groot persentasie van hierdie kinders wat as gevolg van verhuising of as gevolg van oorplasing van die laer na die middelbare skool in 'n omgewing te lande gekom het waar geen Voortrekkerbeweging bestaan het nie. Andere het die skool verlaat om te gaan werk of om hulle studies aan ander inrigtings voort te sit. Hierdie

persone/.....

persone het ook byna sonder uitsondering die beweging verlaat. 'n Laaste groep het aan kommando's behoort wat ontbind het; soms as gevolg van 'n tekort aan offisiere, soms as gevolg van 'n gebrek aan belangstelling.

'n Tweede faktor wat daartoe gelei het dat kinders die beweging moes verlaat, was die onvermoë van die kind om vol te hou. Groot afstande en vervoermoeilikhede het 'n aantal kinders verplig om uit te tree. Baie huislike pligte, te veel skoolwerk en 'n oorvol program van buiteskoolse aktiwiteite was verder hiervoor verantwoordelik. In hierdie verband is die tyd genoem wat voetbal en kadette in beslag geneem het.

Die laaste oorsaak wat genoem is, het meer betrekking gehad op inherente swakhede in die beweging waardeur die belangstelling van die kinders verflou het. 'n Paar persone het melding gemaak van die vervelige of die lakse leiding waaraan die beweging by hulle onderworpe was. Een persoon se kinders was baie entoesiasties, veral as kampe belowe word, maar hulle was bitter teleurgestel as van al die beloftes niks gekom het nie. 'n Ander persoon het verhaal van die onreg wat teenoor sy seun gepleeg is toe die uniform, waarvoor hy met sy eie spaargeld betaal het, onbruikbaar was. Hy moes die uniform op eie koste terugstuur maar het nooit sy geld terugontvang nie.

Afdeling A Vraag 16.

Het hulle van die Voortrekkerbeweging gehou?

.....

Van die 62 kinders wat die beweging verlaat het, was daar 52 wat van die beweging gehou het. Van sommige is gemeld dat hulle „sommer baie” daarvan gehou het. Van 'n paar van die ander is gesê dat hulle „soms” of „net in 'n mate” van die beweging gehou het en dan is na die „vervelige leiding” verwys as die oorsaak waarom hulle nie baie daarvan gehou het nie. En dan was daar ten slotte ook 'n paar ouers wat nie gesê het of hulle kinders van die beweging gehou het nie.

Afdeling A Vraag 17.

Hoeveel kinders ouer as 10 jaar het u wat nog nooit aan die beweging behoort het nie?

.....

Daar was 14 ouers wat gemeld het dat sommige van hulle kinders nog nooit aan die beweging behoort het nie. Daar was 27 kinders hierby betrokke. In 'n aantal huise was daar meer as een kind bo tien jaar - in een huis selfs ses - wat nie Voortrekkers was nie. Dit skyn egter asof in huise waar daar Voortrekkers is gewoonlik feitlik al die kinders aan die beweging behoort of daaraan behoort het.

Vraag 18/.....

Afdeling A Vraag 18.

Hoe oud, ongeveer, is hulle nou?

.....

Die oorspronklike doel van die vraag was om vas te stel of daar enige verband bestaan tussen die ouderdom van die kind en die rede waarom hy nie aansluit nie. Die aantal persone wat hierop gereageer het, was egter so min en die redes so ooreenstemmend dat die plan nie uitgevoer kan word nie.

Die antwoorde het getoon dat tien van die 27 kinders bo 16 jaar was, vyf was tussen 14 en 16 en elf tussen 10 en 13. Een van die kinders is die ouderdom nie vermeld nie.

Afdeling A Vraag 19.

Waarom het hulle nie by die Voortrekkerbeweging aangesluit nie?

.....

Een persoon het gemeld dat dit te wyte was aan die gebrek aan belangstelling. 'n Ander persoon met 3 kinders wat nie aan die beweging behoort nie, het gesê dat sy kinders baie bedrywig is en dus nie die nodige tyd daarvoor kan vind nie. In een geval bots die Voortrekkertye met die van sport en veral voetbal. „En voetbal geniet natuurlik voorkeur.” Een persoon het verder melding gemaak van vervoermoeilikhede en drie het gesê dat hulle kinders nooit die geleentheid gehad het om aan te sluit nie. In al die ander gevalle is gesê dat daar geen tak van die beweging by hulle bestaan waaraan die kinders kan behoort nie.

Afdeling B Vraag 1.

Kom u by u kinders wat Voortrekkers is of was, gemerk het dat die Voortrekkerbeweging as sodanig 'n goeie invloed op hulle verhouding tot u as ouer gehad het?

(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie. (d) Nee, ek kon nie merk dat die beweging enige invloed in hierdie verband gehad het nie.

.....

Daar was slegs 10 persone wat opmerkings bygeskrywe het. Drie van hulle het beweer dat die verhouding tussen hulle en hulle kinders nog altyd gesond was. Die Voortrekkerbeweging kon blykbaar niks daaraan verbeter nie. Nog drie persone se kinders was of so jonk of so kort in die beweging dat vraag 1 nog nie beantwoord kon word nie. Een persoon het gesê dat dit moeilik val om te oordeel waar die invloed van die ouer eindig en waar die van die Voortrekkerbeweging begin. Dit geld vir al die vrae. 'n Ander een het verklaar dat die antwoorde alleen 'n „relatiewe denke sonder konstruktiewe bewyse” kan wees. Een persoon kon tot dusver geen sodanige invloed opmerk nie en 'n laaste/.....

laaste een het twyfelagtig bygevoeg „miskien in 'n mate."

TABEL CLIX
Ontleding van Vraelys VII Afdeling B Vraag 1.

Ko- de	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.					Ko- de	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				
		a	b	c	d	Nie			a	b	c	d	Nie
VIITA	15	7	47	13	27	7	VII(i)	38	37	26	11	26	-
VIITB	8	38	13	25	25	-	VII(ii)	17	71	18	-	12	-
VIITC	41	61	17	-	22	-	VII(iii)	18	33	17	17	28	6
VIIIV/K	9	33	11	33	22	-	VII	73	44	22	10	23	1

In tabel CLIX het die kodenommers die volgende betekenisse :

TA : Transvaalse stedelike gebied No. I.

TB : Transvaalse stedelike gebied No. II.

TC : Transvaalse platteland.

V/K : Oranje-Vrystaat en Kaapland.

(i) : Ouers van wie die kinders aan die Voortrekkerbeweging behoort en van wie nog g'n kind die beweging verlaat het nie.

(ii): Ouers van wie sommige kinders aan die beweging behoort terwyl sommige die beweging verlaat het.

(iii): Ouers van wie sommige kinders voorheen aan die beweging behoort het maar van wie nou nie meer een kind daaraan behoort nie.

Uit die tabel blyk dit dat die meeste ouers ten minste dink dat die beweging 'n goeie invloed op die kind se verhouding tot sy ouer het. Daar is egter 'n betreklik sterk groep persone wat dit óf ontken óf betwyfel.

Afdeling B Vraag 2.

Kon u gemerk het dat die beweging 'n goeie invloed op u kinders se houding ten opsigte van hul skoolverpligtinge gehad het?

(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie.

(d) Nee, ek kon nie merk dat die beweging enige invloed in hierdie verband gehad het nie.

.....

Daar was slegs agt persone wat opmerkings bygevoeg het. Een persoon wat „a" onderstreep het, het gesê dat dit baie moeilik is om vas te stel waar die ouerlike invloed ophou en waar die van die beweging begin. 'n Ouer met kinders op kosskool kon niks aan sy kinders in hierdie opsig merk nie en een van wie die kinders nog te klein was, het die vraag nie beantwoord nie. Een persoon wat „b" onderstreep het, het bygevoeg dat sy seun in elk geval leergierig en pligsgetrou was. 'n Ander persoon het/.....

het „d" onderstreep en bygevoeg dat sy kinders maar altyd traag was om te leer. Een persoon van wie die kinders goed gevorder het, het aangeneem dat die beweging iets daarmee te doen kon gehad het. Een van die ouers het gesê dat die beweging slegs in 'n geringe mate die pligsbesef van sy kind bevorder het en 'n laaste persoon het gevrees dat die beweging wat skoolverpligtinge betref net die teenoorgestelde uitwerking gehad het.

TABEL CLX.

Ontleding van Vraelys VII Afdeling B Vraag 2.

Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.					Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.				
		a	b	c	d	Nie			a	b	c	d	Nie
VIITA 15		20	33	13	27	7	VII(i) 38		29	39	11	16	5
VIITB 8		25	38	13	25	-	VII(ii) 17		53	24	6	18	-
VIITC 41		41	34	2	20	2	VII(iii) 18		22	28	6	45	-
VIIIV/K 9		22	22	22	33	-	Tot 73		33	33	8	23	3

Die tabel toon dat ongeveer een-derde van die ouers daarvan seker was dat die beweging 'n heilsame uitwerking op hul kinders se verhouding tot hulle skoolverpligtinge gehad het, terwyl nog 'n derde nie so seker was nie maar „ek dink so" onderstreep het. Die meerderheid van die ouers het dus meer positief geantwoord.

Afdeling B Vraag 3.

Kon u gemerk het dat die Voortrekkerbeweging hulle sterker onder die besef van hulle plig teenoor hulle medemens gebring het?

(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie.

(d) Nee, ek kon nie merk dat die beweging iets hiermee te doen gehad het nie.

.....

Daar was slegs vyf persone wat hier kommentaar gelewer het. Dieselfde persoon as voorheen het weer aangetoon dat dit moeilik is om die invloed van die ouer van die van die beweging te onderskei. In een geval het die kinders werklik getrag om die Voortrekkerwet en-leuse uit te lewe. Een persoon wou geen oordeel uitspreek nie omdat sy kinders nog te klein was, en 'n ander een het wecr melding gemaak van die „geringe" invloed van die beweging. Een van die ouers het getuig dat die leier van hulle Voortrekkers 'n uiters voorbeeldige persoon was en hy het sy sterk invloed op die Voortrekkers geloof.

TABEL CLXI.

Ontleding van Vraelys VII Afd. B Vraag 3.

Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.					Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.				
		a	b	c	d	Nie			a	b	c	d	Nie
VIITA	15	40	27	-	27	7	VII(i)	38	50	34	-	13	3
VIITB	8	38	25	13	25	-	VII(ii)	17	65	24	6	6	-
VIITC	41	51	34	5	10	-	VII(iii)	18	28	28	11	33	-
VIIV/K	9	56	22	-	22	-	Tot.	73	48	30	4	16	1

Afdeling B Vraag 4.

Kon u by u kinders wat Voortrekkers is of was gemerk het dat die Voortrekkerbeweging probeer om aan die Voortrekkers te leer hoe en waarom 'n mens jou plig behoort te doen?

(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie hulle het die „hoe" en „waarom" bygevoeg nie. (d) Nee, ek het niks daarvan gemerk nie.

As u so iets opgemerk het, sê dan wat die beweging aan u kinders geleer het hoe en waarom hulle hulle plig moet doen.

.....
Tabel CLXII. toon 'n ontleding van die antwoorde op die eerste gedeelte van vraag 4. Uit die tabel blyk dit dat meer as 75 persent van die ouers oortuig was of gedink het dat die Voortrekkerbeweging aan die kinders leer „hoe" en „waarom" hulle hulle plig moet doen. Slegs 'n kleine 7 persent kon niks daarvan by hulle kinders merk nie.

TABEL CLXII.

Ontleding van Vraelys VII Afd. B Vraag 4.

Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.					Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.				
		a	b	c	d	Nie			a	b	c	d	Nie
VIITA	15	13	40	20	20	7	VII(i)	38	45	29	18	8	-
VIITB	8	50	25	25	-	-	VII(ii)	17	47	24	12	-	18
VIITC	41	59	27	8	2	5	VII(iii)	18	50	33	6	11	-
VIIV/K	9	44	22	22	11	-	Tot.	73	47	29	14	7	4

Verder was daar 42 ouers wat 'n antwoord op die tweede deel van vraag 4 gewaag het. Met slegs enkele uitsonderinge het hierdie ouers egter gemeld „wat" aan hulle kinders geleer is en die „hoe" en „waarom" buite rekening gelaat. Hieronder volg 'n samevatting van die verskillende antwoorde wat ontvang is.

In die eerste plek het 'n aantal persone bewerings gemaak/.....

maak waaruit afgelei kon word dat die Voortrekkerbeweging 'n praktiese bedrewenheid by hulle kinders aangekweek het. So het een persoon bv. beweer dat die beweging die kinders selfstandig maak en hulle leer om dinge op eie inisiatief aan te pak. Verder is gesê dat dit by die kinders 'n bepaalde sisteem ontwikkel wat nuttig te pas kom by die voorbereiding vir reise of vakansies. Een persoon het die feit genoem dat Voortrekkers geleer word hoe om op te tree in gevalle van nood, van beserings en ongelukke. Hoewel dit nêrens gesê is nie, wil dit voorkom asof hierdie persone die praktiese bedrewenheid van die Voortrekkers gesien het as 'n bate waardeur die Voortrekker in staat gestel word om sy plig teenoor sy naaste te doen. Dit moes dus die antwoord lewer op die vraag „hoe” die Voortrekker sy plig doen.

'n Tweede groep wat 'n aansienlike persentasie van die ouers uitgemaak het, het getuig dat die Voortrekkerbeweging merkbaar daarin geslaag het om sekere morele eienskappe by hulle kinders te ontwikkel. Een persoon was bv. daarvan oortuig dat sy seun o.a. beleefdheid en respek teenoor sy ouers, onderwysers en ander volwassenes by die Voortrekkers geleer het. Hierdie gedagte is deur meer persone benadruk. Verder is gehoorsaamheid teenoor meerderes en simpatie teenoor minder bevoorregtes genoem as twee karaktereienskappe wat deur die beweging bevorder word. Een persoon het gesê dat haar kinders as gevolg van die invloed van die Voortrekkerbeweging meer bedagsaam en liefdevol teenoor haar as moeder geword het. Een persoon het getuig dat sy seun selfs hulle hond beter behandel vandat hy 'n Voortrekker geword het. Die beweging leer die kinders ook wat dissipline is en so word hulle „beter mense teenoor almal”. Ook in hierdie geval was die bedoeling van die proefpersone hoog waarskynlik dat die inskerping van die genoemde sedelike verhoudinge van mens tot mens en van die Voortrekker tot sy naaste 'n antwoord moes lewer op die vraag hoe die kind geleer word om sy plig te doen.

Ten derde het 'n aantal proefpersone gewys op die indruk wat die Voortrekkerwet en -belofte op hulle kinders gemaak het. Die Voortrekkers word geleer dat dit nie blote „rympies” is nie maar dat dit „ware betekenis” het. Verskeie ouers het getuig dat hulle kinders dikwels uit die Voortrekkerwet aanhaal en mekaar vermaan om dit of dat nie te doen nie „omdat hulle Voortrekkers is.” Een persoon het beweer dat die Voortrekkerwet 'n diep indruk op die kindergemoed maak, dat dit in die onderbewussyn bly steek en dat dit op meer as een terrein van die lewe as spoorslag dien. Hierdie persone het die Voortrekkerwet en -belofte gesien as die norme wat moes aantoon hoe die Voortrekker sy plig teenoor sy naaste moes doen.

'n Vierde groep proefpersone wat miskien meer talryk

as/.....

as enigeen van die ander genoemde groepe was, het verwys na die klem wat deur die beweging op „plig” as sodanig gelê word. Die kinders word geleer om plig as ’n „aangename voorreg” te beskou en om „plig bo plesier” te verkies. Die nadruk wat die Voortrekkers hierop lê, het ’n goeie uitwerking op die kind se godsdienste en dit maak hom getrou in sy werk. Een persoon het sy opvatting as volg weergegee: „Die huis, skool, kerk en Voortrekkers vul mekaar aan wat die aankweek van pligsbesef betref, maar die Voortrekkerbeweging bied ’n terrein waarop ’n praktiese pligsbesef ten opsigte van die medemens ontwikkel kan word.” In die feit dat die Voortrekkerbeweging veel nadruk op die belangrikheid van pligbetragting lê, het hierdie persone die antwoord gevind op die vraag hoe die beweging sy lede leer om hulle plig te doen.

In aansluiting by die vorige groep moet hier in die vyfde plek melding gemaak word van die persone wat die eienskappe van dienswilligheid en hulpvaardigheid gesien het as ’n vrug op die pogings wat deur die beweging aangewend word om ’n pligsbesef by die Voortrekkers in te skerp. ’n Paar persone het gesê dat hulle kinders veral teenoor ou mense en minder bevoorregtes besonder hulpvaardig geword het. Een persoon het beweer dat die Voortrekkers geleer word om hulle deel by te dra hoe onaangenaam dit ook al mag wees.

Daar was ’n sesde groep ouers wat verwys het na die godsdienstige en die nasionale beïnvloeding van die jeug deur die Voortrekkerbeweging. Een persoon het getuig dat die beweging aan sy kind beslis die beste gelewer het wat pligpleging, nie alleen teenoor sy medemens nie, maar ook in sy godsdienste betref. Nog ’n persoon het melding gemaak van die Godvresendheid van die Voortrekkers. Verder is beweer dat die beweging die kinders leer om goeie Afrikaners te wees, om koers te hou dwarsdeur hulle lewe, om nasiedienste te lewer en om die „vryheidsfakkel” brandende aan die nageslag oor te dra. Die beweging maak van die Voortrekkers beginselvaste Afrikaners. Een persoon het melding gemaak van baie vrae waarmee die kind as gevolg van die onderrig in die volksgeskiedenis - waarskynlik by die Voortrekkers - voor die dag kom, vrae o.a. in verband met kleurverhoudinge. Die huis kan hierop voortbou.

Slegs drie persone het gesê waarom ’n Voortrekker sy plig moet doen. Die één persoon het gesê dat die kinders geleer word om die goeie ten alle tye ter wille van die goeie self te doen. Die ander twee persone het beweer dat hulle kinders hulle plig doen „omdat hulle Voortrekkers is”, Voortrekkers in die ware sin van die woord, soos een dit uitgedruk het.

Daar was ’n paar persone wat nie ’n afdoende antwoord op die vraag kon gee nie. Twee van hierdie persone het beweer dat die hoedanigheid wat hier ter sprake is tuis baie sterk beklemtoon word, en een het bygevoeg dat hy nie in staat is om te bepaal/.....

bepaal watter deel hy en watter deel die Voortrekkerbeweging bygedra het nie. Een persoon het gesê dat die beweging daarin geslaag het om geesdrif vir die beweging as sodanig te wek maar dat sy kinders nog te kort in die beweging is om vas te kan stel of hulle pligsgevoel daardeur verskerp is. Een persoon het verklaar dat hy - hoewel sy kinders tekens van verskerpte pligsgevoel getoon het - nooit werklik op die saak ingegaan het nie.

Ten slotte was daar een persoon wat melding gemaak het van die besondere swak toestand waarin die plaaslike Voortrekkerkommando as gevolg van sy ontroue offisiere verkeer. Vir meer as 'n jaar het albei sy seuns aan spanne behoort waarvan die leiers byna nooit opgedaag het nie. Die beweging het geen goeie invloed nie, ja miskien selfs 'n negatiewe invloed op sy kinders gehad.

Afdeling B Vraag 5.

Kon u gemerk het dat die Voortrekkerbeweging die volgende gedagte by u kinders ingeskerp het : Die mens moet, veral in sy ontspanning, versigtig wees om nie in stryd met die geboorte van God te handel nie ?

- a) Ja, beslis.
- b) Ek dink so.
- c) Ek glo nie die beweging het dié gedagte benadruk nie.
- d) Nee, so ver as wat ek kon merk, het die beweging hom nie hierop toegelê nie.

.....

Daar was slegs drie opmerkings onder aan hierdie vraag geskrywe. Die één persoon het beweer dat daar geen standaard bestaan om te kan vergelyk nie. As daar 'n identiese tweeling was waarvan die één aan die Voortrekkerbeweging behoort het en die ander een nie, kon toetse uitgevoer word om 'n antwoord op die vraag te vind. Hierdie opmerking geld ook vir die meeste ander vrae. 'n Ander persoon het verklaar dat dit moeilik is om vas te stel hoeveel die Voortrekkerbeweging en hoeveel die Sondagskool of selfs die ouers in hierdie verband bygedra het. Die laaste persoon het gesê dat die gedagte by sommige kinders seker wel ingeskerp is maar dat hy twyfel of dit, wat sy eie seun betref, die geval was.

Tabel CLXIII op pag. 299 toon dat verskeie persone die vraag nie beantwoord het nie. Verder was daar in één stedelike gebied 7 persent en in die ander een 50 persent van die proefpersone wat beweer het dat die beweging die genoemde gedagte „beslis" by die kinders inskerp. As in aanmerking geneem word dat die aantal proefpersone in die twee groepe gering is, dan verloor die verskil heelwat van sy betekenis. As die finale persentasies in oënskou geneem word, dan is dit duidelik dat nie een van die antwoorde die oorwegende steun van die proefpersone geniet het nie.

TABEL CLXIII.

Ontleding van Vraelys VII Afd. B Vraag 5.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.					Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				
		a	b	c	d	Nie			a	b	c	d	Nie
VIITA	15	7	27	20	27	20	VII(i)	38	16	34	18	18	13
VIITB	8	50	-	25	13	13	VII(ii)	17	29	41	12	6	12
VIITC	41	29	37	15	10	10	VII(iii)	18	39	22	22	11	6
VIIIV/K	9	11	56	22	11	-	Tot.	73	25	33	18	14	11

Afdeling B Vraag 6.

Weet u van dinge wat deur die Voortrekkers gedoen word waardeur beweer kan word dat hulle soms in stryd met die gebooie van God handel.

- (a) Ja, ek weet van dinge wat hulle dikwels doen.
 (b) Ja, ek weet van dinge wat hulle af en toe doen.
 (c) Nee, ek weet nie van een enkele ding wat hulle gedoen het nie.
 (d) Ek is daarvan oortuig dat hulle nie sulke dinge doen nie.

.....

Daar was drie opmerkings onder hierdie vraag. Een Kommandant van die Voortrekkers het gesê dat hy nie van sulke gevalle weet nie, maar hy het bygevoeg : „Hoe sal 'n mens weet wat 'n jong leier alles in sy onervarendheid doen?" 'n Persoon wat oortuig was dat hulle nie sulke dinge doen nie, het as waarborg genoem dat hy as ouer sy kinders tuis leer om hulle nie aan sulke dinge skuldig te maak nie. Die laaste persoon het beweer dat die offisiere by hulle plaaslik trag om al sodanige dinge waarvan hulle weet op 'n Christelike grondslag reg te stel.

TABEL CLXIV.

Ontleding van Vraelys VII Afdeling B Vraag 6.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.					Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				
		a	b	c	d	Nie			a	b	c	d	Nie
VIITA	15	-	7	60	20	13	VII(i)	38	3	11	58	18	11
VIITB	8	13	-	38	38	13	VII(ii)	17	-	6	59	29	6
VIITC	41	-	15	59	22	5	VII(iii)	18	6	17	45	33	-
VIIIV/K	9	11	11	44	33	-	Tot.	73	3	11	55	25	7

Die tendens van die tabel is dat die Voortrekkerbeweging hom in die algemeen nie daaraan skuldig maak om in stryd met die gebooie van God te handel nie. Tagtig persent van die proefpersone het te kenne gegee dat hulle nie van sulke oortredings weet nie of dat hulle daarvan oortuig is dat sulke oortredings/.....

tredings nie bestaan nie. Daar was egter tien persone wat wel bewus was van dinge wat deur die Voortrekkers gedoen word wat in stryd met die gebooe van God is. In die tweede deel van vraag 6 is die proefpersone versoek om die dinge te noem as hulle van sodanige dinge weet.

Die tien persone het op die versoek gereageer en twee van hulle het verwys na die Sabbatsontheiliging wat soms met die opbrek van naweekkampe gepaard gaan. Een persoon het beweer dat hy inlywingsfunksies - waarskynlik meer as een, hoewel hy dit nie sê nie - bygewoon het waar die kinders knielend 'n eed voor God moes aflê. Hy beweer dat so 'n daad nie van kinders verwag kan word nie aangesien hulle nie verstaan wat hulle doen nie. Nog 'n persoon het verwys na wat hy genoem het die „buitensporige, ligsinnige optrede en onpaslike verhoudinge" tussen offisiere van albei geslagte. Die ander opmerkings het gegaan oor individuele oortredings van kinders wat aan die Voortrekkerbeweging behoort waarvan die proefpersone weet. Gevalle van oneerlikheid, beskadiging van eiendomme en „verafgoding van sekere dinge" is genoem. Dit is egter benadruk dat hierdie gebeurtenisse nie op die verantwoordelikheid van die beweging geplaas kan word nie. Die beste van ons bly maar feilbaar en lidmate van die kerk maak hulle ook soms aan sulke dinge skuldig.

Afdeling B Vraag 7.

Dink u dat die Voortrekkers waaraan u kinders behoort (het) daarin slaag om sterk en rein karakters onder die jeug te vorm?

- (a) Ja, beter as enige ander organisasie wat bestaan.
- (b) Ja, net soos ander bestaande organisasies ook maar doen.
- (c) Ek twyfel of die beweging in hierdie verband iets uitvoer.
- (d) Ek is daarvan oortuig dat die beweging niks in hierdie verband doen nie.

.....

Daar was agt persone wat iets bygevoeg het. Drie persone het gesê dat die beweging net aanvullende werk doen tot die werk van die skool en ander organisasies, tot die huislike opvoeding en tot die kerklike bearbeiding. Een persoon het bygevoeg dat die Voortrekkerbeweging naas die kerk die beste beweging is wat bestaan. Verder is gesê dat rein karakters iets is waarna die offisiere altans strewe. Of die resultate goed is, sal later in die lewe eers vasgestel kan word. Een persoon wat „a" onderstreep het, het verklaar dat dit net vir sommige geld. Daar is ook diegene wat weinig baat by die beweging gevind het. Nog 'n persoon het „b" onderstreep nadat hy „bestaande" in „goeie" verander het. Een persoon wou die vraag nie beantwoord nie omdat sy kinders nog te klein was om 'n oordeel oor hulle te kan uitspreek, en die laaste persoon het beweer dat dit

die/.....

die geval sou wees maar nou het die swak voorbeeld van die offisiere ongelukkig 'n negatiewe invloed op die Voortrekkers.

TABEL CLXV

Ontleding van Vraelys VII Afdeling B Vraag 7.

Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.					Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.				
		a	b	c	d	Nie			a	b	c	d	Nie
VIITA	15	20	47	20	7	7	VII(i)	38	34	47	13	3	3
VIITB	8	13	88	-	-	-	VII(ii)	17	47	47	-	-	6
VIITC	41	44	46	8	-	2	VII(iii)	18	11	78	11	-	-
VIIIV/K	9	11	78	11	-	-	Tot.	73	32	55	10	1	3

Die tendens van die tabel is dat die beweging wel daarin slaag om sterk en rein karakters onder die jeug te vorm. Daar was 87 persent van die proefpersone wat hierdie siening toegedaan was. Die aandag moet egter daarop gevestig word dat 55 persent van die proefpersone van oordeel was dat die beweging hier doen wat ander bestaande organisasies ook maar doen. Daar was slegs enkele persone wat beweer het dat die beweging nie veel in hierdie verband uitvoer nie.

Afdeling B Vraag 8.

Dink u dat die Voortrekkerbeweging daarin slaag om die opleiding tot goeie burgerskap te bevorder?

- (a) Ja, ek dink die beweging dra veel daartoe by.
- (b) Ja, maar alleen in 'n geringe mate.
- (c) Nee, ek glo nie die beweging dra daartoe by nie.
- (d) Nee, die beweging dra niks in hierdie verband by nie.

.....

Daar was net een opmerking: „Ja, beslis; beter as enige ander organisasie.”

TABEL CLXVI

Ontleding van Vraelys VII Afdeling B Vraag 8.

Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.					Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.				
		a	b	c	d	Nie			a	b	c	d	Nie
VIITA	15	73	20	-	7	-	VII(i)	38	76	18	-	3	3
VIITB	8	75	25	-	-	-	VII(ii)	17	88	12	-	-	-
VIITC	41	83	15	-	-	-	VII(iii)	18	78	22	-	-	-
VIIIV/K	9	78	22	-	-	-	Tot.	73	79	18	-	1	3

Die tendens van die tabel is dat die Voortrekkerbeweging beslis daarin slaag om goeie burgerskap te bevorder. Daar was 79 persent van die proefpersone wat beweer het dat die beweging veel daartoe/.....

daartoe bydra en 18 persent dat dit slegs ⁱⁿ 'n geringe mate daartoe bydra. Daar was net een persoon wat die bydrae van die beweging in hierdie verband ontken het.

Afdeling B Vraag 9.

Dink u dat dit daarin slaag om leierskap by die jeug te kweek?

- (a) Ja, beslis. (b) In 'n mate, ja. (c) Nee, ek glo nie.
(d) Nee, die beweging dra niks in hierdie verband by nie.

.....

Daar was net drie persone wat opmerkings bygewekrywe het. Al drie het beweer dat die invloed van die beweging duidelik gemerk kan word. Een het gesê dat dit veral by hoërskoolleerlinge in die senior groep in die oog lopend is. Die tweede persoon het beweer dat hulle prefekte gewoonlik uit die Voortrekkers gekies word. Die derde persoon het gesê dat leierskap beslis gekweek word en dat dit by seuns sowel as by dogters opgemerk word.

TABEL CLXVII

Die Ontleding van Vraelys VII Afd. B Vraag 9.

Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.					Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.				
		a	b	c	d	Nie			a	b	c	d	Nie
VIITA	15	47	33	13	-	7	VII(1)	38	55	34	5	-	5
VIITB	8	38	50	13	-	-	VII(ii)	17	71	29	-	-	-
VIITC	41	66	32	-	-	2	VII(iii)	18	45	45	5	-	5
VIIIV/K	9	44	44	-	-	11	Tot.	73	56	36	4	-	4

Die tendens van die tabel is dat die Voortrekkerbeweging wel daarin slaag om leierskap te bevorder. Daar was 92 persent van die proefpersone wat hierdie bewering onderskryf het. Daar was egter 'n groep - 36 persent van die proefpersone - wat beweer het dat die beweging slegs in 'n mate daarin slaag. Niemand het beslis beweer dat die beweging niks in hierdie verband bydra nie. Daar was slegs drie persone wat geantwoord het dat hulle nie glo dat dit die geval is nie.

Afdeling B Vraag 10.

Dink u dat dit daarin slaag om aan die jeug van ons volk dissipline te leer?

- (a) Ja, beslis. (b) Ja, in 'n bevredigende mate. (c) Slegs in 'n geringe mate.
(d) Ek kon nie merk dat my kinders as gevolg van die Voortrekkers beter gedissiplineerd was nie.

.....

Daar was net twee persone wat opmerkings bygeskrywe het.

Die/.....

Die een het gesê dat dit 'n ideaal is waarna ons as offisiere almal strewe. Of daar veel sukses behaal word, is moeilik om te bepaal. Die ander persoon het gesê dat daar Voortrekkers is wat weinig deur die beweging beïnvloed word. Tabel CLXIV toon 'n ontleding van die antwoorde op hierdie vraag.

TABEL CLXVIII.

Ontleding van Vraelys VII Afdeling B Vraag 10.

Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.					Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.				
		a	b	c	d	Nie			a	b	c	d	Nie
VIITA	15	47	27	13	13	-	VII(i)38	42	37	16	5	-	
VIITB	8	50	-	50	-	-	VII(ii)17	65	29	6	-	-	
VIITC	41	59	37	12	2	-	VII(iii)18	39	17	39	6	-	
VIIV/K	9	33	33	33	-	-	Tot.	73	47	30	19	4	-

Die tendens van die tabel is dat die Voortrekkerbeweging in 'n bevredigende mate daarin slaag om aan die jeug van ons volk dissipline te leer. Selfs 77 persent van die proefpersone is hieroor eensgesind. Daar was slegs drie ouers wat nie kon merk dat sy kinders as gevolg van die beweging beter gedissiplineerd was nie.

Afdeling B Vraag 11.

Dink u dat dit daarin slaag om 'n geslag te kweek op wie ons beter sal kan staat maak as op diegene wat nooit Voortrekkers was nie?

- (a) Ja, beslis. (b) Ek dink dat 'n mens op hulle beter sal kan staat maak as op andere. (c) Ek betwyfel dit sterk of dit die geval is. (d) Ek is daarvan oortuig dat dit nie die geval is nie.

.....

Daar was net twee persone wat opmerkings bygevoeg het. Die een het erken dat die invloed van die Voortrekkers positief is maar ten spyte daarvan was hy nie geneë om so 'n vergelyking te regverdig nie. Die ander persoon het gesê dat alles van die persoon en van sy begrip van waardes afhang of dit die geval sal wees.

Tabel CLXIX verskyn op pag. 304.

Die tendens van die tabel is dat die beweging wel daarin slaag om so 'n geslag te kweek. Slegs 21 persent van die proefpersone het dit betwyfel of ontken. Sewe persent het die vraag nie beantwoord nie.

Afdeling B Vraag 12.

Dink u dat die beweging daarin slaag om 'n gesonde nasietrots by die jeug van ons volk aan te kweek?

(a)

TABEL CLXIX

Ontleding van Vraelys VII Afdeling B Vraag 11.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.					Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				
		a	b	c	d	Nie			a	b	c	d	Nie
VIITA	15	40	27	20	7	7	VII(i)	38	24	50	16	3	8
VIITB	8	-	50	38	-	13	VII(ii)	17	47	41	6	6	-
VIITC	41	29	51	10	2	8	VII(iii)	18	11	45	33	-	11
VIIIV/K	9	11	56	33	-	-	Tot.	73	26	47	18	3	7

Afdeling B Vraag 12.

Dink u dat die beweging daarin slaag om 'n gesonde nasietrots by die jeug van ons volk aan te kweek?

- (a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie.
(d) Nee, die beweging dra weinig daartoe by.

.....

Drie persone het kommentaar gelewer. Die een het be-
weer dat die term „gesonde” nader gekwalifiseer behoort te wees.
Die tweede een het gesê dat daar ook buite die beweging jongmense
met nasietrots is. Die derde een het getuig dat die beweging
daarna strewe. Hy weet nie of dit daarin slaag nie.

TABEL CLXX

Ontleding van Vraelys VII Afdeling B Vraag 12.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.					Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				
		a	b	c	d	Nie			a	b	c	d	Nie
VIITA	15	73	13	-	13	-	VII(i)	38	68	21	3	8	-
VIITB	8	50	50	-	-	-	VII(ii)	17	82	18	-	-	-
VIITC	41	71	29	-	-	-	VII(iii)	18	56	45	-	-	-
VIIIV/K	9	67	11	11	11	-	Tot.	73	69	26	1	4	-

Die tabel toon onteenseglik dat dit die opinie van hier-
die proefpersone is dat die beweging wel daarin slaag om 'n geson-
de nasietrots by die jeug van ons volk aan te kweek.

Afdeling B Vraag 13.

Is dit waar dat kinders oor die algemeen (afgesien van u kinders)
min belangstelling vir Voortrekkerwerk het?

- (a) Ja. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie. (d) Nee.

.....

Een persoon wat „a” onderstreep het, het bygevoeg dat
sy antwoord betrekking het op die ongelukkige plaaslike omstandig-
hede. Ander kommando's in die omgewing vaar beter. Hy was besig
om pogings aan te wend om sy kinders by één van die

ander/.....

ander kommando's te laat aansluit.

TABEL CLXXI.

Ontleding van Vraelys VII Afdeling B Vraag 13.

Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.					Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.				
		a	b	c	d				a	b	c	d	
VIITA	15	40	13	13	27	7	VII(i)	38	47	13	18	8	13
VIITB	8	63	25	-	13	-	VII(ii)	17	41	29	18	6	6
VIITC	41	39	25	17	12	8	VII(iii)	18	45	28	6	22	-
VIIIV/K	9	67	11	22	-	-	Tot.	73	45	21	15	14	5

Uit die tabel blyk dit dat 66 persent van die proefpersone van mening is dat kinders oor die algemeen min belangstelling vir Voortrekkerwerk het. Dit verteenwoordig 'n totaal van 48 persone. Op die verdere vraag waaraan hulle dit toeskrywe, het 38 persone geantwoord. Die antwoorde kom op die volgende neer:-

In die eerste plek het ongeveer veertig persent van hierdie persone die ongelukkige toedrag van sake onder andere aan die laksheid en die onvermoë van die offisiere toegeskrywe. Voortrekkerwerk, so word beweer, word gekenmerk deur 'n gebrek aan besieling en doeltreffendheid omdat die meeste offisiere onopgelei is. Die praktyk om onbevoegde persone te dwing om met die Voortrekkers behulpsaam te wees, word deur 'n aantal persone sterk afgekeur. Sodanige offisiere stel geen belang nie en daarom kan dit nie verwag word dat die kinders belangstelling sal toon nie. Aan die ander kant word erken dat hierdie praktyk noodgedwonge toegepas moet word as gevolg van die tekort aan offisiere. 'n Paar persone het ook die gebruik van onderwysers as Voortrekkeroffisiere afgekeur op grond van die feit dat hulle, as gevolg van die gedurige kontak met die kinders, nie die regte gesindheid vir Voortrekkerwerk sal openbaar nie. Die name van kommando's is genoem wat floreer as gevolg van die besielde leiding van hulle offisiere, en van kommando's wat kwyne as gevolg van die gebrek aan belangstelling van hulle offisiere. Een persoon het verklaar dat die kind altyd in die beweging sal belang stel as die geïnspireerde leiding teenwoordig is.

Daar was ook persone wat die gebrek aan belangstelling by die kind toegeskrywe het aan die gebrek aan belangstelling van sommige hoofde van skole en ander personeellede en veral van die ouers self. 'n Aantal persone het beweer dat die ouers oor die algemeen hulle kinders hoegenaamd nie aanmoedig om by die beweging aan te sluit nie.

'n Derde faktor wat volgens die uitspraak van hierdie proefpersone vir die gebrek aan belangstelling by die kind verantwoordelik is, is die oorgeorganiseerdheid van die hedendaagse lewe/.....

lewe. Die program van sowel onderwysers as kinders is so oorlaai dat daar nouliks nog tyd ook vir Voortrekkerwerk afgestaan kan word. Hierby kom nog die oordrewe beklemtoning van sport wat die enkeling verheerlik, geen diensmotief kan nie en in die populêre smaak val. Dit is veral die geval aan die middelbare skool dat ander buiteskoolse aktiwiteite meer aandag en belangstelling geniet.

'n Vierde groep proefpersone het beweer dat die gebrek aan belangstelling by die kind te wyte is aan sekere leemtes ten opsigte van die beweging as sodanig. Die werk wat aangebied word, is soms nie voorberei nie en dit word nie interessant gemaak nie. Verder word daar te min positiefs aangebied. Kinders stel gewoonlik baie belang in dit wat gedoen kan word. Maar dan is daar ook beswaar gemaak teen die ooreising van die kleinere kinders veral by funksies wanneer die diensure te lank gerek word. Soms, so word verder beweer, beskik die Voortrekkers nie oor spankamers of oor die nodige vergaderplek nie. En dan het een persoon ten slotte melding gemaak van die hoë koste wat aan die uniform verbonde is terwyl die voorkoms daarvan swak is.

Tot dusver het die proefpersone na redes gesoek waarom die Voortrekkers as sodanig nie belang in hulle eie beweging stel nie. Daar was egter ook 'n vyfde groep persone wat wou aantoon waarom die Afrikaanse kind oor die algemeen nie veel belang in die Voortrekkerbeweging stel nie. En hier was die belangrikste oorsaak : die gees van die tyd waarin ons lewe. Een persoon het heelwat uitgewei oor die lakse en onbelangstellende lamsakgees waarin die ouers en duisende ander Afrikaners vandag gevange sit. Die meeste Afrikaners praat te veel en doen te min. 'n Ander persoon het hierdie toestand toegeskrywe aan die feit dat die Afrikaner vandag aan die bewind is en dat die jeug dit as vanselfsprekend aanvaar. Daar is dus, volgens die standpunt van die jeug, niks waarvoor nog gestry moet word nie. Daarom mis ons by die jongere geslag daardie vurige patriotisme wat 'n kenmerk van die ouere geslag was. Die lewe is so materialisties dat daar min plek vir volksideale vorgebly het. 'n Laaste persoon wie se idees ons ernstige aandag verdien en wat byna 'n folioblad met insiggewende gedagtes oor die toekomspatroon van die Voortrekkerbeweging gevul het, skrywe die volgende opmerkings onder aan vraag 13 : „Ek glo dat die beweging in die verlede gefloreer het rondom die Christelik-Afrikaner se volksideaal. Hierdie ideaal is gedeeltelik verweselik en gedeeltelik het dit sy aantrekkingskrag verloor. Die volksverlede staan nie meer in die brandpunt van belangstelling nie. Afrikaansmediumskole met hul ideale het ook die plek ingeneem van Voortrekkerinstellings en volksopvoedkundige organisasies.”

Ten slotte moet daar ook melding gemaak word van 'n klein groepie persone wat ander redes vir die gebrek aan belangstelling.....

stelling genoem het. Drie persone het beweer dat hierdie gebrek toegeskrywe moet word aan die onkunde van die massa ten opsigte van die werklike wese van die beweging. Die kinders weet te min daarvan en daarom stel hulle nie daarin belang nie. Een persoon het verder beweer dat die beweging op sommige plekke bekend staan as 'n politieke beweging wat rassehaat inboesem.

Afdeling B Vraag 14.

Het u enige beswaar teen die wyse waarop Voortrekkers op Voortrekermiddae besiggehou word?

- (a) Ja, ernstige besware. (b) Ja, maar minder belangrike besware. (c) Nee, nie eintlik nie. (d) Nee, ek is baie tevrede daarmee.

.....

Daar was twee persone wat bygevoeg het dat die antwoord net van die offisier afhang. 'n Ander persoon het die woord „baie” doodgetrek, die „d” onderstreep en bygeskrywe : „As ek tevrede is, dan is ek tevrede. Die „baie” is oorbodig.” Hier onder volg nou 'n ontleding van die antwoorde op vraag 14.

TABEL CLXXII.

Ontleding van Vraelys VII Afdeling B Vraag 14.

Kode	Tot. aan-tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.					Kode	Tot. aan-tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				
		a	b	c	d	Nie			a	b	c	d	Nie
VIITA	15	13	7	40	40	-	VII(i)	38	8	13	32	42	5
VIITB	8	-	-	25	75	-	VII(ii)	17	6	12	18	65	-
VIITC	41	10	17	17	56	-	VII(iii)	18	11	17	17	56	-
VIIV/K	9	-	22	33	22	22	Tot.	73	8	14	25	51	3

Die tabel toon dat meer as die helfte van die proefpersone baie tevrede was met die wyse waarop die Voortrekkers besig gehou word en dat 'n verdere kwart van die proefpersone „nie eintlik besware daarteen gehad het nie”. Daar was 16 persone - 22 persent van al die proefpersone volgens die tabel - wat wel besware gehad het. In die tweede deel van vraag 14 is hierdie sestien persone versoek om hulle besware neer te skrywe. Hulle het dit gedoen maar daarbenewens het nog agt persone van die wat gesê het dat hulle „nie eintlik” besware gehad het nie, ook op die versoek gereageer, sodat daar 24 persone was wat besware genoem het. Die meeste van hierdie persone het egter meer as een beswaar geopper sodat daar in werklikheid byna sestig besware deur die verskillende persone neergeskrywe is. Na ontleding hiervan, is gevind dat hulle weer in vier belangrike groepe ingedeel kan word.

In die eerste plek was daar 'n aansienlike aantal proefpersone wat beswaar gemaak het teen die aard van die stof

wat/.....

wat aangebied word, dus teen die Voortrekkerbedrywighe as sodanig. Daar word, so is beweer, te veel gepraat en te min gedoen. Kinders moes vir weke agtereen net „hoor" hoe dat hulle papier gaan versamel. Die kampe wat in 'n paar gevalle gehou sou gewees het, het by besprekings en beloftes gebly. Een persoon het beweer dat sy kinders gedurig moes „wag en wag" terwyl hulle selde werklik besig gehou is. Daar is te min selfaktiwiteit en te veel teoretiese werk - so het 'n ander persoon beweer. Nog 'n aantal het beswaar gemaak omdat daar te dikwels net gespeel word, omdat daar te min aan uitstappies en veldwerk gedoen word en omdat drillwerk en sang nie tot hulle reg kom nie. Een persoon het beweer dat daar te veel tyd aan kunsvlyt bestee word. Volgens nog 'n paar persone word daar te min aandag aan konstruktiewe werk gegee.

In die tweede plek is beswaar gemaak teen die wyse waarop die stof aangebied word. En in hierdie verband het verskeie persone beweer dat die werk nie interessant genoeg gemaak word nie. Een persoon het gekla omdat die byeenkomste nie gereeld gehou word nie en 'n ander een omdat die programme te eentonig, sonder variasie is. Die gevolg is dat kinders belangstelling verloor. Een persoon het beweer dat daar geen geïnspireerde leiding is nie en 'n ander een het gesê dat dit soms lyk asof daar nie 'n sistematiese en vooropgestelde plan is waarvolgens die Voortrekkerbyeenkomste gehou word nie. Verder is die byeenkomste deur verskillende persone bestempel as planloos, sielloos en doel-loos. Meer persone het beswaar gemaak teen die onvoorbereidheid van hulle wat die leiding moet gee.

'n Derde groep proefpersone het meer na die gevolge van 'n ongesonde toestand verwys. In hierdie verband het verskeie persone melding gemaak van die nutteloosheid van die dinge wat gedoen word - as daar nog iets gedoen word - en die daarmee gepaard gaande vermorsing van kosbare tyd. 'n Proefpersoon meld van 'n Voortrekker wat aan 'n volwassene gesê het dat hulle Voortrektermiddae met onbenullighede deurgebring word en dat hulle hulle tyd andersins veel nuttiger sou kon bestee. Hierdie vermorsing van tyd het dikwels 'n negatiewe uitwerking op die jeug. 'n Laaste persoon wat in hierdie verband iets gesê het, het beweer dat sy kinders op Voortrektermiddae hulle skoolwerk verwaarloos.

'n Vierde en laaste groep proefpersone het dit teen die offisiere gehad. Hulle besit nie die nodige kennis nie, is nie goed onderlê nie, is onopgelei en verskaf nie doelgerigte leiding nie. Dit is alles dinge wat deur verskillende proefpersone van hulle gesê is. Verder het 'n hele aantal persone beweer dat die offisiere hulle nie voorberei vir die werk wat hulle moet doen nie. Daardeur vernietig hulle die kinders se belangstelling en mors hulle hulle kosbare tyd.

Afdeling B Vraag 15.

Het u besware teen die Voortrekkeruniform?

- (a) Ja, ernstige besware. (b) Ja, maar minder belangrike besware.
(c) Nee, nie eintlik nie. (d) Nee, ek is baie tevrede daarmee.

.....

Behalwe dat 'n paar persone weer die „baie" doodge-
trek het, was daar geen kommentaar nie. Hieronder volg die ont-
leding van die antwoorde :

TABEL CLXXIII.

Ontleding van Vraeys VII Afd. B Vraag 15.

Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.					Kode	Tot. aan- tal ppe.	Ant. as 'n % van tot.				
		a	b	c	d				a	b	c	d	
VIITA	15	-	13	27	60	-	VII(i)	38	3	11	24	64	-
VIITB	8	13	13	25	50	-	VII(ii)	17	-	12	6	82	-
VIITC	41	-	12	12	76	-	VII(iii)	18	6	11	22	61	-
VIIIV/K	9	11	-	33	56	-	Tot.	73	3	11	19	67	-

Die tabel toon dat 86 persent van die proefpersone nie besware teen die uniform gehad het nie. In die tweede deel van die vraag is die veertien persent wat wel besware gehad het, versoek om dit op skrif te stel. Die gevolg was dat sestien persone kritiek op die uniform uitgespreek het. Die kritiek kan onder twee hoofde saamgevat word.

In die eerste plek het verskeie persone beweer dat die uniform te duur is. Arm ouers kan dit nie bekostig nie en as gevolg hiervan voel hulle minderwaardig. Een proefpersoon het vyf skoolgaande kinders. Om hulle uit te rus, kos baie. Een persoon het gesê dat die beweging ontaard het in 'n rykmansbeweging en snobisme in die hand werk.

Die tweede beswaar het gegaan oor die snit en die materiaal. Die dogters se uniform is vormloos en het 'n slordige voorkoms. Die romp is te nou. Die hoed is totaal ongeskik vir dogters en dames. Dit laat veral laasgenoemdes bespotlik lyk. Dit is één van die redes waarom sommige persone nie aan Voortrekkeraktiwiteite wil deelneem nie. Verder is die kleur van die seunsbroeke onprakties. Verskeie persone het 'n grys broek (groengrys of veldgrys) aanbeveel. Verder is die uniform, ook as gevolg van die kentekens nie wasbaar nie. Twee persone het gekla oor die swak kwaliteit wat gebruik word en een persoon het gesê dat die Voortrekkeruniform 'n blote namaaksel van die Scout-uniform is. Ten slotte is gekla omdat die offisiere nie die regte groottes bestel nie. Hoewel die uniforms dan nie pas nie, word die Voortrekkers tog verplig om dit te neem. In een geval het dit tot pynlike onaangenaamhede gelei as gevolg waarvan die kind die Voortrekkers verlaat het.

Vraag 16

Afdeling B Vraag 16.

Dink u werklik, sonder enige twyfel, dat die Voortrekkerbeweging vir u kinders van waarde was?

- (a) Ja, van groot waarde. (b) Ja, in 'n sekere mate.
(c) Dit was van min waarde. (d) Dit was van geen waarde nie.

.....

Tabel CLXXIV toon 'n ontleding van die antwoord op vraag 16. Hieruit blyk dat 92 persent van die proefpersone van oordeel was dat die Voortrekkerbeweging vir hulle kinders wel van waarde was. Meer as die helfte van die proefpersone het selfs beweer dat dit van „groot waarde was.”

TABEL CLXXIV.

Ontleding van Vraelys VII Afd. B Vraag 16.

Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.					Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.				
		a	b	c	d	Nie			a	b	c	d	Nie
VIITA	15	60	13	13	7	7	VII(i)	38	58	32	5	3	3
VIITB	8	50	50	-	-	-	VII(ii)	17	65	35	-	-	-
VIITC	41	59	39	2	-	-	VII(iii)	18	39	50	11	-	-
VIIV/K	9	33	56	11	-	-	Tot.	73	55	37	5	1	1

In die tweede deel van vraag 16 is die proefpersone versoek om te meld van watter waarde die beweging vir hulle kinders was. En hoewel die antwoorde baie en deur 'n groot verskeidenheid gekenmerk was, is dit tog moontlik om hulle onder 'n paar hoofgedagtes saam te vat.

In die eerste plek het 'n groot persentasie van die proefpersone die gedagte benadruk dat die beweging die sosiale verkeer tussen sy lede bevorder. Sommige het die spangees tussen lede van dieselfde groep en andere die kameraadskap tussen Voortrekkers in die algemeen genoem. Die beweging leer kinders om saam te werk en saam te geniet en om met mekaar saam oor die weg te kom. Dit gee aan hulle die geleentheid om hulle in 'n gesonde groepsverband besig te hou - en dit stel hulle in staat om met goeie kinders in aanraking te kom en om sodoende goeie vriendskappe te sluit. 'n Paar persone het verklaar dat die Voortrekkers die kinders leer om eie belang ter wille van die van die groep op te offer.

'n Tweede gedagte wat ongeveer net so sterk as die eerste benadruk is, is dat die beweging in 'n groot mate medeverantwoordelik is vir die nasiebewuswording van sy lede. Een van die persone wat verskeie klagtes teen die beweging gehad het, het gesê dat, afgesien van al sy tekortkominge, die beweging syns insiens 'n kragtige middel in die hand van die offisiere is om volkstrots by ons leerlinge aan te wakker. Hierdie gedagte is deur talle persone oor en oor benadruk. Verder is die beweging, wat

wat sy lede betref, verantwoordelik vir die inskerping van 'n gesonde vaderlandsliefde en die aankweking van 'n begeerte tot onbaatsugtige nasiediens by ons jeug.

Hierdie diensmotief, nie net ten opsigte van die eie nasie nie maar ook ten opsigte van die medemens in die algemeen, is vervolgens deur 'n sterk groep proefpersone benadruk. Die Voortrekkers word volgens hierdie proefpersone geleer om hulpvaardig te wees, om hulle onselfsugtig in diens van die medemens te stel en om hulle plig ten alle tye ten koste van eiebelang te doen. Verskeie persone het beweer dat die aanwakkering van die pligsbesef één van die waardes is wat die beweging vir hulle kinders gehad het, en een het bygevoeg dat sy kinders by die Voortrekkers geleer het om bedagsaam teenoor andere te wees.

'n Vierde groep proefpersone het sekere voortreflike eienskappe genoem wat deur die Voortrekkerbeweging by sy lede aangekweek word. En die eerste eienskappe wat deur verskeie persone genoem is, is die wat nodig is vir goeie burgerskap en bekwame leierskap. Verder is beweer dat die beweging selfversekerdheid, geloof en selfvertroue ontwikkel. Een persoon het beweer dat sy kinders as gevolg van die goeie werk van die beweging, met groter vrymoedigheid kon optree en self leiding kon neem. Die kinders word ook geleer om selfstandig en met 'n gevoel van verantwoordelikheid op te tree en om eerlik en getrou in hulle werk te wees. Die waardevolle dissiplinêre invloed wat die beweging op sy lede het, is deur 'n groot persentasie proefpersone geloof. Ander eienskappe wat genoem is, is gehoorsaamheid, beleefdheid, netheid, stiptheid, vriendelikheid, mooi maniere, 'n liefde vir die natuur en jammerhartigheid teenoor diere. Een persoon het gesê dat die beweging die kinders leer om onder alle omstandighede te probeer koers hou. Verder is gesprek van die karaktervormende invloed van die beweging.

Daar was ook persone wat op die praktiese waarde van die beweging gewys het, soos dit by die beoefening van Eerstehulp en die voorbereiding van kos tot openbaring kom. Die beweging probeer om sy lede te vrywaar van onbeholpenheid. Die werk wat hulle doen is leersaam en nuttig. In hierdie verband is ook gewys op die praktiese waarde van uitstappies en kampe. 'n Paar persone het getuig dat die beweging hulle kinders geleer het om te sing.

Wat die godsdienssin van die Voortrekkers betref, is min gesê. Een persoon het beweer dat die beweging sorg vir die uitbouing van die C.N.-lewensbeskouing en twee dat dit hulle godsdienstigheid bevorder. Een van hierdie persone het bygevoeg dat dit die kinders leer om nie te „wêrelds" te wees nie. Een persoon het verder gesê dat die beweging onder die regte leiding miskien van meer waarde kon gewees het om die lewensbeginsel

ginsel „my God en my Volk" te bestendig.

'n Klein groepie persone het die waarde van die beweging ten opsigte van vryetydsbesteding genoem en één het melding gemaak van sy ontspanningswaarde. Oor hierdie dinge is egter heel weinig gesê.

Afdeling B Vraag 17.

As dit van waarde was, is daar nie ander organisasies wat tog maar dieselfde waarde vir hulle sou kon gehad het nie?

- (a) Ja, daar is. (b) Ek dink daar is. (c) Ek glo nie daar is nie. (d) Daar is beslis nie.

.....

Tabel CLXXV toon 'n ontleding van die antwoorde op vraag 17. Uit die tabel blyk dit dat 21 persent van die proefpersone oortuig was dat daar geen ander organisasie bestaan wat dieselfde waarde vir die kind kan hê as die Voortrekkerbeweging nie, terwyl tien persent van hulle oortuig was dat daar wel sodanige organisasies bestaan. Die persone wat nie geglo het dat daar sodanige organisasies bestaan nie en die wat beweer het dat hulle beslis nie bestaan nie, was saam ongeveer tweederdes van die proefpersone.

TABEL CLXXV

Ontleding van Vraelys VII Afd. B Vraag 17.

Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.					Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.				
		a	b	c	d	Nie			a	b	c	d	Nie
VIITA	15	13	7	40	13	27	VII(1)	38	8	11	47	18	16
VIITB	8	13	25	50	13	-	VII(ii)	17	12	29	29	29	-
VIITC	41	5	20	41	29	5	VII(iii)	18	11	11	56	17	6
VIIV/K	9	22	-	67	-	11	Tot.	73	10	15	45	21	10

In die tweede deel van die vraag is die proefpersone versoek om die organisasies te noem wat dieselfde waarde as die Voortrekkerbeweging kan hê. In antwoord hierop het vier persone die C.S.V. en vier persone die K.J.V. genoem, terwyl drie die Kerkjeugvereniging genoem het. Een het bygevoeg : omdat die Kerkjeugvereniging onder 'n streng Christelike bestuur staan. Verder het 'n paar persone die Scout-beweging genoem. Een van hierdie persone het gemeld dat sy huistaal Engels is. Een van die ander twee persone het gesê dat enige ander organisasie dieselfde waarde kan hê, selfs ook die Scout-beweging, omdat die volksideaal van die Voortrekkers heeltemal vervaag het. Twee persone het verder die Landsdiens genoem. Een van hulle het gesê: mits lg. in samewerking met die Voortrekkers kan bestaan. Ander organisasies wat genoem is, is die Jeugbond, Jeugklubs, Kinderkrans, Junior Noodhulpliga, Debatsvereniging, Volkspeler en

en Sportklubs.

Afdeling B Vraag 18.

Het u ander besware teen die Voortrekkerbeweging, besware wat dusver nog nie genoem is nie?

(a) Ja, baie. (b) Ja. (c) Nie eintlik nie. (c) Nee, hoegenaamd nie.

.....

Tabel CLXXVI toon 'n ontleding van die antwoorde op bogenoemde vraag. Uit die tabel blyk dit dat die meeste proefpersone nie ander besware gehad het nie.

TABEL CLXXVI.

Ontleding van Vraelys VII Afd. B Vraag 18.

Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.					Kode	Tot. aant. ppe.	Ant. as 'n % van tot.				
		a	b	c	d	Nie			a	b	c	d	Nie
VIITA	15	-	20	20	53	7	VII(1)	38	-	8	21	68	3
VIITB	8	-	13	25	63	-	VII(ii)	17	-	24	6	65	6
VIITC	41	-	15	17	66	2	VII(iii)	18	-	22	28	45	6
VIIV/K	9	-	11	22	67	-	Tot.	73	-	15	19	63	3

Die persone wat wel nog besware gehad het, is gevra om die besware te noem. In antwoord hierop het een persoon gesê dat die naam „Voortrekkers" g'n werklike weergawe is van dit waarvoor die beweging staan nie. 'n Ander persoon het beswaar gemaak teen die Roomse en onbybelse gebruik om die hoofleier van die beweging as „vader" aan te spreek. Verder is gesê dat die beweging in die laaste tyd so besig is met „organisasie" dat die kind begin skade ly. Aan die ander kant is beweer dat die weeklikse byeenkomste nie goed georganiseer word nie en uitstappies nie vooraf helder en duidelik bespreek word nie. Die ouer verkeer dikwels in die duister wat dit betref. Die gebrek aan belangstelling, geesdrif en dissipline is verder genoem. 'n Hele aantal persone het weer die ou besware teen die offisiere en die leiding wat deur hulle geneem word, geopper. Een persoon het gesê dat die beweging baie kan bydra tot die bevordering van 'n beter verstandhouding met ander rassegroepe en tot 'n gesonde benadering van die allerbelangrikste kwessie van menslike verhoudings in die rassevraagstuk. Die beweging doen dit egter nie. 'n Persoon wat tot dusver reeds op verskillende leemtes in die Voortrekkerbeweging gewys het, het nou gesê dat hy geen ander besware het nie. Hy voel net oneindig jammer vir die beweging.

Vraelys VII Afdeling B Vraag 19.

Wat is nou samevattend u oordeel oor die Voortrekkerbeweging?

.....Sestig.....

Sestig persent van die persone wat op vraag 19 gereageer het, het sonder voorbehoud verklaar dat die Voortrekkerbeweging 'n goeie en gesonde Afrikaanse jeugbeweging is wat 'n heilsame invloed op die kind uitoefen. Dit bring sy lede op 'n gesonde vlak byeen en verstewig die Afrikaner-kyk op die lewe. Die Boerekind moet hieraan deel hê, sodat hy hom in sy groepverband kan uitlewe en aldus as lid van sy bepaalde groep gevorm kan word. Volgens één van die proefpersone is dit 'n uitstekende beweging waar leierskap, nasietrots, vriendelikheid, hulpvaardigheid en selfdisipline aangekweek word en waar degenererende elemente onder die jeug uitgeskakel word. 'n Afgetrede hoofinspekteur van onderwys skrywe : „Ek kan die beweging met die grootste vrymoedigheid by enige ouer aanbeveel. Dit leer die kind naastediens, volksdiens en diens aan God. Die dissipline wat uitgaan van die beweging is vandag kostelik vir ons jeug. 'n Gesonde, gesellige en Boeregees kenmerk die beweging. Vir my verleen dit beslis aan die kind status indien hy aan die beweging behoort." Cok talle ander persone het melding gemaak van die voortreflike eienskappe wat deur die beweging ontwikkel word. As gevolg hiervan het 'n skoolhoof gesê dat hy dit sou betreur as die beweging ooit aan sy skool moes doodloop. Hy sou egter meer positiewe opdragte van die Voortrekkerhoofkantoor in verband met deelname aan kultuuraangeleenthede verwelkom.

Die verwysing van bogenoemde proefpersone na die Christelike grondslag van die beweging was skraal. Een persoon het in die beweging „'n bevordenaar van ons volk se Christelike grondslag" gesien en 'n paar ander persone het hul terloops na die godsdienstige invloed van die beweging verwys. Verdere uitsprake was daar nie in hierdie verband nie. Wat die beweging as gesonde ontspanningsmiddel betref, was die uitsprake net so gering. 'n Paar persone het beweer dat die beweging geleentheid bied vir nuttige vryetydsbesteding en één het gesê dat die kind hom in die beweging kan uitlewe, veral deur middel van kampuurkonserste. Maar verder het niemand, geoordeel volgens hulle uitsprake, in die beweging 'n gesonde ontspanningsmiddel gesien nie.

Behalwe die bogenoemde sestig persent het ongeveer een-derde van die proefpersone beweer dat die Voortrekkerbeweging, wat sy grondmotiewe en sy doelstellinge betref, 'n skitterende beweging is, maar dat dit mank gaan aan jammerlike gebreke, veral wat die Voortrekkerleiding betref. In hierdie verband meld 'n universiteitsprofessor van die pynlike toestand waarin die plaaslike Voortrekkerkommando verkeer ten spyte van herhaalde pogings deur hom aangewend om sake te verbeter. Alles moet toegeskrywe word aan die „papheid" van die skoolhoof. Verder skrywe 'n onderwyser dat die Voortrekkerbeweging 'n uiters heilsame beweging kan wees en dat dit vir ons volk veel sou kon beteken maar dat dit ongelukkig aan veels te veel skole deur traak-my-nie-agtige

en

en doellose leiding van alle krag beroof word. Op hierdie gebrek, waardeur die beweging vir die uitvoering van sy taak heeltemal lam gelaan is, is gedurig maar weer gesinspeel. Teen die beweging as sodanig en veral teen sy doelstellinge was daar geen besware nie. Die fout lê volgens die proefpersone by die plaaslike leiers wat deur hulle eie gebrek aan belangstelling en belangeloosheid ook die belangstelling by die kind sowel as by die publiek uitdoof. As in gedagte gehou word dat enkele persone ongeveer 'n folioblad in antwoord op hierdie vraag geskrywe het, dan sal besef word dat dit nie moontlik is om alles weer te gee wat deur proefpersone in hierdie verband gesê is nie. Dit sal egter miskien tog insiggewend wees om, al is dit maar net gedeeltes van die uitsprake van sommige proefpersone aan te haal.

So skrywe 'n onderwyser wat toentertyd 'n Voortrekkerkommandant was : „Die Voortrekkerbeweging is die enigste jeugbeweging vir die Afrikaanse kind. Daar haper egter veel aan die beweging en dit moet reggemaak word. Ek dink dat daar by die offisiere begin moet word. Daar behoort by alle opleidingskolleges 'n verpligte kursus vir Voortrekkeroffisiere ingestel te word. Dit is moeilik vir 'n persoon om belangstelling te hê vir 'n saak waarvan hy g'n kennis het nie." 'n Skoolhoof skrywe in hierdie verband : „Op die platteland voer die Voortrekkerbeweging 'n sukkelbestaan omdat daar nie genoeg entoesiastiese leiers met voldoende kennis van die beweging gevind kan word om die kinders te inspireer nie." 'n Ander hoof skrywe : „Dis 'n onmisbare beweging vir ons kinders wat onvergelyklike diens lewer. Hoe jammer dat offisiere dikwels nie van die regte kaliber is nie!" 'n Medikus: „'n Goeie beweging, maar so goed as wat die plaaslike offisiere dit maak. En daar lê die hele knoop!" 'n Dosent aan 'n universiteit: „In die algemeen is dit 'n uitstekende jeugbeweging met loflike ideale. Maar die toepassing van hierdie mooi idees hang van die offisiere af. En laasgenoemde is so 'n onvoorspelbare entiteit. Waar geesdrif is, spontane vreugdevolle geesdrif wat homself deur eie skeppende aktiwiteite voortdurend laai', daar sal die Voortrekkerbeweging altyd 'n krag en 'n besieling in ons volkslewe bly. Waar dit nie aanwesig is nie, kan ons maar huis toe gaan en vir televisie gaan sit en wag." 'n Dosent aan 'n Onderwyserskollege: „'n Beweging wat ten alle koste behoue behoort te bly vir die Afrikanerkind. Dit verdien meer aandag en aanmoediging van alle opvoeders (ouers, onderwysers en geestelike en politieke leiers). Ons het veel daardeur bereik. Dit het sluimerende potensialiteite by menigeen na vore gebring waardeur ons volk en kerk gebaat het." 'n Boer: „Ons beskeie sienswyse is dat die Voortrekkerbeweging lieflik kan help om al bogenoemde eienskappe by ons kinders te ontwikkel mits die leiding in die regte hande is. Dit lyk egter of bekwame onderwysers hiervoor baie skaars is." En dan nog 'n laaste opmerking.....

king van 'n onderwyser: „Die bedoeling is mooi maar dié vrug is skraal. Die grootste deel van die inspirasie moes liefers van jong grootmense - nie van onderwysers nie - kom.”

Van die persone wat die doelstellinge van die beweging onderskryf het maar wat beweer het dat die beweging nie sy doel bereik nie, was daar 'n paar wat ander oorsake vir die sogenaamde mislukking aangegee het. So beweer 'n huisvrou dat die werk meer prakties interessant gemaak moet word. Daar moet meer uitstappies vir die kinders gereël word. In verband met die uitstappies of uitkamp beweer 'n ander persoon dat sy kinders vertroue verloor het omdat daar altyd net beloftes gemaak is maar die beloftes nooit uitgevoer is nie. 'n Onderwyser skrywe dat die aktiwiteite miskien so omvorm moet word dat dit beter kan aanpas by die veranderde leefwyse van die moderne jeug. Verder skrywe 'n predikant dat die Voortrekkers tot 'n mooi beweging uitgebou kan word, maar dan sal die kind eers moet leer om tot die grond terug te keer. „Hy moet 'n praktiese sin ontwikkel - oop oë en 'n ruim hart hê. En dit is daar nog nie.” 'n Moeder skrywe dat die nodige samewerking tussen die ouers en die offisiere dikwels ontbreek. Dit benadeel die beweging. Twee persone het verder beweer dat die beweging meer behoort te doen om die samewerking van die Engelse deel van die bevolking te verkry. 'n Polisie-agent het gevind dat die beweging te los en plaaslik van aard is en dat dit nie 'n vaste geheel oor die hele land vorm nie. Dit het 'n goeie doel maar dit bereik nie daardie doel nie. Hoewel dit probeer om gesonde ontspanning aan die jeug te bied, toon die kinders soms 'n afkeur in die beweging. Verder is gekla oor die baie uitputtende parades wat vir die kinders meer van 'n pynlike marteling as van 'n aangename genieting is. Die beweging is ook te veel aan die skool gebonde en bied te min wat „anders” is. Ander persone het gesê dat die beweging miskien nog slaag wat die kleinere kinders betref maar vir die grotere kinders en veral vir die aan die middelbare skool bied dit nie veel nie. En ten slotte het 'n beroepsielkundige, wat 'n lid van een of ander Voortrekkerdistriksbestuur was, gewys op 'n vir hom wesenlike gevaar, veral betreffende kerklike en politieke verband. Hy skrywe: „'n Mens kry dikwels in Voortrekkerkringe die indruk dat dit as vanselfsprekend beskou word dat almal teenwoordig lede van die Nasionale Party is. Indien daar teen hierdie soort gevaar gewaak en opgetree word, sal dit 'n uitstekende beweging wees.”

Ten slotte was daar drie persone wat 'n nouer samewerking tussen verskillende rassegroepe deur middel van die Voortrekkerbeweging wou verkry. Die eerste persoon, 'n skoolhoof, skrywe dat die beweging meer behoort te doen om die samewerking met die Engelse gedeelte van die bevolking te bevorder. Hy beweer verder dat dieselfde natuurlik ook vir die Scout-beweging geld, wat

wat weer 'n nouer samewerking met die Afrikaanse bevolkingsdeel behoort te soek. Hy onderskryf die ideale van die beweging en glo dat dit met die regte leiers verwesenlik kan word.

Die tweede persoon, 'n hoofklerk aan die Suid-Afrikaanse Spoorweë, is dieselfde siening toegedaan. Hy skrywe as volg: „Die beweging voldoen nie aan die vereistes wat Suid-Afrika aan 'n jeugbeweging stel nie. Ons bepleit samewerking tussen die blanke rassegroepe op alle gebiede. Laat ons dan by die jeug begin en 'n organisasie stig wat Afrikaners en Engelse van jongs af laat integreer. Oom het met Geloftedag 1957 by die Voortrekkermonument gekwoteer: „Kom lê jou hand in myne, vriend, dan word ons voetstap een.' Doen ons dit nie, dan beswaar ons die toekoms met groter komplikasies as wat hy reeds inhou. Ons Engelse medeburgers is m.i. ryp vir ontwikkeling tot volle Suid-Afrikaanse burgerskap, soos dit graag sou wou sien. Laat ons hulle help. Hierin kan 'n nuwe beweging vir die jeug 'n on-eindige en onskatbare rol speel.”

Die derde persoon, 'n Evangeliedienaar van een van ons Afrikaanse kerke, wat, geoordeel volgens die wyse waarop hy die vraelys beantwoord het, veel belang in die Voortrekkerbeweging gestel het, was selfs meer radikaal in sy beskouinge as die vorige twee persone. Aangesien sy idees moeilik beter weergegee kan word as in sy eie woorde, laat ons homself spreek:

„Daar moet 'n fundamentele heroriëntering tot ons lewensdoel, ons grondmotief en ons arbeidsmetodiek in Suid-Afrika kom. Ons taak moet herinterpreteer word by die lig van Gods Woord en op grond van die feite tot ons beskikking. Voordat daar nie helderheid is oor die rol wat die verskillende bevolkingsgroepe in ons land moet speel in die toekomspatroon van die volk nie, voordat die ideale wat ons nastreef nie eerlik en fundamenteel, moreel en geestelik verantwoord is nie; voordat daar nie finaal en beslis onderskei sal word tussen die sogenaamde „blanke” - beskawing en die Christendom nie; en voordat die volgehoue vreespropaganda insake rassepolitiek nie as 'n boosheid verwerp word nie, sal die Voortrekkerbeweging „koersloos” ronddobber op die oseaan van verydeling. Wat is tog die doel daarvan om die jeug op te voed vir 'n bloedbad', sê baie mense wat hulle koers verloor het. As die Voortrekkerbeweging mense kon bymekaarbring wat bymekaar hoort, sal hy 'n ideaal kan nastrewe. Mense durf net bymekaar gebring te word rondom Gods Woord. Daar is meer mense wat hulle rondom Gods Woord skaar as Afrikaners. As die Voortrekkers 'n deurbraak kan bewerkstellig tot enersdenkendes onder ander bevolkingsgroepe, sal hy beslis 'n roemryke doel dien.”

Dan vervolg die persoon nadat hy sy vermoede uitgespreek het dat sy idees as „progressief” beskou sal word: „Ek glo met my hele hart dat die groot stryd wat voor lê nie die tussen apartheid en integrasie is nie, maar wel tussen die gelowige

wige Christendom en die ongeloof. Daar is slegs rigting en doel, suiwere motivering en korrekte optrede te verwag van diegene wat sy oog gerig hou op God en die Evangelie en wat gewillig is om die prys te betaal vir hulle geloof."

Tot dusver het hierdie persoon nog nie vraag 19 beantwoord nie. Dit was sy idees wat hy op 'n los vel weergegee het. En dan, nadat hy onder vraag 18 gesê het dat hy oneindig jammer vir die beweging voel, vervolg hy onder vraag 19:

"Ek beskou die Voortrekkerbeweging as 'n organisasie wat half lusteloos en koersloos voortbestaan, nadat dit so 'n luisterryke bydrae gelewer het tot die voortbrenging van leiers vir die Afrikanersaak. Die Afrikaners beskik nou oor die magposisie in staat en skool en die ekonomiese wêreld word verrassend vinnig beset. Daarteenoor ondervind ons 'n geweldige ontkerstening van die gemeenskap en 'n verbysterende vordering van 'n materialistiese lewensuitkyk. Die Voortrekkerbeweging sal slegs kan voortbestaan en 'n nuttige doel dien as hy die aanpassing kan maak wat die nuwe opset in ons land vereis. So 'n aanpassing sal uit die aard van die saak fundamenteel moet wees."

D. SLOTOPMERKINGS OOR HOOFSTUK IV.

Ons het nou gekom tot aan die einde van die ontleding van die antwoorde op die vrae wat in die vraelyste aan die proefpersone gestel is. Hierdie ontleding was 'n geweldige taak. En as daar nou verder 'n volledige en skematiese opsomming en indeling van hierdie antwoorde moet volg, sal die huidige werk tot buite redelike perke verleng moet word. So 'n samevattende indeling sal dus nie gegee word nie.

Daar was egter wel sekere deurlopende gedagtes wat deur al die stelle antwoorde heen gevolg kon word. Op hierdie gedagtes sal die aandag nou telkens in die volgende hoofstuk gevestig word. As gevolg van die lengte van die proefskrif sal daar egter nie elke keer na al die plekke waar die gedagtes uitgespreek is verwys word nie. Dieselfde gedagte is soms so dikwels herhaal dat dit byna 'n onbegonne taak sou wees om telkens na die genoemde uitsprake te verwys. Met die inhoud van Hoofstuk IV nog vars in die geheue behoort dit vir die leser egter moontlik te wees om die geldigheid van die bewerings wat in Hoofstuk V gemaak word te kontroleer, veral waar daar telkens na die vrae verwys word wat in verband staan met die gedagtes wat uitgespreek is.

HOOFSTUK V.

BEOORDELING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS.

1. Inleiding.

In hierdie hoofstuk word daar nou oorgegaan tot die beoordeling van die Voortrekkerbeweging veral wat sy taak- , vervulling betref. Met die oog hierop word die vraag in verband met die bestaansreg van die genoemde beweging eers beantwoord. 'n Beweging het tog immers geen taak as dit geen reg van bestaan het nie. En omgekeerd word sy reg van bestaan weer deur sy taak bepaal. Die vrae ten opsigte van die bestaansreg en die taak van 'n beweging staan dus in die nouste verband met mekaar. Daarom word die vraag of die Voortrekkerbeweging 'n bestaansreg het in paragraaf 2 hieronder beantwoord.

Die antwoord op hierdie vraag lei tot sekere voorwaardes waaraan die beweging sal moet voldoen as dit sy bestaan wil regverdig en as dit sy taak doeltreffend wil uitvoer. Hierdie voorwaardes staan in die nouste verband met die norme waarvolgens die beweging beoordeel moet word en waarvan op pag. 58 reeds melding gemaak is. Die metode van beoordeling kon egter eers vasgestel word nadat die ondersoek afgehandel was .

Uit die aard van die saak moet die soeklig van beoordeling ook op die konstitusie van die Voortrekkerbeweging val. 'n Konstitusie behoort die beliggaming van alles te wees waarvoor die beweging staan en dit behoort die taak van die beweging in duidelike lyne te skilder. Daarom word besonderhede van die konstitusie telkens in paragrafe 3 tot 6 gegee, met die doel om dit dan aan die gegewe norme te toets.

In die daaropvolgende paragrafe word die resultate die waarde, die gebreke en die probleme van die beweging prinsipiëel beoordeel. Hierin word daar telkens na die uitsprake van die proefpersone verwys en gevolgtrekkings word daaruit gemaak. Dit moet egter in gedagte genou word dat hierdie uitsprake alleen die opinies van die proefpersone weergee. Die toestand soos deur die proefpersone vermeld, word dan elke keer prinsipiëel beoordeel en aanbevelings word gemaak. In die laaste drie paragrafe volg 'n paar algemene aanbevelings.

2. Die bestaansreg van die Voortrekkerbeweging.

a) Volgens die uitsprake van gesaghebbende opvoedkundiges.

Na aanleiding van die voorheen reeds genoemde uitsprake van erkende outoriteite op opvoedkundige gebied moet die bestaansreg van die jeugbeweging oor die algemeen en m.i. hier by ons ook van die Voortrekkerbeweging nie in die veranderlike/.....

anderlike lewensomstandighede of in negatiewe faktore soos ongesonde toestande in die gesinslewe of demoraliserende toestande in die stede gesoek word nie. Dr. Knoppers benadruk dan ook die feit dat die reg en die taak van die jeugbeweging bepaal word deur die wese en die karakter van die jeug self en deur die taak waartoe die mens hier op die aarde geroepe is.⁽¹⁾ Selfs in die geval van 'n ideale huisgesin en onder ideale lewensomstandighede sal die jeugbeweging nog sy bestaansreg hê en sal dit nog 'n absoluut noodsaaklike opvoedingsmiddel wees.⁽²⁾

En tog het die huidige ondersoek getoon dat die genoemde negatiewe faktore werklik 'n belangrike rol in die totstandkoming van die Engelse en veral die Duitse jeugbewegings gespeel het. In Suid-Afrika waar hierdie invloede nie gevoel is nie, het die Voortrekkerbeweging aanvanklik geen lewenskrag getoon nie. Hoewel die bestaansreg van die Voortrekkerbeweging nie in veranderlike en ongesonde lewensomstandighede gesoek moet word nie maar in die deur God bepaalde wese en bestemming van die jeug, mag die lewensomstandighede dus nie te gering geag word nie. Dit is juis die ingewikkelde struktuur van die hedendaagse sosiale verbindings wat die noodsaaklikheid van jeugbeweging so prominent op die voorgrond gebring het. Dr. Knoppers wys dan ook tereg daarop dat die genoemde negatiewe faktore wel bygedra het tot 'n groter noodsaaklikheid van die jeugbeweging maar dat sy bestaansreg as sodanig geleë is in die wette wat deur God in die mens ingeskaap is.⁽²⁾

(b) Die uitsprake van proefpersone.

In vraag I-VIc/35⁽³⁾ is die bewering gemaak dat die Voortrekkerbeweging geen bestaansreg meer het nie. En hierop het 75 persent van die proefpersone die bewering ontken, terwyl 'n paar gesê het dat dit slegs ten dele waar is. In verskeie groepe het 100 persent van die persone wat die vraag beantwoord het die bestaansreg van die beweging beklemtoon. Selfs in skole waar die beweging doodgeloop het, was die beskouing dat die beweging wel bestaansreg het.

Daar was egter 'n betreklik groot aantal van hierdie persone wat die bewering nie onvoorwaardelik wou onderskryf nie. Daar is volgens hulle drastiese veranderinge wat aangebring sal moet word as die beweging sy bestaan wil regverdig. Een van die belangrikste is 'n aanpassing of heroriëntering/.....

(1) B. A. Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 59.

(2) B. A. Knoppers : Jeugd en Jeugdbeweging I, 69.

(3) Hiermee word bedoel : Vraelyste I tot VI afdeling C vraag 35. Hierdie metode sal nou deurgaans gevolg word as daar na vrae verwys word.

tering aan die veranderde hedendaagse omstandighede. Die beweging moet ook sy offisiere-probleem onmiddellik aanpak en aandag gee aan sy doelstelling. Die ander „voorwaardes" was van minder ernstige aard.

In vraag I-VIc/34 is gevra of daar ook ander organisasies is wat in dieselfde behoeftes kan voorsien. Hierop het die meeste persone ontkennend geantwoord. Daar was egter wel 'n aantal persone wat „organisasies" soos skoolsport, volkspele ens. genoem het. Hierdie antwoorde het blykbaar op 'n misverstand berus soos onder die behandeling van vraag 34 reeds verduidelik is. In vraag VA/10 word aan predikante gevra of een of ander godsdienstige vereniging nie vir die jeug dieselfde waarde as die Voortrekkerbeweging kan hê nie. Die antwoord van die meerderheid was 'n besliste „nee".

In antwoord op vraag VIIB/17 waar aan ouers van Voortrekkers gevra is of daar nie ander organisasies bestaan wat dieselfde waarde as die Voortrekkerbeweging vir die kind kan hê nie, het 66 persent die mening uitgespreek dat dit nie die geval is nie. In die tweede deel van die vraag het 'n aantal persone organisasies genoem wat dieselfde waarde vir die kind kan hê. Skrywer het in 'n vorige ondersoek egter reeds aangetoon dat hierdie organisasies nie in die plek van die Voortrekkerbeweging gestel kan word nie.⁽¹⁾ Die antwoorde in hierdie verband toon die verwronge beeld wat by sommige persone bestaan in verband met die doel van die Voortrekkerbeweging.

(c) Prinsipiële standpunt.

Die vraag in verband met die bestaansreg van die Voortrekkerbeweging moet, soos meermale vanuit prinsipiële standpunt reeds verduidelik, teruggevoer word tot die fundamentele vraag in verband met die bestaan van behoeftes waarin miskien net die Voortrekkerbeweging op die oomblik sal kan voorsien. En nou is herhaaldelik reeds aangetoon dat al die behoeftes waarin die Voortrekkerbeweging moet voorsien, tot die volgende herlei kan word : die behoefte aan inskerping van die verantwoordelikeids- en pligsgevoel by die jeug, die behoefte aan 'n nasionale bewusmaking van die jeug en die behoefte aan geleenthede waardeur die jeug in staat gestel sal word om hom uit te lewe, almal natuurlik gesubordineer aan die eise van die wet van God. As die Voortrekkerbeweging dit sy taak maak om in hierdie behoeftes te voorsien, dan doen dit 'n werk wat nouliks deur enige ander bestaande organisasie vandag gedoen kan word. Dan eers sal sy bestaansreg deur niemand ontken kan word nie.

(d) Die norme/.....

(1) du Plessis : Die taak van die Voortrekkerbeweging in Suid-Afrika, 182 - 186.

(d) Die norme waarvolgens geoordeel sal word.

Na aanleiding van die prinsipiële standpunt soos hierbo uiteengesit en soos op pag. 58 van hierdie werk reeds gemeld, is daar vier norme waarvolgens die Voortrekkerbeweging in die uitvoering van sy taak beoordeel sal moet word. In die eerste plek sal vasgestel moet word of die Voortrekkerbeweging as organisasie in al sy uitingsvorme 'n sin vir verantwoordelikheid openbaar en of dit daarin slaag om dieselfde verantwoordelikeheidsgevoel ook aan sy lede oor te dra. In die tweede plek sal gevra moet word in hoe verre die beweging by die Voortrekkers 'n pligsgevoel inskerp en sodoende in sy diensmotief slaag. In die derde plek sal nagegaan moet word in watter mate die beweging bydra tot die nasionale bewuswording van sy lede. En in die vierde plek sal gevra moet word of die beweging genoeg geleenthede bied waarin die jeug hom sal kan uitlew. Natuurlik is dit nie nodig om by te voeg : „volgens die eise van die Skrif" nie want, as dit nie gedoen word nie, sal die beweging tog veroordeel word, omdat dit in stryd met die eerste norm nie die nodige sin vir verantwoordelikheid toon nie.

3. Die grondslae van die beweging.

Volgens die konstitusie van die Voortrekkers word bepaal dat die grondslag Christelik-nasionaal is. Dit verdien nou ons aandag.

(a) Die Christelike grondslag van die beweging.

As die grondslag van die beweging Christelik is, moet as vanselfsprekend aanvaar word dat dit in al sy uitingsvorme 'n sin vir verantwoordelikheid nie net teenoor menslike gesaghebbendes nie, maar veral ook teenoor God sal openbaar. Dan sal dit erken dat die mens 'n deur God geroepe wese is, geroepe om sy wil te doen en sy Naam ten alle tye te verheerlik. Die mens mag dus hetsy as enkeling, hetsy as lid van 'n organisasie, niks doen wat in stryd met die geopenbaarde wil van God is nie. Hy is dus verantwoordelik om in sy werk sowel as in sy ontspanning, sowel in plig as in plesier, rekening te hou met die gebooie van God en in kinderlike gehoorsaamheid alles te vermy wat hiermee in stryd mag wees. Alleen as dit die grondtoon van alle Voortrekkeraktiwiteite is, sal die bewering dat die grondslag van die beweging Christelik is, enige sin en betekenis kan hê.

In vraag I-VIB/8 asook in vraag VA/11 is gevra of die Voortrekkerbeweging voldoen aan die eise wat 'n gelowige aan so 'n beweging vir die opvoeding van sy kind sou stel. Uit die antwoorde het dit geblyk dat die oorgrote meerderheid proefpersone die bewering onderstreep dat die beweging wel daaraan voldoen/.....

doen. Slegs een persoon uit meer as 800 het gesê dat dit hoegenaamd nie daaraan voldoen nie.

Ten spyte van hierdie gunstige uitsprake was daar, soos by die behandeling van die vrae reeds gemeld is, tog godsdienstige besware van meer of minder ernstige aard. So het talle persone uit al die groepe op een of ander wyse te kenne gegee dat sommige offisiere nie 'n „gelowige" gesindheid openbaar nie. Van verskeie kante is ook melding gemaak van Sondagsontheiliging as gevolg van naweekkampe. Verder toon die antwoorde op vraag VA/7 dat 13 persent van die predikante bewus is van gevalle waar die beweging hom hieraan skuldig gemaak het. Daar is ook telkens gehoor van die vervlakking wat daar in die laaste tyd by die beweging ingetree het, waardeur die godsdiens in baie gevalle nog net 'n uiterlike vorm sonder wesenlike inhoud geword het. Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, wat die enigste grondslag van die toekomstige Afrikaanse volk mag wees, word ook nie genoeg by die Voortrekkers ingeskerp nie. Ander besware van miskien minder ernstige aard, asook dié wat minder dikwels voorgekom het, kan hier nie verder herhaal word nie, omdat die tyd dit nie toelaat nie. Dit kan nagelees word waar die bogenoemde vrae in die vorige hoofstuk volledig behandel is.

Ten spyte van laasgenoemde besware, wat soms wel van ernstige aard was maar wat klaarblyklik 'n meer plaaslike karakter gedra het, moet daar tot die gevolgtrekking geraak word dat die Voortrekkerbeweging in die algemeen gesproke en volgens die oortuiging van die meeste proefpersone, in 'n groot mate getrou gebly het aan sy Christelike karakter en in dieselfde mate nog op 'n stewige Christelike grondslag staan. In hoe verre die gees van vervlakking 'n algemene vat op die beweging gekry het, soos telkens beweer is, kan uit die gegewens moeilik vasgestel word. Dit is egter wel duidelik dat daar hierbenewens, soos hierbo vermeld, ook plaaslike afwykings van meer ernstige aard voorgekom het. Die beweging sal dus die nodige maatreëls moet tref om 'n skending van sy Christelike grondslag in die toekoms te voorkom.

(b) Die nasionale grondslag van die Voortrekkerbeweging.

In die tweede plek is die Voortrekkerbeweging 'n nasionale beweging. Dit beteken dat die beweging 'n volkseie karakter sal dra, dat dit alles wat volkseie is van harte lief sal hê, dit sal beskerm en sal bevorder in ooreenstemming met sy Christelike aard, en dat dit sal poog om 'n selfopofferende liefde vir die volkseie by die jeug van die volk/.....

die volk aan te wakker. Dit is nodig om hier by te voeg : „in ooreenstemming met sy Christelike aard“. As dit uit die gedagte verloor word, kan nasionalisme ontaard tot 'n soort nasionaal-sosialisme waarin die nasionale volkseie vergoddelik word en die beweging hom skuldig maak aan 'n gruwelike afgodery. In hierdie daeraad van 'n nuwe Suid-Afrikaanse Republiek waarin die Afrikaanse volk hom op hierdie oomblik bevind en waarin daar seker groot hoogtepunte in ons volkslewe verwag kan word, is die genoemde gevaar sekerlik nie denkbeeldig nie. Die volkseie mag gehuldig word, maar dan alleen in dankbare erkentelikheid teenoor Hom wat dit alles aan die volk geskenk het. As die Voortrekkerbeweging sy taak in hierdie lig sien, en sy lede dan bewus maak van hulle pligte veral ook teenoor die Afrikaanse volk waarvan elkeen van hulle 'n integrerende deel vorm, dan het dit volendoen aan die eise wat deur die tweede norm daaraan gestel word nl. die inskerping van die pligsgevoel ook teenoor die volk waaraan hulle behoort en dan eers kan dit 'n nasionale beweging genoem word.

In vraag I-IIA/11 is aan skoolhoofde en onderwysers gevra of die beweging sy kultuurhistoriese bande met die volksverlede suiwer bewaar het. Hoewel die meeste persone bevestigend geantwoord het, het die opmerkings getoon dat die vraag nie altyd reg verstaan is nie. Die besware wat geopper is het dan ook dikwels geen verband met die vraag gehad nie.

Aan die ander kant is daar wel bewerings gemaak wat ons ernstige aandag hier verdien. So is daar telkens verwys na 'n volksvreemde organisasie wat 'n baie groot invloed op die Voortrekkerbeweging gehad het, en dit seker nie altyd ten goede nie. Verder is beweer dat die bande met die volksverlede verswak word as gevolg van 'n gebrek aan kennis by offisiere sowel as by kinders en as gevolg van die afwesigheid van „aktiewe vorme“ in die beweging waardeur die verband met die volksverlede verstewig kan word. Dan is die moderne omstandighede en die gees van die moderne tyd, waardeur die volksideaal van die Afrikanernasie in 'n groot mate vervaag het, ook soms verantwoordelik gehou vir hierdie betreurenswaardige toestand waarin die beweging volgens sommige persone verkeer. Daar was egter ook persone wat doelbewus wou losbreek van die verlede omdat hulle bedenkinge gekoester het, sommige aan die wyse waarop daar aan die volksverlede vasgekleef word, en andere teen die blote feit dat daar aan die volksverlede vasgekleef word.

Die gedagte dat die Voortrekkerbeweging 'n nasionale karakter dra en op 'n nasionale grondslag rus, kan nie op grond/.....

grond van werklike feite verwerp word nie. Die hele geskiedenis van die beweging asook die nasionale inslag daarvan getuig van die waarheid van hierdie bewering. Ook het die huidige ondersoek oor en oor bewys dat die nasionale bewusmaking van sy lede oor die algemeen beskou word as één van die grootste waardes van die Voortrekkerbeweging. En tog, ten spyte van hierdie onbetwisbare feite, is daar ernstige leemtes waarvoor die oë nie gesluit mag word nie.

In die eerste plek is daar die beswaar dat die beweging, altans wat sy uiterlike vorm betref, nie uit die Afrikaanse volk gebore is nie. Dit is grotendeels 'n namaaksel van 'n jeugbeweging met uitheemse oorsprong wat met sy liberalistiese idees vreemd is aan die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikanernasie. Dit is maar net nodig om die konstitusies van die twee jeugbewegings te vergelyk om 'n mens van die waarheid van die bewering in verband met die ooreenkoms tussen die twee te oortuig.⁽¹⁾ En waar ons nou miskien aan die vooraand van groot dinge in ons Afrikaanse volkslewe staan, gepaard met 'n nasionale bewuswording wat tot dusver ongekennd was in ons geskiedenis, is die tyd op hierdie oomblik meer as ryp vir die hervorming van die Voortrekkerbeweging op 'n suiwer Afrikaans-nasionale grondslag sodat dit, ook wat sy uiterlike vorm betref, die Calvinistiese volksaard van die Afrikanernasie sal vertoon.

In die tweede plek is beweer dat daar nie genoeg sodanige kennis en geen aktiewe vorme bestaan waardeur die band met die volksverlede verstewig kan word nie. In die nuut-georiënteerde beweging sal daar dus stappe gedoen moet word om te verseker dat die genoemde besware, indien hulle bestaan, uit die weg geruim word. Geen jeugbeweging kan tog in der waarheid 'n nasionale beweging genoem word as dit sy bande met die volksverlede verbroek het nie. Verder mag die bereiking van 'n volksideaal nie daartoe lei dat die volksgevoel vervaag nie. As die beweging werklik op nasionale grondslag staan, sal dit nou juis middele tot sy beskikking stel om die jeug bewus te maak van die nuwe verpligtinge wat die nuwe bedeling op die Afrikaanse volk en dus ook op die jeug van die volk gelê het.

(c) Die Voortrekkerbeweging as volksbeweging.

Hoewel dit nie in die konstitusie met soveel woorde gemeld word nie, is daar tog telkens uitsprake wat daarop wys dat die Voortrekkers hulle self beskou as die Afrikaanse volksbeweging.⁽²⁾ Hierdie bewering moet nou nader ondersoek word.

(1) 'n Vergelyking van die doelstelling, die wat en die belofte van die twee bewegings volg in paragraaf 3 tot 6.

(2) Vgl. „Uit die eerste jare" in „Hou Koers", 1939-3 ; „Die Voortrekkers en die skool" in „Hou Koers", 1948-3 en „Die lieflingsbeweging van ons volk" in „Hou Koers", 1946-1.

As die Voortrekkerbeweging werklik die volksbeweging van die Boerejeug wil wees, dan moet dit, in die lig van wat hierbo reeds gesê is, nie alleen sy beginsels en die handhawing daarvan as 'n onverbiddelike eis streng in ooreenstemming met die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaanse volk bring nie, maar dan sal dit verder ook alle geoorloofde middele in die werk moet stel om die jeug van ons volk in die beweging te verenig. In ons tyd van verontagsaming van geestelike waardes is dit 'n moeilike taak. Die on-Christelike en onnasionale invloede is so groot. Dit sou dus beteken dat die Voortrekkerbeweging, op die oomblik miskien net 'n gesonde kern in ons volkslewe sal vorm. Maar die beweging sal dit sy taak moet maak om vanuit die gesonde kern uit te bou totdat die grotere volksmassas uiteindelik deur die beweging omsluit word. Dit wat nou die wette van die Voortrekkerbeweging is, sal uiteindelik die wette van die jeug van die Afrikaanse volk moet word. Dit is voorwaar 'n grootse taak. Maar om dit te bereik, sal die beweging enersyds eng genoeg moet wees om alle elemente wat met die Christelik-nasionale karakter van die Afrikanerdom bots, uit te sluit en andersyds sal dit breed genoeg moet wees om die breë massas van die Afrikaanse jeug wat gewillig is om hulle aan die Christelik-nasionale beginsels te onderwerp daarin te betrek. Dit moet dus verspreid genoeg wees om alle ware Boereseuns en-dogters die geleentheid te gee om aan hierdie beweging te behoort en dit moet pogings in die werk stel om alle hindernisse uit die weg te ruim wat sulke seuns en dogters belet om daarby aan te sluit. Die taak van die Voortrekkerbeweging is 'n groot en 'n moeilike taak. Maar, alleen as hy hom hiervoor beywer, kan hy met reg 'n volksbeweging genoem word.

In vraag I A/(1-3) is aan hoofde van skole gevra of daar 'n Voortrekkerbeweging aan hulle skole bestaan en, indien nie, waarom nie. Die antwoorde het getoon dat daar in meer as 'n kwart van die skole van wie antwoorde ontvang is geen beweging bestaan nie. In baie gevalle het die beweging doodgeloop. 'n Groot gedeelte van die Voortrekkerafdelings wat bestaan, is na 1950 gestig. En nou moet in gedagte gehou word dat uit 689 skole aan wie oorspronklik vraelyste uitgestuur is, van slegs 285 skole finale vraelyste terugontvang is.⁽¹⁾ Die vraag ontstaan nou of baie van die 404 hoofde wat nie op die vraelys gereageer het nie, nie miskien hoofde van skole was waar die beweging nie bestaan het nie. Hoe dit ook al sy, dit is duidelik dat daar baie skole bestaan waaraan geen Voortrekkerbeweging verbonde is nie.

In antwoord op die vraag waarom daar geen beweging bestaan nie, is die tekort aan offisiere deur die meeste hoofde as die

(1) Vgl. pp. 59 tot 61 van hierdie werk.

die belangrikste faktor genoem. Op hierdie vraagstuk sal later, as daar oor die probleme van die Voortrekkerbeweging gehandel word, meer breedvoerig ingegaan word. Die tweede faktor wat die hoofde in volgorde van belangrikheid genoem het, is die baie ander buiteskoolse bedrywighede waaraan die jeug van vandag kan deelneem. Hoewel die gebrek aan belangstelling by die kinders slegs 'n ondergeskikte plek tussen die antwoorde ingeneem het, was dit tog opmerklik dat die ander buiteskoolse bedrywighede in baie gevalle die Voortrekkerwerkzaamhede verdring het. Nie één van die hoofde het verder enige prinsipiële besware teen die beweging gehad of gemeen dat die beweging nie aan sy doel beantwoord nie.

Wat uitsluiting uit die beweging betref, is die bewering in vraag (I-VI)C/8 gemaak dat daar nie veel gedoen word om die minderbevoorregte kind by die beweging te betrek nie. Hierdie bewering is deur talle persone ontken en daar is melding gemaak van loflike pogings om juis hierdie kinders te help om by die beweging aan te sluit. Aan die ander kant was daar ook 'n aansienlike persentasie proefpersone uit al die groepe wat die genoemde bewering as ten dele waar en enkelinge wat dit as waar onderskryf het. In vraag 9 is dit nog sterker gestel en is gesê dat die beweging geen tuiste bied vir die arm kind wat dit nie kan bekostig nie. Ook hier was daar 'n minderheidsgroep wat die bewering as waar of as ten dele waar bestempel het. Verder is daar, behalwe die genoemde finansiële gronde, ook politieke gronde genoem waardeur sekere kinders uit die beweging uitgesluit word. Enkele persone het hierdie feit as 'n sterk aanklag teen die beweging beskou.

Na aanleiding van bostaande kan dit nou beweer word dat, as die Voortrekkerbeweging die naam „volksbeweging“ waardig wil wees, daar besliste en doelbewuste pogings aangewend sal moet word om die faktore te verwyder wat verhinder dat daar so 'n beweging aan elke Afrikaansmediumskool in ons land sal bestaan. Verder sal die Voortrekkerwerk ook meer in ooreenstemming met die belangstellingsrigting van die moderne jeug gebring moet word en hoofde van skole, onderwysers en ouers sal bewus gemaak moet word van die waarde van die beweging, sodat dit die nodige beskerming kan geniet as die gevaar bestaan dat dit deur ander aktiwiteite verdring gaan word. En hierdeur word die Voortrekkerbeweging as volksbeweging nou voor 'n uiters moeilike maar tewens ook voor 'n lewensbelangrike uitdaging geplaas.

4. Die doelstelling van die Voortrekkerbeweging.

(a) Prinsipiële Standpunt ten opsigte van die doelstelling.

In die lig van alles wat tot dusver oor die Voortrekkerbeweging gesê is, word dit nou duidelik dat die doel van die beweging sodanig geformuleer kan word dat alle Voortrekkerakti-

witeite

witeite om een sentrale gedagte gekonsentreer kan word. So 'n sentrale gedagte is nuttig, omdat alle Voortrekkerhandelinge oor die lengte en die breedte van die land dan maklik op een gemeenskaplike doel gerig kan word. Die doelstelling behoort verder niks ander te wees nie as 'n sodanige formulering van die taak van die beweging dat ook die Christelik-nasionale karakter daarvan in die doelstelling tot openbaring kan kom.

Op grond hiervan kan die doel van die Voortrekkerbeweging nou omskryf word as die daarstelling van 'n georganiseerde gemeenskapslewe waarin 'n verantwoordelikeheidsgevoel nie net teenoor menslike gesaghekkeders nie maar ook en veral teenoor God by die jeug ingeskerp sal word, waarin 'n pligsbesef nie alleen teenoor die medemens nie maar ook en veral teenoor die Afrikaanse volk, waarvan elke Voortrekker 'n integrale deel vorm, te ontwikkel en waarin die jeug hom vry sal kan uitlewe nie net alleen in ooreenstemming met sy eie jeugdige natuur nie, maar ook en veral in kinderlike gehoorsaamheid aan Hom wat die mens tot sy diens geroepe het.

(b) Die doelstelling volgens die konstitusie.

Die amptelike doelstelling van die beweging lui as volg :-

„ Die doel van die vereniging is om onder die jeug die vorming van sterk en rein karakters en die opleiding tot goeie burgerskap te bevorder deur : aankweking van Christelike en maatskaplike deugde ; aanmoediging tot getrouheid, gehoorsaamheid en hulpvaardigheid; opwekking van sin en waardering vir skoonheid en reinheid; ontwikkeling van goeie gewoontes van waarneming en ondersoek; verskaffing van onderrig in praktiese werk en self-hulp; verrigting van dienste aan die medemens en die publiek; versorging van liggaamlike welsyn en gesondheid."

Die eerste en belangrikste beswaar teen hierdie doelstelling is die algehele afwesigheid van die Christelike opvoedingsideaal van die gelowige ouer. Selfs die aankweek van Christelike deugde - die enigste verwysing na die godsdienstige in die doelstelling - is geen opvoedingsideaal as dit nie gegrond is op die verantwoordelikeheidsgevoel van die mens teenoor God nie. Alle Christelike deugde, kan deur selfs die ongelowige nagestrewende word. Aan die gelowige gee dit dus sonder meer geen bevrediging nie. Die grondtoon van dit alles moet wees: in kinderlike onderworpenheid aan die wil van God. En nou moet daarop gelet word dat die godsdienstige nie die hoofinhoud van die Voortrekkerwerk moet wees nie en dat hierdie doelstelling nie 'n vrybrief verskaf vir allerlei gevoelsdwepery in die beweging nie. Nee, die Christelike beginsel moet alleen die grondtoon wees wat in alle Voortrekkerwerk gehoor word, dit moet die dikwels onsigbare suurdeeg wees wat alle Voortrekkerwerk deursuur. Alleen as hierdie

beginsel

beginsel in die doelstelling van die Voortrekkerbeweging beliggaam word, kan die beweging in staat wees om sy taak, soos dit vanuit Calvinistiese standpunt gesien word, suiwer uit te voer.

Die tweede beswaar staan in verband met die behoeftes waarin die beweging moet voorsien. As die vorming van sterk en rein karkters en die opleiding tot goeie burgerskap die sentrale gedagte vorm waaraan al die ander dinge wat in die doelstelling genoem word ondergeskik is - en dit is waarskynlik die bedoeling - dan is die doelstelling, ten spyte van die baie dinge wat genoem word, te eng. Daar is meer behoeftes waarin voorsien moet word. En selfs al sou die betekenis van „sterk en rein karkters“ en „goeie burgerskap“ so gerek word dat dit alles insluit wat die Calvinis verder in hierdie verband van die beweging verlang, dan is daar nog nie vir die gelukkige „uitlewing“ van die jeug voorsiening gemaak nie. En dit is 'n aspek van die Voortrekkerdoelstelling wat nie uit die oog verloor mag word nie.

Aan die ander kant moet dit erken word dat alles wat in die Voortrekkerdoelstelling beliggaam is, baie mooi kan inpas in 'n Calvinistiese opvoedingstelsel. As die grondgedagte reg is, kan van al hierdie middele gebruik gemaak word. Die doelstellinge wat in die konstitusie van die Voortrekkerbeweging vervat is, is dus ook vir die gelowige ouer aanvaarbaar mits dit gegrond is op die Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Maar hierdie laaste voorwaarde sal in die doelstelling beliggaam moet word.

(c) Die uitspraak van die proefpersone oor die doel van die beweging.

In vraag (I-V)B/10-11 is gevra na die belangrikste take of doeleindes van die beweging. Nege moontlike antwoorde is in die vraelys gegee en sonder uitsondering het meer as die helfte proefpersone uit alle groepe die volgende twee onderstreep: „om die Voortrekkers hulle plig teenoor die samelewing te leer besef“ en „om die kind in te skakel by en vertrouwd te maak met ons volkskultuur.“ Behalwe baie ander doelstellinge van uiteenlopende aard, waardeur die onkunde van sommige persone in verband met die werklike wese van die Voortrekkerbeweging aan die lig gebring is, is die inskerping van 'n verantwoordelike gevoel deur 'n aantal persone onder aan die vraag bygevoeg. Die aanwakkering van die pligsgevoel, die inskakeling by die volkskultuur en die inskerping van die verantwoordelike sin is natuurlik in ooreenstemming met ons prinsipiële beskouing. Aan die ander kant egter is die antwoord: „om Voortrekkers die geleentheid te gee om hulle uit te lewe“ hoewel nie die heel minste nie dan tog veel minder as die vorige twee onderstreep. Dit is weer in stryd met ons beskouing, omdat die verskaffing van geleenthede vir gesonde uitlewing prinsipiël gesien één van die belangrikste take van die Voortrekkerbeweging is.

In

In vraag (III-IV)A/10 is aan Voortrekker-offisiere en Distriksekretarisse gevra wat die grootste innerlike swakhede van die beweging is. Deur onderstreping soos voorheen het die meeste proefpersone hierop geantwoord: „'n ernstige gebrek aan doelgerigtheid by offisiere. Die doelloosheid van die Voortrekker-aktiwiteite en die gebrek aan doelgerigtheid by offisiere, gepaard soms met 'n algehele afwesigheid van 'n duidelike program van aksie, is meermale genoem, ook deur ander groepe proefpersone en in antwoord op ander vrae. Hierdie doelloosheid is deur sommige persone beskou as 'n ernstige aanklag teen die beweging. Persone wat die doelstellinge van die beweging hoog geskat en aangeprys het, het soms beweer dat die beweging nie daarin slaag om sy doel te bereik nie.

Bogenoemde uitsprake van die proefpersone lei noodwendig tot die gevolgtrekking dat die gebrek aan doelgerigtheid by die offisiere veelvuldig genoeg voorkom om die beweging in die uitvoering van sy taak te benadeel. Daarom behoort die beweging in die eerste plek 'n beleid neer te lê dat geen persoon as offisier ingelyf sal word nie alvorens hy bewys gelewer het dat hy ten volle op hoogte is van die doelstelling van die beweging. Verder behoort dit die moontlikheid te oorweeg van die instel van 'n werksprosedure wat direk op die doel gerig is. En ten derde behoort dit by die keuse van sy aktiwiteite daarmee rekening te hou dat die doel van die beweging beliggaam moet wees in die stof wat dit aanbied. Die doel, metode en inhoud moet dus so duidelik omskrywe word dat elke persoon wat met Voortrekkerwerk volgens die gegewe voorskrifte besig is, onwillekeurig 'n doelgerigte daad verrig. As dit nie gedoen word nie, sal Voortrekkerwerk, as gevolg van die baie onopgeleide offisiere van wie die beweging afhanklik is, heel dikwels gekenmerk word deur 'n gebrek aan doelgerigtheid, waardeur die beweging in die uitvoering van sy taak gestrem en benadeel word.

5. Die Voortrekkerwet.

(a) Die amptelike bewoording van die Voortrekkerwet.

Volgens die konstitusie van die Voortrekkerbeweging bestaan daar 'n Voortrekkerwet wat as volg lui: „'n Voortrekker se woord is sy eer; 'n Voortrekker is rein in gedagte, woord en daad; 'n Voortrekker is gehoorsaam en eerbiedig sy meerdere; 'n Voortrekker is sober en spaarsaam; 'n Voortrekker hou sy taal in ere; 'n Voortrekker is hulpvaardig; 'n Voortrekker is vriendelik; 'n Voortrekker is hoflik. 'n Voortrekker is opgeruimd onder moeilikhede; 'n Voortrekker is 'n liefhebber van ons diere,, ons plante en ons grond."

(b) Prinsipiële standpunt ten opsigte van die Voortrekkerwet.

As die Voortrekkerwet bestem word om dit wat van 'n Voortrekker verwag word pertinent onder die aandag te bring van

van die Voortrekkers self, van kinders wat nog tot die beweging wil toetree, van ouers en van die algemene publiek, kan dit 'n uitstekende doel dien. Maar dan moet die wet 'n beliggaming wees van die doelstelling van die beweging soos gefundeer in sy Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing en van sy eis van trou waaraan elkeen wat daarby aansluit sal moet voldoen. Die Voortrekkerwet moet 'n duidelike Voortrekkerklank laat hoor. As dit slegs die saamgroepering van 'n aantal algemene sedewette is, dan het dit geen betekenis vir die Voortrekkerbeweging as sodanig nie. Dit moet verband hou met die doel en die strewe van die beweging.

c) Besware teen die Voortrekkerwet soos tans geformuleer.

Die eerste beswaar teen die Voortrekkerwet soos hierbo bewoord bestaan daarin dat die opvoedingsideaal van die gelowige ouer hoegenaamd geen plek daarin gevind het nie. Dit is geen beliggaming van die doelstelling van die beweging nie en dit openbaar nie die Christelik-nasionale karakter daarvan nie. Dit is dan ook geen wonder dat sommige persone beweer dat die Voortrekkerbeweging humanisties georiënteer is nie. Hierdie gedagte dring nog sterker tot ons deur as in die konstitusie van die beweging gelees word dat die godsdiens 'n vername plek by die samekomste moet inneem „omdat die samekomste diensbaar gemaak word aan die opleiding van alle Christelike en maatskaplike deugde”.⁽¹⁾ Die godsdiens word hier dus in diens van die mens gestel. Dat dit die opsetlike bedoeling van die beweging is, sal seker deur niemand beweer kan word nie. Maar daarom juis moet die Voortrekkerwet so geformuleer word dat die Calvinistiese ideaal daarin weerklink kan vind.

Die tweede beswaar teen die Voortrekkerwet staan in verband met sy gebondenheid aan die wet van 'n beweging waarvan die liberalistiese lewens- en wêreldbeskouing vreemd is aan die Afrikaanse volk.⁽²⁾ Dit kan verstaan word dat daar in die aanvangsjare van die Voortrekkerbeweging vasgegryp sou word aan 'n beweging wat, as gevolg van sy innerlike krag, vertrouwe kon inboesem. Maar daardie aanvangsjare is verby en die Voortrekkerbeweging het meer as mondig geword. In hierdie tyd waarin die nasionale winde van verandering oor ons land waai, het die tyd ryp geword vir die hersiening van die Voortrekkerwet op Christelik-nasionale grondslag. Die gebondenheid aan 'n wet van 'n vreemde nasie strek die jeug van die Afrikaanse volk nie tot

eer/.....

(1) Vgl. art. 6 van die Konstitusie van die Voortrekkerbeweging.

(2) As die vreemde jeugbeweging 'n suiwer Calvinistiese lewenshouding weerspieël het, sou die beswaar veel minder ernstig van aard gewees het. Maar selfs dan nog sou die proefnemer daarvan oortuig gewees het dat die tyd aangebreek het om die bande met die vreemde te verbreek.

eer nie. Dit kan alleen 'n gevoel van minderwaardigheid as gevolg hê. Die pad van die Voortrekkerbeweging is die Pad van Suid-Afrika. Daarom moet die Voortrekkerwet 'n gebondenheid openbaar nie aan die wette van 'n vreemde volk nie maar aan die Christelik-nasionale lewensfilosofie van die Afrikanernasie.

d) Die standpunt van die proefpersone ten opsigte van die Voortrekkerwet.

Soos voorheen reeds vermeld, is daar opsetlik nie veel oor die Konstitusie van die Voortrekkerbeweging gevra nie. Daarom is die proefpersone ook nie direk gevra om hulle standpunt ten opsigte van die Voortrekkerwet te stel nie. En tog het hulle telkens by die beantwoording van een of ander vraag na die wet verwys as 'n waardevolle bate van die Voortrekkerbeweging. Die duidelikste voorbeeld hiervan word gevind in die antwoorde op vraag VIIB/4 waar die volgende aan die ouers van Voortrekkers gevra is : „Kon u by u kinders wat Voortrekkers was gemerk het dat die beweging probeer om aan die kinders te leer hoe en waarom jy jou plig moet doen?" In antwoord hierop het 'n hele aantal proefpersone gewys op die indruk wat die Voortrekkerwet op hulle kinders gemaak het. Verskeie ouers het op verskillende maniere te kenne gegee dat die wet vir hulle kinders ware betekenis gekry het.

6. Die Voortrekkerbelofte.

a) Volgens die Konstitusie van die Voortrekkerbeweging.

Die Voortrekkerbelofte wat deur Verkenners afgelê moet word, lui as volg : „Op my eer beloof ek dat ek sal streef om getrou my plig teenoor God, my volk en my land te doen; om te alle tye my medemens te dien en om die Voortrekkerwet na te lewe.”⁽¹⁾ Die Penkoppe en Drawwertjies lê 'n eenvoudiger belofte af. Ons handel hier net oor die Verkennerbelofte omdat die beginsels wat vir die een belofte geld, ook vir die ander een sal geld.

b) Prinsipiële standpunt ten opsigte van die Voortrekkerbelofte.

Oor die vraag of daar 'n belofte moet wees bestaan daar verskil van opvatting. In verband hiermee druk Steyn hom as volg uit : „Ook in die belofte en die wet tref ons eerder die hand van die volwassene aan as die van die jeug. Dit is die volwasse moraal waar geskryf staan dat die padvinder eerbiedig moet wees. Die hele belofte en wet is 'n volwasse instelling om die jeug te bind aan bepaalde tradisies. Hierdie belofte is dan ook holle frases wat maklik daartoe kan bydra om die jeug te leer huigel. So bestaan daar alreeds die uitdrukking onder Voortrekkers : „op my Voortrekkerwoord”; m.a.w

hy/.....

(1) Die Konstitusie van die Voortrekkers, art. 4, pag. 1.

hy het eintlik twee woorde".⁽¹⁾

Dat Steyn hier op 'n werklike gevaar wys, kan sekerlik nie weggeredeneer word nie. Ons ken ook reeds die opvoedkundige beskouing dat daar vir die kind so min as moontlik skriftelike reëls voorgeskrywe moet word. Dit lei tot eerbiediging van die letter van die wet terwyl die gees van die wet verlore^{re}gaan. Verder is die kind nog nie ryp vir die besef van verantwoordelikheid wat die aflê van 'n belofte meebring nie. Aan die ander kant is die tyd egter wel ryp vir 'n stadige begin met die inskerping van 'n verantwoordelikeheidsgevoel by die kind. En hiertoe kan die aflê van 'n belofte miskien wel bydra.

As gevolg van die besware teen die belofte en die gevare wat daaraan verbonde is,⁽¹⁾ ontstaan die vraag of daar nie van die belofte afgesien moet word nie. As die Voortrekkerwet alles bevat wat voorheen reeds genoem is, is die belofte tog immers nie meer nodig nie. Al wat nodig is, is 'n kort en kragtige formule waarin die aspirant-Voortrekker in duidelike woorde gekonfronteer word met al die dinge wat, volgens die Voortrekkerwet, van hom verwag sal word as hy aansluit. Hierop kan die vraag gestel word of hy nog wil aansluit. 'n Duidelike „ja, ek sluit aan" kan dan die plek van die belofte inneem.

As die Voortrekkerbeweging hierdie prosedure wil volg, sal wanpraktyke soos dié waarvan deur proefpersone soos hieronder melding gemaak word nie meer kan voorkom nie. Dan word die Voortrekker voor 'n taakaanvaarding geplaas wat meer as die belofte tot daadkrag sal prikkel. En al sou so 'n taakaanvaarding en die aflê van 'n belofte iets gemeenskapliks inhou, is die taakaanvaarding tog heeltemal iets anders as die aflê van 'n belofte. In albei gevalle word verantwoordelikhede aanvaar, maar die wyse waarop dit geskied verskil. In die lewe van die volwassene word hy dikwels voor 'n taakaanvaarding geplaas sonder dat dit vir hom nodig is om 'n belofte af te lê. Daarom is die skrywer daarvan oortuig dat die prosedure wat hier aan die hand gedoen word meer bevrediging sal gee.

c) Die uitspraak van die proefpersone.

Net soos in die geval van die Voortrekkerwet het daar geen direkte vrae oor die Voortrekkerbelofte in die vraelyste voorgekom nie. En tog het verskeie proefpersone hulle hieroor uitgespreek in die opmerkings onder aan sommige vrae. So was daar persone wat beswaar gemaak het teen die praktyk om kinders 'n belofte te laat aflê terwyl hulle nie weet wat hulle doen nie. Een persoon het verklaar dat hy teenwoordig was waar 'n „eed" gedurende 'n inlywingsplegtigheid knielend voor
God/.....

(1) Vgl. „die uitspraak van die proefpersone" hieronder.

God afgelê is. (1) Dit was opmerklik dat verskeie persone die woord „eë" gebruik het en nie die woord „belofte" nie.

d) Besware teen die bewoording van die Voortrekkerbelofte.

Afgesien van die vraag of die belofte behoue moet bly, bestaan die eerste beswaar teen die bewoording daarvan daarin dat God, die Here, die land en die volk in dieselfde sin genoem word. Kan dit nie miskien as 'n oneerbiedige gelykstelling beskou word nie? Ons tref dieselfde verskynsel aan waar Christus, en Moses as twee groot hervormers genoem word. Die Middelaarswerk van Christus is so heel iets anders as die hervormingswerk van Moses. En so is die plig van die mens teenoor God so heel iets anders as die plig teenoor land en volk. Die eerste is 'n godsdienstige en die tweede 'n sedelike betrekking. Deur die plig teenoor God, land en volk in dieselfde sin te noem, bestaan die gevaar dat óf die godsdienstige tot die sedelike verlaag óf die sedelike tot die godsdienstige verhoog sal word.

Daar is ook nog 'n tweede beswaar. Die jeug belowe om sy plig teenoor God te doen en om sy medemens te dien. Is dit nie miskien 'n omkeer van verhoudinge nie? Moet die mens wat alles aan God die Here verskuldig is nie liever belowe om die Here te dien en sy plig teenoor sy medemens te doen nie?

As gevolg hiervan is dit duidelik dat die belofte veel meer in ooreenstemming met die Calvinistiese opvatting sou wees as daar belowe word om (i) die Here te dien, (ii) die plig teenoor land, volk en medemens te doen, en (iii) die Voortrekkerwet na te lewe. In hierdie belofte word die onderworpenheid aan die wil van God, wat 'n eerste vereiste van die opvoeding is, en die sosiale karakter van die opvoedingstaak van die beweging beliggaam.

Hierdie paragraaf kan nie afgesluit word sonder 'n opmerking oor die ooreenkoms tussen die Voortrekker- en die Scoutbeloftes nie. Laasgenoemde lui as volg : „On my honour I promise that I will do my best to do my duty to God, my King and my country; to help other people at all times and to obey the Scout Law." (2) En al sou daar geen beswaar teen die ooreenkoms as sodanig bestaan nie, ontstaan die vraag tog of die eng Calvinistiese standpunt van die Boer en die meer liberalistiese standpunt van die Brit in dieselfde belofte beliggaam kan word.

7. Die voorgeskrewe toetse.

a) Soos amptelik bepaal.

Om die leser in staat te stel om die besware teen die toetse te kontroleer, word 'n verkorte uiteensetting nou gegee van die toetse wat deur Voortrekkers afgelê moet word.

Alle/.....

(1) Vgl. antwoorde op vraag VIIB/7 op pag. 300.

(2) Boy Scouts Association : Policy, Organisation & Rules, 5.

Alle Voortrekkerwerk word in die vorm van toetse voorgeskrywe. Die toetse word in verskillende groepe ingedeel. Nadat die eerste groep bevredigend afgela is word 'n persoon ingelyf as Groenkop-Verkenner. Daarna volg nog drie groepe en na elke groep word die Voortrekker heringelyf, eers as Baanbreker-, daarna as Uithaler- en uiteindelik as Baas-Verkenner.

Van die Groenkop word verwag dat hy kennis van die volgende sal besit : die Voortrekkerwet, -pligte, -wapen, -leuse en belofte; die samestelling van die Unie- en die Voortrekker-vlag; die vlaglied; kommando-rangkentekens; die Voortrekker-saluut. Voorts moet hy 'n volledige uniform besit. Na aflegging van bogenoemde toetse, word die persoon ingelyf as Groenkop-Verkenner en dan eers is hy in werklikheid 'n Voortrekker.

Voordat die Groenkop-Verkenner tot Baanbreker bevorder kan word moet hy ses keer diens gedoen het, 'n Voortrekkerkamp bygewoon het, 'n maaltyd voorberei het, sekere voorgeskrewe touwerk ken, 'n spoor volgens sekere gegewens kan volg, tien liedere saam met sy span kan sing, ses groepspele kan lei, die samestelling van die Unie-wapen ken, sekere noodhulp kan toepas, tien diere en tien plante van die omgewing ken en bewys gelewer het dat hy die Voortrekkerwet nastrewe.

Na minstens nog 'n jaar diens kan die Voortrekker bevorder word tot Uithaler-Verkenner, mits hy die fluitseine van die beweging ken, weet hoe om sy rigting op verskillende voorgeskrewe maniere te vind, 'n spoor kan volg wat met veldtekens gela is, 'n sketskaart van die omgewing kan opstel, 'n tent kan opopslaan, 'n toestel om 'n ketel aan op te hang, kan maak, 'n warm maaltyd kan voorberei, aan 'n vlagparade kan deelneem, weet hoe aan 'n erewag deel te neem, 'n paar geskiedkundige plekke besoek het, 'n studie van die nywerhede, landbou of boerdery van die omgewing gemaak het, die hoofpaaie uit sy tuisdorp ken, praktiese handwerk beoefen, 'n tydelike draagbaar en spalke kan maak, bloeding kan stop, kan optree in geval van brand, kunsmatige asemhaling kan toepas en ses keer gemeenskapsdiens gelewer het.

Bostaande toetse is voldoende om die besware daarteen, wat in die volgende paragrawe behandel sal word, te kontroleer. Daarom sal daar nou nie verder ingegaan word op die toetse vir die Baas-Verkenners nie. Daar is ook nog 'n groot aantal toetse vir die verkryging van 27 verskillende spesiale onderskeidingdingstekens. Hierdie toetse is so groot in omvang dat dit nie moontlik is om hulle in hierdie proefskrif op te neem nie.

b) Die uitsprake van proefpersone in verband met die toetse.

In vraag (III-IV)A/5 is aan Voortrekkeroffisiere en

Distriksekretarisse/.....

Distriksekretarisse gevra wat hulle van die voorgeskrewe toetse dink. In antwoord hierop het meer as die helfte gesê dat dit hoog tyd is dat die toetse hersien sal word. Kort daarna het daar nuwe hersiene toetse verskyn, die wat in paragraaf (a) hierbo aangegee word. As gevolg hiervan het 'n paar persone wat die vraelys beantwoord het nadat hulle die nuwe toetse gesien het, verklaar dat die besware wat hulle teen die ou toetse gehad het nou nie meer bestaan nie.

Dit is egter 'n ope vraag in hoe verre die genoede verklaring ook deur ander proefpersone onderskryf sal word, veral waar daar in wese geen belangrike verskil tussen die ou toetse en die nuwes bestaan nie. Dit is maar net nodig om die twee reekse toetse met mekaar te vergelyk om 'n mens van die waarheid hiervan te oortuig.⁽¹⁾ Ongelukkig was die ou toetse so omvangryk dat hulle nie in hierdie werk opgeneem kan word nie. En nou

word die aandag hier op twee algemene besware teen die ou toetse gevestig, omdat dieselfde besware miskien teen die nuwe toetse ingebring sou kon word.

In die eerste plek is beswaar gemaak teen die inhoud van die toetse. Hulle was verouderd en het geen rekening met die eise van die moderne tyd gehou nie. Verder was hulle nie geskik vir leerlinge aan middelbare skole of in stedelike gebiede nie. En nou is dit 'n ope vraag of die nuwe toetse daarin geslaag het om die proefpersone te bevredig wat bogenoemde besware gehad het. In die tweede plek was daar verskeie persone wat nie ten gunste van „toetse” as sodanig was nie. Dit bring 'n skoolse atmosfeer in Voortrekkerwerk en, wat die aflê daarvan betref, het dit mank gegaan aan verskillende gebreke. Hierdie besware is deur die nuwe toetse beslis nie onderskep nie.

(c) Prinsipiële standpunt.

Die eerste prinsipiële beswaar teen die sogenaamde toetse lê daarin dat dit maklik kan lei tot passiviteit in teenstelling met die jeugdige aktiwiteit wat 'n grondvereiste vir 'n lewenskragtige jeugbeweging is. Dit kan die offisier so maklik op die voorgrond plaas met die Voortrekkers in 'n luisterende of reprodukerende posisie. En dit is dodelik vir die jeug wat in sy daadkragtigheid self dinge wil aanpak en op eie inisiatief take wil uitvoer. Die „toetsaflêery” druis in teen die selfhandhawingsdrang van die jeug. En as die offisier self nie op die hoogte is van die dinge wat hy aan die Voortrekkers moet „leer” nie, dan lei dit tot 'n doellose slentergang in die Voortrekkeraktiwiteite. Dit sou dus baie meer in ooreenstemming met die sielsbehoeftes van die jeug wees as die toetse deur take vervang word wat aan sekere opvoedkundige vereistes sal moet voldoen.

So.....

(1) Vgl. Reëls en Regulasies vir Voortrekkeroffisiere pag. 30 vir ou toetse en pamflet oor „Toetse vir Verkenner ...”

So 'n praktyk sal veel ten gunste van hom hê in die lig van moderne opvoedkundige beskouinge.

Daar is verskillende eise waaraan hierdie take sal moet voldoen. In die eerste plek sal dit 'n beliggaming moet wees van en sal dit moet afstuur op die vierledige doel soos dit voorheen in hierdie ondersoek reeds gestel is. Dinge wat nie in verband met die doel gebring kan word nie moet, hoe interessant hulle ook al vir die opsteller mag lyk en hoe ingeburger hulle ook al in die Voortrekkerbeweging mag wees, liever weggelaat word. Sulke dinge lei die gedagtes af van die werklike doel van die beweging. Dit is dan ook één van die besware teen die tans bestaande toetse dat sommige van hulle geen verband hou met dit wat volgens die konstitusie deur die Voortrekkerbeweging beoog word nie.

In die tweede plek moet die take uitvoerbaar wees. Daarom moet daar rekening gehou word met die verstandelike en liggaamlike ontwikkelings stadium waarin die kind verkeer wat die take moet uitvoer. Die take moet gegradeer wees om by die jonger maar ook by die ouer kinders aan te pas. Dit is nie die geval met al die bestaande toetse nie. Verder moet gesorg word vir die nodige bronne of middele vir die uitvoering van elke taak. Hierdie bronne of middele moet in bereik van elke Voortrekker wees en hy moet presies weet waar om dit te vind. Tot onlangs nog is deur offisiere gekla omdat die nodige inligting in verband met sommige toetse en veral in verband met dié vir spesiale onderskeidingstekens ontbreek. Ons is bewus van die verandering wat daar later ingetree het en die werk wat gedoen word om die nodige leiding te verskaf. By die eventuele opstelling van „take“ soos hierbo bepleit, sal daar heel aan die begin met die bestaan van die bronne en middele rekening gehou moet word.

Ten slotte sal die take rekening moet hou met die behoeftes van die jeug in 'n moderne wêreld. Daar bestaan sekere basiese behoeftes wat dieselfde bly deur al die eeue heen, maar dan is daar ook veranderlike behoeftes wat deur tydsomstandighede geskep word. Dit is die voorsiening in laasgenoemde behoeftes wat die pragmatistiese lewensfilosofie vir hom as 'n opvoedingsideaal gestel het. En nou wil die Calvinis nie soos die pragmatist hom blind staar teen hierdie tydelike behoeftes nie, maar hy moet daarmee rekening hou. Die pligte en verantwoordelikhede van die moderne mens is anders as die van 'n vyftig jaar gelede. Ons volksgevoel en nasionale bewussyn sal seker deur die republiekwording erg beïnvloed word en die belangstellingsrigting van die jeug in 'n tyd van waterstofbomme en maan-satelliete kan beslis nie dieselfde wees as toe die Voortrekkerbeweging gestig is nie. By die opstelling van take met die oog op die vierledige doelstelling van die beweging, sal daar rekening gehou moet word

met

met die eise van die moderne tyd en van die jeug in 'n moderne wêreld.

Die opstelling van doelgerigte take is van beslissende belang vir die hele Voortrekkerbeweging. Dit is egter nie 'n saak wat in die studeerkamer uitgedink kan word nie. Wat nodig is, is grondige studie, navorsing en raadpleging van andere wat werklik 'n sukses van die beweging gemaak het. Hoe gouer die beweging hiermee kan begin, hoe beter. Dit sal egter nie gedoen kan word voordat die doel van die beweging duidelik gesien en geformuleer is nie. Die take moet doelgerig wees en moet so opgestel word dat dit in die voorheen genoemde behoeftes kan voorsien.

8. Die resultate van die beweging.

Die resultate van die beweging sal nou getoets word aan die vier norme wat in paragraaf 1(d) reeds genoem is.

(a) Inskerpings van verantwoordelikeheidsgevoel.

In vraag VII B/5 is aan ouers van Voortrekkers gevra of hulle kon merk dat die Voortrekkerbeweging die gedagte by hulle kinders ingeskerp het dat 'n mens veral in jou ontspanning nie in stryd met die gebooie van God mag handel nie. Hierop het 25 persent „ja, beslis“, en 33 persent „ek dink so“ geantwoord. Daar is ook beswaar gemaak omdat niemand kan vasstel watter bydrae die beweging as sodanig in hierdie verband gelewer het nie. In Vraag VII B/6 is verder gevra of hulle weet van dinge wat die Voortrekkers doen wat in stryd met die gebooie van God is. Hierop het tagtig persent ontkennend geantwoord. Die paar wat beweer het dat hulle wel van sulke dinge weet, het o.a. Sondagsontheiliging, die misbruik van die belofte en die ligsinnige optrede van sommige offisiere genoem.

In vraag V A(6-7) is aan predikante gevra of hulle dink dat die Voortrekkerbeweging daartoe bydra om die kind se verantwoordelikeheidsgevoel teenoor God te verskerp en of hulle van gevalle weet waar Voortrekkers hulle aan Sondagsontheiliging skuldig gemaak het. Op eersgenoemde vraag het 31 persent „ja, beslis“ en 52 persent „ek dink so“ geantwoord. In antwoord op die tweede vraag het 13 persent van die predikante beweer dat hulle van sulke gevalle weet. Die groot meerderheid het nie van sulke gevalle geweet nie. Een persoon het gesê dat dit 'n gewaagde soort vraag is.

In vrae VI B/(8-9) is aan volwassenes wat in hulle jeugjare self aan die Voortrekkerbeweging behoort het, gevra of die feit dat hulle Voortrekkers was destyds by hulle 'n gevoel van verantwoordelikeheid laat ontstaan het en of die gevoel blywend was selfs nadat hulle die beweging verlaat het. Op die eerste vraag het 57 persent „ja, beslis“ en 34 persent „ek dink so“ geantwoord, terwyl tagtig persent van hierdie persone op die tweede

vraag.....

vraag geantwoord het dat die verantwoordelikhedsbesef beslis blywend was nadat hulle die beweging verlaat het.

Na aanleiding van hierdie uitsprake lyk dit asof die beweging oor die algemeen daarin slaag om 'n sin vir verantwoordelikheid by sy lede in te skerp. Daar het egter ook dinge plaasgevind wat hierdie gevoel by die kind sou kon laat afstomp. Hoewel hierdie dinge skynbaar net in uitsonderlike gevalle voorgekom het en hul plaaslik van aard was, sal die Voortrekkerbeweging tog stappe moet doen om so 'n afstomping van die verantwoordelikhedsgevoel van die kind, veral ten opsigte van die oortreding van die Wet van God, in die toekoms te voorkom.

(b) Inskerping van pligsbesef.

In vrae (I-VI) C/24 is die bewering gemaak dat Voortrekkers 'n sterker pligsbesef as ander kinders het ten opsigte van die groep waaraan hulle behoort. Van die agt hoofgroepe was daar net drie waar 50 persent of meer van die proefpersone die bewering as waar bestempel het. Hoewel die totale van die wat gesê het dat die bewering waar is en die wat gesê het dat dit ten dele waar is in al die gevalle meer as 50 persent was, was daardie uitsprake nie oortuigend nie, omdat „ten dele waar” by implikasie ook „ten dele onwaar” beteken. Dieselfde geld vir vraag (I-VI)C/23 waar beweer is dat Voortrekkers meer bereid is om te dien en te offer as ander kinders.

In vraag VII B/3 is aan ouers van Voortrekkers gevra of hulle kon merk dat die Voortrekkerbeweging hulle kinders onder die besef van hulle plig teenoor hulle medemens gebring het. Hierop het 48 persent „ja, beslis” en 30 persent „ek dink so” geantwoord. Aangesien „ek glo nie” ook onder die moontlike antwoorde voorgekom het, maak hierdie uitsprake 'n gunstiger indruk as die voriges. Dieselfde opmerkings geld ook in verband met vraag VII B/2 waar gevra is of die ouers kon merk dat die beweging 'n goeie invloed op hul kinders se houding ten opsigte van hul skoolverpligtinge gehad het.

In vraag VII B/4 is gevra of die beweging probeer om aan die kinders te leer hoe en waarom 'n mens jou plig moet doen. Hierop het 48 persent „ja, beslis” en 30 persent „ek dink so” geantwoord. Toe die ouers egter gevra is „wat” aan die kinders geleer is, het feitlik almal probeer om te bewys „dat” dit gedoen is. Hoewel die vraag dus nie beantwoord is nie, het die uitsprake tog die waarde gehad dat dit getoon het op watter gronde die ouers beweer het dat die beweging die pligsgevoel van die kinders ontwikkel.

In vraag V A/2-3 is aan predikante gevra of hulle glo dat die beweging daarin slaag om by sy lede 'n pligsgevoel aan te kweek ten opsigte van die groep waaraan hulle behoort en, indien dit die geval is, of dit dan sou beteken dat Voortrekkers

ook

ook beter lidmate van hul onderskeie kerke sou wees. Op die eerste vraag het 81 persent van die predikante „ja, beslis” geantwoord. Dit wou dus voorkom asof die predikante taamlik eensgesind was in hulle oortuiging in verband met die opvoedkundige waarde van die beweging wat die inskerping van die pligsgevoel betref. Op die tweede vraag was daar egter net 35 persent wat „ja, beslis” en 43 persent wat „ek dink so” geantwoord het. In hul opmerkings het verskeie predikante daarop gewys dat die kerk en die jeugbeweging op verskillende terreine beweeg en dat so 'n beïnvloeding slegs indirek kan wees.

As alles in aanmerking geneem word, moet ons ook hier tot die gevolgtrekking kom dat die Voortrekkerbeweging volgens die algemene opinie veel doen om die jeug pligsbewus te maak. Hoewel sommige uitsprake nie heeltemal oortuigend was nie, word die krag van ander uitsprake nie daardeur verminder nie. Hierdie inskerping van die pligsgevoel is ook vir die Calvinis 'n gewigtige taak van die jeugbeweging. Maar dit alleen is nie voldoende nie. Die jeug moet ook geleer word om elke plig te sien as 'n Godgegewe taak, vir die uitvoering waarvan hy persoonlik verantwoordelik gehou sal word. In hoe verre die beweging hom op so iets toelê is uit hierdie ondersoek nie duidelik nie. Maar dit moet gedoen word.

(c) Inskerpings van die volksgevoel.

In vraag VII B/12 is aan ouers gevra of hulle dink dat die beweging daarin slaag om 'n gesonde nasietrots by die jeug van ons volk aan te kweek. Hierop het 69 persent „ja, beslis” en 26 persent „ek dink so” geantwoord. In vraag I-VI C/6 is die bewering gemaak dat die beweging 'n ongesonde vaderlandsliefde aankweek. Hierdie bewering is deur meer as 80 persent van alle proefpersone verwerp. Daar was egter wel 'n paar wat die bewering onderskryf het op grond van die feit dat baie offisiere vaderlandsliefde met die standpunt van één van ons politieke partye verwar. Teen hierdie insleep van die politiek in jeugsake is ook op 'n paar ander plekke baie sterk beswaar gemaak.

In vraag VI B/13 is die vraag gestel aan volwassenes wat self in hulle jeugjare Voortrekkers was, of die beweging hulle geïnspireer het om 'n lewe in diens van hul volk te lei. Slegs 43 persent het „ja, beslis” en 36 persent „ten dele, ja” geantwoord. Een van die persone het geantwoord dat geen ander beweging dit meer doen as die Voortrekkerbeweging nie.

Ten slotte is daar in vraag (I-II)A/11 aan sowel hoofde en onderwysers aan middelbare as aan laerskole gevra of hulle dink dat die Voortrekkerbeweging sy kultuur-historiese bande met die volksverlede suiwer bewaar het. Hierop het die meeste proefpersone „ja” geantwoord. In die volgende vraag is persone wat van mening was dat die bande met die volksverlede nie suiwer bewaar.....

bewaar is nie, versoek om te verduidelik wat hulle bedoel. Die antwoorde hierop kan onder drie hoofgedagtes saamgevat word. Eerstens het vreemde invloede 'n stempel op die beweging afgedruk, tweedens het die gees van die moderne tyd die bande verslap en derdens het inherente swakhede in die beweging daartoe gelei dat die bande met die verlede nie verstewig kon word nie.

Na aanleiding van hierdie drie gedagtes moet dit weer eens beklemtoon word dat die beweging stappe sal moet doen om die bande met die volksverlede te verstewig. Hiervoor is reeds gehandel. Wat die insleep van partypolitiek by die beweging betref, moet daarteen gewaarsku word dat daar skynbaar persone is, ook in ons eie land, wat elke vorm van vaderlandsliefde as die uiting van 'n partypolitieke gesindheid wil beskou. Hoe kan die Voortrekkerbeweging anders as van 'n selfopofferende liefde ook teenoor die Republiek van Suid-Afrika wat eensdaags tot stand sal kom by die jeug van ons volk aan te kweek? As hy dit nie doen nie, sou hy verraad pleeg teenoor die volk van Suid-Afrika. As daar ~~bewaar~~ gemaak moet word, dan moet dit wees omdat daar in hierdie verband nie genoeg gedoen word nie.

(d) Uitlewing van die jeug in die Voortrekkerbeweging.

In vraag VI B/12 word aan volwassenes gevra of die Voortrekkerbeweging genoeg geleentheid in hulle jeugjare aan hulle gebied het om hulle besig te hou met die dinge waarin hulle belang gestel het. Die vraag het dus eintlik veronderstel of hulle hulle in die beweging kon uitlewe. En hierop het 43 persent „ja, beslis" en 48 persent „ja, maar net ten dele" geantwoord, terwyl 7 persent die antwoord „nee, beslis nie" onderstreep het. Daar was dus 55 persent proefpersone wat hulle gladnie of nie heeltemal in die beweging kon uitlewe nie.

Bogenoemde was die enigste direkte vraag wat oor hierdie aangeleentheid in die ondersoek gestel is. Daar was egter 'n ander vraag wat in die nouste verband hiermee gestaan het: die vraag ten opsigte van die belangstelling van die jeug in die beweging. As die kind hom in die beweging kan uitlewe, sal hy daarvan hou, en as hy dit nie kan doen nie, sal hy geen belangstelling in die beweging toon nie. Daarom is daar in vraag VII B/13 aan ouers van Voortrekkers gevra of dit volgens hulle mening waar is dat kinders oor die algemeen min belangstelling vir Voortrekkerwerk het.

Uit die antwoorde het geblyk dat die vraag nie duidelik was nie. Sommige persone het gemeen dat gevra word of die Voortrekkers as sodanig en andere of die Afrikaanse jeug oor die algemeen min belangstelling in Voortrekkerwerksaamhede toon. Daarom is daar ook wat die opmerkings betref twee soorte antwoorde aangetref: eerstens dat die Voortrekkers self 'n lewendige belangstelling in hulle eie beweging besit en tweedens dat die Afrikaan-

se jeug nie veel in Voortrekkerwerk belang stel nie. Wat die opvatting ook al was, 45 persent van die proefpersone het „ja" en 21 persent „ek dink so" onderstreep.

In die tweede deel van die vraag is aan ouers wat dink dat die jeug nie in die beweging belang stel nie, gevra waaraan hulle dit toeskrywe. In antwoord hierop het baie ouers die min belangstelling van die kinders gesien as 'n gevolg van die laksheid en die onvermoë van offisiere. Verder is genoem die gebrek aan belangstelling van skoolhoofde en van die algemene publiek, die oorgeorganiseerdheid van die hedendaagse jeug, die lamsakgees van die een waarin ons lewe, die feit dat ons volks-ideaal grotendeels verwesenlik is, die onkunde van die massa ten opsigte van die werklike wese van die beweging en nog 'n hele aantal ander oorsake. Niemand het egter melding gemaak van die onvermoë van die jeug om hom in die beweging uit te lewe nie.

In vraag (I-VI)C/11 is dieselfde vraag in 'n ander vorm gestel. Die bewering is gemaak dat kinders baie van Voortrekkerwerk hou. Hierop het die meeste proefpersone gereageer deur „dit is waar" te onderstreep. Sommiges het selfs beweer dat die Voortrekkers die geliefkoosde buiteskoolse aktiwiteit in hulle omgewing is en andere dat die kinders nie die tyd kan afwag vir die volgende byeenkoms om plaas te vind nie. Volgens verskillende uitsprake word die belangstelling egter minder na mate die kind ouer word. Aan die ander kant was daar ook gevalle waar die belangstelling gekwyn het. Maar per slot van sake hang alles van die offisier af. Hierdie bewering deurstrengel die hele ondersoek.

As die vraag nou gestel word of daar, na aanleiding van die ondersoek, beweer kan word dat die Voortrekkerbeweging sy lede in staat stel om hulle uit te lewe, moet daar twee antwoorde gegee word. Aan die een kant bestaan daar op sommige plekke in ons land florerende Voortrekkerkommando's wat skynbaar aan die eise van die jeug voldoen en waarin die jeug hom dus skynbaar goed kan uitlewe. Aan die ander kant bestaan daar ook kwynende kommando's wat geen lewenskrag openbaar nie en wat skynbaar nie in die betrokke behoeftes van die jeug kan voorsien nie.

En nou moet die verskil tussen die twee nie in moderne geestesrigtinge of verwesenlikte volksideale gesoek word nie. Hierdie dinge is tog immers gemeenskaplike faktore wat by albei groepe aanwesig is. Dit sal ook nie so seer in gebrekkige stof of ontbrekende fasiliteite gevind word nie. Nee, dit lê in die eerste plek in die potensialiteite, die vermoëns en die gesindhede van die offisiere. Met tydsomstandighede moet wel rekening gehou word en swak fasiliteite sal seker 'n geweldige invloed kan uitoefen, maar die hoofsaak is die metode waarvolgens die dinge aangepak word. Die jeug wil besig wees, hy wil op eie inisiatief onderneem en deurvoer, hy wil homself handhaaf. Op hierdie feite het ons by die sielkundige benadering herhaaldelik die klem laat val. As hiermee.....

hiermee rekening gehou word kan daar, met die belangstelling van die jeug betref, met enige stof ter wêreld 'n mate van sukses behaal word. Die regte stof en die nodige fasiliteite sal in hierdie verband alleen daartoe bydra om die taak van die offisiere te vergemaklik.

9. Die waarde van die Voortrekkerbeweging.

Uitgaande van sy doelstelling het die Voortrekkerbeweging 'n vierledige taak, waardeur dit 'n vierledige resultaat moet lewer, as dit aan sy doel wil beantwoord. Hierdie resultaat is in paragraaf 6 reeds behandel. Daarbenewens het die beweging ook 'n aantal waardes wat in die nouste verband met sy vierledige taak staan. Die aandag word nou heel kortliks by 'n aantal van hierdie waardes afsonderlik bepaal.

(a) Dissiplinêre waarde.

In die volgende vrae is oor die dissiplinêre waarde van die Voortrekkerbeweging gehandel : IIA/3, IIIA/6, IVA/6, VIB/6, I-VI C/4-5 en VII B/10. Uit die ontledingstabelle van al hierdie vrae het dit geblyk dat die proefpersone oor die algemeen vertroue in die dissipline van die beweging het. Baie persone het beweer dat die dissipline goed genoeg is as die aard van die beweging in aanmerking geneem word. Daar was egter ook persone wat nie met die dissipline tevrede was nie. 'n Taamlike sterk persentasie offisiere en Distriksekretarisse het bv. erken dat die dissipline in kampe en saamtrekke die beweging soms nie tot eer strek nie. Die skuld vir die onbevredigende dissipline is dikwels egter nie op die beweging as sodanig geplaas nie maar op die swak leiding wat by sulke geleenthede geneem word. Aangesien goeie dissipline die ordelike gedrag van die enkeling binne die samelewing veronderstel, staan dit in die nouste verband met een van die take van die beweging. Dit is van die grootste belang dat die beweging orals en altyd na goeie dissipline sal strew.

(b) Ontwikkeling van leierstalent.

In vraag VII B/9 word aan die ouers van Voortrekkers gevra of die beweging daarin slaag om leierskap by die jeug aan te kweek. Hierop was 56 persent van die ouers se antwoord „ja, beslis" terwyl 36 persent van hulle „in 'n mate, ja" geantwoord het. Uit die antwoorde het dit verder geblyk dat daar minstens een middelbare skool bestaan waar die prefekte uitsluitlik uit Voortrekkers gekies word. Skrywer weet ook van 'n ander skool waar dit die geval is. In vraag VIIB/16 en VIIB/19, waar die vraag aan die ouers gestel word of hulle werklik dink dat die beweging vir hulle kinders van waarde was en waar 'n samevattende oordeel oor die beweging gevra word, kom die waarde ook duidelik uit wat sommige ouers in hierdie verband aan die beweging heg. Omdat leierskap, as dit daarin bestaan dat die rigting volgens Christelik-nasionale.....

lik-nasionale norme aangewys word, één van die mooiste en mees verhewe vorme van naaste- en volksdiens kan wees, is dit van die grootste belang dat die beweging baie aandag aan die ontwikkeling van die leierstalent sal gee.

(c) Ontwikkeling van goeie burgerskap.

Vraag I-VI C/15 en VII B/8 het oor die ontwikkeling van goeie burgerskap gegaan. Hoewel die antwoorde op die eerste vraag as gevolg van die groot aantal onbeantwoorde vrae en die baie persone wat „ten dele” onderstreep het nie oortuigend genoeg was nie, moet daarop gewys word dat die persone wat beweer het dat die beweging wel daarin slaag om goeie burgers vir ons land op te lei, hoewel hulle nie meer as die helfte van die proefpersone was nie, in al die gevalle tog meer was as die wat beweer het dat die beweging nie daarin slaag nie. In antwoord op die tweede vraag het 79 persent van die proefpersone beweer dat die beweging veel bydra om die opleiding tot goeie burgerskap te bevorder. Waar „goeie burgerskap” harmonie veronderstel tussen die enkeling en die volk waaraan lg. behoort en dit juis die doel van die beweging is om daardie harmonie te verkry, behoort die beweging hom baie sterk daarop toe te lê om goeie burgerskap by die jeug te bevorder. Dit is seker één van die belangrikste take van die Voortrekkerbeweging.

(d) Oplossing van die aanpassingsprobleme van die jeug.

In vraag I-VI C/12 word beweer dat die beweging die kind help om oor die skommelingsjare van die jeug te kom. Soos reeds aangetoon, kom hier ook nie met sekerheid gesê word wat die algemene opinie van die proefpersone is nie. Dit blyk egter dat die aantal persone wat gesê het dat die bewering waar is, hoewel hulle nie meer as die helfte is nie, tog in feitlik al die groepe meer was as die wat dit as onwaar bestempel het. En tog was daar persone wat dit beklemtoon het dat die beweging in hierdie verband niks positiefs lewer nie. Een persoon het dit as onrealisties beskou om van die beweging iets te verwag waarop hy nie ingestel is nie. Aan die ander kant was daar persone wat beweer het dat die beweging wel op hierdie saak ingestel is, en dan ook werklik sukses behaal het.

Vraag I-VI C/13, VII B/1 en VI B/10 het betrekking op die Voortrekker se verhouding tot ander persone. Waar dit uit die antwoorde op die eerste vraag lyk asof die beweging, volgens algemene opinie, sy lede help om goed oor die weg te kom met sy maats, volwassenes, die teenoorgestelde geslag en sy gesinslede, in hierdie volgorde van belangrikheid, het die antwoorde op laasgenoemde vraag die kind se ouers en onderwysers eerste geplaas en daarna die teenoorgestelde geslag. Slegs enkele persone het hier beweer dat die beweging geen invloed in hierdie opsig het nie. Die antwoorde op vraag VII B/1 toon dat die meeste ouers van mening

mening is dat die beweging 'n goeie invloed op die kind se verhouding tot hulle as ouers gehad het.

Die ondersoek het dus getoon dat, hoewel die toestand nie op alle plekke dieselfde is nie, die beweging tog, volgens die opinie van die proefpersone, 'n waardevolle bydrae lewer in die oplossing van die jeug se aanpassingsprobleme. Aangesien die aan- of inpassingsmoelikhede van die jeug juis die belangrikste grond vir die bestaansreg van die Voortrekkerbeweging gelewer het, is dit uiters belangrik dat die beweging hom sal toelê op die oplossing van hierdie probleme van die jeug.

(e) Bestryding van Jeugmisdaad.

Vraag I A/7-10, II A/7-10 en I-VI C/16 handel oor jeugmisdaad of jeugoortredings. Op die vraag of die persentasie jeugoortredings volgens die oordeel van skoolhoofde en onderwysers by Voortrekkers geringer is as by ander kinders, het verskeie persone gesê dat hierop nie sonder die nodige statistiese gegewens geantwoord kan word nie. Maar ten spyte van hierdie beswaar was die meeste persone tog van mening dat die oortredings by Voortrekkers werklik minder is as by ander kinders. In antwoord op 'n volgende vraag het die meeste hoofde en onderwysers gesê dat hulle hulle bewering grond op hul kennis van die werk wat deur die beweging gedoen word. 'n Paar persone het dit maar net as aanneemlik beskou dat jeugoortredings sal verminder waar daar van kleinsaf na die goeie gestreef word en waar kinders belangstellend besig gehou word.

Op die vraag waaraan dit toegeskrywe moet word as dit die geval is dat jeugoortredings minder by Voortrekkers as by ander kinders voorkom, is die volgende faktore die meeste benadruk : die pligsbesef en die gevoel van verantwoordelikheid teenoor God wat by Voortrekkers aangekweek word, innerlike dissipline en die gedurige invloed van die offisiere. 'n Ander faktor wat baie sterk en dikwels benadruk is, is die feit dat die misdadigertipe nie aan die Voortrekkers behoort nie.

In vraag I-VI C/16 is beweer dat die beweging daarin slaag om jeugmisdaad onder sy lede te bestry. Hierop het 'n groot persentasie gereageer deur te sê dat jeugmisdaad nie by hulle en veral nie onder Voortrekkers voorkom nie. Daardie persone het die vraag gewoonlik onbeantwoord gelaat. As gevolg hiervan en ander reeds genoemde faktore kan daar nie met sekerheid gesê word wat die algemene opinie van die proefpersone in al die groepe is nie. Daar was egter wel groepe waar meer as 50 persent van die proefpersone „dit is waar" onderstreep het, en in al die ander groepe was die aantal persone wat die bewering as waar onderskryf het, hoewel hulle nie meer as 50 persent van die totaal was nie, tog meer as die wat dit as onwaar bestempel het.

As gevolg van hierdie uitsprake lyk dit asof die

Voortrekkerbeweging.....

Voortrekkerbeweging 'n heilsame invloed uitoefen, miskien nie so seer ter bestryding van jeugmisdaad nie as ter voorkoming daarvan. En al sou dit waar wees dat die misdadigertipe nie aan die beweging behoort nie en dat misdaadbetryding nie as één van die take van die beweging erken behoort te word nie, is dit ^{daar} tog waar dat kinders by die Voortrekkers in goeie geselskap geplaas word. Hierdie feit wat van groot opvoedkundige waarde vir die lede van die beweging is, is herhaaldelik op verskillende plekke in hierdie ondersoek deur proefpersone erken.

(f) Aankweek van die eienskappe van betroubaarheid en eerlikheid.

In vraag (I-II) A/4-6 word eers aan hoofde en onderwysers gevra of hulle aan Voortrekkers voorkeur gee as hulle leerlinge vir een of ander verantwoordelike werk benoem. En hierop het slegs 'n klein minderheid „ja, altyd" geantwoord terwyl meer as drie-kwart „soms wel" of „nee, nie juis nie" onderstreep het. Op 'n verdere vraag aan laasgenoemdes waarom hulle dan nie aan Voortrekkers voorkeur gee nie, was die meer algemene antwoord dat dit nie altyd prakties moontlik was nie. Daarbenewens was dit ook teen verskeie persone se beginsel om aan 'n sekere groep voorkeur te gee. 'n Ander rede wat ook dikwels genoem is, is dat Voortrekkers nie beter as ander kinders is nie. Hier het sommige persone verduidelikend bygevoeg dat alle betroubare leerlinge nie aan die beweging behoort nie, veral nie die senior leerlinge nie. Aan die ander kant was daar ook persone wat beweer het dat dit nie nodig was om aan Voortrekkers voorkeur te gee nie omdat hulle vanself na vore kom en dus as't ware nie verbygegaan kan word nie.

In vraag (I-VI) C/14 is beweer dat die beweging daarin slaag om 'n geslag te kweek op wie ons beter sal kan staat maak as op diegene wat nie Voortrekkers is nie. Weer was die aantal persone wat die bewering onderskryf het meer as die wat dit verwerp het. Maar, as gevolg van voorheen genoemde faktore was dit nie duidelik wat die algemene opinie was nie. In die opmerkings het sommige persone die moontlikheid van so 'n voorspelling ontken. Andere het voorbeelde aangehaal om te bewys dat 'n mens nou reeds op die Voortrekkers beter kan staat maak as op andere. Maar dan was daar ook persone wat die bewering met oortuiging ontken het.

In vraag VII B/11 is aan die ouers gevra of hulle dink dat die beweging daarin slaag om so 'n geslag te kweek. Hierop het meer as 70 persent beweer dat hulle ten minste dink dat dit die geval is. Die opmerkings het niks gelewer nie.

In vraag (I-VI) C/22 is beweer dat Voortrekkers eerliker as ander kinders is. Die reaksies van die proefpersone was weer onoortuigend. Die persone wat van mening was dat die bewering

waar is, was egter in die meeste gevalle meer as die wat gereken het dat dit onwaar is. Verskeie persone het verder onder die opmerkings gewys op die onkontroleerbaarheid van die groepe en die gevolglike onwetenskaplikheid van die resultate wat uit die ondersoek verkry sal word. Daar was egter ook persone wat oortuig was dat Voortrekkers eerliker as ander kinders is, maar dan is die feit ook weer dikwels benadruk dat Voortrekkers uit beter huise kom en dat dit dus verwag kan word dat hulle eerliker sou wees.

Uit die uitsprake lyk dit tog asof die algemene opinie bestaan dat Voortrekkers betroubaarder en eerliker as ander kinders is. Hierdie bewering kan egter nie as die finale antwoord op die vraag beskou word nie. Net soos in al die ander vrae word hier maar net verwys na die opinies van volwasse persone, sonder om hulle opinies as absoluut en finaal te aanvaar. Maar al sou Voortrekkers ook betroubaarder as ander kinders wees, bestaan die vraag nog of hierdie feit aan die huislike agtergrond of aan die invloed van die Voortrekkerbeweging of aan albei toegeskrywe moet word. Hoe dit ook al sy, betroubaarheid en eerlikheid is essensiële kenmerke vir harmonie tussen die enkeling en die groep waaraan hy behoort en sal deur die beweging nagestrewes moet word as dit sy taak goed en in ooreenstemming met die doelstelling wil uitvoer.

(g) Aankweek van die eienskap van beleefdheid.

In vraag (I-VI) C/21 is beweer dat Voortrekkers beleefder teenoor hulle meerderes is as ander kinders. Hoewel meer proefpersone die bewering erken as verwerp het, was die uitsprake tog onoortuigend wat die opinies van die meerderheid betref. Presies dieselfde soort opmerkings as in die vorige paragraaf het hier voorgekom. Ook hier moet daarop gewys word dat beleefdheid teenoor meerderes 'n noodsaaklike eienskap is om elke individu die regte plek in die samelewing te laat inneem. Die Voortrekkerbeweging moet hom daarop toelê om hierdie karaktertrek by die jeug te ontwikkel.

(h) Aankweek van sterk en rein karakters.

Volgens die huidige doelstelling van die Voortrekkerbeweging wil dit sterk en rein karakters by die jeug vorm. In vraag VII B/7 word aan ouers gevra of die beweging daarin slaag om dit te doen. Hierop het 87 persent bevestigend geantwoord. Heelwat meer as die helfte van hulle het egter gedink dat ander bestaande organisasies ook maar dieselfde waarde vir hulle kinders kan hê. 'n Paar persone het gesê dat die beweging in hierdie verband net aanvullende werk doen. Ten spyte hiervan was dit tog duidelik dat die beweging wel in hierdie opsig van waarde is en dit behoort ook so te wees. Hoewel die vorming van sterk en rein karakters nie één van die hoofake van die beweging is nie, moet.....

moet dit tog een van sy ideale wees, eerstens omdat God dit van die mens en dus ook van die jeug eis om rein te lewe, en tweedens omdat swak en onrein karakters geen bate vir 'n samelewing kan wees nie maar alleen besoedelend daarop kan inwerk.

(i) Vermeerdering van kennis en vaardigheid.

In vraag (I-VI) C/10 het die meerderheid van alle proefpersone behalwe die volwassenes die bewering dat kinders nuttige dinge by die Voortrekkers leer as waar onderskryf. In die opmerkings is talle voorbeelde van sodanige dinge genoem. Aan die ander kant was daar ook persone wat beswaar gemaak het teen die nutteloosheid van die dinge waarmee Voortrekkers hulle besig hou. In vraag VI B/11 is verder aan volwassenes gevra of die beweging hulle kennis vermeerder het toe hulle as kind daaraan behoort het en of die kennis ook van waarde was. Hierop het 83 persent van die proefpersone bevestigend geantwoord, terwyl slegs één persoon beweer het dat sy kennis vermeerder is maar dat dit geen waarde gehad het nie. Uit die aard van die saak is dit natuurlik essensieel dat die beweging hom sal toelê op die vermeerdering van die kennis van die jeug maar dan natuurlik in ooreenstemming met sy doelstelling. Kennis van die volkseie en van die mens se pligte teenoor die samelewing is maar twee voorbeelde hiervan. Verder is vaardigheid nodig soms ter wille van die uitvoering van sekere pligte, soms met die oog op die gelukkige uitlewing van die jeug.

(j) Invloed op godsdienstige gesindheid.

In antwoord op vraag V A/1 aan predikante of die beweging volgens hulle mening 'n goeie invloed op die godsdienstige gesindheid van kinders het, het 94 persent of „ja, beslis" of „ek dink so" geantwoord. Die opmerking dat alles egter van die gesindheid van die offisier afhang, is verskeie kere gemaak. Op vraag VI B/14 waar aan volwassenes gevra is of die beweging hulle in hulle jeug geïnspireer het om 'n meer godsdienstige lewe te lei, het 39 persent „ja" en 30 persent „ten dele, ja" geantwoord. Daar was 26 persent wat „nee, nie juis nie" onderstreep het. In die opmerkings is dit weer soos in verskeie ander vrae gesê dat dit moeilik is om te onderskei tussen die huislike invloed en dié van die beweging. In vraag I-VI C/17 is beweer dat die beweging sy lede getrouer lidmate van hul onderskeie kerke maak. Baie persone het die vraag nie beantwoord nie en die antwoorde wat wel gegee is, was geen oortuigende stelling van die standpunt van die proefpersone nie. Die onsekerheid van die proefpersone het ook uit die opmerkings geblyk. En tog is dit na aanleiding van die hele ondersoek baie duidelik dat die beweging, as hy sy taak goed uitvoer, 'n heilsame uitwerking op die kind se godsdienstige gesindheid moet hê en dat dit nie die kind tot 'n besef van sy verpligtinge as lidmaat van sy kerk behoort te bring.

(k) Vergelykende.....

(k) Vergelykende opsomming.

In vraag I-V B/5 is aan die verskillende proefpersone van wie die kinders aan die Voortrekkerbeweging behoort het, gevra watter waarde die beweging vir hulle kinders gehad het. Daar was sewe moontlike antwoorde wat hulle kon onderstreep. En toe het dit geblyk dat meer as tagtig persent van die meeste groepe van mening was dat die beweging aan hul kinders gesonde ontspanning verskaf het. Dit was die antwoord wat met uitsondering van een groep die meeste onderstreep is. Die volgende waardes wat deur meer as sestig persent van die meeste groepe onderstreep is, was die volgende: die beweging bied geleenthede wat die kinders anders nie sou gehad het nie, dit leer hulle om self leiding te gee en sake te reël, dit het hulle sonder twyfel meer pligsgetrou gemaak en dit het beslis hulle kennis vermeerder. Dan volg die bewerings dat dit hulle verhouding tot hulle ouers verbeter het en dat dit 'n goeie invloed op hul godsdienstige lewens gehad het. Slegs 'n klein minderheid het beweer dat die beweging geen noemenswaardige invloed op hul kinders gehad het nie, en dan was daar gewoonlik 'n vir die beweging gunstige rede daarvoor.

In vraag VII B/16 is aan ouers van Voortrekkers gevra of hulle werklik sonder enige twyfel dink dat die beweging vir hulle kinders van waarde was. Daar was 73 persone wat hierop kon antwoord. Van hulle het 55 persent gedink dat die beweging van groot waarde, 37 persent dat dit in 'n sekere mate van waarde en 5 persent dat dit van min waarde was. Slegs één persoon was van mening dat dit geen waarde gehad het nie en één persoon het die vraag nie beantwoord nie.

In die tweede deel van die vraag is die proefpersone versoek om te meld watter waarde die beweging vir hul kinders gehad het. In antwoord hierop het 'n groot persentasie proefpersone beweer dat die beweging die sosiale verkeer tussen sy lede bevorder en die kinders leer om saam te werk en saam te geniet. Verder dra die beweging by tot die nasiebewuswording van die jeug en tot die inskerping van 'n gesonde vaderlandsliefde. Vervolgens is die aanwakking van die pligsbesef waardeur die jeug onbaatsugtig in diens van die medemens gestel word deur verskeie persone benadruk. Onder die baie voortreflike eienskappe wat volgens die proefpersone deur die beweging aangekweek word, is selfvertroue, verantwoordelikeheidsgevoel, selfstandigheid en al die karaktertrekke wat nodig is vir bekwame leierskap seker van die belangrikste. Die beweging het ook praktiese waarde soos bv. geopenbaar in die beoefening van Eerstehulp. Oor die ontwikkeling van 'n godsdienstige gesindheid en die waarde van die beweging ten opsigte van vryetydsbesteding is nie veel gesê nie.

Na aanleiding van alles wat dusver gesê is, kan dit

sonder

sonder enige twyfel beweer word dat die groot meerderheid proefpersone waarde aan die Voortrekkerbeweging heg. Daar is beslissende gebreke en leemtes waaraan aandag gegee sal moet word, maar ten spyte van dit alles het hierdie beweging 'n geweldige bate in ons volkslewe geword. En al sou al die persone wat uitgeskakel is omdat hulle nie 'n finale vraelys wou of kon beantwoord nie geen waarde aan die beweging heg nie, dan nog is die getuienisse tot ons beskikking genoeg om ons van die werklike waarde van die beweging te oortuig. Aan die ander kant mag die oë nie vir die tekortkominge en die probleme van die beweging gesluit word nie. Dit verminder sy waarde en bemoeilik sy taak. Hierdie probleme wat volgens die ondersoek groot afmetings aanneem, behoort onverwyld aangepak te word.

10. Die besware teen die Voortrekkerbeweging.

Daar is reeds melding gemaak van die besware teen die Voortrekkerbeweging. Dit is nou ons voorneme om na aanleiding van die vraelyste die aandag op 'n paar van hierdie besware te vestig. Terloops moet net gemeld word dat sommige ernstige besware reeds genoem is by die behandeling van die grondslae en die doelstelling van die beweging, die Voortrekkerwet en-beloofte en die voorgeskrewe toetse. Hierop sal nie weer ingegaan word nie.

(a) Uithuisigheid wat in die hand gewerk word.

Dit word soms beweer dat die Voortrekkerbeweging uithuisigheid in die hand werk. In vraag (I-VI) C/7 is die bewering gemaak dat dit die geval is. Uit die reaksie van die proefpersone het egter geblyk dat min persone hierdie bewering onderskryf. In die meeste groepe het meer as 70 persent van die proefpersone beweer dat dit nie waar is nie. Aan die ander kant was daar ook 'n paar persone wat selfs voorbeelde aangehaal het om te bewys dat uithuisigheid soms in die hand gewerk word. Dit is nie nodig om die 26 opmerkings wat hieroor gaan verder te ontleed nie. Al wat nodig is, is dat elke plaaslike kommando kennis sal neem van hierdie beswaar, al het dit waarskynlik nog maar in heel uitsonderlike gevalle voorgekom, sodat dit voorkom kan word.

(b) Die humanistiese strekking van die beweging.

Dit word soms gehoor dat die beweging 'n humanistiese strekking het. In die ondersoek is die bewering ook 'n paar keer teëgekom. In vraag V A/4 is die vraag aan predikante gestel of hierdie bewering waar is. In antwoord hierop het 61 persent gesê „ek glo nie” 22 persent „nee, beslissend nie”, en 11 persent „ek dink so” en 1 persent „ja, beslissend”. Die totaal was 94. In die opmerkings het 'n aantal predikante egter gewaarsku teen die moontlikheid van 'n humanistiese inslag ook as gevolg van sekere bewoordings in die konstitusie. En nou wil ons hierby aansluit

sluit deur nog eens te wys op die noodsaaklikheid van 'n konstitusie waarin die Christelik-nasionale lewensbeskouing van die Afrikaanse volk ten volle geopenbaar sal word. Met die huidige konstitusie in die hand kan ver gevorder word op die pad van die humanisme.

(c) Besware teen kerkparades.

In vraag V A/8 is predikante genader in verband met die beswaar teen kerkparades. Op die vraag of hulle dit goedkeur, het 14 persent, 64 persent en 13 persent van die drie onderskeie Afrikaanse kerke ontkennend geantwoord. Aan die ander kant was daar 62 persent, 7 persent en 38 persent van die drie kerke wat dit „beslis” goedgekeur het terwyl 23 persent, 29 persent en 50 persent dit „nie eintlik” kon goedkeur nie. Die onderskeie totale was 58, 28 en 8.

In vraag V A/9 is aan die predikante wat dit nie goedkeur nie gevra wat hulle besware daarteen is. En hierop het die meeste geantwoord dat kerkparades teen die wese van die erediens bots. Dit gaan gepaard met uiterlike vertoon terwyl die doel van die erediens die aanbidding van God in alle eenvoud is. Omdat die aandag van Christus afgetrek en op die mens geplaas word, word die diens antroposentries. Dit kon ook in botsing met die roeping van die ouer wie se taak dit is om sy kind na die erediens toe te vergesel en dit werk nadelig in op die kind se pligsgevoel ten opsigte van kerkbesoek. Die natuurlike eenheid van die gesin as verbondseenheid word daardeur verbreek. Kerkparades lei gewoonlik tot „spesiale” Sondae, terwyl elke Sondag iets spesiaals vir die „gelowige behoort te wees. Daar was egter ook predikante wat geen beswaar teen kerkparades gehad het nie.

Dit blyk dus dat die predikante in hul beskouinge oor kerkparades nie eenstemmig was nie. En nou is dit nie ons taak om 'n finale antwoord op hierdie vraagstuk te probeer vind nie. Wat egter wel duidelik is, is dat sommige persone prinsipieel besware teen kerkparades kan hê terwyl niemand beginselbesware kan hê as dit nie gehou word nie. Verder is die hou van kerkparades beslis nie noodsaaklik in die uitvoering van die taak van die Voortrekkerbeweging nie. Dit lewer geen bydrae om die doel van die beweging te bereik nie. Na aanleiding van al hierdie oorweginge is dit duidelik dat kerkparades liever nie gehou moet word nie.

(d) Die organisasie van die Voortrekkerbeweging.

In vraag IV A/7 word aan Distriksekretarisse gevra wat hulle dink van die stelling dat die organisasie veel te wense oorlaat as daar vir 'n groot onderneming gereël moet word. Hierop het 61 persent beweer dat die stelling nie waar is nie, 33 persent dat dit somtyds waar is en 4 persent dat dit wel waar is. In vraag III A/7 is dieselfde vraag aan Voortrekkeroffisiere gestel.

gestel. Uit 'n totaal van 230 het 3 persent dit as waar, 28 persent as somtyds waar en 63 persent as onwaar bestempel. In die opmerkings het verskeie offisiere verwys na groot ondernemings wat deur die beweging aangepak en goedgeorganiseer van stapel gestuur is. 'n Paar persone het erken dat dit soms mag gebeur dat daar swak georganiseer word, maar dan is plaaslike offisiere gewoonlik daarvoor verantwoordelik. Dit lyk dus nie of daar ernstige gronde vir hierdie beswaar bestaan nie.

(e) Die Voortrekkeruniform.

In vraag (III-IV) A/9 is aan Voortrekkeroffisiere en Distriksekretarisse gevra wat hulle van die stelling dink dat die tipe uniform wat aan Voortrekkers beskikbaar gestel is die beweging veel skade berokken het. Van 230 offisiere het 71 persent beweer dat dit nie waar is nie, 20 persent dat dit ten dele waar is en 5 persent dat dit wel waar is. Die onderskeie persentasies vir Distriksekretarisse was 70 persent, 22 persent en 5 persent. In die opmerkings is beswaar gemaak teen die kwaliteit en die snit en veral omdat dit onprakties is wanneer daar gekamp word. Verskeie persone het beweer dat die kleur by verskillende besendings verskil. Daar is ook beswaar gemaak teen die hoë koste van die uniform.

In vraag VII B/15 is aan Voortrekkerouers gevra of hulle besware teen die Voortrekkeruniform het. Hierop het 3 persent geantwoord dat hulle ernstige besware, 11 persent dat hulle minder belangrike besware en 19 persent dat hulle nie eintlik besware het nie. Van die totaal van 73 persone was 67 persent baie tevrede daarmee.

In die tweede deel van die vraag is persone wat besware gehad het versoek om hulle besware te noem. Sestien persone het hierop gereageer. Vir sommiges was die uniform te duur en vir andere het die snit en die materiaal veel te wense oorge laat. Die dogters se uniform het 'n slordige voorkoms, die romp is te nou en die hoed is ongeskik, veral vir dames vir wie dit bespotlik laat lyk. Die kleur van die seunsbroeke is onprakties. 'n Groengrys of veldgrys sou beter wees. Ook is die uniform as gevolg van die kentekens nie wasbaar nie.

Wat genoemde besware betref, moet in gedagte gehou word dat hulle van 'n minderheidsgroep afkomstig is. Die groot persentasie ouers was „baie tevrede" en het g'n kommentaar gelewer nie, omdat hulle nie gevra is om dit te doen nie. En tog, ten spyte hiervan, mag die besware nie oor die hoof gesien word nie. Daaraan moet ernstige aandag geskenk word. Maar nou is dit egter nie moontlik om vas te stel watter aandag reeds aan hierdie beweerde tekortkominge geskenk is nie, omdat daar geen ondersoek in hierdie verband ingestel is nie. Die moontlikheid bestaan dat sommige van die genoemde gebreke toegeskrywe moet word

aan.....

aan faktore buite die beheer van die beweging. Daarom kan ons g'n verdere opinie hieroor uitspreek nie.

(f) Vuil werk wat deur Voortrekkers gedoen word.

Dit word soms beweer dat die Voortrekkerbeweging toelaat dat sy lede in naam van diensvaardigheid die vuil werk van ander organisasies doen. In vraag (I-VI) C/18 is gevra of hierdie bewering waar is. Hierop het die meerderheid van al die groepe proefpersone 'n duidelike en ondubbelsinnige „dit is nie waar nie” laat hoor. In die opmerkings het talle persone egter beswaar gemaak teen die vraag as sodanig, en veral dan teen die uitdrukking „vuil werk”, wat volgens sommiges nie bestaan nie. Dit het egter geblyk dat baie persone nie verstaan het wat met hierdie uitdrukking bedoel word nie. Hierop is voorheen reeds gewys. Aan die ander kant was daar ook persone, hoewel nie veel nie, wat wel beweer het dat daar soms van die Voortrekkers misbruik gemaak word.

(g) Innerlike leemtes.

In vraag (III-IV) A/10 word aan offisiere en Distriksekretarisse gevra wat hulle beskou as die grootste innerlike leemtes of swakhede van die Voortrekkerbeweging. Daar is toe tien moontlike antwoorde gegee, waaruit die proefpersone kon kies. En hierop het 81 persent van die 230 offisiere en 76 persent van die 123 Distriksekretarisse beweer dat die ernstige gebrek aan doelgerigtheid by offisiere één van die grootste innerlike leemtes van die beweging is. Die gedagte dat daar 'n ernstige gebrek aan 'n duidelike program van aksie bestaan, is deur 50 persent van die offisiere en 52 persent van die Distriksekretarisse onderskryf. Verder het 37 persent van die offisiere en 35 persent van die Distriksekretarisse beweer dat daar 'n gebrek aan dissipline by offisiere en Voortrekkers bestaan. Die ander sewe antwoorde is deur minder as 15 persent van die proefpersone onderstreep en word dus nie as ernstig beskou nie.

In die opmerkings het 'n oorweldigende meerderheid offisiere en Distriksekretarisse beweer dat die grootste en, volgens sommiges, die enigste leemte in die Voortrekkerbeweging 'n tekort aan die regte offisiere is. Daar is egter ook op die eksklusiewe aard van die beweging gewys, waardeur sekere groepe kinders vanself uitgesluit word. Verder is die aktiwiteite en die werkswyse van die beweging gekritiseer en is die aandag gevestig op die gebrekkige leiding wat offisiere vir die uitvoering van hulle taak ontvang. Ten slotte is beweer dat die beweging nie in die behoeftes van die jeug voorsien nie, dat dit nie aan die eise van middelbareskoolleerlinge voldoen nie, dat dit te veel aan die skool as sodanig verbonde is en dat dit te veel van onderwysers as offisiere gebruik maak. Op die godsdienstige besware, en die in verband met die doelstelling van die beweging is.....

is voorheen reeds gewys.

Na aanleiding van die genoemde uitsprake is dit baie duidelik dat dit oor die algemeen beskou word dat die alles oorheersende probleem van die Voortrekkerbeweging in verband gebring kan word met die tekort aan geskikte offisiere. Dit word nie gesê in hoe verre die gebrek aan doelgerigtheid en 'n program van aksie die offisiere ten laste gelê kan word nie, maar dit is tog duidelik dat hierdie leemtes ook aan die offisiere gekoppel word. Aangesien die offisiere-probleem één van die moeilikste vraagstukke van die beweging is, sal dit egter meer volledig onder 'n aparte hoof bespreek word. Die besware teen die konstitusie waarop voorheen reeds gewys is, sal natuurlik nie deur die koms van goeie offisiere uit die weg geruim kan word nie. Hieraan sal die leiers van die beweging die nodige aandag moet skenk.

11. Die probleme van die Voortrekkerbeweging.

Dit het in hierdie studie duidelik geword dat daar, afgesien van minder ernstige probleme waaraan geen verdere aandag gegee sal word nie, vyf groot vraagstukke bestaan waardeur die Voortrekkerbeweging in die uitvoering van sy taak gestrem of benadeel word: die leiersprobleem, die verband tussen die Voortrekkerbeweging en die skool, die gebrek aan belangstelling in die beweging, die vraag in verband met die werksaamhede van die beweging, en die vraag oor die aanpassing van die beweging by veranderde toestande. Hoewel dit geensins die doel is om die laaste woord in verband met hierdie probleme te probeer spreek nie, is dit tog nodig om, na aanleiding van die vraelyste, die aandag by 'n paar gedagtes tem opsigte van die genoemde vraagstukke te bepaal.

(a) Die leiersprobleem.

Die tekort aan geskikte offisiere is van die begin tot die einde van hierdie empiriese ondersoek beskou as een van die belangrikste redes waarom die beweging sy taak nie na behore kan uitvoer nie. Daarom wil ons die probleem nou kortlik bespreek en wel onder die volgende hoofde: die werklike tekort aan offisiere, die beroepe van die offisiere, die onbekwaamheid van die offisiere en die gesindheid van die offisiere. Daarna sal geëindig word met 'n samevattende gevolgtrekking.

(i) Die werklike tekort aan offisiere.

In vraag IV A/3 is aan Distriksekretarisise gevra hoeveel Voortrekkers en bekwame offisiere daar in hulle kommando's is. Uit die antwoorde het geblyk dat die gemiddelde aantal Voortrekkers per offisier in die Transvaal 14, in die Oranje-Vrystaat 12 en in Kaapland 10 was. Nou moet dit in gedagte gehou word dat die aantal offisiere, soos deur die Distriksekretarisise aangegee.....

aangegee, in sommige kommando's buite verhouding hoog was met betrekking tot die aantal Voortrekkers in daardie kommando's, met die gevolg dat daar ander kommando's sal wees waar die aantal Voortrekkers per offisier veel groter sal wees as die wat hierbo aangegee word. In laasgenoemde kommando's is daar seker 'n pynlike tekort aan offisiere. Oor die algemeen moet dit egter gestel word dat, hoewel 8 Voortrekkers per offisier seker 'n ideaal is, die tekort aan offisiere in die kommando's waarvandaan antwoorde ontvang is, nie so groot is dat daar nie met 'n mate van sukses gewerk kan word nie.

In die algemene jaarverslag van die Transvaalse Voortrekkers vir die jaar 1958 word gemeld dat daar in die Transvaal 14,233 Voortrekkers teenoor 1,485 offisiere was. Dit is 'n gemiddeld van minder as 10 Voortrekkers per offisier. Nou moet dit egter in gedagte gehou word dat alle offisiere hierby ingesluit is, hoe onbekwaam hulle ook al mag wees. Maar ten spyte hiervan, toon ook hierdie syfers dat daar wat die getalle betref nie 'n werklike tekort aan offisiere bestaan nie, ten minste nie wat die Transvaal betref nie.

Aan die ander kant moet die aandag ook gevestig word op die reaksie van proefpersone op die bewering in vraag(I-VI) C/29 dat daar 'n groot gebrek aan belangstellende offisiere bestaan. Baie persone het getalle aangehaal om te bewys dat dit wel die geval was. Een persoon was bv. vir 'n tyd lank vir meer as 100 Voortrekkers verantwoordelik. Uit die opmerkings is dit baie duidelik dat daar kommando's bestaan waar die tekort aan offisiere die werk uitermate bemoeilik. Die ontledingstabel toon egter weer die verskynsel dat die absolute meerderheid van die proefpersone nie gewillig was om die bewering te onderskryf nie. Die tekort aan offisiere is dus wel 'n probleem, maar nie so 'n algemene as wat soms veronderstel word nie.

(ii) Die beroepe van die offisiere.

Uit die antwoorde op vraag IV A/1-2 het dit duidelik geword dat 80 persent van die Distriksekretarisse in die Transvaal, 87 persent in die Oranje-Vrystaat, 83 persent in Kaapland en 50 persent elders, onderwysers was. Dit beteken dat 79 persent van die totaal van 123 Distriksekretarisse aan die onderwyserskorps behoort het. Twaalf persent van die Distriksekretarisse was huisvrouens. Verder het dit geblyk dat, wat Kommandante en Onderkommandante betref, 77 persent in die Transvaal, 37 persent in die Oranje-Vrystaat, 44 persent in Kaapland en 50 persent elders onderwysers was. Dit verteenwoordig 63 persent van die totaal van 246. Wat Veldkornette betref, was 50 persent van die kommando's uitsluitlik van onderwysers afhanklik terwyl 'n verdere 46 persent van onderwysers sowel as van ander persone gebruik gemaak het. Die ondersoek het dus getoon dat 'n oorweldigende.....

weldigende meerderheid offisiere aan die onderwysprofessie verbonde was.

Hierdie bewering word gestaaf deur 'n ondersoek wat die Onderwysburo van die Transvaalse Departement van Onderwys in 1959 ingestel het. In die resultate wat in die „Bulletin" van September 1959 verskyn het, word beweer dat daar destyds 1,386 onderwysersoffisiere in die Transvaalse skole was. Die jaarverslag van die Transvaalse Voortrekkers vir die jaar eindigende 31 Desember 1959 meld dat daar 1587 offisiere was. Daar was dus slegs 401 offisiere vir die Transvaal wat nie onderwysers was nie. Die aantal onderwysers was 87 persent van die totale aantal offisiere in die Transvaal.

En nou is dit juis hierdie feit waarteen verskeie proefpersone vanuit alle groepe ernstige beswaar aangeteken het. Die onderwysers, so word beweer, bring 'n skoolse atmosfeer in die beweging in, hulle is oorlaai met ander verpligtinge sodat hulle nie die nodige aandag aan die Voortrekkers kan gee nie, hulle is moeg vir die kinders en die kinders vir hulle, hulle doen die werk dikwels onder dwang van die hoof sonder die nodige belangstelling, en hoe gouer die beweging van die onderwyser-offisiere ontslae kan raak, hoe beter. Die beweging moet sy offisiere uit die breë lae van die volk trek, want die Voortrekkerbeweging is 'n volksbeweging. Dit is nie 'n blote buiteskoolse aktiwiteit nie.

Hoeveel waarheid daar in hierdie bewerings ook al mag steek, moet die genoemde beskouing om praktiese redes verwerp word. In 1957 het 96 persent van die kommando's van onderwysers gebruik gemaak. Dit beteken nie dat die aantal onderwysers slegs 96 persent van die totaal was nie. Aangesien die onderwysers in byna al die kommando's meer as die ander persone was, was die persentasie onderwysers nog groter as 96 persent. En nou wil sommige proefpersone die onderwysers deur ander persone vervang. Die werksure van die meeste ander persone, in watter beroepe hulle ook al mag staan, maak dit egter byna onmoontlik om met Voortrekkerwerk behulpsaam te wees. Die onderwysers kan nie vervang word nie. Hulle uitskakeling sou die onafwendbare dood van die Voortrekkerbeweging beteken.

Daar is ook prinsipiële grond vir die verwerping van die genoemde beskouing. As die Voortrekkerbeweging 'n opvoedkundige beweging in die ware sin van die woord wil wees, as dit die opvoedingsmiddel wil wees wat wil voorsien in die behoeftes van die jeug soos dit dwarsdeur die hele ondersoek geskilder is, dan moet dit opvoedkundig gefundeer wees, dan moet dit onder die leiding van opvoedkundiges staan. Dit alleen kan aan hierdie volksbeweging status gee. En as dit nie geskied nie, bestaan die gevaar dat die beweging tot 'n gewone padvindery kan ontaard.

Met.....

Met hierdie bewering word die onskatbare waarde wat persone buite die onderwyskorps vir die beweging het, nie vir een oomblik miskien nie. Dit word ook nie ontken dat daar van hulle kan wees wat uitstekende leiding sal kan gee nie. Dit sal egter die uitsonderinge wees. Oor die algemeen moet die offisiere opvoedkundiges wees, opgelei in die besondere tegniek en die metodes van die jeugbeweging.

(iii) Die bekwaamheid van die offisiere.

Uit die antwoorde op vraag III B1-3 het dit geblyk dat slegs 16 persone uit 'n totaal van 246 offisiere nie veel kennis van die beweging gehad het nie. Die ander offisiere het skynbaar genoeg kennis en ervaring gehad om sukses te kon behaal. Daar was selfs 109 offisiere wat 'n leierskursus deurloop het en 114 wat in hulle jeug self aan die Voortrekkerbeweging behoort het. Uit hierdie gegewens lyk dit asof die offisiere van wie antwoorde ontvang is, bekwaam genoeg behoort te wees om die regte leiding te neem sodat die beweging sy taak ten uitvoer kan bring. Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie dat hierdie offisiere in 'n sekere sin reeds 'n uitgesoekte groep persone is. Verder betree ons hier 'n terrein wat nie deur die ondersoek gedek is nie, en 'n oordeel oor die bekwaamheid van die offisiere bloot op grond van die antwoorde op vraag III B 1-3 sou uiters gewaagd wees.

En tog was dit opmerklik hoe dikwels daar in hierdie studie gekla is oor die onbevoegdheid of onbekwaamheid van die offisiere en die gebrek aan kennis wat deur hulle geopenbaar word. Feitlik alle groepe proefpersone, die offisiere en Distriksekretarisse ingesluit, het hieraan deelgeneem. Dit is baie duidelik dat die offisiere, volgens die beskouing van 'n menigte proefpersone, nie vir hul taak opgewasse is nie. Daarom is die aanbeveling dan ook dikwels gehoor dat aspirant onderwysers aan opleidingskolleges en universiteite die nodige opleiding behoort te ontvang.

Hierdie laaste gedagte verdien ons ernstige aandag. 'n Opgeleide onderwyser is nog nie 'n opgeleide Voortrekkerleier nie. Wat nodig is, is 'n gespesialiseerde opleiding in buitemurse jeugwerk, waarin die jeugbeweging as sodanig en dan met name die Voortrekkerbeweging 'n belangrike plek behoort in te neem. Dit moet 'n intensiewe en 'n verpligte studie wees wat 'n belangrike deel van die opleidingskursus sal vorm en waar daar aan dieselfde eise as in die geval van die ander kursusvakke voldoen sal moet word. As die Voortrekkerbeweging iets wil doen ter oplossing van sy offisiereprobleem, sal dit stappe moet doen om kolleges en universiteite te beweeg om hierdie aspek van die opleiding van onderwysers tot sy reg te laat kom. Wat in die verlede hieraan gedoen is, is beslis nie voldoende nie. En ons beskou die

die jeugbeweging as opvoedingsmiddel van soveel belang dat dit hierdie radikale tegemoetkoming regverdig.

In verband met die waarde van die leierskursusse wat op die oomblik aan 'n paar kollegés, gedurende saamtrekke en andersins aangebied word, kan sonder die nodige ondersoek nie veel gesê word nie. Wat egter wel duidelik is, is dat die behoefte in hierdie verband veel groter is as dit waarin hierdie pogings kan voorsien, hoe waardevol hulle ook al mag wees, Skrywer het self 'n paar leierskursusse bygewoon waar uitstekende werk gelewer is. Maar sulke sporadiese leierskursusse is nie voldoende om die nodige agtergrond te vorm waarop die jeugbeweging sal kan floreer nie.

(iv) Die gesindheid van die offisiere.

In vraag III A/2 is aan Voortrekkeroffisiere gevra waarom hulle as offisiere optree. Uit die antwoorde het geblyk dat 82 persent dit doen omdat hulle veel waarde aan die beweging heg en 57 persent omdat hulle baie daarvan hou. In die opmerkings het verskeie offisiere na hulle liefde vir die jeug en die Afrikaanse volk verwys. En waar die offisiere dan in vraag III A/3 gevra is om net die belangrikste rede te noem, het 69 persent van hulle beweer dat hulle die werk doen omdat hulle waarde daaraan heg en 23 persent omdat hulle baie daarvan hou. In antwoord op vraag III A/4 waar gevra is hoe die offisiere sou voel as die Voortrekkerbeweging sou ophou om te bestaan, het 78 persent van hulle verklaar dat hulle dit sou betreur en 20 persent dat hulle daaroor spyt sal wees. Hieruit blyk dit dat die gesindheid van die offisiere wat die vraelyste beantwoord het, oor die algemeen goed was ten opsigte van die beweging. En al was daar persone wat beweer het dat hulle die werk doen slegs omdat niemand anders dit wou doen nie, dan was hulle baie min.

In vraag IV A/4 is aan Distriksekretarisse gevra of hulle van die werk hou. Hierop het 66 persent van hulle „ja, baie geantwoord en 25 persent „nie veel nie“. Daar was slegs twee persent wat hoegenaamd nie daarvan gehou het nie. Verskeie persone het egter wel gekla oor die gebrek aan tyd of die ontmoedigende omstandighede waaronder hulle moet werk.

In vraag (I - VI) C/29 is die bewering gemaak dat daar 'n groot gebrek aan belangstellende offisiere bestaan. Die reaksie hierop was dat die persone wat die bewering onderskryf het in byna al die groepe meer was as die wat dit ontken het. Eersgenoemdes was egter nie meer as die helfte van die proefpersone in die onderskeie groepe nie. En tog is daar van alle kante gekla oor die gebrek aan belangstelling by offisiere. Volgens een persoon bestaan daar vandag dan ook net een groot behoefte: besielde, entoesiastiese, vurige leiers met 'n deeglike kennis van die kind en van Voortrekkerwerk. Hierdie gebrek aan belangstelling.....

stelling is in baie gevalle die onderwyser-offisier ten laste gelê.

Behalwe die gebrek aan belangstelling was daar ernstiger besware teen die gesindheid van die offisiere. Tekens is daar gewys op 'n gees van oppervlakkigheid en 'n gebrek aan godsdienssin by hulle. Die offisiere is nie altyd „gelowige“ mense nie en hulle voorbeelde kan nie altyd nagevolg word nie. Sommige offisiere voel geen positiewe roeping ten opsigte van die jeug wat onder hulle sorg geplaas is nie. Hierdie besware is dwarsdeur die ondersoek voorgehou maar kom veral voor in die antwoorde op vraag (I-V) B/7-8.

Weer is dit moeilik om na aanleiding van die vraelyste 'n finale antwoord in verband met die gesindheid van die offisiere te waag. Wat egter wel duidelik is, is dat die gesindheid van baie offisiere nie aan die eise van die proefpersone voldoen nie. Eerstens gaan daar, as gevolg van 'n gebrek aan belangstelling, geen besieling van baie offisiere uit nie en tweedens het 'n groot aantal offisiere as gevolg van 'n gees van onverskilligheid en ongeloof geen heilsame invloed op die kinders wat aan hulle sorg toevertrou is nie.

Die tweede beswaar moet in 'n baie ernstige lig gesien word. Prinsipieël beskou kan die beweging nie van ongelowige en godsdienstig onverskillige offisiere gebruik maak sonder om sy Christelike grondslag te ondermyn en sy Calvinistiese inslag geweld aan te doen nie. Waar dit veronderstel word dat die verhouding tussen die offisier en sy span uit die aard van die saak heel intiem sal wees, daar is dit van die uiterste belang dat persone nie net met die regte gesindheid teenoor die beweging nie maar ook met die regte lewens -en wêreldbeskouing gevind sal word om daardie gesindheid en lewensbeskouing op die ontvanklike gemoed van die jeug oor te dra. Veel liever 'n geweldige tekort aan offisiere as voldoende offisiere met 'n verkeerde lewenshouding.

Wat die eerste beswaar betref, kan dit as vanselfsprekend beskou word dat persone buite die onderwysprofessie nie maklik tot die beweging sal toetree om as offisier diens te doen as hulle nie die nodige belangstelling besit nie. Die aanklag is dus hoofsaaklik teen die onderwyser-offisier gerig. Die antwoorde het duidelik uitgewys dat dit die geval is. Maar nou ontstaan die vraag onwillekeurig waarom die onderwyser in sy hoedanigheid as Voortrekkeroffisier so dikwels tekens van gebrek aan belangstelling toon. Proefpersone het soms die antwoord probeer vind: hulle is oorlaai met 'n menigte ander verpligtinge en doen die werk onder dwang van die hoof. Maar nou ontstaan 'n ander vraag: is dit nie ook die geval wanneer onderwysers besig is met ander buiteskoolse bedrywighede nie? Word daar ook gekla oor 'n gebrek aan belangstelling? Volgens talle proefpersone is ons hier besig om

af.....

af te daal tot die dieptes van die grondprobleem van die hele Voortrekkerbeweging.

Na aanleiding van die resultate van hierdie ondersoek, gerugsteun deur eie ervaring van byna twintig jaar, wil skrywer nou twee faktore noem wat bydra tot die sogenaamde gebrek aan belangstelling van die offisiere: die hoë eise wat deur die beweging aan sy offisiere gestel word en die gebrekkige middele tot beskikking van die offisiere waardeur aan die eise van die beweging voldoen kan word. 'n Verduideliking is nodig.

Die Voortrekkerbeweging stel inderdaad hoë eise aan sy offisiere. By die skepping van 'n samelewing vir jeugdiges is dit die offisier in sy opvoedershoedanigheid wat die samelewing moet beplan. Dit vereis nie alleen oorspronklikheid en aanvoeling van die jeug nie maar ook studie en voorbereiding waardeur baie ure kosbare tyd in beslag geneem word. Die beweging eis verder van die Voortrekkeroffisier die bereidheid om eiebelang op te offer en om soms die grootste mate van ongerief te verduur ter wille van die taak wat aan hom toevertrou is. Hy word dikwels geroep om huis, vrou en kind te verlaat en om, soms ten nadele van sy eie gesondheid, sy span te vergesel op hul reis deur die kinderwêreld so vol van jeugdige awontuur. Doen hy dit nie, voldoen hy nie aan die eise wat deur die beweging aan hom gestel word nie. En as sy program reeds oorlaai is, vind hy dit uiters moeilik om die nodige tyd vir al hierdie verpligtinge te bekom. Voortrekkerwerk is 'n voltydse werk.

Maar Voortrekkerwerk is ook gespesialiseerde werk. Daarvoor is kennis nodig, kennis van die kind en sy behoeftes en kennis van die Voortrekkerbeweging met alles waarvoor die beweging hom beywer. Vir die jong, onervare en onopgeleide offisier veronderstel dit dat die nodige bronne vir studie onmiddellik tot sy beskikking gestel sal word. Verder is nodig 'n duidelike program van aksie met 'n gedurige doelgerigte beplanning wat weer veronderstel dat bronne en middele vir voorbereiding in die bereik van elke offisier geplaas sal word. Hierdie bronne sal o.a. uitgewerkte besonderhede van alle voorgeskrewe take moet bevat, sodat die offisier met 'n minimum tydsbesteding 'n maksimum voorbereidingswerk kan verrig. Die opstel van sodanige handleidings is 'n werk waaraan veel aandag gegee sal moet word. Ten spyte van al die bestaande handleidings, is dikwels deur proefpersone gekla oor die gebrekkige leiding wat aan offisiere verskaf word.

En nou kan hierdie paragraaf afgesluit word deur 'n verwysing na die opmerking van één van die proefpersone, nl. dat dit nie kan verwag word dat 'n offisier belangstelling sal toon as hy nie die nodige kennis besit nie. Die nodige kennis kan alleen opgedoen word deur voorbereiding en studie. Dit kan werklik nie aanvaar word dat die onderwyser-offisiere oor die algemeen te

laks.....

laks is om hierdie studie te onderneem nie. Die moeilikheid is die gebrek aan tyd as die nodige bronne nie tot hul beskikking geplaas word nie. Dieselfde moeilikheid bestaan ook ten opsigte van offisiere wat nie tot die onderwyserskorps behoort nie, d.w.s. as hulle ook met oorlaaide programme worstel en as hul belangstelling in die jeug hulle nie die beweging tot 'n blote padvindery laat verlaag nie.

(v) Samevatting.

Dit is duidelik dat die tekort aan geskikte offisiere op baie plekke 'n geweldige probleem vir die Voortrekkerbeweging geword het. Dit is nie soseer die getalle wat die probleem veroorsaak nie maar in 'n sekere sin die onbekwaamheid van die offisiere, waardeur hulle ook belangstelling verloor. En as daar geen besieling van die offisiere uitgaan nie, stel die kinders nie belang nie en die beweging kwyn. Voortrekkerwerk is gespesialiseerde werk wat studie en voorbereiding vereis. Aangesien die meeste offisiere onderwysers is, persone van wie die program dikwels reeds oorlaai is, behoort daar goed uitgewerkte handleidings beskikbaar gestel te word, sodat met 'n minimum tydsbesteding 'n maksimum voorbereidingswerk gedoen kan word. Die gedagte dat daar van die onderwyser-offisier ontslae geraak moet word, moet om praktiese en prinsipiële oorwegings verwerp word.

(b) Die verband tussen die Voortrekkerbeweging en die skool.

Aangesien daar in hierdie ondersoek heel dikwels verneem is dat die Voortrekkerbeweging los van die skool behoort te staan, omdat sy verbondenheid aan die skool die beweging benadeel, sal daar nou heel kortliks ingegaan word op die besware van baie proefpersone teen hierdie verbondenheid en daarna sal 'n prinsipiële standpunt gestel word.

(i) Die besware teen die verbondenheid van die Voortrekkerbeweging aan die skool.

Hoewel daar geen direkte vraag in hierdie verband gestel is nie, het proefpersone heel dikwels sonder aanleiding hulle misnoeë te kenne gegee met die huidige toestand. Dit is beweer dat die beweging wat 'n „volksbeweging“ behoort te wees, verlaag word tot 'n buitemuurse aktiwiteit van die skool. Die inmenging van die hoof in Voortrekkerangeleenthede is ook veroordeel. Dit lei - so is beweer - soms tot ongesonde wedywing tussen skole. Elke hoof wil die eer vir sy eie skool toeien. Dit lei verder ook tot die gebruik dat die hoof Voortrekkerwerk aan persone opdra wat geen kennis van en geen belangstelling in die werk het nie. Dit is soms genoem as één van die belangrikste oorsake van die gebrek aan lewenskrag wat deur die beweging geopenbaar word. Hoe gouer die beweging dus sy bande met die skool kan verbreek, hoe beter. Miskien as gevolg van hierdie beskouing, miskien ook nie - dit is moeilik om te sê - , is daar plekke in ons land waar die Voortrekkerkommando's

kerkommando's los van die skole bestaan. Daar is egter in die laaste tyd, meer ter wille van doeltreffende administrasie, 'n neiging om elke skool sy eie kommando te laat hê. Teen hierdie praktyk sal baie proefpersone waarskynlik beswaar maak.

(11) Prinsipiële standpunt.

Die strekking van hierdie ondersoek was sodanig dat die gedagte van 'n skeiding tussen die Voortrekkerbeweging en die skool verwerp moet word. Die Voortrekkerbeweging is in sy diepste wese en in die grond van sy bestaan 'n opvoedingsmiddel wat in die hand van opvoedkundiges aan sekere opvoedkundige vereistes moet voldoen. Die beweging is inderdaad 'n volksbeweging, maar so is ons skole ook „volkskole”. Deur dit van die skool te skei, word die beweging blootgestel aan 'n gevaar wat meermale reeds genoem is : die gevaar om te ontaard tot 'n blote padvinderson-organisasie sonder daardie Christelik-nasionale opvoedkundige inslag, wat aan die beweging sy waarde gee en wat dit onmisbaar maak in ons volkslewe. Wat hier nodig is, is slegs meer erkenning van die kant van hoof en personeel, waardeur die beweging uitgelig sal word tot 'n hoër vlak as dié van die gewone buitemuurse bedrywig-hede.

Daar is ook 'n ander gevaar verbonde aan die skeiding tussen die Voortrekkerbeweging en die skool. In 'n brief van 'n moeder van Voortrekkerkinders wat terselfdertyd ook 'n Voortrek-keroffisier is, word op hierdie gevaar gewys. Dit verdien ons aandag. Sy skrywe dat sy voorheen aan 'n ander jeugorganisasie verbonde was waar daar geen bande met die skool bestaan het nie. En dan verhaal sy van twee skokkende gebeurtenisse wat plaasge-vind het terwyl ouers onder die waan verkeer het dat hulle kin-ders veilig was. Daar was egter niemand wat verantwoordelik gehou kon word nie, omdat die offisiere in werklikheid geen verantwoor-delike persone was nie. Sy maak melding van die gedagte van sommi-ge persone dat die beweging losgemaak moet word van die beskermen-de toesig van die skool, en dan vra sy in alle erns dat hierteen gewaak moet word.

Aan die ander kant moet erken word dat hoofde soms, of deur gebrek aan belangstelling of deur inmenging en opdringerig-heid die werk van die beweging ontsettend kan bemoeilik. Dat die regte verhouding en samewerking tussen die hoof aan die een kant en die Distriksbestuur van die Voortrekkerkommando aan die ander kant sal bestaan, is van beslissende belang vir die beweging en vir die skool. Dit is egter nie die taak van hierdie ondersoek om die verhouding tussen die hoof en die beweging nader te bepaal of om vas te stel hoe die samewerking tussen die twee behoort te geskied nie. Dit is ook nog 'n ope vraag of hierdie betrekkings in skrif vasgelê moet word. Miskien is dit 'n saak vir elke be-paalde kommando en die hoof van die skool. Hoe dit ook al sy, dat

daar

daar die regte verhouding sal bestaan is absoluut essensieel as die Voortrekkerbeweging aan sy doel wil beantwoord en as hy sy taak, wat hom in belang van die jeug van ons volk opgelê is, doeltreffend wil uitvoer.

(c) Die gebrek aan belangstelling in die beweging.

Die gebrek aan belangstelling in die beweging word dikwels genoem as één van die grootste probleme waarmee die Voortrekkerbeweging te kampe het. Daarom sal die uitsprake van die proefpersone in verband met die belangstelling van die algemene publiek, van hoofde en personeel en van die kind in die beweging nou kortliks nagegaan word.

(i) Die belangstelling van die publiek in die beweging.

In vraag(I - VI)C/27 is beweer dat die publiek min belang stel in die beweging. Die reaksie op hierdie vraag was egter sodanig dat daar nie 'n meerderheidsmening ingewin kon word nie. Baie persone het beweer dat dit ten dele waar is. Uit die opmerkings het verder geblyk dat, net soos t.o.v. ander sake, die toestand nie orals dieselfde is nie. Op sommige plekke handel die publiek asof hulle nie bewus is van die bestaan van so 'n beweging nie. Een persoon het elders opgemerk dat die publiek nie vir die beweging lus het as dit nie op 'n skinkbord na hulle toe aangedra word nie. Hierdie jammerlike gebrek aan belangstelling is meermale gemeld. Aan die ander kant was daar ook proefpersone wat die teendeel beweer het. Ja, één persoon het beweer dat die belangstelling van selfs die Engelssprekendes geweldig was.

Die gebrek aan belangstelling is veral benadruk in die antwoord op vraag(I-VI)C/19-20 waarin bewerings gemaak is in verband met die hulp wat die beweging van die publiek ontvang. Op sommige plekke staan die publiek hard teenoor die beweging. Aan die ander kant was daar ook persone wat dankbaar melding gemaak het van die hulp wat hulle van die publiek ontvang het. Die meeste proefpersone was dit egter eens dat daar nie te veel hulp van die publiek gevra en ook nie ontvang word nie.

Een persoon het gevra dat pogings aangewend moet word om die publiek meer „Voortrekkerbewus" te maak. Die vraag ontstaan nou egter waarom die publiek nie Voortrekkerbewus is nie. Is dit nie 'n aanklag teen die beweging as sodanig nie. Moet die belangstelling van die publiek kunsmatig opgewek word of sal dit van self kom as die beweging sy taak na behore uitvoer? Dit is vrae wat ontstaan as gevolg van die oortuiging dat offisiere en Voortrekkers soms ontmoedig word deur die gebrek aan belangstelling by die publiek.

(ii) Die belangstelling van hoofde en onderwysers in die beweging.

In vraag(I - VI)C/28 is beweer dat hoofde van skole min belangstelling.....

belangstelling toon. Die reaksie van die proefpersone was egter dat hierdie bewering vir die meeste plekke nie waar is nie. Uit die opmerkings het geblyk dat die hoof soms die inspirasie van die beweging is, dat hy aktief en geesdriftig leiding gee en al die nodige hulp aan die beweging verleen. Daar was selfs één geval waar al die leerlinge van die skool aan die beweging behoort het, iets wat seker sonder die aanmoediging van die hoof nooit sou kon plaasvind nie. Daar is ook gevalle aangemeld waar „Voortrekkers" 'n vereiste vir feitlik elke aansoek om 'n vakature en vir bevordering van leerlinge tot prefekte was.

Aan die ander kant was daar ook die hoofde wat geen belangstelling getoon het nie. Sommige het die beweging slegs gesteun as dit reklame vir die skool kon beteken. Een van die hoofde het erken dat dit die geval was dat hulle nie in die beweging belang stel nie maar dan het hy die vraag gestel waaraan dit toegeskrywe moet word. Hoofde ondersteun tog immers alles wat 'n uitwerking ten goede op die kind het. Die publieke opinie wat die Afrikanersaak miskien nie baie goedgesind is nie, is ook genoem as 'n oorsaak van die gebrek aan belangstelling.

Wat die onderwysers betref, is daar in vraag II A/1 aan hulle gevra of hulle waarde heg aan Voortrekkerwerk. Hierop het 62 persent van die onderwysers geantwoord dat hulle selfs baie waarde daaraan heg. In vraag II A/2 is verder gevra waarom hulle nie self ook met Voortrekkerwerk behulpzaam is nie. In antwoord hierop het slegs 12 persent van die onderwysers aan middelbare en 4 persent van die aan laerskole verklaar dat hulle daarvoor nie genoeg waarde aan die beweging heg nie. Verder was daar 17 persent van die onderwysers aan middelbare en 18 persent van die aan laerskole wat erken het dat hulle nie genoeg belangstelling in die beweging het nie.

Uit die opmerkings het verder geblyk dat daar onderwysers was van wie die oorspronklike belangstelling deur latere gebeurtenisse gedemp of vernietig is. Maar ten spyte van hierdie laaste bewering was dit tog duidelik dat, volgens hulle eie getuienisse, die meeste onderwysers nie alleen waarde aan die beweging heg nie maar ook daarin belang stel.

Afgesien van die houding van onderwysers is daar één ding wat hierdie deel van die ondersoek besonder duidelik getoon het: die absolute noodsaaklikheid van die hoof se belangstelling in die beweging. Waar dit ontbreek, staan die beweging bloot aan allerlei gevare. Waar dit aanwesig is, word leerlinge aangemoedig om by die beweging aan te sluit, word die nodige personeel as offisiere beskikbaar gestel, word fasiliteite en geleenthede geskep om die beweging in staat te stel om sy taak doelgerig uit te voer en word die beweging beskerm teen verdringing en oorheersing van ander buiteskoolse bedrywighede. Daarom is dit die noodsaaklike.....

saaklike plig van die beweging om die samewerking en die belangstelling van die hoof te verkry ter wille van die saak waarvoor die beweging staan.

(iii) Die belangstelling van die kinders in die beweging.

In vraag(I - VI) C/11 is die bewering gemaak dat kinders baie van Voortrekkerwerk hou. Die resultaat van die bewering was dat die meeste hoofde sowel as onderwysers aan laerskole dit beaam het. Maar die hoofde en die onderwysers van middelbare skole wat die bewering onderskryf het, was minder as die helfte van die totaal. Deurgaans was die persone wat gesê het dat die bewering waar is, veel meer as die wat dit verwerp het. Daar was egter 'n groot aantal persone wat dit as slegs ten dele waar bestempel het.

Uit die opmerkings het verder geblyk dat verskeie persone wat die bewering onderskryf het, bedoel het dat die Voortrekkers as sodanig baie van Voortrekkerwerk hou, en nie kinders oor die algemeen nie. Daar is in hierdie verband gewys op die klein persentasie leerlinge wat aan die beweging behoort. Wat die Voortrekkers self betref, is Voortrekkerwerk aan sommige skole die geliefkoosde buitemuurse bedrywigheid. In ander gevalle is gesê dat die belangstelling van die kind afhang van die offisier en die werk wat deur hom gedoen word, asook van die ouderdom van die kind en van die standerd waarin hy is. Die belangstelling neem af na mate die kind ouer word en na mate hy in die skool vorder na hoër standaards. Die gevolg is dat kinders aan die middelbare skool nie in dieselfde mate belang stel as die aan die laerskool nie. Daar was ook persone wat beweer het dat die kinders by hulle hoegenaamd nie in Voortrekkerwerk belang stel nie, maar hulle was in die minderheid.

In vraag VII B/13 is aan ouers van Voortrekkers gevra of dit waar is dat kinders oor die algemeen min belangstelling vir Voortrekkerwerk het, en as dit waar is, waaraan dit toegeskrywe moet word. Verder is die ouers versoek om die vraag alleen te beantwoord as hulle dink dat hulle die oorsaak weet. En toe het 45 persent van die ouers in antwoord op die eerste deel beweer dat die stelling waar is, terwyl 21 persent beweer het dat hulle dink dat dit waar is. In antwoord op die tweede deel het byna die helfte van die 38 persone wat gereageer het, gesê dat die min belangstelling van die kinders toegeskrywe moet word aan die laksheid of die onvermoë van die offisiere. Daaroor is reeds gehandel. Andere het gesê dat dit die gevolg is van die gebrek aan belangstelling van hoofde, onderwysers en ouers. Nog andere het dit toegeskrywe aan die oorgeorganiseerdheid van die hedendaagse lewe en die oorlaaide program van die kind. Die beweging word deur ander aktiwiteite verdring. Verder is beweer dat daar leemtes ten opsigte van werk en metode in die beweging bestaan

wat

wat hiervoor verantwoordelik is. 'n Laaste groep persone het dit toegeskrywe aan die gees van die tyd waarin die Afrikaner gevange sit. Die volksideaal is verwesenlik en daar word nie meer gestry nie.

In vraag VI B/1 en 5 word aan volwassenes gevra wanneer hulle by die beweging aangesluit en wanneer hulle uitgetree het. Uit die antwoorde het geblyk dat die persentasie wat as kind in 'n sekere standerd aangesluit en in St. 10 nog aan die beweging behoort het, gedaal het namate die toetredingstanderd van die grade af tot by St. 5 gestyg het. Die persentasie wat enduit Voortrekkers gebly het, was dus groter vir hulle wat in die grade aangesluit het as vir hulle wat in St. 5 aangesluit het. Maar dan styg die persentasie meteens, sodat daar 64 persent van die wat in St. 6/7 aangesluit het, in St. 10 nog Voortrekkers was. Daarna daal die persentasie weer vinnig.

Verder het geblyk dat, ten spyte van die feit dat die gemiddelde ouderdom by uittrede gestyg het, die aantal jare wat hierdie proefpersone aan die beweging behoort het, gedaal het namate die toetredingsouderdom en ook die toetredingstanderd gestyg het. Die daling in die aantal jare wat die persoon in die beweging gebly het, was egter vinniger as die styging van die standerds. Hierdie reël het net tot by St. 5 gegeld, want persone wat in St. 6/7 by die beweging aangesluit het, het langer daaraan behoort as die wat in St. 4/5 toegetree het. Daarna was daar weer 'n vinnige daling in die aantal jare wat die persone in die beweging was. Dit beteken dus dat, geoordeel volgens hierdie proefpersone, 'n kind wat in 'n lae standerd by die beweging aansluit oor die algemeen nie alleen langer in die beweging bly nie maar selfs ook later uittree as één wat in 'n hoër standerd aangesluit het.

In vraag VI B/2 is gevra waarom die proefpersone by die beweging aangesluit het. Uit die antwoorde het geblyk dat maats by die meeste van hulle 'n belangrike rol gespeel het asook die vooruitsig dat hulle by die Voortrekkers aangenane dinge sou kon doen. Uit vraag VI B/3 kan afgelei word dat laasgenoemde faktor die belangrikste was. In antwoord op die vraag VI B/4 of die beweging toe aan hulle verwagtinge voldoen het, het 22 persent geantwoord dat die beweging hulle stoutste verwagtinge selfs oortref het en 56 persent dat hulle veel verwag het en dat hulle nie teleurgestel was nie. Daar was selfs proefpersone wat nie veel verwag het nie en toe werklik verras was. Daar was egter ook 'n klein minderheid wat teleurgestel was.

Uit die antwoorde op vraag VI B/6 waarom hulle toe weer uit die beweging getree het, het slegs één persoon as rede opgee dat die werk wat gedoen is nie aangenaam was nie en twee persone dat dit nie nuttig was nie. Die oorweldigende meerderheid proefpersone.....

proefpersone het uitgetree om praktiese redes of om omstandighede waaroor hul g'n beheer gehad het nie. In vraag(I-V)B/6 en 7 is aan proefpersone van wie die kinders die Voortrekkerbeweging verlaat het gevra na die oorsake van hierdie verlatting. Die antwoorde het getoon dat die redes ook hier oorwegend prakties van aard was. In vraag VI B/1 is aan volwassenes wat nooit Voortrekkers was nie, gevra waarom hulle nooit by die beweging aangesluit het nie. Hierop het 73 persent van die persone gesê dat daar nie 'n beweging bestaan het waarby hulle kon aansluit nie. Slegs één persoon het beweer dat die werk nie aangenaam gelyk het nie. Daar was slegs 11 persone wat in hierdie groep geval het.

Uit bostaande uitsprake is dit baie duidelik dat dit nie waar is - volgens die beskouing van die proefpersone - dat Voortrekkers oor die algemeen min belangstelling in die beweging toon nie. Dit lyk asof die beweging oor die algemeen daarin slaag om die kind se belangstelling te wen en vir 'n tyd lank te behou. Die belangstelling word egter minder namate die kind ouer word en na hoër standerds bevorder word. Aan die begin van die middelbareskooljare is daar 'n snelle oplewing, maar daarna daal die belangstelling weer vinnig. Die belangstelling is skynbaar veel minder aan die middelbare as aan die laerskool. Dit moet gedeeltelik toegeskrywe word aan leemtes in die beweging, omdat die behoeftes waarin die beweging wil voorsien in daardie jare juis veel sterker aangevoel word as in die laerskooljare. Daar is egter ook ander faktore. Verder is daar kommando's waar die belangstelling van die Voortrekkers 'n laagtepunt bereik het. Die belangrikste oorsaak hiervan moet dikwels by die offisiere gesoek word.

Wat die Afrikaanse kind oor die algemeen betref, het hierdie ondersoek bewys dat die belangstelling in die beweging gering is. Volgens die Bulletin uitgegee deur die Onderwysburo van die Transvaalse Departement van Onderwys in September 1959, word beweer dat 11.1 persent van die leerlinge aan groter laerskole en 8.0 persent van die aan hoërskole aan die Voortrekkerbeweging behoort. Hierdie lae persentasie moet weliswaar gedeeltelik toegeskrywe word aan 'n tekort aan offisiere, maar aan die ander kant het hierdie ondersoek die indruk geskep dat dit in 'n groter mate toegeskrywe moet word aan verdringing deur ander buitemuurse aktiwiteite. Die vraag in hoe verre gemaksug en die sensasiebeluste gees van ons eeu die kind afskrik vir 'n beweging met 'n diensmotief en 'n pligsbeklemtoning soos die Voortrekkerbeweging, kan nie op hierdie stadium beantwoord word nie. Die vraag ontstaan onwillekeurig of dit nie miskien waar is dat die jeug van vandag net wil geniet en nie gewillig is om te offer nie. Aan die ander kant moet die beweging hom self afvra of hy genoeg bied om die Afrikaanse kind wat dieselfde ideale koster tot sy geledere te betrek.

(d).....

(d) Die vraag in verband met die werksaamhede van die beweging.

Aangesien die werksaamhede van die beweging van die uiterste belang is, sal daar nou gepoog word om vas te stel wat die opinie van die proefpersone in verband hiermee is. By die aanbeveling op pag.336 dat die bestaande toetse deur take vervang sal word, is reeds heelwat gesê oor die aard en die opstelling van die beoogde take. Oor hierdie aspek van die Voortrekkerwerksaamhede sal dus nie weer gehandel word nie.

In vraag I - VI C/1 word beweer dat die beweging net die tyd van offisiere en kinders mors. Die meeste persone het die bewering verwerp. In die opmerkings is egter tog op faktore gewys wat daartoe lei dat tyd vermors word. Die belangrikste hiervan was 'n gebrek aan doelgerigte programme, nuttelose en verouderde werk en werkmetodes, die onvermoë van die offisiere, gebrek aan belangstelling van hoofde ens.

In vraag(I - VI)C/2 is beweer dat die offisiere gewoonlik nie weet wat om met die Voortrekkers te doen nie. Die persone wat beweer het dat die stelling waar is, was minder as die wat die teenoorgestelde beweer het. Die uitsprake was egter nie oortuigend nie. Wat die opmerkings betref, het die proefpersone herhaaldelik gewys op die ongeskiktheid van die offisiere vir die werk wat hulle moet doen. 'n Paar persone het verwys na wat hy hulle gedoen word om die offisiere te help. Verdere faktore wat genoem is, is die gebrek aan tyd, aan programme, aan handleidings en aan spankamers.

In vraag(I - VI) C/3 is beweer dat, al weet die offisiere ook waarmee hulle die kinders moet besig hou, die dinge wat hulle doen g'n opvoedkundige waarde het nie. Hierop het die proefpersone 'n duidelike meerderheidsantwoord gegee: „dit is nie waar nie." Die persone wat die bewering wel as waar beskou het, het die volgende oorsake genoem: verouderde en onpraktiese toetse, die gebrek aan die nodige tyd & fasiliteite, die oorbeklemtoning van pret en plesier en die onbevoegdheid van offisiere.

In vraag VII B/14 is aan ouers van Voortrekkers gevra of hulle enige beswaar het teen die wyse waarop Voortrekkermiddele deurgebring word en indien wel, watter besware hulle gehad het. In antwoord hierop het meer as die helfte van die ouers gesê dat hulle baie tevrede is met die wyse waarop die Voortrekkers besig gehou word. Die besware van die wat nie tevrede was nie, het op die volgende neergekom: daar word te veel gepraat en te min gedoen; daar is te min selfaktiwiteit en te veel teoretiese werk; te min uitstappies, veldwerk, drillwerk en sang; te min aandag aan konstruktiewe werk; die programme is te eentonig; daar is geen geïnspireerde leiding nie, die byeenkomste is planloos, doelloos en sielloos; die offisiere is onvoorbereid en daar is

is 'n gebrek aan 'n sistematiese en vooropgestelde werkprogram.

In verband met die genoemde besware ontstaan daar nou twee vrae wat beantwoord moet word: (i) waarmee moet die Voortrekkers besig gehou word en (ii) hoe moet hulle besig gehou word? Hierdie vraag is van die uiterste belang vir die beweging. Daar is egter reeds pogings aangewend om antwoorde op hierdie vrae te vind. Dit is gedoen in paragraaf 5,6 en 9(a) van die onderhawige hoofstuk. Dit word dus nie nodig geag om verder te handel oor die so uiters belangrike vraag in verband met die inhoud en die metode van die Voortrekkerbedrywighede nie.

(e) Die vraag in verband met die aanpassing van die beweging.

As daar gesprek word oor die aanpassing van die Voortrekkerbeweging by veranderde toestande, dan is daar twee dinge waaraan gedink kan word. Albei gedagtes verdien ons aandag.

Eerstens kan hiermee bedoel word dat die beweging die inhoud van sy toetse of take en sy metode van aanbieding in ooreenstemming met die belangstellingsrigting van die moderne jeug behoort te bring. Die beweging behoort dus sielkundig geheroriënteer te word. Hierdie gedagte omvat alle besware wat teen die verouderde stof en metode van die beweging gerig was. Die aanbevelings in verband met die werksaamhede van die beweging wat in paragraaf 9 (d) genoem is, is egter bedoel om ook die genoemde besware te onderskep. Daarom sal daar oor hierdie aanpassingsgedagte nou nie verder gehandel word nie.

Daar is egter ook 'n tweede betekenis wat aan die begrip aanpassing geheg kan word. Dit is die gedagte dat daar 'n fundamentele heroriëntering ten opsigte van die verhouding van die beweging tot ander bevolkingsgroepe moet plaasvind. Ons lewe in 'n tyd van toenadering en versoening, waardeur die toekomstpatroon van die Afrikaanse volk miskien radikaal verskillend sal wees van dié van die verlede. Hoewel g'n vraag in hierdie verband gestel is nie, het 'n paar persone hulle in die antwoorde op vraag VII B/19 baie skerp uitgespreek in verband met die houding en selfs die taak van die Voortrekkerbeweging in die nuwe bedeling. Die ideale wat ons nastreef moet eerlik en fundamenteel, moreel en geestelik verantwoord wees en as die beweging mense kan bymekaarbring wat bymekaar hoort, dan sal dit 'n wesenlike ideaal nastrewe. Mense mag egter net rondom Gods Woord bymekaar gebring word, en daar is meer mense wat hulle rondom Gods Woord skaar as net die Afrikaners. As die Voortrekkerbeweging 'n deurbraak kan bewerkstellig tot enersdenkendes onder ander bevolkingsgroepe, sal dit beslis 'n roemryke doel dien. Tot dusver die bewering van een van die proefpersone.

Die vraag ontstaan nou egter of so 'n deurbraak op die weg van die Voortrekkerbeweging lê. Dat daar 'n nouer samewerking en selfs 'n geestesgemeenskap tussen enersdenkendes op godsdienstige.....

tige gebied moet bestaan, is 'n stelling wat hier nie weerlê sal word nie. 'n Integrasie-beleid vir die Voortrekkerbeweging sal om prinsipiële redes egter verwerp moet word. Dit is in stryd met die wese en die taak van die beweging. Hierdie bewering sal nader toegelig moet word.

Die Voortrekkerbeweging is in sy diepste wese 'n sosiaal-opvoedkundige beweging wat slegs opvoedkundige doeleindes nastrewe. Hoewel dit op Christelik-nasionale grondslag staan, is dit nog geen godsdienstige of politieke organisasie nie. Om enersdenkendes rondom Gods Woord te laat vergader, lê op die weg van 'n suiwer godsdienstige beweging en nie op die weg van 'n opvoedkundige instelling nie. Die nasionale karakter van die Voortrekkerbeweging bring verder mee dat dit uitsluitlik bedoel is vir die jeug van die Afrikaanse volk en almal wat hulle volkome met hierdie jeug vereenselwig en deur die jeug opgeneem word. As enersdenkendes op godsdienstige gebied uit alle rasse-groepe in 'n jeugbeweging bymekaar gebring word, moet dit noodwendig lei tot die uitwissing van die nasionale karakter van die beweging.

Die verwerping van die integrasiebeleid deur die Voortrekkerbeweging moet verder veral op grond van die vooropgestelde taak van die beweging geskied. Dit het in hierdie studie reeds duidelik geword dat dit één van die take van die beweging is om die Boerejeug nasiebewus te maak en om die bande met die volksverlede te verstewig. Doen hy dit nie, so het ons beweer, dan pleeg hy troubreuk. En nou loop die pad van die Afrikaner se volksverlede nie alleen oor die walle van 'n Bloedrivier nie maar ook deur konsentrasiekampe en by kindergrafte verby. Moet hierdie dinge vir die jeug van die Afrikaanse volk verwwy word? Watter ander rasse-groepe kan, tensy hulle geheel en al in die Afrikanerdom opgelos word, die warm gloed van 'n nasiebewustheid voel by die aanhoor van hierdie dinge. Nee, in die nuwe bedeling moet die Voortrekkerbeweging juis 'n behoudende element in ons volkslewe wees. Meer as ooit tevore bestaan daar 'n behoefte aan 'n opvoedingsmiddel om ons jeug bewus te maak van 'n eie identiteit te midde van alle ander rasse-groepe in ons land. In hierdie verband staan die Afrikaanse volk miskien voor een van die grootste uitdagings in sy geskiedenis. En die volksbeweging van die Afrikaanse jeug word geroep om steeds koers te hou op die pad van Suid-Afrika.

In hierdie sterk standpunt wat die Voortrekkerbeweging behoort in te neem, lê daar 'n gevaar waarvan die proefpersone ons bewusgemaak het. Die tyd het aangebreek vir samewerking en wedersydse respek tussen die verskillende rasse-groepe in ons land. As die volksverlede aan die jeug van die Afrikaanse volk voorgehou word, dan moet dit sonder enige bitterheid geskied. Die

Voortrekkers

Voortrekkers moet geleer word om die volkseie lief te hê en te beskerm, ja, maar ook om die gevoelens van ander rassegroepe te eerbiedig. As die beweging daarin kan slaag om by die Voortrekkers 'n gesonde verhouding tot alle welmenende rassegroepe in ons land aan te kweek dan het dit reeds 'n waardevolle bydrae gelewer vir die nuwe bedeling wat ons nou tegemoet tree.

12. Samevatting van die resultate.

Die resultate van die ondersoek sal nou kortliks saamgevat word. Dit kan onder vier hoofde gedoen word: die taak en die bestaansreg van die Voortrekkerbeweging, waardering vir en kretiek op die werk van die beweging, die probleme van die beweging en aanbevelings.

(a) Die taak en die bestaansreg van die Voortrekkerbeweging.

Die eerste deel van die ondersoek het begin met die vraag of die Voortrekkerbeweging 'n bestaansreg en 'n taak te midde van al die ander jeugaktiwiteite in ons land het. Die vraagstuk is van verskeie kante benader en dit is gevind dat die beweging wel 'n bestaansreg het op grond van bepaalde behoeftes van die jeug, van die samelewing, en van die volk - behoeftes waarin die genoemde beweging sal moet voorsien. As dit egter nie daarin slaag om in die behoeftes te voorsien nie, sal dit g'n bestaansreg hê nie. Die behoeftes is, veral wat die jeug betref, nie afhanklik van tydsomstandighede of skadelike omgewingsfaktore nie. Dit is basiese behoeftes, eie aan die wese en die Godgegewe natuur van die jeug en dit bestaan vir alle tye en omstandighede. Die ingewikkelde struktuur van die moderne samelewing het die behoeftes egter geaksentueer en onder die aandag van opvoedkundiges gebring.

Wat is nou hierdie behoeftes? Vanuit die standpunt van die jeug is gevind dat daar by die jonger kind 'n behoefte aan bendevoorming bestaan terwyl die puber 'n behoefte het aan uitlewing in ooreenstemming met sy eie aard op so 'n wyse dat sy selfhandhawingsdrang o.a. bevredig kan word. Vanuit die standpunt van die samelewing bestaan daar 'n behoefte aan persone by wie die pligsgevoel en die verantwoordelikebesef teenoor menslike gesagbekleders en teenoor God ingeskerp sal wees. Vanuit die standpunt van die Afrikaanse volk word daar 'n behoefte gevoel aan die nasionale bewuswording van die jeug, waardeur die volkseie met 'n selfopofferende liefde beskerm sal word. Vanuit godsdienstige standpunt word gesoek na 'n middel om die jeug te leer om in kinderlike gehoorsaamheid aan die Wil van God in werk en ontspanning rekening te hou met die eise van die Heilige Skrif. Dit is kortliks die behoeftes waarin die Voortrekkerbeweging sal moet voorsien.

As die Voortrekkerbeweging dit sy taak maak om in

hierdie.....

hierdie behoeftes te voorsien en as dit werklik daarin slaag om dit te doen, dan eers kan met sekerheid gesê word dat die beweging bestaansreg het. Daar is egter verder as eis gestel dat dit op Christelik-nasionale grondslag moet staan en dat dit moet voldoen aan die eise van die Calvinistiese volksaard van die Afrikanernasie. Om vas te stel of die beweging aan al hierdie eise voldoen, is die empiriese ondersoek uitgevoer.

(b) Waardering vir en kritiek op die werk wat deur die beweging gedoen is.

Na aanleiding van die ondersoek is gevind dat die beweging volgens die opinie van die meeste proefpersone wel daarin slaag om 'n sin vir verantwoordelikheid en plig by sy lede in te skerp. Daar het egter ook dinge plaasgevind wat daartoe kon lei dat die kind se verantwoordelikeheidsgevoel afgestomp mag word. Wat die nasionale bewusmaking van sy lede en die bande met die volksverlede betref, is die skyn gewek dat die beweging op te veel plekke nie genoeg in hierdie verband doen nie. Dieselfde geld ook vir die geleenthede vir uitlewing wat vir die jeug geskep word. Aan die ander kant bestaan daar ook florerende kommando's wat skynbaar wel in die betrokke behoeftes van jeug, samelewing en volk voorsien het. Die beweging het dus groten-deels daarin geslaag om aan sy doel te beantwoord en om sy taak uit te voer. Daar was egter ook baie leemtes en gebreke waarop hieronder gewys sal word.

Behalwe die bogenoemdes het die Voortrekkerbeweging ook ander waardes vir sy lede gehad wat in die nouste verband met sy taak staan. Die volgende val hieronder: dissiplinêre waarde, ontwikkeling van leierstalent en goeie burgerskap, die oplossing van die aanpassingsprobleme van die jeug, die bestryding van jeugmisdaad, die aankweek van die eienskappe van betroubaarheid, eerlikheid en beleefdheid, die ontwikkeling van sterk en rein karakters, die vermeerdering van kennis en vaardigheid, en 'n mate van invloed op die godsdienstige gesindheid van sy lede. Byna in al die gevalle was daar, ten spyte van persone wat dit ontken het, skynbaar 'n invloed ten goede.

As alles in aanmerking geneem word, ook die antwoorde op vraag VII B/19, waar in die laaste vraag van die ondersoek aan die ouers van Voortrekkers gevra is wat nou samevattend hulle oordeel oor die Voortrekkerbeweging is, kan, ten spyte ook van al die leemtes en gebreke in die beweging, tot geen ander gevolgtrekking geraak word nie as dat dit 'n groot bate in ons volkslewe geword het en sy taak op 'n bevredigende wyse uitvoer. Die leemtes, gebreke en probleme van die beweging verdien nou die ernstige aandag van almal wat in die beweging belang stel.

(c) Die leemtes in die beweging.

Die eerste leemte in die beweging moet in sy konstitusie.....

tusie gesoek word. Sy doelstelling word gekenmerk deur 'n algehele afwesigheid van die Christelike opvoedingsideaal van die gelowige ouer. Dieselfde geld vir die Voortrekkerwet wat, afgesien van hierdie beswaar, ook nie 'n openbaring van sy doelstelling is nie. As die doel van die Voortrekkerbeweging nie in sy wet tot openbaring kom nie, het die wet geen sin en betekenis nie. Die Voortrekkerbelofte moet om prinsipiële redes miskien selfs sy reg van bestaan ontsê word. As dit wel bestaansreg het, moet die bewoording daarvan verander word. Die voorgeskrewe werk wat in die vorm van toetse aangegee word, is nie in ooreenstemming met die vooraf bepaalde doel van die beweging nie. Om verskeie redes behoort die toetse deur take vervang te word. Hoewel die beweging waarskynlik op die oomblik geen humanistiese inslag toon nie, vrywaar sy konstitusie hom nie heeltemal in hierdie opsig nie.

Behalwe die besware teen die konstitusie van die beweging, is daar op ander leemtes gewys, leemtes waardeur die waarde van die beweging verminder en sy krag verswak kan word. So is daar telkemale gewys op Sondagsontheiliging wat deur naweekkampe veroorsaak word. Kerkparades word deur baie proefpersone sterk afgekeur. In slegs enkele uitsonderlike gevalle is uithuisigheid deur die beweging in die hand gewerk of is van Voortrekkers deur ander organisasies misbruik gemaak. Die Voortrekkeruniform het betreklik baie besware uitgelok en verskeie persone het gekla oor die hoë koste wat aan die beweging verbonde is.

Die genoemde besware teen die konstitusie is, van ernstige aard. Daaraan behoort die beweging onmiddellike aandag te skenk. Dieselfde geld vir die beswaar in verband met Sondagsontheiliging en miskien in verband met kerkparades. Die ander genoemde leemtes of gebreke is nie van ernstige prinsipiële aard nie. Daar is egter wel 'n aantal probleme waarmee die beweging te kampe het en wat van meer ernstige aard is.

(d) Die probleme van die Voortrekkerbeweging.

Die grootste probleem waarmee die beweging te kampe het, is 'n tekort aan geskikte offisiere. Dit word beweer dat baie offisiere onwillig en onbekwaam en sonder enige belangstelling in Voortrekkerwerk is. Sommige van hierdie persone doen die werk onder dwang van hul hoofde. Daar is ook gevalle waar die offisiere 'n onverskillige en ongelowige houding aangeneem het. Verskeie persone het beweer dat die beweging ontslae moet raak van sy onderwyser-offisiere omdat hulle 'n skoolse atmosfeer die beweging binnedra. Die standpunt is egter ingeneem dat die beweging onder die leiding van niemand anders as opvoedkundiges behoort te staan nie. Al wat nodig is, is beter opleiding vir aspirant-offisiere aan universiteite en opleidingskolleges.....

opleidingskolleges vir onderwysers. Die bewering dat die beweging los van die skool behoort te staan, is om dieselfde rede verwerp.

'n Tweede groot probleem waarmee die beweging worstel, is die gebrek aan belangstelling in die beweging. Hierdie gebrek word by volwassenes sowel as by die jeug gevind. Die ondersoek het egter getoon dat, wat die Voortrekker self betref, die belangstelling lewendig genoeg is. Die persentasie kinders wat tot die beweging toetree, is egter heel gering. Daar behoort pogings aangewend te word om by hoofde van skole, onderwysers en leerlinge meer belangstelling vir die beweging op te wek. By die opstelling van take moet hiermee rekening gehou word.

Die keuse van die regte stof en die opstel van voorgeskrewe take wat op die doel van die beweging sal afstuur, is 'n vraagstuk van die grootste belang. Daar is egter gewys op die noodsaaklikheid van navorsing en studie. Daar is sekere vereistes waaraan die voorgeskrewe werk sal moet voldoen. Hiermee sal ook rekening gehou moet word.

Die laaste vraag wat in hierdie ondersoek aangeraak is, is dié in verband met die aanpassing van die beweging by moderne toestande. Die standpunt is ingeneem dat die behoeftes van die moderne jeug in 'n veranderde wêreld terdeë in aanmerking geneem sal moet word. Maar die gedagte dat die Voortrekkerbeweging 'n integrasiebeleid ten opsigte van enersdenkendes in ander rassegroepe behoort te huldig, is om prinsipiële redes verwerp. Met die oog op die nuwe geestestrominge in ons volkslewe moet die Voortrekkerbeweging aan die één kant agting vir die idees van andere aanmoedig, maar dit moet terselfdertyd ook 'n behoudende element in ons volkslewe wees om die jeug van ons volk nasiebewus te hou.

(e) Aanbevelings.

Hierdie ondersoek het aangetoon dat die Voortrekkerbeweging van onskatbare waarde in ons volkslewe is, ja dat dit selfs heeltemal onmisbaar geword het. Sy bestaansreg is oor en oor bewys. En tog, ten spyte van dit alles, is daar fundamentele gebreke en innerlike leemtes wat sy waarde verminder en sy aansien benadeel. Op sommige plekke voer die beweging 'n kwynende bestaan en op ander plekke het dit selfs doodgeloop. Dit is pynlik om aan te hoor hoe die beweging, wat die siel van die Afrikaanse jeug behoort te wees, soms koersloos, ronddobber op die oseaan van die lewe. Die leemtes en gebreke behoort onverwyld reggestel te word sodat die ideale wat in die beweging beliggaam is tot verwesenliking kan kom. Die jeug van die Afrikaanse volk eis dit en die wat daarby betrokke is moet luister.

Hierdie ondersoek word nou afgesluit deur die waarskynlike weg aan te wys wat na aanleiding van die ondersoek deur die

die beweging gevolg sal moet word.

Eerstens moet die beweging rekenskap gee van die behoeftes waarin dit wil voorsien. As daar nie sodanige behoeftes bestaan nie, dan het die beweging geen bestaansreg nie. As die beweging die behoeftes wat in hierdie ondersoek genoem is nie aanvaar nie, dan moet dit ander behoeftes aanwys. Maar die eerste uitgangspunt van die beweging moet wees dat daar behoeftes bestaan waarin dit wil voorsien. Die voorsiening in daardie behoeftes is die taak van die beweging.

In die tweede plek moet die beweging sy konstitusie hersien. Sy aanvaarde taak moet in sy doelstelling, sy wet en sy belofte beliggaam word en daarin duidelik tot openbaring kom. Die grondslag van die beweging moet Christelik-nasionaal wees. Maar hierdie uitdrukking sonder meer is nie voldoende nie. Daar behoort 'n kort beleidsverklaring te volg waardeur aangetoon word dat in hierdie kort sinsnede die hele aard en karakter van die beweging blootgelê word. Die godsdiens mag nie meer soos in die huidige konstitusie vermeld word, 'n vername plek inneem omdat die samekomste diensbaar gestel word aan Christelike en maatskaplike deugde nie. Dit is humanisties. Daar moet in kinderlike gehoorsaamheid gesoek word na die verheerliking van God, en dit is al doel waarvoor die godsdiens gebruik mag word. Hierdie opvatting moet in die konstitusie vermeld word.

In die derde plek moet die beweging sy stof noukeurig en versigtig kies met die oog op sy doel gerig. Elke toets of taak moet 'n bydrae lewer ter bereiking van die vooropgestelde doel en elke toets of taak wat dit nie kan doen nie, moet uitgeskakel word. Hierdie voorgeskrewe werk van die beweging moet aan al die opvoedkundige vereistes voldoen. Daarom moet dit die produk van navorsing en studie wees. Elke deel van die werk moet gedek word deur 'n noukeurige handleiding wat die regte uitvoering daarvan, selfs deur die onopgeleide offisier, sal verseker.

In die vierde plek moet die probleme van die beweging onmiddellike aandag geniet. In hierdie verband moet daar veral aan die twee hoofprobleme gedink word: die tekort aan offisiere en die gebrek aan belangstelling in die beweging. Vir 'n moontlike oplossing hiervan verwys ons na wat in die paragrafe oor die probleme aanbeveel is. Dit is van die uiterste belang dat daar daadwerklik opgetree sal word om hierdie probleme die hoof te bied.

As hierdie dinge gedoen word, kan die Voortrekkerbeweging miskien uitgebou word tot 'n magtige organisasie wat die ideale van elke gelowige ouer sal beliggaam. Dan kan dit 'n kragtige middel word om die jeug van ons volk saam te bind en op te voed om in werk en ontspanning ten volle bewus te wees van sy pligte en sy verantwoordelikhede teenoor God die Here, teenoor sy land.....

land en sy volk en teenoor sy medemens. So kan die jeug geleer word om met selfopofferende liefde te waak oor die belange van die Afrikanernasie en om in kinderlike gehoorsaamheid rekening te hou met die wil van God. En dan eers sal kan gesê word dat die beweging sy taak goed uitvoer en ten volle aan sy doel beantwoord.

13. Slotopmerkings in verband met hierdie ondersoek.

Ter afsluiting van hierdie verhandeling wil skrywer kortliks die aandag by drie probleme bepaal wat s.i. vir die afronding daarvan noodsaaklik is.

Ten eerste 'n paar opmerkings oor die metode wat gevolg is. Toe daar met die studie begin is, het die proefnemer wel 'n teoretiese beeld gehad van die vraagstuk wat ondersoek moes word. Die onderdele van hierdie vraagstuk was vir hom in daardie beginstadium egter nog nie duidelik omlyn nie. Dat die eise van Gods Woord die absolute norm is waaraan alle fasette van menslike bedrywighede uiteindelik getoets moet word, was natuurlik ook 'n uitgemaakte saak. Maar hoe moes die „taakvervulling“ van 'n beweging - want dit was die vraagstuk waarmee die proefnemer hom wou besig hou - op 'n wetenskaplike wyse aan hierdie norm onderwerp word? By die oordenking hiervan het die probleme so deurmekaargestrengel dat dit, anders as by die eksperimentele metode, nie moontlik was om vooraf presies te bepaal hoe alles gedoen sou word nie.

Die vraag het ook ontstaan of die vraelysmetode die beste metode vir hierdie ondersoek sou wees. Sou dit nie moontlik gewees het om die hele studie op die meer gekontroleerde eksperimentele basis te plaas nie? Maar ten spyte van alle pogings was dit nie moontlik om 'n wyse te vind waarop die „taakvervulling“ van die Voortrekkerbeweging eksperimenteel benader kon word nie. En toe daar op die vraelysmetode met al sy bekende tekortkominge besluit is, het daar die verdere beperking gevolg, wat uit die aard van die ondersoek nie vermy kon word nie, nl. dat die resultate nie aan die gebruikelike statistiese bewerkings onderwerp kon word nie, omdat die groepe waarmee gewerk sou word uit die aard van die saak nie ewekansige groepe sou wees nie. Al sou die keuse van die groepe nog statisties verantwoord kon word, sou die nie-beantwoord van vraelyste deur sommige persone die gevolg hê dat die groepe wat gereageer het nie meer ewekansige groepe sou wees nie. Daar moes dus, op advies van 'n erkende statistikus, afgesien word van die gedagte om die resultate statisties te verwerk.

Die weg is aanvanklik dus al voelende gegaan. Na mate die ondersoek gevorder het, het dit egter duidelik geword dat daar by die proefpersone sekere deurlopende gedagtes bestaan nadat alle bykomstighede verwyder is. So het die probleme/.....

bleme en die gebreke van die beweging vir die proefnemer gestalte begin kry. So het ook die metode vir beoordeling en die gevolgtrekkings gedurende die ondersoek uit die menigte van gedagtes uitgekristalliseer.

Dit het ook gaandeweg duidelik geword dat hierdie metode wetenskaplik aanvaarbaar is. Hoewel dit gedurig in gedagte gehou is dat die resultate op opinies van mense berus, was daar dikwels so 'n groot ooreenkoms tussen die opinies van 'n groot aantal proefpersone, dat die waarde daarvan nie meer betwyfel kon word nie. Die baie opmerkings wat die proefpersone bygevoeg het en die briewe wat deur baie van hulle geskrywe is, was 'n bewys van die erns waarmee baie persone hierdie vraagstuk bejeen het. Verder is die meeste vraelyste aan ontwikkelde persone gestuur wat in 'n groot mate wetenskaplik onderlê was. Aan hulle is 'n duidelike versoek gerig om die werklike toedrag van sake, soos hulle dit sien, te meld. Watter reg sou daar dan bestaan om die uitsprake van die genoemde persone in twyfel te trek? Hierdie gedagtes het die proefnemer daarvan oortuig dat die metode wat hier gevolg is wel wetenskaplik verantwoord kon word.

Ten tweede het die vraag ontstaan of die ondersoeker hier met 'n aktuele opvoedkundige probleem besig was. Dat dit wel die geval was, het tydens die ondersoek geblyk uit die houding van opvoedkundiges vanoor die hele land. Die opmerkings en byskrifte by die vrae en die briewe wat ontvang is, het hiervan getuig. Dit kon dan ook verwag word omdat die Voortrekkerbeweging in sy diepste wese 'n opvoedkundige beweging is. Sy taak is suiwer opvoedkundig van aard en alle pogings wat aangewend word om die belange van die beweging te bevorder, of om 'n verandering ten goede teweeg te bring, is 'n opvoedkundige bydrae wat gelewer word. Daarom is dit dan ook die beskeie hoop van die skrywer dat hy deur hierdie ondersoek 'n bydrae gelewer het wat van opvoedkundige waarde sal wees en wat in die loop van die jare vrugte sal afwerp.

Ten derde het die ondersoeker tydens die studie voor probleme te staan gekom wat nog nie beantwoord is nie. Nou nog 'n paar opmerkings oor hierdie probleme.

In die eerste plek is dit die oortuiging van die proefnemer dat elke Afrikaanse kind van wie die ouers die Christelik-nasionale lewenshouding van die Voortrekkerbeweging huldig, aan hierdie beweging moet behoort. Maar nou ontstaan die vraag of elke sodanige kind nie ook aan 'n politieke of 'n kerklike jeugvereniging moet behoort nie. En wat van die skool-debatsverenigings waarvan alle kinders dikwels vanselfsprekend lid moet wees? As hierdie kinders dan ook nog die Sondagskool of Katkisasie moet bywoon, wat nie net op Sondae gehou/.....

gehou word nie, en aan één of twee sportbedrywighele moet deelneem, dan word die program te vol en word die jeug oorlaai met buitemuurse verpligtinge. Uit die aard van die saak is daar as gevolg van die verskillende organisasies en bedrywighele ook 'n oorvleueling van werksaamhele wat die jeug onnodig belas. En dan ontstaan die vraag wat ons standpunt behoort te wees ten opsigte van die gedagte dat alle jeugaktiwiteite gekoördineer moet word in één groot jeugorganisasie, wat die hele buitemuurse lewe van die jeug omvat. Dit is 'n grootse gedagte met baie moontlikhele maar ook met ontsaglike probleme.

'n Tweede vraag wat na aanleiding van hierdie studie ontstaan het en wat dusver nog nie aangeraak is nie, staan in verband met die Staatmakerafdeling van die Voortrekkerbeweging. Ons weet dat die Staatmakers hoofsaaklik vir die naskoolse jeug bestaan. Maar die vraag na die eintlike taak van hierdie afdeling van die Voortrekkers is nog nie beantwoord nie. As hierdie vraag beantwoord word, sal daar vanselfsprekend ook oor die werkende jeug gedink moet word. In hierdie tyd van sosiale euwels en jeugmisdaad is die belangrikheid van so 'n studie voor die hand liggend.

Die laaste belangrike vraag wat na aanleiding van die ondersoek ontstaan het, en wat nog nie beantwoord is nie, het betrekking op die werksaamhele van die beweging. Die gedagte is tydens die studie reeds uitgespreek dat die toetse of take waarmee die Voortrekkers hulle moet besig hou nie in 'n studeerkamer uitgedink kan word nie. Daarvoor is navorsing nodig. In verband hiermee het 'n hoë amptenaar van ons regering die gedagte uitgespreek dat die Voortrekkerbeweging op 'n veel meer intieme wyse by ons volkslewe ingeskakel behoort te wees. Voortrekkers behoort volgens hierdie persoon opgelei te word om sleutelposisies te kan beman as die volk hulle hulp in krisistye nodig het. Dan eers sal die Voortrekkerbeweging 'n ware Volksbeweging wees. Ook in hierdie gedagte lê groot moontlikhele opgesluit en dit behoort ondersoek te word.

Om 'n antwoord te vind op die laasgenoemde paar vrae is van die uiterste belang vir die Voortrekkerbeweging. Mag daar nou iemand tevoorskyn kom wat gewillig sal wees om hierdie studie verder voort te sit. So kan die Voortrekkerbeweging wat so na aan die hart van 'n groot deel van die Afrikaanse volk lê, miskien uitgebou word tot 'n magtige organisasie wat 'n sieraad in ons volkslewe sal wees. Dat dit mag gebeur is die innigste wens van die skrywer.

BYLAE I.

VOORLOPIGE VRAELYS AAN HOOFDE VAN SKOLE IN DIE TRANSVAAL.

(a) BEGELEIDENDE BRIEF.

Seer geagte heer,

Ongeveer vyf jaar gelde het ek 'n studie gemaak van die Voortrekkerbeweging hier in ons land. My opregte dank aan honderde hoofde van skole wat my destyds so gewilliglik gehelp het en my vraelyste so volledig beantwoord het. U kan nie beseef hoe seer ek dit waardeer het nie, veral daar ek bewus was van die onvriendelike ontvangs wat sulke vraelyste byna altyd te beurt val. Ongelukkig kon ek, as gevolg van ernstige siektes in ons huis, nie gebruik maak van daardie gegewens nie.

Aangemoedig deur die vriendelikheid van soveel hoofde, het ek besluit om my studie nou weer voort te sit. En daarom het ek nou weer 'n klein dog dringende versoek wat ek in alle beleefdheid tot u wil rig. Ingeslote vind u 'n vraelys wat u tog asseblief vir my moet beantwoord en vir my moet terugstuur. Ek sluit 'n gefrankeerde koevert daarvoor in. En u moet tog asseblief nie weier nie. Ek moet 'n volledige opgawe van alle skole hê, soos die toestand vanjaar is. Vandaar my tog so dringende versoek dat u my moet help om my opgawe volledig te kry. Maar dan moet u asseblief daarop let dat die vraelys deur niemand anders as u self beantwoord mag word nie. Dit is baie belangrik.

Verder wil ek graag onder u aandag bring dat ek werklik die hulp van die hoofde nodig het wat geen waarde aan die beweging heg nie of wat prinsipiële besware daarteen het. Ek noem dit in alle opregtheid omdat ek weet hoe afhanklik ek van daardie hoofde se opvattings en ervarings is. Die ander hoofde is gewoonlik gewillig om te help.

Ten slotte wil ek u die versekering gee dat alle informasie as baie streng konfidensieel beskou sal word. Daarom is dit nie vir u nodig om die antwoorde te onderteken nie. Die syfertjie in die ~~reger~~hoek hier bo verwys na 'n adreslys waartoe niemand behalwe ek self toegang het nie.

Baie dankie, meneer, vir u hulp wat werklik baie hoog op prys gestel word. Ek hoop om teen die einde van volgende jaar in staat te wees om 'n verslag op te stel wat ek dan alleen aan hoofde wat my hierdie keer behulpsaam was, sal stuur.

(b) VOORLOPIGE VRAELYS.

1. Bestaan daar 'n Voortrekkerafdeling aan u skool?

- (a) Ja, en dit is in 19..... gestig. (b) Nee, dit het doodgeloop. (c) Nee, hier het nog nooit 'n Voortrekkerbeweging bestaan nie.

2. Wat is die toestand van die Voortrekkers aan u skool?
(a) Baie bedrywig. (b) Hulle lewe maar net. (c) Hulle is kwynende. (d) Ek weet nie. (e) Hier is nie Voortrekkers aan my skool nie.
3. Hoeveel a) kinders is daar in u skool ?
b) van hulle is Voortrekkers?
c) behoort aan die Scout-beweging?
4. Sal u gewillig wees om vir my nog 'n vraelys te beantwoord?
Graag wys ek u daarop dat ek die hulp van hoofde wat geen waarde aan die beweging heg nie, net so dringend nodig het as dié van hoofde wat wel waarde daaraan heg. Ek sal 'n gunstige antwoord tog so hoog op prys stel.
(a) Ja, baie graag. (b) Ja, maar nie graag nie.
(c) Nee, liewers nie. (d) Nee, ek het nie tyd nie.
(e) Nee, ek het te min kennis daarvan.
5. Sal u ook gewillig wees om vir my twee vraelyste te laat beantwoord deur lede van u personeel.
(a) Ja, ek is gewillig. (b) Nee, liewers nie.

EK IS U OPREG DANKBAAR VIR U HULP WAARSONDER EK NIE VEEL SAL
KAN UITVOER NIE.

-----000000000-----

BYLAE II

VOORLOPIGE VRAELYS AAN HOOFDE VAN SKOLE IN KAAPLAND.

(a) BEGELEIDENDE BRIEF.

Meneer,

Ek is besig met 'n studie in verband met die Voortrekkerbeweging. Ek het 'n paar jaar gelede reeds verlof van die verskillende Onderwysdepartemente asook van die Leiers van die Voortrekkerbeweging ontvang om vraelyste uit te stuur. As gevolg van ernstige siekte, moes ek die studie egter voorlopig staak. Nou is ek weer daarmee besig en daarom wil ek baie beleefd vra of u nie asseblief onderstaande vrae vir my wil beantwoord nie. Ek sluit 'n gefrankeerde koevert in vir die terugsending.

(b) VOORLOPIGE VRAELYS.

Onderstreep asseblief die regte antwoorde onderkant die volgende vrae.

1. Bestaan daar 'n Voortrekkerafdeling aan u skool?

(a) Ja. (b) Nee, dit het doodgeloop. (c) Hier het nog nooit een bestaan nie.

2. Indien wel, wat is die toestand van die Voortrekkers aan u skool?

(a) Baie bedrywig. (b) Bedrywig. (c) Dooierig. (d) Baie dooierig.

3. Sal u gewillig wees om 'n volledige vraelys in verband met die Voortrekkerbeweging vir my te beantwoord? U antwoorde sal as streng konfidensieël beskou word.

(a) Ja, graag. (b) Ja. (c) Nee. (d) Nee, ek het nie tyd nie.

4. Bestaan daar 'n Scout-beweging aan u skool?

(a) Ja. (b) Nee, dit het doodgeloop (c) Hier het nog nooit een bestaan nie.

5. Indien wel, wat is die toestand van genoemde beweging aan u skool?

(a) Baie bedrywig. (b) Bedrywig. (c) Dooierig. (d) Baie dooierig.

6. Sal u gewillig wees om later vir my 'n volledige vraelys in verband met die Scout-beweging te beantwoord, nadat ek van die leiers van die beweging verlof ontvang het om die lys uit te stuur? Dit sal in Engels opgestel wees.

(a) Ja, graag. (b) Ja. (c) Nee. (d) Nee, ek het nie tyd nie.

7. (a) Hoeveel kinders is daar in u skool?

(b) Hoeveel behoort aan die Voortrekkerbeweging?

(c) Hoeveel behoort aan die Scout-beweging?

EK IS U OPREG DANKBAAR VIR U HULP WAARSONDER EK NIKS SAL KAN
UITVOER NIE.

BYLAE III

VOORLOPIGE VRAELYS AAN PREDIKANTE.

(a) EGELEIDENDE BRIEF.

Seer geagte Ds.,

Ek is besig met 'n studie in verband met die Voortrekkerbeweging en hiervoor het ek u hulp tog so dringend nodig. Daarom wil ek beleefd vra dat u asseblief onderstaande vrae vir my moet beantwoord en dat u dan die vraelys so gou moontlik aan my moet terugstuur. Ek sluit 'n gefrankeerde koevert vir hierdie doel in. Ek weet dat ons predikante baie besig is, maar ek heg soveel waarde aan hulle opinies dat ek bitter teleurgesteld sal wees as u hierdie vraelys onbeantwoord sou laat. Ek het verlof van die Voortrekkeroutoriteite vir hierdie studie.

Baie dankie by voorbaat, want ek weet dat u my sal help.

(b) VOORLOPIGE VRAELYS

1. Het u as kind aan die Voortrekkerbeweging behoort?
.....
2. Indien wel, wanneer het u die beweging verlaat? (In watter standerd?).....
3. Waarom het u die beweging verlaat?
4. Watter rang beklee u op die oomblik in die Voortrekkerbeweging?
.....
5. Watter range het u in die verlede in hierdie beweging beklee?
.....
6. Kom u af en toe of dikwels in aanraking met dinge wat deur Voortrekkers gedoen word?
.....
7. Hoeveel Voortrekkerkampe is al deur u bygewoon?
.....
8. Watter ander Voortrekkerfunksies is al deur u bygewoon?
.....
9. Sal u asseblief gewillig wees om vir my 'n vraelys in verband met die Voortrekkerbeweging te beantwoord as ek later een aan u wil stuur?
.....
.....

BAIE DANKIE VIR U HULP. EK STEL DIT WERKLIK HOOG OP PRYS.

BYLAE IV

VOORLOPIGE VRAELYS AAN ANDER VOLWASSENES.

(a) BEGELEIDENDE BRIEF AAN OUDSTUDENTE.

Meneer/Mevrou/Mej.

Ek is vir die afgelope paar jaar al besig met 'n ondersoek in verband met die Voortrekkerbeweging, 'n studie waarvoor ek die verlof van ons Voortrekkerleiers ontvang het. Duisende vraelyste is reeds deur verskillende groepe persone beantwoord, en ek is besig om die resultate te verwerk. Maar nou is daar nog een groep persone, nl. oudstudiante van ons verskillende universiteite, wat ek in hierdie verband wil nader. En u sal verstaan dat dit die groep persone is aan wie se opinie ek besondere waarde gaan heg.

Daarom wil ek beleefd vra of u nie asseblief die aangehegte voorlopige vraelys vir my wil beantwoord nie. 'n Gefrankeerde koevert word vir die terugsending daarvan ingesluit.

As u miskien voorheen reeds 'n vraelys van my beantwoord het, is dit slegs nodig om die eerste en die laaste vrae te beantwoord.

Baie dankie vir u gewaardeerde hulp. Ek het dit werklik nodig.

(b) VOORLOPIGE VRAELYS AAN OUDSTUDENTE.

1. Het u al voorheen 'n vraelys van my beantwoord?
2. Wat is u beroep?
3. Watter rang beklee u in die Voortrekkerbeweging?
4. Watter range het u in die verlede daarin beklee?
5. Indien u Offisiersrange in die Voortrekkerbeweging beklee het, het u van u ervaring as Voortrekkeroffisier gehou?.....
6. Het u kinders wat aan die Voortrekkerbeweging behoort of behoort het?
7. Indien wel, aan watter skole se Voortrekkers behoort hulle of het hulle behoort?
Provinsie Dorp Skool
8. Sal u asseblief gewillig wees om 'n volledige vraelys oor die Voortrekkerbeweging vir my te beantwoord? Dit sal u ongeveer 20 minute neem. U antwoorde sal streng konfidensieel gehou word. U naam of adres kom nie op die vraelys voor nie.
9. Indien wel, wat is u Voorletters, u van en u volledige pos-adres?
.....

VOORLOPIGE VRAELYS AAN OUERS VAN VOORTREKKERKINDERS.

(a) BEGELEIDENDE BRIEF

Geagte Meneer/Mevrou,

Ek is vir die afgelope paar jaar al besig met 'n ondersoek in verband met die Voortrekkerbeweging. Die nodige verlof is verkry en duisende vraelyste is reeds deur predikante, hoofde van skole, onderwysers en Voortrekkeroffisiere beantwoord. Maar nou is dit noodsaaklik dat ek ook sal verneem watter waarde die ouers van skoolgaande kinders aan die beweging heg. Daarom het ek 'n volledige vraelys vir hierdie doel opgestel.

Om vas te stel aan wie ek volledige vraelys moet stuur en watter ouers gewillig sal wees om die vraelys vir my te beantwoord, het ek onderstaande voorlopige vrae opgestel. En nou wil ek u baie beleefd vra of u tog nie asseblief hierdie vrae vir my wil beantwoord nie. Ek sluit 'n gefrankeerde koevert in vir die terugsending hiervan.

As u nie u weg oop sien om onderstaande vrae vir my te beantwoord nie, sal ek dit baie hoog op prys stel as u die vraelys dan maar onbeantwoord aan my wil terugstuur.

(b) VOORLOPIGE VRAELYS.

1. Wat is u geroep?
2. Hoeveel skoolgaande kinders het u wat
aan die Voortrekkerbeweging behoort?
3. In watter standers is hulle?
4. Hoeveel skoolgaande kinders het u wat Voortrekkers
was maar wat dit nou nie meer is nie?
5. In watter standers is hulle?
6. Waarom behoort hulle nou nie meer aan die Voortrekkerbeweging
nie?
7. Hoeveel kinders het u wat nog nooit daaraan behoort het nie?
.....
8. Waarom het hulle nooit aangesluit nie?
9. Wat dink u van die Voortrekkerbeweging? Ek sal so graag u
eerlike opinie heel kortliks wil verneem
10. Sal u gewillig wees om 'n volledige vraelys in verband met
die Voortrekkerbeweging vir my te beantwoord? Dit sal u onge-
veer 30 minute neem. U antwoorde sal baie streng konfiden-
sieel beskou word.
.....
11. Wat is u voorletters, u van en u volledige posadres?.....

BYLAE VI

FINALE VRAELYS AAN HOOFDE VAN SKOLE.

(a) BEGELEIDENDE BRIEF AAN HOOFDE VAN SKOLE

IN DIE TRANSVAAL EN DIE ORANJE-VRYSTAAT.

Geagte meneer,

Ek het verlede jaar 'n voorlopige vraelys in verband met die Voortrekkerbeweging aan sommige hoofde van skole gestuur. My opregte dank aan honderde hoofde wat my so vriendelik geantwoord het en wat hulle self bereid verklaar het om ook die finale vraelys vir my te beantwoord. Ek stel dit geweldig hoog op prys. Ek sluit nou vir ^{hulle}, asook vir die hoofde wat nie 'n voorlopige lys ontvang het nie, die finale vraelys in en ek vra baie baie beleefd dat u tog asseblief die vrae vir my moet beantwoord. Maar dan moet u asseblief daarop let dat u die vraelys self moet beantwoord want ek moet u persoonlike opinie hê.

Verder sluit ek ook 'n vraelys aan onderwysers wat nie offisiere is nie, in. Gee asseblief hierdie vraelys aan een van u personeellede wat, volgens u mening, in staat sal wees om te kan oordeel en wat nie op die oomblik 'n Voortrekkeroffisier is nie. U moet hierdie vraelys dan, nadat dit beantwoord is, saam met u eie in die gefrankeerde koevert aan my terugstuur asseblief.

(b) BEGELEIDENDE BRIEF AAN HOOFDE VAN SKOLE IN KAAP-
LAND.

Meneer/Mevrou/Mej.

Soos u sal onthou, het u 'n tydjie gelede vir my 'n voorlopige vraelys in verband met die Voortrekkerbeweging beantwoord. Ek wil u baie hartlik bedank vir u gewilligheid om my in hierdie ondersoek behulpzaam te wees en ek sluit die finale vraelys in. Aangesien dit die belange van die jeug geld, sal ek dit waardeer as u u opinie onomwonde wil uitspreek. Die antwoorde sal baie streng konfidensieël gehou word.

Verder sluit ek ook 'n vraelys aan onderwysers in, en ek vra baie beleefd of u nie asseblief hierdie vraelys aan iemand wat voorheen wel 'n offisier was, maar wat dit nou nie meer is nie, vir beantwoording sal voorlê nie. As dit iemand kan wees wat nie baie van Voortrekkerwerk gehou het nie, sal ek bly wees.

Ek sluit 'n gefrankeerde koevert vir die terugsending van die twee vraelyste in. As u nie u weg oop sien om die vraelys te beantwoord nie, moet u dit asseblief onbeantwoord terugstuur.

(c) Vraelys I/.....

(c) VRAELYS I.

AFDELING A.

Lees asseblief onderstaande vrae noukeurig deur en onderstreep die antwoorde wat, volgens u mening, die naaste aan reg is. As u iets wil byvoeg, mag u dit onder aan elke vraag doen.

1. Bestaan daar 'n Voortrekkerafdeling aan u skool?
(a) Nee, hier het nog nooit een bestaan nie. (b) Nee, dit het doodgeloop. (c) Ja, en dit is in 19..... gestig.
(Die jaartal net as dit moontlik is, asseblief.)
2. Indien nie, waarom het daar nog nooit een bestaan nie of waarom het dit doodgeloop? Onderstreep asseblief al die faktore wat bygedra het.
(a) Omdat die beweging ^{nie} aan sy doel beantwoord (het) nie.
(b) Omdat daarte veel ander buiteskoolse bedrywighede is(was).
(c) Omdat geskikte offisiere nie gevind kan(kon) word nie.
(d) Omdat die kinders nie daarin belangstel (belanggestel)het nie.
(e) Omdat ek self prinsipiële besware daarteen het (gehad het.)
(f) Omdat die beweging onenigheid tussen mense bring (gebring het.)
3. Watter een van bogenoemde faktore beskou u as die belangrikste?
4. Gee u voorkeur aan lede van hierdie beweging by die benoeming van leerlinge vir een of ander verantwoordelike werk? (of sou u dit gedoen het as daar by u so 'n beweging bestaan het?)
(a) Ja, altyd. (b) Soms wel. (c) Nee, nie juis nie.
(d) Ek beskou dit as 'n diskwalifikasie.
5. Indien nie, waarom gee u nie aan hulle voorkeur nie? Onderstreep asseblief al die redes wat u hier as geldig beskou.
(a) Omdat Voortrekkers nie beter as ander kinders is nie.
(b) Omdat Voortrekkers dikwels verwaand is.
(c) Omdat die Voortrekkers my al bitter teleurgestel het.
(d) Omdat dit nie altyd prakties moontlik is om dit te doen nie.
(e) Omdat dit teen my beginsel is om aan 'n sekere groep voorkeur te gee.
6. Watter een van bogenoemde redes beskou u as die belangrikste?
7. Is u indruk dat die persentasie jeugoortredings by Voortrekkers geringer is as die by ander kinders?
(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie. (d) Nee, beslis nie.
8. Waarop grond u hierdie bewering van u?
(a) Op my kennis van werklike gevalle waarmee ek al te doen gekry het.
(b) Op my kennis van die werk wat deur die beweging gedoen word.
(c) Op dit wat andere van die Voortrekkerbeweging gesê/.....

gesê of geskrywe het.

9. As dit die geval is dat jeugoortredings minder by Voortrekkers voorkom as by ander kinders, waaraan skrywe u dit dan toe? Onderstreep asseblief al die faktore wat, volgens u mening, daartoe bydra.
- (a) Aan die feit dat 'n streng pligsbesef by Voortrekkers gekweek word.
 - (b) Dat die beweging sy lede weghou van plekke van ongeregtheid.
 - (c) Dat die Voortrekkers gedurig die dinge doen waarvan hulle hou.
 - (d) Dat die Voortrekkers geleer word om elke misdaad te beskou as 'n oortreding van die gebod van God.
 - (e) Dat 'n streng innerlike dissipline by Voortrekkers gekweek word.
 - (f) Dat die Voortrekkers bang is vir dissiplinêre maatreëls.
 - (g) Dat die misdadigertipe nie aan die beweging behoort nie.
 - (h) Dat daar 'n gedurige invloed van die offisiere op die Voortrekkers uitgaan.
10. Watter een van bogenoemde faktore beskou u as die belangrikste?
11. Dink u dat die Voortrekkerbeweging sy kultuur-historiese bande met die volksverlede suiwer bewaar het?
- (a) Ja. (b) Nie heeltemal nie. (c) Nee, gladnie.
12. As u dink dat dit nie die geval is nie, verklaar asseblief, indien moontlik, wat u bedoel.

AFDELING B.

Beantwoord onderstaande vrae soos die van afdeling A asseblief.

1. Watter rang bekleed u in die Voortrekkerbeweging?
2. Watter range het u in die verlede daarin bekleed?
3. Het u kennis van Voortrekkerwerk? Onderstreep asseblief al die regte antwoorde.
- (a) Ja, ek was as kind/jeugdige self 'n Voortrekker.
 - (b) Ja, ek het 'n Voortrekkerleierskursus deurloop.
 - (c) Ja, ek het een of meer Voortrekkerkampe bygewoon.
 - (d) Ja, ek het baie gelees oor die Voortrekkerbeweging.
 - (e) Ja, ek kom dikwels met Voortrekkers in aanraking.
 - (f) Ja, ek woon dikwels Voortrekkerfunksies by.
 - (g) Ek het geen kennis van die Voortrekkerbeweging nie.
4. Behoort u kinders aan die Voortrekkerbeweging (of het hulle daaraan behoort)?
- (a) Ja. (b) Nee. (c) Ek het geen kinders nie.

5. Indien wel, watter waarde het die beweging vir hulle (gehad)?
Onderstreep asseblief al die bewerings wat u as reg beskou.
- (a) Dit het beslis hulle kennis vermeerder.
 - (b) Dit het beslis 'n goeie invloed op hul godsdienstige lewens gehad.
 - (c) Dit het beslis hul verhouding teenoor ons as ouers verbeter.
 - (d) Dit het hulle sonder twyfel meer pligsgetrou gemaak.
 - (e) Dit het vir hulle geleenthede gebied wat hulle anders nie sou gehad het nie.
 - (f) Dit het aan hulle gesonde ontspanning verskaf.
 - (g) Dit het hulle geleer om self loiding te gee en sake te reël.
 - (h) Dit het geen noemenswaardige invloed op hulle gehad nie.
 - (i) Dit het 'n nadelige invloed op hulle gehad.
6. As u kinders het wat die beweging verlaat het, waarom het hulle dit gedoen?
- (a) Hulle het uit eie oorweging besluit om uit te tree.
 - (b) Ek het hulle versoek om uit die beweging te tree.
 - (c) Die offisier het hulle name geskrap
 - (d) Daar was nie (meer) Voortrekkers waaraan hulle kon behoort nie.
 - (e) Hulle het die skool verlaat/ die ouderdomsgrens bereik.
 - (f) Afstande en vervoermoeilikhede het dit onmoontlik gemaak.
7. As u kinders het of gehad wat nie Voortrekkers is of was nie omdat u dit nie wou toelaat nie, waarom wou u dit nie doen nie?
- (a) Omdat die beweging net hulle tyd mors of gemors het.
 - (b) Omdat hulle te veel ander pligte het of gehad het.
 - (c) Omdat hulle meer tyd aan skoolwerk moet of moes bestee.
 - (d) Omdat hulle my na skool behulpzaam moet of moes wees.
 - (e) Omdat ek dit nie kan of kon bekostig nie.
 - (f) Omdat die beweging te veel van 'n politieke kleur het of gehad het.
 - (g) Omdat ek prinsipiële besware daarteen het of gehad het.
8. Voldoen die Voortrekkerbeweging aan die eise wat u as gelowige aan so 'n beweging sou stel vir die opvoeding van die kind?
- (a) Ja, heeltemal. (b) Nie heeltemal nie. (c) Nee, hoege-naamd nie. (d) Ek wil of kan hierdie vraag nie beantwoord nie.
9. As dit nie heeltemal daaraan voldoen nie, wat is u besware?
Noem dit kortliks puntsgewyse hier onder asseblief.

10. Wat is, volgens u mening, die belangrikste take of doeleindes van die Voortrekkerbeweging? As u wil byvoeg, mag u dit onder aan doen.
- (a) Om die Voortrekkers weg te hou van allerlei katterkwaad.
 - (b) Om die Voortrekkers aangenaam besig te hou.
 - (c) Om potensiele misdadigers onder goeie invloed te bring.
 - (d) Om die Voortrekkers se kennis te vermeerder.
 - (e) Om Voortrekkers hulle plig teenoor die samelewing te leer besef.
 - (f) Om Voortrekkers die geleentheid te gee om hulle uit te lewe.
 - (g) Om 'n organisasie te hê wat nuttige dieste kan lewer.
 - (h) Om die kind in te skakel en vertrouwd te maak met ons Volkskultuur.
 - (i) Om sedelike verval en ontaarding teë te werk.
11. Watter twee van bogenoemdes beskou u as die heel belangrikste?

AFDELING C.

Lees nou asseblief onderstaande bewerings in verband met die Voortrekkerbeweging noukeurig deur en dui u persoonlike opvatting in elke geval aan deur die regte kommentaar daaronder te onderstreep. As u iets wil byvoeg, mag u dit onder aan elke bewering doen.

1. By ons mors die beweging net die kosbare tyd van offisiere en kinders.
- (a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
2. By ons weet die offisiere gewoonlik nie waarmee hulle die kinders moet besig hou nie.
- (a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
3. En al weet die offisiere ook waarmee hulle die kinders moet besig hou, het die dinge wat hulle by ons doen geen opvoedkundige waarde nie.
- (a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
4. By ons het die beweging nie genoeg dissiplinêre vat op sy lede nie.
- (a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
5. En al sou dit die uitwendige dissipline bevorder, word daar by ons Voortrekkers van die eintlike innerlike dissipline niks gewaar nie.
- (a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

6. By ons kweek die beweging 'n ongesonde vaderlandsliefde (c'hauvinisme) aan.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
7. By ons werk die beweging uithuisigheid in die hand.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
8. By ons word nie veel gedoen om die minder bevoorregte kinders tot die beweging te betrek nie.
(a) Daar word te veel gedoen. (b) Genoeg gedoen.
(c) Te min gedoen.
9. By ons bied die beweging geen tuiste vir arm kinders wat dit nie kan bekostig nie.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
10. By ons leer die kinders nuttige dinge by die Voortrekkers.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
11. By ons hou die kinders baie van Voortrekkerwerk.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
12. By ons help die beweging die kind om oor die skommelingsjare van die jeug te kom.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
13. By ons help die beweging die jeug om goed oor die weg te kom, met:
(a) die teenoorgestelde geslag, (b) die volwassenes,
(c) sy gesinslede, (d) sy maats.
(e) Nee, die beweging help niks in hierdie verband nie.
(U mag hier meer as een onderstreep as u wil).
14. By ons slaag die beweging daarin om 'n geslag te kweek op wie ons beter sal kan staat maak as op diegene wat nie Voortrekkers is nie.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
15. By ons slaag dit daarin om goeie burgers vir ons land op te lei.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
16. By ons slaag dit daarin om jeugmisdad onder sy lede te bestry.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

17. By ons maak dit sy lede getrouer lidmate van hul onderskeie kerke.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
18. By ons laat dit toe dat sy lede, in naam van diensvaardigheid, die vuil werk van ander organisasies doen.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
19. By ons klop die beweging te veel by die publiek aan vir hulp.
(a) Dit vra MEER as wat dit verdien. (b) Dit vra NET wat dit verdien. (c) Dit vra MINDER as wat dit verdien.
20. By ons ontvang die beweging te veel hulp van die publiek.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
21. By ons is Voortrekkers beleefder teenoor hul maerderes as ander kinders.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
22. By ons is Voortrekkers eerliker as ander kinders.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
23. By ons is hulle meer bereid om te dien en te offer as ander kinders.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
24. By ons het Voortrekkers 'n sterker pligsbesef ten opsigte van die groep waaraan hulle behoort, as ander kinders.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
25. By ons is daar feitlik geen verskil tussen Voortrekkers en ander nie.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
26. En as daar nog 'n verskil bestaan, het die beweging daar niks mee te doen nie.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
27. By ons stel die publiek baie min belang in hierdie beweging.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
28. By ons stel die hoofde van skole min belang in die beweging.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

29. By ons is daar 'n groot gebrek aan belangstellende offisiere.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
30. As gevolg van 'n oorvol program word daar min tyd aan Voortrekkers gegun.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
31. By ons word die Voortrekkerbeweging kunsmatig aan die lewe gehou.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
32. By ons voel die jeug geen behoefte aan so 'n beweging nie.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
33. En as daar nog so 'n behoefte bestaan, slaag die Voortrekkerbeweging nie daarin om in die behoefte te voorsien nie.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
34. Daar is ander organisasies wat beter in die behoeftes van die jeug voorsien.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.
35. Die Voortrekkerbeweging het dus geen bestaansreg meer nie.
(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

BAIE DANKIE VIR U HULP WAT EK WERKLIK OPREG WAARDEER.

BYLAE VII

FINALE VRAELYS AAN ONDERWYSERS WAT NIE OFFISIERE IS NIE.

(a) BEGELEIDENDE BRIEF.

Opmerking: Aangesien hierdie vraelyste by dié van die hoofde van skole ingesluit was, was hulle nie van begeleidende briewe vergesel nie.

(b) VRAELYS II

AFDELING A.

Lees asseblief onderstaande vrae noukeurig deur en onderstreep die antwoorde wat, volgens u mening, die naaste aan reg is. As u iets wil byvoeg, mag u dit onder aan elke vraag doen.

1. Heg u waarde aan die werk wat deur die Voortrekkers gedoen word?
(a) Ja, baie. (b) Ja, maar nie veel nie. (c) Nie eintlik nie
(d) Nee, gladnie.
2. Waarom is u self nie ook behulpzaam met die Voortrekkers nie?
(a) Ek wil graag maar my hoof het ander werk aan my gegee.
(b) Ek het nie genoeg kennis van Voortrekkerwerk nie.
(c) Ek heg nie genoeg waarde aan Voortrekkerwerk nie.
(d) Ek stel nie genoeg belang in Voortrekkerwerk nie.
(e) Niemand het my nog ooit genader om te help nie.
(f) My hulp is nie nodig nie.
3. Wat dink u van die dissipline van die Voortrekkers?
(a) Dit strek die Voortrekkerbeweging nie tot eer nie.
(b) Dit is goed genoeg.
(c) Dit strek die beweging tot eer.
4. Gee u voorkeur aan lede van hierdie beweging by die benoeming van leerlinge vir een of ander verantwoordelike werk? (of sou u dit gedoen het as daar by u so 'n beweging bestaan het?)
(a) Ja, altyd. (b) Soms wel. (c) Nee, nie juis nie.
(d) Ek beskou dit as 'n diskwalifikasie.
5. Indien nie, waarom gee u nie aan hulle voorkeur nie? Onderstreep asseblief al die redes wat u hier as geldig beskou.
(a) Omdat Voortrekkers nie beter as ander kinders is nie.
(b) Omdat Voortrekkers dikwels verwaand is.
(c) Omdat die Voortrekkers my al bitter teleurgestel het.
(d) Omdat dit nie altyd prakties moontlik is om dit te doen nie.
(e) Omdat dit teen my beginsel is om aan 'n sekere groep voorkeur te gee.

6. Watter een van bogenoemde redes beskou u as die belangrikste?
7. Is u indruk dat die persentasie jeugoortredings by Voortrekkers geringer is as die by ander kinders?
(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie. (d) Nee, beslis nie.
8. Waarop grond u hierdie bewering van u?
(a) Op my kennis van werklike gevalle waarmee ek al te doen gekry het.
(b) Op my kennis van die werk wat deur die beweging gedoen word.
(c) Op dit wat andere van die Voortrekkerbeweging gesê of geskrywe het.
9. As dit die geval is dat jeugoortredings minder by Voortrekkers voorkom as by ander kinders, waaraan skrywe u dit dan toe? Onderstreep asseblief al die faktore wat, volgens u mening, daartoe bydra.
(a) Aan die feit dat 'n streng pligsbesef by Voortrekkers gekweek word.
(b) Dat die beweging sy lede weghou van plekke van ongeregtigheid.
(c) Dat die Voortrekkers gedurig die dinge doen waarvan hulle hou.
(d) Dat die Voortrekkers geleer word om elke misdaad te beskou as 'n oortreding van die gebod van God.
(e) Dat 'n streng innerlike dissipline by Voortrekkers gekweek word.
(f) Dat die Voortrekkers bang is vir dissiplinêre maatreëls.
(g) Dat die misdadigertipe nie aan die beweging behoort nie.
(h) Dat daar 'n gedurige invloed van die offisiere op die Voortrekkers uitgaan.
10. Watter een van bogenoemde faktore beskou u as die belangrikste?
11. Dink u dat die Voortrekkerbeweging sy kultuur-historiese bande met die volksverlede suiwer bewaar het?
(a) Ja. (b) Nie heeltemal nie. (c) Nee, gladnie.
12. As u dink dat dit nie die geval is nie, verklaar asseblief, indien moontlik, wat u bedoel.

AFDELING B.

Beantwoord onderstaande vrae soos die van Afdeling A asseblief.

1. Watter rang bekleed u in die Voortrekkerbeweging?
2. Watter range het u in die verlede daarin bekleed?
3. Het u kennis van Voortrekkerwerk? Onderstreep asseblief al die regte antwoorde.

(a) /

3. (a) Ja, ek was as kind/jeugdige self 'n Voortrekker.
(b) Ja, ek het 'n Voortrekkerleierskursus deurloop.
(c) Ja, ek het een of meer Voortrekkerkampe bygewoon.
(d) Ja, ek het baie gelees oor die Voortrekkerbeweging.
(e) Ja, ek kom dikwels met Voortrekkers in aanraking.
(f) Ja, ek woon dikwels Voortrekkerfunksies by.
(g) Ek het min kennis van die Voortrekkerbeweging.
(h) Ek het geen kennis van die Voortrekkerbeweging nie.
4. Behoort u kinders aan die Voortrekkerbeweging (of het hulle daar-
aan behoort).
(a) Ja. (b) Nee. (c) Ek het geen kinders nie.
5. Indien wel, watter waarde het die beweging vir hulle (gehad)?
Onderstreep asseblief al die bewerings wat u as reg beskou.
(a) Dit het beslis hulle kennis vermeerder.
(b) Dit het beslis 'n goeie invloed op hul godsdienstige lewens gehad.
(c) Dit het beslis hul verhouding teenoor ons as ouers verbeter.
(d) Dit het hulle sonder twyfel meer pligsgetrou gemaak.
(e) Dit het vir hulle geleentheid gebied wat hulle anders nie sou gehad het nie.
(f) Dit het aan hulle gesonde ontspanning verskaf.
(g) Dit het hulle geleer om self leiding te gee en sake te reël.
(h) Dit het geen noemenswaardige invloed op hulle gehad nie.
(i) Dit het 'n nadelige invloed op hulle gehad.
6. As u kinders het wat die beweging verlaat het, waarom het hulle dit gedoen?
(a) Hulle het uit eie oorweging besluit om uit te tree.
(b) Ek het hulle versoek om uit die beweging te tree.
(c) Die offisier het hulle name geskrap.
(d) Daar was nie (meer) Voortrekkers waaraan hulle kon behoort nie.
(e) Hulle het die skool verlaat/die ouderdomsgrens bereik.
(f) Afstande en vervoermoeilikhede het dit onmoontlik gemaak.
7. As u kinders het of gehad het wat nie Voortrekkers is of was nie
omdat u dit nie wou toelaat nie, waarom wou u dit nie doen nie?
(a) Omdat die beweging net hulle tyd mors of gemors het.
(b) Omdat hulle te veel ander pligte het of gehad het.
(c) Omdat hulle meer tyd aan skoolwerk moet of moes bestee.
(d) Omdat hulle my na skool behulpsaam moet of moes wees.
(e) Omdat ek dit nie kan of kon bekostig nie.
(f) Omdat die beweging te veel van 'n politieke kleur het of gehad het.
(g) Omdat ek prinsipiële besware daarteen het of gehad het.

8. Voldoen die Voortrekkerbeweging aan die eise wat u as gelowige aan so 'n beweging sou stel vir die opvoeding van die kind?
(a) Ja, heeltemal. (b) Nie heeltemal nie. (c) Nee, hoegenaamd nie. (d) Ek wil of kan hierdie vraag nie beantwoord nie.
9. As dit nie heeltemal daaraan voldoen nie, wat is u besware?
Noem dit kortliks puntsgewyse hier onder asseblief.
(a)
(b)
(c)
10. Wat is, volgens u mening, die belangrikste take of doeleindes van die Voortrekkerbeweging? As u wil byvoeg, mag u dit onder aan doen.
(a) Om die Voortrekkers weg te hou van allerlei katterkwaad.
(b) Om die Voortrekkers aangenaam besig te hou.
(c) Om potensiële misdadigers onder goeie invloed te bring.
(d) Om die Voortrekkers se kennis te vermeerder.
(e) Om Voortrekkers hulle plig teenoor die samelewing te leer beseef.
(f) Om Voortrekkers die geleentheid te gee om hulle uit te lewe.
(g) Om 'n organisasie te hê wat nuttige dienste kan lewer.
(h) Om die kind in te skakel en vertrouwd te maak met ons Volkskultuur.
(i) Om sedelike verval en ontaarding te werk.
11. Watter twee van bogenoemdes beskou u as die heel belangrikste?
.....
.....

AFDELING C.

(Sien Bylae VI)

BYLAE VIII

FINALE VRAELYS AAN VOORTREKKEROFFISIERS.

(a) BEGELEIDENDE BRIEF.

Opmerking: Aangewien hierdie vraelyste by dié van die Distriksekretaris ingesluit was, was hulle nie van begeleidende briewe vergesel nie.

(b) VRAELYS III

AFDELING A.

Lees asseblief onderstaande vrae noukeurig deur en onderstreep die antwoorde wat, volgens u mening, die naaste aan reg is. As u iets wil byvoeg, mag u dit onder aan elke vraag doen.

1. Wat is u beroep?
2. Waarom tree u op as Voortrekkeroffisier? Onderstreep asseblief al die redes wat hier geldig is.
 - (a) Omdat my hoof dit van my verlang.
 - (b) Omdat ek baie daarvan hou.
 - (c) Omdat ek soveel waarde daaraan heg.
 - (d) Omdat dit vir my persoonlike voordele meebring.
3. Watter een van bogenoemde redes beskou u as die belangrikste?
4. Sal u bly wees as die Voortrekkerbeweging ophou om te bestaan?
 - (a) Ja, ek sal baie bly wees. (b) Ja, ek sal bly wees..
 - (c) Nee, ek sal spyt wees. (d) Nee, ek sal dit betreur.
 - (e) Dit sal geen verskil maak nie.
5. Wat dink u van die toetse wat deur Voortrekkers afgelê moet word? Onderstreep asseblief al die besware wat u daarteen het.
 - (a) Sommige daarvan is te moeilik.
 - (b) Sommige daarvan is te maklik.
 - (c) Sommige daarvan is onprakties.
 - (d) Sommige daarvan het geen waarde nie.
 - (e) Die kinders hou nie daarvan nie.
 - (f) Daar iste veel keusetoetse.
 - (g) Hulle is nie gelykwaardig nie.
 - (h) Dit is hoog tyd dat die toetse in hersiening geneem sal word.
6. Wat dink u van die stelling: „Die dissipline van die beweging, soos dit by saamtrekke en kampe tot openbaring kom, strek dit nie tot eer nie.”
 - (a) Dit is waar. (b) Dit is somtyds waar. (c) Dit is nie waar nie. (d) Dit is nie baie goed nie maar goed genoeg vir 'n nie-militêre beweging.
7. Wat dink u van die stelling: „Die organisasie laat veel te wense oor as daar deur die beweging vir 'n groot onderneming gereël

gereël moet word

(a) Dit is waar. (b) Dit is somtyds waar. (c) Dit is nie waar nie.

8. Wat dink u van die stelling: „Die beweging word gedomineer deur 'n aantal persone wat nie altyd nodige konsiderasie vir die ander offisiere en Voortrekkers oor die res van die land het nie?'

(a) Dit is waar. (b) Dit is somtyds waar. (c) Dit is nie waar nie.

9. Wat dink u van die stelling: „Die tipe van uniform wat aan die Voortrekkers beskikbaar gestel is, het die beweging veel skade berokken?'

(a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

10. Wat beskou u as die grootste innerlike leemtes of swakhede van die Voortrekkerbeweging? Onderstreep asseblief almal wat u as ernstig bekou en as u nog ander besware het, skrywe dit onderaan asseblief.

(a) Die beweging openbaar geen lewenskrag nie.

(b) Daar bestaan 'n ernstige gebrek aan doelgerigtheid by offisiere.

(c) Daar bestaan 'n ernstige gebrek aan 'n duidelike program van aksie.

(d) Die beweging hou hom besig met werksaamhede wat geen waarde het nie.

(e) Dit lê te veel nadruk op dit wat van praktiese waarde in die lewe is.

(f) Dit lê te veel nadruk op dit wat vir die kinders aangenaam is.

(g) Dit volg verkeerde of onsielkundige werkmetodes.

(h) Daar is 'n gebrek aan voldoende leiding van die kant van hoofkantoor.

(i) Die organisasie van die kant van hoofkantoor is nie wat dit behoort te wees nie.

(j) Daar is 'n gebrek aan dissipline by offisiere en Voortrekkers.

AFDELING B.

Beantwoord onderstaande vrae soos die van Afdeling A asseblief.

1. Watter rang bekleed u in die Voortrekkerbeweging?

2. Watter range het u in die verlede daarin bekleed?

3. Het u kennis van Voortrekkerwerk? Onderstreep asseblief al die regte antwoorde.

(a) Ja, ek was as kind/jeugdige self 'n Voortrekker.

(b) Ja, ek het 'n Voortrekkerleierskursus deurloop.

(c)/.....

- (c) Ja, ek het een of meer Voortrekkerkampe bygewoon.
 - (d) Ja, ek het baie gelees oor die Voortrekkerbeweging.
 - (e) Ja, ek kom dikwels met Voortrekkers in aanraking.
 - (f) Ja, ek woon dikwels Voortrekkerfunksies by.
 - (g) Ek het min kennis van die Voortrekkerbeweging.
 - (h) Ek het geen kennis van die Voortrekkerbeweging nie.
4. Behoort u kinders aan die Voortrekkerbeweging (of het hulle daar-
aan behoort)
- (a) Ja. (b) Nee. (c) Ek het geen kinders nie.
5. Indien wel, watter waarde het die beweging vir hulle (gehad)?
Onderstreep asseblief al die bewerings wat u as reg beskou.
- (a) Dit het beslis hulle kennis vermeerder.
 - (b) Dit het beslis 'n goeie invloed op hul godsdienstige lewens gehad.
 - (c) Dit het beslis hul verhouding teenoor ons as ouers verbeter.
 - (d) Dit het hulle sonder twyfel meer pligsgetrou gemaak.
 - (e) Dit het vir hulle geleenthede gebied wat hulle anders nie sou gehad het nie.
 - (f) Dit het aan hulle gesonde ontspanning verskaf.
 - (g) Dit het hulle geleer om self leiding te gee en sake te reël.
 - (h) Dit het geen noemenswaardige invloed op hulle gehad nie.
 - (i) Dit het 'n nadelige invloed op hulle gehad.
6. As u kinders het wat die beweging verlaat het, waarom het hulle dit gedoen?
- (a) Hulle het uit eie oorweging besluit om uit te tree.
 - (b) Ek het hulle versoek om uit die beweging te tree.
 - (c) Die offisier het hulle name geskrap.
 - (d) Daar was nie (meer) Voortrekkers waaraan hulle kon behoort nie.
 - (e) Hulle het die skool verlaat/die ouderdomsgrens bereik.
 - (f) Afstande en vervoermoeilikhede het dit onmoontlik gemaak.
7. As u kinders het of gehad wat nie Voortrekkers is of was nie omdat u dit nie wou toelaat nie, waarom wou u dit nie doen nie?
- (a) Omdat die beweging net hulle tyd mors of gemors het.
 - (b) Omdat hulle te veel ander pligte het of gehad het.
 - (c) Omdat hulle meer tyd aan skoolwerk moet of moes bestee.
 - (d) Omdat hulle my na skool behulpzaam moet of moes wees.
 - (e) Omdat ek dit nie kan of kon bekostig nie.
 - (f) Omdat die beweging te veel van 'n politieke kleur het of gehad het.
 - (g) Omdat ek prinsipiële besware daarteen het of gehad het.
8. Voldoen die Voortrekkerbeweging aan die eise wat u as gelowige aan so 'n beweging sou stel vir die opvoeding van die kind?
- (a) Ja, heeltemal. (b) Nie heeltemal nie. (c) Nee, hoegenaamd nie. (d) Ek wil of kan hierdie vraag nie beantwoord nie.

9. As dit nie heeltemal daaraan voldoen nie, wat is u besware?
Noem dit kortliks puntsgewyse hier onder asseblief.
- (a)
 - (b)
 - (c)
10. Wat is, volgens u mening, die belangrikste take of doeleindes
van die Voortrekkerbeweging? As u wil byvoeg, mag u dit onder
aan doen.
- (a) Om die Voortrekkers weg te hou van allerlei kattekwaad.
 - (b) Om die Voortrekkers aangenaam besig te hou.
 - (c) Om potensiële misdadigers onder goeie invloed te bring.
 - (d) Om die Voortrekkers se kennis te vermeerder.
 - (e) Om Voortrekkers hulle plig teenoor die samelewing te leer besef.
 - (f) Om Voortrekkers die geleentheid te gee om hulle uit te lewe.
 - (g) Om 'n organisasie te hê wat nuttige dienste kan lewer.
 - (h) Om die kind in te skakel^{by} en vertrouwd te maak met ons Volkskultuur.
 - (i) Om sedelike verval en ontaarding teë te werk.
11. Watter twee van bogenoemdes beskou u as die heel belangrikste?

AFDELING C.

(Sien Bylae VI)

BYLAE IX

FINALE VRAELYS AAN DISTRIKSEKRETARISSE

(a) BEGELEIDENDE BRIEF AAN DISTRIKSEKRETARISSE.

Geagte Voortrekkervriend,

Ek is besig met 'n studie in verband met die Voortrekkerbeweging. Self is ek al sestien jaar lank offisier. Voorheen was ek vir ses jaar lank Distriksekretaris en vir die afgelope vyf jaar is ek Kommandant. Ons geagte hoofleier, Vader Visser weet nie alleen van hierdie onderneming nie, maar hy het my selfs aangemoedig om daarmee voort te gaan.

En nou het ek u persoonlike hulp hier nodig. Ingeslote vind u drie vraelyste, een vir Distriksekretaris en twee vir offisiere. En nou wil ek baie vriendelik vra of u tog nie asseblief so goed sal wees om die eerste vraelys self te beantwoord en om twee van u bekwaamste offisiere te vind wat gewillig sal wees om die ander twee vraelyste te beantwoord nie.

Verder sluit ek drie afskrifte van die instruksies vir die beantwoording en terugstuur van die vraestelle asook drie gefrankeerde koeverte in. Onthou asseblief om hiervan aan die offisiere te gee.

Ontvang asseblief my opregte dank vir u vriendelikheid. U sal seker nooit kan besef hoe seer ek dit op prys stel nie.

(b) VRAELYS IV.

AFDELING A.

Lees asseblief onderstaande vrae noukeurig deur en onderstreep die antwoorde wat, volgens u mening, die naaste aan reg is. As u iets wil byvoeg, mag u dit onder aan elke vraag doen.

1. Wat is u beroep?
2. Wat is die beroep van die volgende offisiere in u kommando:
(a) Kommandant (b) Onderkommandant(e).....
(c) Veldkornette (i) (ii)
(iii)..... (iv)
(v) (vi).....
3. Hoeveel Voortrekkers en offisiere (ongeveer) is daar in u kommando?
(a) Seuns (b) Dogters.....(c) Bekwame offisiere...
4. Hou u van die werk as Distriksekretaris?
(a) Ja, baie. (b) Nie veel nie. (c) Nee, hoegenaamd nie.
5. Wat dink u van die toetse wat deur Voortrekkers afgelê moet word? Onderstreep asseblief al die besware wat u daarteen het.
(a) Sommige daarvan is te moeilik.
(b) Sommige daarvan is te maklik.

(c) /

- (c) Sommige daarvan is onprakties.
- (d) Sommige daarvan het geen waarde nie.
- (e) Die kinders hou nie daarvan nie.
- (f) Daar is te veel keusetoetse.
- (g) Hulle is nie gelykwaardig nie.
- (h) Dit is hoog tyd dat die toetse in hersiening geneem sal word.

6. Wat dink u van die stelling : „Die dissipline van die beweging, soos dit by saantrekke en kampe tot openbaring kom, strek dit nie tot eer nie.”

- (a) Dit is waar. (b) Dit is somtyds waar. (c) Dit is nie waar nie.
- (d) Dit is nie baie goed nie maar g ood genoeg vir 'n nie-militêre beweging.

7. Wat dink u van die stelling: „Die organisasie laat veel te wense oor as daar deur die beweging vir 'n groot onderneming gereël moet word.

- (a) Dit is waar. (b) Dit is somtyds waar. (c) Dit is nie waar nie.

8. Wat dink u van die stelling: „Die beweging word gedomineer deur 'n aantal persone wat nie altyd nodige konsiderasie vir die ander offisiere en Voortrekkers oor die res van die land het nie?”

- (a) Dit is waar. (b) Dit is somtyds waar. (c) Dit is nie waar nie.

9. Wat dink u van die stelling: „Die tipe van uniform wat aan die Voortrekkers beskikbaar gestel is, het die beweging veel skade berokken?”

- (a) Dit is waar. (b) Dit is ten dele waar. (c) Dit is nie waar nie.

10. Wat beskou u as die grootste innerlike leemtes of swakhede van die Voortrekkerbeweging? Onderstreep asseblief almal wat u as ernstig beskou en as u nog ander besware het, skrywe dit onderaan asseblief.

- (a) Die beweging openbaar geen lewenskrag nie.
- (b) Daar bestaan 'n ernstige gebrek aan doelgerigtheid by offisiere.
- (c) Daar bestaan 'n ernstige gebrek aan duidelike program van aksie.
- (d) Die beweging hou hom besig met werksaamhede wat geen waarde het nie.
- (e) Dit lê te veel nadruk op dit wat van praktiese waarde in die lewe is.
- (f) Dit lê te veel nadruk op dit wat vir die kinders aangenaam is.

(g)

- (g) Dit volg verkeerde of onsielkundige werkmodes.
- (h) Daar is 'n gebrek aan voldoende leiding van die kant van hoofkantoor.
- (i) Die organisasie van die kant van hoofkantoor is nie wat dit behoort te wees nie.
- (j) Daar is 'n gebrek aan dissipline by offisiere en Voortrekkers.

AFDELING B.

Beantwoord onderstaande vrae soos die van Afdeling A asseblief.

1. Watter rang beklee u in die Voortrekkerbeweging?
2. Watter range het u in die verlede daarin beklee?
3. Het u kennis van Voortrekkerwerk? Onderstreep asseblief al die regte antwoorde.
 - (a) Ja, ek was as kind/jeugdige self 'n Voortrekker.
 - (b) Ja, ek het 'n Voortrekkerleierskursus deurloop.
 - (c) Ja, ek het een of meer Voortrekkerkampe bygewoon.
 - (d) Ja, ek het baie gelees oor die Voortrekkerbeweging.
 - (e) Ja, ek kom dikwels met Voortrekkers in aanraking.
 - (f) Ja, ek woon dikwels Voortrekkerfunksies by.
 - (g) Ek het min kennis van die Voortrekkerbeweging.
 - (h) Ek het geen kennis van die Voortrekkerbeweging nie.
4. Behoort u kinders aan die Voortrekkerbeweging (of het hulle daaraan behoort).
 - (a) Ja. (b) Nee. (c) Ek het geen kinders nie.
5. Indien wel, watter waarde het die beweging vir hulle (gehad)? Onderstreep asseblief al die bewerings wat u as reg beskou.
 - (a) Dit het beslis hulle kennis vermeerder.
 - (b) Dit het beslis 'n goeie invloed op hul godsdienstige lewens gehad.
 - (c) Dit het beslis hul verhouding teenoor ons as ouers verbeter.
 - (d) Dit het hulle sonder twyfel meer pligsgetrou gemaak.
 - (e) Dit het vir hulle geleenthede gebied wat hulle anders nie sou gehad het nie.
 - (f) Dit het aan hulle gesonde ontspanning gerskaf.
 - (g) Dit het hulle geleer om self leiding te gee en sake te reël.
 - (h) Dit het geen noemenswaardige invloed op hulle gehad nie.
 - (i) Dit het 'n nadelige invloed op hulle gehad.
6. As u kinders het wat die beweging verlaat het, waarom het hulle dit gedoen?
 - (a) Hulle het uit eie oorweging besluit om uit te tree.
 - (b) Ek het hulle versoek om uit die beweging te tree.
 - (c)

- (c) Die offisier het hulle name geskrap
 - (d) Daar was nie (meer) Voortrekkers waaraan hulle kon behoort nie.
 - (e) Hulle het die skool verlaat/die ouderdomsgrens bereik.
 - (f) Afstande en vervoermoeilikhede het dit onmoontlik gemaak.
7. As u kinders het of gehad het wat nie Voortrekkers is of was nie omdat u dit nie wou toelaat nie, waarom wou u dit nie doen nie?
- (a) Omdat die beweging net hulle tyd mors of gemors het.
 - (b) Omdat hulle teveel ander pligte het of gehad het.
 - (c) Omdat hulle meer tyd aan skoolwerk moet of moes bestee.
 - (d) Omdat hulle my na skool behulpzaam moet of moes wees.
 - (e) Omdat ek dit nie kan of kon bekostig nie.
 - (f) Omdat die beweging teveel van 'n politieke kleur het of gehad het.
 - (g) Omdat ek prinsipiële besware daarteen het of gehad het.
8. Voldoen die Voortrekkerbeweging aan die eise wat u as gelowige aan so 'n beweging sou stel vir die opvoeding van die kind?
- (a) Ja, heeltemal. (b) Nie heeltemal nie. (c) Nee, hoegenaamd nie. (d) Ek wil of kan hierdie vraag nie beantwoord nie.
9. As dit nie heeltemal daaraan voldoen nie, wat is u besware? Noem dit kortliks puntsgewyse hier onder asseblief.
10. Wat is, volgens u mening, die belangrikste take of doeleindes van die Voortrekkerbeweging? As u wil byvoeg, mag u dit onder aan doen.
- (a) Om die Voortrekkers weg te hou van allerlei katterkwaad.
 - (b) Om die Voortrekkers aangenaam besig te hou.
 - (c) Om potensiële misdadigers onder goeie invloed te bring.
 - (d) Om die Voortrekkers se kennis te vermeerder.
 - (d) Om Voortrekkers hulle plig teenoor die samelewing te leer besef.
 - (f) Om Voortrekkers die geleentheid te gee om hulle uit te lewe.
 - (g) Om 'n organisasie te hê wat nuttige dienste kan lewer.
 - (h) Om die kind in te skakel^{by} en vertrouwd te maak met ons Volkskultuur.
 - (i) Om sedelike verval en ontaarding teë te werk.
11. Watter twee van bogenoemdes beskou u as die heel belangrikste?

AFDELING C.

(Sien Bylae VI)

BYLAE X.

FINALE VRAELYS AAN PREDIKANTE.

(a) BEGELEIDENDE BRIEF.

Seer geagte Ds.,

Soos u sal onthou, het u 'n tyd gelede vir my 'n voorlopige vraelys in verband met die Voortrekkerbeweging beantwoord. My opregte en hartlike dank vir u gewilligheid om my in hierdie ondersoek behulpzaam te wees. Ek het u hulp werklik nodig, en daarom stel ek u vriendelik so hoog op prys.

Aangeheg vind u nou die finale vraelys waarvan destyds melding gemaak is. Ek sluit ook 'n gefrankeerde koevert in vir die terugsending van die vraelys. As u nie u weg oop sien om die vraelys te beantwoord nie, word u beleefd versoek om dit onbeantwoord terug te stuur.

(b) VRAELYS V.

AFDELING A.

Lees asseblief onderstaande vrae noukeurig deur en onderstreep die antwoorde wat, volgens u mening, die naaste aan reg is. As u iets wil byvoeg, mag u dit onder aan elke vraag doen.

1. Het die Voortrekkerbeweging volgens u mening 'n goeie invloed op die godsdienstige gesindheid van die kinders wat daaraan behoort?

- a) Ja, beslis. b) Ek dink so.
c) Ek dink dit het 'n nadelige invloed.
d) Ek dink dit het hoegenaamd geen invloed daarop nie.

2. Glo u dat die beweging daarin slaag om by sy lede 'n pligsgevoel ten opsigte van die groep waaraan hulle behoort, aan te kweek, watter groep dit dan ook al mag wees.

- a) Ja, beslis. b) Ek dink so. c) Nee, beslis nie.

3. Indien wel, beteken dit dat die Voortrekkers, as gevolg hiervan, ook beter lidmate van hul onderskeie kerke sal wees?

- a) Ja, beslis. b) Ek dink so. c) Ek glo nie.
d) Nee, dit geld nie hier nie.

4. Is dit waar dat die beweging te veel van 'n humanistiese strekking het?

- a) Ja, beslis. b) Ek dink so. c) Ek glo nie.
d) Nee, beslis nie.

5. Is/.....

5. Is dit waar dat dit te veel waarde heg aan dit wat ~~gan~~ praktiese waarde in die lewe is?
(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie. (d) Nee, beslis nie.
6. Dink u dat die Voortrekkerbeweging daartoe bydra om die kind se besef van verantwoordelikheid teenoor God die Here te verskerp?
(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie. (d) Nee, beslis nie.
7. Weet u van gevalle waar die Voortrekkerbeweging hom skuldig gemaak het aan Sondagsontheiliging?
(a) Ek weet van baie gevalle. (b) Ek weet van enkele gevalle. (c) Ek weet van geen geval nie.
8. Keur u die gebruik van Voortrekkers om Kerkparades by te woon, goed?
(a) Ja, beslis. (b) Nie eintlik nie. (c) Nee, beslis nie.
9. Indien nie, waarom nie?
.....
10. Kan een of ander Godsdienstige of kerkjeugvereniging nie dieselfde waarde vir die jeug hê as die Voortrekkerbeweging nie?
(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie. .
(d) Nee, beslis nie. (e) Nee, die twee bewegings dek nie dieselfde terreine nie.
11. Voldoen die Voortrekkerbeweging aan die eise wat u as gelowige ouer daaraan stel vir die opvoeding van u kind.
(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie. (d) Nee, beslis nie. (e) Dit voldoen nie heeltemal daaraan nie.
12. As dit nie heeltemal daaraan voldoen nie, wat is u besware? Noem dit asseblief kortliks hier onder. (Puntsgewyse indien moontlik, asseblief)
(a)
(b)
(c)

AFDELING B.

Beantwoord onderstaande vrae soos die van Afdeling A asseblief.

1. Watter rang beklee u in die Voortrekkerbeweging?
2. Watter range het u in die verlede daarin beklee?
3. Het u kennis van Voortrekkerwerk? Onderstreep asseblief al die regte antwoorde.
(a) Ja, ek was as kind/jeugdige self 'n Voortrekker.
(b) Ja, ek het 'n Voortrekkerleierskursus deurloop.

(c) Ja/.....

- (c) Ja, ek het een of meer Voortrekkerkampe bygewoon.
 - (d) Ja, ek het baie gelees oor die Voortrekkerbeweging.
 - (e) Ja, ek kom dikwels met Voortrekkers in aanraking.
 - (f) Ja, ek woon dikwels Voortrekkerfunksies by.
 - (g) Ek het min kennis van die Voortrekkerbeweging.
 - (h) Ek het geen kennis van die Voortrekkerbeweging nie.
4. Behoort u kinders aan die Voortrekkerbeweging, (of het hulle daaraan behoort)
- (a) Ja. (b) Nee. (c) Ek het geen kinders nie.
5. Indien wel, watter waarde het die beweging vir hulle (gehad)? Onderstreep asseblief al die bewerings wat u as reg beskou.
- (a) Dit het beslis hulle kennis vermeerder.
 - (b) Dit het beslis 'n goeie invloed op hul godsdienstige lewens gehad.
 - (c) Dit het beslis hul verhouding teenoor ons as ouers verbeter.
 - (d) Dit het hulle sonder twyfel meer pligsgetrou gemaak.
 - (e) Dit het vir hulle geleenthede gebied wat hulle anders nie sou gehad het nie.
 - (f) Dit het aan hulle gesonde ontspanning verskaf.
 - (g) Dit het hulle geleer om self leiding te gee en sake te reël.
 - (h) Dit het geen noemenswaardige invloed op hulle gehad nie.
 - (i) Dit het 'n nadelige invloed op hulle gehad.
6. As u kinders het wat die beweging verlaat het, waarom het hulle dit gedoen?
- (a) Hulle het uit eie oorweging besluit om uit te tree.
 - (b) Ek het hulle versoek om uit die beweging te tree.
 - (c) Die offisier het hulle name geskrap.
 - (d) Daar was nie (meer) Voortrekkers waaraan hulle kon behoort nie.
 - (e) Hulle het die skool verlaat/die ouderdomsgrens bereik.
 - (f) Afstande en vervoermoeilikhede het dit onmoontlik gemaak.
7. As u kinders het of gehad wat nie Voortrekkers is of was nie omdat u dit nie wou toelaat nie, waarom wou u dit nie doen nie?
- (a) Omdat die beweging net hulle tyd mors of gemors het.
 - (b) Omdat hulle te veel ander pligte het of gehad het.
 - (c) Omdat hulle meer tyd aan skoolwerk moet of moes bestee.
 - (d) Omdat hulle my na skool behulpzaam moet of moes wees.
 - (e) Omdat ek dit nie kan of kon bekostig nie.
 - (f) Omdat die beweging te veel van 'n politieke kleur het of gehad het.
 - (g) Omdat ek prinsipiële besware daarteen het of gehad het.
8. Wat is, volgens u mening, die belangrikste take of doeleindes van die Voortrekkerbeweging? As u wil byvoeg, mag u dit onderaan doen.
- (a) /.....

- (a) Om die Voortrekkers weg te hou van allerlei katterkwaad.
 - (b) Om die Voortrekkers aangenaam besig te hou.
 - (c) Om potensiële misdadigers onder goeie invloed te bring.
 - (d) Om die Voortrekkers se kennis te vermeerder.
 - (e) Om Voortrekkers hulle plig teenoor die samelewing te leer besef.
 - (f) Om Voortrekkers die geleentheid te gee om hulle uit te lewe.
 - (g) Om 'n organisasie te hê wat nuttige dienste kan lewer.
 - (h) Om die kind in te skakel by en vertrouwd te maak met ons Volkskultuur.
 - (i) Om sedelike verval en ontaarding te werk.
9. Watter twee van bogenoemdes beskou u as die heel belangrikste?
.....

AFDELING C.

(Sien Bylae VI)

BYLAE XI

FINALE VRAELYS AAN VOLWASSENES

(a) BEGELEIDENDE BRIEF

Meneer, Mevrouw of Mejuffrou,

Soos u sal onthou, het u 'n tyd gelede vir my 'n voorlopige vraelys in verband met die Voortrekkerbeweging beantwoord. My opregte en hartlike dank aan u vir u gewilligheid om my in hierdie ondersoek behulpsaam te wees. Aangeheg vind u nou die finale vraelys waarvan destyds melding gemaak is.

Ek sluit 'n gefrankeerde koevert vir die terugsending van die vraelys in. As u nie u weg oop sien om die vraelys te beantwoord nie, moet u dit asseblief onbeantwoord terugstuur.

(b) VRAELYS VI.

AFDELING A.

Lees asseblief onderstaande vrae noukeurig deur en onderstreep die antwoorde wat, volgens u mening, die naaste aan reg is. As u iets wil byvoeg, mag u dit onder aan elke vraag doen.

1. Wat is u beroep?
2. Watter rang beklee u in die Voortrekkerbeweging?
3. Watter range het u in die verlede beklee?
4. Het u kennis van Voortrekkerwerk? Onderstreep asseblief al die regte antwoorde.
 - (a) Ja, ek was as kind/jeugdige self 'n Voortrekker.
 - (b) Ja, ek het 'n Voortrekkerleierskursus deurloop.
 - (c) Ja, ek het een of meer Voortrekkerkampe bygewoon.
 - (d) Ja, ek het baie gelees oor die Voortrekkerbeweging.
 - (e) Ja, ek kom dikwels met Voortrekkers in aanraking.
 - (f) Ja, ek woon dikwels Voortrekkerfunksies by.
 - (g) Ek het min kennis van die Voortrekkerbeweging.
 - (h) Ek het geen kennis van die Voortrekkerbeweging nie.
5. Het u in ^ujeug aan hierdie beweging behoort? Indien wel, moet u afdelings B/1 en C beantwoord: indien nie, moet u Afdelings B/2 en C beantwoord.

AFDELING B/1.

1. Wanneer het u by die Voortrekkerbeweging aangesluit?
 - (a) In St. (b) Toe ek jaar oud was.
2. Waarom het u aangesluit? Onderstreep asseblief al die faktore wat daartoe bygedra het.
 - (a) Omdat my ouers van my verl^{ing} het dat ek sou aansluit.
 - (b)

- (b) Omdat een van my onderwysers wou gehad het dat ek moes aansluit.
 - (c) Omdat my maats aan die beweging behoort het.
 - (d) Omdat dit gelyk het asof Voortrekkers sulke nuttige dinge leer.
 - (e) Omdat dit gelyk het asof Voortrekkers sulke aangename dinge doen.
 - (f) Omdat ek graag saam met die Voortrekkers wou gaan uitkamp.
 - (g) Omdat ek graag die Voortrekkeruniform wou dra.
 - (h) Omdat die Voortrekkerbeweging my deel sou laat hê in my volk se kultuur.
3. Watter een van bogenoemde redes was die belangrikste?
4. Het die beweging toe voldoen aan u verwagtinge?
- (a) Ja, dit het my stoutste verwagtinge selfs oortref.
 - (b) Ja, ek het wel veel verwag, maar ek was nie teleurgestel. nie.
 - (c) Nee, ek het veel verwag en ek was teleurgestel.
 - (d) Ek het nie veel verwag nie, en toe was ek werklik verras.
 - (e) Ek het nie veel verwag nie, en ek was ook werklik nie verkeerd nie.
5. Wanneer het u toe weer uit die beweging getree?
- (a) In St..... (b) Toe ek jaar oud was.
6. Waarom het u uitgetree? Onderstreep asseblief al die faktore wat daartoe bygedra het.
- (a) Omdat my ouers van my verlang het dat ek sou uittree.
 - (b) Omdat ek nie van die Voortrekkeroffisier gehou het nie.
 - (c) Omdat my maats nie (langer) aan die beweging wou behoort nie.
 - (d) Omdat ons by die Voortrekkers niks nuttigs geleer het nie.
 - (e) Omdat die dinge wat ons by die Voortrekkers doen, nie aangenaam was nie.
 - (f) Omdat my program te vol was.
 - (g) Omdat daar nie meer Voortrekkers was waaraan ek kon behoort nie.
7. Watter een van bogenoemde redes was die belangrikste?
.....
8. Het die feit dat u 'n Voortrekker was, destyds by u 'n besef van verantwoordelikheid laat ontstaan?
- (a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie.
 - (d) Nee, beslis nie.
9. Indien wel, was hierdie verantwoordelikeids besef blywend, selfs nadat u die beweging verlaat het?
- (a) Ja, beslis. (b) Ja, maar net vir 'n tyd lank.
 - (c) Nee, nie juis nie.

10. Het die beweging 'n goeie invloed op u gesindheid teenoor andere gehad?
(a) Teenoor my ouers, ja. (b) Teenoor my onderwysers, ja.
(c) Teenoor die teenoorgestelde geslag, ja. (d) Teenoor my volk, ja. (e) Dit het geen invloed gehad nie.
11. Het die beweging u kennis vermeerder? Indien wel, was die kennis v r u van enige waarde in die lewe?
(a) Dit was van waarde. (b) Dit was nie. (c) Dit het nie my kennis vermeerder nie.
12. Het die beweging aan u voldoende geleentheid gebied om besig te hou met die dinge waarvan u as kind/jeugdige baie gehou het.
(a) Ja, beslis. (b) Ja, maar net ten dele. (c) Nee, beslis nie.
13. Het die beweging u ge nspireer om 'n lewe te lei in diens van u volk?
(a) Ja. (b) Ten dele, ja. (c) Net tydelik, ja. (d) Nee nie juis nie.
14. Het dit u ge nspireer om 'n meer godsdienstige lewe te lei?
(a) Ja. (b) Ten dele, ja. (c) Net tydelik, ja. (d) Nee, nie juis nie.

AFDELING B/2

1. Waarom het u nooit by die Voortrekkerbeweging aangesluit nie? Onderstreep asseblief die faktore wat daartoe bygedra het.
(a) Omdat my ouers dit nie wou toelaat nie.
(b) Omdat ek nie van die Voortrekkeroffisier gehou het nie.
(c) Omdat my maats nie by die beweging wou aansluit nie.
(d) Omdat ek geweet het dat die Voortrekkers 'n mens se tyd mors.
(e) Omdat Voortrekkerwerk vir my nie aangenaam gelyk het nie.
(f) Omdat ek te veel ander werk gehad het.
(g) Omdat daar (nog) geen Voortrekkers was waaraan ek kon behoort nie.
(h) Omdat my ouers dit nie kon bekostig nie.
2. Watter een van bogenoemde redes was die belangrikste?
3. Het u ooit begeer om ook 'n Voortrekker te wees?
4. Het u destyds 'n besondere agting vir die Voortrekkers gehad? Onderstreep asseblief al die antwoorde wat reg is.
(a) Ja, ek het gedink dat hulle beter karakters het as ander kinders.
(b) Ja, ek het gedink dat hulle meer pligsgetrou is as ander kinders.

(c)

- (c) Ja, ek het gedink dat hulle meer weet as ander kinders.
 - (d) Ja, ek het gedink dat hulle die lewe meer geniet as ander kinders.
 - (e) Ja, ek het gedink dat onderwysers meer van hulle hou as van andere.
 - (f) Nee, ek het gedink dat hulle 'n verwaande klomp kinders is.
 - (g) Nee, ek het hulle beskou as 'n klomp „sussies.“.
 - (h) Nee, ek het gedink dat hulle net hulle tyd mors.
 - (i) Nee, want ek het nooit met Voortrekkers in aanraking gekom nie.
5. Het u vandag nog dieselfde opinie van die Voortrekkers as destyds?
- (a) Ja. (b) Ten dele, ja. (c) Nee, hoegenaamd nie.
6. Wat dink u van die dissipline van die Voortrekkers vandag?
- (a) Dit strek die Voortrekkerbeweging nie tot eer nie.
 - (b) Dit is goed genoeg.
 - (c) Dit strek die beweging tot eer.
 - (d) Ek is nie in staat om te kan oordeel nie.

AFDEELING C.

(Sien Dylae VI.)

BYLAE XII

VRAELYS AAN OUERS VAN VOORTREKKERKINDERS.

(a) BEGELEIDENDE BRIEF.

Geagte Voortrekkerouer,

Soos u sal onthou, het u 'n tyd gelede vir my 'n voorlopige vraelys in verband met die Voortrekkerbeweging beantwoord. Nou wil ek u baie hartlik bedank vir u gewilligheid om my in hierdie ondersoek behulpsaam te wees. Aangesien dit die belange van die jeug geld, sal ek dit waardeer as u u opinie onomwonde wil uitspreek.

Ek sluit 'n gefrankeerde koevert vir die terugsending in. As u nie u weg oop sien om die vraelys te beantwoord nie, moet u dit asseblief onbeantwoord terugstuur.

(b) VRAELYS VII

AFDELING A.

Vul asseblief die antwoorde op die volgende vrae so noukeurig moontlik in. As u nie van 'n antwoord seker is nie, mag u in hierdie afdeling maar 'n antwoord gee wat naastenby reg is. As dit by die beantwoording van sommige vrae nodig mag wees, mag u u kinders raadpleeg.

1. Wat is u beroep?
2. Watter rang beklee u nou in die Voortrekkerbeweging?
3. Watter range het u in die verlede daarin beklee?
4. Het u self as kind aan die Voortrekkerbeweging behoort?
5. Is u op hoogte van die werk wat deur u kind(ers) by die Voortrekkers gedoen word of in die verlede gedoen is?
6. Hoeveel kinders het u wat aan die Voortrekkers behoort?
7. In watter standers is hulle?
8. In watter standers (ongeveer) was hulle toe hulle by die Voortrekkerbeweging aangesluit het?
9. Waarom het hulle daarby aangesluit?
10. Hou hulle van die beweging?
11. Hoeveel kinders het u wat aan die beweging behoort het, maar wat vandag nie meer daaraan behoort nie?
12. In watter standers is hulle nou?
13. In watter standers (ongeveer) was hulle toe hulle by die beweging aangesluit het?
14. In watter standers (ongeveer) was hulle toe hulle uit die beweging /

- beweging getree het?
15. Waarom het hulle die beweging verlaat?
16. Het hulle van die Voortrekkerbeweging gehou?
17. Hoeveel kinders het u wat ouers is as 10 jaar en wat nog nooit aan die Voortrekkerbeweging behoort het nie?
18. Hoe oud (ongeveer) is hulle nou?
19. Waarom het hulle nie by die Voortrekkerbeweging aangesluit nie?

AFDELING B.

U moet daarop let dat die vraag nou telkens gestel word of die Voortrekkerbeweging as sodanig iets tot die opvoeding van u kind bygedra het. Die vraag is nie of u kind sekere eienskappe besit nie, maar of die genoemde beweging daar iets mee te doen gehad het. Die nadruk val elke keer op die aandeel wat hierdie beweging daarin gehad het.

1. Kon u by u kinders wat Voortrekkers is of was, gemerk het dat die Voortrekkerbeweging as sodanig 'n goeie invloed op hulle verhouding teenoor u as ouer gehad het?
(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie.
(d) Nee, ek kon nie merk dat die beweging enige invloed in hierdie verband gehad het nie.
2. Kon u gemerk het dat die beweging 'n goeie invloed op u kinders se houding ten opsigte van hulle skoolverpligtinge gehad het?
(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie.
(d) Nee, ek kon nie merk dat die beweging enige invloed in hierdie verband gehad het nie.
3. Kon u gemerk het dat die Voortrekkerbeweging hulle sterker onder die besef van hulle plig teenoor hulle medemens gebring het?
(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie.
(d) Nee, ek kon nie merk dat die beweging iets hiermee te doen gehad het nie.
4. Kon u by u kinders wat Voortrekkers is of was, gemerk het dat die Voortrekkerbeweging probeer om aan die Voortrekkers te leer hoe en waarom 'n mens jou plig behoort te doen?
(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie hulle het die "hoe" en "waarom" daarby gevoeg nie.
(d) Nee, ek het niks hiervan gemerk nie.

As u soiets opgemerk het, sê dan wat die beweging aan u kinders geleer het, hoe en waarom hulle hulle plig moet doen.

.....5/.....

5. Kon u gemerk het dat die Voortrekkerbeweging die volgende gedagte by u kinders ingeskerp het: „Die mens moet, veral in sy ontspanning, versigtig wees om nie in stryd met die gebooie van God te handel nie?”
- (a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie die beweging het hierdie gedagte benadruk nie. (d) Nee, so ver as wat ek kon merk, het die beweging hom nie hierop toegelê nie.
6. Weet u van dinge wat deur die Voortrekkers gedoen word waardeer beweer kan word dat hulle soms in stryd met die gebooie van God handel?
- (a) Ja, ek weet van dinge wat hulle dikwels doen. (b) Ja, ek weet van dinge wat hulle af en toe doen. (c) Nee, ek weet nie van een enkele ding wat hulle gedoen het nie. (d) Ek is daarvan oortuig dat hulle nie sulke dinge doen nie.
- As u van sulke dinge weet, sê dan asseblief wat dit is.
7. Dink u dat die Voortrekkers waaraan u kinders behoort (het) daarin slaag om sterk en rein karakters onder die jeug te vorm?
- (a) Ja, beter as enige ander organisasie wat daar bestaan. (b) Ja, net soos ander bestaande organisasies ook maar doen. (c) Ek twyfel of die beweging in hierdie verband iets uitvoer. (d) Ek is daarvan oortuig dat die beweging niks in hierdie verband doen nie.
8. Dink u dat die Voortrekkerbeweging daarin slaag om die opleiding tot goeie burgerskap te bevorder?
- (a) Ja, ek dink die beweging dra veel daartoe by om goeie burgerskap te bevorder. (b) Ja, maar alleen in 'n geringe mate. (c) Nee, ek glo nie die beweging dra daartoe by nie. (d) Nee, die beweging dra niks in hierdie verband by nie.
9. Dink u dat dit daarin slaag om leierskap by die jeug te kweek?
- (a) Ja, beslis. (b) In 'n mate, ja. (c) Nee, ek glo nie. (d) Nee, die beweging dra niks in hierdie verband by nie.
10. Dink u dat dit daarin slaag om aan die jeug van ons volk dissipline te leer?
- (a) Ja, beslis. (b) Ja, in 'n bevredigende mate. (c) Slegs in 'n geringe mate. (d) Ek kon nie merk dat my kinders as gevolg van die Voortrekkerbeweging beter gedissiplineerd was nie.
11. Dink u dat dit daarin slaag om 'n geslag te kweek op wie ons beter sal kan staatmaak as op diegene wat nooit Voortrekkers was nie?
- (a) Ja, beslis. (b) Ek dink dat 'n mens op hulle beter sal kan staatmaak as op andere. (c) Ek betwyfel dit sterk of/.....

of dit die geval is. (d) Ek is oortuig dat dit nie die geval is nie.

12. Dink u dat die beweging daarin slaag om 'n gesonde nasietrots by die jeug van ons volk te kweek?

(a) Ja, beslis. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie. (d) Nee, die beweging dra weinig daartoe by.

13. Is dit waar dat kinders oor die algemeen (afgesien van u kinders) min belangstelling het vir Voortrekkerwerk?

(a) Ja. (b) Ek dink so. (c) Ek glo nie. (d) Nee.
(e) Ek weet nie.

As dit waar is, waaraan skrywe u dit toe? (U moet hierdie vraag alleen beantwoord as u dink dat u die oorsaak weet.)

14. Het u enige beswaar teen die wyse waarop Voortrekkers op Voortrektermiddae besiggehou word?

(a) Ja, ernstige besware. (b) Ja, maar minder belangrike besware. (c) Nee, nie eintlik nie. (d) Nee, ek is baie tevrede daarmee.

As u besware het, noem dan u besware asseblief.

15. Het u besware teen die Voortrekkeruniform?

(a) Ja, ernstige besware. (b) Ja, maar minder belangrike besware. (c) Nee, nie eintlik nie. (d) Nee, ek is baie tevrede daarmee.

As u besware het, noem dan u besware asseblief.

16. Dink u werklik, sonder enige twyfel, dat die Voortrekkerbeweging vir u kinders van waarde was?

(a) Ja, van groot waarde. (b) Ja, in 'n sekere mate was dit van waarde. (c) Dit was van min waarde.
(d) Dit was van geen waarde nie.

As dit van waarde was, waarin het die grootste waarde wat dit vir hulle gehad het, gelê?

17. As dit vir hulle van waarde was, is daar nie ander organisasies wat tog maar dieselfde waarde vir hulle sou kon gehad het nie?

(a) Ja, daar is. (b) Ek dink daar is. (c) Ek glo nie daar is nie. (d) Nee, daar is beslis nie.

As daar ander organisasies is wat dieselfde waarde vir u kinders sou kon gehad het, sê dan aan watter organisasies u dink, asseblief.

18. Het u ander besware teen die Voortrekkerbeweging, besware wat dusver nog nie genoem is nie?

(a) Ja, baie. (b) Ja. (c) Nie eintlik nie. (d) Nee, hoe-genaamd nie.

As u nog ander besware het, noem dit dan asseblief.

19. Wat is nou samevattend u oordeel oor die Voortrekkerbeweging?

.....
.....
.....

BIBLIOGRAFIE.

1. Adams, Sir John : Modern Developements in Educational Practice. University of London Press, 1933.
2. Albertyn, C. F. : Jeugmisdaad. Nasionale Pers, Bpk., Kaapstad, 1938.
3. Albertyn, P. K. : Wanneer kinders groot word. C. S. V.-Boekhandel, Stellenbosch, 1940.
4. Albertyn, J. R. : Kerk en Stad. (Verslag van die Kommissie van Onderzoek van die Gefedereerde N.G.-Kerke na kerklike en godsdienstige toestande in die nege stede van die Unie van Suid-Afrika.) Pro Ecclesia-Boekhandel, Stellenbosch, 1947.
5. Alexander & Parker : New Education in the German Republic. Williams & Norgate, London, 1930.
6. Averill, L. A. : Adolescence. A Study in the teen years. George G. Harrap & Co., London. (Sonder datum.)
7. Baden-Powell, Sir R. : Aids to Scoutmastership. (Revised Edition.) H. Jenkins, London, 1930.
8. Baden-Powell, Sir R. : Scouting for Boys. (Fifteenth Edition.) C. A. Pearson, London, 1930.
9. Baden-Powell, Sir R. : Scouting for Boys. (40th Anniversary Edition.) C. A. Pearson, London, 1948.
10. Bavinck, H. : De Nieuwe Opvoeding. J. H. Kok, Kampen, 1928.
11. Bavinck, H. : De Opvoeding der Rypere Jeugd. J. H. Kok, Kampen, 1917.
12. Bavinck, H. : Het Christelyk Huisgezin. J. H. Kok, Kampen, 1908.
13. Bavinck, H. : Paedagogische Beginselen. J. H. Kok, Kampen, 1928.
14. Bear, Robert M. : The Social Functions of Education. Macmillan Co., New York, 1947.
15. Becker, Howard : German Youth - Bond or free. Kegan Paul @ Co., London, 1946.
16. Bond van Jongeliedeverenigings op Gereformeerde Grondslag in Kaapland : Vryheid. (Drie lesings : Vryheid en Skrifkennis deur Prof. H. G. Stoker, Die Calvinisme versus Sosialistiese Bewegings deur dr. B. J. de Klerk en 'n Skrifbeeld van die Jongmens deur ds. D. G. Venter.) Pro Ecclesia-drukkery, Stellenbosch, 1937.
17. Brillenburg/.....

18. Coetzee, Prof. J. Chris. : Die Moderne Opvoeding. J. L. van Schak, Pretoria, 1939.
19. Coetzee, Prof. J. Chris. : Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde. Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1944.
20. Coetzee, Prof. J. Chris. : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde. Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1944.
21. Coetzee, Prof. J. Chris. : Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek. Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1930.
22. Coetzee, Prof. J. Chris. en Bingle, Prof. H. J. J. : Beginnels en Metodes van die Middelbare Onderwys. Potchefstroom, 1950.
23. Coetzee, J. H. : Jong Suid-Afrika. Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1944.
24. Cooke, Douglas : Youth Organisations of Great Britain. Jordan and Sons, Ltd., Chancery Lane, W. C., 1946.
25. Dewey, John : Democracy and Education. Macmillan & Co., New York, 1926.
26. Dewey, John : School and Society. The University of Chicago Press, 1915.
27. Dewey, J. and E. : Schools of Tomorrow. J. M. Dent and Sons, Ltd., London. (Geen datum.)
28. Hall, G. Stanley : Adolescence II. D. Appleton & Co., New York, 1920.
29. Heese, J. de V. : Die Voortrekkers en ander Suid-Afrikaanse Jeugverenigings. Nasionale Pers, Bpk. Kaapstad, 1940.
30. Heese, J. de V. : Van Penkop tot Hoofleier. Nasionale Pers, Bpk. Kaapstad. 1941.
31. Heyns, M. E. : Die houvas van Jeugbewegings op die Adolescent. M. Ed-verhandeling, Stellenbosch, 1948.
32. Hoekstra, Dr. T. : Paedagogische Psychologie. J. H. Kok, Kampen, 1930.
33. Hollingshead, A. B. : Elmtowns Youth. John Wiley and Sons, New York, 1949.
34. Horne, H. H. The Democratic Philosophy of Education. Macmillan Co., New York, 1944.
35. Keyter, J. de W. : Opvoeding en Onderwys. Nasionale Pers, Bpk., Bloemfontein, 1936.

36. Knoppers/.....

36. Heyns, M. E. : Die houvas van Jeugbewegings op die Adolessent. M. Ed. - verhandeling, Universiteit, Stellenbosch, 1948.
37. Hoekstra, T. : Paedagogische Psychologie. J. H. Kok, Kampen, 1930.
38. Hollingshead, A. B. : Elmtowns Youth. John Wiley & Sons, New York, 1949.
39. Horne, H. H. : The Democratic Philosophy of Education. Macmillan Co., New York, 1944.
40. Keyter, J. de W. : Opvoeding en Onderwys. Nasionale Pers, Bloemfontein, 1936.
41. Knoppers, B. A. : Jeugd en Jeugdbeweging, Thetisch Deel. Gebrs. Zomer en Keuning, Wageningen, 1932.
42. Knoppers, B. A. : Jeugd en Jeugdbeweging, Practisch Deel. Gebrs. Zomer en Keuning, Wageningen, 1932.
43. Kohlbrugge, J. H. F. : Practische Sociologie Deel I. J. B. Wolters, Groningen, 1927.
44. Kohlbrugge, J. H. F. : Practische Sociologie Deel II. J. B. Wolters, Groningen, 1927.
45. Kohlbrugge, J. H. F. : Practische Sociologie Deel IV. J. B. Wolters, Groningen, 1927.
46. Kohnstamm, Ph. : Persoonlikhijd in wording. Willink, Haarlem, 1929.
47. Kohnstamm, Ph. : Schepper en Schepping. G. J. A. Ruys U. M., Zeist, 1926.
48. Kuyper, A. : Het Calvinisme. Van der Land, Amsterdam, 1874.
49. Kuypers, A. : De ziel van het kind. Gebrs. Zomer en Keuning, Wageningen, 1936.
50. Langeveld, M. J. : Beknopte Inleiding tot de Paedagogische Psychologie van de Middelbare-schoolleeftyd. J. B. Wolters, Groningen, 1938.
51. Le Roux, A. J. : Stedelike Jeugklubs vir Blanke Seuns en Dogters. M. Ed. - verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1947.
52. Maynard, A. M. : Be Prepared. Arthur Pearson, Ltd., Tower House, London, 1946.
53. Meyer, J. P. C. : Die Voortrekkerorganisasie gesien as terapeutiese middel ter bevordering van die geestesgesondheid van die jeug. M. Ed. - verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1960.

54. Monroe, P. : A brief course in the history of Education.
Macmillan Co., London, 1934.
55. Morgan, A. E. : The needs of Youth. Oxford University
Press, London, 1939.
56. Niemann, C. J. F. C. : Die puberteitsjare van meisies
volgens hul dagboeke. Voortrekkerpers, Bpk.,
Johannesburg, 1942.
57. Nunn, Sir Percy : Education, its Data and first Principles.
Arnold and Co., London, 1941.
58. Pendry and Hartshorne : Organizations for Youth.
Mc. Craw Book Co., New York, 1935.
59. Petersen, P. : Die Nieu-Europese Opvoedingsbeweging.
(Vertaal deur D. en J. Smuts.) J. L. van Schaik,
Pretoria, 1933.
60. Pringle, R. W. : Adolescence and High School Problems.
D. C. Heath and Co., Kingsway, London, 1922.
61. Reynolds, E. E. : Boy Scouts. William Collins,
London, 1949.
62. Reynolds, E. E. : The Scout Movement. Oxford Univer-
sity Press, London, 1950.
63. Saunders, Hilary St. George : The Left Handshake - The
Boy Scout Movement during the war. Collins,
London, 1949.
64. Spranger, E. : Psychologie der Jeug. (Uit die oorspronklike
vertaal.) N. V. - Uitgevers Maatschappij,
Deventer, 1928.
65. Steyn, J. M. : Jeugbeweging. M. Ed. - verhandeling,
Universiteit van Pretoria, 1944.
66. Stoker, H. G. : Die grond van die sedelike. Pro Ecclesia-
Drukkery, Stellenbosch, 1941.
67. Stoker, H. G. : Vryheid en Skrifkennis. Pro Ecclesia-
Drukkery, Stellenbosch, 1937.
68. Strauss, H. J. : Instellings en Organisasies tot eer van
God. (Nr. 7 van die Ossewareeks opgestel deur
die Federasie van Calvinistiese Studentevereni-
gings in Suid-Afrika onder redaksie van prof.
H. G. Stoker en ds. J. D. Vorster.) Pro Eccle-
sia-Drukkery, Stellenbosch, 1944.
69. Taute, B. : Opvoedende Onderwys Deel I. Stellenbosch,
Universiteitsuitgewers, 1953.
70. Thrasher, Frederic M. : The Gang. University of Chicago
Press, Chicago, 1936.
71. Unesco/.....

71. Unesco : New Trends in Youth Organizations. A Comparative Survey. Workshops of Unesco, 1960.
72. Van Heerden, H. P. : Die Boerejeug van die Ossewabrandwag. (Handleiding vir Laertrekkings sarngestel in ooreleg met die Jeugleier.) Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1944.
73. Van Riessen, Ir. H. : Jeugdwerk onder de loep. J. H. Kok, N. V. Kampen. (Uitgegeven onder auspisiën van de Nederlandse Gereformeerde Jeugraad te Amersfoort.)
74. Venter, D. Gerbrand : Handleiding vir die Jongeliedevereniging op Gereformeerde Grondslag. Uitgee deur die Kalvyn Jubileum Boekfondskommissie, Noordbrug, Potchefstroom. (Geen datum.)
75. Venter, Herman : Die Jeug - Waarheen? (Publikasies van die Departement Sosiologie, Kriminologie en Toegepaste Sosiologie aan die Universiteit van Pretoria.) H. A. U. M., Pretoria, 1958.
76. Verkennerseunsvereniging van die Unie van Suid-Afrika : Beleid, Organisasie en Reëls. Robinson & Co., Durban, 1949.
77. Waterink, J. : Puberteit : De Psychologie van den jongen mensch in de rypingsjare. Zomer en Keuning, Wageningen, 1948.
78. Waterink, J. : De Psychologie van het Kind op de Lagere School. Boekencentrum N. V., 'S-Gravenhage, Christelyk Paedagogisch Studiecentrum, 1950.
79. Webb, Beresford : Scouting Achievements. (A record of thirty fortunate years for the youth of the world.) Putnam, London, 1937.
80. Willemse, W. A. : Die sorg vir ons Kinders en Jeugdiges. Nasionale Pers, Bloemfontein, 1941.

ARTIKELS IN TYDSKRIFTE.

1. Krüger, Dr. Fritz-Konrad : The Spirit of the German Youth Movement. („School and Society", 12 Okt. 1929.)
2. Robbertse, G. F. : Die kind van ons volk. Jeugleiding : Die Voortrekkerbeweging. („Onderwysblad vir Christelike en Nasionale Onderwys en Opvoeding", 1 Mei 1958.)
3. Scout Movement in the Transvaal : „Transvaal Scouting News, The Official Organ of the Boy Scout Movement in the Transvaal". Jan. 1951 tot Desember 1953.
4. Transvaalse/.....

4. Transvaalse Onderwysburo : 'n Onderzoek na Buite-aktiwiteite by skole. („T. O. D. Bulletin", Desember 1957.)
5. Transvaalse Onderwysburo : Die Omvang van sekere Jeugbewegings in die Transvaalse Skole. („T. O. D. Bulletin, September 1959.)
6. Van Rooy, A. J. : Die Voortrekkerbeweging. („Onderwysblad", 1 April 1958.)
7. Van Wyk, A. H. du Preez : Die Voortrekkers. (Onderwysblad", 1 September 1959.)

AMPTELIKE UITGAWES VAN DIE VOORTREKKERBEWEGING.

1. Handleiding vir Offisiere van die Voortrekkers.
(1953 - uitgawe.)
2. Konstitusie van die Voortrekkers. (Nuwe Amptelike reeks Nr. 1, 1950 Uitgawe.)
3. Toetse vir Verkenners en Junior-Staatmakers. (Nuwe verbeterde toetse, 1959 uitgawe.)
4. Provinsiale Jaarverslae.
Alle Provinsiale jaarverslae sedert 1950.
5. Kommandoverslae.
Alle Transvaalse Kommandoverslae tussen 1950 en 1959.
6. Omsendbriewe.
Alle Transvaalse Omsendbriewe sedert 1950.
7. Hou Koers, die Uniale Leiersblad vir Voortrekkeroffisiere en Staatmakers. Alle uitgawes sedert 1941.

-----oooo0oooo-----